# J A HEYNS EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN APARTHEID

**DEUR**

**HENRY HOFMEYR WILLIAMS**

**Proefskrif voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad**

**DOCTOR THEOLOGIAE**

**in die**

**Fakulteit Teologie**

**Departement Ekklesiologie**

**aan die**

**Universiteit van die Vrystaat**

**Promotor: Prof P J Strauss**

**BLOEMFONTEIN** **JANUARIE 2006**

**OPGEDRA AAN:**

# Erika, Cecile, Anika

# ERKENNINGS

'n Opregte woord van dank en erkenning aan die volgende persone en instansies:

- Ons hemelse Vader vir gesondheid en krag om die werk te kon voltooi.
- My vrou Erika en twee dogters Cecile en Anika vir baie liefde, gebede, geduld en ondersteuning.
- My gemeente en die kerkraad van die Ned Geref Gemeente Petrusville-Vanderkloof vir baie begrip en aanmoediging.
- Ds Gert van Rensburg wat gereeld vir my ingestaan het en vir 'n volledige stel Kerkbodes van 1960 tot 1994. So ook di Nico Haarhoff, Sakkie Meyer, ander predikante en mnre Pieter van der Merwe en Jacques du Plessis wat my op 'n stadium afgelos het en van my take oorgeneem het.
- Rings- en sinodale kollegas soos di Uno Malherbe en Richard Hollaway wat my hande vir 'n tydperk losgemaak het.
- Die Universiteit van die Vrystaat as uitnemende navorsingsinstansie insluitende die Fakulteit Teologie en Departement Ekklesiologie.
- Prof Piet Strauss as 'n besondere promotor vir bekwame leiding, geduld en vriendskap.
- Ander dosente en studente by die Fakulteit Teologie se hulp en belangstelling.
- Die UVS Sasol-Biblioteek en ander universiteitsbiblioteke.
- Navorsingsinstansies soos die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die UVS, die Instituut vir Reformatoriese Studies aan die Universiteit van Noordwes te Potchefstroom, die Kairos Werkgroep in Utrecht Nederland, die Deutche Zentralstelle für Genealogie in Leipzig.
- Argiewe onder andere die Ned Geref Kerkargief te Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch, SAUK Radio-Argief in Johannesburg, Wêreldraad van Kerke en Wêreldbond van Gereformeerde Kerke se argiewe in Genéve.
- Mev Renée Heyns en die Heyns-familie vir waardevolle inligting en materiaal.
- Dr Willie Botha en personeel van die Ned Geref Kerkkantoor van die Algemene Sinode te Pretoria vir hulp, materiaal en ondersteuning.
- Die Afrikanerbond vir nuttige inligting en materiaal.
- Die talle oud-kollegas, kerklui, vriende, kennisse, opponente, joernaliste, politici, in Suid-Afrika sowel as in die buiteland wat onderhoude toegestaan het en inligting en materiaal verskaf het.
- Finansiële steun deur die UVS en Fakulteit Teologie vir beurse.
- National Research Foundation (Division for Social Sciences and Humanities) vir 'n beurs.
- Helpmekaar Studiefonds vir 'n beurs.
- Beursfonds van die Ned Geref Kerk in die OVS se Sinodale Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake vir 'n beurs.
- Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys vir 'n lae koste studielening.
- Al my ouers, familie en vriende vir donasies, verblyf, belangstelling, aanmoediging en ondersteuning. Onder andere die voorreg van twee maande se verblyf op die Williams-familieplaas, Bergrivier, in Oos-Kaapland.
- Dr Aaldert van der Vegt in Utrecht, Nederland, sowel as ander instansies en persone in Europa vir verblyf.
- UVS Rekenaardienste en mev Alida Ackerman vir rekenaarsteun.
- Mnr Wessel en mev Magdalena Pieterse vir die bind van die proefskrif.

# INHOUDSOPGAWE


## HOOFSTUK 1

**1**

**INVLOED OP HEYNS AS KIND EN STUDENT**
**1928-1953**
**- Vaslegging van die grondslag vir sy filosofiese- en teologiese uitgangspunte -**

## HOOFSTUK 2

**35**

**HEYNS SE LOOPBAAN KOM OP DREEF**
**1954-1965**
**- Van student tot predikant -**

## HOOFSTUK 3

**92**

**HEYNS WORSTEL OOR GEREGTIGHEID IN KERK EN SAMELEWING**
**1966 tot 1979**
**- Van predikant tot dosent -**

## HOOFSTUK 4

**160**

**STRYD OM 'N NUWE KOERS VIR DIE NED GEREF KERK**
**1980-1986**
**- Van dosent tot kerkleier -**

## HOOFSTUK 5

**220**

**HEYNS EN DIE NED GEREF KERK OP PAD NA 'N NUWE BEDELING**
**1987-1990**
**- Van kerkleier tot brugbouer -**

## HOOFSTUK 6

**301**

**DIE NUWE BEDELING BETREE**
**1991-1994**
**- Van brugbouer tot profeet -**

## GEVOLGTREKKINGS

**390**

## BRONNELYS

**407**

# LYS VAN TERME EN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AB | Afrikaner Broederbond en later Afrikanerbond |
| ACB | Afrikaanse Calvinistiese Beweging |
| AEB | Afrika Evangeliese Bond |
| AG Bond | Afrikaanse Gereformeerde Bond |
| AKLAS | Algemene Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake |
| ANC | African National Congress |
| APK | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| ASB | Afrikaanse Studentebond |
| ASK | Algemene Sinodale Kommissie |
| AV | Afrikaner-Volkswag |
| BBC | British Broadcasting Corporation |
| Belydenis 1986 | Belharbelydenis |
| BM | Breë Moderatuur |
| CI | Christelike Instituut |
| DRC | Dutch Reformed Church |
| DA | Demokratiese Alliansie |
| EKD | Evangelische Kirche in Deutchland |
| FCSV | Federasie van Calvinistiese Studentevereniginge |
| GER | Gereformeerde Ekumeniese Raad |
| GES | Gereformeerde Ekumeniese Sinode |
| GKN | Gereformeerde Kerken in Nederland |
| GKSA | Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika |
| GP | Geloof en Protes |
| HNP | Herstigte Nasionale Party |
| ICCC | International Council of Christian Churches |
| ICRC | International Conference of Reformed Churches |
| IK | Interim Komitee |
| Kodesa | Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika |
| KP | Konserwatiewe Party |
| KS | Kerk en Samelewing |
| Ned Geref Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| Ned Geref Kerkfamilie | Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie |
| NG Bond | Nederduitse Gereformeerde Bond |
| NGKA | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| NGK | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NG Kerkfamilie | Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie |
| NGSK | Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk |
| NHKA | Nederduitch Hervormde Kerk van Afrika |
| NIV | Nasionale Inisiatief vir Versoening |
| NP | Nasionale Party |
| OB | Ossewa Brandwag |
| OVS | Oranje Vrystaat |

| | |
|---|---|
| PAC | Pan Africanist Congress |
| PCR | Programme to Combat Racism |
| PUK | Potchefstroomse Universiteitskampus |
| PU vir CHO | Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| RCZ | Reformed Church in Zambia |
| RVN | Ras, Volk en Nasie – Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif |
| SAAK | Stellenbosse Aktuele Aangeleenthede Kring |
| SAKP | Suid-Afrikaanse Kommuniste Party |
| SARK | Suid-Afrikaanse Raad van Kerke |
| SAUK | Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie |
| SWA | Suidwes-Afrika |
| UNISA | Universiteit van Suid-Afrika |
| UOVS | Universiteit van die Oranje Vrystaat |
| UP | Universiteit van Pretoria |
| UR | Uitvoerende Raad |
| US | Universiteit van Stellenbosch |
| VF | Volksfront en later Vryheidsfront |
| VGKSA | Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika |
| VK | Voortsettingskomitee |
| VOC | Verenigde Oos-Indiese Kompanjie |
| VU | Vrije Universiteit van Amsterdam |
| WBGK | Wêreldbond van Gereformeerde Kerke |
| WCC | World Council of Churches |
| WRK | Wêreldraad van Kerke |
| WVK | Waarheid- en Versoeningskommissie |

# VOORWOORD

Prof Johan Heyns was iemand wat, soos kollegas en studente van hom gesê het, 'n naam vir elke ding gehad het. Anders gestel, 'n woord vir alles. Met sy besondere knap vermoë om te formuleer en sy begeerte om voortdurend sy oortuiging uit te spreek, standpunte te stel en dit gewoonlik ook op skrif te stel, het daar gevolglik 'n magdom publikasies, artikels, berigte, referate, preke en toesprake uit sy pen verskyn. In terme van vrugbare arbeid is daar seker min wat hom dit sou kon nadoen. Óór Heyns is daar ook baie geskryf en gepraat, veral gedurende die jare toe hy as moderator van die Ned Geref Kerk en die jare daarná 'n heel omstrede persoon in die Ned Geref Kerk en die breër samelewing was. Neem 'n mens die opeenvolgende gebeurtenisse met betrekking tot die Ned Geref Kerk, waarby Heyns oor dekades heen en in die meeste gevalle regstreeks betrokke was, is dit nie vreemd dat dr Willie Botha hom 'n "agtsilindermens" genoem het nie. Uit die aard van alles wat gevolglik vir die doel van die hierdie studie nagevors moes word, sou dit dus baie moelik wees om dit in 'n korter bestek te doen en steeds reg aan die onderwerp te laat geskied.

Voetnotas is hoofsaaklik benut om, vanweë die hoeveelheid materiaal, bepaalde sake in die teks toe te lig en om addisionele inligting te gee. Dit sou die leser die moeite loon om nie by sulke voetnotas verby te gaan nie. Die bronnelys aan die einde is in terme van die hoofstukke ingedeel wat noodwendig meebring dat sommige bronne herhaal word. In gevalle waar dieselfde persoon of bron vir meer as een publikasie, artikel, referaat of inligting in dieselfde jaar verantwoordelik was, is dit opeenvolgend met alfabetiese kleinletters direk ná die jaartal, in die teks sowel as in die bronnelys, vir uitkenning gemerk.

Mag hierdie studie 'n beskeie bydrae beteken in die verstaan en verwerking van ons verlede met betrekking tot J A Heyns, die Ned Geref Kerk en apartheid.

Die skrywer
3 Januarie 2006

# VERANTWOORDING

## 1. Navorsingsprobleem.

Die probleemstelling wat met die studie "J A Heyns en die Ned Geref Kerk en apartheid" ondersoek word is om die invloed van prof J A Heyns op die Ned Geref Kerk ten opsigte van apartheid op kerkhistoriese wyse vas te stel. As predikant, dosent, kerkleier en teoloog het sy invloed gaandeweg gegroei totdat dit teen 1986 met sy verkiesing as moderator van die Algemene Sinode 'n hoogtepunt bereik het. In die jare daarna het hy selfs daarop voortgebou. Tydens dieselfde Sinode het die kerk die beleidstuk Kerk en Samelewing (hierna genoem KS) aanvaar waarin die kerk vir die eerste maal sy aandeel in apartheid as 'n fout en sonde bely het. Waar sommige ander teoloë reeds vir dekades krities teenoor die beleid van apartheid gestaan het, het Heyns uiteindelik 'n groot rol gespeel om die kerk van apartheid weg te lei. Sekere vrae kom na vore naamlik: Waarom dit Heyns so lank geneem het om 'n kritiese standpunt ten opsigte van die kerk se ondersteuning van apartheid in te neem? Prof Willie Jonker vra die vraag of Heyns se studies in die wysbegeerte en filosofie, veral onder prof H G Stoker, nie tot gevolg gehad het dat hy 'n denkraamwerk ontwikkel het wat sy beoefening van teologie negatief beïnvloed het nie. Alhoewel Jonker erken dat geen teologie sonder wysgerige invloede beoefen kan word nie, bestaan die gevaar wel dat wysgerige konsepte ongemerk die eksegetiese grond van die dogmatiek kan inneem sodat die teologie in 'n filosofiese sisteem ingebed kan word. Dan bly die teologie nie meer binne die grense van die Skrif nie, maar word dit 'n kader wat op die Skrif gelê word. Of, en in watter mate, hierdie basiese motiewe wel by Heyns gefunksioneer het en of daar van 'n Stokeriaanse denkraamwerk, waarbinne Heyns sy teologie beoefen het, gepraat kan word is belangrike vrae wat hierdie studie poog om te beantwoord. Heyns het nooit die wysgerige invloed van veral die Calvinistiese denkers op hom ontken nie. Self het hy dit egter nie negatief beoordeel nie, maar deurgans groot waardering daarvoor uitgespreek.

'n Verdere hipotese wat gemaak word is dat Heyns se koninkryksteologie van wysgerige uitgangspunte gebruik maak, byvoorbeeld dat 'n koning net kan regeer as hy onderdane het wat aan hom gehoorsaam is. Hierdie gedagte bou hy oor baie jare uit totdat hy ten tye van sy dood besig was met 'n samevattende, maar onvoltooide, werk oor sy teologie naamlik: *Die Koninkryk van God, Grondplan van die Bybel*. Hierin wou hy duidelik maak wat hy presies met sy koninkryksteologie bedoel het. Veral die gehoorsaamheidsteologie het vir hom handig te pas gekom in dié jare toe dit begin duidelik word het dat die kerk 'n koersaanpassing ten opsigte van sy standpunt oor apartheid sou moes maak. Die onderwerp van hierdie proefskrif sluit egter 'n diepgaande dogmatiese studie oor Heyns se teologie uit en daar word dus, waar van toepassing, net kortliks op aspekte daarvan ingegaan.

Sommige mense bevraagteken die belangrikheid van die rol wat Heyns ten opsigte van verandering in die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk gespeel het. Daar word deur sommige beweer dat sy rol in vergelyking met ander baie beperk was. Daar was diegene, soos byvoorbeeld dr Beyers Naudé, wat homself téénoor sy kerk en volk geposisioneer het en verandering van "buite" probeer bewerkstellig het. Hierdie studie poog om aan te toon dat Heyns wel 'n besondere rol gespeel het - iets wat hy waarskynlik nie sou kon doen indien hy dit nie as 'n vertroueling van "binne-uit" gedoen het nie. Daar word gepoog om aan te toon dat Heyns ten opsigte van verandering in die Ned Geref Kerk, met verwysing na die kerk se standpunte en beleid oor apartheid, waarskynlik méér reggekry het as enige persoon voor- of na hom. Dit is waarskynlik ook die rede waarom daar mense was, waaronder veral lidmate van die Ned Geref Kerk, wat hom erg kwalik geneem het oor die rol wat hy in die veranderingsproses gespeel het. Die doel van die studie is dus om aan te toon dat Heyns se rol en invloed inderdaad nie gering was nie en dat dit uiteindelik oor die algemeen positief beoordeel moet word.

**2. Besonderhede van die voorafstudie.**

In 'n BTh-skripsie in 1989 oor die onderwerp: "Kerklidmaatskap en kultuureie in die Ned Geref Kerk", is die dokument KS 1986 se formuleringe ten opsigte van

voorwaardes vir kerklidmaatskap bestudeer. In 'n daaropvolgende MTh-skripsie in 1995 is Heyns se rol in die ontstaan van die dokument KS ondersoek. Hieruit het geblyk dat daar genoegsaam rede bestaan om die studie in die vorm van 'n doktorale proefskrif voort te sit en dat daar genoeg bronne en litratuur bestaan om so 'n studie te onderneem. Benewens persoonlike onderhoude met talle persone en rolspelers in Suid-Afrika, is daar ook met 'n aantal Europese akademici en kerkleiers onderhoude gevoer asook bronne versamel wat 'n buitelandse perspektief op Heyns se rol en invloed moontlik gemaak het.

**3. Navorsingsmetodologie.**

Die studie behels hoofsaaklik 'n litratuurstudie met 'n verslag in die vorm van 'n proefskrif. Die benadering is kerkhistories. So ver moontlik en volgens beskikbaarheid is van primêre bronne gebruik gemaak. Ten opsigte van die bestudering van die ontstaansgeskiedenis van die dokument KS en Heyns se rol daarin, is 'n vergelykende studie van die studiestukke en die notules van die destydse hersieningskommissie gemaak. Dié kommissie is deur die Algemene Sinode van 1982 aangewys om die Ned Geref Kerk se 1974-beleidstuk "Ras, volk en nasie, volkereverhoudinge in die lig van die Skrif" (hierna genoem RVN) te hersien. Dié kommissie, waarin Heyns 'n prominente rol gespeel het, was tussen 1983 en 1986 vir die opstel van KS verantwoordelik. Onderhoude wat oor 'n breë spektrum met kollegas, akademici, politici, kerkleiers, vriende en familie van Heyns gevoer is, het talle verwysings na persoonlike onderhoude wat gevoer was en mededelings wat gemaak is in die proefskrif tot gevolg gehad. Daar is egter deurgans teen subjektiwiteit, wat die resultaat van die navorsing sou kon beïnvloed, gewaak. Sulke bronne is dus meestal ter ondersteuning van feite en gebeure benut.

**4. Prosedure en skedulering.**

Sedert daar in 1996 vir die studie ingeskryf is, is die prosedure ter afhandeling daarvan in twee fases voltooi. Die eerste fase het uit dataversameling, onderhoude en gesprekvoering bestaan en het van 1996 tot 2000 geduur. Dit het 'n studietoer in

Europa gedurende Junie 1998 ingesluit. Die tweede fase naamlik die skryf van die verslag het van 2001 tot 2005 geduur.

Die hoofstukindeling sluit by sekere indentifiseerbare fases in Heyns se loopbaan aan en is soos volg:

Hoofstuk 1: Invloed op Heyns as kind en student (1928-1953) – vaslegging van die grondslag vir sy filosofiese en teologiese uitgangspunte.

Hoofstuk 2: Heyns se loopbaan kom op dreef (1954-1965) – van student tot predikant.

Hoofstuk 3: Heyns worstel oor geregtigheid in kerk en samelewing (1966-1979) – van predikant tot dosent.

Hoofstuk 4: Stryd om 'n nuwe koers vir die Ned Geref Kerk (1980-1986) – van dosent tot kerkleier.

Hoofstuk 5: Heyns en die Ned Geref Kerk op pad na 'n nuwe bedeling (1987-1990) – van kerkleier tot brugbouer.

Hoofstuk 6: Die nuwe bedeling betree (1991-1994) – van brugbouer tot profeet.

Gevolgtrekkings

**5. Waarde van die studie.**

Heyns se persoonlike ontworsteling aan die invloede van 'n ideologiese sisteem soos apartheid het baie moed en goeie strategiese onderskeidingsvermoë geverg. Om die Ned Geref Kerk van apartheid te kon weglei het van hom 'n besondere leierskapsvermoë gevra. Die waarde van hierdie studie lê dáárin om Heyns se rol en invloed op die Ned Geref Kerk in sy worsteling met apartheid wetenskaplik aan te toon. Deur eerlik met die bronne om te gaan, elke ander standpunt ernstig op te neem en die gegewens met 'n bewustheid van eie voorveronderstellings te ontleed en te beoordeel, is gepoog om die verhaal só te vertel dat billikheid ten opsigte van Heyns, die Ned Geref Kerk en apartheid geskied. Die studie is 'n poging om, ten opsigte van die worsteling om onsself in die lig van ons eie verlede beter te verstaan, 'n betekenisvolle bydrae te lewer.

# HOOFSTUK 1

## INVLOED OP HEYNS AS KIND EN STUDENT

## 1928-1953

### - Vaslegging van die grondslag vir sy filosofiese- en teologiese uitgangspunte –

Johan Adam Heyns is op 27 Mei 1928 te Tweeling in die Oranje-Vrystaat gebore en het op die plaas Bloemkraal in dieselfde distrik grootgeword. Sy ouers was Flip en Maria Heyns.[1] Flip Heyns was een van dertien kinders en wou graag 'n sendeling word maar kon as gevolg van 'n gebrek aan geld nooit hierdie ideaal verwesenlik nie. Hy het op die plaas agtergebly om saam met sy pa te boer. Maria Heyns was die dogter van Gert Beukes wat na afloop van die Anglo Boere-oorlog as banneling van St Helena teruggekeer het. Haar huwelik met Flip was haar tweede nadat sy aanvanklik kinderloos was. Die huis waarin hulle gewoon het, het uit die Anglo Boere-oorlog gedateer en het blykbaar nog brandmerke van die oorlog vertoon (Skinner 1996: 12,13). Met hulle huwelik het Maria Heyns aan die Here belowe dat as Hy vir haar 'n seun sou gee, sou sy hom vir sy diens grootmaak. Hierdie seun was Johan Heyns. Na sy geboorte het sy gereeld vir hom voorbidding gedoen, maar eers jare nadat hy reeds predikant geword het, hom van hierdie belofte vertel. Heyns vertel self dat hy van jongs af met die ideaal vervul was om 'n dominee te word. Hy wou nie 'n onderwyser word of op sy pa se plaas boer nie. Daar was vir hom net een pad, alhoewel hy nie 'n sogenaamde "Damaskuservaring" gehad het of 'n dramatiese gebeurtenis beleef het nie. Later het hy egter besef dat sy moeder se optrede heelwat met sy roeping en oortuiging te make gehad het (Meiring

[1] In die boek *Volksverraad* beweer Pretorius (1996: 268-269) dat prof Johan Adam Heyns van Joodse afkoms sou wees en dat die familienaam van Heinsowitz na Heyns verander is. Verder beweer hy dat Heyns in Soestdyk Utrecht, Nederland gebore is, by die Universiteit van Kampen studeer het en hom daarop beroem het dat hy 'n bekeerde Jood was. Uit 'n ondersoek wat die skrywer van hierdie proefskrif gedoen het blyk dit dat al die bogenoemde beweringe volgens alle aanduidings van alle waarheid ontbloot is. Alles dui daarop wat Heyns 'n afstammeling van ene Paul Heyns was, wat in 1655 gebore is en van Leipzig in Duitsland afkomstig was. Sy diens as sersant in die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (hierna genoem VOC) het hom teen 1693 na Suid-Afrika gebring. Heyns beteken "seun van Heyn", 'n verhollandisering van die Duitse familinaam Hein of Heine wat 'n verkorting van Heinrich is (Pama s. a.: 162). Tydens 'n besoek aan die *Deutche Zentralstelle für Genealogie* te Leipzig is die name van onder andere die volgende persone met merkwaardige ooreenkomste gevind: Paul Pehrizsch Heine (1611); Johann Heyne (1673); Adam Heyne (1594); ensovoorts. Ewe noemenswaardig is die feit dat daar geen bewys van die bestaan van 'n Joodse familienaam Heinsowitz in die ondersoek te Leipzig opgespoor kon word nie (1998: [ ]).

1994: 177).[2] In 'n radio-onderhoud met Fanus Rautenbach in 1985 verwys hy na sy moeder se belofte en vertel hoe hy as kind die swart kinders, met wie hy en sy susters saam gespeel het, op die kafbale en mieliesakke laat sit het. Hy het dan vir hulle gepreek dat die spoeg spat (SAUK Radio-Argief 1985: T85/319).[3] In sy afskeidsrede aan die Universiteit van Pretoria (hierna genoem UP) op 28 Oktober 1993 gee Heyns erkenning aan sy ouers as hy sê dat hy met diepe piëteit aan hulle terugdink omdat dit wat hulle vir hom en sy susters beteken het nooit in woorde uitgedruk kan word nie (1994a: 12). In die bogenoemde radio-onderhoud sê hy dat dit sy moeder is wat benewens sy akademiese ontwikkeling die grootste invloed op hom gehad het (SAUK Radio-Argief 1985: T85/319).

Heyns se skooldae vertel 'n eiesoortige verhaal. Hy het met groot respek na sy onderwysers verwys. Veral in Tweeling was daar onderwysers wat goeie werk gedoen het en wat gewys het dat hulle lewe aan die onderwys toegewy was. Heyns se moeder het hom veral intellektueel gestimuleer. Hy vertel dat hulle arm grootgeword het en dat hy op 'n treppie, wat deur een perd getrek is, deur die koue wintermaande na die skool gery het. Sy moeder het egter dikwels na hulle bure, die Humans, verwys. Hulle was mense met akademiese opleiding. Mnr Piet Human het sy kinders almal 'n goeie opleiding laat ontvang. Heyns vertel dat sy moeder gesê het: "As julle maar net kan kom waar die Humans gekom het." (SAUK Radio-Argief T81/720). Heyns se geaardheid het baie met sy moeder s'n ooreengestem deur byvoorbeeld sterk besliste standpunte te kon inneem (Bosman 1998a: [ ]). Hy het altyd verwys na wat sy moeder hom ingeprent het: "If a thing is worth doing, it is worth doing well." (Algemene Kerkbode 9 Desember 1994: 5). Ten spyte van hierdie motivering van moederskant af was Heyns geen uitstaande skoolleerling nie. Sy prestasies was heel gemiddeld. 'n Mens kry die indruk dat hy nie veel in sy skoolvakke belanggestel het nie. Dit het moontlik daarmee verband gehou dat hy reeds vroeg in sy lewe al geweet het wat hy ná skool wou doen. Hy het egter 'n

[2] Prof Christina Landman maak in 'n artikel die opmerking dat 'n jong blanke adolessente seun gedurende die 1930's op 'n plaas in die Oranje-Vrystaat slegs 'n keuse kon maak om te boer, 'n onderwyser of 'n dominee te word (1996a: 351).
[3] Uit die huwelik van Flip en Maria Heyns is nog twee dogters gebore naamlik Christina Heyns (later Veldsman) en Ria Heyns (later Bosman). Daar was ook 'n stiefseun naamlik Stan Kennedy (Heyns 1996a: [ ]).

onversadigbare drang na kennis gehad, 'n ondersoekende gees, wat gedurig meer te wete wou kom (Veldsman 1997: [ ]).

Vir Heyns was sy Afrikanerskap en Afrikanerkultuur altyd belangrik. Van sy ouers tuis, veral van sy moeder het hy 'n warm vaderlandsliefde geleer. Hy het homself as Christen-Afrikaner beskou want sy standpunt was dat geen mens 'n Christen in 'n vakuum kan wees nie (Meiring 1994: 182). Heyns het ook van laerskooldae 'n lewendige belangstelling in die politiek gehad. In die laerskool was hy 'n leier van 'n Ossewa Brandwag-groep (hierna genoem OB) (Veldsman 1997: [ ]) en het hy pouses vergaderings gehou en toesprake vir sy maats afgesteek, totdat die skoolhoof dit stopgesit het. Sy vader was deurgans 'n ondersteuner van die Nasionale Party (hierna genoem NP) en later voorsitter van die tak op Potchefstroom. Alhoewel Heyns self nooit 'n ingeskrewe lid van die NP was nie, het hy 'n sterk pro-nasionale gevoel gehad, maar was ook krities daarteenoor ingestel (Bosman 1998a: [ ]). Volgens Heyns se eggenote Renée was hy sy lewe deur 'n NP-ondersteuner en hoewel hy teen 1994 in 'n mate ontnugter was met die rigting wat die politiek in Suid-Afrika ontwikkel het, het hy vanweë sy lojale ingesteldheid in die algemene verkiesing van 1994 steeds vir die NP gestem (12 Februarie 1998: [ ]).

Flip en Maria Heyns was diep gelowige mense. Soos Maria besig was om haar belofte aan die Here na die beste van haar vermoë na te kom, het Flip eweneens sy kinders geleer dat 'n mens nooit moet ophou glo in God se doel vir jou lewe nie (Skinner 1996: 20). Op Heyns se twaalfde verjaarsdag (27 Mei 1940) het sy ouers vir hom 'n Bybel persent gegee. Voor in die Bybel is 'n inskrywing met sy naam, die datum en Prediker 12:1 as teksvers en dit is deur P.S. Heÿns en M.J.M. Heÿns onderteken. Hy het dit vir 'n lang tyd, tot in sy studentedae, as persoonlike Bybel gebruik en talle inskrywings en opmerkings daarin gemaak asook teksverse onderstreep (Bosman 1998b: [ ]).[4] Hieruit is dit duidelik dat die Bybel as Woord van God 'n sentrale rol in sy lewe gespeel het. Soos prof Jurie le Roux dit stel: "Vir Heyns staan die Skrif absoluut sentraal. Dit is opvallend hoe hy

---

[4] Volgens die inskrywing voor in die Bybel spel beide Flip en Maria die familienaam met 'n "ÿ" naamlik "Heÿns". Dit dui op 'n Hollandse verbintenis (vergelyk voetnota 1). Die Bybel is in besit van mev Ria Bosman, jongste suster van Heyns (1998b: [ ]).

volledig uit die Skrif wil leef en werk. ....orals waar Heyns kom, praat, of leef, doen hy dit as Skrifgelowige." (1994: 28).

Alhoewel hy nooit wou gaan boer nie, het hy tog 'n besondere liefde vir die grond gehad. Gevolglik was dit vir hom swaar toe sy vader die plaas vanweë finansiële redes verkoop en die gesin na Potchefstroom verhuis het. Heyns was tog vas aan die grond en het later met die oog op sy aftrede 'n stukkie grond buite Pretoria gekoop (Veldsman 1997: [ ]).[5]

Teen 1941 het die gesin, soos reeds gesê, na Potchefstroom verhuis. Dit was 'n noodsaaklike stap indien hulle instaat wou wees om die kinders 'n naskoolse opleiding te gee. Flip Heyns het by die leër aangesluit en sodoende 'n "rooilussie" van generaal Jan Smuts se SAP-regering geword. Hierdie stap was vir Heyns 'n groot teleurstelling. Hy kon nie verstaan waarom sy vader, wat so sterk nasionalisties was en selfs met die OB gesimpatiseer het, nou juis in die weermag, wat onder Smuts aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het, 'n betrekking aanvaar het nie. Onder die nasionaliste en veral die lede van die OB was daar 'n sterk gevoel van teenkanting teen die deelname aan die kant van die geallieerde magte. Heyns en sy vader wat meer as een maal hieroor in 'n woordewisseling betrokke en hy het selfs by geleentheid tydens huisgodsdiens summier opgestaan en uitgeloop. Dit het blykbaar gebeur nadat sy vader hom uit die Bybel daarop gewys het dat 'n mens voorbidding moet doen oor diegene wat oor jou aangestel is (Skinner 1996: 17,18). Soos reeds genoem, was die grootste rede vir Flip Heyns se besluit waarskynlik om vir sy gesin te kan sorg. Sy werk was administratief van aard en in 'n nie-vegtende hoedanigheid (Veldsman 1997: [ ]). Tog het hy ten spyte van sy besluit nooit sy Afrikanerskap afgesweer nie (Bosman 1998a: [ ]). Heyns het op hierdie stadium as hoërskoolseun nie sterk met sy vader geïdentifiseer nie. Ook het hulle geaardhede heelwat verskil. Sy geaardheid het veel eerder met sy moeder s'n ten opsigte van die inneem en verdediging van standpunte ooreengestem. Ten opsigte van sy vader, wie se geaardheid as flegmaties met 'n geneigdheid om konflik te vermy bestempel kon word, het Heyns grootliks verskil (Bosman 1998a: [ ]). Tog het hy iets van sy vader se

---

[5] Heyns se publikasie saam met Gerald Cubitt, naamlik *Ons land, God se land – 52 Oordenkinge uit Suider-Afrika* dui op sy besondere liefde vir die Suid-Afrikaanse bodem en sy vermoë om God se skepping in woorde saam met Cubitt se kunsfoto's uit te beeld (1989: [ ]).

hartlikheid ontvang wat hom die toeganklik joviale mens gemaak het wat hy was (Skinner 1996: 19,20).

Op Potchefstroom het Heyns en sy susters aan die Gimnasium Hoërskool skoolgegaan (Heyns 1996: [ ]). Hulle het op "Die Bult" gewoon en hy het 'n paar goeie skoolvriende, meestal uit akademiese huise, gemaak. Onder hulle was Ludi Schulze, wie se vader professor in Duits was en Leendert Dekker wie se vader professor in Letterkunde was. Daar was veral Dawie Stoker, seun van prof Hendrik Stoker, professor in filosofie, met wie Heyns boesemvriende was (Skinner 1996: 18). Die dampkring, waarbinne hierdie vriendskappe tussen die skoolvriende op Potchefstroom bestaan het, kan ten opsigte van die oorlog as pro-Duits bestempel word. In die woorde van prof Ludi Schulze: "Ons was pro-Duits want ons was anti-Engels."[6] Van hierdie vriende het aan die OB behoort en byeenkomste bygewoon. Die invloed van die OB was groot in daardie tyd in Potchefstroom (Schulze 1999: [ ]). Terwyl Dawie Stoker wel 'n lid was, het Heyns self op Potchefstroom nooit aan die OB behoort nie. Die vriende het dikwels onder mekaar geredeneer maar vanweë die sensitiwiteit van politieke aangeleenthede in die oorlogsjare is daar dikwels nie openlik gepraat nie. Vanweë Heyns se vader se posisie is daar byvoorbeeld nooit in sy teenwoordigheid oor politieke sake gepraat nie (Stoker 1999: [ ]). Uit die betrokke gegewens is dit duidelik dat enige verbintenis wat Flip of Johan Heyns met die OB gehad het waarskynlik reeds op Tweeling geëindig het. Heyns was wel by die jeugaktiwiteite van die plaaslike Voortrekkerkommando op Potchefstroom berokke en verder het hy in sy hoërskooljare rugby gespeel (Cronjé 1980: 20). Van sy hoërskooljare tot aan die einde van sy lewe het Heyns 'n lojaliteit ten opsigte van die nasionalistiese strewe en die Nasionale Party openbaar hoewel, soos reeds gesê, hy nooit 'n ingeskrewe lid van dié party was nie.

Heyns se gemiddelde skoolprestasies het gedurende sy hoërskooljare voortgeduur. Gedurig het daar opmerking van onderwysers op sy skoolrapporte verskyn soos: "Jy kan

---

[6] Erik van den Bergh van die *Stichting Kairos* in Utrecht Nederland skryf dat die Tweede Wêreldoorlog tot ambivalente gevoelens in Suid-Afrika gelei het. 'n Gedeelte van die Afrikaners het 'n affiniteit vir die Nazi-ideologie gehad maar antipatie teen die Britte het eerder by die meeste Afrikaners oorheers omdat die Tweede Vryheidsoorlog nog vars in hulle geheue was (1994: 121).

beter doen!" (Heyns 1996a: [ ]). Hy het egter 'n merkwaardige voorliefde om te redeneer ontwikkel en om as selfstandige denker eie standpunte in te neem (Veldsman 1997: [ ] en Bosman 1998a: [ ]). In sy matriekjaar het hy in lang ingewikkelde diskussie met teologiese studente betrokke geraak. Dit was mense wat tydens hulle teologiese studies by die Heynse geloseer het (Skinner 1996: 17).[7] Heyns was as skoolseun reeds in sy redenasies deur hierdie persone ernstig opgeneem. By een geleentheid het hy so ernstig oor Darwin se evolusieteorie geredeneer dat Ockie Raubernheimer vir sy ouers kom sê het dat hy bekommerd is dat die jong Heyns dalk die pad kan byster raak (Veldsman 1997: [ ]).

In 1946 het Heyns die universiteitslewe betree. Na voltooiing van sy skoolloopbaan het hy by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (hierna genoem PU vir CHO) vir sy voorstudie met die oog op sy predikantstudie ingeskryf. Met 'n geloofsvertroue wat van kinderlike opregtheid getuig het hy die nuwe jaar aangepak. Op 27 Mei 1946, sy agtiende verjaarsdag, maak hy die volgende inskrywing in sy persoonlike Bybel: "Mag hierdie jaar vir my inhou die krag wat ek in die verlede nog altyd moes bid, dit altyd ontvang het en soms nie gebruik nie!!! Pred 12." (Bosman 1998b: [ ]). In 'n huldigingsartikel som P G J Meiring, oud-kollega van Heyns aan die UP, waarskynlik die belangrikste faset van Heyns se vorming gedurende sy voorgraadse drie jare soos volg op:

> "Dit was veral die groot figguut Herman (sic) Stoker,[8] bekende filosoof aan die PU vir CHO, wat die jong student bekoor het. Nie net sou hy drie jaar lank in sy

---

[7] Maria Heyns het vir 'n hele aantal jare 'n losieshuis op Potchefstroom gehad waarmee sy die familie se inkomste aangevul het. Veral teologiese studente het hier geloseer, onder andere Mias de Klerk, Ockie Raubenheimer, Piet Jordaan en Pierre Cronjé wat bekende persone in die kerklike lewe geword het. (Veldsman 1997: [ ] en Bosman 1998a: [ ]).

[8] Hendrik Gerhardus Stoker is op 4 April 1899 in Johannesburg gebore (Taljaard 1957: 2). Ses maande later gaan neem sy vader, Pieter Stoker, as Nederlandse vrywilliger aan Boerekant aan die Anglo Boere-oorlog by die beleg van Mafeking deel. Later was hy en sy vrou tydens die oorlog by hulpverlening aan vrouens en kinders in kampe asook aan gesinne in Johannesburg betrokke. "So het die Stokergesin as gevolg van oorlogsnood met die Afrikanervolk saamgegroei - 'n Nederlandse loot op Afrikaanse stam." Sy ouers het Stoker in 'n Duitse skool in Johannesburg gesit wat sy vorming en lewenskoers oortuigend gerig het. Later het hulle hom in Potchefstroom Gimnasium gesit waar hy in 1916 gematrikuleer het. Hierna het hy aan "het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Hoger Onderwijs" begin studeer. Geprikkel deur die Calvinistiese perspektiewe wat hy onder andere by prof J A du Plessis en Prof Dr J D du Toit gekry het, het hy besluit om wysbegeerte sy loopbaan te maak (Raath 1994: 343-345). Hy het in 1924 in Duitsland onder Max Scheler met 'n skitterende dissertasie "Das Gewissen" gepromoveer (Taljaard 1957: 2). Self sê Stoker:

> filosofieklas sit nie. Later sou Heyns terugkeer vir doktorale studie in die filosofie."

Meiring gaan voort:

> "Op Potchefstroom het hy geleer wat Calvinisme werklik sou beteken. Die hele idee van 'n Christelike wetenskapsbeoefening het hom aangegryp. Die feit dat alles waarmee hy besig was, sy werk, sy teoretiese besinning, alles deur sy Christelike oortuiging gestempel word. Meer nog as in sy studie van die teologie, het sy studie in die filosofie hom waardering vir die Calvinisme laat kry." (1994: 177,178).

Heyns skryf in die voorwoord van sy proefskrif wat hy later onder Stoker gedoen het:

> "Met opregte dankbaarheid kan ek konstateer dat geen ander persoon vir die vorming van my lewens- en wêreldbeskouing soveel beteken het as Prof Dr H. G. Stoker nie."

Ook aan die PU vir CHO gee Heyns soos volg met dank erkenning:

---

"Die stryd vir en om die Calvinisme (dit wil sê die fundamentele waarhede van Gods Woord en hul betekenis vir die héle lewe), was vir my 'n innig deurvoelde 'belewenis' waarvan ek, sover dit op my weg gelê het, saamgewerk het soveel ek kon." Hierdie roepingsbesef, hierdie Calvinistiese, oftewel Skriftuurlik-religieuse grondmotief word volgens prof A W G Raath, veral vanaf die dertigerjare die dryfkrag agter al sy doen-en-late, agter al sy publikasies, veral Calvinistiese wysbegeerte en Christelike wetenskap (1994: 350). In 1921 was Stoker 'n afgevaardigde na Heidelberg waar hy 'n stigterslid van die Afrikaanse Studentebond (hierna genoem ASB) was. Sy hart het warm geklop vir die saak van die Afrikanervolk. Hy aanvaar kommandantskap van die OB en hierdie bedrywighede saam met sy stryd teen die liberalisme, soos weergegee in sy *Stryd om die Ordes* (1941), lei tot sy internering op 21 Desember 1942. Hy het eers teen Januarie 1944 sy vryheid teruggekry. Op Potchefstroom was die algemene gevoel onder die Afrikaners dat die owerheid hom uit die PUK-kring uitgekies het om te interneer ten einde alle andersdenkendes tot groter versigtigheid te intimideer (Taljaard 1957: 2,3). Stoker het heftig ontken dat hy ooit 'n lid van die "Stormjaers" (militante vleuel van die OB) was. Verder het hy aangevoer dat hy die Nasionaal-Sosiamlisme in sy boek *Stryd om die Ordes* sterk kritiseer. Ook het hy verduidelik dat hy eerder pro-Afrikaans as anti-Engels was (Raath 1994: 355). Die jeug het Stoker se hart gepak – veral die student, sy worsteling in verband met geloof en wetenskap. Onder sy leiding word die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigingе (hierna genoem VCSV) in 1932 gestig en het hy hierin aktief tot in 1950 meegewerk. In hierdie verband was hy gemoeid met publikasies soos *Koers in die Krisis*, die *Ossewareeks*, die *Verkennerreeks* en *Uit Vroue Harte.* Hy was vir 'n lang tyd redakteur van die tydskrif *Koers* en van sy ontstaan mede-redakteur van die internasionale Calvinistiese filosofietydskrif *Philosophia Reformata.* Ook was hy medestigter van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (hierna genoem ACB) en het 'n belangrike aandeel in die oprigting van die Pro Rege Pers gehad. Vanaf 1937 tot en met sy aftrede het hy wysbegeerte aan die PU vir CHO doseer (Taljaard 1957: 3,4). Teen die einde van 1964 het Stoker sy emeritaat aanvaar maar ontvang 'n heraanstelling tot in 1969. Hierna was hy tot in 1972 'n gasdosent aan die Randse Afrikaanse Universiteit. In 1973 het hy in Toronto, Kanada, navorsing gedoen waar hy hom dieper en breër in die stand van die wetenskapsleer ingegrawe het. Hy het veral op probleme van 'n Christelike begronding van wetenskapsbeoefening (waaronder veral metodologiese probleme) gekonsentreer (Raath 1994: 354). Hy was na sy aftrede in Pretoria woonagtig en sterf in 1993 in die ouderdom van 94 jaar.

> "So sou my opvoeding tuis en my akademiese skoling aan die PU vir CHO as die faktore genoem kon word wat 'n beslissende bydrae gelewer het tot my liefde vir en beskeie poging tot propagering van die Christelike en met name Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing."

Hy noem dat hy, nadat hy aan verskeie universiteite in Suid-Afrika en oorsee studeer het en die verloop van jare sy verbintenis met die PU vir CHO al verder in die verlede terugggeskuif het, hy 'n al groterwordende waardering ontwikkel het vir dit wat hy in sy jare op Potchefstroom ontvang het.

> "Moontlik is dit toe te skrywe aan 'n rypheid van gees wat 'n verskerping van oordeelsvermoë meebring – meer waarskynlik is dit die toenemende konfrontasie met Skrifverwerpende ideologieë wat die antitese met – en derhalwe ook die waardering vir die Calvinisme skerper en steeds skerper laat aanvoel. Die betekenis van hierdie inrigting as Calvinistiese vesting vir die Afrikaanse volkslewe en die kerklike lewe - met inbegrip van al drie Afrikaanssprekende kerke – sal nooit na waarde geskat kan word nie." (1961: i).

Ongeveer vyf-en-twintig jaar later tydens sy radio-onderhoud met Fanus Rautenbach, waarna reeds verwys is, bevestig Heyns dat Stoker op akademiese gebied sonder twyfel die grootste invloed op hom gehad het. Hy brei uit naamlik dat Stoker se manier van dink en doen, sy manier van klasgee, hoe hy sy denke op skrif stel, alles op Heyns 'n groot indruk gemaak het.

> "Wat ek vandag in die teologie probeer uitwerk vind plaas binne die kader en inspirasie van diepgaande Calvinistiese denke, wat ek by daardie werklik groot man, een van ons grootste filosowe gekry het." (SAUK Radio-Argief 1985: T85/319).[9]

Prof P W G du Plessis, wat in dieselfde tyd as Heyns sy doktorale studies in die filosofie onder Stoker gedoen het, skryf dat die geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit nou verknoop is met die werk van Stoker naamlik as wysgeer-akademikus en mede-bouer

[9] In 'n bespreking van Heyns se boek *Denkers deur die eeue* (1967) maak prof S A Strauss die volgende opmerking: "Uit 'n biografiese oogpunt is dit wel belangrik om te lees met watter bewondering Heyns die Potchefstroomse Calvinistiese wysgeer, H.G. Stoker as die laaste denker in dié boek aan die woord stel." (1994: 105).

van 'n Christelike universiteit in Potchefstroom. Vir meer as veertig jaar was Stoker die spil waarom die akademiese debat oor 'n Christelike universiteit, Christelike wetenskap en die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gedraai het (1994: 341,342).

Heyns stel dit egter duidelik dat dit nie Stoker alleen was wat vir die grondslag van sy wysgerige denke verantwoordelik was nie. Hy het ook later in Pretoria wysbegeerte onder Oberholzer en in Amsterdam onder Vollenhoven studeer (1994b: 164). Prof Willie Jonker vra die vraag watter invloed die wysbegeerte op die teologiese denke van 'n teoloog verkry aangesien geen teoloog aan die invloed van die wysbegeerte ontkom nie. Die gebruikmaking van wysgerige konsepte as sodanig hoef, volgens hom, nie sondermeer negatief beoordeel te word nie. As dit egter ongemerk die plek van die eksegetiese grond van die dogmatiek inneem, of meebring dat die teologie self ingebed word in die filosofiese sisteem, kan dit daartoe lei dat die teologie nie meer, soos Berkouwer gesê het, binne die grense van die Skrif bly nie, maar 'n kader word wat op die Skrif gelê word. In dié verband vra Jonker ten opsigte van die wysgerige invloed op Heyns se teologie vier kritiese vra. <u>Eerstens</u>: Sou 'n mens met reg kon vra of sy aansluiting by die wysbegeerte van Stoker hom nie gekortwiek het in sy poging om 'n eietydse teologie te ontwerp wat tot die moderne mens kan spreek nie? <u>Tweedens</u>: Het die wysgerige aard van sy teologie nie die kritiese snykant daarvan verminder nie? <u>Derdens</u>: Het Heyns se denke vanuit die skepping hom nie verhinder om van die begin af krities genoeg te wees teenoor die volksteologie wat so lank in die Afrikaanse kerke amok gemaak het nie? <u>Vierdens</u>: Het sy wysgerige denke hom nie daartoe gebring om in sy teologie 'n te groot betekenis aan die algemene openbaring en die algemene genade te heg nie? (1994: 17-21). Dat Heyns reeds vroeg in sy loopbaan van die bogenoemde gevare bewus was blyk uit 'n inskrywing wat hy in sy persoonlike Bybel teenoor Kolosense 2:8 maak naamlik: "Ons grootste gevaar vandag..." Die teksverslui: "Pas op dat niemand julle as buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie." (Bosman 1998b: [ ]). In aansluiting by Jonker se vrae kom daar soortgelyke vra van Du Plessis wanneer hy Stoker se bydrae beoordeel. Hy meen dat Stoker ook kind van sy tyd was soos wat hy self dikwels erken het. Aan die positiewe kant het dit hom instaat gestel om te illustreer hoe

mens jou geloof relevant vir jou tyd met sy probleme kan maak. Negatief gesien bring dit volgens Du Plessis egter die lastige vraag van J H van Wyk na vore: "In watter opsig is Stoker se denke vasgevang deur een of ander ideologie van sy tyd?" Volgens Van Wyk bring dit nog 'n moeilike vraag na vore naamlik: "Hoe is kritiek teen jou eie tyd moontlik?" Die laaste vraagstuk het Stoker dikwels probeer beantwoord deur selfkritiek en deur sy bekende strategie om 'n saak van voor af, anders as tevore, *de novo* aan te pak (1994: 341).

Stoker se invloed op Heyns kan vir die doel van hierdie studie in twee dele ingedeel word. Eerstens sy algemene invloed met betrekking tot die wysbegeerte en die Christelike wetenskap en tweedens sy besondere invloed met betrekking tot apartheid. Wat sy algemene invloed aanbetref is van belang dat Stoker 'n wysbegeerte wou uitbou wat in die Heilige Skrif gegrond is. Hierin het hy aansluiting by Calvinistiese denkers soos Bavinck, Kuyper, Woltjer en Hepp gevind. As selfstandige denker het hy ook met Bavinck, Vollehoven en Dooyeweerd te doen gekry (Taljaard 1957: 5).[10] Heyns merk in 'n vooraf-woord van band een van Stoker se tweeledige bundel *Oorsprong en Rigting*[11] op dat die wysbegeerte waaraan hy sy lewe lank gewerk het nie vir hom 'n geïsoleerde terrein is wat gereserveer is vir diegene met 'n voorliefde vir abstrakte bespiegelings en wat genot vind in die spel van denk-akrobatiek nie. Dit is vir hom deel van die roeping

[10] Stoker het tot die gevolgtrekking gekom dat Bavinck die wysbegeerte verteologieseer, wat Vollehoven nie gedoen het nie. Stoker het die Wysbegeerte van die Skeppingsidee ontwikkel en daarmee het drie nuanses van die Calvinistiese wysbegeerte ontstaan. Die ander twee was die Wysbegeerte van die Openbaring van Bavinck en die Wysbegeerte van die Wetsidee van Dooyeweerd en Vollenhoven (Taljaard 1957: 5). Stoker verduidelik dat die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" deur Abraham Kuyper geformuleer is en in die Wysbegeerte van die Wetsidee (Dooyeweerd en Vollenhoven) met betrekking tot die modaliteite of "wetskringe" verder uitgebou en aangevul is deur die beginsel van "universaliteit in eie kring". Analogies hieraan, volgens Stoker, geld vir die samelewingskringe die beginsel van die "identiteit van die eie struktuur" en "universele vervlegting van die eie struktuur met dié van die ander." Vir menslike handelinge geld die beginsels van "vryheid van die eie bevoegdheid" en "universele afhanklikheid van die eie bevoegdheid." Dit alles is egter die wetenskaplike uitbou van die voorwetenskaplike (lewens- en wêreldbeskoulike) oortuigings dat, ook wat die mens en die mensdom betref daar 'n verskeidenheid en 'n samehang van die verskeidenheid is wat alles sy oorsprong vind in die skeppende en bestierende wil van God en wat ten volle erken en eerbiedig behoort te word. Tog mag die een nie van die ander geïsoleer word nie en is die een tot komplementerende diens van die ander bestem. Calvyn se beskouing oor die onderskeid tussen kerk en staat en hul onderlinge verhouding word hier as voorbeeld gebruik. Dit is 'n saak wat Calviniste ná hom al meer in universele verband "in U lig" uitgebou het (Stoker 1967b: 56,57).

[11] In die voorwoord van *Oorsprong en Rigting* bring Stoker aan Heyns, wat hy sy vriend en kollega noem, besondere dank. Heyns het hom met die voorstel genader om dié tweeledige werk aan te pak. Hy het ook gehelp met die uitkies van artikels wat daarin opgeneem is (Stoker 1967a: 10).

van die mens se geesteskultuur. "Daarom het hy 'n wysbegeerte uitgebou wat op die Skrif gegrond is." (1967: 8). Stoker gaan uit van – dit veronderstel – God as dié Oorsprong van alle dinge. Verder sê hy:

> "Hierdie oorsprong vind hy egter nie in of na aanleiding van die onselfgenoegsame skepping nie, maar in die Woordopenbaring van God, uit, deur en tot Wie alle dinge[12] - ook die wysgerige ondersoek en die veld van wysgerige ondersoek – is. Hý is die enigste algenoegsame en absolute Oorsprong van alle dinge. Vanuit hierdie Oorsprong moet die Skrifgelowige wysgeer sy rigting vind en sy wysgerige weg bewandel. Dit beteken nie dat hy die wysbegeerte verteologiseer nie, want die teoloog het tot taak om die openbaring van God aangaande Homself en Sy verhouding tot alle dinge te deurfors (sic), terwyl die wysbegeerte as veld van ondersoek het, die aardse skepping (die kosmos, stof, plant, dier en mens) in sy totaliteit en samehang van radikale verskeidenheid. Hy besien die veld van ondersoek "in U lig". Dat hierby 'n wedersydse gesprek tussen wysgeer en teoloog (nes *mutatis mutandis* tussen wysgeer en vakwetenskaplike) nodig is, spreek vanself."

Deur die wysgerige taak "in U lig" te behartig word die wysgerige ondersoek en die veld van ondersoek van die wysbegeerte in hul kreatuurlikheid, onselfgenoegsaamheid en veelvuldige afhanklikheid van God Drie-enig, dié Oorsprong, onthul (Stoker 1967a: 10-12). Op ontologiese gebied onderskei Stoker tussen God en kosmos. God is Skepper en kosmos is skepping. Tog bemoei God Hom voortdurend met sy skepping. Hy dra dit in die holte van sy hand en lei en bestuur dit van oomblik tot oomblik. Met dit as agtergrond het Stoker 'n Christelik-teïstiese beskouing, teosentries gefundeerd, uitgebou. Die skeppingsidee is vir hom die fundamentele prinsipe wat die onderskeid tussen God en kosmos en die verband van beide openbaar. Die wysbegeerte beperk hom tot die skepping dit wil sê die kosmos in sy kreatuurlike onselfgenoegsaamheid. So gee die skeppingsidee hom 'n, deur God geopenbaarde transkosmiese visie, wat 'n oorsig oor die kosmos as eenheid bied (Taljaard 1957: 5-7). Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is, volgens Stoker, 'n totalitêre Christelike beskouing wat, volgens die skepping van alles, drie fundamentele beginsels het: <u>Eerstens</u> uit en deur en tot God is

---

[12] Vergelyk Romeine 11:36.

alle dinge. Tweedens behoort alles wat God geskape het[13] aan Hom. Derdens is God absoluut soewerein oor alles wat Hy geskape het. In terme van dit wat God geskape het wat op die aarde is en waarmee die Calvinistiese beskouing hom besig hou, behoort ons nie aan onsself nie, maar behoort ons met ons hele bestaan aan God (Stoker 1967b: 43-45).[14] Die mens is vir Stoker net soos stof, plant en dier 'n louter kreatuurlike, onselfgenoegsame en wetsonderworpe wese. Saam vorm hulle die aardse geskape heelal. Die mens beklee egter 'n unieke posisie in die skepping van God. Die skepping is aan die sorg van die mens toevertroue, wat op sy beurt stof, plant en dier nodig het om van die natuur kultuur te vorm en daardeur nie net sy eie moontlikhede nie, maar ook hulle moontlikhede te aktualiseer. As eenheid van die mensdom vorm dit 'n samehangende verskeidenheid, byvoorbeeld van enkelinge, samelewingskringe soos huwelik, gesin, volk, staat, kerk, ensovoorts. In elke samelewingskring word eie beginsel van soewereiniteit in eie kring gehandhaaf, (of soos Stoker dit graag noem: vryheid in eie bevoegdheid), waar die een die ander nie mag oorheers nie. Belangrik is dat Stoker sê dat die Calvinis die eenheid van die menslike geslag aanvaar. Daar is die eenheid van die mensegeslag volgens afstamming ('uit een bloed'); die eenheid van die verloste mensegeslag in Christus; die eenheid van die mensdom as samehangende verskeidenheid (Stoker 1967b:54-56). Oor Christelike wetenskap meen Stoker dat Calvinistiese

[13] Volgens Stoker is daar 'n wetsorde wat sy oorsprong by God het. Hy het alles geskape en is absoluut soewerein. Besondere klem word deur die Calvinis op die wil en die wet van God gelê wat onverbiddelik en onvoorwaardelik deur die mens gehoorsaam moet word. Hy sien as Calvinis die kreatuurlike-menslike, toerekenbare en verantwoordelike, aan God gehoorsame, roepingsvervulling as die eintlike heerlikheid van die mens, teenoor die wese en kern van die sonde, wat die menslike opstand teen God is. 'n Stryd het ontstaan teenoor die humanistiese- en ander lewens- en wêreldbeskouinge sowel as sekularisasie wat die wêreld en mens al meer los van God gestel het. Niks kan verhef word bo die wetsorde van God nie. Daar is 'n samehangende verskeidenheid in die wetsorde van God wat met die samehangende verskeidenheid van die skepping van God korreleer. Belangrik is dat God, volgens Stoker, sy wetsorde slegs gedeeltelik in sy Woord aan die mens geopenbaar het. Dit geld, onder andere, vir die Tien Gebooie. Dit is egter die roepingstaak van die mens om "in U lig" op alle terreine van die skepping die wette te ontdek, te formuleer en te stel, dit wil sê, te positiveer byvoorbeeld staatswette, die kerkorde, ensovoorts. Hierdie wette mag egter nie in stryd wees met die wetsorde van God nie maar behoort ten volle daaraan te beantwoord (Stoker 1967b: 52-54).

[14] Stoker gee in hierdie verband 'n uitgebreide lys naamlik: Ons behoort aan God met al ons moontlikhede, aard, struktuur en aanleg, funksies en handelinge, ons beheersing van die kosmos (stof, plant, dier en mens), dus al ons vorming van kultuur, voorwetenskaplike kennis en wetenskap, taal, kuns, vervaardiging van ekonomiese goedere, vorming en handhawing van reg, sedelike aanleg, gesindheid, motiewe en handelings, huwelik gesin, volk en staat, skool, opvoeding, industrie, arbeid, tegniek, sport, vermaak, geskiedenis, ons godsdienstige- en kerklike lewe, ons allesomvattende, religieuse, roepingsvervullende diens aan God. Ons hele lewe en al ons lewensterreine – dit alles behoort nie aan óns nie maar aan God (Stoker 1967b: 43-45). Dit is opvallend hoe Heyns oor min-of-meer al die bogenoemde onderwerpe deur die loop van sy loopbaan geskryf het, veral op die terreine van die dogmatiek en die etiek.

wetenskaplikes global, onder andere, daarin saamstem dat die waarheid 'n eenheid is en dat die openbaring van God en sy Woord en in sy vleesgeworde Seun en in sy werke (skepping) saamhang en mekaar nie weerspreek nie. Dat die beoefening van die wetenskap deur Christene nie los staan en los mag staan van hul voorwetenskaplike en Christelike lewens- en wêreldbeskouing, waaronder hul Christelike religieuse geloof nie (Stoker 1961:298). In Stoker se synsleer onderskei hy God en kosmos. Die geopenbaarde waarhede aangaande God en sy verhouding tot alles wat Hy geskape het, word deur die teologie ondersoek. Hierdeur is die teologie vir Stoker die koningin van al die wetenskappe. Die kosmos word deur die ander wetenskappe ondersoek. Hiervan ondersoek die wysbegeerte die kosmos in sy totaliteit as verskeidenheid en saamverbonde eenheid terwyl die vakwetenskappe elk 'n besondere vakgebied het om te ondersoek. Die wetenskappe het mekaar onderling nodig, leen sekere stellinge van mekaar en vul op hierdie wyse mekaar aan. Hierdeur word ook die onderlinge samewerking tussen die wetenskaplikes vir hom nie alleen noodsaaklik nie, maar gewaarborg (Taljaard 1957:12)

Tot op hierdie punt kan gesê word dat Heyns in terme van sy eie denke oor die algemeen noue aansluiting by Stoker se wysgerige denke, soos hierbo uiteengesit, gevind het. Ten opsigte van *apartheid* teenoor *integrasie* het Heyns se denke eweneens ooreenstemming met Stoker getoon. Stoker se siening van apartheid en integrasie as beginsels, soos dit in sy boek *Beginsels en metodes in die wetenskap*[15] uiteengesit word, is hier van belang. Hy beskou apartheid as 'n sekondêre beginsel wat gegrond is op die primêre beginsel van verskeidenheid en waardigheid van groepe (volke en rasse) as onderskeie eenhede (of gehele). Integrasie is 'n sekondêre beginsel wat, volgens hom gegrond is op die

---

[15] Stoker se invloed aan die PU vir CHO is duidelik wanneer sy boek *Beginsels en Metodes in die Wetenskap* teen 1961 as verpligte werk voorgeskryf word vir alle studente wat eerste grade studeer. Sy lewens- en wêreldbeskouingsleer asook sy "inleiding tot die Wysbegeerte" is sedert 1955 vir alle voorgraadse- en diplomastudente voorgeskryf. Dit het uitdrukking gegee aan die geestesrigting en grondbeginsels aan die hand waarvan wetenskap aan die PU vir CHO beoefen is. In sy voorwoord sê Stoker dat dit geen indoktrinasie van studente is nie. So iets hoort nie tuis in die Christelike Calvinisme nie. "Ons geestesrigting sien egter die student as 'n persoon wat tot verantwoordelike wetenskaplike en gewetensvrye mondigheid gevorm sal word." So mag studente van dosente verskil en dit selfs in hulle eksamenantwoordstelle meedeel. Al wat van hulle verwag word is dat hulle vir hulle meningsverskille hulle gronde en redes gee (of probeer gee). Daarvoor kry hulle ten volle krediet. Dit geld vir studente wat ander geestesrigtings toegedaan is. (Stoker 1961: 7-9). Kenmerkend van Heyns as latere dosent, was dat hy sy studente op dieselfde wyse uitgenooi het om van hom te verskil en dit dan in 'n leersituasie omskep het, selfs tydens die aflê van 'n mondelingse eksamen deur sy studente (Van Niekerk 1997: [ ]).

liberalistiese primêre beginsel van waardigheid en soewereiniteit van gelyke en gelykwaardige individue (enkelinge). Saam met die bogenoemde sieninge is Stoker se opmerkings oor getalle van belang. Belangrik is, volgens hom, die mag van getalle of getalle-oorheersing. So verwys hy hoe dat dit blyk by die demokratiese verkiesing, maar ook die kwantitatief bepaalde geldmag, die ekonomiese mag, militêre mag, asook massaproduksie met sy konsekwensies (1961: 35,158).

Wat ons hier by Stoker aantref is in die lig van Van Wyk en Du Plessis se vraag hierbo naamlik, in watter mate Stoker se denke deur een of ander ideologie van sy tyd vasgevang was, vir ons studie oor Heyns van kardinale belang. Heyns se denke oor apartheid, soos in later hoofstukke aangetoon sal word, was in 'n groot mate deur Stoker se denke oor apartheid beïvloed is. Uit Stoker se bespreking van apartheid en integrasie hierbo is dit duidelik dat die verskynsel van verskeidenheid, soos hy dit in die werklikheid van die Suid-Afrikaanse samelewing aangetref het, hom daartoe bring om tussen primêre- en sekondêre beginsels te onderskei. Hiervolgens staan verskeidenheid as primêre beginsel in verband met groepe en volke teenoor soewereiniteit van ididvidue as primêre beginsel in die liberalistiese demokrasie. Waardigheid en gelykwaardigheid is, volgens Stoker, deel van beide primêre beginsels. Uit die verskeidenheid word apartheid as sekondêre beginsel afgelei en uit die gelykheid van individue word integrasie as sekondêre beginsel afgelei. Stoker kies vir apartheid as oplossing vir die bevolkingsvraagstuk van Suid-Afrika vanweë die ongelykheid wat in meer as een opsig in die samelewing aanwesig is. Eerstens ongelyktheid te opsigte van beskawingspeil en tweedens ongelykheid ten opsigte van getalle. Om integrasie as beginsel te aanvaar, is volgens Stoker op daardie stadium 'n onmoontlikheid as gevolg van die genoemde ongelykhede.

Die bogenoemde siening van Stoker word duidelik wanneer hy 'n artikel, *At the Crossroads: Apartheid and University Freedom in South Africa* in sy bundel *Oorsprong*

*en Rigting I* publiseer.[16] Stoker neem op 'n eerlike, hoewel idealistiese manier, die rassesituasie in Suid-Afrika in oënskou. Hy meld dat apartheid nie 'n omvattende lewensbeskouing soos byvoorbeeld liberalisme is nie, maar 'n beperkte beskouing, wat met die unieke rassesituasie ten opsigte van die verhouding tussen en die gelykheid van die verskillende rasse in Suid-Afrika te doen het. In sy verdediging van die goeie bedoelings van apartheid, noem hy heel idealisties dat dit poog om die swartes tot hul hoogste potensiaal van ontwikkeling te voer en terselfdertyd teen "Europeanisation" en "Westernisation" te beskerm waar hierdie invloede hulle, volgens hom, sal ontwortel en hulle rasse-integriteit sal vernietig. Stoker noem 'n aantal redes waarom die rassesituasie in Suid-Afrika 'n kritieke stadium bereik het, byvoorbeeld die ongelykheid in politieke- en beskawingspeil wat tussen die blanke meerdere groep en die swart mindere groep sedert hul ontmoeting aan die suidpunt van Afrika bestaan het. Hierdie, sowel as kulturele verskille het die noodwendige bevoorregting van die meerdere groep tot gevolg gehad. Aanpassings moes deur beide groepe gemaak word. Met die verstedelikingsproses van die swartes, het die rassevraagstuk 'n rassekrisis geword. Die kruispad waarby Suid-Afrika gekom het, was die keuse wat gemaak moes word tussen integrasie of differensiasie.[17] Die waarskynlikste alternatief, soos dit volgens die liberalisme in Suid-Afrika toegepas kon word sou, volgens die vrees van die meerderheid blankes, lei tot integrasie en assimilasie op ekonomiese, kulturele, politieke, sosiale en uiteindelik biologiese gebied. Gelykheid in terme van die individu sou vanweë die getalle-oorwig van die swartes, die blankes se bestaan bedreig deur hul lewensruimte te absorber, politieke mag te verkry en beheer oor die bepaling van hul toekomsbestemming te verkry. Met die keuse van apartheid wou die blankes sy eie bestaan beveilig en beheer ten opsigte van sy eie toekomsbepaling behou en het hulle gedink dat hulle sake vir vreedsame naasbestaan ten beste vir die ander rassegroepe in die land kon reël. Aan die hand van

---

[16] Weer eens is dit belangrik om op te merk dat Heyns instumenteel in die uitsoek van die artikels sowel as die uitgee van die bundel was. Die bundel het uit 'n aantal artikels, wat hoofsaaklik oor die Calvinisme handel, bestaan (1967a: 10)

[17] Vergelyk die titel van die publikasie van dr H F Verwoerd se toespraak in 1959 "*Die keuse: Rasvermengde Vaderland of Blanke Suid-Afrika?"*, soos in hoofstuk 2 bespreek. (Malan, M.P.A. 1959). Die keuse: Rasvermengde Vaderland of Blanke Suid-Afrika? Toespraak van sy Edele Dr. H.F. Verwoerd, die Eerste Minister van Suid-Afrika i.v.m. Wetsontwerp op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur- Die Volksraad, 20 Mei 1959. Bloemfontein: Merino Drukkers).

die volgende aanhaling is dit duidelik waarheen daar, volgens Stoker, met die beleid van apartheid gemik is:

> "It is clear that, on account of its cultural superiority for the forseeable future the Europeans will remain the leading group. But the ultimate ideal of apartheid – when the differences of cultural development between these groups has been appropriately diminished – is that both groups together (e.g. as self governing states) on a basis of equivalence (resp. equality) will have to control in some form of allied or federated co-operation the destiny of South Africa."[18] (1967c:212-216).

Daar is geen twyfel dat Stoker se siening van apartheid vanuit wysgerige hoek 'n eerlike en opregte soeke na 'n oplossing vir die land se bevolkingsvraagstuk was nie. Dit is ook duidelik dat sy wysgerige idees deel van die dampkring van die neo-Calvinistiese denke was en dat Heyns ook ten opsigte van sy standpunt oor apartheid, noue aansluiting daarby gevind het. Volgens Stoker se seun, Pieter, was die jare van die Tweede Wêreldoorlog (Heyns se grootwordjare), 'n tyd toe die aksent op volkereverskeidenheid gelê is. Kuyper se idee van soewereiniteit in eie kring het bygedra tot strakke lyne wat destydse tussen volke getrek was. Sy pa het tot aan die einde daarby gebly, maar Heyns het, volgens hom, later wegbeweeg van die strakke lyne (19 Augustus 1999: [ ]). Stoker se ander seun, Dawie, vertel dat die stigting van die Konserwatiewe Party (hierna genoem KP) in 1982 vir baie, onder andere sy pa, 'n uitkoms was. Hulle het die idee van die volkereverskeidenheid voortgesit en dat die Afrikaner homself moet kan regeer. Stoker vertel: "Dit was egter nie 'n statiese saak nie. Heyns het later sy standpunt ten opsigte van apartheid gewysig. My vader was egter te oud om dit te doen." (22 September 1999: [ ]).

[18] Stoker voeg betekenisvol by dat die oorgrote meerderheid Afrikaans- sowel as Engelssprekende Suid-Afrikaners ten gunste van apartheid is, dat die meerderheid verstedelikte swart leiers ten gunste van integrasie en assimilasie is en dat die swart stamhoofde in die tuislande toenemend aandui dat hulle ten gunste van die regering se beleid van apartheid is. (1967c: 216).

In 1949 skryf Heyns by die kweekskool aan die Universiteit van Pretoria vir sy predikantstudies in. Iets van Heyns se ambisie word opgemerk in die opmerking wat hy in sy persoonlike Bybel teenoor die datum 19 Maart 1949 maak:

> "God gee my krag en genade, spaar my dat ek groot mag wees in U diens, dat ek die waarheid mag dien!"

Vir die jong Heyns, wat daardie jaar mondig sou word, was die verandering van die gedagtewêreld op Potchefstroom, waar die klem op Christelike wetenskap geplaas is, na Pretoria waar ander invloede teenwoordig was, om die minste daarvan te sê, 'n skok en ontnugtering. Een persoon wat grootliks vir hierdie ontnugtering by Heyns verantwoordelike was, was prof A B du Preez, wat die manier gehad het om sy studente met kontroversiële standpunte tot heftige debate te lei. Heyns vertel self:

> "Toe ek begeesterd met die idee van die Christelike wetenskap in professor A.B. du Preez se klas beland en hom uitvra oor sy standpunt, moes ek hoor hoe die Pretoriase professor – op dié punt, sterk onder die invloed van Karl Barth sê: 'Meneer Heyns, ek sê nou vir jou: die Christelike wetenskap is uit die Bose!'"

Die jong Heyns was so geskok dat hy vas van plan was om sy studies aan die UP te staak. Mias de Klerk, 'n paar jaar sy senior, wat voorheen op Potchefstroom by Heyns-hulle geloseer het, het hom egter met die volgende woorde oortuig om te bly:

> "Moenie so gou moedeloos word nie. Bly hier. Kom ons kyk wat ons van binne af kan regmaak." (Meiring 1994:178)

Hierdie woorde van De Klerk was kenmerkend van die lewensbenadering van "kritiese solidariteit"[19] wat Heyns enduit in sy lewe nagevolg het. Dit was veral ten opsigte van verandering op kerklike en maatskaplike terrein, spesifiek wat sy rol in die Ned Geref Kerk, sowel as in die Afrikaner-volkslewe betref, dat dat Heyns krities met sy volk en

---

[19] Heyns se tweede oudste seun, Christof, professor in Regsfilosofie aan die Universiteit van Pretoria, omskryf in 'n persoonlike waardering van sy pa, die begrip "kritiese-solidariteit" soos Heyns dit, volgens hom, verstaan het. "'n Mens moet betrokke wees in die sin dat jy 'n sekere lojaliteit openbaar teenoor die tradisie waaruit jy kom en 'n bydrae maak teenoor jou onmiddelike omgewing en die mense rondom jou. Jy moet 'n vertrekpunt hê om iewers heen te kan gaan. 'n Mens moet deel van die geskiedenis wees om dit te kan verander. Johan Heyns is in die Afrikaner NG-tradisie gebore en sou 'n groot deel van sy lewe daaraan wy om dit – van binne af as deelnemer – uit te bou en te beskerm. Maar hierdie betrokkenheid moet tegelykertyd ook *krities* wees. Dit beteken dat 'n mens meer moet wees as bloot 'n produk van jou herkoms. Jy moet ook 'n visie hê van waar alles heen behoort te gaan – 'n telos of 'n doel. Ook die Afrikaner moes gesien word, nie bloot soos hy was nie, maar ook soos hy kon wees; as deel van die breër Suid-Afrikaanse nasie, van die mensdom as 'n geheel. Die uitdaging sou daarin lê om hierdie kloof te oorbrug." (4 Desember 1994: 23)

kerk geïdentifiseer het. Wanneer 'n mens lees wat Heyns van Stoker in die voorwoord van laasgenoemde se tweeledige bundel: *Oorsprong en Rigting* oor hom skrywe, is dit duidelik dat hy met hierdie lewensingesteldheid, direk by Stoker aangesluit het. 'n Mens sou net sowel dieselfde oor Heyns kon sê:

> "Van prof dr H G Stoker kan gesê word: hy is 'n geïntegreerde mens. En daarmee bedoel ek iets heel konkreets: sy akademiese arbeid, sy belewing van die godsdiens en sy meelewing met sy volk is nie drie lewenssektors wat los of vreemd van mekaar staan nie, maar dit vorm die wedersyds bevrugtende komponent van 'n onlosmaaklike eenheid in sy persoon. Hy is nie uit dié skool van geleerdes wie se gekonsentreerde intellektuele arbeid hulle losgemaak het van, of krities veroordelend laat staan het met betrekking tot die gebondenheid aan God en aan die eie volksgemeenskap nie. Hy leef én dink uit die diepte van sy gebondenheid aan sy Skepper *en* dié verbande waarin hy weet dat hy as mens geplaas is." (1967:7)

Heyns het dadelik begin om te kyk of hy sake van binne-uit kan verander. Prof E P Groendewald vertel dat Heyns, wat in Pretoria 'n student by hom was, hom genader het oor die moontlikheid van die stigting van 'n tak van die *Calvinistiese Studentevereniging* aan die UP. Hy het hom dit egter afgeraai en voorgestel hulle moet hulle kragte agter die teologiese studentevereniging, *Deo Gloria*, inwerp om dit op Calvinistiese spore te lei (1 Oktober 1997: [ ]). Met die begrip "kritiese-solidariteit" het Heyns later dikwels sy eie optrede in spesifieke situasies verduidelik en het hy hom daarmee van die optrede van ander persone onderskei en selfs gedistansieer. Hier word byvoorbeeld aan 'n vergelyking tussen Heyns se optrede en dié van dr Beyers Naudé gedink. In 'n later hoofstuk word daar hierop teruggekom.

Heyns het aanvanklik erg met prof Du Preez, wat hom aan die werk van die Switserse teoloog, Karl Barth bekendgestel het, gebots (1996a:351). Met verloopvan tyd het Heyns meer waardering vir Du Preez gekry. Laasgenoemde het sy studente geleer om Barth ernstig op te neem en om Barth self te gaan lees. Du Preez het net soos Barth, van 'n onderrigmetodiek gebruik gemaak deur die studente met kontroversiële standpunte en kritiese vrae uit te daag om selfstandig te begin dink (Meiring 1994:178). Heyns se

eggenote bevestig dat hy ook later by Barth self geleer het om lesings met sogenaamde "sweeping statements" te begin (Heyns 1998: [ ]).

Ander dosente het ook sekere indrukke by Heyns gelaat soos prof dr G M Pellisier wat 'n warmte en toegeneentheid jeens sy studente uitgestraal het. Hy het byvoorbeeld sy lesings met gedagtes van die Franse filosoof, teoloog en digter Pascal "soos korreltjies sout besprinkel". Op hierdie wyse het hy selfstandige denke aangemoedig en sy studente met groot denkers laat kennis maak. Daarmee saam het hulle in hom 'n voorbeeld van 'n persoon met 'n geweldige skerp analitiese vermoë gehad, wat materiaal tot die basiese essensie gereduseer het. Hy het gesê: "Menere, julle moet julle begrippe regkry, anders verkeerd julle 'generally in a fog'". Verder het hy gesê dat die tyd in Suid-Afrika ryp is om 'n eie teologie te ontwerp, dat daar minder apologeties gewerk moet word en dat die bedryf van teologie nie net die voorreg van professore is nie, maar dat dominees na hulle studeerkamers teruggebring moet word, dat daar iet van 'n gemeenskaplikheid tussen student en dosent bly bestaan (SAUK Radio-Argief 1979:T80/597).

Die klas waarvan Heyns deel was, wat in 1949 met hul teologiese studies begin het en in 1951 hul BD-graad voltooi het, was 'n besondere groep mense bymekaar.[20] Te oordeel aan die name van hierdie mense, is dit duidelik dat daar 'n besondere invloed van hulle op veral die kerklike terrein uitgegaan het. Dit is ook opmerklik hoe uiteenlopende hulle loopbane ontwikkel het en waar elkeen van hulle, wat teen hierdie tyd reeds afgetree het, en waarvan sommige al oorlede is, geëindig het. Uit die klas was daar twee persone wie se lewenspaaie op 'n besondere manier bestem was om vervleg te wees. Dit was Johan Heyns en Willie Jonker. Hierdie besondere vrienskapsverbintenis het in 1949 begin, toe Heyns in Pretoria aangekom het. Hulle was saam ingedeel om in die BD-jare die

[20] 'n Klasfoto van die klas van '51 het die volgende persone daarop: Hennie Theron, Frans van Staden, Christo Delport, Geo Wolhuter, Johan Heyns, Andrew Hofmeyr, Japie Scholtz, Murray Janson, Koos van Dyk, Karel Struwig, Willie Jonker, Deon de Villiers, Carl Boshoff, Nico Smith, Jan van Rooyen ( Landman 1996b: [ ]). Mev Renée Heyns, eggenote van Heyns, het aan Willa de Vos vertel dat hulle deur die jare met van hierdie klasmaats van Heyns, kontak behou het. Mense soos Murray Janson, Willie Jonker, Carel Boshoff en Nico Smith. Sy vertel: "Johan en hulle het soms met mekaar saamgestem en soms geweldig verskil, maar ten diepste het ons vriende gebly; ten spyte van groot verskille was die ondertoon van vriendskap altyd daar." (De Vos November 1995: 12). Smith het Heyns byvoorbeeld op 4 November 1994, 'n dag voor sy dood, oor 'n eiendomstransaksie besoek (3 Julie 1997: [ ]).

mondelingse eksamens af te lê. Daarna het albei onder prof G C Berkouwer in Nederland gaan studeer waar Jonker, Heyns se proefskrif vriendskaplik geopponeer het en hy ook teenwoordig was waar Heyns sy eerste doktorsgraad cum laude ontvang het. Terug in Suid-Afrika sou albei 'n besondere rol in die Ned Geref Kerk speel, veral ook vanweë hulle afsonderlike verbondenheid aan twee van die kerk se kweekskole, naamlik Pretoria en Stellenbosch (Jonker 1994: 23-24).

Gelyktydig met sy BD-graad, behaal Heyns in April 1952 sy meestersgraad in die Wysbegeerte aan die UP onder prof C K Oberholzer.[21] Sy verhandeling het oor die onderwerp: *Die kennisteoretiese grondbegrippe in die eksistensiële denke by A E Loen* gehandel. Uit Heyns se aanpak van die studie, word dit duidelik dat hy 'n voorliefde ontwikkel het om op 'n apologetiese manier met 'n bepaalde denker in gesprekte tree en daardeur met so 'n persoon se gedagtes en standpunte 'n argument te voer. Dit het hy dan gewoonlik in die vorm van 'n boek, of deel van 'n boek gepubliseer. In die geval van sy meestersgraadverhandeling, is dit duidelik dat die verskil in denkraamwerk wat Heyns by Potchefstroom ten opsigte van die klem op die Christelike wetenskap en by Pretoria ten opsigte van die klem op die Goddelike openbaring as kennisbron van die mens, hom genoop het om op hierdie vroeë stadium reeds die basiese onderskeidinge in hierdie verband vir homself duidelik te maak. Wat hieronder bespreek word, hou nie direkte verband met die onderwerp van hierdie studie nie en dien hoogstens die doel om die ontwikkeling van Heyns in terme van sy styl van wetenskapsbeoefening en denke weer te

---

[21] In 'n mededeling meld mev Renée Heyns dat hy die M-graad in die Wysbegeerte onder prof Oberholzer gelyktydig met sy BD-graad aan die kweekskool van die UP voltooi het. In April 1952 het hy albei die grade "in absentia" ontvang aangesien hy teen daardie tyd reeds na Nederland vertrek het om sy doktorale studies aan te pak. Sy was egter by daardie geleentheid teenwoordig, aangesien sy self 'n graad in Maatskaplike Werk ontvang het (Heyns 2001). Sy het Johan Heyns by die Pretoria-Oosgemeente ontmoet waar hulle albei Sondagskool gehou het, terwyl hulle aan die Universiteit Pretoria gestudeer het. "Sy erns en bestendigheid het my aangetrek, maar hy kon ook dinge met oorgawe geniet." Nadat sy 'n jaar by die Christelike Maatskaplike Raad gewerk het is sy in 1953 Europa toe en het by Nestlé se hoofkantoor in Vevey, Switserland gaan werk. Hulle het mekaar af en toe gesien en by geleentheid saam met vriende deur Europa getoer. Na 'n verlowing van drie jaar, en terug in Suid-Afrika, is hulle getroud. In haar eie woorde beskrywe sy haar rol ten opsigte van sy lewe en werk: "Ek het my rol altyd gesien as 'n instaatstellende funksie – dit het my wonderlike bevrediging gegee dat ek Johan instaat kon stel om te doen wat hy kon en wat hy moes doen. Ons het 'n vol, interessante lewe saam gehad, ons het soveel vreugde gevind in ons drie seuns en later ons skoondogters en die kleinkinders. Johan was by uitstek 'n kommunikeerder en ons het interessante en stimulerende mense in baie lande leer ken. Ek is dankbaar teenoor die Here vir baie dinge." (De Vos 1995: 11.12.20).

gee. Gevolglik word dit ten opsigte van Heyns oor Loen redelik kort en oorsigtelik aangepak.

In die bespreking van Loen, as Christelike wysgeer wat in die eksistensiële denkwyse opereer, lewer Heyns veral kritiek op Loen se onvermoë om duidelik tussen filosofie en teologie te onderskei. Heyns beoordeel dit vanuit die denkraamwerk van die Christelike wetenskap, wat hy duidelik sy eie gemaak het en van waaruit hy sy standpunte formuleer. Hy het waardering vir Loen se standpunt, uitgaande van die eksistensiefilosofie, dat die menslike bestaan en alle probleme wat daarmee saam gegee is, onoplosbaar is, tensy die oorsprong in-, en die sprong na die Transendente gesien en gemaak word. Hy wil dus aantoon dat die filosofie nie sonder die teologie beoefen kan en mag word nie. Volgens Loen geld dit egter nie ten opsigte van die antropologiese probleem nie, maar moet konsekwent deurgevoer word, ook in die kennisteoretiese. Dus 'n kennisleer is nie moontlik as dit nie voorafgegaan word deur 'n leer oor God nie. Heyns sê: "'n Mens moet die feit waardeer dat Loen die outonomie van die menslike rede as uitgangspunt van die wysbegeerte verwerp en baie duidelik beweer dat die openbaring as kengrond van alle kennis aanvaar moet word." Wanneer Loen egter beweer dat die grond en objek van die teologie en die filosofie dieselfde is, naamlik die openbaring van God, dan vervaag die onderskeid wat hy tussen die teologie en die filosofie probeer maak. Heyns antwoord op die volgende wyse om die verskil tussen die teologie en die filosofie aan te toon: <u>Eerstens</u> as dit oor die "Weltstellung" van elkeen van die twee wetenskappe gaan, is die teologie die "regina scientiarum" en die plek van die filosofie bly in die voorhof. <u>Tweedens</u> gaan dit oor die objek van die studie. Ingeval van die filosofie stel die ondersoeker hom in 'n sekere sin bo die veld van sy studie, maar by die teologie is dit anders, - as God Hom nie openbaar nie, kan daar nie teologie wees nie (Heyns 1952:78-80). Ten opsigte van die onderskeiding tussen teologie en filosofie verwys Heyns na Stoker wat in sy "Wysbegeerte van die Skeppingsidee" van twee *principia divisionis* gebruik gemaak het, naamlik die hoofonderskeiding van die terreine, wat die wetenskappe van mekaar isoleer en dié van die blikrigtinge, wat verbande tussen die wetenskappe lê. Op hierdie punt lewer Heyns kritiek op Loen wat hierdie onderskeidinge aanvoel, maar nie duidelik maak nie en daarom meen hy dat Loen 'n verteologiseerde filosofie aanbied waarin die funksie

van die teologie nie meer fundamenteel is nie. Ook sê hy dat Loen terselfdertyd 'n verfilosofeerde teologie aanbied waar die funksie van die filosofie nie meer fundamenteel is nie. Nadat Heyns vervolgens Kuyper, Bavinck en Dooyeweerd se standpunte oor Christelike wysbegeerte bespreek, gaan hy volledig op Stoker se uiteensetting in, naamlik dat die wysbegeerte aan die een kant naas en teenoor die besondere vakwetenskappe staan en aan die ander kant naas en teenoor die teologie. Dit is egter van beide onderskei deur sy objek van ondersoek en sy taak, maar word deur beide bevrug en bevrug ook beide. Die besondere kosmiese verskynsels byvoorbeeld plant, dier, mens, lig, ensovoorts, word in hulle besonderheid deur die verskillende vakwetenskappe bestudeer. Die teologie is die wetenskap aangaande God en sy besondere openbaring en die wysbegeerte bestudeer die kosmos in sy eenheid en samehang in omvattende sin en werking. Heyns beskrywe hierdie onderskeid as 'n skerpe en vrugbare een, wat Loen nie maak nie en juis daarom is hy volgens Heyns nie instaat om suiwer filosofie of teologie aan te bied nie (1952:82).

Heyns tref 'n belangrike onderskeid wat later in sy denke weer na vore kom en dit is dat die mens antwoorder op God se woord is. Dit is volgens hom suiwer teologie en in dié opsig lewer hy kritiek op Loen wat dit met filosofie verwar wanneer hy oor die Woord van God praat. Loen gee die Woord van God aan as openbaring, as Jesus Christus, as die skeppende aktiwiteit van God en as grond van die bestaan. Die bogenoemde twee nuanses, wat nie van mekaar losgmaak kan word nie, sien Heyns as 'n oproep tot herskepping in die sin van *metanoya* (bekering) en het as sodanig niks met filosofie te doen nie. Die gevolgtrekking is dat Loen weereens nie onderskei tussen teologie en filosofie nie en dat teologiese probleme vir hom ewe seer filosofiese probleme is (1952:111). Alhoewel Heyns op hierdie stadium vanweë die feit dat dit buite die bestek van sy studie val, nie verder daarop ingaan nie, merk hy op dat daar by Loen 'n sterk oriëntasie aan die gedagtewêreld van Barth is, aangesien hy Jesus Christus as die enigste openbaring van God sien (1952:23). So kry 'n mens die indruk dat Heyns reeds op hierdie stadium in Barth geïnteresseerd geraak het en weldra met sy denke in diskussie sou tree.

Wat die vrae, onder andere van Jonker, oor die wysgerige inslag by die teologie van Heyns aanbetref, is dit vroeg reeds duidelik dat Heyns, soos hierbo aangetoon, hom in sy kritiek op Loen genoegsaam van die onderskeid tussen teologie en filosofie vergewis het. Daarmee saam het hy getoon dat hy die wysgerige gereedskap gekry en bemeester het om dit vir die beoefening van die teologie diensbaar te maak. Heyns se eie verweer in hierdie verband was dat indien teen die einde van sy loopbaan sy teologie nie voldoende eietyds sou wees nie, die kritiese snykant nie skerp genoeg was, hy die volksteologie nie van die begin af duideliker aangespreek het en daar nog ander onvermelde tekortkominge was, dit volgens hom nie die skuld van die stof was nie, maar van die hanteerder van die stof. Ten opsigte van die vraag of Heyns krities genoeg teenoor die volksteologie gestaan het, antwoord hy dat daar nie 'n verandering in die substansie van sy teologie gekom het nie, maar later 'n beter hantering daarvan (1994b: 165,166). Spesifiek ten opsigte van apartheid is dit duidelik dat 'n ingewikkelde sameloop van verskillende faktore op Heyns ingewerk het wat sy standpunt hieroor deur die loop van jare beïnvloed het. Die Neo-Calvinistiese denktradisie wat in die kategorie van die filosofie val, was sekerlik deel van hierdie invloed. Dit het waarskynlik meer ten opsigte van Heyns se siening van die praktyk van die Suid-Afrikaanse samelewing 'n invloed gehad, as wat die bepalend vir sy teologiese uitgangspunte was.

Dogmatiek was vroeg reeds in Heyns se bloed. Toe die Nederlandse dogmatikus, G C Berkouwer Pretorie in 1950 besoek het, het Heyns aan sy lippe gehang. Na 'n lesing van die jaarlikse opening van die Fakulteit Teologie, het Heyns hom gevra of hy hom as student aan die *Vrije Universiteit van Amsterdam* (hierna genoem VU) sal aanvaar. So vertrek hy op 27 Desember 1951 na Nederland vir dié studie. In Heyns se eie woorde merk hy die volgende op: "My studie onder Berkouwer se leiding, ook my promosie het vir my enorm baie beteken. Ek het in Amsterdam ook die klasse van Van Niftrik aan die *Gemeentelijke Universiteit* bygewoon, later ook dié van Barth in Basil en van Brunner in Zürich." (Meiring 1994: 178). Heyns het ook klasse van die groot filosoof, Jaspers, bygewoon. Van Berkouwer het Heyns geleer dat 'n mens altyd ruimte vir iemand anders se standpunt moet hê. Hy sê: "Ek het by hom geleer dat die grense van die waarheid nie

gelyk is aan die grense van my eie insig nie."[22] Op sy beurt het Heyns Barth beskryf as "die grootste teoloog van hierdie eeu." Hy vertel dat elke lesing van Barth vir hom soos 'n preek was (Cronjé 1980: 20).

Heyns se persoonlike geloofslewe en die afhanklikheid waarmee hy sy studies aangepak het, blyk uit 'n inskrywing wat hy teenoor die teksvers Filippense 4:5,6 (in rooi onderstreep), in die kantlyn van sy persoonlike Bybel skryf: "Dokt Eksamen 26 Sept. 1952." (Bosman 1998b: 221).

Met betrekking tot 'n keuse van 'n onderwerp vir sy doktorale proefskrif, hou Heyns hom met die waarheidsvraag besig en kies hy 'n onderwerp wat in die sentrum van die Christelike godsdiens staan, naamlik die triniteitsleer van die Christelike kerk. Saam hiermee het hy die saak van die openbaring en dié van die Godsbegrip aan die orde gestel. Hy merk op dat die kerk van God elke dag opnuut opgeroep word tot die stryd om die waarheid van Gods Woord te verkondig. Die titel van sy proefskrif, wat hy aan sy ouers opdra, is: "Die grondstruktuur van die Modalistiese Triniteitsbeskouing", waarin hy op 10 Desember 1953, promoveer (Meiring 1994: 178). In die volgende paragrawe volg 'n kernagtige bespreking van die proefskrif.

Die modalisme is as leerstuk een van twee tipes monargianismes, waar God as 'n enkelpersoon beskrywe word, maar homself suksessiewelik in die geskiedenis as verskillende modusse openbaar. So is Christus en die Heilige Gees albei gesien as modusse van God, in die openbaring van die Vader, Seun en Heilige Gees. Vroeë voorstanders van hierdie rigting was veral Praxeas, Noëtus en Sabellius.[23] Heyns formuleer die problematiek van die modalisme met die volgende vraag: "Mag vanuit die openbaringsdrieheid gekonkludeer word, tot 'n ooreenstemmende ontologiese drieheid?"

---

[22] Heyns se openheid te opsigte van ander se standpunte het tot gevolg gehad dat Dr Louw Alberts hom as 'n "geëmansipeerde Calvinis" beskryf het – iemand wat ruimte het vir ander teologiese standpunte. Hy is van mening dat Berkouwer, Heyns beïnvloed het om meer simpatiek na Barth te kyk (1 Julie 1997: [ ]).

[23] Heyns belig enkele denkstrukture van die modalisme van naderby vanuit 'n dogmatiese hoek. Diegene wat uitgaande van die modalistiese grond-principia belangrike en karakteristieke aspekte ontwikkel het, word deur Heyns aan die orde gestel. Hulle is as eksponente van a) die patripassianisme (identiteit van Vader en Seun) – Noëtus en Praxeas; b) trinitariese ontplooiing van die enkelvoudige Godheid – Sabellius, Marcellus van Ancyra, Joachim van Fiore, Servet, Schleiermacher en Seeberg (1953: 10-11).

met ander woorde, is dit 'n ontiese triniteit in plaas van 'n openbaringstriniteit? Dui die openbaringstrias die ewige synswyse van die enkelvoudige God aan of nie? Hiervolgens is God in Homself die enkele ongedeelde Godheid en ontplooi hy dan tot 'n drievoudige Godheid. Uitgaande van 'n streng monoteïsme, moes hiermee die drieheid van – en in die openbaring verenig word. Heyns dui in sy slotparagrawe aan dat die modalistiese triniteitsleer die kerk in die eerste paar eeue van sy geskiedenis gedwing het om standpunt daaroor in te neem en om self rekenskap van die triniteitsleer te gee. Hy sê: "Dit het die Kerk ten minste die waarheid geleer dat die triniteit nie sy grond het in die openbaring nie, maar wel in die ewige wese van God self." Hy toon aan dat die vroeë kerk afwysend teenoor die modaliste gestaan het en hoedat Sabellius byvoorbeeld deur Kallistus in 218 nC geëkskommunikeer is, dogmatiese verset vanuit die skole van Origenes en Deonysius van Alexandrië ontstaan het, Sabellius as ketter verklaar is en dit deur die Sinode van Konstantinopel in 328 nC bekragtig is. Ook het die vroeë kerk Marcellus se leerstellinge afgewys en die anatema (banvloek) verskeie kere oor hom uitgespreek. Hy merk op dat die kerk deur die uitspreek van anatemas, posisie ingeneem het, nie alleen teen die modalisme in die Christelike dogmawording van die eerste eeu nie, maar in prinsipe teen alle ander modalistiese konstruksies wat in later eeue sou volg. Saam met die afwykende triniteitsbeskouing het die kerk ook afwykende openbarings- en Godsbegrippe veroordeel. 'n Gevolgtrekking wat Heyns maak is die volgende:

> "Die stryd teen die modalistiese triniteitskonsep was dus 'n stryd om die ganse waarheid van Gods Woord – 'n stryd waartoe die kerk elke dag opnuut opgeroep word omdat dit daarin gaan om die ewige drieënige God, Vader, Seun en Heilige Gees." (1953: 9,195-197).

Dit was egter nie in die eerste paar eeue dat die modalisme ten einde geloop het nie. Ook in die vroeg- hoog- en laagskolastiek, word die eksponente van hierdie, volgens Heyns, "spekulatiewe voorstelle" aangetref - ook in die eeu direk voor- en na die reformasie. Heyns druk dit soos volg uit:

> "Omdat die idee van die Goddelike eenheid vir die spekultief ingestelde gees in die modalistiese voorstellingswyse die beste tot uitdrukking kom, is dit te verstane dat dit hoofsaaklik as gevolg van die invloed van Kant, Fichte, Schelling en Hegel was, dat die dogmaties-filosofiese refleksie, oor die triniteit in die teologie van die

> laaste paar eeue ook in hierdie rigting opgegaan het." ….."Van hieruit moet die feit dan verklaar word dat saam met Welch beweer moet word, dat die modalistiese visie die mees populêre triniteitsvoorstelling, ook onder die huidige min-of-meer liberale teoloë kry." (1953: 9-10).

Uit die bogenoemde opmerkings van Heyns, is dit duidelik dat hy 'n afwysende posisie teenoor liberale teoloë inneem, waarvan, bo-en-behalwe sekere teologiese invloede wat reeds deur die vroeë kerk verwerp is, ook bepaalde filosofiese invloede op hulle ingewerk het. Dit is belanglik om Heyns se eie verstaan van wat liberaal in teologiese sin beteken, te begryp, omdat hy later self deur baie mense in term van sy werk en optrede as "liberaal" bestempel is. Later kom ons hierop terug.

Wanneer Heyns die denkstrukture van die eksponente van die modalisme bespreek, voeg hy 'n bylae in onder die opskrif: "Die probleem by Barth en Brunner." Beide die persone is van modalisme beskuldig en Heyns ondersoek die substansie van die beweringe. Vir die doel van hierdie bespreking, konsentreer ons op Heyns se standpunt oor Barth. Hy is van mening dat die skynbare ooreenkoms tussen die voorstelling van Barth en die modaliste slegs 'n terminologiese een is, terwyl dit twee onverenigbare voorstellinge is wat die wese van die saak betref (1953: 155). Volgens Heyns het Barth met sy openbaringsbegrip met 'n teosentriese instelling (soos Berkouwer dit noem), die kontinuïteitsgedagte van die modaliste by die wortel afgesny. Die kreatuurlike kloof tussen God en mens word deur die openbaring van God aan die mens nie opgehef nie, maar juis gehandhaaf. God bly God, die "Gans Andere" ook ten spyte van sy openbaring. Met Barth se beklemtoning van hierdie stelling (wat waarskynlik sy bekendste stelling geword het) meen Heyns, dat Barth nie van suksessiewelike modalisme beskuldig kan word nie (1953: 152). Volgens Heyns sê Barth dat vir die konstruksie van 'n triniteitsleer, soos tewens vir alle ander dogmata, primêr van die openbaring uitgegaan moet word. Die openbaring is nie die grond vir die triniteit nie (God is nie slegs die Drieënige ter wille van die openbaring nie), maar wel die grond vir die triniteitsleer. Die triniteitsleer is die reflekterende werk van die kerk, maar die wortel van die triniteit is in die Skrif te vind (1953: 143). Ten opsigte van die Drie-eenheid gebruik Barth die begrip "synswyse" teenoor die begrip "persoon". Heyns meen dat Barth hierdeur teenoor die modaliste wil

aantoon dat God nie as vierde verskyningsvorm agter die eerste drie verberg is nie, maar dit beteken ook nie vir Barth dat daar drie subjekte bestaan nie. Hy ontken in die openbaring die drie-heid van die" Offenbarer, Offenbarung, Offenbartes", dit is subjek, predikaat en objek naamlik skepping, openbaring en verlossing. Agter die drieheid van die openbaringsdaad is die ewig en onveranderlike drieheid van die Goddelike synswyses. Juis dit is die behoud van Gods soewereiniteit, die waarborg van sy blywende geheim, want so bly God Heer en Meester oor die daad van sy openbaring, (1953: 143,146).

Sonder om verder in besonderhede op Heyns se bespreking van Barth se uiteensettinge in te gaan, word dit duidelik dat hy in sy poging om Barth van die modaliste te onderskei, ook krities maar billik teenoor Barth wil wees. Hy wys byvoorbeeld Barth se stelling, "Gerade der Deus relatives ist der Deus absconditus" af en meld dat volgens Calvyn die openbaring en die verborgenheid twee synswyses van God is, wat in geen enkele opsig 'n teenstelling met mekaar vorm nie. Die God van die openbaring is inderdaad die geopenbaarde God, hoewel hy daardeur in sy goddelikheid nie ontledig word nie (1953: 174)

In Heyns se eie uiteensetting stel hy 'n duidelike standpunt wat daarop dui dat hy self ook in wese van die modalistiese triniteitsbeskouing verskil, maar byvoorbeeld op verskeie punte ook standpunte van Barth en andere krities afwys. Volgens Heyns is God nie die transendente toeskouer van die historiese ontwikkelde wêreldproses nie en ewemin die kosmies-immanente synsprinsipe. Hy is die transendente Skepper en Onderhouer in Jesus Christus as Verlosser en die Heilige Gees as Heiligmaker, immanent in die kosmos en tog wesensverskillend van die skeping. In die leer oor die triniteit klop ook die hart van die Christelike religie want deur die liefde van die Vader, die genade van die Seun en die gemeenskap van die Heilige Gees word die openbaring van God tot verlossing van die mensheid moontlik gemaak. In Christus word God self mens en deel Hy Homself mee in die Heilige Gees tot ewige redding van die mens. So is nie alleen die werk van die skepping trinitaries bepaal nie, maar ook die werk van die herskepping (1953: 7). Ten opsigte van die openbaring sê Heyns dat met nadruk teenoor die

modaliste beweer kan word dat God Hom kan openbaar en dat God Hom wel openbaar juis omdat dit God is wat openbaar. In sy openbaring is Hy geensins anders as die geheimenisvolle God van die ewigheid nie. In hierdie opsig haal Heyns vir Brunner aan: "Gott wie er für uns ist, ist kein anderer als Gott, wie er an sich ist." God openbaar Hom nie in kwantitatiewe sin net gedeeltelik nie, maar wel ten volle, maar sonder om in sy openbaring op te gaan. Die wese van God is nie 'n verborge vierde entiteit agter die drieheid van die Persone nie en laasgenoemde is geen konstituerende dele van hierdie wese nie, maar in elke Persoon is die ganse Wese geheel aanwesig (1953:173-174). Dit is duidelik dat Heyns hierdie laaste gedagte, soos vroeër aangetoon, by Barth kry. Nog 'n gedagte wat hy aan Barth ontleen handel oor die skepping, naamlik "Die skepping van die wêreld is geen poging van God tot komplementering of voltooiing van sy eie bestaan nie, maar 'n daad van Gods vrye soewereine wil." Daarom sê Heyns is aan die skepping dus nie te dink as 'n objek wat dualisties buite en teenoor God staan nie, want "Gott ist mir der Welt zusammen als deren freier Schöpfer; die Welt ist mit Gott zusammen als die in seiner Freiheit gegründete Schöpfung." Daarom is die wêreld nie skeppend soos God skeppende is nie en nie vry soos God vry is nie. God is in sy bestaanswyse buite die relasie tot die skepping, onvoorwaardelik, selfgenoegsaam, terwyl die wêreld sy bestaansgrond vind alleen in sy kreatuurlike afhanklikheid van God (1953:186-187).

In een van sy laaste gevolgtrekkings sê Heyns hoewel die skepping, verlossing en heiligmaking in 'n besondere sin aan die Vader, Seun en Heilige Gees respektiewelik opgedra word, is dit tog altyd die één en dieselfde God wat in die skepping en herskepping as Subjek optree. Juis deur die onderskeid van die werke kom die drievoudige bestaanswyse van God helderder tot uitdrukking. Daardeur word die eenheid egter nie bedreig nie en gaan dit ewe min verlore (1953:193-194).

Ook vir die kerklike dogma vorm die triniteitsleer die sluitsteen. Nie alleen die Christologie, wat gesien vanuit die stryd rondom die erkenning van die Godheid van Christus as die begin van die dogmatiese refleksie oor die triniteit nie, maar ook in die pneumatologie, antropologie, ekklesiologie, soteriologie en eskatologie vind in die triniteit hul grond en afsluiting. Dit is egter die Drie-enige God self, en nie die leer oor

die triniteit nie, wat in die sentrum staan. Die taak van voortdurende besinning oor die triniteit is eksplisiet aan die kerk opgedra. Op hierdie punt pleit Heyns dat die resultaat van eeuelange denkontwikkeling enersyds nie op biblisistiese wyse geïgnoreer of verwaarloos word nie, maar andersyds moet die aandag ook nie uitsluitlik aan die sogenaamde Skrifgetroue denkstrukture gewy word nie. Ook die ander strominge wat in teenstelling is, moet ondersoek word. Heyns meen dat derglike afwykende opvattinge die kerk nie alleenlik noodsaak tot vrugbare selfrekenskap nie, maar dit bied ook begrippemateriaal wat nuttig gebruik kan word in die opbou van 'n positiewe Christelike standpunt (1953:8).

Aangesien hierdie studie nie bedoel om uitsluitlik op dogmatiese kwessies in te gaan nie, word met die bognoemde bespreking van Heyns se proefskrif volstaan. Enkele opmerkings is egter van belang. Soos talle ander predikante en teoloë het Heyns die voorreg gehad om in Europa en by name Nederland en Switserland te gaan studeer. Dit het hom die geleentheid gebied om in die Europese teologiese dampkring te kom waar die wortels van die gereformeerde teologie lê. In 'n land soos Suid-Afrika was die eie teologiese bronne op daardie tydstip nog skaars en was studie oorsee byna 'n voorvereiste indien 'n predikant 'n akademiese loopbaan of selfs 'n leiersrol in die kerk wou volg. In hierdie opsig moet die invloed wat Berkouwer op Heyns gehad het vermeld word. Jonker meen dat Heyns se groot bydrae tot die Afrikaanse teologie daarin gelê het dat hy 'n eie teologiese denksisteem ontwikkel het. Hy het betreklik vroeg in sy loopbaan 'n teologiese paradigma ontwikkel waaraan hy deurgaans verder getrou gebly het. Hierop word daar later in meer besonderhede ingegaan. Hier is egter van belang dat Jonker sterk invloede, wat op Heyns se akademiese vorming 'n groot invloed uitgeoefen het, waargeneem. Naas die wysbegeerte van Stoker (wat reeds bespreek is) sê hy, was dit die dogmatiese metode van Berkouwer. Hy was nie verniet student van Berkouwer nie. As dit oor Heyns se later bekende begrip van die *koninkryk van God* handel, was die wyse waarop Heyns die koninkryk verstaan, moontlik van Stoker afkomstig, maar die manier hoe hy dit uitwerk, kom volgens Jonker as gevolg van Berkouwer se invloed. Berkouwer het in sy teologie homself afgegrens van die idee van 'n polêre verhouding tussen God en mens. Hy kies vir 'n korrelasie tussen geloof en openbaring of geloof en genade. Dit

beteken die mens is altyd in geloof en gehoorsaamheid korrelatief betrokke op die genade-inisiatief van God wat in 'n persoonlike verhouding tot God tot sy reg kom. Dit geskied op so 'n wyse dat alle menslike verantwoordlikheid uitgesluit is terwyl die menslike antwoord op God se belofte en daad tog deurgaans as noodsaaklik en van beslissende betekenis verstaan kan word. God skakel die mens by sy handeling in deurdat hy die mens vrymaak en instaat stel om in die geloof te ontvang wat God gee en te doen wat God vra. Volgens Jonker sluit Heyns hierby aan deur die konsepte van die koninkryk van God en die menslike gehoorsaamheid korrelatief op mekaar te betrek. So hou hy aan God se inisiatief en die verwerkliking van sy raadsplan vas, maar betrek die mens aan die ander kant ten volle daarby. So sien hy die mens as medewerker van God in die koms van die koninkryk, sonder dat die mens op enige wyse selfstandig en as't ware teenoor God kom staan (1994:14,15). Met hierdie voorbeeld waarna Jonker verwys, word vir eers volstaan.

In die bogenoemde verband reageer Heyns in 'n weerwoord aan die einde van sy loopbaan na aanleiding van 'n symposium wat op 28 Oktober 1993 met sy aftrede aan die Universiteit Pretoria gehou is: "Ek wou bewustelik in die gereformeerde teologiese tradisies werk, omdat ek glo dat die Bybelse boodskap oor die koninkryk daar tot die duidelikste uitdrukking kom. Hierin is ek fundamenteel gestimuleer deur die teologie van Berkouwer en uiteraard ook die denke van ander teoloë soos onder andere Snyman (Potchefstroom), Van Ruler, John Bright, H N Ridderbos, Bavinck, Augustinus en die Wysbegeerte van die Wetsidee en met name ook die Wysbegeerte van die Skeppingsidee van Stoker." (1994:163).

Benewens sy ontwikkeling in teologiese denke, wat Heyns in Europa ondergaan het, het daar 'n ander baie belangrike aspek van sy vorming plaasgevind. Een of ander vorm van apartheid het reeds vir ten minste twee eeue gedurende die koloniale era in Suid-Afrika bestaan en is sedert 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom het, as wetlike politieke stelsel afgedwing. Heyns, wat in 1948 twintig jaar oud was, het toe reeds nie so iets geken om met swartmense saam kerk toe te gaan nie. Ook het hy al die teologie en filosofie, wat hy tot op daardie stadium geleer het, by blanke dosente geleer. Een dag in

Amsterdam het hy langs 'n swart teologiese student in 'n nagmaalsdiens beland en uit dié situasie geleer dat nagmaal ook saam met swartmense gebruik kan word. Dit sou hom in sy eie land kwesbaar maak waar ervaringe soos hierdie van hom en andere weerhou was (Landman 1996a:352).[24] Persone in Suid-Afrika sowel as in die buiteland sou veral later graag wou sien dat Heyns op 'n baie vroeër stadium 'n duideliker standpunt oor byvoorbeeld die rassebeleid van die Ned Geref Kerk in hierdie jare moes inneem. Hierop het Heyns gereageer deur te vertel dat hy reeds as student in Amsterdam gedwing was om met nuwe oë na swart-wit verhoudinge te kyk. Vir die eerste keer in sy lewe het hy saam met swart medestudente klas geloop en soos reeds genoem, kerk toe gegaan. Hy moes ook ervaar hoe swart studente hulle blanke medestudente soms die loef afsteek. Dit het hom laat besef dat daar nie so iets soos meerder- en minderwaardigheid behoort te wees nie. Alhoewel Heyns vir meer as twee dekades hierna, in werklikheid geen standpunt ingeneem het wat ernstig met die kerk se amptelike standpunte sou verskil nie, het dit in die tweede helfte van die sewentigerjare by hom begin verander. Self reageer hy oor die kwessie van die betrokke soort standpuntinname soos volg: "Ek kon nie ….. daarvoor was ek in 1953 en 1954 nog veels te veel van 'n junior in die kerk. Maar daar het 'n rypingsproses in Nederland begin wat my lewe sou verander." (Meiring 1994:181).

Heyns was 'n Afrikanerseun wat van begin tot einde van sy lewe 'n nasionalistiese inslag gehad het. Waar hy as kind op die plaas saam met swart kinders gespeel het, het apartheid daarvoor gesorg dat kontak met ander rassegroepe tot 'n minimum beperk is. Daarom was die blootstelling wat hy ten opsigte van ander rassegroepe in Nederland gekry het dus van groot betekenis in die ontwikkeling van veral sy latere standpunte oor rasseaangeleenthede.

Reeds vroeg was dit duidelik dat Heyns besig was om in 'n selfstandige denker te ontwikkel. Hy het 'n styl ontwikkel waarin hy met ander groot denkers in gesprek getree en krities beoordeel het. Hy maak nie 'n geheim daarvan dat hy vanuit 'n Calvinistiese

[24] Prof Christof Heyns vertel dat hy en sy pa baie oor die filosofie geredeneer het. Heyns was as kind op die plaas met sy swart maats soos onder andere ene Windvoël gespeel het, het later op voetspoor van Saart besef dat mens nie 'n etiket aan iemand kan vasknoop in die sin van 'n stereotipering nie. 'n Mens is méér as die etiket wat om jou nek gehang word (14 Augustus 1997: [ ]).

oriëntering die Christelike wetenskapsbeoefening as wysgerige denkraamwerk aanvaar het nie. Dit gebruik hy onder andere as basis vir die uitwerk van sy eie standpunte en vir die beoordeling van ander filosowe en teoloë se werk. Oortuig van die Skriftuurlike uitgangspunte van hierdie bepaalde wysgerige denkraamwerk, lewer hy kritiek teenoor - wat hy dikwels noem, "Skrifverwerpende ideologieë" (Heyns 1961:1).

Tog bly die vraag of die bepaalde wysgerige invloed op Heyns se teologie goed of sleg was. Jonker het erken dat geen teoloog ooit heeltemal aan die invlkoed van die wysbegeerte kan ontkom nie. Die groot vraag is egter watter invloed daardie wysbegeerte op die teologie verkry. Tog sê Jonker dat die gebruikmaking van wysgerige konsepte as sodanig nie sonder meer negatief beoordeel hoef te word nie. As dit egter ongemerk die eksegetiese grond van die dogmatiek inneem, of meebring dat die teologie self ingebed word in die filosofiese sisteem, kan dit daartoe lei dat die teologie nie meer, soos Berkouwer gesê het, binne die grense van die Skrif bly nie, maar 'n kader word wat op die Skrif gelê word. Dit kan lei tot 'n bepaalde seleksie van Skrifgegewens wat in die teologie hanteer word, wat die eksegetiese basis van die telogie versmal en dit kan ook die bewegingsvryheid van die teologie aan bande lê (1994:17-18). Hopelik sal gevolgtrekkings hieroor aan die einde van die proefskrif gemaak kan word. Voorlopig kan met Heyns se eie woorde volstaan word as hy erken dat hy byvoorbeeld ten minste seker basiese motiewe aan Stoker ontleen het:

> "…… - nodeloos om te sê, omdat ek glo dat dit uit die hart van die evangelie kom. laat ek net 'n paar van daardie motiewe noem: Stoker se onvermoeide ywer om in alles die eer van God voorop te stel; die funksie van die wet as uitdrukking van Gods wil vir die ganse kreatuurlike werklikheid en as normatiewe struktuur vir die sinvolle ordening daarvan en ten slotte Stoker se grondige en prinsipieel-verantwoorde verdediging van die moontlikheid en bestaansreg van Christelike wetenskap, wat, volgens my verstaan daarvan, net sowel Bybels-gehoorsame wetenskap genoem kan word."

Heyns gaan verder:

> "Die wysgerige inslag van my teologie – wat ek beslis nie ontken nie, en waarvoor ek ook nie verskoning vra nie – is beslis nie net aan Stoker te danke nie.

> Ook al sou ek nie by Stoker, en later by Oberholzer (Pretoria) en nog later by Vollenhoven (Amsterdam) wysbegeerte gestudeer het nie, trouens, al sou ek hoegenaamd geen wysbegeerte studeer het nie (ondenkbaar, in elke geval!) sou ek die wysgerige inslag nie kón ontkom nie. Ek is eenvoudig só geprogrammeer."

Heyns vertel verder dat hy vroeg in sy lewe 'n aanbod van 'n moontlike loopbaan in wysbegeerte van die hand gewys het, maar daarmee het hy nie sy liefde vir- en oortuiging van die noodsaaklikheid van wysbegeerte – met name in 'n vrugbare wisselwerkende verhouding met dogmatiek – afgesweer nie (1994:164).

Volgens Jonker wou Heyns kennelik niks anders as 'n behoudende gereformeerde teoloog wees nie. Die spore van die dogmatiek van Bavinck is oral by hom aanwesig en Berkouwer se invloed met betrekking tot 'n dogmatiese metode is ook duidelik. (1994:15,16). Heyns het soos reeds genoem veral by Stoker en Barth geleer om aandag aan ander se standpunte te gee en dit nie by voorbaat te verwerp nie. Ook sê Jonker dat hy by Berkouwer se openheid vir nuwe teologiese ontwikkelinge inspirasie gevind het. Wat opval is dat Heyns nie, soos dikwels in die verlede in enger gereformeerde kringe gebruiklik was, alles wat van buite die enger gereformeerde kring afkomstig was byvoorbaat negatief beoordeel het nie. Hy kon ook die standpunte van diegene met wie hy verskil het simpatiek lees en regtig probeer verstaan (1994:13,16). Tog het Heyns sommige teoloë as "liberale teoloë" bestempel (vergelyk byvoorbeeld die voorstanders van die modalisme). Dit wil egter voorkom asof hy sulke teoloë in dieselfde kategorie plaas as sekere filosowe wat denkrigtings verteenwoordig wat van die Calvinistiese denkrigting verskil. Dit lyk dus asof hy die Calvinisme en die gereformeerde teologie as sodanig met mekaar identifiseer en dat alle gedagterigtinge daarbuite, sonder verdere onderskeid as liberaal bestempel word. Dit is asof dieselfde onbillike etiketering hom later op Heyns gewreek het, toe hy as behoudende gereformeerde teoloog deur sommige persone uit Calvinistiese kringe, self as "liberaal" bestempel is. Dit was waarskynlik aan veranderinge op ideologiese terrein, wat verdeeldheid onder Calviniste gebring het, te wyte.

Wat die uitwerk van 'n eietydse teologie in Suid-Afrika aanbetref, was dit waarskynlik die woorde van prof G M Pellisier wat Heyns bygebly het, naamlik dat Suid-Afrika ryp is vir die uitwerk van 'n eie teologie. Vanuit sy geaardheid het Heyns waarskynlik te midde van ander, in hierdie woorde 'n uitdaging gesien en homself aan die beoefening van die teologie gewy. Dit laat Jonker aan die einde van Heyns se loopbaan skryf: "Hy is een van die vernaamste, indien nie dié vernaamste teoloog van ons geslag nie. In elk geval is hy die vrugbaarste teoloog wat die Afrikaanse gemeenskap nog opgelewer het." (1994:13)

'n Laaste opmerking gaan oor Heyns se beoefening van kritiese solidariteit. Die gedagte wat Mias de Klerk (soos reeds na verwys), in 1949 aan die begin van Heyns se kweekskooljare in Pretoria by hom geplant het, naamlik om te kyk of hy dinge "van binne uit" kon regmaak (Meiring 1994:178), het deel van sy lewensroeping geword.

Hiermee dan is die grondslag van die filosofiese- en teologiese uitgangspunte, wat by Heyns gelê is, ondersoek. Op hierdie stadium was dit grootliks teoreties van aard. Van hieraf verder sou hy toenemend met die pratyk in 'n verskeidenheid van opsigte te doen kry. Die praktyk sou bepaal of die teoretiese besinning die toets van die tyd kon deurstaan.

# HOOFSTUK 2

## HEYNS SE LOOPBAAN KOM OP DREEF

## 1954-1965

## - Van student tot predikant -

Heyns het in 1954 na Suid-Afrika teruggekeer en in April van daardie jaar sy proponentseksamen afgelê (Meiring 1994:17). Hy moes nou sy proefpreek lewer wat op 11 April 1954 te Bronberggemeente, Pretoria plaasgevind het.[1] Die Skrifgedeelte was Jak 4:1-12(6) met die tema: "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." As dogmatiese uitgangspunt stel hy dit dat die mens slegs geken kan word vanuit sy verhouding tot God, maar in die praktyk is die maatstaf vir 'n lewende geloof, goeie werke. Dit bring hy in verband met die afwysing van hoogmoed as 'n vorm van selfverheffing bo diegene wat God aan ons as ons naaste gegee het, wat beteken dat ons verhouding met God dan ook nie in orde is nie. "En so vernietig ons die inhoud van ons ware menssyn, naamlik ons afhanklikheid van God." Hy kom dan by die evangelieboodskap van Jesus Christus uit, wat in ware nederigheid mens geword het. "Waar egte nederigheid is, daar het nog voor ons nederig word, die oneindige selfvernedering van God plaasgevind, sy kome tot ons op grond van sy menswording." (Heyns 1954:1-17). Alhoewel die inhoud van die preek hoofsaaklik oor die persoonlike geloof handel, is daar wel 'n sosiale bewussyn by Heyns te bespeur in die aanhaling: "As die vrugte van ons lewe bestaan uit selfverheffing teenoor hulle wat God as naaste aan ons gegee het, weet dan broeders en susters, dat ons verhouding tot God ook nie meer in orde is nie." (Heyns 1954:8).

In 'n artikel in *Die Kerkbode* Skryf Heyns oor sy ervaring van sy teologiese studie aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Hier maak hy duidelik dat iemand wat in die Ned Geref Kerk, 'n kerk wat op 'n uitgesproke gereformeerde grondslag staan, kom dien, moet die regte oorsese universiteit kies. So 'n universiteit is die Vrije Universiteit van

---

[1] Heyns het dieselfde preek uit Jak 4:1-12 (6) wat as proefpreek gedien het by verskeie geleenthede weer gelewer, te wete, Potchefstroom-Noord (25 Apr 1954); Blyvooruitsig (20 Jun 1954); Brakpan-Oos (25 Jul 1954); Ysterplaat (10 Okt 1954); Ysterplaat-Suid (17 Okt 1954); Ysterplaat (13 Sep 1959) en Rondebosch (1 Jun 1961). Ook word dieselfde preek in *Die Kerkbode* van 23 Februarie 1955, 230-231, gepubliseer.

Amsterdam[2] wat met 'n grondmotief van leerstellige suiwerheid in die vorige eeu tot stand gebring is. Die belangrikheid hiervan motiveer Heyns in die lig van die tydsgewrig waar die antitese van geloof en ongeloof so skerp na vore tree. Daarom moet die nouste samewerking bestaan met teologiese inrigtings wat probeer om die Christelike beginsels op allerlei terreine van die lewe vrugbaar te maak. Ook maak Heyns daarvan melding dat hulle dosente hulle aangemoedig het om ook vir korter of langer periodes hul studie aan ander universiteite in ander Europese lande voort te sit om "die gevaar van 'n eensydige oriëntering aan slegs één buitelandse universiteit" uit te skakel (1954:192). So het Heyns ook klasse van Van Niftrik aan die Gemeentelijke Universiteit te Amsterdam en van Barth in Basel en van Brunner in Zürich Switserland gaan bywoon (Meiring: 1994:178). Heyns was 'n voorstaander daarvan dat daar 'n openheid in die teologiese wetenskaplike arbeid moet wees, wat positief dáárin bestaan dat mens "gewillig sal wees om ook na andersdenkendes te luister, en nie angsvallig die grense van die waarheid sal inperk tot ons bepaalde visie daarvan nie." Volgens hom moet mens "waak teen 'n eksklusiwistiese waarheidsopvatting, maar dan tog altyd so dat hierdie ruimhartige gees, nooit die opheffing of selfs die nivellering van ons Gereformeerde grondslag sal beteken nie. (1954:192). Vir Heyns was die naelstring met Europa, veral ten opsigte van die teologie, van kardinale belang. Hy het ná sy aanvanklike studie aan die VU te Amsterdam met elke moontlike geleentheid na veral Nederland teruggekeer om binne die dampkring van die Europese teologie te kom en kontak met die teoloë te behou (Heyns 12 Februarie 1998: [ ]). In hierdie sin het sy kenmerkende karaktereienskap van brugbouer reeds vroeg al gewys. Hy was 'n bouer van brûe tussen kerke en mense (Meiring 1994: 182).

Nadat Heyns in April 1954 sy proponentseksamen afgelê het is hy na Ysterplaat, sy eerste gemeente beroep. Om vanuit 'n hoogs akademiese omgewing in dié gemeente te beland, was vir hom 'n groot aanpassing. Hy vertel self: "Ek vrees ek het 'n taal en 'n idioom gebruik wat totaal bo die mense se vuurmaakplek was! Ek het van antropologie en eskatologie en pneumatologie gepraat, tot 'n ouderling op 'n dag vir my gesê het: 'Ag

---

[2] Die Teologiese Fakulteit aan die VU te Amsterdam en die Teologiese Skool te Kampen is albei opledingsentra van die Gereformeerde Kerke in Nederland.

dominee, alles wat jy sê mag waar wees, maar ons verstaan daar niks van nie.'" (Meiring 1994:178).

Deur die jare het verskeie van Heyns se preke in *Die Kerkbode* verskyn. Reeds so vroeg as in *Die Kerkbode* van 21 September 1955 noem Heyns dat die liefde teenoor God die fundamentele is, waaruit alles voortvloei en waarheen alles herlei moet word. Dit is God wat in 'n liefdesdaad tot die mens spreek en die mens moet in sy verhouding tot God die posisie van "toegesprokene" inneem. Hy moet op Gods Woord, op Jesus Christus antwoord en so leef asof Hy, Jesus Christus inderdaad mens geword het. Toegepas op die naaste is die mens ook daar die "toegesprokene". Hy sê "ek moet na my naaste luister, d.w.s. gewillig wees om deur hom toegespreek te word en ingelig te word oor sy lewensomstandighede en so één te word met, en my in te leef in, sy vreugde en leed." (1955:388). Die bogenoemde motief van die mens as antwoorder word herhaaldelik by Heyns aangetref.

By 'n volgende geleentheid verskyn 'n preek van Heyns uit Daniël 1:21 in *Die Kerkbode* waarin hy die Christen se identiteit hoog op prys stel en waarsku teen gelykskakeling met die "hierdie wêreld" gelei deur die "vors van duisternis" waarvan koning Nebukadnéser die simboliese verteenwoordiger is. Dit bly vir hom egter nie net op 'n menslike vlak wanneer hy die Christen maan om in hierdie "allesomvattende gelykmakingsproses" soos Daniël, nie te verander nie, maar staande te bly omdat God as Regter alleen die onbetwisbare reg op 'n mens se lewe het. In die preek waar dit by die gedwonge aanleer van die Chaldese taal kom, maak Heyns die opmerking dat in die taal van 'n volk is sy geestesgoedere, sy kultuur, maar ook sy godsdiens opgesluit. So het Daniël die taal van die Chaldeërs aangeleer, maar nie om in die heidense filosofie en godsdiens op te gaan nie, maar om "dit te gebruik as medium waardeur hy aan die heidenwêreld sou vertel van die God van Israel." (Heyns 1956: 22-23).

Heyns publiseer in 1955 'n boekie met die titel "Karl Barth. Wie is hy en wat wil hy?" Dit is duidelik dat hy Barth as 'n baie belangrike teoloog beskou en het soos reeds genoem, ook die voorreg gehad om vir 'n tyd lank van sy klasse in Switserland by te woon.[3] In die voorwoord van die boekie merk hy op dat Barth se werk in Afrikaans toeganklik moet wees, nie net vir die teoloog nie, maar ook vir die populêre leser (Heyns 1955:7). Jonker skryf dat sy geslag teoloë hul opleiding begin het toe Barth sy piek bereik het (Jonker 1988:29). Heyns sien in Barth se optrede en leidende rol met die opstelling van die Barmenverklaring 'n goeie voorbeeld van gehoorsaamheid aan God, in 'n tyd waar die kerk voor 'n keuse gestel is. Hy noem die verklaring van 1934 'n "onverskrokke geloofsgehoorsaamheid" in die lig van vervolging, verwysende na Barth en andere. In sy verduideliking van Barth se rol noem hy dat laasgenoemde in 1933 daarop gewys het dat die invloed van die Nasionaal-Sosialisme deur Hitler, ondersteun deur teoloë soos Wilhelm Hauer en Ernst Bergmann opkom uit 'n diepe heidendom wat deur Lutheranisme as vrugbare teelaarde aangehelp is. Luther se dualisme van wet en evangelie het volgens Heyns daartoe gelei dat gedink is dat staat en kerk niks met mekaar te doen het nie en oor volkome geskeie gebiede heers. Die staatkundige gebiede in Duitsland is onttrek aan die heerskappy van die Woord van God en oorgelaat aan sy eie heidense wetmatigheid. So het Luther se opvatting van die selfstandige reg en outoriteit van die staat as skeppingsordening die Christelik getinte Duitse heidendom gesanksioneer. Die kerk het dus in sy verkondiging van die evangelie nie krities gestaan teenoor die staat nie (Heyns 1955:68,69). Hierdie stelling van Heyns ten opsigte van die situasie in Duitsland in die dertigerjare laat die vraag ontstaan waarom hy instaat was om in die geval van Nazi-Duitsland reeds teen 1955 die noodsaak van die kerk se profetiese getuienis teenoor die staat te kon raaksien, maar hy kon skynbaar op daardie stadium nie 'n verband lê ten

---

[3] Karl Barth was van 1929 as professor in Bonn werksaam waar hy toenemend in konfrontasie met die Nasionaal-Sosialisme van Hitler gekom het. Die Nazi's wou deur middel van die sogenaamde "Duitse Christene" die hele Duitse Evangeliese Kerk as 'n propaganda-instituut vir Hitlerisme verower. Barth kom in verset hierteen met sy lesing "Die Not der evangelische Kirche" wat hy op 31 Januarie 1931 in Berlyn hou. Met 'n verdere brosjure "Theologische Existenz heute" wat hy saam met Thurneysen redigeer, word hy die vader van die Duitse belydende kerk (Bekennende Kirche). Die kerk het begin weerstand bied teen die heidense invloede op die kerklike en teologiese lewe en loop uit op die Belydenissinode van Barmen van 29-31 Mei 1934. Tydens hierdie vergadering is die Barmenverklaring uitgereik. Barth weier in 1935 om die eed van getrouheid aan die "Führer" af te lê, waarna hy na Switserland gedeporteer word (Heyns 1955:16,69).

opsigte van die voorbeeld van Duitsland wat hy gebruik en die kerk in Suid-Afrika se profetiese getuienistaak teenoor die apartheidsowerheid van die Nasionale Party nie. In Heyns se eie woorde, wat reeds in hoofstuk een aangehaal is, verduidelik hy dat hy teen 1953 en 1954 nog te veel van 'n "junior" in die kerk was om toe reeds profeties-krities teen die apartheidsbeleid van die regering te getuig (Meiring 1994:181). Die vermoede bestaan dat dit egter om veel meer gegaan het as dat Heyns nog 'n jong predikant in die Ned Geref Kerk was. Billikheidshalwe is dit van belang om te noem dat Heyns reeds in 1955 oor Barth geskryf het, dat ons waarderend teenoor Barth kan staan[4], wat gewys het op die kritiese funksie van die kerk met betrekking tot die staat... en dan in sy eie woorde: "Miskien is dit juis die boodskap wat Barth het ook vir ons hier in Suid-Afrika!?" (1955:72). Op hierdie vraag word in die volgende paragrawe verder ingegaan aangesien die vermoede bestaan dat daar by Heyns, in die beoordeling van Barth se teologie en optrede, reeds op hierdie stadium 'n bewussyn was van die kerk se profetiese rol teenoor die staat.

Prof Jaap Durand bring goeie perspektief op hierdie saak wanneer hy die invloed van twee teologiese modelle op veral die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika bespreek. Die model wat hy die Barthiaanse model noem[5], dra die kenmerk van Barth wat gepoog het om die Lutherse dogma van die twee ryke (skeiding tussen kerk en staat) heeltemal ter syde te stel. Hy beskrywe die verhouding kerk en staat as twee konsentriese sirkels waar die binneste sirkel die kerk voorstel met Jesus Christus en die koninkryk van God as die middelpunt. Dit vorm ook terselfdertyd die middelpunt van die buitenste sirkel wat die staat voorstel. Die verhouding tussen die kerk en die staat druk hy uit as die lig van die koninkryk van God wat op die kerk val en dan op die staat weerkaats. Dit is 'n analogiese model waar die staat, op grond van die gemeenskaplike middelpunt sy bestaansreg het. Die staat is dus analogies aan die koninkryk van God, soos deur die kerk beskryf en

[4] Heyns maak melding van Berkouwer se boeke oor Karl Barth, waarvan die eerste een in 1936 verskyn het. Hy merk hieroor op dat daar by Berkouwer 'n kritiese, maar waarderende houding teenoor Barth was, wat vir die gereformeerde teologie iets nuuts was (1971:11).

[5] Barth gee in sy Kerklike Dogmatiek 'n uiteensetting van sy model van die buitenste sirkel, die "confusio hominum" met die binneste sirkel, die Christologiese gemeenskap en die sentrum as die openbaring. (KD IV/3/II: 681-693)

verkondig. Dit is in hierdie verband dat die politieke verantwoordelikheid van die Christelike gemeenskap na vore kom. Die kerk moet deur bestaan en prediking die staat aan die koninkryk van God herinner sodat die staat 'n spieëlbeeld en paradigma van die koninkryk van God kan word. So word die kerk die "eksemplariese gemeenskap" vir die staat. In dié verband het Barth ook die kerk as die "proeftuin" van God in die gemeenskap genoem. Want deur die kerk wys God wat Hy vir die hele samelewing bedoel, byvoorbeeld eenheid, liefde, vrede regverdigheid, ensovoorts (Durand 1988:129,134). Hierdie model bevorder en beklemtoon volgens Durand, die profetiese taak van die kerk teenoor die staat (1988:128), maar ongelukkig, volgens hom, was Barth se invloed in Suid-Afrika gedurende die jare 1930 tot 1950 negatief beoordeel. Dit was die mees kritiese jare waarin die Afrikaner se gereformeerde teologiese denke ontwikkel het. Volgens Durand was daar belangrike redes hiervoor. Barth se teologie met betrekking tot Skrifgesag en Skrifgebruik was onder verdenking by ortodokse gereformeerde teoloë in Suid-Afrika. Daar was die vrees dat Barth se teologie die gesag van die Skrif kon ondermyn (1988:122). Hierdie wantroue het sy oorsprong in Nederland by onder andere gereformeerde teoloë soos Berkouwer en Schilder gehad.[6] Ook uit Suid-Afrika het kritiek teen Barth se teologie gekom. Dit is as Christosentrisme bestempel (Christomonisme deur sommige genoem), wat gedien het om die inhoud van die Bybelse boodskap tot een Christusgebeure as openbaring van die genade en liefde van God in Jesus Christus, die lewende Here, te reduseer. Christus word die hele inhoud van die openbaring wat beteken dat die Skrif gereduseer word tot die boodskap van die triomfantlike genade (Jonker 1988:36). In die teologiese diskussie was daar kritiek van die gereformeerde teoloë in Nederland sowel as Suid Afrika ten opsigte van Barth se Christosentriese benadering en die implikasies daarvan vir sy Skrifgebruik en Skrifgesag. Ook ten opsigte van Barth se kerkbegrip skryf Heyns dat die Christologie 'n primêre plek inneem. Elke leerstuk word deur hom fundamenteel van daaruit bepaal. So kan die ekklesiologie alleen verstaan word vanuit die besinning oor die vraag, wie is Jesus Christus (1956:5). Waar hierdie

---

[6] Heyns Skryf in die Gereformeerde Vaandel dat Barth vroeër (1951) in sy KD III/4 in die voorwoord skerp uitlatings maak teenoor die Nederlandse sogenaamde "Neo Calviniste" na aanleiding van sekere uitlatings van prof Schilder. Nadat Barth egter Berkouwer se werk "Die Triomf ... " gelees het, herroep hy sy woorde in sy KD IV/2 van 1955 se voorwoord. In 'n verwysing deur Barth na die Hollandse gereformeerdes soos Berkouwer as "fundamentaliste", is dit duidelik dat daar 'n wesenlike debat tussen die Hollandse Gereformeerde teoloë en Barth aan die gang was. (Heyns 1956:12)

sentralisasie van Barth ten opsigte van Gods openbaring deur Jesus Christus in daardie tyd wyd deur gereformeerde teoloë in Nederland en Suid-Afrika gekritiseer is, is daar tog ook waardering vir die feit dat hy 'n korreksie op die menslike subjektiwisme van die negentiende eeuse teologie van Schleiermacher, Ritschl en Troeltsch gebring het. Die winspunt is dat God deur sy openbaring loodreg van bo, soos 'n weerligstraal die grense van ons menslike bestaan deurklief. 'n Mens word salig alleen omdat hy in Jesus Christus mag en kan glo (Heyns 1955:18). Wanneer Heyns die eerste stelling van die Barmenverklaring aanhaal, wil hy egter vir 'n oomblik van die teorie van teologiese besinning na die praktyk kom, deur aan te toon hoe dat Barth se teologiese denke hom instaat gestel het om leiding aan die Duitse Christene te gee, in 'n tyd toe die heidense denkraamwerk van Nazi-Duitsland die kerk bedreig het.

> "Jesus Christus soos Hy aan ons in die Skrif verkondig word, is die enigste Woord van God wat ons moet aanhoor en wat ons in lewe en sterwe moet vertrou en gehoorsaam. Ons verwerp die dwaalleer dat die kerk as bron van sy verkondiging buite en naas hierdie één Woord van God nog ander gebeurtenisse en magte, gestaltes en waarhede as Gods openbaring sou kon of moet aanvaar."

Soos reeds genoem, noem Heyns in hierdie verband die Barmenverklaring "'n onverskrokke geloofsgehoorsaamheid", in die lig van vervolging, konsentrasiekampe, ensovoorts. Heyns vind aansluiting hierby as hy sê dat van die kerk moet die beweging uitgaan om alles wat buite die kerk bestaan in die maatskappy, staatslewe, kultuur en wetenskap op te roep tot die gehoorsaamheid in geloof aan Jesus Christus (1955:69,85).

Die tweede rede wat Durand opgee, waarom die Barthiaanse model en daarmee saam Barth se invloed in Suid-Afrika in die jare 1930 tot 1950 minimaal was, was die Kuyperiaanse model, waarin die Barthiaanse model so 'n "gedugte opponent" gevind het. Hy noem dit die Afrikanerweergawe van Kuyperiaanse teologie. Dit was volgens hom baie meer subtiel en verfynd as die Duitse "Ordnungstheologie". Op 'n sekere manier was Kuyperiaanse kosmologie so met ortodokse gereformeerde Christologie gekombineer, dat dit onmoontlik was om soos in Duitsland, die natuurteologie aan 'n Christologiese kritiek te onderwerp. Die dormante natuurteologie in die Afrikanerweergawe van Kuyperiaanse

teologie, was nooit herken vir wat dit was nie en daarom was dit nie vatbaar vir Barth se kritiek, op die tydstip toe diegene in Kuyperiaanse kringe dit juis moes hoor nie. Dit was eers in die laat sestigerjare en vroeg sewentigerjare dat die Barthiaanse weerstand teen 'n sogenaamde skeppingsteologie onder jong Afrikanerteoloë posgevat het en Barthiaanse gedagtes betekenisvol in die debat oor kerk en samelewing ingedra is (1988:122).

Die Kuyperiaanse model word deur Durand beskryf as 'n modifikasie van Calvyn se idee alhoewel hy meen dat Abraham Kuyper (1837-1920) nie wou afwyk van Calvyn se oorspronklike bedoeling nie (1988:126). Kuyper gaan van die standpunt uit dat God sy skepping onderhou aan die hand van sy algemene genade, waardeur God in sy voorsienigheid 'n beperking op sonde plaas, wat andersins sou veroorsaak dat lewe self onmoontlik word. Hy som dit soos volg op:

> "Kort saamgevat kan men dus kortweg zóó uitdrukken: de gemeene gratie bedoelt tweeërlei stuiting; stuiting van de *zonde* en stuiting van den *vloek*. Welnu bij de stuiting van de zonde kom de *moreele*, bij de stuiting van den vloek de *providentieele* inwerking van de particuliere genade te hulp, om de werking der gemeene gratie tot het hoogste standpunt op te voeren." (Kuyper: De Gemeene Gratie II [ ]:674).

Die staat as samelewingskring funksioneer volgens Kuyper op die terrein van die algemene genade (gemeene gratie), terwyl die kerk as samelewingskring op die terrein van die besondere (particuliere) genade fuksioneer en wat Gods Woord as openbaring, sowel as God se herskepping insluit (Kuyper: De Gemeene Gratie III [ ]:20). Ten opsigte van elk van bogenoemde samelewingskringe, geld soewereiniteit in eie kring, waar die een die ander se grense moet eerbiedig (Kuyper: Lectures on Calvinism [ ]:48). 'n Verdere onderskeid wat Kuyper maak ten opsigte van die kerk, is dié van die kerk as instituut en as organisme. Hy meen Christus oefen nie sy geestelike krag uit in die staat en die samelewing deur die kerk as instituut nie, maar as organisme, wat in alle sfere van die samelewing aan die werk is deur die invloed van die lidmate, maar onsigbaar as kerk as sodanig (Kuyper: De Gemeene Gratie II [ ]:253-254). Dit impliseer volgens Durand dat die vorming van 'n Christelike politieke party die aangewese manier is waardeur gelowiges hulle invloed op die terrein van die staat kan en moet uitoefen. Hierdie

uitgangspunt impliseer dus dat die kerk as instituut se invloed op die samelewing en die staat altyd indirek is, deur middel van die kerk as organisme, naamlik die gelowiges. 'n Paar kritiese sake spruit hieruit voort, naamlik eerstens waar so 'n model gebruik word, word spanning tussen kerk en staat tot 'n minimum gereduseer. Tweedens is dit van kritiese belang dat daar 'n Christelike politieke party sal wees, wat die stryd om Christelike norme en waardes in die staat en die samelewing sal voer. So 'n Christelike politieke party moet ook dien as profetiese getuienis teenoor die staat. Hierdie paradigma loop die gevaar dat daar 'n skeiding tussen die kerk as instituut en as organisme kan kom en daar is die verdere gevaar dat as die klem te veel op die kerk as organisme val. In so 'n geval sou dit daartoe kon lei dat die institusionele kerk as draer van die Woord van God stom word met betrekking tot sake wat op die terrein van die staat en die samelewing plaasvind. Durand meen dat alhoewel dit nie Kuyper se bedoeling was nie, juis dit wat hierbo uiteengesit is, in die drie dekades van die dertiger, veertiger en vyftigerjare in die Suid-Afrikaanse konteks plaasgevind het. Dit is daarom dat hy meen dat Barth, wat die direkte profetiese taak van die institusionele kerk teenoor die staat beklemtoon het, se invloed gedurende die genoemde dekades in Suid-Afrika gemis is (1988:126-128).

In die lig van die bogenoemde opmerkings deur Durand met betrekking tot die invloed van Kuyper se idees in die Suid-Afrikaanse konteks, is dit belangrik om vas te stel watter invloed Kuyper op Heyns gehad het en waarlangs hierdie invloed gekom het. Eers is dit nodig om die algemene invloed van Kuyper met spesifieke verwysing na die ontwikkeling van die apartheidsisieem in Suid-Afrika aan te toon. Vir Kuyper was die Calvinisme, in sy sogenaamde "Stone-Lectures" van 1898 in Amerika, die voltooide ewolusie van die Protestantisme, wat 'n hoër en ryker stadium van menslike ontwikkeling as resultaat het. As voorbeeld verheerlik hy die invloed van wat hy noem: "Old Calvinism", wat tot gevolg gehad het dat die Boere in Suid-Afrika teen een van die magtigste nasies naamlik Engeland, by die slag van Majuba (Eerste Vryheidsoorlog) en die Jameson-inval (kort voor die Tweede Vryheidsoorlog) weerstand gebied het. As die Calvinisme nie aan die nageslag van die Europeërs wat hulle in Suid Afrika gaan vestig het oorgedra was nie, sou daar volgens hom nie op daardie stadium 'n vrye republiek aan die suide van wat hy noem, die "Donker Kontinent" bestaan het nie. Uit die bogenoemde

kom dit duidelik na vore dat Kuyper teen 1898 met 'n romantiese oog na die gebeure in Suid-Afrika kyk en daarin bewyse vind dat Calvinisme lewendig en energiek is en inherent die wonderlike krag vir die toekoms van nasies dra (Kuyper: Lectures on Calvinism [ ]:25-26). Sy siening van gebeure in Suid-Afrika word ook beïnvloed deur sy leerstuk oor die algemene genade (De gemeene gratie) waar hy die rol van die kerk in 'n land beskou as God se besondere genade (particuliere genade) wat deur die kerk op die algemene genade in daardie land inwerk om 'n beter, ryker en suiwerder lewensvorm daar te stel. Dit lei tot die verchristeliking van die samelewing en maak van 'n land 'n Christelike land. Waar die kerk nie in 'n land bestaan nie, noem hy dit 'n heidense land. Tog is die algemene genade ook byvoorbeeld teenwoordig onder volke wat volgens Kuyper die swart wêrelddele soos Afrika bewoon, maar in 'n heel beperkte sin. Menslike ontwikkeling vind eers plaas oral waar die kruis van Christus onder die volke uitgedra word. (De Gemeene Gratie II [ ]:665,668). Strauss se opmerking dat Kuyper soms geneig was om sy gehore om strategiese redes te vlei, kan sekerlik ten opsigte van sy lesings oor Calvinisme waar wees. Tog het hy, volgens Strauss, in die kern van sy breë gedagtegang getrou gebly. Daarom verwys Van Ruler na as "skynbare teenstrydighede" in sy uitsprake (1999: 219). Uit die volgende aanhaling in sy finale lesing is daar egter duidelike bevestiging dat 'n bepaalde meerderwaardigheidmotief, deur die toedoen van die Calvinisme volgens sy verstaan daarvan, by hom aanwesig is:

> "There is no life without differentiation, and no differentiation without inequality. The perception of difference the very source of our human consciousness, the causative principles of all that exists and grows and develops, in short the mainspring of all life and thought. I am therefore justified in asserting that in the end every other problem may be reduced to this one problem: Whence are those differences? Whence is the dissimilarity, the heterogeneity of existence, of genesis, and consciousness? To put it concretely, if you were a plant you would rather be a rose than a mushroom; if insect, butterfly rather than spider; if bird, eagle rather than owl; if a higher vertibrate, lion rather than hyena; and again, being man, richer than poor, talented rather than dull-minded, of the Aryan race rather than Hottentot or Kaffir."

Om hieraan goddelike sanksie te verleen haal Kuyper die Calvinistiese leerstuk oor die uitverkiesing by, waardeur die soewereine keuse van God, wat alle dinge, sigbaar en onsigbaar geskape het, nie as 'n blinde nie, maar bewustelike keuse eerbiedig moet word (Kuyper: Lectures om Calvinism [ ]:117-118). Hierdie bepaalde siening van Kuyper is uit die aard van die saak subjektief en verteenwoordig vooroordeel, maar dan moet in ag geneem word dat hy nooit werklik met 'n multikulturele samelewing gekonfronteer was nie, of soos Strauss dit stel, met die idee van meer as een nasie binne 'n enkele politieke gebied nie (1999:227). Eerder moet verreken word dat daar in daardie tyd vanuit Europa na die res van die wêreld gekyk is as ongetemde heidendom wat deur sendingwerk wat parallel met kolonialisasie plaasgevind het, onder die besondere genade van God gebring is, deur die kerk in sulke wêrelddele te vestig. Daar kan saam met J.C. Adonis gestem word dat dit geen verrassing was dat Kuyper se teologie vir die Afrikanerteoloë wat aan die Vrije Universiteit studeer het, 'n groot aantrekkingskrag gehad het (1999:265). In die boek *Moeisame pad na vernuwing* plaas Strauss die invloed van Kuyper ten opsigte van die apartheidsteologie in perspektief.

> "Histories het dié rigting teruggegaan op die opbloei, sedert 1930, van 'n Kuyperiaanse neo-Calvinisme in die NG Kerk. In hierdie tradisie is daar vanuit 'n totaalvisie op die werklikheid en daarom ook op die samelewing gedink. Hierin is die onderlinge samehang én eie aard van lewenskringe soos kerk, staat en volk erken en eerbiedig. Die "eie aard" is gekoppel aan "skeppingsordonansies". In 'n idealistiese siening van "die volk" - wat ook by A Kuyper (1837-1920) voorkom - is die sosiale struktuur wat volkswees moontlik maak na die skepping teruggevoer, en so ook die inhoud van die kultuurstyl van elke volk. Hierdie uitgangspunt is deur manne soos Koot Vorster, AP Treurnicht en FJM Potgieter gebruik om apartheid te onderbou en daaraan die status van 'n vaste beginsel te verleen." (Strauss 2002:222).

Dit is dan hierdie sogenaamde neo-Calviniste wat veral in die dertiger, veertiger en vyftigerjare beslag gee aan die gedagte wat al vóór die twintigste eeu onder Afrikaners geleef het naamlik dat ware Afrikaners mense is wat om 'n bepaalde manier leef en optree. Dit was 'n nasionalistiese denkraamwerk wat as ideologie in 'n groot mate daarin

geslaag het om op die totaliteit van die Afrikanervolk beslag te lê en as sentrale dryfveer te dien. Adonis meen dat Calvinisme was nie alleen deur Afrikaner-nasionalisme gebruik in sy stryd om mag te bekom nie, maar is in die proses, wat hy noem, in Afrikaner Calvinisme verander. Hierdie godsdienstige ideologie was volgens hom genoegsaam Calvinisties om as deel van die gereformeerde tradisie gereken te word, maar het ook genoegsaam daarvan afgewyk om sy eie getuienis ernstige skade aan te doen. Aan die einde van sy argument tref hy wel 'n onderskeid tussen Afrikaner Calvinisme, wat hy as gevolg van laasgenoemde se legitimasie van apartheid kettery noem en Calvinisme as sodanig (1999:270). Strauss tref ook onderskeid tussen hierdie nasionalisties-gedrewe Calvinisme wat hy "Boere-Calvinisme" noem en Calvinisme as sodanig. Hy gaan egter nie so ver om die eersgenoemde kettery te noem nie, maar sê dat uit die "Boere-Calvinisme" het 'n gemeenskaplike poel van denke gekom en het die Ned Geref Kerk, Afrikanerkultuurliggame en die Nasionale Party elk vanuit sy eie hoek apartheid ondersteun. Dit was dieselfde soort mense wat met dieselfde Christelik-nasionale lewensbeskouing in kerk, volk en staat besig was. Hy meen dat hierdie neo-Calvinisme in die sestigerjare sy hoogbloei beleef het toe almal van die Afrikaner as sentrale figuur, met sy kerk, sy regering, sy skole en so meer gepraat het (2002:223). In terme van wat Durand oor die noodsaak van 'n Christelike party ten opsigte van die organiese werking van die kerk in die samelewing gesê het, het die Nasionale Party in die Suid-Afrikaanse konteks hierdie rol gespeel.

Die vraag ontstaan waar Stoker, wat op sy beurt so 'n groot invloed op Heyns gehad het, hom ten opsigte van die Kuyperiaanse invloed bevind het. Daar moet in gedagte gehou word dat Stoker nie 'n teoloog was nie, maar 'n Calvinistiese wysgeer en filosoof.[7] Gegewe sy agtergrond (soos in hoofstuk een aangedui) en die geselskap waarin hy hom bevind het wat die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika aanbetref en met F.J.M. Potgieter en J.D. Vorster as mede redakteurs van die *Koers in die Krisis*-bundels van 1935, 1940, en 1941, en gegewe die waardering wat Stoker vir

[7] Stoker sê: "Wysgerig gesien ondersoek ons die kosmos en sien ons die kosmos as onselfgenoegsame skepping Gods. Dieper kan ons as wysgere nie, want al wat ons dieper gaan word ons teoloë. Die wysgerige grondidee van die kosmos as skepping is daarom nie die finale nie, dit rus in die teologiese grondidee van die skepping, wat die teoloog moet uitwerk (1941:273).

Kuyper toon (soos hiernaas aangedui), kan met stelligheid gesê word dat hy saam met die apartheidsteoloë in die kategorie van die neo-Calviniste geval het.

In die redaksionele voorwoord van die eerste bundel van *Koers in die Krisis,* artikels versamel deur die Federasie van die Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika, bring Stoker saam met FJM Potgieter hulde aan Kuyper, stigter van die Vrije Universiteit van Amsterdam, 'n inrigting wat hulle die "bolwerk van die Calvinisme" noem. "Met hoë waardering erken ons wat hierdie inrigting en die werk deur sy dosente en alumni verrig vir ons in Suid-Afrika beteken het en nog beteken." (Stoker en Potgieter 1935:x). In die ontwikkeling van die Christelike wetenskap gee Stoker aan Kuyper erkenning vir sy "geniale oergreep van die beginsel van soewereiniteit in eie kring"[8], wat volgens hom, bygedra het dat die regs- en staatswetenskappe tot die vierde stadium van ontwikkeling van die Christelike wetenskappe, naamlik die verwesenliking daarvan, gevorder het. (Stoker 1940: 328).[9]

Teen hierdie agtergrond is dit noodsaaklik om enkele opmerkings oor Heyns te maak. Teen die tyd dat hy in 1954 klaar studeer het en as jong predikant gelegitimeer is, was die Afrikaner-nasionalistiese strewe goed op dreef en die onderbou vir die Bybelse begronding van apartheid goed gevestig.[10] Heyns was egter baie jonk en die neo-Calviniste, wat op kerklike gebied leiding geneem het was gemiddeld twintig jaar ouer as hy en in leiersposisies in die kerk. Gevolglik sy reaksie op die vraag waarom hy nie vroeër teen apartheid begin standpunt inneem het nie: naamlik dat hy nog te veel van 'n

---

[8] *Souvereiniteit in eigen kring* was die titel van Abraham Kuyper se rede tydens die inwyding van die Vrije Universiteit van Amsterdam in 1880 (1930:3).

[9] Die vier stadia in die ontwikkeling van die Christelike wetenskap is volgens Stoker: Eerstens die *bloot-negatiewe* - wanneer die spanning tussen wetenskap en geloof te akuut word. Tweedens die *kritiserende* - as die onwetenskaplikheid van die eerste stadium ingesien word. Derdens die *oriënterende* - wanneer ingesien word dat die hele wetenskap in diens van Christus staan en gesoek moet word na christianisering van die wetenskap. Vierdens die *verwesenliking van die christelike wetenskap* - wanneer met 'n geniale greep die christelike fondament by 'n bepaalde wetenskap ontdek word. "Die gereformeerde teologie is, dank sy Calvyn se geniale oergreep van die van die universaliteit van die absolute soewereiniteit Gods, van die koninskap van Christus en van die onfeilbare lig van die Bybel oor die hele kosmos, en oor alles, wat die mens doen en laat, reeds ver in die vierde stadium gevorder." (Stoker 1940:326-328).

[10] Die gebeure te Babel (Genesis 11) was volgens Kuyper 'n goddelike wonderwerk, waar Hy ingryp deur die mense se spraak te verwar en die uniformiteit van die menslike ras wat voorheen een organisme was deurbreek het. Gevolglik het 'n onderskeibare organisme ten opsigte van oorsprong en tipe vir elke volk ontstaan. Hierdie gegewens gebaseer op Genesis 11 was een van die belangrikste argumente wat neo-Calviniste aangevoer het ter regverdiging van apartheid (Kuyper, A. 1870. Eenvormigheid, de vloek van het moderne leven. Amsterdam: De Hoogh) (Strauss 1999:224).

junior in die kerk was.[11] Hiermee saam het ons in hoofstuk een aangetoon dat Heyns uit 'n huis gekom het waar die nasionalistiese strewe sterk geloop het en dat hy sy hele lewe lank, selfs in 1994 nog vir die Nasionale Party, wat in 1948 onder leiding van dr D.F. Malan in Suid-Afrika aan bewind gekom het, gestem het. 'n Mens kan dus die gevolgtrekking maak dat Heyns 'n neo-Calvinis was, wat op hierdie stadium redelik onkrities aansluiting by Kuyper gevind het. Belangrik is egter om te besef dat Heyns op 'n deurlopende basis akademies besig was en ook ondersoekend aan die werk was. Dit bied enersyds 'n verdere verklaring waarom daar so 'n lang tyd verloop het voordat hy kritiese geluide ten opsigte van die kerk sowel as oweheidoptrede in die samelewing begin maak het, aangesien hy hom op hierdie stadium as apologeet[12] hoofsaaklik met filosofiese en dogmatiese vraagstukke, besig gehou het. Durand se opmerkings soos vroeër in hierdie hoofstuk genoem, is veral ook op Heyns van toepassing, waar hy sê dat Kuyper se klem op die kerk as organisme en die organiese werking van Christene se getuienis in die samelewing tot gevolg gehad het dat die profetiese stem van die institusionele kerk verstom. Vir Heyns met sy standpunt om solidariteit te betoon ten opsigte van sy kerk en volk en Afrikanerinstellings, is Durand se opmerking veral relevant aangesien hy juis kies om dinge van binne uit reg te maak, eerder as om te breek met die "establishment". In hierdie geval is dit hierdie spesifieke aspek van Heyns se persoonlikheid wat hom baie baie goed by die Kuyperiaanse model (vergelyk Durand), in Suid-Afrika die model vir die tyd, laat inpas het.

Voorbeelde van direkte invloede wat Kuyper op die werk van Heyns gehad het word hiernaas aangedui. In sy "Stone-Lectures" - 1898, noem Kuyper die Calvinisme 'n allesomvattende stelsel van beginsels, 'n lewenssiteem, wat die vermoë het om die mens tot in die toekoms met vertroue te laat lewe. Hy bied die Calvinisme teenoor andere as lewensstelsel aan, wat aan al die vereistes wat 'n mens nodig het om te lewe, voldoen. Daar is volgens hom drie fundamentele verhoudinge waarin die mens staan, wat deur die Calvinisme as basiese vereiste vir die menslike lewe gestel word: Eerstens sy verhouding tot God. Tweedens sy verhouding tot die mens. Derdens sy verhouding tot die wêreld

[11] Vergelyk Meiring (1994:181) in hoofstuk een en twee.
[12] Prof S.A. Strauss sê van Heyns dat apologetiek vir hom enduit deur sy aktiewe teologiese loopbaan 'n saak van groot erns en belang was (1994:103)

(Kuyper [ ]:13-18). Heyns sluit direk by hierdie skema van verhoudinge aan en brei ook daarop uit wanneer hy later in sy loopbaan skryf, byvoorbeeld in *Lewende Christendom* (1972: 151-155), *Die Kerk* (1977:66,85,95), *Dogmatiek* (1984:127-137), *Teologiese Etiek I* (1982: 21-25) en *Teologiese Etiek 2/1* (1986: 227-231). Ook ten opsigte van die indeling van die wetenskap hou Heyns Kuyper se indelingsbeginsel as 'n moontlikheid voor, in die behandeling van die teologie as wetenskap.[13]

Teen Augustus 1957 gee Heyns 'n uiteensetting van die Christelike lewens- en Wêreldbeskouing. Hy stel dit soos gewoonlik teenoor ander denkrigtings en noem dat die gelowige as "begenadigde mens" ten opsigte van sy lewensbeskouing prinsipieel van die ongelowige as "nie-begenadigde" verskil (Heyns 1957:22). In 'n Geloftedagpreek van 16 Desember 1957 uit Amos 9:7[14], verwys hy na 'n soortgelyke teenstelling tussen Israel as God se volk en die kinders van Kus, swart mense afkomstig uit Noord-Afrika. God skakel sy volk weer gelyk met die heidene, omdat hulle sy verbondsverpligtinge nie nagekom het nie. Hy betrek dit op die situasie in Suid-Afrika met die slag van Bloedrivier: "Genadige uitredding uit die hande van barbare", 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die Afrikanervolk. As die Afrikaners egter van God vergeet en nie gewillig is om op alle terreine van die volkslewe die lig van Gods woord te laat val nie, en nie bely: "in U lig sien ons die lig..." nie, dan kan God met reg ook aan die Afrikaner toevoeg "Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie?" met ander woorde, soos Israel gelykgestel is met die swartes uit Noord-Afrika, kan die Afrikaners gelykgestel word met die swartes van Suid-Afrika (Heyns 1957:1-4). In die lig van ons opmerkings hierbo, oor Abraham Kuyper se meerderwaardigheid ten opsigte van die Christelike beskawing teenoor die heidendom, is dit duidelik dat Heyns hierdie siening deel, maar nie net ten opsigte van die Christendom teenoor die heidendom in die algemeen nie, maar ook die

---

[13] Ten opsigte van die indeling van die wetenskappe noem Heyns Kuyper se indeling volgens 'n relasie-beginsel, volgens die groei van die wetenskappe in die geskiedenis en soos dit in die Nederlandse Universiteite in fakulteite tot stand gekom het. Dit is geskoei op die vyfvoudige verhouding waarin die mens staan: "In sy verhouding tot God - teologiese wetenskappe; in sy verhouding tot sy naaste - regswetenskappe; in sy verhouding tot sy psigiese bestaan - die filologiese wetenskappe, taal, lettere en filosofie; in sy verhouding tot sy liggaamlike bestaan - mediese wetenskappe; in sy verhouding tot die natuur - natuurwetenskappe." (Heyns en Jonker 1977:54).

[14] Heyns het hierdie preek tydens die volgende geleenthede gebruik: Kaapstad - 16 Des 1957; Ysterplaat - 14 Des 1958; Aliwal-Noord - 16 Des 1958; Rietrivier (OVS) - 16 Des 1959; Stellenbosch-Welgelegen - 17 Des 1967 (verwerk); Port Elizabeth - 16 Des 1969 (verwerk); Ficksburg - 16 Des 1971; Waterkloof - 29 Des 1974; Bloemfontein - 6 April 1975; Paardekraal - 16 Des 1978.

Afrikanervolk teenoor die swartes in Suid-Afrika. Hy gaan egter nie so ver soos Kuyper wat volgens die Bybelse gegewens van Genesis 9, wat die verhaal van die seuns van Noag vertel, Sem die draer van die besondere genade noem, omdat Christus uit sy nageslag gebore is, en Jafet die draer van die algemene genade noem omdat hy bestem was om die aarde met miljoene te bevolk. Kuyper trek 'n direkte verband tussen die kerk van Christus "met haar heilschat van bijzondere genade", wat volgens hom uit Sem is. Daarteenoor is daar die burgerstaat "met al zijn maatschappelijke gaven" wat uit Jafet is. Hierdie onderskeid is volgens Kuyper iets wat die Calviniste verstaan (Kuyper 1936:49-51). Gam se nageslag word deur Kuyper so ooglopend weggelaat dat die vraag gevra kan word wie sou hulle, volgens sy verstaan daarvan, wees en of hy hulle hoegenaamd by die algemene genade insluit[15].

Volgens Heyns beskryf hy die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as *teïsme* of *Calvinisme*. Dié denke beskrywe hy as 'n horisontale, waar dit oor die mens se verhouding tot sy medemens gaan asook 'n vertikale waar dit oor die mens se verhouding tot God gaan. Die Calvinis maak volgens hom die grootste erns met die belydenis van God se volstrekte soewereiniteit. Hier maak hy soos Stoker van Rom 11:36 gebruik: "Dit is God uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is". God se soewereiniteit oor die ganse totaliteit is die grondidee. In ander terme sê hy, wie die skepping leer ken - in die lig van die Skrif - moet ook by God uitkom. Heyns maak nou die afleiding dat die wêreld sy eenheid in God vind, maar daar is geen behoefte om die verskeidenheid tot 'n binne-kosmiese eenheidsbeginsels te herlei nie. Verskeidenheid kan gehandhaaf word, trouens hy sien dit as 'n "deur God gewilde en gehandhaafde verskeidenheid". Uiteindelik sê hy dat die bogenoemde denkwyse deel is van 'n struktuur van denke wat met groot vrug op die twintigste eeuse lewensbeskouing toegepas kan word, maar ook ten opsigte van sy mensebeskouing, wetenskapsbeskouing, rassebeskouing, moraalbeskouing, kultuurbeskouing, ensovoorts. (Heyns 1957:27-29,31). Jonker is van mening dat Heyns soos die apartheidsteoloë met die idee werk dat die verskeidenheid met die skepping 'n gegewene is. Hy gee toe dat Heyns probeer deur afgrensing en kwalifikasies 'n afstand te

---

[15] Volgens Kuyper bestaan Sem se nageslag uit die twee seuns van Abraham, naamlik Ismael, die vader van die Arabiere en Isak uit wie die Israeliete voortgekom het. Jafet se afstammelinge het oor Indië, Asië, Europa en Amerika uitgebrei. Dit sluit die Grieke en Romeine, die Germane en die Galliërs in. 1936: 44-51).

bewaar van die gevolgtrekkings wat in die volksteologie uit die skeppingsmatige verskeidenheid gemaak word, maar hy meen dat Heyns in die konkrete historiese omstandighede waarin hy in Suid-Afrika gewerk het, die antitese tussen sy teologie en die volksteologie nie duidelik genoeg aangetoon het nie. Hy het inteendeel 'n te swaar aksent op skepping en verskeidenheid laat val. In hierdie tyd is apartheid op grond van die skeppingsverskeidenheid verdedig en die eenheid van die kerk en die gemeenskap van die heiliges is op grond daarvan afgewys (1996:92). Heyns gebruik die beeld van die pragtige kerkgebou van die Mont Martre in Parys, Frankryk, wat as simbool van die kerk daar staan en heenwys na Christus, verteenwoordigend van die vertikale verbinding met God, in terme van sy teïstiese denkraamwerk. Terselfdertyd op die horisontale leefwêreld leef die mens in sonde met geen uitsig en openheid na God nie, net soos dit ook aan die voet van die Mont Martre gaan, waar die heidense kultus in die nagklubs rondom die naakte liggaam bloei. Die kruis van Jesus op Golgota moet volgens hom in verband gebring word met die lewe aan die voet van die Mont Martre. As die lig vanaf Golgota daarop val kan die verdorwenheid van die lewe eers gesien word. Hierdie blik na bo is nie alleen nodig omdat God die Skepper van die lewe is nie, maar ook omdat Hy die Herskepper is. Net Hy kan daarin 'n radikale nuutheid bring. "Uit die lewe opkyk na Christus, en van Hom af terugkyk na die lewe - dit is die grondbeginsels van die Christelike lewensbeskouing. In 'n hoofgevolgtrekking sê Heyns ons moet die konsekwesie van die geloof vir elke lewensterrein gaan insien en daarvolgens leef (1957:34-37). Dit is juis op hierdie punt dat Jonker soos reeds aangedui, van mening is dat Heyns as gevolg van sy wysgerige agtergrond nie krities genoeg teenoor die volksteologie gestaan het nie. In 'n publikasie in 1957 van die Nasionale Party[16], tien jaar nadat die party se verkiesingsmanifes van 1947 die lig gesien het, hou die party die vordering aan sy kiesers voor, wat in die tien jaar tussen die bogenoemde twee datums ten opsigte van die implementering van apartheid gemaak is. Die formulering van die doelstellings met apartheid word in die publikasie met die titel: "Apartheid: Is Beloftes Uitgevoer?", uiteengesit:

---

[16] Waardering word in die publikasie uitgespreek vir dr H F Verwoerd, minister van Naturellesake, wat die Nasionale Party se manifes van 1947 stap vir stap uitvoer. Dit word 'n "geweldige prestasie" genoem.

> "(*a*) die handhawing en beskerming van die blanke bevolking van Suid-Afrika as 'n suiwer blanke ras, en
>
> (*b*) die handhawing en beskerming van die inheemse rassegroepe as aparte volksgemeenskappe met moontlikhede om in eie gebiede te ontwikkel tot selfversorgende volkseenhede, en
>
> (*c*) die aankweking van nasionale trots, selfrespek en wedersydse agting by die verskillende rasse van die land." (Malan 1957:1).

Nie een van die bogenoemde doelstellings het waarskynlik by Heyns 'n wenkbrou laat lig nie, daar is nêrens 'n aanduiding dat hy hom op hierdie stadium hoegenaamd krities teenoor die apartheidsbeleid of teenoor die owerheid uitspreek nie. Kinghorn wys op die aanduidinge van die opregte bedoelings wat in die voorspraak vir 'n apartheidsbeleid in kerk en staat gelê is, veral in die veertiger en vyftigerjare. Dit was die bron van 'n opregte poging om aan gelykheid en geregtigheid gestalte te gee in die vorm van sosiale strukture. Telkemale is gewag gemaak van die eise en die opofferings wat blankes sou moes maak ten einde die ideaal van apartheid te bereik, die ideaal van reg, geregtigheid en 'n vredevolle samelewing (1986:169). 'n Verdere aanduiding van die goeie bedoelings is die woorde:

> "dat apartheid op so 'n manier toegepas moet word, dat elke ras se karakter en toekoms beskerm en veilig sal wees met volle geleentheid van ontwikkeling binne eie gebiede sonder dat die belange van een met die van die ander in botsing kom en sonder dat die een die bestaan en ontwikkeling van die ander as 'n bedreiging vir homself aanvoel" (Malan 1957:1,2).

Die werklikheid was egter nie so eenvoudig nie. Deur wetgewing[17] sedert 1913 en 1936 is die reg op besit en okkupasie van vaste eiendom wat swartmense betref, tot minder as 14% van die grondgebied van Suid-Afrika beperk, terwyl dieselfde groep se bevolkingspersentasie gedurende 1920 tot 1980 van 68% tot 72% gegroei het. 'n Verdere ekonomiese gevolg was dat die blanke deel van die bevolking, wat gedurende dieselfde

[17] Naturelle Grondwet 1913 en Naturelle Trust- en Grondwet 1936.

tydperk hierbo genoem van 22% tot 16% gekrimp het, daarin geslaag het om ongeveer driekwart van die van die totale persoonlike inkomste in die land te verkry. Daarteenoor was die swartes se aandeel minder as 'n vyfde (Groenewald 1986:20,21). Die ooglopende ongelykhede in terme van getalle en syfers in die Suid-Afrikaanse konteks is om ewe ooglopende redes deur die regering verswyg, aangesien dit hul verkiesingspropaganda aan die kiesers heel anders daar sou laat uitsien. Wat aan die blankes in Suid-Afrika voorgehou was, was byvoorbeeld die vir hulle mooiklinkende paragraaf:

> "Die blanke ras sal doeltreffend beskerm word teen enige beleid, leerstelling of aanslag wat sy voortbestaan ondermyn of in gevaar stel. Enige beleid van onderdrukking en uitbuiting van die nie-blanke deur blankes word aan die ander kant verwerp as strydig met die Christelike grondslag van ons volkslewe."

Waar dit verder op dieselfde bladsy oor die "Christelike grondslag" handel, kom die volgende paragraaf voor wat in terme van die toepassing van wetgewing, die sogenaamde kerkklousule van 1957 (Lombard 1981:240) teenstand by sommige kerke uitgelok het. (Die gedeelte oor die kerke wat met donkerdruk beklemtoon word kan kwalik anders as 'n bedekte waarskuwing geïnterpreteer word):

> "Nie-blankes moet gelei word om die Christelike godsdiens as grondslag van hul lewe te aanvaar. Kerke sal hierin bygestaan word. Maar kerke en genootskappe wat die beleid van apartheid ondermyn en volksvreemde beskouings propageer sal daarin teengegaan word."

'n Verdere paragraaf lui dat gemengde of naturelle byeenkomste binne blanke gebiede insluitende dié deur kerke gereël, wat tot oorlas of steurnis van die blanke gemeenskap in die omgewing lei, kan in samewerking met die plaaslike owerhede teengegaan word (Malan 1957:2,12). Ten opsigte van die toepassing van die verbod op gemengde byeenkomste, nie net in die kerk as samelewingskring nie, maar ook in ander kringe bestaan daar ongetwyfeld wat die bogenoemde voorbeelde aanbetref, 'n verbreking van die Calvinistiese beginsel van soewereiniteit in eie kring, waaroor Heyns saam met talle ander so hoog opgegee het. Instansies soos die *Christenraad van Suid-Afrika* het dadelik protes aangeteken, en die *Church of the Province of South Africa,* wat heelwat swart afgevaardigdes na sy sinodesittings toe gestuur het, het verklaar dat dit 'n verkragting van godsdiensvryheid is. In 'n skrywe aan die Eerste Minister sê die biskoppe: "we should

ourselves be unable to obey it or to councel our clergy and people to do so." Die Federale Raad van die Ned Geref Kerk het in oorleg met die Federale Sendingraad 'n afvaardiging[18] na die Minister van Naturellesake te stuur. In agt punte het hulle 'n verklaring opgestel waarin hulle dit as die plig van die staat ag om as dienaar van God in die uitvoering van sy goddelike roeping volle vryheid te laat en die soewereiniteit van die kerk op sy eie terrein te eerbiedig. Dr Verwoerd het gereageer deur te wys op die moeilike posisie waarin die regering verkeer, veral vanweë die feit dat hulle van mening was dat die Engelse kerke drukgroepe vorm en godsdiens misbruik om sosiale integrasie af te dwing. Uiteindelik het die regering voortgegaan met die wetgewing en die afvaardiging het hul beginselstandpunt prysgegee om die regering tegemoet te kom. Hierdeur het die Ned Geref Kerke onder ernstige kritiek deurgeloop (Lombard 1981:165-169). Billikheidshalwe moet gesê word dat die kwessie van gemengde kerklike byeenkomste oor 'n enkele faset van 'n totale stelsel gehandel het. Dit is duidelik dat die stelsel van apartheid deur sy voorstanders as 'n eerlike poging gesien was om vir die blanke in Suid-Afrika, afkomstig uit Europa met sy Calvinistiese waardestelsel, 'n permanente toekoms in Afrika te verseker. In die lig van ander moontlikhede en opsies om te oorweeg en in die lig van ontwikkelinge in die res van die wêreld het die keuse op apartheid geval, nadat aandag aan verskeie moontlike alternatiewe geskenk is. Die bogenoemde opmerkings word hierna deur 'n bespreking van enkele aspekte van dr Verwoerd, wat intussen Eerste Mininster van Suid-Afrika geword het, se toespraak in die Volksraad op 20 Mei 1959 in verband met die Wetsontwerp op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur gemotiveer. Die titel van die toespraak was: "*Die Keuse: Rasvermengde Vaderland of Blanke Suid-Afrika?"* Hy lewer dit in die vorm van antwoorde op elf stellings van die leier van die opposisie, Sir De Villiers Graaff.[19] Die kruks van die saak word in die slotparagraaf vervat:

---

[18] Die afvaardiging van die Federale Raad van Ned Geref Kerke het bestaan uit: drr AJ van der Merwe, JD Vorster, FE O'B Geldenhuys, di AGE van Velden, WA Landman, JS Gericke, prof Jac J Muller, en namens die Federale Sendingraad, prof GBA Gerdener, di JG Olivier en PES Smith.

[19] Die elf stellings van die Verenigdse Party is die volgende: "1. Bantoe-regte word ontneem sonder iets in ruil daarvoor. 2. Die bantoe binne blanke gebiede kry geen regte nie. 3. Die toesig oor bantoe-gebiede is onversoenbaar met idees van die Westerse beskawing. 4. Die skepping van aparte gebiede vir die Bantoe (Bantoe-state) is verkeerd en sleg. 5. Die regering se optrede openbaar gebrek aan vertroue in die blanke se leierskap. 6. Aparte bestuursgebiede is nou onmoontlik. 7. Die Regering verander nou die Kaart van Suid-Afrika. 8. Die land se ekonomie word bedreig. 9. Die getalsterkere volksdeel besit die minste grond. 10.

> "Die Nasionale Party se standpunt is die van te strewe na 'n permanente blanke Suid-Afrika, watter gevaar dit ook al mag bedreig, met gereedheid tot die ontwikkeling van gebiede waarin die Bantoe-beheer kan toeneem onder leiding van die blanke as voog, en met die verstandhouding dat selfs al sou dit lei tot Bantoe-selfstandigheid, dit deur staatsmanswysheid beoog word om te sorg dat daardie ontwikkeling in so 'n gees en op so 'n wyse sal plaasvind dat vriendskap moontlik sal bly hoewel sonder dat die blanke ooit onder enige vorm van Bantoebeheer sal verkeer, hetsy in federale of in uniale vorm. Dit is die keuse." (Malan 1959:23,24).

Teenoor hierdie weg wat die regering ingeslaan het staan die aanhaling uit die *"London Observer"* van 8 Februarie 1959:

> "The wiser answer is that the white man has a place in Africa only if he accepts the principle that in the end the African majority must and will rule." (1959:21)

Deurgans is dit duidelik dat daar 'n onderliggende vrees vir oorheersing en ondergang, wat met getalle te doen het, by die meeste blankes was en wat voortdurend in argumente na vore gekom het wat deur die formuleringe van die Nasionale Party vir die meerderheid van die blankes in Suid-Afrika verwoord is. Volgens dr Verwoerd berus demokrasie in die hande van getalle soos die wêreldgeskiedenis bewys. "Dis getalle wat op die ou end heers - hoog of laag, arm of ryk, swart of wit....." (1959:12)

> "As daar enige nasie ter wêreld is wat bereid sou wees om op hierdie wyse sy land van hom te laat roof deur diegene aan wie hy net goed gedoen het en aan wie hy wou werk gee, dan sê ek ons aan hierdie kant is nie bereid om saam met die Verenigde Party die hensoppers te wees wat hul land afstaan aan 'n bloedlose verowering nie." (1959:13).

'n Laaste aspek waaraan daar in die lig van ons tema op hierdie stadium aandag gegee word, is die vraag of dit moreel regverdigbaar is dat, soos die amptelike opposisie dit gestel het - "80 persent van die bevolking (die bantoe) 13 persent van die land sal hê". Die Eerste Minister antwoord soos volg:

---

Blanke leierskap moet op morele kwaliteite behou word. 11. Suid-Afrika moet 'n gemengde staat met 'n veelrassige volk word." (Malan 1959: 4).

> "Elkeen van die groepe, blanke en swart, bewoon immers die gebied wat hy beset het. As dié argument enige geldigheid het, dan beteken dit dat diegene wat 'n getalleminderheid het in enige deel van die wêreld voortdurend grond moet afgee aan die buurman wat na verhouding tot sy getalle minder het." (1959:17).

Uit die trant van dr Verwoerd se argumentvoering is dit duidelik dat daar ten opsigte van die ondersteuners van die Nasionale Party 'n algemene morele selfregverdiging ten opsigte van die implementering van apartheid as praktiese politieke stelsel was. Hierdie morele selfregverdiging het op argumente soos hierbo aangehaal berus, sonder dat daar krities na die regverdige toepassing in die daaglikse praktyk gekyk is.

In 'n algemene beoordeling van die bogenoemde argumente is dit belangrik om Heyns se posisie hierteenoor te probeer bepaal. Met die kennis wat ons tot nou toe oor Heyns opgedoen het kan begryp word dat hy nie op hierdie stadium kritiese geluide teenoor die beleid van apartheid sou laat hoor nie. Hy was die lojale tipe, wat in 'n huis met 'n sterk nasionalistiese inslag grootgeword het. Hy was teen die begin van 1959 maar dertig jaar oud, ses jaar in die bediening in sy eerste gemeente, en dit was duidelik dat hy besig was om hom op akademiese gebied te vestig. Hy was byvoorbeeld besig met die verduideliking van sy eerste proefskrif[20] asook om met Europese teoloë soos Barth en andere dogmatiese en filosofiese diskussies te voer, soos blyk uit sy boek oor Barth in 1955 en sy artikels in die Gereformeerde Vaandel om maar enkeles te noem.[21] Ook was Heyns voltyds in die gemeente besig met sy bediening en het die gemeente intussen 'n nuwe kerkgebou opgerig.[22]

---

[20] Die Modalisties-monargiaanse of prosoponele triniteitsbeskouing in: Gereformeerde Vaandel 24(1): 3-9.

[21] Enkele gedagtes oor die antropologie van Karl Barth. Die Gereformeerde Vaandel. September 1954. 23(3): 22-29. Karl Barth. Wie is hy en wat wil hy? Bloemfontein, Sacum. (1955). Die Triomf van genade in die teologie van Karl Barth. Die Gereformeerde Vaandel. Maart 1956. 25(1):11-21. Die Kerkbegrip van Karl Barth. Die Gereformeerde Vaandel, Oktober 1956. 25(3): 5-11. Die onsterflikheid van die siel: Enkele beskouinge. Kaapstad: NG Kerkuitgewers (1959).

[22] Dit is betekenisvol dat dié kerkgebou die aandag getrek het deurdat die kerkraad en argitek van heelwat simboliek gebruik gemaak het, anders as wat tot op daardie stadium in 'n tipiese kerkgebou van die Ned Geref Kerk die geval was. Heyns verduidelik dat dit beter is om die Woord te hoor, maar ook te sien deur simbole, sodat die mens uiteindelik beter verstaan, - "want ons wil beter verstaan." (Heyns 1960a:18). Dit is nie toevallig dat dit juis die Ned Geref Gemeente Ysterplaat was, wie se nuwe kerkgebou soveel aandag getrek het nie, die invloed van Heyns as die leraar kan nie geringskat word nie.

Heyns het dit wel op hierdie stadium gewaag om kritiese geluide ten opsigte van die regering te laat hoor, hoewel nie oor die apartheidsbeleid as sulks nie. Na afloop van die Geloftefeesvieringe van 16 Desember 1958 skryf hy in *Die Kerkbode* dat dit 'n verkeerde ding is om party-politieke sprekers vir Geloftefeesgeleenthede te nooi. Dit is volgens hom 'n propagandistiese opset wat totaal vreemd is aan die bedoeling van die dag, want "dit het immers gegaan om 'n gelofte wat aan God gemaak is." Die godsdienstige aspek van die dag word in die skadu gestel deur toesprake wat handel oor "kleur en ras, bloed en bodem, vooruitgang en nasionale aspirasies." Die direkte gevolg hiervan sê Heyns, is dat die oorwinning van Bloedrivier al hoe minder gesien gaan word as 'n oorwinning van die Christendom oor die heidendom[23], terwyl die implikasies daarvan vir die nasionale lewe al meer beklemtoon word. Verder vra hy die vraag wat gedoen word om aan swartmense te verduidelik dat Geloftedag nie die viering van van 'n militêre oorwinning van die blanke voorvaders oor die swartes se voorvaders is nie, want as dit nie gedoen word nie..., "sal die dag ooit aanbreek waarop die Bantoe ook Geloftedag kan vier?" Volgens Heyns is dit tog een van die doelstellings waarop afgestuur moet word (1959:90-91). Hierdie kritiek van Heyns was moontlik deur homself as 'n oefenlopie beskou, om die politici aan regeringskant te kritiseer en te kyk wat gebeur. Sy opmerking oor die doelstellings dat swartes uiteindelik ook Geloftedag sou kon vier kan teen 1959 as uiters progressiewe denke van sy kant af bestempel word.

Min of meer 'n jaar later skryf Heyns 'n insiggewende artikel in *Die Kerkbode* oor die belangstelling wat oorsese westerse leiers en lande in Afrika toon. Hy stel dit dat die belangstelling vanuit die buiteland hoofsaaklik om nie-blanke nasionalisme draai, as 'n strategiese proses wat 'n groot invloed het op die stryd tussen die Weste en die Ooste, wat as die sogenaamde "koue oorlog" bekend geword het. Hy spreek 'n aantal punte van kritiek hierteen uit deur eerstens te sê dat die soort politieke beleid van Westerse leiers nie eerlik met Afrikalande is nie, omdat laasgenoemde se belange ter wille van 'n groter konstruksie van wêreldpolitiek opgeoffer word. Die tema van nasionale vryheid word

[23] Vergelyk Heyns se opmerking in die lig van A Kuyper se siening oor Christelike en heidense lande soos vroeër in die hoofstuk bespreek.

uitgebuit omdat dit die emosie van 'n volk op 'n gevoelige wyse kan raak. So 'n beleid kan vanweë die oneerlikheid daarvan op die langeduur nie slaag nie. Tweedens meen Heyns dat die voortbestaan van die Christendom op die spel geplaas word. In hierdie sin beskou hy die keuse wat westerse lande vir die nie-blanke nasionalisme maak as 'n bedreiging vir die Christendom want eersgenoemde bestempel in sy wese as heidens, terwyl die Westerse beskawing vanuit die Christendom as diepste wortels opgekom het hoewel hy die laasgenoemde twee aspekte nie as sinonieme beskou nie. Dit voel vir hom asof die Weste die Christendom aan die heidendom uitlewer. Hierteen voel Heyns moet die kerk protesteer, anders kom dit op roepingsversaking neer. Waar dit oor die stryd tussen die Weste en die Ooste gaan, vra Heyns waarom die Weste sy bondgenote onder heidene gaan soek in sy stryd teen die kommunisme? Op hierdie punt hoor ons weer iets vars van Heyns, gegewe die feit dat hy dit in 1960 skryf. Hy sê die kerk is geroep om te protesteer want dit gaan oor die heerskappy van God en daarom die heerskappy van diegene wat Hom vrees en dien. Dit gaan nie oor "blanke heerskappy" nie, "die kerk is nie aan kleur of taal of ras gebonde nie, maar hy is wel gebonde aan die saak van Christus op aarde - en dié saak is (gelukkig!) nie net tot die blankes beperk nie." Ten opsigte van hierdie saak gebruik Heyns die term dat die kerk sy "profetiese stem" moet laat hoor (1960:294-296). Dit is duidelik dat Heyns hier op internasionale tendense en makrosisteme gefokus was en gevolglik soms uitsprake gemaak het wat nie in lyn was met die heersende politieke klimaat en dag-tot-dag praktyke in die Suid-Afrika van daardie tyd nie. Hiervan getuig aanhaling soos hierbo. Dat dit sommige omgekrap het was te verstane en daarom ook die feit dat Heyns later deur sommige as liberaal gebrandmerk is.

Teen die einde van 1960 ontvang Heyns 'n beroep na die Ned Geref Gemeente Rondebosch as studenteleraar en lewer hy sy afskeidspreek in Ysterplaat. Aan die hand van 1 Kor 4:7 vergelyk hy homself soos Paulus met die kleipot wat relatief goedkoop en breekbaar is, maar die waardevolle skat van die evangelie wat direk van God kom huisves en verkondig (Heyns 1960a:1).

Die skuif na Rondeboschgemeente het nuwe intellektuele eise aan Heyns gestel. Baie van die studente van die Universiteit van Kaapstad, sowel as baie van hulle dosente was

lidmate van die gemeente. Ook het verskeie van die land se politici aan die gemeente, geleë in hierdie elite-woonbuurt, behoort. Onder diegene wat as Heyns se lidmate getel het, was dr Verwoerd, adv John Vorster en mnr PW Botha en hulle gesinne (Landman 1996:353). Hierdie nuwe uitdaging het vir Heyns beteken dat hy die aktualiteit van die evangelie op sosiale, ekonomiese en veral politieke gebied moes uitspel (Meiring 1994:178). Dat hy 'n aanvoeling vir hierdie verantwoordelikheid gehad het word duidelik wanneer hy sy intreepreek uit 2 Timoteus 2:14-26 op 4 Desember 1960 lewer. In die betrokke Skrifgedeelte gaan dit oor Paulus wat vanuit die tronk vir die jong Timoteus raad gee oor sy bediening. Heyns pas dit op homself en sy nuwe gemeente toe as hy in die preek sê dat in dié besondere werkkring waarin hy hom nou bevind, kan mens maklik verlei word om aan nuttelose strydvrae deel te neem, maar hy sien dit as sy taak om die Woord so te hanteer dat elkeen voedsel ontvang. As dit oor die inhoud van die prediking handel, spreek Heyns die voorneme uit om die gemeente aan die "dood en opstanding van Jesus Christus" te herinner, aan sy "soenverdienste" en aan die "herstel van (die) verhouding met God....". Hy sluit af met: "Dit sal die inhoud van die prediking moet wees.... dit sal (die) gemeente moet verwag..... dit verwag God!" (Heyns 1960b:1). Of Heyns, nou 32 jaar oud, instaat sou wees om op hierdie stadium die volle implikasies van die evangelieboodskap, veral ten opsigte van geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing vir die politici en andere te kon uitspel, is te betwyfel. Nuwe insigte in hierdie verband sou eers heelwat later by hom na vore kom. 'n Mens sou egter met groot vrymoedigheid kon sê dat sy lewensingesteldheid en opregte soeke na die waarheid hom gehelp het om ook hier sy roeping ernstig te benader en met die lig tot sy beskikking die Woord onvervals aan die mense te bring.

Drie dae na Heyns se ontvangs in Rondeboschgemeente, het die omstrede Cottesloeberaad van 7 tot 14 Desember 1960 plaasgevind. Dit was 'n beraad van die lidkerke van die Wêreldraad van Kerke (hierna genoem WRK) in Suid-Afrika, waarvoor die algemene sekretaris, dr W A Visser 't Hooft en dr R S Bilheimer, gesant van die WRK vir Suid-Afrika na Johannesburg gekom het (Lombard 1981:213). Hierdie beraad was 'n belangrike gebeurtenis en van so 'n aard dat Strauss opmerk dat kerkhistorici met 'n belang in die ekumene van die Ned Geref Kerk en van ander kerke in Suid-Afrika nie

volledig sal wees, as hulle aan die invloed hiervan verbygaan nie (1989:161). Die beraad is georganiseer na aanleiding van 'n reeks opstande en onluste wat vroeër in 1960 op verskeie plekke in Suid-Afrika plaasgevind het. Hiervan was die Sharpville-voorval die bekendste toe 69 swartes wat deel van 'n optog uit protes teen die pasboekstelsel deur die polisie in Sharpville naby Vereeniging doodgeskiet is. Hierdie opstande is deur die *Pan Africanist Congress* (hierna genoem PAC) georganiseer terwyl die *African National Congress* (hierna genoem ANC) op sy beurt ewe hard georganiseer het. Die eerste noodtoestand sedert die Randse stakings van 1922 is op 30 Maart 1960 deur die regering afgekondig en die genoemde organisasies is verbode verklaar (Lombard 1981:192). Die sekretariaat van die WRK het met die agt lidkerke[24] in Suid-Afrika begin korrespondeer oor die moontlikheid van 'n konferensie sodat die lidkerke mekaar se standpunte beter kon begryp en deur gesprek waar moontlik tot konsensus kon kom oor aspekte van die Suid-Afrikaanse bevolkingsproblematiek.[25] Na afloop van die beraad is 'n gesamentlike verklaring uitgereik met as inleiding in die eerste deel, die volgende:

> "We have met as delegates from the member churches in South Africa of the World Council of Churches together with representatives of the World Council itself, to seek under the guidence of the Holy Spirit to understand the complex problems of human relationships in this country, and to consult with one another on our common task and responsibility in the light of the Word of God. Our worship, Bible study, discussion and personal contacts have led us to a heightening appreciation of one another's convictions and actions. Our next task will be to report to our several churches, realising that the ultimate significance of our meeting will consist in the witness and decisions of the churches themselves in consequence of these consultations."

Hierdie laaste sin van die bogenoemde aanhaling is veelseggend, gegewe die wyse waarop die Ned Geref Kerke, soos later bespreek sal word, gereageer het. Die verklaring

---

[24] Bantu Presbyterian Church of South Africa; Church of the Province of South Africa; Congregational Union of South Africa; Methodist Church of South Africa, Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Ned Geref Kerk); Ned Geref Kerk van Transvaal; Ned Herv Kerk van Afrika; Presbyterian Church of South Africa (Lombard 1981:201).

[25] Daar was vyf aspekte: Historiese agtergronde van die rassesituasie in Suid-Afrika; Skrif en rasseverhoudinge; die kerk en die kontemporêre geskiedenis; die noodtoestand in Suid-Afrika; die getuienis van die kerk ten opsigte van geregtigheid, sending en samewerking (Kinghorn 1986:118).

wat deur meer as 80% van die afgevaardigdes goedgekeur is, het uit drie dele bestaan, naamlik deel een - inleidend; deel twee - sewentien stellinge hoofsaaklik met betrekking tot die rol van die kerk in Suid-Afrika ten opsigte van rasseproblematiek; deel drie - tien paragrawe oor verskillende onderwerpe in verband met die kerklike en daaglikse lewe van verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (Lombard 1981:274-278). In sy 1961 nuwejaarstoespraak as Eerste Minister het dr Verwoerd op die verklaring van die beraad gereageer met die woorde: "In feite het die kerke nog nie gepraat nie. Die stem van die kerk moet nog gehoor word en wel op hul sinodes waarop lidmate sowel as predikante teenwoordig sal wees." (Kinghorn 1986:119). Alhoewel hy versigtig gereageer het, was sy reaksie ooglopend negatief en het hy waarskynlik op die Ned Geref Kerke gesinspeel, wat later in 1961 sinodevergaderinge sou hou (Strauss 1989:149). In *Die Kerkbode* van 1 Februarie 1961 het Heyns egter per brief gereageer. Vir die doel van hierdie studie gaan ons op sy kritiek in.

Heyns onderskei drie aspekte wat hy in sy kritiek behandel. Eerstens die *toekomsaspek*. Dan is daar tweedens die *formele aspek* en derdens die *materiële aspek*. Ten opsigte van die *toekomsaspek* vra Heyns die vraag of 'n beoogde Suid-Afrikaanse Konferensie van die WRK as liggaam, wat sal dien vir beraadslaging en skakel met die WRK en ander ekumeniese organisasies in Suid-Afrika self, 'n noodsaaklikheid en 'n gewensdheid is. Hy baseer sy vraag op die argument dat dit vir die Ned Geref Kerke, wat op die vooraand van 'n sinodale vereniging staan, probleme gaan veroorsaak. "Daar moet onthou word dat drie van ons kerke (Natal, O.V.S. en S.W.A.) nie lid is van die WRK nie." Hy meen die genoemde drie kerke sal nie in so 'n voorgestelde organisasie kan of wil saamwerk nie. Verder vra hy die vraag, as 'n organisasie soos voorgestel in die lewe geroep word en bly voortbestaan, veral omdat dit "van buite ons land en kerk geïnisieer" word, of daar ooit op Suid-Afrikaanse bodem 'n ekumeniese organisasie tussen kerke op Gereformeerde grondslag sal kan ontstaan. Heyns is ook besorg dat die indruk bestaan dat die Cottesloe-afvaardiging van die Kaapse- en Transvaalse Ned Geref Kerke later in 1961 verslag moet doen wat kan beteken dat die betokke sinodes onder druk kan kom om oorhaastige besluite te neem. Daarom stel hy voor dat die sinodes slegs kennis van die verklaring neem en sy eie kommissie aanwys om ondersoek daarna in te stel en daaroor te

rapporteer. In sy motivering waarom die bogenoemde moontlikheid hom tot kommer stem, meen hy dat dit nie op die weg van die kerk lê om op elke aspek van die Cottesloe-verklaring kommentaar te lewer en besluite te neem nie, byvoorbeeld "(politieke of ander sosiale) gebeure van die dag" nie. Met 'n eg Calvinistiese standpunt sê Heyns dat die lede van die kerk moet deelneem aan die politieke lewe en kragte koördineer, 'n gemeenskaplike Christelike aksie vorm en uitsprake doen met betrekking tot gebeure van die dag, "maar die kerk mag nie as kerk ingryp met stellinge wat môre-oormôre alweer vervang moet word nie". Met 'n verdere tipies Calvinistiese beginsel maan hy dat die kerk nie ander samelewingskringe mag domineer nie, iets wat kan gebeur as die kerk hom op so 'n wyse oor sake sou uitspreek dat dit op inmenging op 'n ander samelewingsterrein neerkom. Op sy beurt moet die kerk self besluit waar, wanneer en hoe hy hom ten opsigte van homself wil en kan uitspreek en mag nie van buite af daartoe genoodsaak word om dit te doen nie (1961:158).

In 'n beoordeling van die bogenoemde kommentaar van Heyns, is dit duidelik dat hy die beraad en gebeure vanuit 'n Calvinistiese denkraamwerk beoordeel. Daar is by hom 'n afkeer ten opsigte van die WRK[26] en 'n versigtigheid om steun aan dié soort ekumeniese liggaam te verleen, waarskynlik as gevolg van 'n gebrek aan 'n konfessionele basis op grond waarvan die lidkerke met mekaar verbind is. Daarom sien hy 'n gevaar daarin as sommige van die Ned Geref Kerke 'n verbintenis met 'n Suid-Afrikaanse liggaam van die WRK sou aangaan terwyl ander nie betrokke is nie. Dit sou die eenheid van Ned Geref Kerke in gedrang bring. Verder kom dit vir hom op 'n oorskryding van die Calvinistiese beginsel neer, as die kerk die samelewing wil verkerklik en voorskriftelik wil begin

[26] Heyns haal dr C McIntire, vise-president van die Internasionale Raad van Christelike Kerke (ICCC) aan, wat die WRK bestempel as die grootste gevaar vir die kerklike lewe in Europa. "Oor die Heilige Skrif het die Wêreldraad nog nooit 'n uitspraak gegee nie en ewemin oor die betekenis van Christus se soendood aan die kruis." (Die Kerkbode 1965f:1446). Ook noem Heyns dat Prof dr Klaas Runia vanuit Australië in *Centraal Weekblad* oor die sogenaamde "Evangelicals" se standpunt oor die WRK rapporteer (opsommenderwys): (a) beswaar teen die *eenheidsidee* van die WRK wat los staan van die waarheidsvraag; (b) dat die *leuen of dwaalleer* nie meer afgewys word nie; (c) die *katoliserende tendens* wat die Protestandse karakter van die moderne ekumeniese beweging aantas; (d) *sinkritistiese tendense* wat in die kringe van die WRK aangetref word; (e) besware vanuit die WRK ten opsigte van klem op *persoonlike bekering*; (f) funksionering van die WRK as 'n soort *superkerk*; (g) *vrysinnige teologie* wat sterker funksioneer as die ortodokse of konserwatiewe teologie. Heyns vind dit 'n "interessante oorsig oor die heersende gevoel m.b.t. die Wêreldraad" wat, volgens hom, nie beteken dat daar noodwendig met al die punte saamgestem hoef te word nie (1965e:1231-1232).

optree ten opsigte van politieke en sosiale kwessies. Alhoewel hy nie op hierdie punt na iets spesifieks in die Cottesloe-verklaring verwys nie, kan aanvaar word dat die strekking van die verklaring hom genoop het om in sy kommentaar teen die bogenoemde vertrekking te waarsku. Op dieselfde trant, soos hierbo genoem, waarsku hy daarteen dat die verkeerde hantering van die afvaardiging se verslag, deur die betrokke sinodes daarop kan neerkom, dat die kerke kan toelaat dat daar van buite aan hulle voorgeskryf word wat en hoe hulle moet besluit. Bogenoemde kritiek van Heyns is vanuit 'n Calvinistiese beskouing ongetwyfeld geregverdig, maar op een punt is hy nie mooi duidelik nie. Dit is die vraag wanneer die kerk sy perke oorskry in die lewering van sy profetiese getuienis teenoor politieke en sosiale kwessies in die samelewing. Hier kom weer eens die neiging na vore, waarna Durand vroeër verwys het,[27] dat op hierdie punt 'n bepaalde interpretasie van die Calvinistiese beginsel onder bespreking daartoe gelei het dat die kerk as instituut se profetiese stem in die samelewing verstom het. Met sy kritiek op die verklaring van die Cottesloeberaad, is dit duidelik dat Heyns daaraan meegedoen het.

Ten opsigte van Heyns se kritiek oor wat hy die *formele aspek* noem, meen hy die Cottesloeverklaring is onder verdenking as gevolg van die feit dat die lidkerke wat daaraan gewerk het sulke uiteenlopende oortuiginge het, wat mekaar soms selfs weerspreek. Dit dui daarop dat die verklaring noodgedwonge die weg van 'n kompromis moes gaan. Hy vra die vraag waarom die verklaring so 'n hartlike verwelkoming en onverwagse waardering ontvang het uit rigtings wat origens positief vyandig teenoor die kerk staan. Hy meen dat om sulke uiters kontensieuse sake in so 'n bondige verklaring te hanteer, die grootste geleentheid vir misverstand skep en dan bevraagteken hy ook die motiewe waarmee die verklaring "na buite" gemaak is terwyl die doel van die samesprekings slegs was om beter onderlinge begrip vir mekaar te verkry (1961:158).

Hierdie deel van Heyns se kritiek sluit by sy kritiek in die vorige deel aan, waar hy die nut van 'n ekumeniese organisasie sonder 'n konfessionele basis bevraagteken. Dit sou daarop neerkom dat die inhoud van die verklaring oor enige saak kan handel waaroor 'n

[27] Vergelyk Durand 1988:126-128.

bepaalde groep mense op 'n bepaalde tydstip saamstem, maar dat die sake nie noodwendig verband hoef te hou met die geloofsbeginsels van die kerke wat deur daardie groep mense verteenwoordig word nie.

Heyns se derde aspek handel oor die *materiële*. In 'n eerste punt stel hy die Calvinistiese opvatting van die menslike samelewing as 'n beskouing wat veral die sosiale verbande waarin die mens lewe raaksien. Die menslike persoon word nie net bepaal as individu nie, maar ook deur die sosiale verbande waarin hy hom bevind. Hier verdedig hy "ons rassebeleid" wat by die histories en andersins gegewe *"eenheid"* van volke en rasse aansluit en wat nie net oor die individu se take, eise en regte handel nie. Laasgenoemde gaan vir hom eerder uit van 'n individualisties of liberalisties-demokratiese ideologie, en dit is ook sy kritiek teen die Cottesloeverklaring. Vir hom word die natuurlike verskeidenheid binne die eenheid van die kerk nie opgehef nie, maar slegs geheilig. Hierdie verskeidenheid is, volgens hom, juis beslissend vir die inrigting en organisasie van die kerk. In hierdie verband moet die mens nie net as individu nie maar ook as samelewingswese in berekening gebring word. Dit koppel Heyns aan die oortuiging dat God Hom nie net in sy Woord openbaar nie, maar ook in die geskiedenis. Op hierdie punt noem hy 'n paar voorbeelde ter regverdiging van wat hy noem "uitsluiting uit die kerk"[28], "die verbod op gemengde huwelike"[29] en "die kwessie van grondbesit"[30], wat deur die Cottesloeverklaring afgewys word, maar juis daarom deur Heyns beskrywe word as dat daar deur die verklaring op 'n suiwer individualistiese basis daaroor geoordeel is. Hy sluit sy argument af met die woorde - "te meer nog as uitgegaan word van die beginsel van differensiasie of eiesoortige ontwikkeling." (1961:158-159). Hier is dit duidelik dat

---

[28] Na aanleiding van deel 2/6 van die Cottesloeverklaring: "No one who believes in Jesus Christ may be excluded from any church on the grounds of his colour or race. The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common worship and witness and in fellowship and consultation on matters of common concern." (Lombard 1981:275).

[29] Na aanleiding van deel 2/10 van die Cottesloeverklaring: "There are no Scriptural grounds for the prohibition of mixed marriages. The well-being of the community and pastoral responsibility require, however, that due considireation should be given to certain factors which may make such marriages inadvisable." (Lombard 1981:275-276).

[30] Na aanleiding van deel 2/15 van die Cottesloeverklaring: "It is our conviction that the right to own land wherever he is domiciled, and to participate in the government of his country, is part of the dignity of the adult man, and for this reason a policy which permanently denies to non-White people the right of collaboration in the government of the country of which they are citizens cannot be justified." (Lombard 1981:276).

Heyns vanuit die grondhouding uitgaan dat God se openbaring in die skepping 'n bepaalde verskeidenheid daargestel het, wat hy deur middel van die Calvinistiese beskouing van eie samelewingskringe na die terrein van die kerk deurtrek en daardeur uitsluiting van ander bevolkingsgroepe regverdig. Op die terrein van die huwelik regverdig hy op dieselfde gronde die verbod op gemengde huwelike en op die terrein van die ekonomie regverdig hy differensiasie in terme van grondbesit. Om die kroon te span regverdig hy differensiasie, of eiesoortige ontwikkeling as politieke beleid op grond van dieselfde beginsel.

In 'n tweede punt verwys hy na die verklaring wat lui dat die ganse kerk moet saamwerk met betrekking tot sendingwerk en dat die kerk as liggaam van Christus 'n eenheid is.[31] Hier reken Heyns dat die eenheid van die kerk, en nie die Woord van God vooropgestel word nie en dat dit nie rekening hou met die sondige verskeurdheid van die kerk van Christus nie. Hy wonder of dit steeds vanuit 'n Skriftuurlike kerkbegrip uitgaan. (1961:159). Op hierdie punt wil dit voorkom asof Heyns die ondenkbare kies om liewer die sondige verskeurdheid van die kerk as deel van sy kerkbegrip te aanvaar, as die eenheid van die kerk soos deur die verklaring ten opsigte van die gemeenskaplike taak van sendingwerk verstaan. Hierdie verrassende verdraagsaamheid teenoor die "sondige verskeurdheid" kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat sy denkraamwerk ten opsigte van die verskeidenheid binne die eenheid van die kerk hom nie toegelaat het om die Cottesloeverklaring op hierdie punt gelyk te gee nie. In hierdie verband is die vraag van Jonker, soos in hoofstuk een behandel, veral relevant: "Het Heyns se denke vanuit die skepping hom nie verhinder om van die begin af krities genoeg teenoor die volksteologie te wees, wat so lank in die Afrikaanse kerke amok gemaak het nie?" (1994:20).

In 'n derde punt vra Heyns die vraag of die kerk hom mag uitspreek oor praktiese politieke aangeleenthede. Weer noem hy 'n aantal voorbeelde soos wat dit in die Cottesloeverklaring voorkom. Hy vra byvoorbeeld of daar met iets soos

[31] Na aanleiding van deel 2/8 van die Cottesloeverklaring: "The whole Church must participate in the tremendous missionary task which has to be done in South-Africa, and which demands a common strategy." (Lombard 1981:275).

werkreservering[32], sosiaal-eties gesien in beginsel werklik iets verkeerd is, as daar vir diegene wat van werk uitgesluit is elders voorsien word? Kan daar verder inderdaad beweer word dat grondbesit (vergelyk voetnota) as 'n aangebore individuele mensereg beskou moet word? Die uitdrukking "reg tot medeseggingskap in die regering" (vergelyk voetnota) bestempel hy as deur-en-deur die aanvaarding van 'n liberalisties-demokratiese staatsvorm. Ter ondersteuning van sy stelling betoog Heyns dat ander staatsvorme, soos byvoorbeeld 'n teokratiese-, patriargale-, feodale-, monargistiese- staatsvorme en selfs 'n diktatuur in 'n noodgeval (state wat individuele stemreg nie ken nie), ook Christelike state kan wees as die Skriftuurlike beginsel van reg en geregtigheid daar gehandhaaf word. (1961:159).

In beoordeling van hierdie derde en laaste deel van Heyns se kritiek naamlik die materiële aspek is dit duidelik dat hy daarvan oortuig is dat die apartheidsbeleid van die regering op reg en geregtigheid gebaseer is en dat dit méér Skriftuurlik is as byvoorbeeld 'n liberalisties-demokratiese staatsvorm wat, volgens hom, as grondslag vir die Cottesloeverklaring gedien het. In terme van sy kritiese ingesteldheid teenoor teoloë, denkers en filosowe van die Verligting van die 17de en 18de eeue, was hy daarvan oortuig dat die Calvinisme daarteenoor die suiwerste Skriftuurlike lewens- en wêreldbeskouing was en dat die apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regering in die konteks van Suid-Afrika die logiese vergestalting van die Calvinistiese denksisteem was. Vandaar ons vroeëre opmerking dat Heyns self ook as 'n neo-Calvinis bestempel kon word.

Heyns se denke was grootliks in lyn met die algemene denke op hierdie stadium in die res van die Ned Geref Kerk. Dit blyk duidelik wanneer die Transvaalse Sinode in April 1961 en die Kaapse Sinode in Oktober 1961 die besluite van die Cottesloeberaad in geheel afkeur. Die twee Sinodes het elk ook besluit om uit die WRK te tree (Lombard 1981:232, 234, 237, 239). In 'n brief van die Kaapse Ned Geref Kerk verduidelik dr J L de Villiers die sinode se Ekumeniese Studiekommissie se interpretasie van die sinodebesluit ten

[32] Na aanleiding van deel 2/13 van die Cottesloeverklaring: "The present system of job reservation must give way to a more equitable system of labour which safeguards the interest of all concerned." (Lombard 1981:276).

opsigte van die versoek om steeds met die WRK te korrespondeer. Dit het behels dat die kerk steeds die publikasies en inligting met betrekking tot die studieprojekte van die WRK wou ontvang. Daarvoor sou steeds voortgegaan word om die intekengelde van die publikasies te betaal. Ook was daar die onderneming om die WRK oor ekumeniese studies wat deur die kerk onderneem word in te lig (1962:1).

Tydens die bespreking van die Sendingverslag op die Kaapse Sinode van 1961 is melding gemaak dat die Sinode se besluite oor die Cottesloeverklaring die spanning in die Sendingkerke aansienlik verhoog. Die Sinode het 'n tydelike kommissie aangewys om die gevolge van sy besluite oor Cottesloe vir die kerk se sendingwerk te ondersoek. Heyns is saam met ander naamlik di I Viljoen, G Bam, J S Gericke, A J van Wijk en drr A P Treurnicht en J D Vorster op hierdie kommisie benoem. Die kommissie het 'n verskil van mening gehad oor die vraag of die Sinodebesluite vir politieke interpretasie vatbaar was. 'n Meerderheidsverslag, onderteken deur al die kommissielede behalwe Heyns, Bam en Van Wijk, is deur die sinode aanvaar. Die argumentvoering was dat die saak waaroor die kommissie verskil het, naamlik of daar deur die sinode oor 'n politieke saak, naamlik die beginsel van differensiasie waarop apartheidswetgewing gebaseer was, 'n uitspraak gemaak het, is deur die meerderheidsverslag afgemaak deur die verduideliking dat die sinode hom slegs oor die beginsel maar nie oor praktiese politiek uitgespreek het nie. Heyns het saam met Bam en Van Wijk hul minderheidsverslag ten opsigte van punt 2b van die Sinodebesluit ingedien wat gelui het dat alle besluite van die Cottesloeverklaring wat in stryd is met die idee van differensiasie verwerp word. In sy besluit het die Sinode gesê dat Cottesloebesluite wat oor grondbesit, medeseggingskap in die regering en direkte verteenwoordiging vir kleurlinge handel politieke integrasie bepleit. Die besluite wat oor die openbaring van geestelike eenheid en oor gemengde huwelike handel, bepleit volgens die sinode weer kerklike integrasie. Heyns-hulle se minderheidsverslag het aangetoon dat die Sinode se uitspraak wel as 'n politieke uitspraak geïnterpreteer kan word en dat dit op 'n teenstrydigheid neerkom, wat direk vir die verhoogde spanning in die sendingkerke verantwoordelik was (Lombard 1981:237,238). Heyns het waarskynlik hierdie minderheidsverslag onderteken omdat hy besef het dat die Sinode hier dieselfde fout begaan het as waaroor hy, soos hierbo bespreek, die Cottesloeverklaring gekritiseer

het, naamlik dat kerklike uitsprake oor politieke en sosiale kwessies 'n oorskryding van die kerklike terrein as samelewingskring is. Dit bevestig hy wanneer hy oor die Kaapse Sinode van 1961 in die Ned Geref Teologiese Tydskrif skryf en hy dit betwyfel of die meerderheidsverslag wat deur die Sinode aanvaar is, punt 2(b) enigsins "helderder gestel" het. Die volgende aanhaling maak Heyns se argument duidelik:

> "Soos ons gesien het, bepaal punt 18[33] van die Cottesloe-beraad dat daar in beginsel geen beswaar kan wees teen direkte verteenwoordiging van die Kleurlingbevolking in die Parlement nie. En dit word nou in die sinode se besluit van 2 (b) as politieke integrasie verwerp. Die konklusie hieruit is o.i. glashelder: Kleurlinge mag nie direk in die Parlement verteenwoordig word nie - dit is politieke integrasie. Maar nou sou ons nog verder kon gaan: Integrasie word as die direkte teendeel van differensiasie gesien. Differensiasie is, volgens 1 (b), Skriftuurlik, dus is integrasie (ook politieke integrasie) nie-Skriftuurlik nie; direkte Kleurlingverteenwoordiging is integrasie, lg. is nie-Skriftuurlik nie, dus is direkte Kleurlingverteenwoordiging in die blanke Parlement ook nie-Skriftuurlik nie. Indien hierdie afleiding korrek is, dan het die sinode 'n spesifiek politieke uitspraak gelewer - *wat hy volgens 2 (c) juis nie wou doen nie.*"

Heyns vra nou verder: "Mag die kerk as instituut hom by wyse van sinodale besluite verbind aan 'n bepaalde politieke konstruksie?" Deur middel van verdere retoriese vrae stel Heyns die standpunt dat 'n uitspraak deur die geïnstitueerde kerk, dat kleurlinge nie verteenwoordig mag word nie, net so *ultra vires* en 'n oortreding van die beginsel van soewereiniteit in eie kring is, as wanneer die kerk sou beweer dat kleurlinge in die parlement direk verteenwoordiging móét ontvang. Volgens Heyns gaan dit hier oor politieke uitsprake wat die kerk aan iets soos 'n Christelike politieke party moet oorlaat, anders misken hy die funksie van die Christelike staatsburger en -staatsman. Formeel-logies gesien, meen Heyns dat die Kaapse Sinode met sy besluit op hierdie punt in presies dieselfde fout verval as wat die Cottesloeverklaring maak, deur van kerklike kant politieke uitsprake te maak (1961:318-319) Heyns, Bam en Van Wijk het met hul

[33] Vergelyk Lombard punt 2/16 van die Cottesloeverklaring: "(a) It is our conviction that there can be no objection in principle to the direct representation of Coloured people in Parliament. (b) We express the hope that consideration will be given to the application of this principle in the forseeable future." (1981:276).

minderheidsverslag voorgestel dat punt 2(b) gerojeer word sonder dat dit die wese van die res van die besluite sou aantas. Deur so 'n stap sou die spanning in die sendingkerke verlig kon word. Soos reeds gesê het die Sinode egter anders besluit (Lombard 1981:238).

'n Opmerking ten opsigte van die bogenoemde is noodsaaklik. Uit Heyns se kritiek op die Cottesloeverklaring sowel as die besluite van die Kaapse Sinode van 1961 is dit duidelik dat hy krities ondersoekend te werk gegaan het. Hierin was hy natuurlik nie alleen nie, maar meer as wat by die meeste ander kerkleiers waargeneem word, sou Heyns moeite doen om toe te sien dat daar van sy standpunt kennis geneem word. Hiervan getuig sy skrywes in *Die Kerkbode* en *Ned Geref Teologiese Tydskrif* soos hierbo aangehaal. Veral in die laasgenoemde geval lyk dit asof hy doelbewus skryf om sy standpunt te stel veral nadat sy en die ander twee predikante se minderheidsverslag deur die sinode verwerp is. Ten opsigte van die vraag waarom Heyns veral later 'n besondere rol in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk gespeel het, is dit belangrik om by hom reeds vroeg al hierdie adamante styl van optrede waar te neem.

'n Belangrike gevolg van die Cottesloeberaad was dat die Kaapse Sinode van 1961 besluit het om 'n permanente *Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede* te benoem aan wie dit opgedra is om in samewerking met die sendingkerke 'n studie van rasseverhoudinge en die gevolge van trekarbeid te maak (Lombard 1981:239). In 'n skrywe aan die kommissielede verduidelik ds W A Landman, skriba van die Sinode, die Sinodebesluit van 1961 met betrekking tot die samestelling van die kommissie[34] asook die besluit dat "waar blanke en nie-blanke Christene en ons sendingaksie so direk by ons verhoudingsvraagstukke betrokke is, is dit wenslik dat moeder- en dogterkerke onderling hieroor sal beraadslaag." Studie in verband met die sedelike-, maatskaplike- en godsdienstige gevolge van trekarbeid op die "Bantoebevolking" is ook aan die kommissie

[34] Tien lede is deur die moderatuur benoem. Die moderatuur het op 24 Januarie 1962 vergader en die volgende tien lede benoem: Proff Jac J Müller (sameroeper), F J M Potgieter, P A Verhoef, J C G Kotzé, T N Hanekom, P F D Weiss, drr J A Heyns, D J Bosch, C J Kriel en ds P E S Smith. Twee lede deur die ASK benoem naamlik prof W J van der Merwe en dr J P Bruwer en twee lede deur die Sinodale Kommissie vir Ekumeniese aangeleenthede benoem naamlik dr A P Treurnicht en ds A J van Wijk (26 Januarie 1962: 1,2). Later is prof J J F Durand as sekundus in Bosch se plek opgeroep (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 12 Maart 1965: 1).

opgedra (Landman 26 Januarie 1962: 1). Op 27 Maart 1962 is prof Jac Müller as voorsitter en Heyns as skriba van die kommissie verkies (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 27 Maart 1962: 1). Heyns was van 1961 tot 1964 skriba van hierdie kommissie (Van der Watt 1995:1). Die kommissie het die studie-opdrag in die volgende hoofde ingedeel: Afdeling A het oor *Bevolkingsverhoudinge in die lig van die Skrif* gehandel. Afdeling B oor die *Kerk en Kerklike verhoudinge* en afdeling C oor die *Kerk en gemeenskapskringe* gehandel.[35] Die lede van die kommissie is in sub-kommissies ingedeel wat oor die bogenoemde onderwerpe studieverslae moes opstel. Heyns was saam met prof A C van Wyk (wat in Bruwer se plek gekom het), Bosch, Treurnicht en Kotzé by afdeling C ingedeel (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 27 Maart 1962: 1). Die werkswyse van die kommissie was om die studiestukke onder die res van die kommissielede te versprei en dit dan tydens die vergaderinge van die kommissie te bespreek (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 20 Februarie 1963: 1). Die kommissie het in 1965 'n besonder deeglike verslag[36] oor verskillende aspekte van die rassevraagstuk aan die Kaapse Sinode voorgelê en die volgende jaar is dieselfde verslag met die besluite van die Kaapse Sinode daaroor aan die Algemene Sinode te Bloemfontein voorgelê (Lombard 1981:239). Verwysings na hierdie verslag dui nie noodwendig op standpunte wat deur Heyns persoonlik ingeneem is nie, maar dit is tog belangrik op op te merk dat die kommissie 'n verhelderende formulering op sommige punte verskaf.[37] 'n Belangrike fynere nuansering van die oorsprong van die volkereverskeidenheid kom in die eerste deel van hul rapport (1A), wat oor *Ras, Volk en Nasie in die Lig van die Skrif* handel.

---

[35] Vir duidelikheid het die kommissie besluit om die volgende konnotasies aan begrippe te koppel: *Ras* in die sin van biologiese grootheid; *volk* in die sin van kulturele grootheid; *nasie* in die sin van staatkundige grootheid (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 20 Februarie 1963: 2).

[36] Heyns het op versoek van die kommissie gevra dat die verslag vooraf afsonderlik aan al die sinodegangers versprei word en nie as deel van die agenda van die Sinode nie. Die kommissie was bang dat dit nie die aandag ontvang wat dit verdien nie aangesien dit 'n lywige verslag was. Landman het hom in 'n skrywe meegedeel dat die moderatuur op 25 Februarie 1965 die versoek toegestaan het (26 Februarie 1965: 1).

[37] As skriba van die kommissie was Heyns verantwoordelik om met Landman skriba van die Kaapse Sinode te skakel ten einde die mees geskikte manier te vind waarop die kommissie se verslag voor die Sinode gelê kon word (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 15 Augustus 1964: 1). In 'n brief aan die kommissielede verduidelik hy dat elke opsteller van 'n rapport verantwoordelik is vir 'n kort opsomming daarvan wat hy as skriba moes ontvang en sirkuleer sodat dit nog bestudeer kon word voordat die kommissie in Maart 1965 vergader het om hulle finale verslag vir die Sinode van 1965 voor te berei (Heyns 29 Januarie 1965: 1).

> "Van die gegewens aangaande die afstammelinge van Jafet, Gam en Sem soos in Gen. 10 vervat, moet met versigtigheid gebruik gemaak word. Die indeling het daar nie op 'n rassistiese basis geskied nie. Die vierdeling in Kaukasiese, Mongoliede, Negroïede en Australoïede rasse is dan ook nie daarvan uit herleibaar nie."

Verder kan die vloek wat oor Gam uitgespreek is, nie direk na 'n sekere ras herlei word nie en kan dit nie eksegeties uit Genesis 10 bepaal word nie. Dit is beslissend bepalend vir die kerk in sy houding teenoor alle volke dat daar in elk geval geen vloek is wat nie deur die genade van Jesus Christus opgehef kan word nie. "Teenoor die vloek van die sondeval staan die seën aan alle geslagte soos dit aan Abraham beloof is, in Christus vervul is en aanvanklik deur die uitstorting van die Heilige Gees verwerklik is." Uit die verskeidenheid van volke spruit 'n onderskeid in beskawingsmondigheid en ontwikkeling voort. Hier kom die gedagte van "ware Christelike voogdyskap" ter sprake. "Daaronder verstaan ons die roeping van 'n Christelike volk om in waaragtige naasteliefde die onontwikkelde volke, met wie hulle onder die alwyse en voorsienige bestel van God in aanraking kom, uit en ooreenkomstig die Heilige Skrif te onderrig...." Hierdie voogdyskap moet uiteindelik tot volwaardige kultuur-ontplooiing en staatkundige selfstandigheid lei. Laasgenoemde vind plaas namate die besondere genade en openbaring ingang vind in hulle harte en korrigerend en verhelderend op hulle inwerk. (Handelinge Ned Geref Kerk in Suid-Afrika 1965: 194,195). Uit die strekking van die verslag is dit duidelik dat hier baie sterk by A Kuyper aangeleun word, maar die verslag bring ook 'n verhelderende korreksie op Kuyper ten opsigte van die stelling dat 'n rasse-onderskeid nie uit Genesis 9 en 10 afgelei moet word nie. [38] Op sy beurt is dit ook 'n korreksie op Heyns se Geloftedagpreek van 1957 en geleenthede daarna soos aangetoon (kyk voetnotas), waar hy volgens die teks in Amos 9:7 die "Kinders van Kus" direk op die swartmense van Suid-Afrika betrek.[39]

---

[38] Vergelyk A Kuyper soos vroeër bespreek. (1936:49-51).

[39] In die termyn van 1966 tot 1970 het die Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede sy werksaamhede voortgesit. Heyns moes met sy benoeming aan die kweekskool te Stellenbosch uit die kommissie tree maar die Sinodale Kommissie het hom op versoek weer benoem om verder op die kommissie te dien (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 20 April 1966: 1). Uit die notules van die Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede blyk dit dat Heyns sedert die eerste vergadering in 1962 tot in 1968 steeds by elke vergadering van die kommissie

As jong studenteleraar in Rondebosch het Heyns en sy eggenote Renée een aand 'n aantal studente in die pastorie bymekaar gehad waar dr Verwoerd hulle vir twee ure lank oor die motivering van die regering se rassebeleid toegespreek het. Die onderwerp vir die aand was: "Is ons beleid Christelik?" (Cronjé 1980: 20).[40] Verwoerd het die liefde as enigste grondslag waarop die beleid mag berus, bestempel (Skinner 1996:55).[41] Heyns het volgens sy eggenote uit die aard van die saak saamgestem oor die belangrikheid van die liefdesgebod en dat dit as grondslag van die owerheidsbeleid moes dien (Heyns 2003: [ ]). "Sonder om 'n klomp tekste aan te haal het hy dit beklemtoon dat daar net een grondslag vir ons beleid mag wees, naamlik die liefde." (Cronjé 1980: 20). Dit is duidelik dat Heyns oortuig was dat die owerheidsbeleid op die liefdesgebod berus en dit waarskynlik die rede was waarom hy dit vir so lank op morele gronde verdedig het.

Op 24 April 1961 het Heyns 'n lid van die Afrikaner-Broederbond (hierna genoem AB) geword.[42] As jong man van byna drie-en-dertig jaar het hy saam met ander 'n belangrike rol gespeel om studente, eers in Rondebosch en later op Stellenbosch ten opsigte van Afrikanerskap en leierskap te skool. Ten spyte van baie druk om uit die organisasie te bedank, het hy tot en met sy dood op 5 November 1994 'n lid van dié organisasie gebly

---

teenwoordig was (Notule: Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede 23 Oktober 1968: 1).

[40] Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het tydens sy vergadering op 13 Oktober 1966 te Bloemfontein in 'n huldeblyk aan Verwoerd, wat 'n maand tevore op 6 September 1966 vermoor is, van hom gesê: "Die Sinode bring dankbare hulde aan die nagedagtenis van 'n getroue en gesiene lidmaat van ons kerk en huldig hom vanweë sy voortreflike staatsmanswysheid, integriteit en die doelgerigte optrede waardeur hy geregtigheid vir alle volksgroepe gesoek het." (Handelinge Ned Geref Kerk 1966: 504).

[41] Mnr Koos Potgieter, jarelange hoofsweep van die Nasionale Party in die Parlement, vertel dat Verwoerd se eerste woorde nadat hy Eerste Minister geword het aan hom was, dat die Nasionale Party se groot taak was om die verhoudingsvraagstuk op te los. Die beleid moes volgens hom 'n etiese grondslag hê (Nasionale Party Bylae tot Nasionale Pers 13 November 1990: 5). In die biografie *Anton Rupert – 'n Lewensverhaal* deur Ebbe Dommisse met die samewerking van prof Willie Esterhuyse, maak Rupert melding van drie botsings wat hy ten opsigte van sy filosofie van medebestaan en vennootskap teenoor die apartheidsideologie van Verwoerd gehad het. Verwoerd het volgehou dat swartmense tydelik in "wit Suid-Afrika" was en uiteindelik na hulle eie gebiede moes terugkeer. Meer as dertig jaar ná die twee manne se laaste ontmoeting het mnr Koos Potgieter aan Rupert vertel dat Verwoerd twee dae voor sy dood aan hom gesê het hy besef die beleid van apartheid is onprakties en onuitvoerbaar, maar omdraai was nie op daardie stadium polities haalbaar nie. Hy het gesê: "Jy kan nie 'n te kort draai maak nie, jy sal die kar omgooi." Rupert meen dat daar dus 'n radikale verandering in denke by Verwoerd gekom het. Die vraag bly, volgens die skrywers, dus onbeantwoord wat die verloop van sake sou gewees het as Verwoerd langer geleef het (Dommisse en Esterhuyse 2005: 169).

[42] Heyns se lidnommer van die Afrikaner-Broederbond was 7332.

en was hy teen die einde onder-voorsitter van die Uitvoerende Raad (hierna genoem UR) van die organisasie. Alhoewel daar deur die jare talle bewerings deur mense gemaak is van oneerlike en onbehoorlike optrede binne die geledere en deur lede van dié organisasie, is mnr T J N Botha, voormalige hoofsekretaris[43] van oordeel dat Heyns, wat hy goed geken het, hom nie sou laat inbind het met dinge wat hy as verkeerd geag het nie (Botha 1997: [ ]). Dr Willem de Klerk, voormalige koerantredakteur en onafhanklike politieke kommentator se siening sluit hierby aan:

> "The Afrikaner's view of life emphasis the independence and freedom of the individual and of institutions. A super-organization serving as an umbrella over all other institutions is in total conflict with Afrikaner philosophy. Furthermore it is not the nature of the Afrikaner to allow such a situation to develop. The Afrikaner wants to be his own master. It is absurd to think that a moderator of the Dutch Reformed Church, a Prime Minister or a Cabinet Minister, a newspaper chief or a businessman, a rector or a person in an executive position, would allow himself to be instructed, manipulated or called to account by a group of men heading by the Broederbond."

Ten opsigte van sekere kritiese aspekte maak De Klerk opmerkings soos byvoorbeeld dat die organisasie die kwessie van sy vertroulikheid in heroorweging sal moet neem. Verder sal hy daarop bedag moet wees dat sy lede nie betrokke raak in kleinlike geskille, of iets wat manipulerend van aard is, of neig na 'n meerderwaardige houding, of die bou van eie koninkrykies nie (1983:4,6). Uit 'n ondersoek van P J Strauss na die vraag of die AB die Ned Geref Kerk negatief teen die Christelike Instituut wat in 1963 gestig is beïnvloed het, kom hy tot die gevolgtrekking dat daar wel pogings tot sodanige beïnvloeding was, maar hoofsaaklik vanuit die hoek van Christelike volksbelang en dat dit oor sake gehandel het wat die kerkinstituut en kultuurorganisasie met mekaar gedeel het, hoewel elkeen dit vanuit sy eie prinsipieel-bepaalde belangehoek gedoen het. Tog noem hy dat dit die AB se amptelike standpunt was om die spesifieke werksterrein van die kerkinstituut te erken en te eerbiedig. Die kwessie van geheimhouding as werksmetode het egter ondersoeke na die bedrywighede van die organisasie bemoeilik, maar bring nie noodwendig sy goeie

[43] Mnr T J N Botha, hoofsekretaris van die AB van 1965 (Pelzer 1980:47) tot 1995 (Botha 1997).

trou in gedrang nie (1990:369).[44] Prof Willie Jonker meen dat hy en Heyns wat oor die jare goeie vriende was, op verskillende terreine verskillende keuses gemaak het. Om lid van die AB te word of nie, was 'n goeie voorbeeld van verskillende keuses tussen hulle. Hy meen dat Heyns se keuse kom van sy wysgerige agtergrond, naamlik sy denke vanuit die skepping wat 'n groter normatiwiteit verleen aan die gegewene, daarom ook 'n geneigdheid om groter normatiwiteit aan die geskiedenis te heg. Dit het Heyns se keuse beïnvloed. Daarteenoor wou Jonker selfstandigheid behou, ook ten opsigte van sy bydrae tot die kerk, naamlik om hom te beywer dat die Ned Geref Kerk gereformeerd en gehoorsaam aan die Skrif moes wees. Jonker wat nie die Potchefstroomse agtergrond van onder andere Stoker se direkte invloed gehad het nie, maar wel soos Heyns ook by

---

[44] Al drie die Afrikaanse susterskerke het by geleentheid ondersoek na die werksaamhede van die AB ingestel en met die samewerking en goedkeuring van die UR hulle bevindinge openbaar gemaak. Teen 1951 het die Raad van Kerke van die Ned Geref Kerk soos volg bevind: *"Volgens ons bevinding is die Afrikaner-Broederbond heilsaam en gesond. Dit bepaal hom enkel by die Afrikanervolk; dit laat hom nie uit oor ander volke nie. In al sy doen en late soek hy net maar die bevordering van die beste belange van die Afrikanernasie. Dit wil niemand benadeel nie, maar sy eie handhaaf in besonder langs geoorloofde weë en Afrikaanse paaie. Geen politiek word in die organisasie toegelaat nie. Al wat die Bond verlang is 'n onverdeelde trou aan Suid-Afrika. Almal word toegelaat, of hulle van Engelse of Franse of Duitse of Hollandse afkoms is, mits hulle van Protestantse geloof is en Suid-Afrika as die enigste vaderland het. Waar daar politieke beskuldigings in die verlede teen die Broederbond geslinger is, daar het dit waarskynlik gerus op misverstand of was dit kwaadwillig."* Die Ned Herv Kerk van Afrika het teen 1963 'n eenmankommissie aangestel in die persoon van ouderling Jan Oelofse (nie 'n AB-lid nie) wat tot die volgende bevinding gekom het: *"Ek kon nie vind dat die Afrikaner-Broederbond 'n ander Teologie of Leer verstaan, verkondig of impliseer as wat ons in Gods Woord vind en deur ons Kerk bely word nie."* Verder het hy bevind: *"Ek vind derhalwe dat die Afrikaner-Broederbond nooit in die verlede of hede enige pogings aangewend het of nog pogings aanwend om standpunte en menings wat strydig is met dié van die Kerk, aan die Kerk, deur opdragte van lede in die Kerk op te dring nie. Daar is eweneens geen substansie in enige bewering dat die organisasie 'n wurggreep op die kerk probeer toepas nie."* In dieselfde tyd het die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (hierna genoem GKSA) ook 'n kommissie aangestel om besware van lidmate te ondersoek. Die kommissie se bevinding was dat die besware van die hand gewys word op grond daarvan: *"dat die argumente teen die organisasies waaraan geheimhouding verbonde is, nie oortuigend is nie. Origens gaan dit nie teen sulke organisasies as sodanig nie, maar teen misbruike wat daarvan gemaak kan word. Die moontlike misbruike wat daarvan gemaak kan word lei tot die volgende beginsels wat in ag geneem moet word t.o.v. lidmaatskap van Gereformeerde lidmate by organisasies waaraan geheimhouding verbonde is: (i) Dit mag in generlei wyse die uitoefening van die kerklike tug strem nie, nóg wat lidmate onderling betref, nóg wat die amptelike optrede van die kerkraad betref. (ii) Onder geen omstandighede mag so 'n organisasie hom laat geld op kerklike vergaderings en op kerklike erf nie. (iii) 'n Afrikaner-broederskap en die bevordering van volksbelange, hoe loflik op sigself ook al, mag nooit beklemtoon word ten koste van die broederskap in Christus of dit enigsins oorskadu nie..."* Teen Augustus 1964 het dr Verwoerd die Botha-kommissie, 'n regtelike eenmanskommissie, naamlik regter D H Botha (ook nie 'n AB-lid nie) aangestel om die organisasie te ondersoek. Laasgenoemde het die organisasie selfs lof toegebring soos uit die volgende aanhaling blyk: *"Dit is voldoende, meen ek, om te konstateer dat die prestasies van die Bond, in 'n betreklike kort bestek van sy bestaan indrukwekkend is, veral op sekere gebiede, soos byvoorbeeld die saambring of vereniging van Afrikaners, die Afrikaanse taal, kultuur en tradisies, die Afrikaner se aandeel in die landsekonomie en die sakewêreld en die bevordering van goeie verhoudinge tussen die blankes en die nie-blanke groepe van Suid-Afrika."* (Pelzer 1980:90-94).

Berkouwer studeer het en baie by Barth geleer het, skryf dit aan die laasgenoemde twee teoloë se invloed toe dat hy in 'n ander rigting gegaan het. Dat hy sterker aangetrokke was tot 'n meer kritiese inslag teenoor die denke vanuit die natuur. Vir hom is die kern van die saak dat die Woord van God ons enigste norm is. Gevolglik toe 'n sekere ds Van der Walt hom in Brixton, Johannesburg genader het om lid van die AB te word en hy kort daarna as Ned Geref Kerk afgevaardigde die Gereformeerde Ekumenies Sinode se vergadering in 1958 in Potchefstroom bywoon, het hy die saak met Beyers Naudé wat sy studenteleraar en 'n goeie vriend was en hom vroeër in die huwelik bevestig het, bespreek. Naudé het vir hom gesê dat hy self 'n lid van die AB is en dat Jonker 'n lid moet word. Volgens Naudé sou dit hom soveel meer invloed gee, ook in die kerk, en help dat mense hom vertrou. Maar Jonker het nee gesê, hy wou volgens sy gevoel eerder sy selfstandigheid behou. Hy en Heyns het nooit weer oor die AB gepraat nie, maar jare later met Heyns se afskeidsrede aan die Universiteit van Pretoria op 28 Oktober 1993, het laasgenoemde daaroor gepraat toe hy in sy weerwoord repliek op Jonker se referaat gelewer het. Dit het vir Jonker bevestig dat die verskil in keuse tussen hulle twee saamhang met filosofiese keuses (Jonker 1997).

Teen 1961 voltooi Heyns sy tweede doktorale proefskrif met die titel: *Die teologiese antropologie van Karl Barth vanuit wysgerig-antropologiese oriëntering.*[45] In hierdie proefskrif beoordeel Heyns vanuit die hoek van die Calvinistiese Christelike wysbegeerte Barth se teologiese antropologiese beskouinge. Hy kom aan die einde tot die gevolgtrekking dat daar 'n dringende behoefte aan 'n sistematiese mensebeskouing op Christelik wysgerige grondslag is. Hy wou egter bepaal hoe Barth se denke oor die mens stimulerend kan inwerk op die Christelike wysgerige antropologie (1961:3,365). In die voorwoord[46] bring hy weer eens hulde aan Stoker, in hierdie geval sy promotor, deur te konstateer dat geen ander persoon in die vorming van sy lewens- en wêreldbeskouing vir hom meer beteken het nie. Hy vermeld die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, waarvan sy waardering die hoogste styg wanneer hy dit met al die ander

[45] Heyns se proefskrif is in 1964 in boekvorm deur Tafelberg Uitgewers in Kaapstad uitgegee.
[46] Heyns gebruik die geleentheid om sy ouers te bedank vir die opvoeding wat hy van hulle ontvang het (1961: i).

universiteite in Suid-Afrika en oorsee waar hy studeer het vergelyk. Die rede vir sy lofrede is die toerusting wat hy by hierdie "Calvinistiese vesting" ontvang het teen 'n groterwordende konfrontasie met "Skrifverwerpende ideologieë". Die betekenis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die Afrikaanse volkslewe en die kerklike lewe met inbegrip van die drie Afrikaanse kerke sal volgens hom "nooit na waarde geskat kan word nie." (1961:i).

Heyns was van vroeg af gefassineer met die bestudering van die mens as skepsel van God. Hiervan getuig die inskrywing in sy persoonlike Bybel by Genesis 1:26, 'n vers wat hy ondersteep en as belangrik merk. Volgens hom is dit die belangrikste vers in die hele Ou Testament (Bosman 1998b).[47] Aan die begin van sy proefskrif druk hy dit soos volg uit:

> "Ons sou kon sê: Die problematiek van die moderne wêreldkrisis is ten diepste die problematiek van die mens in sy worsteling om sy juiste posisie en met name sy juiste verhouding teenoor God, sy naaste, homself en die kosmos."

Heyns tref in terme van die posisie van die mens 'n onderskeid tussen die filosofie en die teologie. Eersgenoemde bestudeer volgens hom die mens in sy samehang en verskeidenheid, ook die mens as individu, maar wat ook in die samelewingskringe behoort en uiteindelik die mensdom as eenheid. In die teologie op sy beurt, word die verhouding van die mens tot God bestudeer. Tog staan die filosofie en die teologie nie geïsoleerd van mekaar nie (1961:2).

Vir die doel van ons tema gaan ons vervolgens slegs op enkele aspekte van Heyns se proefskrif in, wat op die onderwerp van hierdie studie betrekking het. 'n Belangrike aspek wat Heyns aanraak is die vraag wat die invloed van die wysgerige begrippe en metodes in die beoefening van die teologie is. Hy verwys na Barth se medewerkers in die kring van die dialektiese teoloë, soos Thurneysen, Gogarten en Brunner. Gogarten het volgens

[47] Gen 1:26 volgens Heyns se 1933 vertaling van die Bybel: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Heyns in die rigting van 'n teologie van skeppingsordonnansies gegaan, wat hom by die Nasionaal-Sosialisme gebring het (1961:24). Hierdie opmerking van Heyns prikkel weer die gemoed om die vraag na analogie van Jonker se vraag wat ons al verskeie kere aan die orde gestel het hoewel meer direk hierdie keer te vra, of Heyns se wysgerige inslag met betrekking tot die skeppingsidee hom nie by die regverdiging van apartheid gebring het nie? Vervolgens meen Heyns dat die probleem juis in die instrumentele funksie van die gehanteerde wysgerige materiaal lê. Hy het nie 'n probleem met die feit dat die teologie sekere waarheidsinsigte van die filosofie sal oorneem nie, die probleem is *hoe* dit geskied. Ook Barth wou die teologie van die negentiende eeuse filosofie suiwer en het met verrassende skerpte van insig opnuut die uitsluitlike oriëntering van die teologie aan die objektiewe Woord van God verdedig. So het hy byvoorbeeld "met profetiese krag" gewaarsku teen 'n metafisika met 'n alomvattende synsbegrip.[48] Heyns is van mening dat Barth se beskouing aangaande die teologie en die filosofie en hul verhouding tot mekaar grootliks bepaal is deur sy reaksionêre verset teen die verval van die teologie in die negentiende eeu. "Deur sy onvoorwaardelike verknegting aan die filosofie is die teologie oorwoeker deur 'n geradikaliseerde rasionalistiese subjektiwisme waar 'n algemene wysgerige kennisleer verhef is tot regter oor die waarheidsgehalte van spesifieke teologiese uitsprake." (1961:28,229,230). Bogenoemde opmerkings is genoeg om te besef dat Heyns deeglik bewus was vir die gevare van filosofiese denkraamwerke wat hul weg vind om die teologie in 'n sekere rigting te stuur. Om vir 'n oomblik na Heyns self terug te keer, in antwoord op Jonker se derde vraag[49] soos in hoofstuk een by A E Loen bespreek, sê Heyns "as die antitese van my teologie en die volksteologie later wél, maar aanvanklik níe gefunksioneer het nie, dan was dit nie omdat daar in die substansie van my teologie 'n

---

[48] Heyns vestig die aandag dat Barth tog 'n bedreiging vind "vanuit die rigting van die filosofie en met name vanuit die *metafisika* waarin dit gaan om die ponering van 'n God-, mens- en kosmos-omvattende synsanalogie. Op grond van die vermeende synsanalogie tussen God en die nie-goddelike word, geheel buite die openbaring om bepaalde oordele - met geldigheidsaansprake - gevel oor God, die geloof en die teologie. Sodoende kom hierdie wysbegeerte van die *analogia entis* - so noem Barth hierdie metafisika - tot 'n natuurlike wysgerige Godskennis en 'n natuurlike teologie wat as sodanig nie meer filosofie is nie, maar 'n wysgerige teologie en dié is in wese teosofie. Op grond hiervan pretendeer die filosofie dan om 'n allesomvattende verklaring van wêreld en lewe te gee en word ten gevolge hiervan 'n afgeronde stelsel wat as sodanig die plek van die teologie nie erken nie, aangesien dit sélf daardie plek wil inneem." (Heyns 1963:233,234).

[49] Jonker vra die vraag: "Het sy denke vanuit die skepping hom nie verhinder om van die begin af krities genoeg teenoor die volksteologie te wees, wat so lank in die Afrikaanse kerke amok gemaak het nie?" (1994:20).

verandering gekom het nie, maar omdat die stof self anders - en hopelik ook beter - hanteer is." (1994:166). In 'n voorlopige gevolgtrekking kan ons uit die bogenoemde gegewens aflei dat geen teologie van enige teoloog aan 'n wysgerige invloed kan ontkom nie. Heyns sê omdat teologie mensewerk is, kan dit nie vry van wysbegeerte beoefen word nie (1961:231). Indien dit waar is, kom 'n volgende vraag dadelik na vore, naamlik hoe bewus is die teoloog van watter wysgerige invloede op hom inspeel? In hierdie verband merk Heyns op dat dit vreemd is dat Barth nêrens rekenskap gee van sy eie wysgerige metode nie. Volgens Heyns lê hy met betrekking tot die teologie die grootste nadruk op gebondenheid aan die Skrif, maar gaan kritiekloos aan alle spesiale wysgerige metodiek verby. Nou bespreek Heyns dit verder deur die rede te gee waarom hy dink dit by Barth so is. Dit is, volgens hom, omdat 'n gefundeerde en verantwoorde wysgerige metode die indruk kan wek dat die filosofie aan die teologie grense aanwys en daarvoor is Barth bevrees en gee hy aan sy eie wysgerige materiaal geen krities-suiwerende aandag nie (1961:230). Heyns sluit egter by Barth aan dat God nie die onderwerp van die wysbegeerte kan wees nie, want 'n mens kan en mag nie oor God filosofeer nie. Daarom is daar die onderskeid dat die teologie God bestudeer en die wysbegeerte die kosmos as totaliteit met sy samehangende verskeidenheid binne hierdie totaliteit, - die onselfgenoegsame skepping wat deur God self in aansyn geroep is (1961:232).[50] Hierteenoor, soos ons Heyns teen hierdie tyd leer ken het, funksioneer hy volledig binne één filosofiese stelsel naamlik die Calvinisme, waarbinne hy homself met bewustelike voorveronderstellings verantwoord. Hy stel dan ook in die plek van Barth se standpunt oor die verhouding teologie teenoor filosofie dat dit alleen maar ondervang kan word deur 'n Calvinistiese wetenskapebeskouing. Ten opsigte van die teologie en filosofie impliseer dit nie die oorwoekering van die een deur die ander nie, maar "die intiemste wisselwerking kan alleen plaasvind wanneer elke wetenskap ás wetenskap soewerein in eie kring beoefen en skerp onderskei word." (1961:357). Heyns bied sy eie filosofiese voorveronderstellinge as korreksie op die eklektisisme van Barth aan deur 'n onderskeiding wat van primêre belang is uit te spel, naamlik dié tussen God en kosmos,

---

[50] Heyns gee 'n aantal verwysings van H G Stoker se werk om sy standpunt te staaf: Iets oor die Calvinistiese Wysbegeerte, in Koers in die Krisis (3), 260; Beginsels van 'n Christelike wetenskapsleer, in Koers in die Krisis (2), 307; Die Nuwere Wysbegeerte; Die wysbegeerte van die Skeppingsidee; Beginsels en Metodes in die wetenskap, 237, en van J M Spier, Inleiding tot de Wijsbegeerte der Wetsidee, 13.

of Skepper en skepping. God is algenoegsaam en het niks nodig om God te wees nie, terwyl die skepping onselfgenoegsaam, met ander woorde deur God in aansyn geroep, is en sonder Hom nie kan bestaan nie.[51] Wanneer Heyns skryf dat Barth die Christelike wetenskapsidee verwerp, aangesien die teoretiese denke (in konteks - filosofiese denke) vir hom onchristelik is, dan is dit asof Heyns na 14 jaar gereed is om prof A B du Preez, wat teen 1949 op voetspoor van Barth vir hom by sy aankoms aan die Universiteit van Pretoria gesê het: "....Christelike wetenskap is uit die Bose!",[52] op 'n verantwoordbare wyse te antwoord. Alhoewel Heyns noem, dat Barth wel later uitsprake gemaak het wat in 'n ander rigting dui, het hy nooit by 'n erkenning van die noodsaaklikheid van 'n gereformeerde teoretiese denkhouding gekom nie (Heyns 1963:235,236,239).

'n Volgende faset wat vir die doel van hierdie studie van belang is, is Heyns se kritiek op Barth se neiging tot individualisme, iets wat vir Heyns in die kategorie van die Skrifverwerpende ideologieë val. Volgens Heyns het Barth aan hierdie sosiale dimensie in sy antropologie nie reg laat geskied nie en is sy denke wat die mens aanbetref te individualisties. Op hierdie punt lyk dit of Heyns aanvoel dat daar in die Christelike wysgerige antrolopogie ook verder gewerk moet word veral rondom die vraag of die gemeenskap biologies-histories aan die enkeling voorafgaan en of dit andersom geskied (1961:343). Ten opsigte van hierdie vraag dui dit daarop dat Heyns aan die wonder is oor die plek van die individu binne sosiale verband. Uit dit wat ons reeds oor Stoker geleer het, is die individualisme in die Calvinistiese denke gewoonlik met liberalisme geassosieer en daarom negatief beoordeel.

'n Laaste aspek wat vir die studie relevant is aan die orde stel. Dit is dat die mens in sy relasie tot God en as antwoorder ook in 'n relasie tot sy naaste staan. Weer eens lewer

---

[51] Heyns skryf op voetspoor van Stoker dat die *teologie* die wetenskap is wat as voorwerp van besinning die geopenbaarde waarhede aangaande God bestudeer, terwyl die *wysbegeerte* die wetenskap van die kosmos in sy samehang van totaliteit en verskeidenheid as geskape en bestier deur God bestudeer. Dan is daar ook nog die *vakwetenskappe* wat elkeen 'n eiesoortige groep gegewens binne die kosmiese totaliteit is wat in hul besonderheid bestudeer moet word. Twee gevolgtrekkings spruit hieruit voort: Eerstens het elk van die bogenoemde drie tipes wetenskappe sy eie veld van ondersoek het en is soewerein in eie kring. Omdat die werklikheid en die waarheid 'n samehangende eenheid is het die wetenskappe mekaar nodig en moet daar 'n wisselwerking wees (Heyns 1963:235,236,239).
[52] Kyk hoofstuk een (Meiring 1994:178).

Heyns vanuit Calvinisties-wysgerige agtergrond kritiek op Barth in terme van die mens se verhouding tot sy naaste. Hy meen dat Barth deur sy klem op die individuele prinsipieel die weg gesluit het vir die verstaan van alle meervoudige verhoudingskringe - vir Heyns is dit 'n verskraling. Daarteenoor wys hy daarop dat elke samelewingskring soos die huwelik, gesin, volk, staat, kerk, mensheid, ensovoorts, so 'n unieke struktureel-dinamiese eenheid vorm, waarvan die geheel veel meer as die som van sy lede is, dat dit net nie op die basis van 'n inter-individuele skema verklaar kan word nie (1961:285). Heyns merk op dat by Barth die mens sy samesyn met God vind in die kosmiese weerspieëling in sy samesyn met die naaste. Binne die kader van hierdie verhouding vind Barth dan ook die humaniteit, wat hy omskrywe as 'n menslike openheid vir mekaar om bystand te verleen en na mekaar te luister en dit alles met graagte te doen (1961:340). Volgens Barth kan slegs my medemens in ellende onafhanklik van sy eie geloof of ongeloof my naaste word.[53] Dit oortuig nie vir Heyns nie. Hy vra waarom is die analogie tussen Christus en die mens wat buite die kerk staan, alleen in die *ellende* van laasgenoemde geleë? Hy meen dit is 'n verskraling. Trouens op grond van Barth se voorstelling van die triomf van die genade het hy alle rede om juis nie die "mens-in-ellende" as sy naaste te sien nie, maar die "mens-in-oorwinning", dus die gelukkige en voorspoedige mens. Heyns meen dat Barth, deur aan die "mens-in-ellende" in die bepaling van die humaniteit so 'n uitsonderingsposisie toe te ken, ongetwyfeld die diens-motief wat hy in sy Christologiese analise ontbloot het, antropologies vrugbaar wil maak. Hoewel Heyns daarvoor waardering het, meen hy tog dat die diens-motief nie uitsluitlik aan die mens in ellende toegeken mag word nie. Hy vra: "Waarom moet die stem van die ander slegs via die ellende van die ander tot ons kom om hom só tot ons naaste te maak?" (1961:282,283).[54]

---

[53] Vergelyk Barth se Kerklike Dogmatiek 1/2, p474.

[54] 'n Vraag wat ontstaan is of hierdie motief by Barth, naamlik dat iemand slegs deur sy nood en ellende my naaste word, nie deurgewerk het tot in die Belydenis van Belhar (hierna genoem Belydenis 1986) nie. Vergelyk die aanhaling uit die belydenis: "dat Hy (God) in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg;" (1988:11).

In 'n preek wat Heyns op 4 Februarie 1962 in Rondebosch as uitsaaidiens lewer[55], gebruik hy Matteus 6:33 as teksvers: "Soek eers die koninkryk van God....” Hierdie preek is een van die voorlopers van wat Heyns later as die skopus van sy teologie sou neem, naamlik die koninkryk van God. Reeds sê hy in die preek dat die begrippe koning, koninkryk, onderdane nie onbekend is nie. Onderdane aanvaar die heerskappy van die koning. Die heerskappy van God voer Heyns onmiddelik terug na die skepping en voorsienigheid. Alles behoort aan Hom - ook die mens, of hy God ken of nie. Vanweë die sonde het die heerskappy nie opgehou nie. Onderdane moet God se koningskap aanvaar en hulle daaraan onderwerp. So aanvaar die onderwyser God se koningskap in die skool, die boer op die plaas, die parlementslid in die parlement, die huisvrou in die huis, die medikus in die praktyk, ensovoorts. So haal Heyns nog 'n aantal sake op wat hy in verband bring met die koninkryk van God. Onder hierdie sake is daar ook rasseverhoudings en vrede. Ook sulke dinge word bepaal vanuit 'n soeke na- en 'n gerigtheid op die koninkryk van God. Hy sluit af deur Jesus Christus as voorbeeld voor te hou in wie se lewe die koninkryk van God ten volle gekom het. Hy wat gesê het: "Nie My wil nie, maar U wil geskied." In notas in sy eie handskrif, wat Heyns waarskynlik later bygevoeg het maak hy die opmerking dat terwyl Christene na die koninkryk van God moet soek, soek die heidene ook, weliswaar nie na die koninkryk nie. Die Marxiste soek byvoorbeeld na 'n klaslose maatskappy, die Nasionaal-Sosialisme soek na die heerskappy van één volk, die fascisme soek na die heerskappy van die staat en die liberale demokrasie soek na één man, één stem, ongeag bekwaamheid, vermoë of verantwoordelikheid (1962a:1-4). In 'n Geloftedagpreek te Rondebosch [56] aan die einde van dieselfde jaar, preek Heyns uit Psalm 16 met die boodskap dat 'n mens nie jou sekerheid moet soek in jou erfenis, verwysende na jou land, taal, geskiedenis (wat republiekwording insluit), as sodanig nie. Om Afrikaans te praat, Europese kultuurskatte te hê, 'n blanke vel te hê, dit alles bied geen skuiling nie, dit is gawes. Die Gewer naamlik God alleen bied die skuiling. In 'n kantaantekening maak Heyns in eie handskrif weer 'n belangrike opmerking: "Skuil nie in my teorie in verband met rasseverhoudinge, nie

[55] Hierdie preek is ook te Waterkloof - 16 September 1973, Vereeniging - 22 Junie 1974 en Groenkloof - 25 September 1977 deur Heyns gelewer (1962:1).

[56] Hierdie preek het Heyns op die volgende plekke gelewer: Rondebosch - 16 Desember 1962 en 16 Desember 1964; Warrenton - 16 Mei 1971 tydens die tienjarige Republiekfeesvieringe; Fouriesburg - 16 Desember 1972 (1962b:1).

segregasie, nie integrasie bied assodanig (sic) skuiling, dit vind ek alleen by God." In sy slot sê Heyns dat God dit vir ons oneindig makliker gemaak het as vir Dawid. Ons as Nuwe Testamentiese mens vind ons skuiling in die aanvaarding van Jesus Christus (1962b:1-4). Kort hierna skryf Heyns in *Die Kerkbode* oor "Self- handhawing of -verloëning 'n Teenstelling?" Hierdie begrippe trek hy deur tot by die gebod van die liefde tot die naaste (soos jouself), wat mekaar vind in die norm "om Christus ontwil". Op die manier vorm selfhandhawing en -verloëning nie 'n teenstelling nie. 'n "Uitsluitende konsentrasie op die self en (uitgebrei tot die "ons": volk, nasie, ens) i.p.v. op God, die naaste en die natuur, wat van selfwaardering, selfhandhawing en selfagting ook 'n sondige verskynsel maak", moet volgens Heyns sonder meer verwerp word. Dit hef egter nie die positiewe opdrag tot selfliefde op nie. Vir Heyns gaan dit om die juiste verstaan van die norm van die liefde, naamlik *om Christus ontwil*. As dit ontbreek is selfliefde sowel as naasteliefde diep sondig. Selfliefde waar die norm ontbreek, se sondigheid is voor die handliggend, maar Heyns brei uit op sondige naasteliefde, waar dieselfde norm ook ontbreek. Hierdie prysgawe aan die ander en die opgaan in sy nood word *altruïsme* genoem "en het met Christelike liefde niks te make nie." "Voor ek my gee aan ander, moes ek my gegee het aan God". Heyns se finale slotsom is: "Eers wanneer dit *om Christus ontwil* gedoen word, het dit positiewe waarde vir die koninkryk van God." (1962:879,881). In nog 'n preek in *Die Kerkbode* met as teks Gen 1:28, praat Heyns oor die *Grondpatroon van ons lewe.* Binne die raamwerk van sy nou al bekende skema van verhoudinge waarin die mens staan, noem hy die grondplan van die mens se lewe die feit dat die mens opgeroep word om God se gespreksgenoot te wees. God rig sy woord tot die mens en die mens moet in alles wat hy doen tot God antwoord. Maar die mens het uit sy grondpatroon geval, daarom het God Jesus Christus gestuur om nie net sy siel te red nie, maar hom terug te plaas in die verhouding waaruit hy geval het. So word die mens 'n nuwe mens, vervul met die Gees van God (1963:290,291).

Uit die bogenoemde aantal preke en artikel ontstaan die vraag: Watter gemeenskaplike boodskap wou Heyns in hierdie tyd by sy luisteraars en lesers tuisbring? Die sentrale tema wat reeds by Heyns te vind is, is God wat die mens tot aansyn roep om 'n gehoorsame burger van sy koninkryk te wees. Anders gestel beteken dit dat die mens in

en vir alles in hierdie lewe aan God antwoord. Selfs in sy verhouding met homself en sy naaste antwoord hy in die eerste plek aan God. Die Nuwe Testamentiese mens se norm is om in alles *ter wille van Christus* te dien - dit beteken ter wille van die Christelike liefde. Hieruit spruit self-handhawende- (selfliefde) en selfverloënende (naasteliefde) optrede voort wat albei aan die norm moet beantwoord. Laastens moet die mens nie sy sekerheid in hierdie lewe in menslike konstruksies of stelsels of in jou aardse erfenis soek nie, maar in God self deur by Hom skuiling te soek. Heyns het hiermee die grondslag van sy eie teologie gelê. Vrae wat ten opsigte van hierdie teologiese grondslag ontstaan is eerstens of Heyns se teologie Skriftuurlik was? Tweedens voortspuitend uit die eerste vraag, hoedanig die eksegetiese basis daarvan was? Derdens, hoedanig die wysgerige aard van sy teologie was?

In die tussentyd is Heyns soms deur die praktyk gekonfronteer. Gedurende 1963 het sy moeder te sterwe gekom en is sy in Potchefstroom begrawe. Heyns het die begrafnis waargeneem.[57] Hoewel hy nêrens daarvan melding maak nie, het dit hom egter gepla dat die kerkraad van die Ned Geref Gemeente Potchefstroom-Noord nie wou toelaat dat haar getroue swart werkers die begrafnisdiens in die kerkgebou bywoon nie (Bosman 1998a: [ ]). Hierdie voorval was waarskynlik een van die min vroeë geleenthede waar Heyns as blanke, soos die meeste blankes in Suid-Afrika, direk met die negatiewe kant van apartheid te doen gekry het. Behalwe vir die polisie en sekere regeringsamptenare was negatiewe aspekte van apartheid en inligting daaromtrent grootliks van blanke burgers weerhou, iets wat hulle op 'n manier self ook slagoffers gemaak het.

In 'n drietal artikels in Die Kerkbode maak 'n mens met Heyns se standpunt oor die *ekumene* kennis. Hy beklemtoon die eenheid van die kerk met die volgende stelling: *"In die ekumene gaan dit om die één kerk van die één Here wat aan die één wêreld die één heil verkondig in Christus Jesus alleen."* 'n Belangrike uitgangspunt op metodologiese gebied hou Heyns voor, naamlik dat die eenheid van die kerk nie op meer of mindere

[57] Dr Danie Veldsman, susterskind van Heyns vertel dat hy as predikant geweldig effektief was om oortuigend sy boodskap oor te dra. Dié dag van die begrafnis was die eerste keer dat hy, om verstaanbare redes, oor sy woorde gestamel het (1 Julie 1997: [ ]).

geloofstukke (bedoelende artikels van belydenisskrifte) berus nie, maar op die waarheid van alle geloofstukke. "Hoe meer elke kerk hierna strewe, en hoe meer dit gebeur hoe groter die eenheid en die moontlikheid vir 'n waaragtige sigbare eenheidsgestalte". Om egter die eenheid van die kerk langs 'n kortere weg te soek en met behulp van 'n reeks aanvaarde kompromieë op die basis van gereduseerde geloofswaarhede beteken om die "skerwe van kerkwees tot 'n eenheid aan mekaar te probeer lym." Op laasgenoemde manier kan die doel van die "eenheid" net so wêrelds wees as die metode, naamlik om in die nasionale of internasionale politieke lewe 'n sterker posisie in te neem en tot 'n groter magsontplooiing te kom. Dit beskou Heyns nie as 'n eenheid van die Gees nie (1964a:208). In aansluiting hiermee noem Heyns dat wanneer die ekumeniese gesprek net aandag gee aan die veranderende situasie in die wêreld, verwysende na politieke, sosiale veranderinge wat dan die roeping en die taak van die kerk van hieruit bepaal, word ekumenisiteit 'n sosiale instituut met 'n sosiaal-maatskaplike program. Volgens Heyns moet die *wese* van die kerk die ekumeniese gesprek lei en daarom moet daarop gelet word dat die kerk van Christus 'n *belydeniskerk* is (1964b:178). Op hierdie punt sluit Heyns aan by sy kritiek op die WRK soos hy dit in reaksie op die Cottesloeberaad in *Die Kerkbode* van 1 Februarie 1961 verwoord naamlik dat die totstandbring van 'n Suid-Afrikaanse Konferensie van die WRK, wat nie 'n konfessionele basis het nie, en in sy oë in 'n liberaal-demokratiese gees funksioneer, 'n bedreiging is vir die totstandkoming van 'n "ware" *(eie term)* ekumeniese liggaam tussen kerke op Suid-Afrikaanse bodem wat op gereformeerde grondslag berus (1961:158). Die ekumene is vir Heyns baie belangrik, gesien in die lig van die toenemende "anti-Christelike magte en strominge in ons tyd" (1964c:233). Heyns ag dit belangrik om aan die kerklike publiek te rapporteer dat dr Paul Schrotenboer, die algemene sekretaris van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (hierna genoem GES) gesê het dat daar 'n groeiende besef van die behoefte aan "Gereformeerde ekumenisme" in die wêreld is. Dit is volgens hom 'n groot noodsaaklikheid dat die verband tussen verskillende kerke so nou as moontlik sal wees aangesien die verskille by gebrek aan kommunikasie groter kan word en die kerke verder uitmekaar kan beweeg, eerder as nader aan mekaar kom. Heyns merk op dat Schrotenboer sê dat die Oosterse en Suid-Afrikaanse kerke meer geïsoleerd as die ander is en daarom die belangrikheid van kommunikasie (1965f:1447).

Teen Julie 1965 skryf dr Beyers Naudé in die blad van die Christelike Instituut,[58] *Pro Veritate* dat daar in Suid-Afrika al meer parallelle ontstaan tussen die destydse Nazi-Duitsland en Suid-Afrika. Dit sê hy nadat die Christelike Instituut se kantore, sy huis en persoon deurgesoek is deur die veiligheidspolisie. Tekens van 'n diktatuur, wat duideliker word deur skerper en strenger maatreëls wat deur die Suid-Afrikaanse regering toegepas word, "teen dié kerke en Christene wat uit suiwer Bybelse en Christelike oortuiginge onchristelike elemente in die rasse-beleid veroordeel", laat Naudé sê dat die tyd vir 'n *Bekennende Kirche* soos in Duitsland, vir Suid-Afrika aangebreek het. Dit beteken dat alle lidmate hulle kerke sal oproep om 'n ondubbelsinnige standpunt in te neem en 'n onbevreesde getuienis te laat hoor op grond van Gods Woord. Hy doen 'n beroep op veral kerkleiers en predikante van die Afrikaanse kerke - "gesante van God", om alle huiwering en vrees van hulle af te werp en in die Naam van die Here op te staan om tot kerk en staat, owerheid en onderdaan, individu en gemeenskap te spreek met die volgende vrymoedige getuienis:

> "Ons is en wil niks anders wees nie as Christene, manne van God, geroepe om die getuienis van Jesus Christus en sy heerskappy in die wêreld te gee - 'n getuienis om mens en gemeenskap van hulle angs en haat en vrees te bevry, 'n getuienis van die eenheid van alle Christene in liefde, gemeenskap en diens oor die grense van taal en ras en volk en nasie heen, 'n getuienis van die erkenning van die beeld van God in elke mens, ongeag sy stand en kleur, en van die beoefening van naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge."

Naudé vra dat kerkleiers die swye sal verbreek en hul getuienis sal gee, soos hy en andere doen terwyl hulle daardeur "veroordeel, verag en gesmaad" word. Hulle doen dit in die

---

[58] Heyns rapporteer na aanleiding van 'n artikel wat in blad *Hervormd Nederland* oor die Christelike Instituut verskyn het: dit "wil alleen 'n vereniging wees waarvan almal lid kan word wat die Woord van die Here bo die politieke ideologie van apartheid stel." (1966:210). Stigter van die Christelike Instituut, dr C F B Naudé en sekretaris, dr B Engelbrecht skryf: "In Suid-Afrika is daar nie slegs die 'gewone omstandighede van kerklike gedeeldheid en verdeeldheid nie, maar ook nog die ideologie van apartheid' as bykomstige faktor, wat die ekumeniese verlange by baie gelowiges buitengewoon stimuleer en aan die ekumeniese arbeid van die kerk die swaarste eise stel. Oor die politieke beleid van apartheid wat daarop aanspraak maak om 'n regverdige oplossing te wees vir die rassevraagstuk in ons land wil ons nie veroordelend praat nie. Ons wil egter beweer dat die kerk die grens is daarvan., die enigste bedyking teen apartheid wat dit sal keer om in 'n goddelose demonie uit te loop. Daar is egter reeds ontstellende tekens dat apartheid sy grense nie meer ken nie." (1966:376).

wete dat 'n dag sal kom wanneer erken sal word, "dat wat ons gesoek het om te doen alleen was ter wille van God en sy ryk onder alle volkere, tale en rasse van ons land, Suid-Afrika" (1965:4,6). Alhoewel Heyns nie direk op Naudé se oproep reageer nie, het hy reeds van die Belydende Kerke in Duitsland kennis geneem toe hy in 1955 al oor Karl Barth gepubliseer het.[59] Later tref hy die onderskeid tussen die kwessie van 'n *belydende kerk* en die *belydenis van die kerk*. Eersgenoemde gaan bloot om 'n *aktiwiteit* van die kerk maar laasgenoemde gaan om die *inhoud* van die belydenis. Dit gaan om die waarheidsgestalte, die akte van belydenis. "Die kerk is nie kerk omdat die kerk bely nie (Satan bely ook), maar omdat die kerk die waarheid en met name Jesus Christus bely." Heyns het net soos Naudé die rol van die "Bekennende Kirche" met hul profetiese getuienis in Duitsland ingesien. Dit is egter duidelik dat hy ten spyte van sy opmerkings oor die diens van die kerk in die wêreld nie op hierdie stadium soos Naudé 'n verband sien met wat in Suid-Afrika aan die gebeur was nie. Daar is waarskynlik verskeie redes daarvoor. Eerstens was daar Naudé se problematiese situasie wat sy invloed in die Ned Geref Kerk en Afrikanerkringe geminimaliseer het. Sy probleme in sy gemeente Aasvoëlkop as predikant en ouderling en sy bedanking onder 'n wolk van suspisie uit die AB in 1963 en die stigting van die Christelike Instituut (hierna genoem CI) wat deur die Ned Geref Kerk negatief beoordeel was, was alles faktore wat hom *persona non grata* in Afrikanerkringe gemaak het. Naudé het van sy kant af in elke geval al minder kontak met Ned Geref predikante gesoek aangesien hy hulle (in sy eie woorde), verleentheid wou spaar. So het hy en Heyns mekaar eers jare later vir die eerste keer ontmoet (Naudé 1997). Tweedens was die ekumeniese rigting wat Naudé ingeslaan het, waarskynlik vir Heyns onaanvaarbaar omdat dit eenheid sonder konfessionele basis nagejaag het, 'n eenheid wat volgens Heyns, soos die WRK wêreldse oogmerke nastreef, onheilig is, en nie van die Heilige Gees nie (1964a:208). Heyns vra die vraag of die Christelike Instituut deur sy optrede die waarheid dien. In 'n verwysing na 'n artikel in *Hervormd Nederland* doen die Christelike Instituut mee om 'n "valse beeld" van Suid-Afrika te skep. Dit dien nie die "bestaansgrond" van die Instituut, naamlik ekumenisiteit nie. Volgens Heyns is so 'n skewe beeld nie bevorderlik vir die verhoudinge met ander- en met name buitelandse

[59] Heyns, J.A. 1955. Karl Barth. Wie is hy en wat wil hy? Bloemfontein, Sacum: p68,69,72.

kerke nie (1966:210). Derdens was daar Heyns se oortuiging van die opregte bedoelinge en Christelike karakter van die Afrikanerpolitici en die morele regverdiging van die apartheidsbeleid, wat vir hom op hierdie stadium iets soos die Barmenverklaring van die *Bekennende Kirche* in Duitsland vir Suid-Afrika onnodig gemaak het. Merkwaardig egter dat Heyns 'n brief wat die *Kirchliche Brudershaft* in Westfalen Duitsland[60] aan die Algemene Sinode van die Hervormde Kerk in Nederland gestuur het, aan die lesers van *Die Kerkbode* bekendstel. Daarin stel hulle dat hulle bewus is van die feit dat die Tweede Wêreldoorlog wat twintig jaar vantevore geeïndig het, 'n oorlog was waarin hulle landgenote en ook Nederland onmeetlike skade berokken is. Hulle het 'n behoefte om die Nederlandse volk wat aangeval en oorheers was van hulle simpatie en meegevoel te verseker terwyl geen uiterlike herstel dit wat verwoes is weer kan opbou nie. "Ons is getref deur die feit dat die Nederlandse volk in weerwil van alles wat hulle deurgemaak het in die verlede, 'n vergewensgesindheid teenoor ons geopenbaar het, en dit ondanks die feit dat ook ná die oorlog die verhoudinge tussen ons en u land deur ons vertroebel is." (Heyns 1965e:1231). Alhoewel Heyns nie hierop persoonlike kommentaar lewe nie, kan aanvaar word dat gebeure soos hierdie nie ongesiens by hom verby sou gaan nie. Op hierdie punt is dit egter nodig om op te merk dat Heyns met hierdie optrede soms onbewustelik verwarrende seine uitgestuur het. Aan die een kant lewer hy kritiek op die Christelike Instituut en verdedig hy apartheid op morele gronde. Aan die ander kant rapporteer hy oor die bogenoemde brief van die "Kirchliche Brudershaft" wat die indruk wek dat hy hom soos die Christelike Instituut met die saak van die "Bekennende Kirche" in Duitsland vereenselwig.[61] Hierdie neiging wat by Heyns bespeur word, het gemaak dat mense hom, veral later, nie ten volle vertrou het, wanneer hy standpunte ingeneem het nie.

Waarvan Heyns ook kennis neem is die feit dat Europa ná die Tweede Wêreldoorlog op baie gebiede geworstel het om weer balans te kry. Ontwrigting deur die oorlog het ook op

[60] Die "Kirchliche Brudershaft" het voortgespruit uit die Belydende Kerke wat teen die Nasionaal-Sosialisme weerstand gebied het (Heyns 1965e:1231).

[61] Vergelyk ook soos vroeër in hierdie hoofstuk dat Heyns reeds in 1955 oor Barth geskryf het, dat ons waarderend teenoor Barth kan staan, wat gewys het op die kritiese funksie van die kerk met betrekking tot die staat... en dan in sy eie woorde: "Miskien is dit juis die boodskap wat Barth het ook vir ons hier in Suid-Afrika!?" (1955:72).

teologiese gebied plaasgevind. Dit gaan oor heroriëntasie in 'n veranderende wêreld en verwarring en onrus wat daar in Nederland was as gevolg van 'n storm wat deur die oorlog ontketen is. Mens kom dit volgens Heyns ook agter in die werke wat in hierdie tyd deur Europese teoloë verskyn het (1965c:424).[62] Vir Heyns is dit belangrik dat kennis geneem word van die worsteling in Nederland om op die basis van die Skrif koers te hou in veranderende en onstuimige tye. Ten opsigte van Suid-Afrika... "sal dit ons self hopelik aanspoor om ons eie posisie te bepaal in 'n vinnig veranderende wêreld. Ons sal ons so gou en so deeglik moontlik op hoogte moet stel van strominge wat al meer en meer momentum kry en met betrekking waartoe ons ons sal moet verantwoord." (1965d:588). Belangrik vir Heyns is egter dat ons nie die Nederlandse kerke se *bona fides* in twyfel mag trek terwyl hulle worstel om koers en rigting in die stryd en spanninge van 'n na-oorlogse wêreld nie. Dit mag ons hulle nie aandoen nie, maar eweneens mag hulle ons dit ook nie aandoen, "wanneer ons ook worstel om die gebod van naasteliefde konkrete gestalte te gee in 'n land waar meer as een nasie en volk saamlewe en saam moét lewe nie." (1965c:425).

Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het teen Oktober 1966 besluit "(a) om die Christelike Instituut te verwerp as 'n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn, die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai; (b) dat ampsdraers en lidmate hulle uit lojaliteit teenoor hul kerk aan die Christelike Instituut moet onttrek en onwankelbaar trou te staan in hul liefde vir hul eie kerk as 'n stigting van God deur Jesus Christus." Hierdie besluit berus hoofsaaklik op redes soos dat die Christelike Instituut 'n buitekerklike organisasie is wat op die terrein van die kerk meeding, die Protestantse belydenis in gedrang bring deur Rooms Katolieke in te sluit, 'n bedenklike kerkbegrip en opvatting oor ekumenisiteit openbaar, die Ned Geref Kerk se sendingbeleid weerstrewe en deur openbare uitsprake die kerk se gesag ondermyn en tweedrag in gemeentes veroorsaak (Die Kerkbode 1966:621).

---

[62] Van Teylingen, E.G. 1964. *Tussentijdse Balans*. Kampen; Kuitert, H.M. *De Mensvormigheid Gods*; Janse, A. *Van Idolen en Schepselen;* Ridderbos, N.H. *Beschouwingen over Genesis 1;* Lever, J. *Creatie en Evolutie;* Schippers, R. *De Gereformeerde Zede;* Popma, K.J. *Lewensbeschouwing;* Berkouwer, C.G. *Dochmatisch Studien* en *De Triomf der Genade in de Theologie van Karl Barth.*

In 1965 skryf Heyns in *Die Kerkbode* oor die *Eienskappe van die kerk*, waarin hy verder gaan deur konkreet te sê dat die eenheid van die kerk nie net 'n geestelike eenheid is nie, maar dat dit prakties in die vorm van diens moet plaasvind. Diens aan die wêreld beteken dat die kerk hom moet inlaat met die nood op die individuele, maar ook op die sosiale vlak, die persoonlike aspekte van honger en siekte, maar ook die algemeen-ekonomiese aspekte van uitbuiting en onreg, dakloosheid en armoede. Volgens Johannes 17 meen Heyns kan die eenheid nie net 'n onsigbare verhouding tot God wees nie, maar moet konkreet uitdrukking in woord en daad vind (1965a:212). In 'n opvolgartikel in *Die Kerkbode* maak Heyns die gevolgtrekking dat die verskeidenheid binne die kerk die eenheid daarvan nie ophef nie, mits die liefde heers. Die verskeidenheid mag net nie in teenstellinge ontaard nie, waarvan groepvorming, soos waarteen Paulus in 1 Korintiërs 1:12 waarsku, 'n goeie voorbeeld is. Dit word dan innerlike verskeurdheid. Eenheid en verskeidenheid word dialekties met mekaar verbind wat as voorveronderstelling het dat die eenheid van die kerk 'n primêre gegewene is, wat as maatstaf alle verskeidenheid moet beoordeel. In die gebroke werklikheid bestaan die kerk in 'n *pluriformige gestalte* in die vorm van 'n aantal kerformasies wat met mekaar ooreenstem maar ook weer in sekere opsigte van mekaar verskil. Heyns meen dat die Skrif oordeel oor die pluriformige gestalte van die kerk, as dat God dit sou toelaat maar nie goedkeur nie. Al gee Heyns toe dat die mens net so min instaat is om die formasie van kerke op te hef, as om die sonde uit die wêreld te ban, moet die pluriformige gestalte van die kerk tog betreur word en moet elke Christen in sy kerk werk sodat daardie kerk al meer kerk kan word sodat die eenheid van die kerk tot groter sigbare gestalte kan kom. Tog wys Heyns nie die pluriformige gestalte van die kerk af, wat as gevolg van die volkereverskeidenheid aparte kerke sanksioneer nie. Toegepas op die Suid-Afrikaanse situasie sê Heyns: "Hierdie vorm van verskeidenheid as u wil, moet ons aanvaar as Gods wil vir ons huidige bedeling." So regverdig Heyns op grond van taal, kultuur en eie "geloofstaal" dat daar in die Suid-Afrikaanse opset verskillende kerke vir verskillende rasse kan wees.[63] In dieselfde asem sê hy kan die bestaan van drie Afrikaanse susterskerke vir één Afrikaanse volk nie prinsipieel geregverdig word nie. Ten opsigte van die volkereverskeidenheid egter moet

[63] Vergelyk Jonker, W.D. 1996. In dankbare herinnering: Johan Adam Heyns. Tydskrif vir Christelike Wetenskap. 36(2). Junie 1996:92.

alle kerke steeds eenheid soek, maar nie in sinodale verband nie, dit hoort volgens hom nie tot die *wesenlike* van die kerk nie en daarom mag eenheid nie primêr hierin gesoek word nie. Die kerke het wel die verantwoordelikheid om mekaar te aanvaar en te help en "al nader groei na die Skriftuurlike model van kerkwees." Vanuit hierdie worsteling om die waarheid "sal vanself 'n gemeenskaplike getuienis en eenheid in belydenis gehoor word." (1965b:242-244). Wat ons hier by Heyns kry, is die vermening van beginsel en praktyk. Oor die algemeen sê hy dat pluriformiteit betreur moet word as deel van die sondige gebroke werklikheid. Op grond hiervan mag daar nie drie Afrikaanse gereformeerde kerke wees nie, maar op grond van ras, taal en kleurverskille regverdig hy verskillende kerke as "Gods wil vir ons huidige bedeling." Dit is om dieselfde rede dat kerke blykbaar eenheid moet soek, maar in hierdie geval nie in sinodale verband nie, want volgens Heyns behoort dit nie tot die wesenlike van die kerk nie! Hierdie uitspraak van Heyns is kontekstueel en pragmaties en is 'n voorbeeld waar die praktyk die beginsel oorwoeker.[64] Tog laat Heyns ruimte vir ontwikkeling en groei as hy sê dat kerke moet groei na "n Skriftuurlike model van kerkwees. Hieruit sal vanself 'n "gemeenskaplike getuienis" en "eenheid in belydenis" gehoor word. Dit is egter nie duidelik wat Heyns met hierdie begrippe bedoel nie en laat die indruk dat hy self maar wag en sien waar die praktyk in hierdie opsig heen lei.

Opsommenderwys kan gesê word dat Heyns se loopbaan van student ontwikkel het as predikant in die bediening en teoloog, goed besig op akademiese gebied. Gegewe sy opvoeding en bepaalde skoling en die invloede wat op hom ingewerk het en daarby sy geaardheid waarvan lojaliteit aan kerk en volk 'n belangrike eienskap was en gegewe die neo-Calvinistiese dampkring waarbinne hy geleef het, kan hierdie fase van sy lewe gekenmerk word deur 'n grootliks onkritiese, lojale ondersteuning van kerk- en owerheidsbeleid met kritiese geluide ten opsigte van mindere sake. 'n Verdere waarneming is die neiging by Heyns om soms, hoewel onbewustelik, verwarrende seine uit te stuur ten opsigte van die vereenselwiging met, of die afwysing van sake, soos die voorbeeld van sy uiteenlopende kommentaar oor die "Bekennende Kirche" in Duitsland

---

[64] Vergelyk Heyns se vroeëre uitspraak dat die kerk aan geen kleur, taal of ras gebonde is nie en nie net uit blankes bestaan nie (1960:294-296).

aangetoon het. Ten opsigte van een aspek kan opgemerk word dat Heyns, soos in hierdie hoofstuk aangetoon, nie konsekwent was nie. Dit is die kwessie van die verskillende kerke vir verskillende taal, rasse en kleurgroepe in Suid-Afrika. Hierdie inkonsekwentheid dui op 'n worsteling en 'n onduidelikheid wat waarskynlik deur die oorbeklemtoning van die verskeidenheid teenoor die eenheid volgens die skeppingsidee wat deur Heyns, op voetspoor van Stoker en A Kuyper gehuldig is.

# HOOFSTUK 3

## HEYNS WORSTEL OOR GEREGTIGHEID IN KERK EN SAMELEWING 1966 tot 1979

### - Van predikant tot dosent –

In 1966 is Heyns se begeerte om voltyds in die akademie besig te wees bewaarheid toe hy na die Universiteit van Stellenbosch beroep is om onder prof F J M Potgieter in die departement Dogmatiek aan die kweekskool van die Ned Geref Kerk te doseer (Meiring 1994:179). Aanvanklik het hy aan die Universiteit van Wes-Kaapland, waar die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Suid-Afrika (hierna genoem NGSK) se predikante opgelei is, op 'n deeltydse basis begin klasgee (Younghusband 1987: 4). Sy benoeming as dosent in Stellenbosch en daarna as professor in Pretoria was voor-die-hand-liggend omdat hy al meer aansien in kerklike en kulturele Afrikanerkringe verwerf het (Jonker 1994:24). Wethmar sê van hom, "Maar nou is dit so dat Heyns ons nie alleen voorgegaan het in die beoefening van die Gereformeerde teologie nie, hy het 'n hele geslag Suid-Afrikaanse teoloë ook geleer dat wie vertroue het in die meriete van die Reformatoriese tradisie ook oop kan staan vir die waarheidselemente van ander tradisies." Wethmar haal Nietzsche aan wat gesê het dat 'n mens jou leermeester sleg beloon, as jy altyd maar net leerling bly en dit nooit tot selfstandige stellingnames bring nie. "Daarom het Heyns dit nooit van sy studente en kollegas verwag dat hulle hom moet napraat nie en stel hy 'n eerlike en ernstige akademiese gesprek, waarin standpunt teenoor standpunt getoets word, hoog op prys." (1994:65).[1] In die lig van Wethmar se opmerking oor selfstandige stellingnames, is dit belangrik om daarop te let dat die paradigmas waarin Heyns en F J M Potgieter gewerk het, nie altyd ooreengestem het nie. "Hy (Potgieter) het sekere sentimente en waarderings ten opsigte van die teologie van Kuyper gehad, wat ek nie met hom gedeel het nie." - aldus Heyns. Tog het hulle goed oor die weg gekom (Meiring 1994:179). Dit is belangrik om daarop te let dat Heyns sy bogenoemde opmerking oor Potgieter ten opsigte van Kuyper teen 1993 maak. Dit is daarom 'n vraag of hy reeds in die sestigerjare so sterk van Potgieter verskil het. Volgens Jonker was

[1] Vergelyk dit wat Heyns by K Barth en A B Du Preez geleer het ten opsigte van die metodiek om studente te leer om selfstandig te dink (Hoofstuk een).

Heyns se grootste bydrae tot die Afrikaanse teologie dat hy 'n eietydse teologiese denksisteem ontwikkel het. Van vroeg reeds was spore daarvan by hom aanwesig,[2] maar dit is sedert die helfte van die sestigerjare dat hy hierdie denkmodel struktureel begin ontwikkel het. Hy het deurgans getrou hieraan gebly. Heyns was uit sy voortdurende gesprek met moderne teoloë daarvan oortuig dat daar 'n behoefte aan 'n dinamiese eietydse teologie is, wat op die vrae en tendense van die moderne era kan ingaan. Hy wou die waarheid van die Calvinistiese grondoortuiginge in die taal en idioom van die moderne tyd tot uitdrukking bring (1994:14). Of hy hierin suksesvol was, is 'n vraag wat hierdie studie sal poog om te beantwoord.

Die afskeidspreek uit Johannes 1:29 wat Heyns op 6 Maart 1966 in Rondeboschgemeente gelewer het, was 'n besondere boodskap. Gegewe die feit dat hy soveel van die regerende politici as luisteraars gehad het, gebruik hy die beeld van die politikus waarmee hy die profeet van God vergelyk. Terwyl eersgenoemde mense na hom toe probeer trek en oorreed om vir hom te stem omdat sy beginsels volgens hom so suiwer en reg is, wys die profeet in teenstelling daarmee weg van homself, na die Lam van God - dit is Christus. Heyns wou vir die gemeente sê dat laasgenoemde juis dit is, wat hy as predikant in die gemeente wou doen. Wanneer hy hierna weg is, word sy spore as't ware doodgevee, maar die bloed van die Lam moet na analogie van die Paasgebeure in Egipte soos in die Ou Testament vertel, aan die deurposte van die lidmate se huise gesmeer wees (1966a:1-3). Nadat hy op 14 April 1966 as lektor aan die kweekskool te Stellenbosch begin klasgee het, lewer hy op 17 April sy intreepreek in die Moederkerk op Stellenbosch uit die teks Handelinge 1:3b.[3] Hierdie preek handel nogmaals oor die *Koninkryk van God*, 'n onderwerp waaroor Jesus Christus by verskeie geleenthede met sy dissipels gepraat het. Hy gebruik die beeld van 'n dubbelverdiepinghuis waarvan die twee verdiepings met 'n trap verbind is. So speel 'n mens se lewe op die een verdieping af, maar om met die perspektief van die koninkryk van God te lewe, is om ook op die tweede vlak van die

---

[2] Vergelyk in hoofstuk twee Heyns se preek oor die koninkryk van God: Heyns, J.A. 1962a. Uitsaadiens: Preek gelewer te Rondeboschgemeente: 4 Februarie 1962. Versameling preke van J.A. Heyns in besit van D.P. Veldsman. Pretoria.

[3] Hierdie preek is ook op die volgende plekke gelewer: Paarl-Strooidakkerk - 21 Mei 1969 tydens Pinkstertyd; Waterkloof - 6 Mei 1973; Suikerbosrant, Heidelberg - 19 Mei 1973.

huis te lewe. Die trap is die verbinding en stel *geloof* voor, dit is die toegangsvereiste tot die koninkryk. Hy noem dan dat die Christen met 'n koninkryksperspektief moet leef en om onder leiding van die Heilige Gees getuie daarvan te wees (1966b:1-4).

Heyns publiseer die boek *Die Evangelie in krisis*, sy eerste boek oor die *Apologetiek,* waarin hy die aandag vra vir die probleem rondom die verhouding van die evangelie en die moderne mens (Strauss 1994:96), veral omdat die stroom literatuur so baie geword het dat die vakman, die predikant en die teologiese student dit onmoontlik vind om van alles kennis te neem. Deur die ontwikkeling van die denke van die moderne denkers het die evangelie volgens Heyns in 'n krisis beland (1966c:7).[4] Dr A P Treurnicht vind dit 'n uiters waardevolle bydrae tot die bespreking van die teologiese en filosofiese denke van die tyd. Hy noem Heyns nie alleen skerpsinnig en goed onderleg nie, maar 'n uitnemende apologeet vir 'n gereformeerde en Bybelverantwoorde lewens- en wêreldbeskouing (Suid Afrikaanse Uitsaaikorporasie 1966:4).[5] Wanneer hy die teologiese denke bespreek noem hy drie maniere waarop hy die literatuur sien, naamlik 'n aanknoping by -, 'n uitbreiding van -, en 'n verwerping van die evangelie. Veral ten opsigte van die eersgenoemde interesseer dit Heyns dat daar 'n bewustelike poging is om 'n *vernuwingsteologie* uit te bou, om aan die behoefte van die moderne mens van ons tyd te voldoen (Strauss

---

[4] In sy boek *Die Evangelie in krisis* behandel Heyns 'n aantal denkers se idees ten opsigte van die posisie wat hulle met betrekking tot die evangelie inneem. Hy onderskei drie benaderings: Eerstens denkers wat *aanknoping* by die evangelie soek soos Robinson, Bultmann, Buri, Ogden, Bonhoeffer, Tillich, Van Buren, Altizer, Hamilton, Vahanian, De Chardin, en Degenaar; Tweedens denkers wat *uitbreiding* van die evangelie soek, soos Karl Jaspers; Derdens denkers wat die evangelie *verwerp* soos Nietsche, Satre, Ponty en 'n ideologie soos die kommunisme. Heyns is ernstig dat die kerk van Christus en Gods wêreld dringend behoefte aan 'n radikale Bybelse benadering van die lewe het. Dit beteken dat God nie telkens 'n ander naam sal word vir die diepste gewaarwordinge van die menslike eksistensie nie en sal ons opgeroep word om uiteindelik nie in ons geloof te glo nie, maar in God Drie-Enig. Hy verwys na die gevaar wat, anders as in die verlede, die voorliefde van moderne teoloë vir die reïntrepretasie van die Skrif inhou. Ou begrippe word met nuwe inhoud gevul en wek die skyn van ortodokse interpretasie. Dit is egter 'n aanslag op die hart van die Christendom wat gevaarliker en dodeliker is omdat dit fyner en subtieler is, as die openlike verwerping van die evangelie deur 'n vyand wat duidelik herkenbaar is. Tog gee Heyns toe dat daar inderdaad nuut en grondig besin moet word of alles in ons tradisionele godsdienstige voorstellinge en vormgewing die kritiese toets van die Skrif kan deurstaan. Hy maak egter duidelik dat sodanige arbeid wat tot herformuleringe lei deel moet wees van die normale teologiese taak van 'n gereformeerde kerk wat steeds moet reformeer om *gereformeerd* te kan wees. Laasgenoemde moet die motivering vir herformulering wees, en nie die behoefte van die moderne mens, met die doel om by die mens van ons dag aan te pas nie (1966c:140).

[5] Boekresensie deur dr A P Treurnicht, uitgesaai deur die Afrikaanse Diens van die Suid Afrikaanse Uitsaaikorporasie in "Lig op die Pad", op 18 Desember 1966 en 22 Januarie 1967. Verskyn ook in *Die Kerkbode* 119(11), 15 Maart 1967: 366-367.

1994:96). Heyns noem hierdie teologie *missionêre teologie* want die boodskap moet deur die moderne mens verstaan word. Dit eis die bereidheid om met begrippe te eksperimenteer en gaan om die aflewering van van die boodskap aan 'n nuwe mens, "met wie ons die grootste solidariteit moet vertoon." (Heyns 1966c:11). Vanweë die twee wêreldoorloë is die moderne mens ontnugter en het die kerk besef dat hy met sy boodskap misluk het. Die evangelie moet dus deur reïnterpretasie opnuut geloofwaardig gemaak word. (Suid Afrikaanse Uitsaaikorporasie 1966:4).

Een aspek in die boek handel oor Heyns se afwys van die *kommunisme* as ideologiese stelsel. Aangesien die kommunisme in die sestiger-, sewentiger- en tagtigerjare 'n wesenlike bedreiging vir Suid-Afrika met sy Afrika- en Westerse geskiedenis was, gaan ons vervolgens kortliks daarop in. Heyns noem kommunisme 'n ideologie wat nie net maar alleen gevaarlik as rewolusionêre beweging op sosiaal-ekonomiese en politieke gebied is nie, maar "ons moet kennis neem van die besondere godsdienstig-wysgerige beskouing wat aan die kommunistiese ideologie sy ware diepte gee." Dit is teen die God-mensverhouding gekant en wil 'n nuwe wêreldorde skep (Heyns 1966c:123-124). Soos verskeie denkrigigtings beskou Heyns hierdie grondhouding van die kommunisme as 'n subtiele aanslag op die hart van die evangelie (Strauss 1994:97). Marx, Engels en Lenin het die opvatting van Feuerbach vrugbaar gevind en daaruit afgelei dat godsdiens die klasseverskil tussen mense bestendig en hulle leer om daarin te berus, daarom is godsdiens vir hulle "opium vir die volk". So het die uitroei van godsdiens in Rusland praktiese politieke beleid geword. (1966c:129-131). Met hierdie prinsipiële afwysing van die kommunisme, en teen die agtergrond van die wêreldwye stryd tussen die Weste en die Ooste genoem die *Koue Oorlog* wat in volle swang was en teen die agtergrond van die groterwordende kommunistiese bedreiging in Suider-Afrika wat deur die teenstanders van apartheid in hul vryheidstryd as bondgenoot aangegryp is, is dit te begrype dat kommunisme op daardie stadium 'n wesenlike gevaar vir die Afrikaner was. Dit is iets wat Heyns terdeë besef het. Hy kom met 'n merkwaardige opmerking na vore as hy sê:

> "Teenoor die kommunisme as lewens- en wêreldbeskouing is dit verreweg nie voldoende om met 'n ander politieke, maatskaplike of ekonomiese program te kom nie. Hier sal alleen 'n ander lewens- en wêreldbeskouing die geskikte wapen wees - 'n

> ideologie wat gebou is op en voortkom uit die beginsels van Gods Woord." (1966c:137).

Die vraag is hier wat Heyns met die woord "ideologie" bedoel. Sou hy die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as dié "ideologie", wat as teenvoeter vir kommunisme moet dien, beskou? Sou dit wees dat die woord "ideologie" op hierdie stadium geen negatiewe konnotasie vir Heyns inhou nie? In die dekades van die sestigs, sewentigs en veral die tagtigs het die sogenaamde kommunistiese bedreiging tot die nommer een vyand vir die nasionalisties-georiënteerde apartheidsregering in Suid-Afrika gegroei. Alhoewel die wese van die gewapende stryd teen die regering 'n stryd van swart nasionalisme teenoor blanke oorheersing en apartheid was, het die omvang van die kommunistiese bedreiging wêreldwyd, ook in Suid-Afrika die toneel begin oorheers, soveel so dat almal in die tagtigerjare, Heyns inkluis, van die sogenaamde "totale aanslag" begin gepraat het. Saam hiermee het die persepsie ontwikkel dat die kommuniste vir elke daad van aggressie teen die republiek van Suid-Afrika verantwoordelik was. Dit het tot die slagspreuk aanleiding gegee dat sommige mense "'n kommunis agter elke bos uitsgekop het." Die werklikheid en die ernstig aard van die kommunistiese bedreiging gedurende die genoemde tydperk tot en met die val van die Berlynse muur in November 1989 mag egter nooit uit die oog verloor word wanneer die ontwikkeling van die stryd in Suid-Afrika in oënskou geneem word nie. Heyns was teen 1966 sekerlik baie tydig en relevant met sy bespreking van die filosofiese grondhouding van die kommunisme in sy boek *Die Evangekie in krisis*.

Heyns se belangstelling in die ekumene word duidelik in die wyse waarop hy die rubriek *Uit die Buiteland* in die *Die Kerkbode* hanteer. Hy benut die geleentheid om deur die rubriek, sienings van buitelandse teoloë ten opsigte van die kerk se rol in Suid-Afrika aan die lesers voor te hou en dikwels sy eie kommentaar en interpretasie daar by te voeg. So skryf hy van prof C van der Woude, historikus in Kampen wat die Ned Geref Kerk met sy driehonderdjarige bestaan in Suid-Afrika gelukwens en volgens Heyns 'n heel simpatieke artikel oor die kerk en die ekumeniese verhouding met die Nederlandse Gereformeerde Kerk skryf. Hy haal aan:

> "Wij lezen in de pers in de laatste jaren meestal minder gunstige dingen omtrent de rassenverhoudingen in Zuid-Afrika. Wanneer men kennis neemt van het zendings- en

> Christelijk-sociale werk dat deze kerk verricht onder de Bantoes, komt men in contact met een ander facet dat men voor een zuiwere beoordeling niet macht veronachtzamen."

Heyns sê dat dit die soort standpunt is waarna hy en andere in Suid-Afrika nog altyd gesoek en gevra het, "...nie noodwendig instemming nie, maar begrip en, gepaar met die begrip, aanvaarding van ons *goeie bedoeling* om as Christene, en met name Gereformeerde Christene *in S.A. saam met ander rasse te lewe.*" (1966d:49). In teenstelling met die voorafgaande is daar ook diegene wat Suid-Afrika as '"n kolonie van melaatsheid" sien, soos Cecil Northcott, redakteur van 'n kerkblad in Londen en predikant van die Kongregasionalistiese Kerk. Waar die Britse Raad van Kerke oordeel dat Suid-Afrika ten opsigte van werkers en fondse ontruim moet word as maatreëls om apartheid tot 'n einde te bring, is Heyns bly oor Northcott se standpunt dat Suid-Afrika 'n sendingveld is waaruit niemand mag padgee nie, maar waarheen gelowiges moet gaan om te arbei. (1966e:494). In 'n ander berig oor Berkouwer, meld Heyns dat Berkouwer sê dat die Skrif ons ernstige aandag vra vir die eenheid van die kerk en dan voeg hy by, "...en vir hierdie Bybelse waarheid het die ekumeniese beweging ons oë geopen." Berkouwer vind die waarde van die ekumeniese beweging in die aksent wat gelê word op die innige verlange na 'n sigbare uitdrukking van wat ons "met al die heiliges saam het". Dit gaan vir hom om die *een* kudde onder *een* Herder. Heyns erken dat Berkouwer hier 'n belangrike ding gesê het, maar in terme van die verhouding van die kerk tot organisatoriese eenheid, meen hy dat daar nog baie oor besin sal moet word (1966f:86). Heyns gaan terug tot by Calvyn wat hy "sonder vrees vir oordrywing" die mees ekumeniese van al die reformatore noem. Calvyn had alles feil vir die eenheid van die kerk maar dit was 'n gekwalifiseerde eenheid, gebonde aan en in ooreenstemming met die waarheid van die Skrif (1967a:72,73).[6] Gegewe die waarheidsvraag, wat in die Familie van Ned Geref Kerke as gevolg van die gemeenskaplike belydenisskrifte nie 'n struikelblok kon wees nie, kan die vraag weer gevra word, waarom Heyns ten opsigte van die organisatoriese eenheid van dié betrokke kerke getwyfel het. Hy skryf amper met verbasing in die rubriek *Uit die buiteland* dat die kerke oraloor met nuwe ywer oor

---

[6] Juis ter wille van die eenheid van die kerk wou Calvyn geen gemeenskap hê met diegene wat afwyk van die fondamente van die geloof nie. Om hierdie rede het hy hom teen 'n kompromis met Rome verset aangesien dit tot 'n aantasting van die grondbeginsels van die Hervorming kon lei (Heyns 1967a:73).

eenheid praat en dan nie net meer teoretiese eenheid nie, maar ook organisatoriese eenheid. Hy noem vyf voorbeelde van kerke in die buiteland, wat groter eenheid soek en dan merk hy op, verwysende na die drie Afrikaanssprekende kerke waarvan verteenwoordigers in 'n radioprogram oor eenheid gepraat het, dat hulle daarmee midde in die gees van ons tyd staan (1967c:225).

'n Debat in die kleine het oor die term *Christelik-nasionaal* ontstaan wanneer Heyns rapporteer dat prof A van Selms van die Universiteit Pretoria 'n artikelreeks in die Christelike Instituut se blad, *Pro Veritate* gepubliseer het. Weer eens is dit vir Heyns belangrik wat die teoloë in die buiteland van die kerk in Suid-Afrika dink, en hy is van mening dat dit mede bepaal word deur die optrede van teoloë in Suid-Afrika self. Belangriker is egter of die optrede van die kerke in Suid-Afrika en in hiedie geval in besonder die Afrikaanse kerke, ten alle tye die toets van die waarheid kan deurstaan. As dit nie die geval is nie, sê Heyns, "...is ons skuldig - skuldig óók teenoor ander wat dan nie anders kán as om 'n verwronge beeld van ons te konstrueer nie". Volgens Heyns sê Van Selms dat dit aan die hand van Jesaja 33:14 roekeloos van teoloë is, wat God nie God wil laat wees nie; predikers wat Hom tot 'n element van die volkslewe wil maak; kerkmense wat dit so heerlik vind om van die kansel af 'n skynbaar goddelike sanksie op hul sosiaal-ekonomiese posisie te ontvang. Van Selms se gewraakte stelling is: "Wie Christelik-nasionaal wil wees sal weldra ontdek dat hy alleen maar nasionaal is." (1966g:769). Prof J A van Wyk meen dat daar met 'n sogenaamde koppeltekenterm soos *Christelik-nasionaal*, 'n verband tussen teologie en ideologie uitgedruk word. In die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing was die term *Christelik-nasionaal* volgens hom die simbool van behoudend-nasionale regsinnigheid, wat uitdrukking van die noue verband tussen die Christelike- en die volkslewe wil gee, waar die normatiewe van die Christendom die volkslewe moet suiwer. Tog het dit ideologiese trekke vertoon soos wat hy byvoorbeeld by Treurnicht en Diederichs aantref, waar God volgens hulle aan 'n volk 'n eie wese, siel en karakter gegee het wat nie kan verander nie en tot die dood toe so bly. So word van God se voorsienigheid 'n skeppingsordonnansie gemaak wanneer daar so oor 'n gemeenskap geromantiseer word. Van Wyk sê: "In enige koppeltekenverbinding bestaan die neiging om die Christendom tot 'n aanhangsel te maak." (Van Wyk 1978:22,-

25).[7] Van Selms vra die vraag of 'n volk nie selfs kan verdwyn wanneer God sy bedoeling met daardie volk voltooi het nie "...want omdat die Here alleen die outoriteit is, vergeet ek al wat ek tevore wou doen; ek vergeet wat die magshebbers van my verwag; ek vergeet my hele verlede, my loopbaan, my posisie; my ideale. My hele bestaan word een vraag: Here, wat wil U hê moet ek doen?" Hewige reaksie het vanuit Suid-Afrika teen Van Selms gekom, byvoorbeeld versoeke dat dissiplinêre optrede teen hom toegepas word, 'n staking van subsidie aan die universiteit, en so meer. Vanuit die buiteland het verskeie teoloë gereageer met hoofsaaklik instemming met Van Selms se artikel, maar met wisselende grade van kritiek. Heyns se eie kommentaar is hier van belang. Hy betreur die vlak van debatvoering wat hier rondom plaasvind en hy meen dat dit nie gedoen moet word op die wyse waarop Van Selms dit doen nie. Van hom, wat reeds ongeveer dertig jaar in Suid-Afrika woon, het Heyns meer begrip verwag. Aan die ander kant staan die krasse reaksie uit eie geledere Heyns ook nie aan nie. "Waarom nie kalm en rustig op prinsipiële gronde die gedagtes teenoor mekaar gaan afweeg en verwerp wat te lig bevind is en aanvaar wat aanvaar kan word nie? Waarom een dik rooi streep deur alles gaan trek?", vra hy. Vir hom getuig dit nie van 'n wetenskaplike gees, gedra en geïnspireer deur 'n Christelike gesindheid nie. Hy waarsku juis teen ideologievorming as hy sê dat daar in "ontsettend gevaarlike tye - teologies nie minder as polities" geleef word en daarom mag daar nie beswyk word voor "die gees van ons tyd wat alles wil besien en verklaar vanuit één enkele perspektief of gedagte nie". Hierdie soort reaksie gee volgens Heyns aanleiding daartoe dat daar byvoorbeeld ten onregte, 'n vergelyking gemaak word tussen dit wat in Suid-Afrika gebeur en die Duitse toestande rondom die dertigerjare. Aan die ander kant verdedig Heyns die term *Christelik-nasionaal* waarin 'n mens nie "noodwendig 'n teenstelling moet sien nie". Heyns sê: "Die verbinding tussen die begrippe *Christelike* en *nasionaal* kom op uit ons Calvinistiese lewens- en

---

[7] Van Wyk se definisie van 'n ideologie: *Dit is die gemeenskaplike waardestelsel wat deur groepe mense gehuldig word om hul posisie in die wêreld as gemeenskappe te bepaal en om hul omgewing gemeenskaplike te beheers.* Die kern van sy betoog in sy studie is dat daar by mense 'n neiging van ideologisering van dinge is, gewoonlik dinge wat 'n element van waarheid bevat maar deur die ideologisering tot beginsels verhef word wat 'n groter gebied moet dek as waartoe hulle van nature geregtig is. In hierdie sin beskou hy ook sekere vorme van die Christendom as ideologieë byvoorbeeld die *Calvinisme, Metodisme en Thomisme*, wat lewens- en wêreldbeskouinge het. Ten opsigte van *nasionalisme* meen hy dit is ook geen uitsondering nie. Dit neig om absolutisties, individualisties en selektief te wees en daar is ook die neiging na die metafisiese, waar die individu volgens goddelike verordening net vervulling kan vind as hy in sy volk opgaan - volksdiens is sy godsdienstige plig (1978:2,3,13,14).

wêreldbeskouing en wie die verbinding hiervan prinsipieel bevraagteken (soos Van Selms gedoen het en Rothuizen skyn te impliseer) bewys dat hy die diepste religieuse motief waaruit ons lewe en *wil* lewe, nie raakgesien het nie." (Heyns 1966g:769-771). Uit die bogenoemde is dit dus duidelik dat standpunte van die een uiterste, waar sommige die beoefening van Christelikheid en godsdiens byna in 'n vakuum wil laat plaasvind en mense hulle as't ware van hul volk, tradisies, verlede en toekoms moet losmaak om slegs aan God "gehoorsaam" te wees, na die ander uiterste waar "gehoorsaamheid" aan God bepaal word deur lojale diens aan die volk as sentrale beginsel. Die stryd tussen hierdie uiterstes sou getipeer kon word as 'n stryd tussen ideologieë, wat op menslike vlak 'n sterk emosionele karakter dra. Vandaar Heyns se verwysing na die "gevaarlike tye". Belangrik is om hier op te merk dat hy die saak oor "*Christelike"* en "*nasionaal"* vanuit die Calvinistiese denkraamwerk beoordeel, met 'n teoretiese bewustheid van die gevaar van ideologisering ten opsigte van die volksromantiek. Op hierdie stadium is hy klaarblyklik nog onbewus van die wyse waarop dit reeds in die toepassing van die beleid van apartheid en in sy eie verdediging daarvan, inslag gevind het. Prof Jaap Durand beskryf wat gebeur het deur te sê dat 'n Afrikaner-burgerlike godsdiens tussen 1930 tot 1960 ontwikkel het. "Die Kuyperiaanse kosmologie (skeppingsleer) was die hoeksteen van 'n teologie wat hieraan legitimiteit verleen het. Die skeppingsleer met sy beklemtoning van skeppingsordeninge is só kunstig met 'n ortodokse gereformeerde teologie gekombineer dat die verskuilde dormante natuurlike teologie in Afrikanerteologie nooit herken is vir wat dit is nie." "Een teologie wat in dié tyd die Afrikanerteologie na sy ware aard ontmasker het, was dié van Karl Barth met sy Christologiese konsentrasie en sy insnydende kritiek op godsdiens en natuurlike teologie" (2002: [ ]).[8]

In 'n reeks referate voor die *Nasionale Jeugleiersinstituut*[9] maak Heyns duidelik wat hy onder terme soos humanisme en liberalisme verstaan. Vanuit sy verduideliking van die Calvinisme lewer hy kritiek op die genoemde wêreldideologieë, waarvan sekere aspekte

[8] Volgens Durand is Barth as 'n twintigste eeuse ketter nie ver agter Rudolf Bultmann nie beskou en op kweekskool het hulle net 'n bietjie, meestal negatief van hom gehoor. Sy eie "ontmoeting" met Barth het deur middel van Berkouwer se geskrifte as vrywillige leeswerk op kweekskool geskied (2002:[ ]).

[9] Hierdie referate het in 1966 in die tydskrif *Handhaaf* 3(10):13; 3(11):8-9; 4(1):22ev; 4(2):22-23; asook in *Die Bondgenoot* 12(4):8-9; 12(5):4-5; 12(6):4-6 en 12(9):5-6 verskyn.

wat vir die onderwerp van hierdie studie relevant is, behandel word. Hy beskryf *liberalisme* as 'n uitbreiding van die humanisme met 'n aandrang op vryheid van keuse van die individu, gebaseer op gelykheid voor die reg. Op sosiale gebied beteken dit vryheid van keuse om vryelik te assosieer, op politieke gebied beteken dit gelyke stemreg, met ander woorde een-mens-een-stem. Die liberalis kom volgens Heyns naby aan 'n vereenselwiging van vryheid met absolute ongebondenheid. Verder bestaan die gemeenskap of maatskappy uit 'n losse versameling individue, waar die beweging van die individu tussen een groep na die ander kan plaasvind sonder benadeling van die individu, die groep waaruit hy kom, of die groep waarheen hy gaan. Hierdie ongebondenheid hou nie rekening met volkstradisies, kulturele erfenisse, geloofsake, ensovoorts nie. Die vryheid van die liberalis is nie geleë in die oproep tot wetsgehoorsaamheid, of roepingsvervulling nie, maar in wat beskou word as die waardigheid van die mens. Op Suid-Afrikaanse bodem is hierdie liberalistiese grondbeginsels volgens Heyns reeds in die negentiende eeu deur die sendingbeleid van sommige Engelse sendelinge ingedra. Dit het 'n bepaalde rasseopvatting tot gevolg gehad wat die swartmense se ontwikkeling in die sin van die oordrag van die Westerse beskawing in die oog het, dus 'n assimilering met die blanke Westerse kultuur uiteindelik één volk en één kultuur (Heyns 1966h:1-5). In sy laaste referaat bied Heyns die *Calvinisme* teenoor die ander wêreldideologieë aan as antwoorde wat die kerkhervormer Johannes Calvyn op fundamentele vrae gegee het, wat in die loop van die eeue sedert die sestiende eeu deur baie mense nagevolg is en Calvinisme genoem word. Calvyn se mees fundamentele vraag was: Hoe kan ek God verheerlik? (Heyns 1966i:1-3). Teenoor die bygelowige verknogtheid aan kerklike uitsprake en oorgelewerde tradisies stel Calvyn die Woord van God as genoegsaam en gesaghebbend en dit is alleen gegrond in die verligtende werking van die Heilige Gees en word daarom slegs deur die geloof erken. Die insig dat die Skrif die sentrale plek in alle teologiese besinning moet inneem, was vroeg al in die lewe van Calvyn aanwesig.[10] Die Skrif is sentraal omdat God sentraal is en kan ook sy soewereiniteit genoem word. Hy is die middelpunt van die geskapene want alles is uit Hom, deur Hom en tot Hom (Heyns 1967a:67,71). Al sy antwoorde het Calvyn uit die Skrif probeer gee en daarom is

---

[10] Karl Barth kon met reg sê: wie 'n leerling van Calvyn word, word 'n leerling van die Heilige Skrif (Heyns 1967a:71).

Calviniste mense wat in alles wat met die Bybel as Woord van God ooreenstem aanvaar en wat daarmee in stryd is, verwerp. 'n Verduideliking van Calvinisme is dus prakties 'n weergawe van die leer oor die Bybel. Dit is daardie denke waarin die wêreld in sy verhouding tot God verklaar word. God het alles geskape en alles kom van Hom af, maar hy het nie alles dieselfde gemaak nie. In die gelykenis van die talente ontvang elkeen verskillende talente: vyf, twee en een, "...maar van almal, so verskillend as wat hulle mag wees, verwag Hy gehoorsame onderwerping. Die Calvinis weet dat hy in alles wat hy doen verantwoording verskuldig is aan God - uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is." (Heyns 1966i:1-3). Voortspruitend uit die sentraalstelling van die soewereine God en sy Woord, merk Heyns op dat Calvyn baie beteken het vir die politieke- kulturele- en wetenskaplike lewe. Hy was 'n voorstander van die skeiding van die terreine van kerk en staat, elke met 'n eie werkterrein en bevoegdheid en mag, maar wat albei tog geroep is om God te eer en ook op mekaar aangewese te wees. Wette, wat hy die spiere van die staat noem, moet die ewige reël van die liefde weerspieël. Ten opsigte van die kulturele lewe het Calvyn daarna gestrewe om die ganse lewe onder die heerskappy van Gods Woord te bring, want aan Hom is gegee "alle mag in die hemel en op aarde." Dit sluit kuns en wetenskap in, waardeur Calvyn 'n nuwe grondslag lê vir kultuurbeoefening. Heyns ontbloot sy aansluiting by Calvyn vir die ontwikkeling van 'n eietydse teologie, wanneer hy opmerk dat in die middelpunt van die denke van Calvyn staan God en sy heerskappy, God en sy ryk. Verder kom die grondidee vir Heyns se etiek ook na vore wanneer hy verder gaan as hy sê dat volgens Calvyn moet God se heerskappy en sy ryk ook in die middelpunt van die lewe en arbeid van elke mens staan (1967a:74-76). Wanneer Heyns punte van kritiek op die beskouinge van die liberalisme lewer, doen hy dit vanuit die Calvinistiese raamwerk en word dit vervolgens in aansluiting met die vorige opmerking oor die liberalisme aan die orde gestel. Eerstens op die punt van vryheid van keuse, veral met verwysing na stemreg ten opsigte van een-man-een-stem meen Heyns dat die liberalisme nie voldoende begrip toon vir die verantwoordelikheid wat met die vryheid gepaardgaan nie. In die Suid-Afrikaanse konteks het Heyns ten opsigte van hierdie argument waarskynlik by die stelsel van voogdyskap aansluiting gevind soos wat dit deur die apartheidsbeleid van die Nasionale Party toegepas is en het hy waarskynlik die standpunt gehuldig dat die swartmense in Suid-Afrika nie op daardie stadium die

ontwikkelingspeil gehad het, om in 'n politieke bestel saam met die blankes stemreg te kan hê nie.[11] In aansluiting hiermee sê hy, vloei die beginsel voort, dat die "hoërstaande groep", verwysende na die blankes, volgens sy bevoorregte posisie verplig is om die "laerstaande groep", verwysende na die swartes, tot 'n hoër peil te ontwikkel, volgens laasgenoemde se eie kultuur en om hom te Christianiseer met behoud van sy tradisionele eiendomlikhede. Hierdie redenasie berus volgens Heyns op twee Calvinistiese beginsels naamlik eerstens dat daar 'n gedifferensieerde veeleenheid van die mensheid is, 'n verskeidenheid wat nie sondermeer geïgnoreer kan word nie, maar die verskeidenheid van nasionaliteite en rasse word aanvaar as deur God gewil vir hierdie werklikheid waarin ons lewe en is gevolglik 'n verryking van die mensheid. (Heyns 1966h:4,5). Tweedens aanvaar die Calvinis die verdorwenheid van die mens deur die sonde en dat die mens alleen deur Christus daaruit verlos kan word. Op hierdie punt is alle mense voor God gelyk. Daarom moet alles in die samelewing verchristelik word wat insluit die Christianisering van die heidene deur die toe-eiening van die evangelie van Christus deur elke nasie volgens die aard van sy nasionaliteit (Heyns 1966i:3).

In die beoordeling van die bogenoemde standpunte deur Heyns soos hierbo bespreek, is dit duidelik dat hy nie negatief oor verskille in ontwikkelingspeil van volkere oordeel nie en dat hy 'n ideaal van groei in die ontwikkelingspeil van volkere sien. In die gelykskakeling van alle mense ongeag ras, vermoë en ontwikkelingspeil sien hy egter 'n wesenlike gevaar vir die blankes in Suid-Afrika. Sy vrees moet gesien word teen die agtergrond van die blankes in Suid-Afrika wat met 'n Calvinistiese roeping ten opsigte van die uitdra van die evangelie, die spreekwoodelike lig aan die suidpunt van donker Afrika, hulle vir meer as driehonderd jaar in Suid-Afrika bevind in 'n tyd van die bedreiging deur wêreldideologieë soos die vroeëre imperialisme en nou die liberalisme en die meer gewelddadige kommunisme. Heyns se geloof in die Calvinisme kom duidelik na vore wanneer hy van Stoker sê, dat hy soos weinig ander in Suid-Afrika op indrukwekkende wyse getoon het dat dit die Calvinisme is wat, indien dit deurgedink word, 'n boodskap het vir die krisis van ons tyd (Heyns1967a:174).[12] Die verloop van die

[11] Vergelyk Stoker se siening oor apartheid in hoofstuk een.

[12] Heyns skryf dat Calvyn nie een soort regeringsvorm uitgesonder het nie, maar geantwoord het dat dit van omstandighede afhang. Moontlikhede van ontaarding word sowel by die monargie as die aristokrasie en die

latere geskiedenis het getoon dat hoewel die kommunisme teen einde 1989 ineengestort het, die liberalisme egter met die bewindsverandering van 1994 'n rondte gewen het, deur die vestiging van 'n liberaal-demokratiese bestel in Suid-Afrika. Sou dit vir Heyns beteken dat die Calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing met sy klem op Skrifberoep en Godsverheerliking asook op veelvormigheid van gestaltes gefaal het? Vrae soos hierdie roep na antwoorde en daarop sal ons later terugkom.

Prof Ben Engelbrecht, sekretaris van die Christelike Instituut,[13] lewer teen Desember van dieselfde jaar 'n voordrag[14] in Johannesburg voor 'n aantal predikante van die drie Afrikaanse- en van sommige Engelse kerke. Hy vra die vraag of dit in Suid-Afrika nie nodig geword het dat die grondwaarhede van die Christelike geloof opnuut in 'n aktuele belydenis uitgespreek moet word wat die kerk en die volk tot bekering oproep nie, aangesien daar met die patroon van die samelewingsordening iets grondigs verkeerd is. 'n Kritiese vraag wat hy vra is of apartheid as beleid in die lig van die Skrif regverdigbaar is sodat ook sy sondes voor die genade van Christus gebring kan word, of is dit as sodanig 'n eie, outonome regverdigingsprinsipe vir die kwaad wat dit meebring? Is dit 'n soeke na die koninkryk van God en sy geregtigheid, of die najaging van 'n utopiese ideaal waarin die doel die middele heilig? Hy meen dat met apartheid het mens met 'n pretensieuse teokratiese samelewingsbeeld te doen waar die kerk aan die hand van eksegese uit Genesis 11, die verbod aan Israel om met heidense volke te meng, die talewonder tydens die Pinkstergebeure van Handelinge 2 wat as bevestiging vir Genesis 11 dien en 'n interpretasie van Handelinge 17:26[15] wat as gebod gesien word, dit as religieuse beginsel ingerig het en dit paradigmaties vir die inrigting van die samelewing rondom die kerk voorhou. Op sy beurt is dit vir die owerheid van die land soveel

---

demokrasie gevind. Vir Calvyn skyn 'n vorm van aristokrasie vermeng met demokrasie die beste te wees. Dit was vir hom duidelik dat God dit so beskik het dat verskillende lande deur verskillende regeringsvorme bestuur word. (Heyns 1967a:74,75).

[13] Prof Ben Engelbrecht het teen die einde van die sestigerjare sy bande met die Christelike Instituut verbreek en 'n pos by die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar. Die rede vir dié stap was sy "....bedenkinge oor die rewolusie-gedagtes wat met teologiese klede vermom is", wat hy by die Christelike Instituut aangetref het (Engelbrecht 1999:1).

[14] Die referaat met die titel: *Inleidende opmerkings tot 'n bespreking oor "gehoorsaamheid" in die huidige Suid-Afrikaanse situasie* is met enkele redaksionele wysigings teen 1981 in drie aflewerings in die dagblad *Beeld* gepubliseer (Engelbrecht 1999:2).

[15] Handelinge 17:26 - "Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het...".

makliker om sy magsmiddele ter uitskakeling van sy teenstanders aan te wend onder die kerk se Christelike regverdiging van apartheid, sonder om hom sedelik daartoe gebonde te ag om maatreëls wat hy mag aanwend teenoor enige iemand te verantwoord. Met die kerklike sanksie pretendeer apartheid "om 'n enige heilsweg te wees na 'n politieke, maatskaplike en kerklike ordening van die samelewing waarbinne daar 'n waaragtige heilsbelewing, individueel en gemeenskaplik, moontlik is." Omdat dit 'n Christelik-gestempelde religieuse pretensie het, is dit vir die Christelike gewete nie so aanstootlik wanneer daar in die praktiese uitvoering van die beleid dinge verkeerd is nie, want dit vorm sy eie regverdigingsbeginsel vir die sedelike kwaad wat dit meebring. Daarom is dit futiel om op die oppervlakte te protesteer en kritiek te laat hoor teen vorme van onreg wat die uitvoering van die beleid meebring. Dit gaan eerder oor 'n fundamentele beswaar teen apartheid as sodanig. Die kern van die saak is: "Apartheid blyk in sy pretensies 'n heilsleer te wees wat die gesag van die goddelike openbaring vir hom toeëien en op kerklike sanksionering aanspraak maak. Die owerheid wat die beleid ontwerp het en implementeer, toon juis daarin gehoorsame dienaars van God te wees." Volgens Engelbrecht is hierdie pseudo-Christelike heilsleer en pseudo-evangelie besig om 'n fatale greep op die siele van mense en op die volkslewe te verkry (1967:1,7-11). Hierdie standpunte van Engelbrecht het radikaal van Heyns se siening oor apartheid verskil. Vir ten minste nog 'n dekade sou dit so bly, maar in die tagtigerjare het Engelbrecht met Heyns daaroor in gesprek getree, iets waarop ons later sal terugkom. Ten opsigte van Engelbrecht se verdere uitklaring van kritiese beginselvrae en die uitwys van implikasies vir die kerk, soos hy dit in die bogenoemde referaat uiteengesit het, sal ons later weer na verwys.

In sy publikasie *Die kerk as diens aan die koninkryk,* kom Heyns se standpunt oor die verhouding tussen koninkryk, kerk en volk na vore. Die oorsprong van die koninkryk van God kan volgens hom teruggevoer word tot Gods aksie in die skepping terwyl die kerk eerder gesien moet word as God se reaksie teen die sonde. In die kerk gaan dit alleen om mense wat aan God gehoorsaam is, maar in die koninkryk gaan dit om die gehoorsaamheid van die ganse skepping, te wete stof, plant, dier, mens en geeste. (1967b:13). Die verhouding van kerk en volk hou verband met die eenheid en

verskeidenheid binne die kosmos. Alhoewel die Skrif 'n veelheid van kerke nie ken nie, het laasgenoemde volgens Heyns te make met die verskeidenheid van volke wat as 'n gegewe aanvaar moet word. In Genesis 11 se gebeure sien Heyns die kwade ten opsigte van die sondige eenheidspoging van die mens en die goeie, die genadige wil van God, wat met die oog op die bevordering van die Godsryk, die taalverwarring laat plaasvind. Die sinvolle bestaan van 'n volk word daarom bepaal deur sy meewerking aan die voortgang van die koninkryk van God. Die verskeidenheid beteken dus nie net die verryking van die mensheid deur hul wedersydse aanvulling en diensbetoning nie, maar saam weerspieël hulle ook iets van die beeld van God. Albei, kerk en volk is konkrete gestaltes van die Godsheerskappy in die mensewêreld. Die kerk is nie 'n groep individue wat geroep is nie, maar bestaan uit organiese verbande of eenhede bestaande uit gesinne, families, volke en nasies. Kenmerke van 'n volk is volgens Heyns gemeenskaplike afstamming, -verbondenheid aan die eie ruimte en - geestesagtergrond soos sedes, gewoontes, taal en kultuur. Anders as Treurnicht, soos voorheen bespreek, is Heyns egter duidelik ten opsigte van die tydelike karakter van 'n volk in die sin dat geen volk 'n ewigdurende bestaan of -bestemming het nie. Dit geld ook vir die Afrikanervolk. Belangrik is egter dat in die verhouding tussen kerk en volk, val hulle nie saam nie. In die kerk gaan dit om geloof en by die volk gaan dit om afstamming, verwantskap en kultuurbande. Waar die bogenoemde saamval ontstaan 'n volkskerk. Daaroor oordeel Heyns egter nie dadelik negatief nie, behalwe in gevalle waar die volk die kerk konstitueer en wanneer 'n lid van die volk outomaties as lid van die kerk, op grond van natuurlike geboorte en nie op grond van wedergeboorte en bekering, gereken word nie. Hy stel dit duidelik dat die Christusbelydenis die konsekwente en uiteindelike grondslag vir lidmaatskap van die kerk van Christus is. Op voetspoor van T N Hanekom[16] waarsku Heyns teen die gevaar dat die kerk in die volksorganisme kan opgaan. Tog kan die kerk hom nie afsydig hou van 'n bepaalde volk nie. "Die kerk verkondig aan die volk die boodskap van verlossing en trek uit die volk die gelowiges - diegene wat die lede van die kerk uitmaak." [17] Die kerk sal die volk moet sien as die ruimte waar die bediening van die versoening sy voortgang moet hê (1967b: 92-93,95-97). Ten opsigte van hierdie

---

[16] Vergelyk Hanekom, T.N. Kerk en Volk. Kaapstad: NG Kerkuitgewers, 5.

[17] Hierdie aanhaling kry Heyns van Karl Barth (1945). *Auslegung von Matt28:16-20*. Basel. Basler Missionsbuchhandlung, 14.

laasgenoemde punt het Engelbrecht 'n probleem, veral wanneer die ruimte vir die bediening van die versoening net binne 'n bepaalde volk gesien word. Hy sê: "Apartheid wil die kerk se bediening van die versoening in 'n kleurslyf van 'n ideologie van absolute nasionalismes indwing en stel daarmee juis die versoening wat die kerk verkondig onder die skerpste vraagteken." Hy vra of die kerk hierin nie juis presies die teenoorgestelde diensbaar maak, van dit waartoe hy deur Christus uitverkies is nie? (1967:12). Heyns se klem op die verskeidenheid wat deur die verskeidenheid van volke afgelei word en wat volgens hom van die grootste belang vir die verstaan van die verskeidenheid van kerke is, bring die eenheid van die kerk in gedrang. Hy meen die Skrif verwerp nie 'n verskeidenheid binne die kerk nie, maar wel 'n verskeidenheid wat in teenstellinge ontaard. Vir hom moet dit gaan om die eenheid in die waarheid, wat dui op die gemeenskaplike belydenis wat kerke saambind. Daar is egter 'n pluriformiteit wat met volkereverskeidenheid saamhang, wat Heyns nie as sonde beskou nie. Verskille tussen volke het uiteindelik ook 'n eie "geloofstaal" by 'n volk tot gevolg, wat afsonderlike kerke regverdig. Heyns meen hierdie vorm van verskeidenheid of pluriformiteit "moet ons aanvaar as God se wil vir ons huidige bedeling." Heyns herhaal hierdie gedagte as hy sê dat in die organisasie van die kerk behoort mense uit 'n bepaalde volk tot 'n bepaalde kerk "...en dit moet ons aanvaar as die Godswil vir ons sondige werklikheid". Kerke wat op die basis van volkereverskeidenheid ontstaan het, sal volgens Heyns steeds die roeping moet nastrewe om kerklike eenheid te konkretiseer. Hier bedoel Heyns nie 'n eenheid in sinodale verband nie, want dit behoort vir hom nie tot die wesenlike van die kerk nie. Kerke sal egter moet saam groei na 'n Skriftuurlike model van kerkwees, - 'n gedagte wat hy vantevore reeds in *Die Kerkbode*,[18] soos in hoofstuk twee behandel, uitgespreek het. (1967b: 63,65-66,95,100). Engelbrecht se kritiek oor die eenheid van die kerk is ook op Heyns se uiteensetting hierbo van toepassing. Hy sê dat die leer van die eenheid van die kerk deur die apartheidsideologie tot op sy grond aangetas en bederf word. Die gemeenskaplike belydenis van die waarheid soos in Gods Woord geopenbaar, wat die grondslag van die eenheid van die kerk is, word hierdeur deur verdringing bedreig. Daar vind uitsluiting uit die gemeenskap van die kerk plaas (1967:13). Tog sê Heyns dat lede

---

[18] Heyns, J.A. 1965b. Die Eienskappe van die Kerk, II. Die Kerkbode. 117(8). 24 Februarie 1965: 242-245.

van een kerk nie verbied mag word om by 'n ander kerk aan te sluit nie. Om hierdie rede praat hy nie van 'n *volkskerk* nie, maar 'n *volkse kerk* wat aandui dat dit in terme van sy lidmate grootliks met die lede van 'n bepaalde volk mag ooreenstem, maar nie eksklusief tot een volk beperk mag wees nie. Volgens hom mag die oordrag van lidmaatskap egter nie die orde en vrede in die kerk versteur sodat die koninkryk van God daaronder sou ly nie (1967b: 100). 'n Verdere gevolg van die apartheidideologie is volgens Engelbrecht die feit dat die belydenis van die eenheid van die kerk noodwendig ingebed word in die belydenis dat die ware kerk na sy wese onsigbaar is (1967:13). Wat dus hier plaasvind is dat die *sigbare*- en *onsigbare*- wat deur Heyns as kategorieë van die kerk beskryf word, wat in wese slegs met gelowige en ongelowige te make het, gerieflik deur die apartheidsideologie aan die hand van volkereverskille op die kerk toegepas word. Heyns doen self hieraan mee wanneer hy 'n vorm van sigbare eenheid in die kerk suggereer met die woorde, "...op een of ander wyse moet die eenheid van die kerk deur die wêreld waargeneem kan word..." (1967b: 62). Soos vroeër aangetoon beteken hierdie sigbare eenheid vir Heyns egter nie noodwendig een sinodale verband nie. Vir hom hoort kerkverband nie tot die wese- nie, maar tot die welwese van die kerk (1967b:78).[19] Ten opsigte van die bogenoemde skryf Heyns dat ekumenisiteit naas kerkverband 'n tweede vorm van kerkverband is. Dit is die soeke van 'n verskeidenheid van kerke na 'n verband om gesprek te voer om hul eenheid in Christus tot beter uitdrukking te bring en 'n beter verstandhouding te hê. Ook Heyns se klem op ekumenisiteit rondom die gemeenskaplike belydenis, met ander woorde die waarheidsvraag, los vir hom die probleem van verskillende kerke met dieselfde belydenisskrifte, wat as afsonderlike kerke bestaan, op. Vir hom druk dit wel 'n vorm van eenheid uit en nie soos die ekumeniteitstrewe van instansies soos die Wêreldraad van Kerke, waar die aantal kerke wat bely, eerder as die aantal kerke wat die *waarheid* bely, in 'n ekumeniese beweging saamgesnoer word (1967b:79,82). Voorlopig kan die afleiding gemaak word dat Heyns se voorkeur vir- en klem op die ekumene, plaasvervangend vir sigbare institusionele eenheid van die kerk funksioneer. Klem op die ekumene was vir hom 'n weg om by die inkonsekwentheid ten

---

[19] Die volgende aanhaling van prof E P J Kleynhans in sy standaardwerk oor die Gereformeerde Kerkreg, is 'n aanduiding dat Heyns hom hier by 'n wyd-aanvaarde beginsel in die gereformeerde kerkreg aansluit: "Die kerkverband behoort wel nie tot die *wese (esse)* van die kerk nie, maar dit dien tog die *welwese (bene esse)* daarvan, aangesien dit bydra tot die behoorlike funksionering van die kerklike gemeenskap Die wenslikheid en noodsaaklikheid van die kerkverband is dan ook op verskillende gronde vroeg reeds besef." (1985:1).

opsigte van die gebrek aan eenheid by volkse kerke van gemeenskaplike belydenis verby te kom. Dit verklaar ook waarom hy so sterk teen die groeiende ekumeniese isolasie van die Ned Geref Kerk gestry het, nie net ten opsigte van isolasie deur buitelandse kerke nie, maar veral ook van die kant van die res van die familie van Ned Geref Kerke, aangesien goeie ekumeniese bande met laasgenoemde, hopelik die vraag na strukturele eenheid onnodig sou maak.

'n Laaste aspek wat ons hier wil bespreek, handel oor die kritiese afstand tussen kerk en volk. Heyns sê dat kerk en volk twee selfstandige lewenskringe is en beide moet lewe uit die wedersydse wisselwerking tussen hulle. Hy meen dat die kerk wel die saak van die volk mag dien, want dit is ten diepste die saak wat God aan die volk gestel het. Indien die volk hiervan afwyk het die kerk 'n kritiese en korrigerende funksie. Dit is die profetiese taak van die kerk en moet steeds 'n dienende karakter behou. Die kerk is geroepe om mee te werk aan die koms van die koninkryk en sal daarom wil sien dat die Koning van die koninkryk in die volkslewe gestalte vind. (1967b: 97,98). Hierdie benadering van Heyns dui op 'n baie intieme band tussen kerk en volk wat, ten spyte van sy waarskuwings, maklik die grense tussen kerk en volk as samelewingskringe kan laat vervaag en die kritiese afstand laat verklein. Engelbrecht meen dat dit inderdaad gebeur het deurdat die owerheidslui met waardering na die Afrikaanse kerke as die *bolwerk* van die Afrikanervolk, bedoelende die bewaker en bevorderaar van Afrikanernasionalisme, verwys het. Dit moet volgens Engelbrecht aan 'n historiese verbondenheid tussen die betrokke kerke en die Afrikanervolk toegeskryf word. Die aanspraak op die kerke as *bolwerk* het verhewig met die toeïening van apartheid as die ideologie van hierdie volksdeel. Met hierdie *bolwerk*-kwalifikasie word van die kerk verwag om die nodige religieuse sanksie en beskerming aan die Afrikanernasionalisme, met sy radikale konsentrasie daarvan in die apartheidsideologie verleen. Dit het die kerk met wesenlike ontaarding bedreig (1967: 9,12).

Hier het in die vorm van 'n wisselwerking, 'n soort verkerkliking van die samelewing plaasgevind. Nie in die sin soos wat Heyns krities na verkerkliking verwys, naamlik

wanneer die kerk 'n totalitêre instituut word en die samelewing verkerklik, deur aan die volkslewe te dikteer en daardeur die beginsel van soewereiniteit in eie kring te oortree nie (1967b: 98). Eerder het die kerk in die geval van die Afrikanervolk aan die hand van die nasionalistiese suigkrag van die volkslewe, die apartheidsideologie van die volk geneem, dit van 'n Skriftuurlike onderbou voorsien en met religieuse sanksie en die skyn van oorspronklikheid, die samelewing "verkerklik" met die idee wat hy juis van die volk gekry het! Self sê Heyns darem ook dat die kerk nie te intiem by die volk betrokke moet wees nie. Die kerk is nie 'n skepping van die volk om in laasgenoemde se behoeftes te voorsien nie. Daarom mag die kerk nooit soos in geval van die volkskerk, sy eie roeping en karakter in gedrang laat kom deur hom aan te pas by die eise en die wense van die volk en deur die strewe van die volkslewe sy strewe te maak nie (1967b: 98). In aansluiting by 'n vroeëre opmerking het ons ook hier met 'n voorbeeld te doen waar Heyns teoreties die korrekte beginsels aan die orde stel, maar op hierdie stadium nog nie insien hoe dat die funksionering van die apartheidsideologie en die kerk se begeleidende rol, juis hierdie beginsels oorwoeker het nie.

Heyns se verdediging van die apartheidsbeleid het hy nie soseer tot Skriftuurlike beginsels verhef soos sommige apartheidsteoloë soos Vorster, Treurnicht en Potgieter nie.[20] Eerder het hy praktiese argumente aangevoer om die status quo te verdedig. Hy lewer byvoorbeeld kritiek op dr G Th Rothuizen, Nederlandse professor, wat in *Gereformeerd Weekblad* skryf oor sekere sinodebesluite van die Transvaalse sinodes. Rothuizen vind dit onbegryplik dat die Ned Geref Kerk teen mini-rokke en dans protesteer, maar nie teen apartheid nie. Volgens hom sit die hele protestantse en gereformeerde wêreld en wag dat die Ned Geref Kerk apartheid sal veroordeel. Ook wil hulle sien dat die jeug byvoorbeeld betoging op straat sal hou. Heyns wonder of die Ned Geref Kerk nie gerus sonder belangstelling soos dié van Rothuizen kan klaarkom nie. Hy wil dit onder Rothuizen se aandag bring dat daar byvoorbeeld in 'n Afrikaanse dagblad 'n berig verskyn het van vyftig senior studente van die Universiteit van Stellenbosch wat in vier swart buurstate sendingwerk en mediese hulp gaan verskaf het. Daar was beoog om

[20] Vergelyk die bespreking oor die genoemde teoloë in hoofstuk twee.

sulke werkerskampe 'n instelling te maak. Dit beskou Heyns as "praktiese naasteliefde" teenoor "blank en nie-blank" en is volgens hom "die weg van roepingsgehoorsaamheid." (1968a: 358,359).

Wanneer Karl Barth op 10 Desember 1968 sterf, lewer Heyns in *Die Kerkbode* 'n huldeblyk. Hy sê dat "sonder vrees vir teenspraak" het "die grootste van die groot teoloë van ons eeu ons ontval." (1968b: 813). 'n Persoon onder die skuilnaam van "*Gereformeerde"*, Van Stellenbosch het egter in *Die Kerkbode* in reaksie op Heyns se huldeblyk veel minder waarderend teenoor Barth gereageer. Hy lewer kritiek teen Barth se Skrifbeskouing en noem Barth eerder die *mees omstrede* teoloog van ons eeu. Hierdie standpunt van *"Gereformeerde"* was verteenwoordigend van baie gereformeerdes wat baie minder waarderend teenoor Barth se teologie gestaan het. Volgens die skrywer is daar baie wat glo "dat Barth die weg voorberei en gelykgemaak het vir die moderne teologiese dwalinge." (1969:703,704).[21] Dit is dus nie vreemd dat Heyns deur sommige gereformeerdes as liberaal bestempel is, onder andere deur byvoorbeeld opmerkings wat hy oor Barth skryf, dat dit syns insiens nie onmoontlik is dat daar vanweë die "chaos van teologiese denke wat ons tans byna wil oorspoel, *nog eens* na Barth teruggegryp sal word vir koers en rigting nie". (1968b:813). Heyns was deeglik bewus van die kritiese houding vanuit gereformeerde teologiese kringe jeens Barth. Dit word duidelik wanneer hy ‘n huldeblyk by die afsterwe van prof A B du Preez lewer, die professor wat hom as jong student so geskok het toe hy in Pretoria begin studeer het.[22] “Toe die naam van Karl Barth by, miskien moet ons sê die meeste van ons in S.A., nog net één ding uitgespel het, nl. ketter, was dit Du Preez wat sy studente met krities-waarderende begeleiding met die denke van Barth kennis laat maak het – iets waarvoor hulle hom dankbaar sal bly”. (7 Maart 1973d:305). Ook ten opsigte van die beoordeling van prof G C van Niftrik, skryf Heyns in ‘n huldeblyk, dat sommige as gevolg van sy uitgesproke waardering en bewondering vir Barth se teologie, in hom nie so ‘n betroubare gids ten opsigte van die

---

[21] Vergelyk Durand se opmerkings in hoofstuk twee naamlik dat Barth se teologie met betrekking tot Skrifgesag en Skrifgebruik onder verdenking was by ortodokse teoloë in Suid-Afrika (1988:122).

[22] Vergelyk Heyns se studentejare aan die Universiteit van Pretoria in hoofstuk een. “Toe ek begeesterd met die idee van die Christelike wetenskap in professor A B du Preez se klas beland en hom uitvra oor sy standpunt, moes ek hoor hoe die Pretoriase professor – op dié punt sterk onder die invloed van Karl Barth sê: ‘Meneer Heyns, ek sê nou vir jou: die Christelike wetenskap is uit die Bose!’” (Meiring 1994:178).

gereformeerde teologie gevind het nie. Tog meen Heyns dat Van Niftrik juis onder invloed van die Bartiaanse teologie sterk aan die vertikale verhouding tussen God en mens vasgehou het en in verset gekom het teen die moderne neiging in Europa om in sosiaal-maatskaplike verhoudinge te verhorisontaliseer (1972c:621).

Heyns meen verder dat dit ook tot Barth se verdienste gereken moet word dat sy teologie nie net studeerkamerwysheid gebly het nie. Dit blyk veral uit sy rol in die Duitse kerkstryd van die vroeë dertigerjare in Duitsland. "Die Duitse Christene het in die ideologie van die Nasionaal-Sosialisme met Hitler as die Führer 'n direkte openbaring van God in die geskiedenis van Duitsland gesien. Met hierdie politieke stroming moes die kerk saamwerk en die prediking moes by die nuwe beweging aangepas en daaraan diensbaar gemaak word". Barth het ingegryp en met talle geskrifte die *"Belydeniskerk"* (Heyns se kursivering) help weerstand bied teen die heidense invloede in die kerklike en teologiese lewe. So is hy uit Duitsland verban en het hy in Switserland 'n teologiese tuiste gevind (1968b:837).[23]

Die bogenoemde is kenmerkend van Heyns, dat hy oor die algemeen 'n openheid teenoor ander geleerdes geopenbaar het, om iets by hulle te leer, selfs al sou hy radikaal van hulle verskil. Uit eie kerk- en volksgeledere, waarvan baie waarskynlik minder vir debat op hierdie vlak opgewasse was, is hy dikwels misverstaan gekritiseer en as liberalisties bestempel.

Prof Klaas Runia, van die Teologiese Skool van die Reformed Churches of Australia te Geelong, en voorsitter van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode se vergadering te Lunteren in 1968, het Suid-Afrika in 1969 vir 'n ses weke-tydperk besoek (Die Kerkbode 1969:397 en Woord en Daad 1969/1970:3). Hy is deur baie as 'n Skriftuurlike teoloog met 'n behoudende standpunt bestempel (Die Kerkbode 1969:397) en dit was aan sy leiding toegeskryf dat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in daardie tyd sulke

---

[23] Vergelyk Heyns oor dieselfde onderwerp in hoofstuk twee. (1955:16,69). Vergelyk ook voetnotas in hoofstuk twee.

gematigde standpunte oor die "volkereprobleem" in Suid-Afrika ingeneem het (Woord en Daad 1969/1970:3). Runia het Heyns in hierdie tyd leer ken en hom tot aan die einde van sy lewe as vriend bestempel (1988:97 en 1998:[ ]). Dit beteken nie dat Runia nie krities teenoor die Ned Geref Kerk se hantering van die rassevraagstuk in Suid-Afrika, asook krities teenoor Heyns se standpunte was nie. Ten opsigte van Heyns se standpunt oor apartheid sê Runia dat hy aanvanklik onkrities was en die status quo verdedig het. Op talle ekumeniese vergaderinge het Heyns Suid-Afrika en die apartheidsisteem verdedig. Hoe meer krities Heyns self ten opsigte van die siteem geraak het, hoe moeiliker het dit egter geword om presies te weet wat sy standpunt was. Soms was hy verdedigend en soms krities. In die buiteland waar hy veral die wind van voor gekry het, het hy die saak van die land en die kerk so goed as moontlik verdedig. Daar was by Heyns 'n bepaalde dubbelsinnigheid wat soms geklink het asof hy uit twee monde praat, maar Runia sien dit nie as oneerlikheid nie, eerder dat dit uit 'n innerlike spanning voortgekom het, wat ten opsigte van Heyns se standpunt oor apartheid ontstaan het. Runia en andere in die buiteland het die gevoel gekry dat hulle op daardie stadium 'n beter idee gehad het, oor wat in die harte van die swartes in Suid-Afrika leef, as in dié van die blankes. Vir Heyns was dit baie moeilik. Hy wou later met apartheid breek, maar wou terselfdertyd nie sy mense los wat aan apartheid vasgehou het nie. Hierdie dinge het gemaak dat die swartes hom nooit heeltemal vertrou het nie (1998:[ ]). Oor die algemeen sê Runia dat hy 'n sterk neiging by die Ned Geref Kerk gevind het om die beleid van die regering in al sy fasette te verdedig en die status quo te handhaaf. 'n Klein minderheid teoloë en predikante het probeer om die beleid 'n Skriftuurlike grondslag te gee. Billikheidshalwe voeg hy by dat hy ook predikante en teoloë aangetref het, met 'n oop gemoed en wat besef dat 'n baie meer ope beleid vir die toekoms, 'n eis is. Hy vra egter die vraag of die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika genoeg bewus van hul profetiese roeping was en of hulle nie te veel geneig was om die regeringsbeleid sonder ernstige bevraging te sanksioneer nie? (Woord en Daad 1970:5,11). Uit Runia se opmerkings hierbo kan afgelei word dat hy Heyns waarskynlik tussen dié groep predikante en teoloë plaas, wat onkrities teenoor die regeringsbeleid gestaan het. Hy plaas Heyns egter nie as iemand wat op die voorpunt was om 'n Skriftuurlike begronding aan die beleid van apartheid te verskaf nie. Moontlik het

hy reeds op hierdie stadium ook by Heyns 'n "oop gemoed" (Woord en Daad 1970:5) aangetref vir die noodsaaklikheid vir 'n baie meer ope rassebeleid vir die toekoms.

Ten opsigte van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika het Runia die volgende insiggewende opmerkings gemaak. Die kernprobleem ten opsigte van die rassevraagstuk in dié kerke is dié van geestelike gemeenskap. Vanuit die geledere van 'n vergadering bruin predikante in Kaapstad, is hulle eenparige klag: "Ons het formele kontak, maar geen broederlike gemeenskap nie." Volgens Runia skyn die skeidsmure van 'groot'- en 'klein'-apartheid 'n obstruksie binne die kerklike gemeenskappe te wees.

> "Ek kon nie die gevoel onderdruk dat die blanke kerke op hierdie punt ernstig te kort skiet in hulle roeping. As daar ooit 'n oplossing sal kom vir S.A. se geweldige probleme, dan moet dit wees op die vlak van egte gemeenskap tussen die verskillende rasse en volke. En dit is presies op hierdie punt waarin die kerke van S.A. die leiding moet neem! Die kerke kan die staatsbeleid nie gedweë volg nie, maar moet aan al die bewoners van die land toon dat die Christelike geloof alle verskille oorbrug en 'n werklike, ware, lewende gemeenskap in die lewe roep wat alle natuurlike verskille saamvoeg in 'n hoër geestelike gemeenskap." (Woord en Daad 1970:11).

In die dekade van die sewentigerjare sou standpunte soos die bogenoemde van Runia en soortgelyke standpunte van ander op Heyns inspeel en meewerk dat daar by hom 'n groeiende oortuiging ten opsigte van die leemtes met betrekking tot die roeping van die kerk in die Suid-Afrikaanse konteks sou kom.

Ten opsigte van die volkslewe van die Afrikanervolk, openbaar Heyns teen 1969 in 'n artikel in *Die Huisgenoot* vir die eerste keer tekens van ontnugtering.[24] Volgens hom praat iemand wat beweer dat die Afrikanervolk nog in murg en been, in hart en niere

[24] Heyns gee dikwels van sy diepste gevoelens in populêre geskrifte weer, soos byvoorbeeld in die genoemde artikel in *Die Huisgenoot*. Hier kom hy nader aan die praktyk en bly dit nie net by akademiese teoretiese besinning nie.

Calvinisties is, van 'n volk wat nie bestaan nie. Dit is "idealistiese drome". Die Calvinisme groei nie in breedte nie, maar hoogstens in diepte by 'n klein groepie wat werklik deur die Calvinistiese oortuiging in die hart gegryp is. Vir baie word Calvinistiese beginsels tot kerk, godsdiens en die sedelike lewe beperk, maar ander terreine van die lewe soos die politiek, kuns, wetenskap en tegniek word aan ander beginsels oorgelewer. In hierdie gevalle word die Grondbeginsels van die Calvinisme naamlik *uit, deur en tot God* prysgegee. (1969c:17).

Heyns se gedagtegang teen 1969 het nie net van 'n groeiende ontnugtering oor die afvalligheid van die Afrikanervolk ten opsigte van die Calvinisme getuig nie. Sy boek *Sterwende Christendom?*, wat hy as handboek in die vak Apologetiek gebruik het en waarin hy die temas van sy boek *Die Evangelie in krisis* (1966) verder uitgewerk het, was 'n analise van die sogenaamde moderne tydsgees en 'n beoordeling van eietydse teologie. Hy gaan die historiese agtergronde van die hedendaagse filosofiese strominge, soos die positivisme, evolusionisme, liberalisme, pragmatisme en eksistensialisme na, vanaf die Middeleeue en daarna die Renaissance, tot by die humanisme en die Aufklärung (Strauss 1994:97). Dit is belangrik om daarop te let dat Heyns, wanneer hy oor die teologie praat, sê dat die boodskap van die Skrif in die wêreld waarin ons vandag lewe, helder en duidelik uiteengesit moet word as die boodskap van God (1969:161), maar terselfdertyd moet die teologie die moderne mens begryp, sy probleme verstaan en in sy eie idioom met hom praat. Anders beland die kerk en die moderne mens in waterdigte kompartemente naas mekaar. Volgens Heyns is dit veral die moderne eksistensiefilosofie wat die tydsgees beïnvloed en oor alle terreine van die moderne denke spoel. Dit het die lewens- en wêreldbeskouing van die moderne mens, wat van sy religieuse grondslae ontwortel is, geword. Die tydsgees word weer in die teologiese strominge gereflekteer, wat ook weer medebepalend vir die tydsgees is. Die Tweede Wêreldoorlog wat veral op Europese bodem plaasgevind het, het 'n geweldige invloed op die tydsgees gehad en het 'n nuwe tydperk ingelui waarin groot veranderinge plaasvind. Op Suid-Afrikaanse bodem word nog net die eerste tekens van hierdie veranderinge opgemerk, waar dit in Europa al duidelike omlynde gestalte aangeneem het (Heyns 1969:7-10). Dit is duidelik dat Heyns teen hierdie tyd, wanneer hy aan die Suid-Afrikaanse situasie dink, 'n behoefte aan 'n

eietydse teologie aanvoel. Hy pleit daarvoor dat huidige teoloë ook eietydse teologie moet beoefen. Hulle moet ook "moderne" teoloë wees, iets wat hy anders beskou as modernistiese teoloë. Verder moet hierdie eietydse teologie gereformeerde teologie wees en ook vernuwingsteologie (1969:181-182). In die proses van 'n kritiese-afwegende waardering van die nuwe, word dit gemotiveer deur 'n "vurige begeerte" om die hede te begryp en om die toekoms verantwoord binne te gaan. "Om dié rede sal elke konfrontasie met die nuwe in ons dag, of ons met die uitkoms daarvan saamstem of nie, dan ook as 'n lofwaardige onderneming beskou moet word." (1969:10-11). Strauss som Heyns se beoordeling van 'n eietydse teologie op, wat goedskiks as kriteria sou kon dien om Heyns se eie poging tot die ontwikkeling van 'n eietydse teologie te kon beoordeel. Heyns se kritiek begin eerstens met die motief van die hedendaagse teologie wat solidêr met die mens wil wees en daardeur die antitese tussen openbaring en rede ophef. Dit is vir Heyns onaanvaarbaar dat die kommunikasie aan die mens, akkommodasie van die Skrif aan die mens word. Tweedens hou die metode van die hedendaagse teologie nie rekening met die voor-wetenskaplike aard van die Bybelse wêreldbeeld nie. Derdens rig die hedendaagse teologie inhoudelik aan die Bybel veel skade aan, veral deur die prysgawe van die goddelikheid van Christus. Laastens moet 'n eietydse teologie altyd histories deur sy konkrete situasie bepaal word en beklemtoon hy die wêreldbetrokkenheid van die geloof (Strauss 1994:98). Vir Heyns was dit belangrik dat die Christelike denke hom opnuut aan die Bybelse openbaring moet onderwerp en in 'n daadwerklike betoning van Gees en krag getuig van 'n teenwoordige en werkende God, ook in die nuwe kultuursituasie van ons dag (1969:184).

Die eerste ses maande van 1970 het Heyns in Nederland deurgebring om ondersoek na die stand van die gereformeerde teologie in te stel. Dit is immers in dié land wat al drie die Afrikaanse kerke hul wortels het. Enige beweging of vernuwing ten opsigte van die teologie in Nederland, vra volgens Heyns ons ernstige aandag in Suid-Afrika (1971:5). Vir sy intreerede aan die Universiteit Pretoria[25] maak hy van die navorsing wat hy in

[25] Terwyl Heyns in Nederland was het hy die tyding ontvang dat hy as professor in Dogmatiek en Christelike Etiek na die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria beroep is. Hy het dadelik geweet dat hy dit sou aanvaar aangesien dogmatiek as dissipline, sy groot liefde was (Meiring 1994:179).

Nederland gedoen het gebruik.[26] In dié opsig neem hy die vernuwingsteologie waarmee hy in Europa te doene gekry het onder die loep en bied dit aan in die vorm van 'n insiggewende verslag van sy bevindinge wat hy in Europa gemaak het (Strauss 1994:99). Volgens Heyns was daar nie net fundamentele verskuiwings ten opsigte van die gereformeerde telologie aan die gang, soos wat G C van Niftrik opmerk, dat daar nuwe vrae gestel word waarvan die antwoorde nie meer met dié van Kuyper en Bavinck klop nie,[27] maar ook op die terrein van die kerklike- en die breëre maatskaplike lewe (1971:12).[28] Die afwyking van die gereformeerde teologie waarvan Heyns praat, gaan onder andere oor 'n horisontalisme waar die verhouding van die mens nie meer primêr tot God gerig is nie, maar tot die naaste, met die klem op die sosiaal-etiese waar die heil al meer op aardse welsyn gerig word en die oog verloor word op die ewige bestemming.[29] Berkouwer noem dat daar 'n groter afkeer van die supranaturalisme (waar God insidenteel en fragmentaries in die natuurlike ingryp), ontwikkel het. Die horisontalisme wil nie *buite-om* ons wêreld, tyd en God heenwys na die heil nie, maar *in* die wêreld en die tyd (Heyns 1971:18,23). Met die verskuiwings en veranderinge wat in Nederland aan die gang is, kan Heyns verstaan dat daar baie verontrustes is, nie net in Nederland nie, maar ook in Suid-Afrika. 'n Voorbeeld is die wyse waarop *Die Kerkbode* in sy hoofberig prof J Verkuyl kritiseer oor sy aanprysing van sogenaamde "Change Groups"[30] en sy besoek en samewerking met hulle en sy rapportering daaroor in *Hervomd Nederland* van 23 Mei 1970. Die "Change Groups" is organisasies wat hulle blykbaar daarvoor beywer om 'n

---

[26] Heyns se intreerede aan die Universiteit van Pretoria is in 1971 gepubliseer onder die titel: *Die huidige stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons verantwoordelikheid.* Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks Nr 57. Pretoria: Van Schaik Boekhandel.

[27] Heyns haal Van Niftrik aan: Ik ben er van overtuigd dat de theologie van Kuyper in de Gereformeerde Kerken minder invloed heefd dan een twintig jaar geleden." (1971: 12).

[28] Terreine waarop volgens Heyns fundamentele verskuiwings aan die gang is, is: Skrifgesag; skepping; ewolusie; uitverkiesing; kerk en ekumene; belydenis en aard van gebondenheid; die opstanding van Jesus Christus; Christelike wetenskap; ensovoorts (1971:12).

[29] Eksponente van die horisontalisme word deur Heyns bespreek, naamlik onder andere Kuitert wat 'n verbindingslyn tussen geloof in Jesus Christus en sosiale etiek blootlê. Dit het 'n verskuiwing van die personele- na die sosiale etiek tot gevolg met gepaardgaande groter belangstelling in politiek, sosiale- en ekonomiese aangeleenthede. Vergelyk Kuitert se boek: *Sociale Ethiek en geloof in Jesus Christus.* Kok: Kampen, 1967. Verder op voetspoor van J Verkuyl en H G Schulte Nordholt word die horisontale dimensie van die evangelie beklemtoon omdat hulle van die prinsipiële oortuiging uitgaan dat die vertikale oorsprong, die mens se horisontale verantwoordelikheid nie uitsluit nie. Dit word gedoen met die oog op die onvoorwaardelike inset vir die bewoonbaarmaking van ons wêreld. Vandaar die intensiewe aandag aan die etiek in die algemeen en aan sosiale- ekonomiese- en politieke etiek in die besonder. Vergelyk Verkuyl en Schulte Nordholt in *Verantwoorde Revolutie.* Kok: Kampen, 1968. (Heyns 1971:18).

[30] "Change Groups" hier ter sprake is: *S.A. Institute of Race Relations; Church Counsil; Christelike Instituut van Suidelike Afrika; University Christian Movement; Wilgespruit Fellowship Centre.*

verandering van die binnelandse beleid in Suid-Afrika te weeg te bring. Volgens *Die Kerkbode*: "lyk dit volstrek of die hoofdoel van die organisasies kwalik iets anders kan heet as loutere en onverbloemde politieke oogmerke wat met die eintlike wesenlike werk van kerke en Christelike bewegings weinig direkte verband het." (1970:4). Heyns pleit vir 'n pastorale benadering met groot geduld en liefde, wanneer Nederlandse gereformeerde teoloë die uitdaging aanvaar het om antwoorde op moderne vrae probeer gee, vir so ver dit Nederland self aangaan. Angs en verontrusting is volgens hom te begrype, maar soms is tradisionalisme die bron van die verontrusting. Hieroor meen Heyns: "Wie in die aangesig van nuwe uitdaginge sy verskansinge gaan soek in die herhaling van die verlede en nie in nuwe Bybelse verantwoorde formuleringe nie, lewer geen bydrae nóg tot die ontwikkeling van die teologie in die algemeen, nóg tot die vervulling van die reformatoriese taak van die gereformeerde teologie in die besonder." "Die bewaring van tradisionele denke mag die ontwikkeling van die teologie nie belemmer of verongeluk nie, maar juis stimuleer en inhoudelik van diens wees." Heyns spel uit dat die gevaar in elke vorm van eietydse teologie is, dat die tydsgees die maatstaf vir die teologie en uiteindelik selfs vir die openbaring kan word. So kan die teologie as gewer by die moderne mens as ontvanger aanpas, waar dit om die kommunikasie-eis gaan en nie om die waarheidseis nie. Dit verklaar volgens hom moontlik die anti-outoritêre ingesteldheid by baie teoloë. Saam met die beklemtoning van die horisontale dimensie van die geloof en die gepaardgaande gedagte van rewolusionêre verset teen alle vorme van kollektiewe, institusionele en strukturele sonde skep dit 'n solidariteit met nie-Christelike magte wat die antitese tussen geloof en ongeloof volledig kan laat verdwyn. As korreksie hierop meen Heyns dat die vernuwingsteologie so beoefen moet word, dat die teologie en sy bron naamlik die Heilige Skrif, steeds as sodanig en met name as reformatoriese ekumeniese teologie, "as betroubare deur die Gees geïnspireerde Woord van God herkenbaar moet bly." (1971:31-33).

Op sommige punte het Heyns se denke op hierdie tydstip teen die ganbare denke van die Ned Geref Kerk se leierskap ingegaan, wat aan hom die etiket besorg het, as sou hy "liberaal" in sy teologie wees. Volgens die definisie van Hanekom, wat as gesaghebbend in die kerk aanvaar is, was 'n liberalis in hierdie sin van die woord, iemand wat die

natuurlike gelykheid van alle mense erken en vorme van hiërargiese gesag verwerp (Landman 1996:347). Wat Heyns aanbetref was daar nie iets wat verder van die waarheid kon wees nie. Dit was deurgans juis sy groot kritiek teen die liberalisme. Heyns was egter 'n groot kampvegter vir die behoud van ekumeniese bande met ander kerke en in hierdie opsig het hy teen die algemene denke van die Ned Geref kerkleierskap ingegaan. In sy bespreking van die vernuwingsteologie noem hy 'n aantal motiewe van die horisontalisme wat hy by sommige Europese teoloë aantref, naamlik onder andere die *selfstandige betekenis van die natuurlike mens-syn*, wat lei tot 'n sterk individualistiese en selfs anti-outoritêre instelling. Hiermee saam, die *aksentuering van die kultuurtaak van die mens* wat in hierdie verband lei tot klem op die neem van verantwoordelikheid vir die wêreld, insluitende maatskaplike en politieke kwessies. Daar is die *wegbeweeg van wat hulle noem "kompartementalisme"* waar Christelike wetenskap byvoorbeeld afgewys word as wetenskap, met eie uitgangspunte wat uit dieselfde geskape werklikheid gekies word as waaruit sogenaamde nie-Christelike denke hulle uitgangspunte kies. Daarom merk Heyns op dat begrippe soos "Christelik" en "Calvinisties" met baie groter reserwe hanteer word as voorheen. Ten spyte hiervan, pleit Heyns dat die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika nie hul studente van die Vrye Universiteit in Amsterdam sal onttrek nie. Dié instelling was in 'n proses om sy grondslag van wetenskaplike onderwys op gereformeerde gondslag te wysig, en daardeur weg te beweeg van Abraham Kuyper se doelstelling. Hulle bedoeling was om die universiteit ook vir nie-gereformeerdes toeganklik te maak. Nog 'n motief wat Heyns uitlig is die feit dat die *aard van sonde nie net tot die individu beperk kan word nie*, maar ook voorkom in die gedranginge van groepe, klasse en volke en dat ongeregtigheid tot uiting kom in institute en strukture, aldus Verkuyl. Op hierdie punt bespreek Heyns die eksponente van die *Teologie van die Rewolusie*[31] wat hulle nie net met vertikale- nie, maar ook horisontale versoening besig hou, wat nie net roep na individuele- nie, maar ook strukturele bekering. Waar Verkuyl verkies om in dié verband van die "Teologie van Transformasie" te praat, meen Heyns dit is bloot 'n naamsverandering. Volgens hom verwerp Verkuyl wel geweldadige rewolusie, maar ag dit tog in sommige gevalle verantwoordbaar. (Heyns 1971:18-22). Die klassifikasie van "liberaal" teenoor "konserwatief" het vir die Suid-Afrikaanse teoloë van die Ned Geref

[31] Vergelyk name soos Harvey Cox; R Shaull; Bola Ige; Simatupang; en andere (Heyns 1971: 21).

Kerk in 'n groot mate gegaan oor die mate waarin hulle Kuyper se filosofiese onderbou van *soewereiniteit in eie kring* in die teologie verreken het. Veral het die onderskeid ten opsigte van die sogenaamde "liberales" en "konserwatiewes" onder die teoloë verband gehou met die politieke idee van Kuyper as Hollandse staatsman, dat nasies soewerein is om hulself te regeer (Landman 1996:349).[32] Heyns se kritiek op die teologiese liberalisme wat hy in Europa waargeneem het, was egter vanuit dieselfde filosofiese grondhouding soos deur Kuyper voorgestaan, gemotiveer en in daardie opsig was hy in werklikheid konserwatief in sy denke. In sy kritiek teen die sogenaamde *horisontalisme* is dit duidelik dat hy konsekwent die Calvinistiese beskouinge verdedig het.

> "Naas groot waardering vir en instemming met, kom daar ook ernstige kritiek teen hierdie nuwe aksente wat gelê word. Met al die goeie in die slagkrete van herstrukturering, demokratisering, inspraak, ensovoorts, word intussen die kern van die godsdiens aangetas. Wel word daar nog oor geloof en bekering, skuld en versoening, regverdigmaking en heiligmaking gehandel, maar dit is nie meer gerig op die verhouding tot God nie, maar tot die naaste en met name die sosiaal-etiese verhouding."

Heyns meen dat die grense van die kerk vervaag en die gees van die wêreld word aanvaar. Dit lei prakties tot ateïsme. Die heil word al meer op aardse welsyn gerig en die oog word verloor op die ewige bestemming. Dit laat volgens Heyns die gevaar van die humanisme lewensgroot dreig. Tog doen Heyns die moeite om die ander kant ook te stel. Vanuit die progressiewe geledere kom die vraag:

---

[32] Van die klas van '51 het 'n aantal prominente teoloë verskeie rigtings ingeslaan wat ongeveer die hele politieke spektrum van Suid Afrika gedek het. Nege van die vyftien klaslede het professore geword. Heel links op die spektrum was prof Nico Smith wat sy pos aan die Universiteit van Stellenbosch verruil het om met die swart bevrydingstryd te identifiseer deur 'n predikant in die Ned Geref Kerk in Afrika te word en selfs in Mamelodi, swart woonbuurt aan Pretoria te gaan woon. Daar was proff Johan Heyns en Willie Jonker wat die middelgrond ingeneem het deur lojaal aan die Ned Geref Kerk te bly, maar deur van die konserwatiewes as "liberaal" bestempel is, 'n etiket waarvan hulle nie gehou het nie. Aan die konserwatiewe kant was daar prof Carel Boshoff, wat ná sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria as Sendingkundige, in die regse Afrikanerpolitiek betrokke geraak het en Orania as groeipunt vir 'n blanke selfregerende staat begin het. Ook hy het 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk gebly. FAH van Staden en HS Theron wat professore aan die opleidingseminarium vir predikante van die Afrikaanse Protestantse Kerk geword het, was waarskynlik die meeste konserwatief van almal. Verder was daar proff Murray Hofmeyr en Deon de Villiers wat by Witsieshoek teologiese opleiding gegee het. Deur op sendingwerk te fokus, het hulle etiketering in 'n groot mate vrygespring. Laastens was daar prof Murray Janson aan die Universiteit van Suid-Afrika wat bekend was vir sy kritiese ingesteldheid teenoor apartheid, maar eerder bekend geword het vir sy uitgebreide pastorale bediening (Landman 1996:347-349).

> "Hoe anders - word gevra - moet die kerk hom geloofwaardig maak in hierdie wêreld, as hy nie meedoen aan die stryd om sosiale geregtigheid nie? Hoe word die kerk en hoe veral die wêreld gedien deur allerlei diepsinnige bespiegelinge oor die historiese Adam en oor die ewige uitverkiesing?"

Hierop vra Heyns die vraag, of daar in dié tyd nie iets anders gedoen moet word nie - "...is die evangelie nie die inspirasiebron vir die daad nie?" (1971:23,24). Dit is teen hierdie agtergrond dat Heyns deur die *konserwatiewes* onder die Suid-Afrikaanse teoloë as *liberaal* bestempel is. 'n Besluit van Heyns se kant af om steun te bied aan die gedagte om alle bande met kerke en teoloë wat hierdie vernuwingsteologie beoefen te verbreek, sou hom van dié etiketering bevry het, maar hy doen juis die teenoorgestelde. Hy sê:

> "Ons kan die gereformeerde teologie in Nederland nie afskrywe en ons studente onttrek aan die Vrye Universiteit of Kampen nie. ..... Ons in lande soos Suid-Afrika, Australië, Kanada en die VSA sal mede daaraan skuldig wees as diegene in Nederland hulle gereformeerde karakter nie meer handhaaf nie, omdat ons so weinig gedoen het om óns bydrae tot 'n sterk en lewende gereformeerde teologie vir ons dag te lewer."[33]

Wat Suid-Afrika aanbetref sê Heyns dat ons ons moet beywer vir groter kontak met buitelandse teoloë, nie net rondom die rassevraagstuk nie, maar ook ander egte teologiese probleme. Ons eie teologiese opleiding moet kontemporêr, aktueel en skeppend wees en ons sal ons studente intensief in die moderne denke moet inlei (1971:34,35).

Volgens die onderwerp van hierdie studie kan die teologie van Heyns nie volledig bespreek word nie. Dit is egter noodsaaklik om 'n perspektief oor die ontwikkeling van sy teologie binne die konteks van die Ned Geref Kerk en die Suid-Afrikaanse samelewing met verwysing na apartheid te gee. Wat die beoefening van die teologie aanbetref, was die wêreld Heyns se speelveld. Hy wou verder en wyer dink as die Suid-Afrikaanse

---

[33] L R L Ntoane verwoord 'n sentiment in voormalige kolonies van Europese lande ten opsigte van die Europese teologie en meer in besonder die gereformeerde protestantisme wat hoegenaamd nie vleiend is nie. In die lig van die opkomende teologie van die rewolusie en die horisontalisme waarteen Heyns waarsku, word die gereformeerde teologie toenemend buite Europa verwerp met die woorde: "reformed protestantism is an export product from western Europe which then and to-day is foreign and alien to the authentic peoples and their country." (1983: 6).

konteks. Uit die resultaat van sy ondersoek in Nederland, soos hierbo genoem, is dit duidelik dat hy teen die heersende tydsgees van horisontalisme in 'n na-oorlogse Europa en die opkomende teologie van die rewolusie in 'n ontluikende na-koloniale wêreldera 'n eietydse gereformeerde teologie daar wou stel wat 'n vrugbare bydrae tot die wêreldwye teologiese debat sou kon maak. Die na-koloniale opkoms van die bevrydingsteologie, wat op Suid-Afrikaanse bodem spesifiek in die stryd teen apartheid 'n toenemende rol gespeel het, het Heyns veral in die laat sewentiger- en tagtigerjare gedwing om daarvan kennis te neem en hom daarteenoor te verantwoord. Hy het egter nooit toegelaat dat dit sy teologie beïnvloed nie. Heyns het met die verskillende kante, van wat hy as sy roeping gesien het, geworstel. Sy akademiese arbeid was vir hom baie kosbaar teenoor die lewe van elke dag en die eise van die kerk en die samelewing in Suid-Afrika, waarvan hy ook volledig deel wou wees en in 'n toenemende mate betrokke geraak het. Om dit kort te stel, die rasseproblematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing was vir Heyns 'n noodsaaklike lastigheid of ergernis wat hy sou vermy het as hy kon. Vanweë sy krities-solidêre ingesteldheid kon hy homself egter nie agter die toe deur van sy studeerkamer onttrek om spreekwoordelik net met 'n telefoon en faksmasjien met die buitewêreld in kontak te wees nie. Die beste manier om die bogenoemde stellings te staaf is 'n aanhaling uit sy *Teologiese Etiek 2/2*, derde band van sy trilogie oor die etiek, waar hy in die voorwoord sê: "Dat die derde band nou eers die lig sien (na sewe jaar), is 'n bewys van hoe moeilik dit is om 'n volgehoue publikasieprogram te probeer volg te midde van ander akademiese en kerklike verpligtinge." (1989: [ ]). Heyns skryf dus sy teologie vroeg in die sewentigerjare, met grootliks na-oorlogse teologiese invloede wat op hom inwerk tesame met die wysgerige invloed van veral Stoker, wat ook as na-oorlogs beskou kan word.

Na sy terugkeer uit Europa is Heyns gereed om sy eie teologie te begin ontwikkel, 'n teologie wat hy beskrywe as onlosmaaklik van die tydsgees (Strauss 1994:99). Teologie is, volgens Heyns, altyd teologie van- en vir sy tyd (1971:6,31). Met sy werk *Lewende Christendom* gee Heyns die eerste tree om sy eietydse teologie te begin boekstaaf. Dit was kennelik 'n opvolg, wat gepoog het om antwoorde op sy boek *Sterwende*

*Christendom* te bied.[34] In aansluiting by die kenmerke van die twintigste eeu, moet die Christelike teologie volgens Heyns, die uitdagings aanvaar om midde in die tydsgees gestalte aan die evangelie te gee. Heyns kies die tema van *gehoorsaamheid* as sentrale Bybelse tema wat as "toegangspoort" tot die verstaan en belewing van die Christelike geloof vir die mens van ons dag kan dien (Strauss 1994:99). Wat die tema *gehoorsaamheid* aanbetref, motiveer Heyns sy keuse as 'n "eg Bybelse gedagte" wat in die teologie van die verlede "nog nie voldoende tot sy reg gekom het nie". Hy meen dat hierdie gedagte van *gehoorsaamheid* 'n beginsel is wat die "werklikheidsvreemde en lewensvernietigende kloof tussen teologiese waarhede aan die een kant en waarhede, wat die ander wetenskappe aan die ander kant ontdek, bevredigend kan oorbrug".[35] Hy is op soek na 'n "geloofsperspektief" wat kerk en wêreld, gelowige en ongelowige, in 'n sinvolle, heilryke dialoog met mekaar kan verbind en 'n uitsig kan bied op die wye en oorweldigende horison van 'n volwasse Christelike bestaanswyse in hierdie wêreld (1972a:20). Heyns meen dat wie 'n studie van die begrip gehoorsaamheid in die Bybel maak, ontdek dat dit 'n sentrale plek inneem en dat Bavinck, handelende oor die skepping, met reg kon opmerk dat gehoorsaamheid die eindbestemming van alle kreature uitmaak (1973a:77)[36]. Afgesien van Heyns se verwysing na Bavinck wat skepping met gehoorsaamheid verbind, is daar ook diegene soos D F Theron wat Heyns se gehoorsaamheidsbegrip na Stoker terugvoer, waar hy aantoon dat laasgenoemde gehoorsaamheid as die hoeksteen van die Calvinistiese etiek beskou (1994:110).[37] Heyns sê self dat God vir die ganse kosmos, naamlik stof, plant, dier en mens wette gegee het

---

[34] Die hele boek *Lewende Christendom* is 'n teologie van gehoorsaamheid waar Heyns aan die hand van die Skrif die betekenis van gehoorsaamheid met betrekking tot die kerk ondersoek (1972a:22).

[35] Vergelyk Heyns se opmerking oor die wegbeweeg van, wat deur sommige Europese teoloë *kompartementalisme* genoem word, waar Christelike wetenskap byvoorbeeld afgewys word as wetenskap, met eie uitgangspunte wat uit dieselfde geskape werklikheid gekies word as waaruit sogenaamde nie-Christelike denke hulle uitgangspunte kies. Die vraag word deur C A Van Peursen (1958) gevra, of die byvoeglike naamwoord *Christelik* in die Wysbegeerte van die Wetsidee beteken dat nie-Christelike wysbegeerte onwaar is. Hy meen dat die diepste grondmotief van die nie-Christelike denke nie in die mens self lê nie, maar in God. Sulke uitsprake laat Heyns opmerk dat 'n nivelleringsproses aan die gang is, wat byvoorbeeld ook die Christelike vormgewing van die politieke en maatskaplike lewe in onguns bring. So het op politieke gebied die idee van die anti-rewolusionêre party, oftewel die Christelike politieke party steun onder gereformeerdes begin verloor. Die tendense hierbo beskryf, word deur Heyns 'n "verwatering van beginsels" beskryf (1971:20).

[36] Jonker meen dat Heyns die basiese konsep van sy teologie goed saamvat in sy artikel oor "*'n Teologie van Gehoorsaamheid - Ontwerp van 'n eietydse teologie*, in *Septuagesimo Anno.* Theologische opstellen aangeboden aan Prof. Dr. G.C. Berkouwer, ter gelegeheid van zijn afscheid als hoogleraar in de Faculteit der Godgeleerdheid van de Vrije Universiteit te Amsterdam. Kampen: J.H. Kok. (1994:14).

[37] Vergelyk Stoker, H.G. 1967. Oorsprong en Rigting. Band I. Kaapstad: Tafelberg, 56,304.

wat gehoorsaam moet word. In hierdie bespreking verwys Heyns self na Stoker se Wysbegeerte van die Skeppingsidee, by wie hy aansluiting gevind het,[38] (1972a:71). Volgens Theron is Heyns se skeppingsleer die sleutel tot die verstaan van sy denke as gevolg van die noue band tussen die skepping en die koninkryk van God. Die koninkryk van God is 'n skeppingsgegewenheid wat in 'n protonistiese sin op die eskaton gerig is, met Jesus Christus as God se ingryping in die geskiedenis van sy koninkryk, om deur versoening die skepping tot sy volheid te lei (1994:112).[39]

Daar is egter 'n ander invloed wat, volgens Jonker, tot gevolg het dat Heyns sy eie aksente ten opsigte van sy teologie as eietydse teologie, met gereformeerde uitgangspunte lê. Hierdie invloed is die wysbegeerte van Stoker op Heyns se verstaan van die koninkryk (1994:17). Volgens Theron is Heyns vanuit 'n bepaalde wysgerige raamwerk, met name die Christelike Wysbegeerte van die Skeppingsidee van Stoker, met die teologie besig. Dit wil, volgens Theron, vookom asof Heyns se koninkryksteologie, of anders gestel, sy gehoorsaamheidsteologie, die teologiese vergestalting van die Christelike wysbegeerte is (1984:15). Prof J H van Wyk is egter van mening dat teoloë soos, onder andere, die Potchefstroomse Ou-Testamentikus S du Toit onder invloed van John Bright en W J Snyman Nuwe-Testamentikus onder invloed van H N Ridderbos die koninkryk as sentrale tema hanteer en dat hulle, eerder as Stoker, bronne van Heyns se koninkryksbegrip as sentrale tema van die Skrif is. Hy Skryf: "Wie egter die geskrifte van Stoker deurlees vind dat die koninkryk van God byna terloops aanwesig is, maar nie as sentrale en breed-uitgewerkte tema nie. Die soewereiniteit van God en die koningsheerskappy van Christus word beklemtoon maar daarmee het Stoker nog geensins 'n "Wysbegeerte van die Koninkryksidee" ontwikkel soos jongere filosowe wel probeer doen nie. "Veel eerder moet ons hier dink aan Heyns se aansluiting by die Potchefstroomse teologie." (1994: 147,148). Dit impliseer dat invloede vanuit teologiese oorsprong waarskynlik 'n groter rol ten opsigte van Heyns se teologie gespeel het as

[38] Vergelyk Stoker, H.G. 1961. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege Pers, 201,205.
[39] Heyns verweer hom ten opsigte van sekere van hierdie interpretasies wat deel van 'n dogmatiese debat uitmaak, wat nie deel van hierdie studie uitmaak nie (1994:169,170).

wysgerige bronne, hoewel Heyns self die laasgenoemde invloed nooit ontken het nie.[40] Heyns verantwoord hom teenoor Jonker en Theron vanuit die standpunt dat daar 'n wisselwerking tussen die teologie en die ander wetenskappe moet wees. Die teologie is volgens hom in talle opsigte van die ander wetenskappe afhanklik. Talle begrippe en insigte in die teologie kom byvoorbeeld uit die wysbegeerte terwyl kennis van die kosmos en veral van die mens uit die vakwetenskappe kom. Dit is kennis wat die teologie nodig het om hom te help om die openbaring te verstaan. So is die teologie omgekeerd vir die ander wetenskappe van groot diens. In die bestudering van die openbaring van God, ontdek die teologie talle waarhede wat vir die wysbegeerte as totaliteitswetenskap maar ook vir die verskillende vakwetenskappe van fundamentele betekenis kan wees (Heyns en Jonker 1977:60,61). Op grond hiervan sê Heyns dat die konstatering van 'n bepaalde wysgerige invloed op 'n bepaalde teologie nie 'n besondere vonds is nie, veral nie as daaroor openlik en eerlik gehandel word nie. Dis ook nie 'n diskwalifikasie nie. Laasgenoemde sal afhang of dit wat uit die wysbegeerte oorgeneem is onwaar is en of dit die kernboodskap van die Skrif aantas en vermink. Heyns meen dat Theron nêrens aantoon dat wat hy van Stoker gebruik on-Bybels is en daarom nie gebruik kan word nie. Hy kry eerder die indruk dat die wysbegeerte nie 'n hoë aansien by Theron geniet nie, asof die teologie wat hom met wysbegeerte besig hou, homself besmet. Heyns is egter van mening dat baie teoloë die spoor byster raak en hulle teologie vermink, juis omdat hulle óf van verkeerde wysgerige standpunte gebruik maak, óf omdat hulle nie behoorlik daarvan rekenskap gee nie (Heyns 1994:169). Jonker se vraag staan egter steeds, of die wysbegeerte van Stoker nie ongemerk die plek van die eksegetiese grond van die dogmatiek by Heyns ingeneem het nie en meebring dat die teologie self ingebed word in 'n filosofiese sisteem, wat daartoe kon lei dat die teologie nie meer binne die grense van die Skrif bly nie, maar 'n kader word wat daarop gelê word. Sonder om Jonker se vrae, soos in hoofstuk een aangehaal te herhaal, is dit hier relevant om te vra of Heyns se eksegetiese basis vir sy teologie voldoende was en of sy die filosofiese raamwerk nie die plek van eksegese ingeneem het nie. Verder of sy aansluiting by die wysbegeerte van Stoker hom nie gekortwiek het in sy poging om 'n eietydse teologie te ontwerp wat tot die moderne mens kan spreek nie (Jonker 1994:17,18). Heyns is egter van mening dat hy

[40] Kyk hoofstuk ses vir 'n voortsetting van hierdie bespreking.

reeds sedert 1959 begin het om in 'n studie oor die gelykenis van die talente (*Gods Vertrouelinge*) en in sy boek *Die nuwe mens onderweg*, wat oor die Tien Gebooie handel,[41] eksegeties ten opsigte van die begrip *gehoorsaamheid* sowel as oor die *koninkryk van God* te werk te gaan (1994:169). Eksegeties omskryf Heyns die begrip *koning* en dui met verskeie Skrifgedeeltes aan[42] dat God in die Ou Testament as Koning funksioneer. In die Nuwe Testament word Christus ook Koning genoem[43] en op voetspoor van verskeie ander teoloë se werke[44] kom hy tot die gevolgtrekking dat die begrip *Koninkryk van God* die kerninhoud van die Skrif vorm. Sonder 'n direkte Skrifverwysing maak Heyns van die skeppingsverhaal van Genesis (hoofstuk een) gebruik om te verduidelik hoe God die skepping in aansyn roep en soewerein oor die magte van die natuur heers. Ook die mens word deur God geskape met die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder, die aarde te vul, te onderwerp en oor die skepping te heers.[45] Heyns noem die skepping wat God in aansyn geroep het die ryk van stof, plant, dier en mens wat volgens Psalm 103:19 in geheel sy Koninkryk is. Dit bring hom dan by die definisie van die koninkryk van God, naamlik: "Dit is Gods heerskappy *en* die gehoorsame aanvaarding daarvan deur sy onderdane: stof, plant, dier, mens en engele." Hy stel dit ook anders naamlik: "...ons sou ook daarop kon wys dat dit in die koninkryk in hoofsaak gaan om die *daad* van Gods heerskappy, die terrein waarin of waaroor die heerskappy uitgeoefen word en om die positiewe gevolge van die heerskappy." (1976:9-11). Wat Jonker vreemd vind, is dat Heyns die begrip *koninkryk van God* aan die skepping verbind. Dit is volgens hom vreemd aan die Skrif self en ook ten opsigte van die geskiedenis van die gereformeerde teologie. Ander teoloë wat ook die koninkryk van God as sentrale tema gekies het, het dit meestal met die heil verbind, met die koms van die bevrydende en verlossende heerskappy van God in die sondige wêreld. Jonker maak saam met Theron die gevolgtrekking dat Heyns se verstaan van die koninkryk nie uit sy

---

[41] Heyns, J.A. 1970. Die nuwe mens onderweg. Oor die Tien Gebooie. Kaapstad: Tafelberg.
[42] Jesaja 6:5; Psalm 2,45,72,110; Rigters 8:32; 1 Samuel 8.
[43] Matteus 21:5; Verskeie beelde in die boek Openbaring.
[44] Ringnalda, A. *Het Koningschap van Christus.* Kok, Kampen, 1939; Du Toit, S. *Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament*. Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1962, p15; Ridderbos, H.N. *De Komst van het Koninkrijk.* Kok, Kampen, 1950; Van der Walt, Tj. *Die Koninkrijk van God - Naby!*. Kok, Kampen, 1962; Matter, H.M. *Nieuwere Opvattingen omtrent het Koninkrijk Gods in Jezus' prediking*. Kok, Kampen, 1942.
[45] Vergelyk Heyns se opmerking by Gen 1:26 in sy persoonlike Bybel, soos reeds in hoofstuk twee na verwys, dat dit die belangrikste vers in die hele Ou Testament is (Bosman 1998b).

omgang met die gereformeerde teologie gebore is nie, maar direk na Stoker teruggevoer moet word (1994: 17).[46] Heyns meen egter dat dit "'n totale oorspanning van Stoker se invloed" op hom is om te beweer dat laasgenoemde se wysbegeerte aan hom die raamwerk verskaf het waarbinne hy sy koninkryksteologie ontwikkel het. Hy verwys na Van Wyk se opmerkings oor die invloed van die Potchefstroomse teoloë op hom en voeg by dat hy net sekere basiese motiewe aan Stoker ontleen het en hy voeg by, "nodeloos om te sê, omdat ek glo dat dit uit die hart van die evangelie kom." (1994:163,164).

In sy boek *Die nuwe mens onderweg* wat oor die Tien Gebooie handel en waarin Heyns, soos hierbo aangetoon, die eksegetiese basis vir sy teologie beduidend uitgebou het, is die verband tussen sy koninkryksteologie en die heil in Christus duidelik aangetoon. Christus is vir hom die verpersoonliking van die gehoorsaamheid van die mens aan die wet van God en is sy sterwe aan die kruis nie met 'n passiewe nie, maar 'n aktiewe daad van gehoorsaamheid. Die wet is deur Jesus Christus in ons plek vervul en daarom gee Hy aan sy dissipels 'n nuwe gebod, naamlik die gebod van die liefde. Toegepas op die mens se lewe, plaas die wet van Christus die mens onder andere voor sy naaste wat, volgens Heyns, nie 'n "bloedlose, teoretiese begrip" is nie, maar 'n "lewende werklikheid". Hy sê ten opsigte van die naaste en die self: "Daarom gaan daar van sy bestaan 'n appèl op my uit." (1976:50-53,57). Binne die raamwerk van Heyns se, nou reeds bekende, verhoudinge waarbinne die mens staan, gee hy die volgende beskrywing van die mens se verhouding tot sy naaste:

> "'My naaste' is 'n begrip met asemberowende konkreetheid want in my ontmoeting met hom speel mý keuse, mý voorkeure en afkeure geen enkele rol nie. My naaste is dié mens wat my gegee word op my lewensweg, afgesien van die vraag of hy vriend of vyand is, mindere of meerdere, rasgenoot of nie - met betrekking tot dié mens moet ek mý menslikheid toon." (1976:101).

[46] D.F Theron maak die gevolgtrekking in sy proefskrif: *Die koninkryk van God in die teologie van J A Heyns* (1984:52).

Dit is die nuwe mens onder die beheer van die Heilige Gees wat die begeerte in homself ondervind, "na reg en geregtigheid tussen mens en mens, tussen volk en volk, tussen blank en nie-blank, op die regbank en op die kerkbank; ...." (1976:245).

Met die bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat Heyns se eksegetiese uitgangspunte, hoewel nie sonder wysgerige konsepte[47] nie, tog tot 'n kerngesonde en bruikbare Bybelse teologie met betrekking tot God se koninkryk en die mens se gehoorsaamheid lei. Verder is dit duidelik dat Heyns die mens se etiese roeping en verantwoordelikheid tot sy naaste duidelik aantoon, ook spesifiek ten opsigte van die persoon van 'n ander ras en volk, waarin hy geen onderskeid tref nie. In antwoord op Jonker se kritiek ten opsigte van gebreke in sy teologie erken en bely Heyns sy spyt, maar hy gee nie toe dat dit as gevolg van die sentraalstelling van die begrip koninkryk, die verbinding met die skepping en die aksent op die wet en die gehoorsaamheid gebeur het nie. Hy meen die kritiek dat sy teologie nie voldoende eietyds sou wees nie, die moderne mens nie voldoende aanspreek nie, die kritiese snykant nie skerp genoeg is nie, en die volksteologie nie van die begin af duidelik genoeg aangespreek is nie, is nie die skuld van die stof nie, maar van die hanteerder van die stof. Meer spesifiek ten opsigte van die volksteologie antwoord Heyns:

> "As die antitese van my teologie en die volksteologie, later wél, maar aanvanklik níe gefunksioneer het nie, dan was dit nie omdat daar in die substansie van my teologie 'n verandering gekom het nie, maar omdat die stof self anders - en hopelik ook beter - hanteer is." (1994:165,166).

Ter opsomming van die bogenoemde paragrawe oor Heyns se teologie kan gesê word dat dit kerngesonde gereformeerde teologie is wat steeds bruikbaar vir die Ned Geref Kerk is en waarvan die invloed selfs in die buiteland geld. Op enkele punte het Heyns in die negentigerjare, teen die einde van sy loopbaan, sekere korreksies aangebring. 'n Voorbeeld daarvan is die korreksie ten opsigte van die klem op die eenheid van die kerk

---

[47] Heyns dui deur middel van bronverwysings deurgans aan waar sy teologiese- en filosofiese konsepte vandaan kom.

waar die verskeidenheid van volke op voetspoor van die pluriformiteitsleer van Kuyper die noodsaak van strukturele kerkeenheid vir 'n lang tyd by Heyns afwesig was. Nog 'n voorbeeld is 'n bepaalde siening van Heyns met betrekking tot die "eksemplariese" rol van die kerk in die wêreld wat hy aan Barth ontleen het en uiteindelik in die Ned Geref Kerk se amptelike beleidstukke neerslag gevind het en wat nooit voor sy dood deur hom gekorrigeer is nie. Hierdie aspekte sal in die komende hoofstukke aandag kry.

Teen 1972 vind die GES in Sydney, Australië plaas, waarheen Heyns onder andere 'n afgevaardigde was (Van der Watt 1995:1). 'n Aantal besluite oor rassebetrekkinge is tydens die vergadering geneem. Formuleringe soos hieronder weergegee, stem baie ooreen met wat Heyns in sy boek *Die nuwe mens onderweg* skryf.[48]

> "Since men inherently seek their own interests rather than the welfare of their fellows, the church should stress the duty of men individually and collectively, to practise self-sacrifice for the welfare of others. Self-sacrifice for the sake of Christ is the highest form of self-preservation, for self-preservation is only then concomitant with obedience to the second great commandment when it is qualified and limited by the biblical demands of love and righteousness, so that it does not interfere with the God-given privileges of other people."

Die vergadering het verder gewys op die gesamentlike verantwoordelikheid en roeping van lidkerke om rassesuperioriteit, diskriminasie en rassespanning te beveg en hierdie roeping aan lidmate, owerhede en mede-burgers uit te wys. Verskeie praktiese wenke is by die besluit ingesluit:

> "Various practical suggestions which could be implement in this respect:
>
> - Giving due attention to this matter in sermons.
> - Giving attention to it during pastoral visits.
> - Discussions at church council meetings.

[48] Vergelyk Heyns se opmerkings oor die mens se verhouding tot sy naaste soos vroeër aangetoon (1976:101).

- Contact on the local level between clergy of the older and younger churches for discussion, Bible study, prayer, etc. (*Die Kerkbode* 1972:695).

Hierdie besluite het Heyns laat vra of hy en sy kollega uit byvoorbeeld die NGSK oorsee moet gaan om mekaar dáár te ontmoet en "uit te vind dat ons oor fundamentele sake rakende ons kerk en landsbeleid ten aanhore en ten aansien van ander, nie met mekaar saamstem nie?"[49]

> "Ek wil beweer dat ons grootste nood op die huidige tydstip nie ekumeniese verkeer met Christene van oorsee is nie, maar met geloofsgenote binne én buite eie kerkverband op eie bodem. Ons sal ons daarop moet toelê om met ons eie mense uit die Sendingkerke ekumenies te verkeer. Ons sal met mekaar moet praat en na mekaar moet luister. Dit sal nie eenrigtingverkeer van blank na nie-blank mag wees nie, maar 'n tweerigtingverkeer waarin ons ook na hulle sal moet luister." (Heyns 1972b:510).

Die ekumeniese blootstelling soos onder andere by die GES het ongetwyfeld 'n blywende indruk op Heyns gelaat en was waarskynlik 'n belangrike stimulus in sy groeiende oortuiging dat die kerklike isolasie van die Ned Geref Kerk ten alle koste vermy moet word.[50] Hy sê dat dit dringend noodsaaklik is dat met alle kerke in Suid-Afrika in gesprek getree moet word, met ander woorde alle Afrikaanse-, Engelse-, blanke- en nie-blanke kerke (15 Junie 1973f:6).

---

[49] Heyns sê dat die lede van die NGSK by die sitting van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode byvoorbeeld teen die wet op gemengde huwelike gestem het en dat van die blankes ontsteld daaroor was. Volgens hom is die rede vir die onsteltenis dat daar te min kontak en te min wedersydse begrip vir mekaar is. Daar word bymekaar verbygeleef waar elkeen met sy eie probleme worstel en daar is nie geleentheid om volledig, openlik en eerlik met mekaar te praat nie (Heyns 1972b:510).

[50] Heyns se regverdiging van verskillende kerke vir verskillende volksgroepe word weer eens bevestig, wanneer die koerant *Hoofstad* hom aanhaal waar hy 'n Pretoriase besprekingsgroep *Datum 80* oor die besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Sydney toespreek. "Prof Heyns het gesê dat die verskeidenheid van kerke slegs op die verskeidenheid van volke gebaseer kan wees en daarom is slegs een kerk vir elke volksgroep geregverdig." (15 Junie 1973f:6).

In die lig van die voorafgaande standpunt meen Heyns dat die bestaan van die drie Afrikaanse kerke binne die Afrikanervolk nie regverdig kan word nie. Daarom moet dit as sonde voor God beskou word. Daarom beklemtoon hy die noodsaaklikheid van groter ekumenisiteit ook tussen dié drie kerke (15 Junie 1973f:6). Nie almal in die kerkleiding van die Ned Geref Kerk het met Heyns op dié punt saamgestem nie. Dr Koot Vorster skryf dat ‘n mens selfs binne dieselfde volk verskillende kerke selfstandig naas mekaar kan kry, wat nie noodwendig ‘n sondige verskeurdheid is nie. Hy sterk sy argument deur na twee gevare te verwys, eerstens die Wêreldraad van Kerke wat as liberalistiese organisasie die standpunt inneem dat die “pluriformiteit van kerke ‘n skandaal vir die Christendom is” en tweedens Rome wat “geen kerk behalwe ‘n Rooms-Katolieke kerk erken nie.” (1976:747). Op hierdie punt is Heyns en Vorster albei deur A Kuyper se idee, dat eenvormigheid ‘n vloek van die moderne samelewing is, beïnvloed.[51] Vorster trek sy gevolgtrekking deur ten opsigte van pluriformiteit selfs onder lede van een volksgroep, om die bestaan van die drie Afrikaanse susterskerke te regverdig. Heyns stem in wese saam met die beginsel van pluriformiteit, maar gaan nie so ver as Vorster nie. ‘n Nuanseverskil in Heyns se siening kan in sy standpunt opgemerk word: “Die verskeidenheid of pluriformiteit van kerke wat op die volkereverskeidenheid gegrond is, kán- ofskoon nie noodwendig nie, voldoen aan die eise van die Skrif ten opsigte van die verskeidenheid binne een kerk.”[52] Elke volk het sy eie *geloofstaal,* ‘n eie manier van uitdrukking wat ‘n historiese, psigologiese en fisiese oorsprong het en as vorm van verskeidenheid as God se wil vir ons bedeling aanvaar moet word (1972a:165-167). Dit is egter dr P F Theron wat in ‘n verhelderende artikel, op voetspoor van Bouwman stel, dat waar die vorming van een kerkverband deur byvoorbeeld afstand, vervolging of owerheidsdwang onmoontlik is, die plaaslike kerk nog steeds kerk is, maar wanneer geen oorwegende moeilikheid in die weg staan nie, is dit na die Goddelike orde, dat die kerke hulle in klassikale en sinodale verband verenig. Op voetspoor van A Kuyper sê hy dat

[51] Vergelyk voetnota 10 – hoofstuk 2.
[52] Volgens Heyns gee A Kuyper aan die beginsel van pluriformiteit ‘n filosofiese grondslag as hy beweer: “Wat begint en moet beginnen met eenvormig te zijn, gaat bij hooger ontwikkeling altoos en naar Gods ordinantie in veelvormigheid of pluriformiteit over ..... menschelike zonde..... moge deze splitzing en strijd verscherpen, maar in beginsel is deze splitzing een noodzakelijke werking van de door God gestelde levensordinantie.” (De Gemene Gratie. Kok, Kampen, 1932, Dl 3, 291).

slegs hulle wat in die belydenis van die waarheid prinsipieel uitgaan, hulle in afsonderlike kerke mag formeer, maar wat daarenteen één in belydenis is, hoort saam (1977:439).

Die stimulus en geleentheid wat die GES te Sydney gebied het word deur Heyns aangegryp om standpunte ten opsigte van sommige van die Suid-Afrikaanse kerklike en maatskaplike vraagstukke te lewer. Ten opsigte van die wet van die verbod op gemengde huwelike stel hy 'n pro-apartheidstandpunt dat die Ned Geref Kerk se ondersteuning van dié wet geregverdig kan word weens die "baie groot probleme" wat kan ontstaan wanneer twee mense van verskillende kulture in 'n permanente verbintenis gaan (Oggendblad 1973:1). Volgens hom hou voorstanders van gemengde huwelike nie rekening met die praktiese situasie in Suid-Afrika nie (Die Vaderland 1973b: [ ]). Aan die ander kant begin hy kritiek op die samelewingstrukture in Suid-Afrika lewer. Strukture wat swak behuising, onderbetaalde werk, menslike eensaamheid en verguising tot gevolg het. 'n Groot sondebok is die trekarbeiderstelsel. Heyns sê pertinent dat die Suid-Afrikaanse kerke meer as in die verlede omtrent hierdie probleem sal moet doen. Sonde raak volgens hom die institute en die sisteme waaronder mense leef en waarvoor ander verantwoordelik is. Bekering beteken ook die bekering van die mens se verhouding tot sy naaste en ook bekering van strukture. Die kerk en staat moet saamwerk om hierdie probleme op te los (Die Vaderland 1973a:1). Hierdie uitsprake stem ooreen met dit wat Heyns in sy boek *Lewende Christendom* skryf, naamlik dat die kerk hom met die nood van mense op individuele asook sosiale vlak moet bemoei. Dit gaan nie net oor persoonlike aspekte soos honger en siekte nie, maar ook oor uitbuiting, onreg, dakloosheid en armoede, of dit plotselinge situasies is en of dit permanente toestande is. Die kerk is steeds daarby betrokke (1972a: 164). 'n Stuk onreg waaroor hy hom op hierdie stadium ook uitspreek is die verbod van die regering op gesamentlike kerkdienste tussen verskillende rassegroepe. In 'n debat met prof A D Pont sê hy dat so 'n verbod op geen Bybelse grondslag regverdig kan word nie. So 'n besluit kan slegs op politieke grondslag geneem word. Die idee van 'n geslote kerk kan nie Skriftuurlik regverdig word

nie (Oggendblad 1973: 1)[53]. Alhoewel Heyns op hierdie tydstip oor sommige sake soos hierbo genoem, kritiese geluide laat hoor, sou hy die apartheidsbeleid van die regering nog vir 'n geruime tyd verdedig. Waar hy kritiek uitgespreek het, was hy daarvan oortuig dat oplossings gevind kon word deurdat kerke van verskillende rassegroepe met mekaar moes bly praat. Wanneer daar agterna teruggekyk word op Heyns en andere se standpunte op hierdie stadium, sou mens kon dink dat dit naïef was om soveel vertroue te kon hê dat die apartheidsisteem regverdig toegepas kon word sodat dit kon slaag. In geheel gesien moet egter besef word dat die meeste Afrikaner politieke- en -kerkleiers vas geglo het dat hulle motiewe suiwer en hul saak moreel regverdigbaar was.

Voor die kongres van die Afrikaanse Studentebond (ASB) te Potchefstroom in 1974 het Heyns in 'n referaat oor die krisis en die toekoms ten opsigte van Afrikaneridentiteit gepraat. By geleenthede soos hierdie, waar Heyns se gehoor omtrent uitsluitlik uit nasionaalgesinde studente bestaan en hy besonder tuis gevoel het, het sy ware sentimente waarskynlik die beste na vore gekom. In sy referaat verduidelik hy sy siening van die Afrikanervolk as volk met 'n gemeenskaplike afstamming, eie ruimte en geestesagtergrond. "Uiteraard word hieronder verskillende aspekte ingesluit: 'n gemeenskaplike geestesstruktuur wat hom openbaar in sedes en gewoontes, 'n gemeenskaplike taal wat dien as middel tot uitdrukking en dus as omgangsmedium, 'n gemeenskaplike volksgees en strewe na 'n nasionale kultuur."[54] Dit omsluit volgens Heyns 'n bepaalde wêreldbeskouing wat op sy beurt in 'n bepaalde godsdiens wortel, in hierdie geval die protestants-Christelike godsdiens. Met hierdie uiteensetting van die eie volksaard en godsdienstige wortels hou Heyns die begrip *Christelik-nasionaal*[55] as legitieme beskrywing en gebruiksterm aan die kongresgangers voor. Hy beklemtoon die

---

[53] Soos elders bespreek is Heyns se standpunt oor *volkse kerke* bekend, naamlik dat die verskeidenheid van kerke op die verskeidenheid van volke gebaseer is, maar dan slegs een kerk per volk. In die lig hiervan is die bestaan van drie Afrikaanse susterskerke, wat dieselfde belydenisgrondslag deel, volgens hom sonde (Oggendblad 1973: 1)

[54] Heyns se definisie van nasionalisme lê ten grondslag van sy omskrywing van 'n volk soos in sy referaat voor die ASB: "Nasionalisme in die algemeen sien op die natuurlike gevoel van verbondenheid met die volksgemeenskap waarin mens gebore is en die daaruit voortvloeiende strewe om die eie volk in stand te hou en sy welsyn te bevorder en wel op grond van die oortuiging dat die eie volk 'n sekere waarde verteenwoordig en 'n bepaalde taak het om te vervul."(1974a:52).

[55] Vergelyk die bespreking vroeër in die hoofstuk ten opsigte van prof A van Selms en andere se kritiek op die term *Christelik-Nasionaal*.

Afrikanervolk se *aparte* bestaan - "As hy nie meer naas en onder en teenoor ander volke kan bestaan nie, verdwyn daarmee ook sy identiteit." (1974:1-3). Een van die bedreigings teen Afrikaneridentiteit is volgens hom die aandrang tot integrasie met ander volke. Heyns doen hier 'n uitsonderlike ding deur die naam van die Progressiewe Party te noem as party wat integrasie voorstaan en daarom 'n vyand van Afrikaneridentiteit sou wees. "Dit was met stomme verbasing om te sien hoe die Progressiewe Party met die afgelope verkiesing by die stembus vordering gemaak het. Die beleid van integrasie en voorstanders daarvan het 'n faktor in ons politieke lewe geword waarmee deeglik rekening gehou moet word. Dit is nie meer 'n latente stroming nie, maar 'n monster wat ontwaak het." (Die Volksblad 1974: 4). Met 'n uitspraak soos hierdie het Heyns die partypolitieke terrein betree, iets wat oor die algemeen nie deur kerkleiers gedoen word nie, aangesien dit gewoonlik andersdenkendes van die evangelieboodskap kan vervreem.

In 1974 besluit die *Generale Sinode* van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Hierna GKN) te Lunteren om die sogenaamde Spesiale Fonds van die Program ter Bestryding van Rassisme van die Wêreldraad van Kerke by lidmate en ander instansies aan te beveel.[56] Die Ned Geref Kerk het tot op daardie stadium die nouste bande met die GKN gehad (Strauss 1992:67). Op aanbeveling van die moderamen van die Ned Geref Kerk besluit die Algemene Sinode in Oktober 1974 “dat indien die sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland nie binne afsienbare tyd die ernstige leerstellige dwalinge uit hulle midde deur middel van leertug verwyder nie,” en “indien hulle besluit insake steun aan terrorisme op ons grense nie later as die eerste sitting van die volgende sinode herroep word nie, ons die bande tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland as verbreek beskou.” (Handelinge Ned Geref Kerk 1974:563).[57] Die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk om die betrokke *Generale*

[56] Volgens Erik van den Bergh van die *Stichting Kairos* het die Nederlandse kerklidmate miljoene bygedrae vir projekte en kerke in Suidelike Afrika. Daar was egter verdeeldheid in Nederland oor steun aan die bevrydingsbewegings. Hy sê: "Vooral de directe en onvoorwaardelijke steun aan ANC, PAC en Swapo was voor velen in kerkelijk Europa een forse steen des aanstoots." Volgens hom het die gereformeerdes sinode na sinode geworstel met die steun aan die WRK se Program ter bestryding van Rassisme. Toe die knoop uiteindelik deurgehaak was het die Ned Geref Kerk die bande verbreek (1994: 126).

[57] Die dagbestuur van die Breë Moderatuur het reeds op 6 April 1978 die sogenaamde "ultimatum" in werking gestel om bande met die GKN te verbreek (Strauss 1983:467). Die Algemene Sinode het later daardie jaar die besluit soos volg bekragtig: "Die sinode keur die optrede van die Breë Moderatuur goed en

*Sinode* van die GKN by te woon was ds J S Gericke en dr F E O'Brien Geldenhuys. Hulle het sterk standpunt teen die ondersteuning van die Spesiale Fonds ingeneem. Voordat hulle egter teruggekeer het en verslag kon doen, het die moderatuur van die Ned Geref Kerk reeds te kenne gegee dat hulle gaan aanbeveel dat die Ned Geref Kerk bande met die GKN verbreek as die besluit nie herroep word nie. Dit het Gericke en O'Brien Geldenhuys ontstel veral as gevolg van die gebrek aan behoorlike prosedure by die moderamen (Strauss 1992: 69-71). Dit het ook ander kerkleiers en lidmate om verskillende redes ontstel. Heyns lewer byvoorbeeld kritiek op dr J D Vorster en die moderatuur deur te sê: "Hulle het te vroeg gepraat. Hulle moes gewag het totdat die afgevaardigdes uit Nederland teruggekeer het." Hy meen dit is nie nodig dat kerke oor alles saamstem alvorens dialoog tussen hulle kan bestaan nie. "Moet mense noodwendig met ons saamstem voordat ons dialoog aanknoop?" vra hy. Hy is verder van mening dat die beoogde breuk deur politieke dryfvere gemotiveer was. As argument gebruik Heyns die voorbeeld van Nederlandse teoloë soos Kuitert en Weersinga wat lank reeds vreemde leerstellinge verkondig en vra waarom die Breë Moderatuur (hierna genoem BM) nie al lankal daaroor bande met die GKN verbreek het nie, maar "noudat daar 'n politieke konflik opgeduik het, moet alle bande skielik afgesny word" (Oggendblad 1974:1). Aan die ander kant was die moderamen saam met die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk dit eens dat die gewraakte besluit van die *Generale Sinode* die GKN by die politieke stryd in Suider-Afrika betrek het en dat die solidariteit met die bevrydingsbewegings die GKN handlangers van politieke aktivisme, terrorisme, haat, geweld en moord gemaak het.[58] Ook Die Kerkbode verwys na die besluit van die Nederlanders as 'n keuse vir terrorisme en vir die vyande van Suid-Afrika en die sanksionering van ondermeer kommunisties-geïnspireerde metodes om die land tot 'n val te probeer bing (Strauss 1992:69-71). Heyns het hierdie sentimente gedeel en beskrywe die besluit van die GKN as "iets waaroor alle opregte Christene geskok behoort te wees". Hierdie woorde skryf hy in die Pretoriase koerant *Hoofstad*, waarin hy aan 'n briewewisseling deelneem maar ten spyte van sy skok

---

beskou die noue bande wat daar tussen ons en die G.K.N. bestaan het as verbroke." (Handelinge Ned Geref Kerk 1978:799).

[58] Mnr Erik van den Bergh, direkteur van die organisasie *Stichting Kairos* te Uitrecht, Nederland, is van mening dat die verbreking van die bande tussen die Ned Geref Kerk en die GKN nie net oor apartheid gehandel het nie. Die kwessie van homoseksualiteit in die GKN, Skrifgebuik, asook die teologie van Kuitert en Weersinga het volgens hom alles meegewerk. (1998:[ ]).

tog redes vir sy standpunt gee, naamlik dat bande met die GKN nié verbreek moet word nie. Sy eerste rede is ter wille van die evangelie self, omdat die kerk geroep is om volgens oortuiging van die waarheid oor 'n bepaalde saak te getuig en 'n verbreking van die bande die kerk so 'n geleentheid ontsê. Tweedens is daar volgens hom talle lidmate van die GKN in Nederland wat nie ten gunste van die ondersteuning van terrorisme is nie en gevolglik nie as vyandiggesind teenoor die Ned Geref Kerk bestempel kan word nie. Deur bande te verbreek word hulle volgens Heyns in die steek gelaat omdat daar "'n skreiende gebrek aan objektiewe en onbevooroordeelde inligting" bestaan en slegs voortgesette kontak kan hulle van die regte inligting voorsien. Derdens is daar geen ander gereformeerde kerk in Wes-Europa met wie die Ned Geref Kerk dieselfde noue band het nie. Om dit te verbreek sou die Ned Geref Kerk isoleer en ten opsigte van die teologie verarm en dit maak die stem van die Christendom in die wêreld al swakker (1974b:12). Later dieselfde jaar sit Heyns sy protes voort wanneer hy op die kongres van Calviniste te Potchefstroom praat. Die kongres het besluit om samewerking met Engelstalige Calviniste, nie-blankes en "ons geesgenote in die buiteland" sterk te onderstreep. In die lig hiervan betreur Heyns die ultimatum van die Ned Geref Kerk aan die GKN (Rapport 1974:4).

Die Algemene Sinode van Oktober 1974 wat die besluit oor die ultimatum geneem het, het ook die verslag *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*[59] (RVN) goedgekeur (1975: 1). Die verslag is deur 'n ad hoc-studiekommissie[60] opgestel wat 'n omvattende en diepgaande studie van die rasse- en ekumeniese vraagstukke in Suid-Afrika, veral soos dit die Ned Geref Kerk in die besonder geraak het, moes maak (Handelinge Ned Geref Kerk 1970: 785). Dié kommissie het di W A Landman as voorsitter en P E S Smith as skriba op sy eerste vergadering verkies (Handelinge Ned Geref Kerk 1974: 216). Die verslag van die kommissie het later as die Landmanverslag

[59] Die Verslag is in 1974 goedgekeur en in 1975 gepubliseer as *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

[60] Die aanvanklike kommissie is deur die Algemene Sinode van 1970 benoem naamlik: Drr J D Vorster, J S Gericke, F E O'Brien Geldenhuys, proff E P Groenewald, P A Verhoef, di W A Landman, D P M Beukes, D S Snyman en P E S Smith. Hulle het met verlof van die BM persone ten opsigte van die opdragte aan subkommissies gekoöpteer (Handelinge Ned Geref Kerk 1974: 216,217).

bekend geword. Heyns was as lid van die kommissie gekoöpteer (Meiring: 1994: 181)[61] en het in die sub-kommissie wat oor *die Kerk en die Ekumene* gewerk het, diens gedoen (Handelinge Ned Geref Kerk 1974: 217). Die verslag was volgens die BM die resultaat van die besinning, denke en oortuiginge wat in die Ned Geref Kerk oor die verhoudingsprobleme in 'n veelvolkige land sedert die dertigerjare van die twintigste eeu plaasgevind het. Volgens hulle oortuiging was dit gesien vanuit die ewig en onveranderlike norme van die Woord van God (1975: 3-4). RVN handhaaf sowel die eenheid as die verskeidenheid van die menslike geslag (1975: 11,12,29,30,66), maar wanneer dit by die praktyk kom, word die verskeidenheid of anders gestel, die pluriformiteit baie sterker as die eenheid beklemtoon. Dit lei tot die gevolgtrekking: "Onder bepaalde omstandighede en voorwaardes laat die N.T. ruimte vir die reëling van die saambestaan van verskillende volke in een land langs die weg van afsonderlike ontwikkeling." (1975: 31). Hiermee is apartheid in wese deur die Ned Geref Kerk gelegitimeer en van 'n Skriftuurlike onderbou voorsien. Daar word plek-plek in RVN teen verkeerde uitkomstes gewaarsku soos byvoorbeeld die verabsolutering van die verskeidenheid, wat nie in geslotenheid mag ontaard nie, die eenheid van die kerk wat sigbaar moet wees, 'n sondige verdeeldheid wat verskeurdheid beteken (1975: 47,49). As antwoord hierop gryp RVN na die begrip *ekumenisiteit*. "'n Aspek van die gevraagde eenheid is die kontak wat kerke op belydenisgrondslag met mekaar moet hê en wat in die begrip *ware ekumenisiteit* uitgedruk word. Terwyl die kerk nie in die verskeurdheid mag berus nie, en dit steeds as sonde moet, erken mag hy aan die ander kant op sy soektog na eenheid nie die waarheidsvraag ontduik nie. Ware, sinvolle, Christelike eenheid kan alleen gegrond wees in Jesus Christus en sy Woord." (1975: 51). Ten opsigte van die afsonderlike kerke wat uit die sendingarbeid van die Ned Geref Kerk ontstaan het, sê RVN op voetspoor van die algemene sendingreglement dat die bestaan van afsonderlike Ned Geref Kerkverbande vir verskillende bevolkingsgroepe erken word as in ooreenstemming met die Skriftuurlike meervormige bestaanswyse van die kerk waardeur

---

[61] As lid van die Landmankommissie het Heyns, volgens eie getuienis, waardevolle ondervinding opgedoen (Meiring 1994: 181). Ook tydens sy diens as skriba van die Kommissie vir die Studie van Rasse-Aangeleenthede in die sestigerjare, soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het hy geleer hoe die kerk in sy kommissiewerksaamhede gefunksioneer het. Tydens die "grondige hersiening" van RVN (1983-1986) het Heyns 'n baie meer prominente rol as met die aanvanklike opstel van RVN gespeel. Sy volgehoue betrokkenheid het hom in vele opsigte gehelp om veral in die opstel van die latere dokument KS sterk strategiese leiding te kon neem.

elkeen in sy eie taal-, kultuur-, en volksverband die groot dade van God hoor en verkondig. Hierdie bestaanswyse is die gevolg van 'n kerklike patroon wat beskou word as "'n weg waarlangs die welwese van die kerk in Suid-Afrika uitnemend gedien word." (1975: 83).[62]

Soos vroeër in hierdie hoofstuk reeds aangetoon, stem Heyns se gedagtegang met betrekking tot eenheid en verskeidenheid van die menslike geslag, asook sy siening van verskillende kerke vir verskillende volke vanweë hul pluriformiteit basies ooreen met wat die Ned Geref Kerk in RVN sê. Ook hy waarsku teen verabsolutering van kerk en volk. Daarom gebruik hy die term "volkse kerk" om daarmee aan te dui dat die lidmate van 'n bepaalde kerk oorwegend uit 'n bepaalde volksgroep kan bestaan. 'n Tipiese stelling wat by Heyns teruggevind word en in RVN voorkom is "dat die kerk nie afsydig teenoor die volk mag staan nie, want midde in die volk vind die kerk sy bestaansruimte" (RVN 1975: 44). In Heyns se eie woorde: "Die kerk bring die boodskap van die Here, maar praat die taal van daardie besondere volk en neem talle dinge oor wat eie is aan daardie volk. Die kerk word in die volle sin van die woord inheems. Daarom mag die kerk ook nie die grense van die volk uitwis of ignoreer nie as van mindere belang nie". Hy gaan egter verder deur te sê dat die kerk moet laat sien en hoor dat die grense tussen volke hulle nie net skei nie, maar ook met mekaar verbind. Hier beklemtoon hy die versoeningsfunksie van die kerk ter wille van die koninkryk. Prakties meen Heyns dat uit 'n Afrikanervolksoogpunt by die drie Afrikaanse kerke begin moet word deur byvoorbeeld 'n werkgemeenskap te stig, dit verder uit te brei na ander kerke in Suid-Afrika en ook kontak met kerke in Afrika te soek. Daarvoor stel hy 'n soort kerkekonferensie soos die Duitsers se "Kirchentag" voor. Met die vraag of die kerk nie dalk agter die politici skuil deur niks te doen nie (1974c: 8) is dit duidelik dat Heyns reeds ten tye van RVN se aanvaarding deur die Ned Geref Kerk begin wonder of die kerk, ten spyte van die breedvoerige dokument, werklik sy profetiese roeping en sy versoeningstaak in die wêreld nakom. Dit is hiermee trouens duidelik dat hy reeds van mening was dat die kerk ten opsigte van sy profetiese roeping in die samelewing nie genoeg sê en doen nie. Wat

[62] RVN (meer in besonder hoofstuk vier oor *Kerk en Sending*) leun met verskeie verwysings na byvoorbeeld artikels 1.3, 1.4 en 18, sterk op die Sendingreglement van die Ned Geref Kerk, wat reeds in 1935 sy ontstaan gehad het.

die politiek betref het hy 'n ernstige besef gehad dat die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling in die praktyk móés slaag. Hy is daarvan oortuig dat dit vir die blankes in Suid-Afrika noodsaaklik was om hulle gedagtes na die swart bevolking uit te dra. Hy sê: "Om te slaag met die beleid moet die swartes van ons goeie bedoelings oortuig word." (Rapport 1974:4). Trouens, vroeër al sê Heyns dat Christene wat onder die verkondiging van die evangelie deur die Heilige Gees nuwe mense geword het, die politiek, staat, kuns en wetenskap moet verchristelik (31 Januarie 1973c: 132). Die heelgemaakte mens kan nooit vrede hê met 'n gebroke wêreld om hom nie (1974a: 74). Dit moet volgens hom egter verder gaan. Die konkrete gestalte wat die politici aan die beginsels van Gods Woord behoort te gee soos byvoorbeeld reg en geregtigheid in die verhouding van mense en volke tot mekaar, moet ook weer deur die kerk in die lig van Gods Woord getoets word. Die kerk wat dit nie doen nie, versaak sy profetiese taak in hierdie wêreld (31 Januarie 1973c: 132). Medemenslikheid is volgens Heyns ook godsdiens. Diens aan die naaste is diens aan God. So word uiteindelik die ganse evangelie verstaan as die antwoord op die sosiale, politieke en ekonomiese nood van die mens. Alle aksente word gelê op die maatskaplike relevansie van die geloof. Die kerk word gesien as die grootheid wat betrokke is by die skepping van 'n nuwe samelewing waarin vrede en vryheid, reg en geregtigheid moet heers (1974a:80-81). Vir Heyns was hierdie gedagte en begrippe in 'n groot mate nog slegs teoreties, maar soos die situasie in Suid-Afrika in die komende jare ontwikkel het, was almal in Suid-Afrika toenemend met die praktyk gekonfronteer. Nie baie jare later nie (teen 1979) het Heyns weer hieroor gepraat toe hy teenoor Rykie van Reenen joernalis van die koerant Beeld erken het: "...Ons kan gewoonweg nie meer dinge sê en verdedig soos ons dit in die begin van die jare sewentig gedoen het nie." Hy het na RVN verwys wat teen daardie tyd -"nou al 'n hele paar jaar oud is, en ons situasie het in daardie tyd aanmerklik verander. In ons politiek het aanmerklike verandering gekom. ...... Ons moet byvoorbeeld veel meer maak van sosiale geregtigheid en meer aandag gee aan die manier waarop teologiese implikasies in die praktyk uitgespel word." (Beeld 1979a:4).

In die tussentyd het Heyns die sogenaamde *teologie van die rewolusie* bestudeer en 'n boek met dieselfde titel daaroor gepubliseer. [63] Hy roep lidmate op om kennis te neem van hierdie nuwe teologie wat basies van Europa kom en ook by sommiges in Suid-Afrika byval vind.[64] Die steun wat die terroriste op die grense van Suid-Afrika by van die Europese kerke ontvang is 'n konkrete uitvloeisel van dié teologie (1975a:iv).[65] Rewolusie gaan altyd met geweld gepaard. Rewolusionêre geweld is dikwels 'n reaksie teen strukturele geweld. Met die laasgenoemde word bedoel dat die bestaande orde waarin en waaronder mense moet lewe so 'n karakter aangeneem het dat dit net nie meer moontlik is om 'n behoorlike menswaardige lewe te voer nie. Daar bestaan verskillende vorme van geweld byvoorbeeld, fisiese-, juridiese- en morele geweld. Ten opsigte van juridiese geweld verwys Heyns byvoorbeeld na wetgewing, die uitsluiting van mense ten opsigte van beroepe en verantwoordelikhede, op grond van godsdiens, ras ensovoorts. Wanneer hy konkrete voorbeelde noem verwys hy na diktatoriale regerings elders in die wêreld. Ten opsigte van Suid-Afrika en Rhodesië verwys Heyns spesifiek na die hantering van swartmense in dié lande. Hy sê dat dit dikwels diegene is wat teen geweld waarsku, wat nie raaksien of wil raaksien dat die mag waaroor hulle beskik en die uitoefening daarvan, self geweld is nie (1975a:4,5). Hierdie woorde van Heyns is tot op hierdie punt die sterkste vorm van kritiek wat hy, hoewel in bedekte vorm, teenoor die Suid-Afrikaanse regering uitspreek. By die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns enkele jare later te Potchefstroom, stel hy dit sagter deur te sê: "Swartmag – en sy uitvloeisels soos swart teologie – is 'n gevolg van die blankes se mislukking om versoening tussen rasse te bewerk. Die ideologie van rewolusie het inslag gevind omdat blankes nie daarin geslaag het om hulle (swartes) by die werklikheid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap betrokke te laat raak nie. Swartes reageer op die mislukking van blankes om die gespanne rassetoestand te ontlont." (Die Volksblad 1977b:8). Hierdie uitspraak van hom was volgens die media direk in stryd met dié van sprekers van die regering, wat van mening was dat Swart Mag van Amerika af

[63] Heyns, J.A. 1975. Teologie van die rewolusie. Kaapstad: Tafelberg.
[64] Herbert Marcuse en Ernst Bloch word beskou as die vaders van die rewolusie-teologie (Heyns 1975a:20,24).
[65] Sover vasgestel kon word is die term *Teologie van die Rewolusie* eerste deur Martin Schröter in die verslag van die jeugkomitee tydens die Christelike Vredeskonferensie in Praag in 1964 gebruik en is twee jaar later as tema by die wêreldkonferensie oor *Kerk en Samelewing* in Genéve bespreek (Heyns 1975a:10).

ingevoer is en plaaslik deur blankes bevorder is wat teen die regering gekant is (Rand Daily Mail 1977:[ ]). Heyns sê die kerk het agter geraak by die werklikhede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap pleks dat hy sterk leiding neem in die stryd om geregtigheid en die verwydering van uitbuiting en diskriminasie. "Nou staan ons voor 'n reaksionêre beweging onder swartes omdat ons in die verlede versuim het om by ons medemens betrokke te raak. Ons het nie daarin geslaag om skeppend te dink oor ontwikkelings wat noodsaaklik vir ons voortbestaan in Suid-Afrika sal wees nie." "As die kerk nie 'n versoening tussen alle rasse kan bewerk nie, het hy in sy taak gefaal." (Die Volksblad 1977b:8).

Dit is insiggewend dat dr Allan Boesak op hierdie stadium pas sy doktorale proefskrif[66] aan die *Theologische Hogeschool in Kampen* oor die Swart Teologie voltooi het.[67] Hy sê op voetspoor van James Cone[68]: "Wanneer de zwarte in opstand komt en zijn leven in de waagschaal stelt, dwingt hij de blanke samenleving hem te zien, hem te erkennen, rekening te houden met zien bestaan, toe te geven dat hij *is*." Hy verwys na RVN, (in sy woorde: "het zogenaamde rapport-Landman") wat apartheid sanksioneer, maar nêrens melding maak van die lyding wat swartes onder die stelsel ervaar nie. Hy sê: "het rapport stelt nergens het feit ter diskussie dat dit een politiek is, die met geweld is opgelegt aan bijna 20 miljoen zwarten door nog niet eens vier miljoen blanken, zonder dat de zwarten de recht hebben in de beslissing te delen." In die weiering om blanke oorheersing te aanvaar, meen Boesak dat dit selfs 'n gewelddadige karakter kan hê. Dit is 'n proses van bevryding "met alle noodsaaklike middele". (1977: 64,65,94,129). 'n Kernmoment van die Bevrydingsteologie is volgens Boesak dat Jesus die "Swart Messias" is, alhoewel hy sê dat die letterlike velkleur van die historiese Jesus nie van soveel belang is nie. Wat belangrik is, is dat hy Hom met die swartmense se lot vereenselwig en hulle Verlosser is (1977: 104). Heyns daarenteen verskil van hierdie standpunt. As 'n mens dit so sien, sê hy

---

[66] Die proefskrif van Boesak is in 1977 in boekvorm uitgegee met die titel *Afscheid van de onschuld*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

[67] Erik van den Bergh van *Stichting Kairos* skryf: "Dr Allan Boesak was in de jaren zeventig de eerste swart predikant die in Kampen studeerde en daar ook zijn proefschrift verdedigde. Door de studie van zwarte predikanten in Nederland ontstonden veel nieuwe contacten en een uitgebreide netwerk van plaatselijke steungroepen. Zwarte predikante zoals L.R.L. Ntoane, dr. S.P. Govender en dr. L.W. Mazamisa leerden Nederlandse Christenen door een zwarte bril naar Zuid-Afrika te kijken." (1994: 124).

[68] Cone, J H. 1969. Black theology and Black Power. New York.

"vind 'n ongeregverdigde vereenselwiging plaas van nood en politieke omstandighede. Daarmee word die sonde dan ook grensloos uitgehol, en bekering gelykgestel aan 'n ywer om politieke omstandighede verander te kry", en verder, "Jesus het Hom ook nie met die armes vereenselwig en Hom dus per implikasie teen die rykes verset nie. Hy het Hom met die mens in nood vereenselwig en dié nood was die nood van die sonde – sonde wat by arm en ryk aanwesig was en aanwesig is." (1975b: 35). Heyns sê dat die teologie by die kosmiese werklikheid, sy geskiedenis en sy geestesstrominge betrokke moet wees. Die teologie wat egter, soos die Swart Teologie, nie vanuit die Bybel daarby betrokke is nie, word 'n ideologie waardeur dit sy unieke karakter as wetenskap verloor (Die Volksblad 1977:17a).

Een gebeurtenis wat in die sewentigerjare seker die grootste invloed op die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis gehad het, die jeugopstande wat op 16 Junie 1976 in Soweto uitgebreek en na die Kaapse Skiereiland uitgebrei het en deur die owerheid met geweld onderdruk is. Talle organisasies, insluitende die Christelike Instituut is in die jaar daarna verban. Die redakteur van *Die Kerbode,* ds G S J Möller skryf na aanleiding van regter P M Cillié se verslag oor die 1976 onluste:

> "Dit vertel in duidelike taal die verhaal van 'n tragiese en donker tydperk wat ons land in 1976 deurgemaak het. Dit is 'n verhaal van grusame lewensverlies op groot skaal, van enorme verwoesting en vandalisme, van omvangryke skade aan eiendomme, van berekende opstokery tot geweld, van georganiseerde verset teen die owerheid, van onverbloemde haat teen die blanke deel van die bevolking, van matelose woede by die Kleurlinge en Swartmense oor frustrasie en diskriminasie en van on(voor)bereidheid aan owerheidskant om vroegtydig effektiewe maatreëls te tref om die ramp te voorkom. ....Die ergste skade is egter nie dié skade wat ons in terme van geld kan bereken nie, dit is díe skade wat gely is weens verslegting van gesindhede en verhoudings tussen mense en rasse – juis dié skade wat ons allermins kan bekostig." (1980: 323).

Lede van die swart en bruin lidkerke van die familie van NG Kerke het binne Suid-Afrika 'n heel ander wêreld as hul blanke eweknieë beleef. Prof Jaap Durand wat byvoorbeeld

predikant in Cala in die Transkei was en daarna in Kwazakhele, Port Elizabeth was daagliks in kontak met wat hy noem, "die verskrikking van die situasie van die swartes in die stad." Later, in 1973 is hy as professor in sistematiese teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland aangestel. In hierdie tyd het hy geleidelik die ontdekking gemaak dat die gereformeerde geloof veel meer as die aanvaarding van 'n aantal ewige waarhede is. Dit was 'n manier om met die Bybelse boodskap te worstel in 'n dinamiese historiese proses, dit wil sê om die Bybel ernstig te neem in 'n voortgaande hermeneutiese gebeurtenis binne 'n spesifieke historiese situasie. Sy swart lidmate wat in 'n "apokaliptiese nagmerrie" geleef het, het hom dit geleer op 'n manier wat hy nie kan beskryf en verklaar nie (2002a: [ ]). Die meeste blankes het as gevolg van die toepassing van apartheidswette die lewe in die swart woonbuurtes nie geken nie. Met Heyns was dit in hierdie opsig ook nie anders nie. Dit het prof Klaas Runia in 'n gesprek oor Heyns laat opmerk dat hulle in die buiteland, wat kontak met die swart kerke in Suid-Afrika gehad het, meer geweet het van wat in die harte van die swartes geleef het, as meeste van die blankes in Suid-Afrika self (1998: [ ]). Ook prof Christina Landman vra die vraag: "What was Johan Heyns teaching his students at the University of Pretoria during the 1970's and 1980's while Nico Smith was burying the victims of political violence a few kilometers away?" (Landman 1996: 354).[69] Die belewing van die apartheidsbeleid vanuit 'n bruin en swart perspektief was wêrelde verwyderd van die blanke leefwêreld in dieselfde land.[70] Durand vertel van ekumeniese kontakte en naglange gesprekke met kollegas en vriende soos David Bosch, Willie Cilliers, Beyers Naudé, Sam Buti en andere. Ook in groepsgesprekke met sy studente soos onder andere Russel Botman het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat versoening die kernkrisis vir Suid-Afrika was.[71] 'n Sinsnede uit 'n publikasie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (hierna genoem SARK) van 1968:

---

[69] Prof Nico Smith het in 1982 **sy** pos as professor in Missiologie aan die Universiteit van Stellenbosch bedank en 'n predikant van die NGKA in Mamelodi geword. Hy het vir 'n tyd lank ook sy intrek in dié swart woonbuurt aan Pretoria geneem (Landman 1996: 354).

[70] Prof Amie van Wyk toon aan dat die "Afrikakonteks" in die etiek van Heyns nie sterk genoeg gefigureer het nie (1994: 150), waarop Heyns geantwoord het: "Toegegee, die positiewe boodskap van die situasie-etiek het by my dus nog nie volledig aangekom nie. Ek het egter gewoon te weinig ervaring en dus te weinig kennis gehad om ook vanuit die ander Suid-Afrika te dink en te skryf." (1994: 171).

[71] In een van die groepklasse van prof Durand is 'n mosie geformuleer waarin die komende sinode van die NGSK (1978) gevra is om apartheid te verwerp as direk in stryd met die evangelie van Christus, omdat die ideologiese uitgangspunt daarvan die onversoenbaarheid van mense is. Die aanvaarding van die mosie het dinge in beweging gebring en uiteindelik uitgeloop op die opstelling en aanvaarding van die Belydenis van Belhar in 1986 (2002b: [ ]).

*A Message tot the people of South Africa* het hom bygebly. "Daar staan dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling 'rejects the good reconciliation and fellowship which God is giving us by His Son.'" Dit het by Durand die kiem van die gedagte geplant dat apartheid se fundamentele ideologiese uitgangspunt in direkte stryd met 'n sentrale moment in die evangelie van Christus was, naamlik die versoening tussen mens en mens: "Hou hulle apart want hulle is in wese onversoenbaar." Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat alle gepraat oor versoening leeg en nutteloos binne die sosiale en politieke raamwerk van apartheid was omdat apartheid van meet af aan die idee van versoening uitgesluit het. Op grond van hierdie besef het hy en andere apartheid op etiese gronde begin teëstaan. (2002b: [ ]).[72]

Alhoewel die apartheidsisteem effektief daarin geslaag het om die blanke bevolkingsgroep van die res te isoleer, het die groeiende verset, soos byvoorbeeld die Soweto-onluste en ander aanduiding Heyns se aandag nie ontsnap nie. Soos reeds aangetoon het Heyns reeds voor die 1976-onluste openlike kritiek teenoor die regering en die apartheidstrukture begin uitspreek. In 1975 tydens 'n Van Riebeeckdagtoespraak gebruik hy die term *apartisme.* Dit is volgens hom wanneer *apartheid* die statiese konkretisering van menslike verhoudinge word waar geen ruimte vir dinamiese ontwikkeling en ontplooiing gegee word nie. Wanneer *apartheid* 'n "gestolde en gefikseerde ideologiese konsepsie van die samelewingspatroon word", dan is *apartheid* volgens hom *apartisme* en dra dit die kiem van sy eie ondergang in homself (1975c:4-5). Op die kongres van die ASB in 1977 sê hy dat God van 'n volk nuwe antwoorde in nuwe omstandighede verwag (Transvaler 1977:4). Heyns tref opnuut die onderskeid tussen *apartheid* en *apartisme* en brei op sy vorige uiteensetting van die begrip uit. Steeds verdedig hy *apartheid* maar volgens hom is *apartisme* negatief en sleg. Hy beskryf dit as 'n ideologie, afgelei van apartheid, wat as 'n geheel van denkbeelde rondom 'n enkele verabsoluteerde aspek van apartheid, die handhawing van eiesoortigheid ter wille van

---

[72] Prof Russel Botman bevestig Durand se verhaal met die woorde: "The identification of the theological centre of *apartheid* was born in a classroom in which I was one of the students of Prof. Jaap J.F. Durand in 1978. It defined the theological problem in the following terms: '*Apartheid* being a system of oppression and injustice is sinful and incompatible with the Bible (meaning it is against the gospel) because it is based on a fundamental irreconcilability of human beings, thus rendering ineffective the reconciling and uniting power of our Lord Jesus Christ.' (DRMC Synodical decision 1978)." (1994: 42).

eiesoortigheid op die gemeenskap afdwing. Dit wil geen samehang in die verskeidenheid van volke erken nie. Voorstanders daarvan sien nie dat volke wat saamwoon ook gemeenskaplike belange het en gemeenskaplike besluite moet neem nie (Heyns 1977b:6). Die Bybel wat volgens hom die hoogste norm van gehoorsaamheid is en waaraan die bestaan en die handelinge van 'n volk getoets moet word, maak wel voorsiening vir 'n verskeidenheid van volke, maar verskeidenheid beteken nie dat alles van mekaar losgemaak mag word nie. 'n Volk kan hom nie volledig losmaak van ander volke en in isolasie teenoor ander volke lewe nie (Beeld 1977:3). "*Apartisme* loop uit op volkome isolasionisme en is in direkte stryd met die aard van die ganse skepping." Dit is 'n standpunt wat verkondig dat waar mense kontak met mekaar het, hul identiteit sal verdwyn, wat volgens Heyns nie waar is nie (1977d:6). Op die kongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging,[73] waar dit oor *Geregtigheid* gehandel het, spel Heyns implikasies vir 'n politiek uit wat hom aan Bybelse geregtigheid wil hou. *Apartisme* mag volgens hom nie deel daarvan wees nie. 'n Ideologie soos *apartisme* is nie met geregtigheid te rym nie, "want versoening tussen God en mens en mens en mens wil iets van versoening in konkreet sigbare vorm sien." Insiggewend is dat Heyns laat blyk dat *apartheid* soos dit in Suid-Afrika bekendstaan, nooit as 'n ewigdurende, algemeen geldende stelsel sal kan bly voortbestaan nie. "Dit is 'n kontingente oplossing vir 'n kontingente situasie, wat binne kaders van die situasie-etiek beoordeel moet word." (1977b:8-10). Hierdie opmerking van Heyns dui daarop dat hoewel hy *apartheid* nog verdedig het en onderskeide soos *apartisme* probeer tref het, hy teen hierdie tyd eintlik reeds besef het dat *apartheid* een-of-ander tyd tot 'n einde sou moes kom.

'n Wesenlike vraag wat na vore kom is die beoordeling van twee verskillende standpunte rakende *apartheid*, wat tot dusver na vore gekom het. Eerstens dat *apartheid* in geheel verwerp moet word omdat dit in sy wese van die fundamentele veronderstelling uitgaan dat mense van verskillende rasse onversoenbaar is en daarom apart gehou moet word om afsonderlik te ontwikkel. Hierdie standpunt word hoofsaaklik gehuldig deur mense en groepe wat met die negatiewe kant van *apartheid* te doen gekry het en wat in 'n groot mate deur teologieë soos die Teologie van die Rewolusie, Swart Teologie en

---

[73] Die kongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging gehou te Potchefstroom 15 tot 16 Oktober 1976.

Bevrydingsteologie beïnvloed is. Dit is ook opmerklik dat die teologie van Karl Barth prominent by sommige voorstanders van hierdie standpunt funksioneer. Aan die ander kant is daar diegene wat *apartheid* verdedig as logiese uitvloeisel van die sogenaamde Godgewilde verskeidenheid van volke in die Bybel. Hierdie groepering waarvan Heyns ook deel was, wat hierdie standpunt huldig, was veral deur die Europese gereformeerde teologie beïnvloed. Dit het in die reformatoriese tradisie funksioneer, Johannes Calvyn as kerkvader beskou en dus as Calviniste bekend gestaan. Deur saam daarmee van A Kuyper se pluriformiteitsleer gebruik te maak het hierdie groepering vir 'n lang tyd daarin geslaag om *apartheid* as die "Christelike oplossing" vir die rasseprobleme van Suid-Afrika voor te hou. Die toepassing van *apartheid* in die praktyk het egter toenemend probleme opgelewer. Met die onderskeiding tussen apartheid en *apartisme* het Heyns die voortou geneem om toe te gee dat ten minste nie alles omtrent *apartheid* geslaagd was nie, maar ook nie alles verwerplik was nie. Nooit het Heyns as sodanig *apartheid* in geheel verwerp nie. Inteendeel het hy sy en ander se goeie bedoelings ten opsigte van die ondersteuning van *apartheid* bly verdedig. 'n Verdere beoordeling van die bogenoemde uiteenlopende standpunte sal in die laaste hoofstuk gegee word.

In 1977 verskyn Heyns se boek *Die Kerk.*[74] Oorwegend is dit 'n dogmatiese aanpak van dié onderwerp waar Heyns die kerk ten opsigte van die koninkryk en die wêreld plaas.[75] Die volgende jaar verskyn een van sy groot werke naamlik *Dogmatiek*,[76] wat volgens Heyns se strewe oor baie jare, poog om die moderne mens aan te spreek.[77] In die

---

[74] Heyns beskou as voorstudie vir sy boek *Die Kerk,* sy vroeëre publikasie *Die kerk as diens aan die koninkryk*, wat in 1967 verskyn het (1977a:3).

[75] Gegewe sy koninkryksteologie stel Heyns die kerk en die koninkryk skematies voor as twee elipse wat mekaar sny waarvan 'n kleiner een die kerk en 'n groter een die koninkryk voorstel. Albei word deur 'n sirkel ingesluit wat die wêreld voorstel. Die middelpunt van al drie hierdie figure val saam en stel God voor, wat oor kerk, wêreld en koninkryk heers (1977a: 27,28).

[76] Heyns, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

[77] Prof Jaap Kamphuis te Kampen het Heyns se *Dogmatiek* sedert 1979 vir tien jaar lank vir sy studente aan die *Theologische Hogeschool der Gereformeerde Kerken in Kampen* voorgeskryf. Op daardie stadium het hy gevoel die beskikbare handboeke is verouderd want dit het op Kuyper en Bavinck vóór die Tweede Wêreldoorlog gesteun. Berkhof het op sy beurt 'n vrysinnige trek gehad. Kamphuis het 'n handboek gesoek wat in die tradisie van Calvyn asook die Nederlandse tradisie van Bavinck staan. Prof Sybrand Strauss het hom aan Heyns se *Dogmatiek* bekendgestel en hy het daarin 'n kontemporêre en op hoogte handboek gevind om voor te skryf. Heyns was vir hom 'n moedige, Skrifgetroue teoloog wat hom met die vraagstukke van die tyd besig gehou het. Een punt van kritiek is dat Heyns te min Skrifbewyse gee (Kamphuis 1998:[ ]). In *Die Kerkbode* is berig dat dit die eerste keer in die geskiedenis was dat 'n Suid-Afrikaanse teoloog se standaardwerk vir teologiese studente in die buiteland voorgeskryf is. Te meer was

bogenoemde twee werke vind mens 'n kulminasie van dit wat Heyns deur die jare as standpunt oor die kerk uitgewerk het. Hy noem dat in die huidige tydsgewrig ongeduldige vrae oor die wese, funksie, oorsprong, bestemming, noodsaaklikheid en grense aan die kerk gestel word. "Afdoende antwoorde op al die voorgestelde suggesties oor die toekomstige gestalte van die kerk en sy sosiaal-maatskaplike en veral politieke taak in ons moderne samelewing kan alleen gegee word as die antwoorde kom met die gesag van die Woord" (1977a:2,3). 'n Bekende formulering van Heyns lui dat die kerk teken van die koninkryk is. Dit beteken die kerk wys heen na- en het deel aan- of is deel van die koninkryk (1978:353,354). In hierdie sin is die kerk ook *krities-solidêr* met die wêreld.[78] *Solidariteit* in hierdie sin beteken dat die kerk 'n openheid vir die wêreld het, maar andersyds *krities* teenoor die wêreld staan in die sin van 'n afgegrensdheid of antitese ten opsigte van die wêreld (1977a:98). Op voetspoor van Barth sê Heyns, as deel van die koninkryk is die kerk nie 'n alternatiewe nie, maar 'n "*voor*beeldige of *eksemplariese* gemeenskap, en as sodanig - in sy bestaan – 'n protes en verset teen sonde in die gemeenskap en moet hy gevolglik ook 'n radikale Christelike maatskappy-kritiek as deel van sy taak aanvaar (1978:354). Dieselfde gedagte kom vroeër by Heyns in *Lewende Christendom* voor. Hy vra of die kerk nie midde in 'n sondige wêreld 'n massademonstrasie van gehoorsame mense is, wat gewillig is om hul lewe en denke, handel en wandel nou alreeds konkreet volgens die styl van die koninkryk te orden en in te rig nie. Hy sê kerk is 'n stukkie van hierdie wêreld waarop God in Christus as deel van die geheel beslag gelê het. Dit gaan in die kerk nie net om die verkondiging van die heilsboodskap nie, maar ook om die belewing van die heil en daarom om 'n "eksemplariese vóórleef" aan die wêreld van wat saamwees in die koninkryk beteken (1972a:148,149). Ten gronslag van hierdie formulering van Heyns lê die Barthaanse invloed[79] wat 'n *verkerklikte lyn* verteenwoordig waar die kerk en die herskepping teenoor die skepping staan. Die staat is slegs aanvaarbaar as dit in die herskepping, bloot as 'n

---

dit merkwaardig omdat die Nederlandse owerheid juis in daardie tyd amptelike kulturele bande met Suid-Afrika verbreek het (25 November 1981: 3).

[78] Vergelyk Heyns se beskrywing, vroeër na verwys, van die *gehoorsame mens* as iemand met *kritiese solidariteit* met die wêreld, wat beteken dat hy 'n diepe meelewing met die lot van die wêreld het. Daar is by die gehoorsame mens 'n innerlike dryfkrag aanwesig om die wêreld in 'n terrein van God se glorie te omskep, - 'n gedagte wat Heyns aan Calvyn ontleen (1973e:39).

[79] Vergelyk die bespreking in hoofstuk 2 oor Karl Barth se beskouing dat die kerk die *proeftuin* van God in die wêreld en die *eksemplariese gemeenskap* vir die staat is (Durand 1988:129,134).

spieëlbeeld van die kerk fundeer. Op dié manier bepleit Barth 'n sterk sprekende kerk met 'n bykans "stille Christen" in die ander samelewingskringe, terwyl dit by Kuyper net andersom is (Strauss 1993:19). Die verstaan van die rol van die kerk in die samelewing by Barth is vreemd aan die kenmerkende Calvinistiese siening dat die kerk die samelewing moet verchristelik. Heyns het nog altyd die laasgenoemde siening gehuldig en sê dit ook in sy boek *Die Kerk*:

> "En omdat die Christen in alles – nie net as lidmaat van die kerk nie – onder die gesag van die Woord lewe, staan hy ook onder die verpligting om op die breë terrein van die menslike samelewing instutêre gestalte te gee aan die heil. So word die kerk 'n instituut in die wêreld van institute en word laasgenoemde nie deur eersgenoemde oorwoeker nie en die samelewing nie verkerklik nie maar verchristelik. .... Die heil van die evangelie kán nie nét in die institutêre kerk belewe word nie. Dit moet juis uit-gedra en uit-gelewe word in wetenskap en kuns, in politiek en ekonomie." (1977a:194,195).

Volgens die bogenoemde aanhaling het ons vir Heyns leer ken as Calvinis in die ware sin van die woord. Daarom is dit vreemd om die genoemde Barthiaanse formuleringe by hom aan te tref. Die oorwig van getuienis lê egter aan die kant van Heyns as Calvinis, sodat dit nie korrek sou wees om hom as Barthiaans te bestempel. Hierdie siening word byvoorbeeld deur teoloë soos proff Jaap Kamphuis (1998:[ ]) en Andrie du Toit (1996:[ ]), voormalige kollega aan die Universiteit van Pretoria, ondersteun. Tog is dit belangrik dat kennis geneem word van hierdie vreemde Barthiaanse uitloper by Heyns, waarop ons later sal terugkom.

Dr L R L Ntoane het in sy proefskrif in die dogmatiek *A cry for life, an interpretation of "Calvinism" and Calvin* die keuse op Heyns laat val[80] om aan te toon hoe dat die

---

[80] Ntoane verduidelik sy keuse ten opsigte van Heyns se *Dogmatiek* as hoofbron vir dié bepaalde deel van sy studie: "we..... therefore choose to analyse an acceptable and recognized theological work, that is, one which could be qualified as representative and up to date. This choice is in eccence nothing else than an honest attempt to do justice to "Calvinism" and its adherents. In this manner we then would be serving the truth, silencing the Thomasses, and exposing the self-righteousness of "Calvinism", more especially of its adherents. A theological work which may be concidered suitable for this kind of examination is J.A. Heyns's 'Dogmatiek'." Verder sê hy: "The person of Heyns gives cause to our selection of this book also. He is, to our knowledge, one of the most outstanding theological spokesmen of the N.G.K. which so often has presented itself to the world as mentor of "Calvinism", particularly on matters relating tot the theological defence of apartheid politics. Furthermore his membership of the Broederbond, an organization

Calvinisme, soos dit in Suid-Afrika neerslag gevind het, van Calvyn se leerstellinge afgewyk het. Hy gee egter sy voorveronderstellings weg as hy in die voorwoord sê: "This study is nothing else but a fervent search for relevance and meaningful pastoral activity in the face of oppression and exploitation." Verder is hy van mening dat gereformeerde protestantisme van wie Calvyn, volgens hom, die vader was as wêreldwye godsdienstige beweging ná die kerkhervorming van die sestiende eeu deur kolonialisme, eerder as sendingwerk, vanuit Wes-Europa versprei. Daarom is gereformeerde protestantisme, volgens hom, vreemd en vyandig teenoor die outentieke inwoners van Suid-Afrika. Uit die staanspoor is gereformeerde protestantisme, volgens hom, dus nie outentiek en aanvaarbaar in 'n land soos Suid-Afrika nie (1983: IX,5,6). Met so 'n inleiding ten opsigte van wat later volg kan dit te wagte wees dat Ntoane nie juis simpatiek teenoor Europese teologie sou wees nie. Hy poog om 'n teenstelling tussen Heyns en Calvyn ten opsigte van 'n soort skeppingsteologie uit te wys (Kamphuis 1988: 68). Uit *Dogmatiek* haal hy aan dat, volgens Heyns, 'n wesenskenmerk van die skepping sy verskeidenheid van dinge is. Heyns sê: "Hierdie radikale verskeidenheid is deur God self met sy skeppingswerk in die kosmos gelê en mag nie op een of ander wyse ontken of genivelleer word nie. Dit is 'n verskeidenheid wat tot Gods skeppingswil herlei kan word, en daarom deel uitmaak van die goeie skepping."[81] Hieroor sê Ntoane dat stellings soos hierdie noodwendig bygedra het en gelei het tot die ontstaan van die beleid van apartheid met sy hoofbestanddeel naamlik die sosiale en politieke skeiding van mense. Verder sê Ntoane dat sonde, volgens Heyns hierbo, nie die skepping in sy substansiële goedheid aangetas het nie en dat verskeidenheid as deel van hierdie goedheid dus onaangeraak gelaat is (1983: 101). Die volgende sin in *Dogmatiek*, wat Ntoane egter nie aanhaal nie, sê Heyns: "Maar hierdie verskeidenheid vorm 'n eenheid, dit wil sê die verskillende dinge in die skepping veronderstel mekaar, wys heen na mekaar en is op mekaar aangelê. ... Vanuit die skeppingsleer is alle monisme en pluralisme afgewys." Dit is duidelik dat Heyns verskeidenheid nêrens verabsoluteer nie en dat hy eensydig deur Ntoane op hierdie punt aangehaal is. Wat die sonde aanbetref handel Heyns breedvoerig daaroor in sy

---

of super Afrikaners, which is the watchdog of Christian Nationalism, is an extra motivation for our choice of his book." (1983: 68,69).

[81] Aanhaling uit Heyns se *Dogmatiek,* p111.

*Dogmatiek*[82] en toon aan dat daar geen aspek van die menslike bestaan is, wat nie deur die sonde aangetas is nie. Alhoewel hy sê dat die sonde nêrens in God se goeie skepping tuishoort nie is die sonde tog oral aanwesig, weliswaar nooit sonder dat daaroor in die Bybel in die teken van die oorwinningsperspektief van Jesus Christus gepraat word nie. Ten opsigte van die verhouding van die mens tot strukture noem Heyns dat die mens juis geneig is om sonde in sy strukture inbou. Hy sê: "Ook ideologiese denkstrukture van verskillende aard, inhoud en effek soos byvoorbeeld: Kommunisme, Nasionaal-Sosialisme, apartisme, rewolusionisme, huisves nie die waarheid nie, maar staan in diens van die Bose (1978: 111,168,183). Aanhalings soos hierdie uit die bron wat Ntoane onder andere die objek van sy studie gemaak het, relativeer sy gevolgtrekkings wat hy in hierdie verband oor Heyns maak. Daarom dat Kamphuis hieroor skryf: 'Het gaat nie aan met L.R. Lekula Ntoane in dit opzicht een tegenstelling te scheppen tussen Calvijn en Heyns, als zou de laaste, Heyns, een 'theology of creation', een 'scheppingstheologie' geven[83] in tegenstelling tot de eerste, Calvijn." (1988: 68). Prof J H van Wyk wys ook op Ntoane se terminologie as hy tot die gevolgtrekking kom dat Heyns se teologie 'n "departure" is van Calvyn en op 'n "distortion" van Calvyn neerkom. Hy skryf: "Dit is insiggewend dat drie navorsers onafhanklik van mekaar[84] tot die slotsom gekom het dat Ntoane 'n uiters vertekende beeld van Heyns voorgehou het en dat dit juis Ntoane se swart voorveronderstellings was wat sy interpretasie van Heyns gekleur het. Daarby het hy ook uiters selektief en eklekties met sy bronne (sowel met Heyns as Calvyn) omgegaan. Dit is nie bevorderlik vir goeie teologiese ontwikkeling in Suid-Afrika indien teoloë op hierdie wyse met mekaar omgaan nie." (1994: 144). Heyns self het oor Ntoane se proefskrif opgemerk dat hy hom nie daarin vind nie (Retief 1 Oktober 1997: [ ]).

---

[82] Die afdeling wat oor *sonde* handel beslaan ses-en-dertig bladsye in Heyns se *Dogmatiek* (1978: 164-199).
[83] Hieroor skryf Kamphuis: "We hebben geen ruimte op alle mis-interpretasies van Heyns' *Dogmatiek* in te gaan. Laat ik alleen noteren dat m.i. de auteur er verstandig aan heeft gedaan geen enkele poging te wagen déze stelling uit het werk van Heyns zelf te documenteren: "Theology of creation on its part also adopts natural reality, that is, man's everyday-life experience *as the basis* for the theological reflection" (cursivisering van mij), 70. Het is ondoenlijk een dergelijke methodische enormiteit uit het werk van Heyns te bewijsen. De auteur heeft dan ook van verwijzen afgezien." (1988: 74).
[84] Behalwe vir sy eie resensie in *In die Skriflig 18*/71 (1984), p49-51, verwys Van Wyk hier ook na J Kamphuis in: Wethmar, C.J en Vos, C.J.A. (reds). *'n Woord op sy tyd*, p68 en 74 asook die proefskrif van D F Theron: *Die Koninkryk van God in die Teologie van J A Heyns*, p180-193.

'n Aanduiding van Heyns se veranderde denke oor *apartheid* is die vraagstuk oor die Wet van die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet[85] Teen 1973 verwerp hy die GES te Sydney se besluit dat daar geen teologiese besware teen gemengde huwelike ingebring kan word nie (15 Junie 1973f:6). Hoewel die Ned Geref Kerk in 1974 eens met die GES is deur te sê dat die Bybel hom nie letterlik vir of teen rasgemengde huwelike uitspreek nie, is sulke huwelike volgens RVN "ongewens" en "ongeoorloof" solank daar faktore bestaan wat die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n "Christelike huwelik strem asook faktore wat die Godgegewe verskeidenheid en identiteit vernietig (1975:98,100). Teen 1977 by die kongres van die ASB kom Heyns met 'n nuwe siening ten opsigte van die Wet op Gemengde Huwelike. Nou sê hy dat daar geen morele Bybelse beswaar teen gemengde huwelike kan wees nie, "hoewel dit kan lei tot verlaagde standaarde". Hy het by die Minister van Binnelandse Sake, dr Connie Mulder aangesluit. Laasgenoemde het in sy openingstoespraak gevra vir 'n "nuwe visie" wat "drastiese besluite" behels wat tot "drastiese dinge" sal lei (E P Herald 1977a:2). Wat die Ontugwet aanbetref ondersteun hy prof Tjaart van der Walt, rektor van die Potchefstroomse Universiteit, wat die Minister van Landbou Hendrik Schoeman, prys wat gevra het vir die skrapping van dié wet. Heyns meen sulke wetgewing is nie nodig in 'n genormaliseerde samelewing nie. Teen hierdie tyd het verskeie stemme hul by die oproep, dat die genoemde wette geskrap word, gevoeg. Ds W A Landman[86] beveel dit byvoorbeeld ook in 'n verslag aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk aan, nadat die Kaapse Sinode ook daarvoor gevra het. Ds Sam Buti van die NG Kerk in Afrika (hierna genoem NGKA) het sy dankbaarheid teenoor mnr Schoeman uitgespreek omdat dié wette baie pyn onder swartmense veroorsaak het (E P Herald 1977b:2). Die saamval van nuwe uitsprake deur politici en kerklui in geval van die bogenoemde beriggewing is te opvallend om toevallig te wees. Sekerlik was dit as gevolg van 'n algemene bewustheid en groeiende oortuiging van die noodsaaklikheid van verandering, wat vir politici sowel as kerklui uit dieselfde Suid-Afrikaanse situasie voortgespruit het. 'n Algemene punt van

---

[85] Die wet van die Verbod op Gemengde Huwelike is Wet nommer 55 van 1949 en die Ontugwet is Wet nommer 5 van 1927. In 'n artikel in *Die Kerkbode* gee prof E P J Kleynhans 'n uitgebreide uiteensetting van die ontstaansgeskiedenis van die twee betrokke wette. Die Wette in verband met Gemengde Huwelike en Ontug. Die Kerkbode. 132(6). 6 Augustus 1980.166-167.

[86] Ds W A Landman was voorsitter van die kommissie wat RVN vir die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1974 opgestel het.

kritiek teen die Afrikaanse susterskerke maar veral die Ned Geref Kerk, was dat hulle eers bereid was om standpunt in te neem nádat die regering sekere veranderinge aangekondig het. Dit is juis die kerk wat in sy profetiese getuienis die voortou moet neem in plaas van die owerheid napraat. Aan die ander kant is Heyns en andere vir "liberaliste" uitgekryt. Heyns maak erg daarteen beswaar dat sommiges dink dat mense wat teen die afskaffing van die genoemde wette is, gelyk gestel word met diegene wat integrasie in die sin van 'n gemengde samelewing, -skole, -woonbuurtes, -sport, ensovoorts voorstaan. In antwoord hierop meen Heyns tereg dat 'n samelewing nie met wette reggedokter kan word nie. Dit sou legalisties wees. Daar is latente kragte in die samelewing wat vanself rigting en koers aan 'n mens se denke gee. Te veel regulasie deur middel van wetgewing voed en sterk nie die geestelike kragte in die samelewing nie, maar maak dit eintlik swakker. As iemand die afskaffing van die wette voorstaan, beteken dit nie dat dieselfde persoon noodwendig integrasie bepleit nie (1977c:10). In reaksie op Heyns se berig in *Oggendblad* van 14 Julie 1977 met die opskrif: "Wette dokter nie alles reg nie.", skryf die koerant van die Herstigte Nasionale Party, *Afrikaner*: "Afrikaanssprekende liberaliste het verlede week haastig gereageer op stellings dat hulle wat ten gunste is van die afskaffing van die verbod op ontug oor die kleurskeidlyn, liberaliste is." Heyns en mnr Cas de Villiers word spesifiek in die berig as "liberaliste" uitgesonder. Benewens dit wat van Heyns aangehaal word, word De Villiers ook aangehaal wat sê: "Dit raak aan 'n probleem in ons samelewing in Suid-Afrika, naamlik dat elke verandering wat gepropageer word volgens 'n onderneming om volle inhoud aan menswaardigheid te gee, so dikwels as die 'dun punt van die wig' gesien word, wat uiteindelik noodwendig volgens hierdie mense, op kapitulasie van die blanke Afrikaner of Suid-Afrikaner moet neerkom." (1977:3). Die Algemene Sinode van 1978 het uiteindelik sekere wysigings aan die formuleringe ten opsige van rasgemengde huwelike, soos in RVN vervat, aangebring.[87] Die besluit dat sodanige huwelik "ongeoorloof" is, is vervang met die woorde "hoogs afkeuringswaardig". Dit is aan die Algemene Sinode se Kommissie vir Leer- en Aktuele sake (hierna AKLAS) opgedra om aandag aan punte, waaroor daar ten opsigte van rasgemengde huwelike en ander sake verskille is, te skenk. Verder moet so veel moontlik

[87] Handelinge Ned Geref Kerk 1974: punt 4.4, p248 en 616.

vooraf met die Dogterkerke beraadslaag word "voordat belangrike uitsprake oor rasse- en bevolkingsverhoudings gedoen word." (Handelinge Ned Geref Kerk 1978:980).

Met die verspreiding van RVN is protestantse kerke in Europa gevra om dié dokument te bestudeer met die oog op voortgaande gesprek (Reis met Apartheid 1997:25). Nadat die Algemene Sinode van 1978 die bande met die GKN verbreek het (Handelinge Ned Geref Kerk 1978:799), het dit tot die verlies van 'n belangrike gespreksgenoot gelei. Die *Switserse Federasie van Protestantse Kerke* het egter 'n interkerlike konferensie oor "Kerk en maatskaplike verantwoordelikheid in Suid-Afrika" van 31 Maart tot 16 April 1979 te Le Louvrain Switserland geborg en 'n agttal Ned Geref kerkleiers daarheen uitgenooi.[88] Die gesprek het oor RVN en die Switsterse reaksie daarop, vervat in 'n dokument: *Theology – advocate or critic of apartheid?*[89] gehandel. In die verslag word waardering uitgespreek vir die feit dat RVN klem op die eenheid van die menslike ras lê en daar word goeie Bybelse beginsels daaromtrent gestel, maar dan word die gevaar om die "historiese situasie" as hermeneutiese beginsel waarvolgens die Skrif geïnterpreteer word aan te lê, ongelukkig nie vermy nie.[90] Dit het tot gevolg dat die Bybel as 'n soort etniese- en sosiologiese handboek gebruik word wat die indruk skep dat RVN 'n rassistiese interpretasie van die Bybel is. Dit werk deur na die kerkbegrip in RVN en word soos volg gestel: "... the Report is in danger of 'spiritualising' its ecclesiology. ... Consequently the ties with the 'population group' seem stronger in the Report than the obligation to the church fellowship in Christ." Hierdie onderwaardering van die gemeenskap van gelowiges in die kerk, het volgens die verslag tot gevolg gehad dat die

---

[88] Hulle was E P J Kleynhans, F E O'Brien Geldenhuys, C W H Boshoff, J A Heyns, A B du Toit, P A Verhoef, W D Jonker, en N J Smith.

[89] Die verslag het bekend geword as die *Von Allmen-verslag* na aanleiding van die opsteller, Daniel von Allmen, Teologiese Sekretaris van die Switserse Federasie van Protestantse Kerke. Die oorspronklike Duitse titel van die verslag was: *Theologie zwischen Regtfertigung und Kritik der Apartheid?* (Theology – advocate or critic of apartheid? 1977: 1).

[90] Dr Heinz Rusterholz van die Switserse Federasie van Protestantse Kerke, wat Heyns gedurende die tydperk 1977 tot 1993 ten minste ses keer in verskillende hoedanighede ontmoet het, vertel van die teologiese opregtheid wat hy by Heyns opgemerk het. Sy sin vir gelyke waardigheid vir alle mense was met die besoek aan Switserland in 1979 reeds duidelik (24 Junie 1998: [ ]) terwyl die *Von Allmen-verslag* oor RVN sê: "It speaks volumes that there is not a single word in the Report about the corollary that equal human dignity should entail equal human rights." (Theology – advocate or critic of apartheid? 1977: 22).

Ned Geref Kerk sy bande met ander kerke begin verbreek het.[91] Verder laat die Ned Geref Kerk toe dat die staat deur wetgewing die kontak tussen kerke verbied en tree hy ook paternalisties teenoor die jonger kerke op. Die vraag word gevra hoe die profetiese roeping van die kerk te rym is met die legalistiese positivisme in dié verband in RVN. Twee laaste opmerking uit die verslag is die opmerklike gebrek aan liefde volgens die Bybelse gebod wat in RVN aangetref word, naamlik 'n ware solidariteit selfs tussen kulture.[92] Sonder ware versoening kan daar ook nie ware vrede wees nie. "When harmonious relations between men are made impossible by enforced segregation, order may prevail for a time but not peace, for order is by no means the equivalent for peace." In sy slotparagraaf skryf Von Allmen dat hy as Switserse teoloog nie kan voorskryf wat in Suid-Afrika in konkrete terme gedoen moet word om versoening en vrede in die Bybelse sin van die woord te bewerkstellig nie, maar wat dalk moontlik is, is vir die Switsers en Suid-Afrikaners om na aanleiding van Matteus 5:25 saam na 'n oplossing te soek, "....while they are still 'on their way' with their brothers." Hy sluit af: "The solidarity of which I spoke at the beginning might find common expression in this common search. Solidarity not only in guilt but also in forgiveness and therefore solidarity across all the barriers." (Theology – advocate or critic of apartheid? 1977: 6-8,17-20,24,29-32). Die kern van die resultaat van die samesprekings was dat RVN verander sou moes word sodat dit nie gesê kan word dat die Ned Geref Kerk hom op enige stadium met 'n bepaalde politieke stelsel vereenselwig nie (Reis met apartheid 1997:26). Heyns word ná die konferensie in die pers aangehaal waar hy, soos vroeër aangetoon, teenoor die Beeld se joernalis Rykie van Reenen erken dat die kerk nie meer dinge kan sê en verdedig soos vroeg in die sewentigerjare nie. Daarom het die afvaardiging na Switserland in sy verslag aan die Ekumeniese Kommissie[93] aanbeveel dat

---

[91] Rusterholz vertel dat sommige kerklui in die buiteland bekommerd was oor die toenemende isolering van die Ned Geref Kerk. Hy vertel dat hulle oorsee ook onder mekaar verdeeld was tussen die "boycotters" en die "dialoguers". In Suid-Afrika was dit dieselfde en Heyns het probeer om die twee groepe bymekaar te hou. Rusterholz het saamgestem: "If you hope for a change, you must keep contact." (24 Junie 1998: [ ]).

[92] Op hierdie punt spreek die verslag kritiek uit teen die Wet op die verbod van gemengde huwelike (Theology – advocate or critic of apartheid? 1977: 28,29).

[93] Die Ekumeniese kommissie het uit die volgende lede bestaan: P Rossouw, J E Potgieter, C W H Boshoff, J A Heyns, D Crafford, P E S Smith en G Malan (Notule: Breë Moderatuur van die Ned Geref Kerk 6 en 7 November 1979: 17).

RVN "grondig hersien" moet word en dit is na die Breë Moderatuur verwys.[94] Heyns was teen hierdie tyd lid van die Ekumeniese Kommissie sowel as die Breë Moderatuur (Beeld 1979a: 4).[95] Prof Andrie du Toit sê van Heyns: "Ek is van mening dat die 1979 besoek van ons groep aan kerke in Switserland, Duitsland en Nederland waarskynlik 'n belangrike stimulus in Heyns se ontwikkelingsgang was. As sterk spreker moes hy meermale aldaar ons kerk se standpunt verantwoord en moes hy ervaar dat 'n oortuigende verantwoording nie so maklik was nie." (1996:[ ]). *Die Kerkbode* berig ook dat die afvaardiging wat Europa besoek het, in sy verslag gevra het dat die Breë Moderatuur die owerheid moet besoek om die inperkingsbevel op Beyers Naudé om menslikheidoorwegings in heroorweging te neem (1979:676). Hiervan sê prof Du Toit: "Ek herinner my nog goed dat Heyns in die vliegtuig oppad terug met my die moontlikheid bespreek het, om die ontperking van Beyers Naudé met regeringskringe op te neem. Dit het op daardie stadium vir my as verrassing gekom." (1996:[ ]).[96]

Ná hierdie besoek aan die buiteland het Heyns 'n groter sin vir dringendheid begin ontwikkel. Hy was diep onder die indruk van die veranderinge op politieke gebied, naamlik dat die politici met kreatiewe denke besig was en hulle op 'n nuwe weg begeef het. Hy reageer op die volgende manier: "Maar wat doen ons as kerk? Ons doen niks."[97] 'n belangrike opmerking volg:

---

[94] Die BM het die Ekumeniese Kommissie se aanbeveling goedgekeur naamlik: "Die Algemene Sinode wys 'n kommissie van vakkundiges aan van Ras Volk en Nasie, Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif grondig sal hersien..." (Notule: Breë Moderatuur van die Ned Geref Kerk 6 en 7 November 1979: 17).

[95] Johannes Froneman, voormalige assistant-redakteur van *Die Kerkbode* sê van Heyns: "Heyns se gewilligheid om met die media te praat en sy altyd parate kommentaar het hom 'n droom vir joernaliste gemaak en hom in die nuus gehou. Hy het ook selde 'n versoek vir 'n artikel geweier (1994:25). Dit het daartoe aanleiding gegee dat die media Heyns se standpunte en kommentaar meer as enige ander teoloog oor sake verkry het. Dit was veral in die tagtigerjare toenemend die geval.

[96] Rusterholz het in 'n vergelyking tussen Heyns, Naudé en O'Brien Geldenhuys (Naudé se swaer) opgemerk dat Heyns homself met sy volk moes komprommitteer ten einde die meerderheid 'n stap verder te beweeg. Naudé het homself egter van sy volk vervreem en teenoor hulle posisie ingeneem. Heyns en O'Brien Geldenhuys het volgens Rusterholz dieselfde oortuigings gehad maar die gang van sake het dit verskillend laat ontwikkel. O'Brien Geldenhuys het later opgegee om sy oortuigings verder te voer. Heyns wat heelwat jonger was, het egter 'n visie van 'n geïntigreerde samelewing in Suid-Afrika ontwikkel en dit deurgevoer maar sonder om met sy eie mense te breek. Dit het hom in 'n moeilike posisie laat beland (24 Junie 1998: [ ]).

[97] Heyns het na die Europese kerke verwys met die woorde dat die kerk 'n stuk toekoms in die hede is wat steeds skeppend moet dink en beplan en vormend inwerk op die tyd. "As ons nie so ons roeping vervul nie loop ons gevaar om dieselfde pad as dié van Europese kerke te loop: kerke met 'n geweldige verlede en tog geen toekoms nie." (Cronjé 1980: 21).

> "Daar hoef nie gewag te word tot die volgende Algemene Sinode in 1982 voordat daar uit die Ned Geref Kerk 'n helder en duidelike stem kom oor wat vandag in Suid-Afrika die implikasies daarvan is om kerk van Christus en ware versoeningsgemeenskap te wees nie. ...... Ons moet voor God erken dat ons as kerk nie altyd goed genoeg verstaan het wat dit beteken vir die kerk om 'n ware versoeningsgemeenskap en Godsteken in die wêreld te wees nie."

Heyns gaan selfs verder as ooit tevore as hy sê:

> "Intussen is dit van die opperste belang dat die Kerk uitvoering gee aan die besluite wat reeds op sy Sinodeboeke staan. Die NG Kerk het besluit sy deure is oop en oop moet hulle waaragtig wees sodat gelowiges vanuit verskillende bevolkingsgroepe in die eerste plek om die Woord kan saamkom en mekaar kan leer ken in tweerigtingverkeer op interpersoonlike vlak."

Hierdie reaksie by Heyns was die gevolg van uitlatings wat die vorige dag deur dr Allan Boesak gemaak is en waarmee Rykie van Reenen hom gekonfronteer het. Boesak het gesê: "Geen ander instansie in die land, nie eens die parlement, kan 'n groter rol speel vir die vreedsame heil van Suid-Afrika as die NG Kerk nie." En verder: "Die dag sal kom dat die NG Kerk onvermydelik apartheid sal verwerp, maar teen die tyd dat hy dit doen, sal dit moontlik irrelevant geword het vir Suid-Afrika." (Beeld 1980:9). Ds Edward Manikkam, moderator van die Reformed Church in Africa (hierna genoem RCA), het Boesak se standpunt heelhartig ondersteun met die woorde dat dit dringend noodsaaklik vir die wit Ned Geref Kerk was om die kettery van apartheid te verwerp. Ds David Botha, destydse moderator van die NGSK, was van mening dat die Ned Geref Kerk 'n sleutelrol kan speel omdat dié kerk die "oor van die regering" het. Dit was, volgens hom, egter 'n probleem dat daar tot 1982 gewag sou moes word omdat slegs sinodebesluite geldig is en onmiddelike optrede noodsaaklik was om veranderinge in Suid-Afrika teweeg te bring (The Argus 1980:13).

Boesak het ook 'n persoonlike hou na Heyns gemik wat in sy jas bly steek het en hom aangemoedig het om die teendeel te bewys:

> "Dit lyk of blanke kerkmanne nie die moed het om teen die Nasionale Party en die Broederbond op te staan en te sê: 'So glo ons' nie. Hulle vrees hulle sal, as

> hulle buite die kring tree, oorval word deur die lot wat dr Beyers Naudé getref het." (Beeld 1980:9).

Heyns se lidmaatskap van die AB was teen hierdie tyd reeds algemeen bekend. As voorsitter van die Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake van die Noord Transvaalse Sinode het Heyns 'n voorstel ingedien dat die sinode die UR van die AB vra om "sy ernstige aandag te gee" of hy nie liefs sy vertroulikheid moet prysgee nie. Hy het dit gemotiveer: "Daarmee wil ons aan lidmate, aan jonger kerke en aan die buiteland sê ons is nie gebind aan 'n sinistere organisasie nie". (Beeld 1979b:1).[98] Heyns besluit om enkele dae later die debat en besluit van die Sinode in die pers in perspektief te stel. Hy verduidelik dat die Sinode besluit het dat daar nie onrus oor die saak hoef te bestaan nie want hy vertrou dat sy lede, dit wil sê predikante, kerkraadslede en gemeentelede nie aan 'n organisasie sal behoort wat hulle nie in die lig van Gods Woord sal kan verdedig nie. Die Sinode het geoordeel dat die lidmaatskap nie, maar moontlik wel die vertroulikheid van die AB, 'n struikelblok kan wees, vandaar die Sinode se versoek (Heyns 1979:6). Heyns se persoonlike oortuiging was, dat ten spyte van die omstredenheid ten opsigte van die vertroulikheid in die AB, sy gewete nooit as gevolg van sy lidmaatskap in gedrang gekom het nie.[99] Verder was hy oortuig dat hy binne die organisasie 'n groter verskil kon maak as daarbuite. Sy basiese standpunt het hy onder andere teenoor prof Nico Smith uitgespreek: "Ons moet krities identifiseer met ons mense." Smith wat in Stellenbosch saam met Heyns in die AB was het teen 1973, na die breuk tussen die Nasionale Party en die Herstigte Nasionale Party plaasgevind het en na die AB deurgewerk het, besluit om uit die AB te bedank. Hy het Heyns gevra om dieselfde te doen, maar laasgenoemde het besluit om te bly (Smith 1997:[ ]). Die besluit van Heyns het egter gemaak dat baie hom nie vertrou het nie, veral toe sy lidmaatskap bekend geword het. Prof Ben Marais het 'n hoë dunk van Heyns gehad, maar kon nie verstaan waarom hy so aan die AB geklou het

---

[98] Die UR van die AB het afwysend op die versoek van die Noord-Transvaalse Sinode gereageer en besluit dat die vertroulike aard van die AB behou en trouens verder opgeskerp moes word. 'n Soortgelyke versoek is in 1982 in 'n besluit van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk vervat wat egter ook nie tot 'n verandering in die AB se standpunt met betrekking tot vertroulikheid gelei het nie. As motivering vir hierdie besluit is aangevoer dat 'n opheffing van vertroulikheid die beginsel van onbaatsugtige dienslewering, asook die onderlinge samebinding binne die bond sou benadeel (Stals 1998: 523).

[99] Ds Thys Vermeulen, Heyns se pastor en gemeentepredikant is van mening dat die grootste komplement vir die AB was dat Heyns daarin gebly het. Volgens Vermeulen sou hy bedank het as hulle, waar hy by was, geknoei het (1998:[ ]).

nie. Die rede was waarskynlik omdat hy gedink het hy kan hulle hervorm, iets wat Marais betwyfel of hy dit reggekry het (1997:[ ]). Ds David Botha van die NGSK vertel dat nadat daar groot druk vanuit dié kerk was dat predikante uit die AB moet bedank, hy, sy seun Johan en ds Jan Metler van die Kaap af gery het om Heyns te gaan vra om uit die AB te bedank aangesien sy lidmaatskap 'n vertrouensbreuk by baie NG Sendingkerklidmate tot gevolg het. Met dieselfde emosie waarmee hulle hom gesmeek het, het hy geantwoord dat hy oortuig was hy moet bly en 'n rol binne die organisasie speel. "Hy het sy saak nie prysgegee nie", aldus Botha (1997:[ ]).

Samevattend kan aan die einde van die sewentigerjare oor Heyns gesê word, dat hy op akademiese terrein 'n besondere vrugbare dekade gehad het. Daar het byna nie 'n jaar verbygegaan wat hy nie 'n omvattende boek die lig laat sien het nie. Dit was ook die dekade wat Heyns sy hedendaagse teologie, naamlik die Teologie van Gehoorsaamheid die lig laat sien het, waarin die koninkryk van God en die gehoorsaamheid van die onderdane die sentrale tema vorm. Dit was die dekade wat Heyns tot die Breë Moderatuur van die Ned Geref verkies is. Ook is hy tot die moderatuur van die Noord-Transvaalse Sinode verkies. Op dié wyse het Heyns homself as swaargewig Suid-Afrikaanse teoloog in die gereformeerde teologiese wêreld gevestig. Ook het hy sy intrede in die kerkleiding van die Ned Geref Kerk gemaak. 'n Mens sou kon sê Heyns was nou goed op pad.

Ten opsigte van die rol van die Ned Geref Kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing het Heyns al meer tot die oortuiging gekom van die belangrikheid van die versoeningstaak van die kerk en plig om sosiale geregtigheid te bevorder. Sy oortuiging het gegroei namate die rassespanning in die land toegeneem het en die kerk misluk het om sy roeping na te kom, onder andere die gebrek aan 'n profetiese getuienis teenoor die owerheid. *Apartheid* wat hy vantevore kritiekloos verdedig het, het hy teen hierdie tyd gekwalifiseerd verdedig en dit onderskei van *apartisme*, as term waarskynlik sy eie skepping, om na die verwerplike ideologiese sy van apartheid te verwys. Vanweë sekere uitsprake van Heyns het dit egter duidelik geword dat hy van die oortuiging was dat apartheid nie vir alle tye die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk kon bly nie.

Daar was by hom ook 'n groeiende besef dat die negatiewe aspekte van apartheid besig was om die goeie bedoelings daarvan te oorwoeker. In die volgende dekade sou dit egter ernstige stryd en kritiek verg om die Ned Geref Kerk weg van apartheid te lei. Heyns het besef dat die Afrikaanse kerke nie aan die voorpunt van teologiese denke ten opsigte van die etiese en morele sake in Suid-Afrika was nie en gevolglik nie Skriftuurlike leiding aan die ander samelewingskringe kon verskaf nie. Gevolglik het hy gevrees dat die ander kragte, wat aan die werk was die kerk sou verbygaan en oorspoel. Dit kon daartoe lei dat die kerk irrelevant sou word en na sy stem nie meer geluister word nie. Dit sou 'n aanklag wees dat die kerk in Suid-Afrika nie gehoorsaam aan God en sy koninkryk was nie.

# HOOFSTUK 4

## STRYD OM 'N NUWE KOERS VIR DIE NED GEREF KERK

## 1980-1986

## - Van dosent tot kerkleier -

In die tagtigerjare het Heyns waarskynlik in een van die belangrikste persoonlikhede en sleutelfigure in die Ned Geref Kerk ontwikkel. Twee opponerende groeperinge het al hoe duideliker in die kerk en die Afrikanergeledere uitgekristalliseer, naamlik die konserwatiewes en die verligtes. Beide hierdie groepe het Heyns nodig gehad. In die eersgenoemde geval moes Heyns die konserwatiewes by die jonger kerke en by ekumeniese vergaderings verteenwoordig. Wat laasgenoemde aanbetref het die verligtes sonder hom geen hoop op hervorming by toekomstige sinodevergaderings gehad nie. Daarom was hy in 'n posisie om sake na een of ander kant te beïnvloed. Hy het 'n barometer van die hervorming in die Ned Geref Kerk geword en dit was strategies belangrik om te weet wat Heyns dink en waar hy staan (Serfontein: 1982:202). Die tempo van gebeure in die tagtigerjare het van 'n kerkleier 'n noue betrokkenheid by die sake van die dag vereis en Heyns was bereid om betrokke te raak. Self skryf hy in die voorwoord van sy boek *Teologiese Etiek Deel 2/1*: "Dit is immers 'n permanente versoeking vir die akademikus om vanuit die rustigheid van sy studeerkamer – ver verwyderd van die bruisende stroom van polsende lewe oor lewenssake na te dink en voorskriftelike uitsprake te gee, sonder sensitiwiteit vir die ingewikkelde problematiek van die praktiese lewe self." (1986a: [ ]).[1] Dr L O K Lategan skryf dat Heyns moeilik van 'n ivoortoring-

[1] Heyns se trilogie oor die etiek het gedurende die dekade van die tagtigerjare die lig gesien. In die voorwoorde van die eerste twee bundels verduidelik hy waaroor die dele van die reeks handel. *Teologiese Etiek Deel 1* handel oor die individuele etiek en die vóórvrae wat vir die verstaan van die teologiese etiek onontbeerlik is. *Deel 2/1* handel oor die sosiale etiek met verwysing na drie samelewingsverbande naamlik die huwelik, gesin en kultuur. *Deel 2/2* handel oor nog drie samelewingsverbande naamlik volk, kerk en staat (1982a: [ ] en 1986: [ ]). Heyns het teen hierdie tyd twee keer die *Andrew Murrayprys vir teologiese publikasies* vir twee van sy werke ontvang. In 1981 vir sy boek *Dogmatiek* van 1978 en in 1985 vir sy *Teologiese Etiek Deel 1*. Vir die laasgenoemde werk het hy ook in 1985 die *Credo-prys vir Christelike lektuur* ontvang. Dit was die eerste maal dat dié twee pryse in dieselfde jaar aan een persoon toegeken is (Die Kerkbode 3 Julie 1985: 3). Tydens die motivering vir die prys in 1981 het prof Danie du Toit Heyns die "heraut van die moderne teologieskrywing in Afrikaans" genoem (Die Kerkbode 20 Mei 1981c: 1). Heyns was ook in 1982 die eerste ontvanger van die Totiusprys vir Teologie en die grondtale van die Bybel, toegeken aan hom deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met spesiale vermelding van sy boek *Dogmatiek* wat in 1978 verskyn het (Moll 1984: 27 en ). In 'n huldigingswoord tydens die oorhandiging van die prys, skryf prof Hennie Rossouw dat Heyns nie net 'n boodskap het om oor

akademikus beskuldig kan word. Hy skryf: "Heyns het 'n woelige gees gehad – hy was áltyd en orals betrokke." (1995:6). Heyns was gewillig om die speelveld te betreë.[2]

Serfontein beskryf Heyns as 'n "pragmatiese konserwatiewe", [3] nie eintlik verlig nie, maar omdat hy wel ter tale was, was hy geneig en instaat om die indruk te gee dat hy verlig is (1982:190,191). Volgens Jonker gaan daar sedert 1980 van Heyns 'n kragtige invloed tot verandering van die koers in die Ned Geref Kerk uit. Hy sou met 'n groeiende helderheid leiding begin neem in die stryd teen die heersende gees van bekrompenheid en rassisme wat die getuienis van die kerk kragteloos gemaak het (1996: 93). Teen hierdie tyd is dit duidelik dat Heyns dit vir homself uitgemaak het dat apartheid as grondwetlike model nie die toets geslaag het nie. Dit word duidelik wanneer hy 'n boek resenseer wat deur prof W P Esterhuyse, dosent in Filosofie aan die Universiteit Stellenbosch, geskrywe is, naamlik: *Afskeid van Apartheid – Opstelle oor Rassediskriminasie.* Heyns skryf dat almal die boek moet lees, veral politici, of hulle nou vasgevang sit in die denkskemas van apartheid of *integrasie.* Hy maak 'n belangrike opmerking: "Hoe kan witmense bevry word van geykte denk- en handelingspatrone wat afgestem is op 'n era wat onherroeplik tot die verlede behoort?" (Beeld 1980a:8). Terselfdertyd was die voorsitter van die BM, prof E P J Kleynhans se reaksie op Esterhuyse se boek: "Kwalik helfte van die waarheid..", terwyl hy na Heyns se resensie as 'n "gloeiende lofresensie" verwys. Hy noem dat Esterhuyse wel gesê het dat die kerk sy stem moet laat hoor teen enige vorm van sondige diskriminasie, ..." maar moenie sy oë sluit vir erger misstappe in die gemeenskap nie (Die Volksblad 8 Januarie 1980:3). Teen hierdie tyd was daar weinig pogings deur kerklui soos Kleynhans en andere, om vanuit 'n Skriftuurlike beginsel ten opsigte van

---

te dra nie. Hy doen dit ook op 'n wyse wat beantwoord aan die beste standaarde van intellektuele eerlikheid, selfstandigheid en verstaanbaarheid (1982: 1). In 1989 het Heyns die *Andrew Murrayprys* vir die derde keer ontvang, vir sy *Teologiese Etiek 2/1.* Die beoordelaars was van mening dat die standaard van sy werk " 'n paar kerwe hoër was" as sy naaste opponent, daarom ontvang hy die prys vir die derde keer binne tien jaar (Die Kerkbode 24 Maart 1989: 1,2).

[2] Heyns skryf dat verantwoordelikhede ten opsigte van fakulteitsake en verpligtinge in breër kerklike verband dikwels veeleisend is en nie bevorderlik vir afhandeling van navorsing en publikasie nie. Tog het hy die toedrag van sake vir geen oomblik betreur nie (1986a: [ ]). Sy toenemende kerklike betrokkenheid het onder andere noodwendig tot gevolg gehad dat hy in die tagtigerjare minder gepubliseer het.

[3] J.H.P. Serfontein, oud-joernalis, maak 'n interessante indeling van teoloë en kerkmense van dié tyd: Rassistiese konserwatiewes soos dr A P Treurnicht en dr Hennie Senekal; Ideologiese konserwatiewes soos ds Kobus Potgieter en dr Dirk Fourie; Pragmatiese konserwatiewes soos Heyns (sogenaamde matige reformiste of verligtes); Werklike verligtes soos David Bosch, die 123 ondertekenaars van die ope brief en die samestellers van die boek *Stormkompas* (1982: 192,193).

apartheid te redeneer. Diegene wat apartheid wel nog verdedig het, het dit meestal gedoen met argumente soos: "Gee vir ons 'n beter alternatief."[4]

Die moderature van die vier kerke in die Familie van NG Kerke in Suid-Afrika[5] het in Maart 1980 vir 'n vergadering byeengekom (Die Kerkbode 26 Maart 1980a:387). 'n Gesamentlike verklaring is aan die einde uitgereik waarin onder meer gesê is dat dit aan die owerheid oorgelaat word om oor die heroorweging van die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet te besluit. Die kerke sou geen prinsipiële beswaar daarteen hê nie. Daar is ooreengekom om geen verdere verklarings daaroor uit te reik nie (Van der Merwe 1990:219,220). Professor E P J Kleynhans het later wel 'n verklaring uitgereik waarin hy sê dat hy nie dink dat die Ned Geref Kerk die owerheid sal vra om die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike te herroep nie. Dit het tot spanning in die Familie van Ned Geref Kerke gelei. Die bestuur van die Ekumeniese Kommissie[6] van die Ned Geref Kerk het ontsteld gereageer en 'n dringende vergadering van die BM aangevra om die saak te bespreek. Die dagbestuur van die BM[7] het egter gesê dat so 'n vergadering onnodig is (Citizen 3 April 1980:8). Professor Ben Engelbrecht, na wie in hoofstuk 3 verwys is, tree tot die debat toe en meen dat die Ned Geref Kerk sy gesagsposisie kwyt is. omdat hy nie uit een mond oor die rassekwessie praat nie. Hy het na die bogenoemde tweespalt in die BM verwys. Hy gaan verder deur te sê dat die kerk op die voorpunt van die skepping van 'n nuwe samelewing moet staan en nie so huiwerig moet wees soos dit op daardie stadium die geval was, deur bloot die regering se standpunt te sanksioneer nie (Die Vaderland 14 April 1980:5). Heyns sê in dieselfde week in sy rubriek "Die kerk en sy mense" dat elkeen wat die koerante noukeuring lees sal agterkom dat daar 'n opvallende gebrek aan positiewe leiding van die kerk is. "Die kerk is per slot van sake nog die skans teen die magte wat dreig om 'n potensieel goeie samelewing in chaos te

---

[4] Opmerking deur prof P.J Strauss.

[5] Die Familie van NG Kerke is die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Ned Geref Kerk), die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk (NGSK), Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA)

[6] Die Ekumeniese Kommissie van die Ned Geref Kerk het onder andere uit die volgende persone bestaan: Dr P Rossouw (voorsitter), prof J A Heyns (ondervoorsitter) en dr F O'Brien Geldenhuys (Skriba) (Handelinge Ned Geref Kerk 1978: 806).

[7] Prof E P J Kleynhans (voorsitter), ds J E Potgieter (assessor), dr D C G Fourie (Aktuarius) en ds G S J Möller (Skriba) (Handelinge Ned Geref Kerk 1982:82,83).

dompel." Volgens hom is die kerk die gemeenskap van versoendes in hierdie wêreld en as dit daar nie goed gaan nie, "watter voorbeeld kan die wêreld dan navolg?" (Hoofstad 11 April 1980:8).

Prof Ben Engelbrecht se pogings om Heyns ten opsigte van sy standpunt oor apartheid te beïnvloed, verdien verdere vermelding. By 'n Calvynkongres te Pretoria het hy en Heyns vroeg in die tagtigerjare 'n gesprek gehad. Heyns was geïnteresseerd in Engelbrecht se standpunt oor "die knellende rassevraagstuk in ons land". Engelbrecht het hierna sy referaat getiteld: *Inleidende opmerkings tot 'n bespreking oor "gehoorsaamheid" in die huidige Suid-Afrikaanse situasie,* wat hy in 1967 in Johannesburg gelewer het,[8] aan Heyns gestuur en om sy kommentaar gevra (1999:1,2). Heyns het per brief geantwoord met die woorde dat Engelbrecht nog altyd vir hom 'n geloofs- en strydgenoot was en al sal hy nie altyd dinge soos Engelbrecht formuleer nie, meen hy dat hulle tog dieselfde aanvoeling en oortuiging het:[9]

> "Daarom kan ek ook met talle van die dinge wat jy in jou stuk sê (n (sic) waarvoor ek my dank aan jou wil betuig) volledig saamstem. Miskien het ek langer geneem om tot die insigte te kom as jy (en moontlik jou geesgenote) en tog was dit altyd by my aanwesig. Waarskynlik omdat ek altyd probeer het om Calvinis te wees…".

Nog 'n aanhaling uit Heyns se brief aan Engelbrecht bevestig sy ernstige soeke na verandering in die kerk:

> "Ben, ons lewe (andermaal) in 'n krisis; meeste van alles in 'n leierskrisis, en my (sic) vraag is: hoe en wat moet gedoen word? Daaroor dink ek die laaste tyd ernstig. Die kerk van Christus is in die branding; hy moet leiding gee, en daar kom letterlik niks uit nie. Hoe moet 'n mens jou getuienis lewer in so 'n situasie? Jammer vir die noodkrete, maar dit kom uit my hart." (1980d: 1).

In sy boek *Ter wille van hierdie wêreld* gee Engelbrecht in aansluiting by Heyns, sy perspektief met stellinge wat met geen ander terme as profeties beskrywe kan word nie. Hy is van mening dat sonder die hulp en sonder die leiding wat daar van die Ned Geref

---

[8] Kyk die bespreking van Engelbrecht se referaat in hoofstuk 3.

[9] Volgens Heyns het Engelbrecht se teologie met as grondgedagte die *teokrasie*, wat hy as student van A A van Ruler ontwikkel het, hom nog altyd aangespreek (1980:1).

Kerk se amptelike uitsprake moes uitgegaan het, het daar egter in die geledere van die regerende party 'n bekering [metanoia], 'n verandering van gesindheid en daarmee ook 'n verandering van koers plaasgevind. "Ons sien weliswaar alleen nog die begintekens daarvan maar dit is tog onmiskenbaar." Van die regeringslui sê volgens Engelbrecht wat die Ned Geref Kerk lankal met gesag moes gesê het, - byvoorbeeld deur te vra of wette soos die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike werklik nodig is. "Ek wil graag voorspel dat daar kleurlinge in die parlement sal wees lank voordat daar één sinode vir die moederkerk en die dogterkerke van die Ned. Geref. Kerk tot stand sal kom!" Stellings van Engelbrecht wat hierop volg kon sekerlik nie iemand soos Heyns se aandag ontsnap nie.

> "Tog glo ek onwrikbaar dat dit die Ned. Geref. Kerk sal wees wat weer die lig van die Woord op die pad van die owerheid in Suid-Afrika sal laat val, dat dit by uitstek die kerke van gereformeerde belydenis in ons land sal wees wat die owerheid sal begelei om 'n weg te vind uit die apartheidsdoolhof waarin ons land hom bevind, na 'n politieke bedeling waarin die lewe in Suid-Afrika vir al sy inwoners 'n heilsbelewing sal wees." (1982: 61,62).[10]

Engelbrecht het heelwat in die koerant *Beeld* geskryf, veral oor die huiwering van die Ned Geref Kerk, "om hom finaal van die apartheidsvoorsprake vir die Nasionale regering te ontworstel." Sy siening van Heyns was, agterna beskou, dat hy hom nie maklik van sy eie apartheids-oortuigings losgemaak het nie. (2004: 1).

'n Voorval teen ongeveer Maart 1980 te Potchefstroom, waar 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk uit die Metodistekerk begrawe moes word omdat die kerkraad van die gemeente Mooirivier besluit het dat bevolkingsgroepe anders as blankes, nie 'n diens in die kerkgebou mag bywoon nie, het 'n hele polemiek veroorsaak. Na aanleiding hiervan het drie-en-twintig Wes-Kaaplandse predikante versoek dat die BM dringend moet vergader om uitsluitsel te gee of kerkrade besluite mag neem wat in stryd met die besluite van die Algemene Sinode is. Heyns reageer in die pers met die volgende woorde:

[10] Engelbrecht wil nie die rol wat die SARK in Suid-Afrika moet speel afskryf nie. Hy meen egter dat dié liggaam geen egte teokratiese rol in Suid-Afrika kan vervul as hy nie eers 'n sterk dosis "gereformeerde medisyne" ingeneem het nie. Hy sê: "Dié medisyne moet die kerke van gereformeerde belydenis, met name die Ned.Geref. Kerk aan hom gee." (1982: 62).

"Miskien sê die opsienbare pleidooi van die 23 Wes-Kaaplandse predikante vir ons dit: Dat die NG Kerkleiding 'n nuwe kommunikasiestyl sal moet vind om besluite van die kerk se Algemene Sinode as helder boodskap te laat deurklink by sy kerkrade, sy lidmate en die breër Afrikanerpubliek wat so dringend van die kerk leiding verlang in moeilike en troebele tye." (Rapport 29 Junie 1980a:13).[11] Tog het *Die Kerkbode* reeds in April 1980 die betrokke voorval met skok betreur en in sy hoofberig aangetoon dat besluite soos deur Mooirivier se kerkraad teen die besluite van die Algemene Sinodes van 1974 en 1978 is. 'n Beroep is ook op kerkrade gedoen om in ooreenstemming met die verklaarde beleid van die Ned Geref Kerk op te tree (30 April 1980b: 555-556). Teen September het *Die Kerkbode* weer die aangeleentheid aangeroer en na sy vorige berig hierbo verwys en met aanhalings van die betrokke sinodebesluite aangevul (24 September 1980g:387-388). Heyns volg die saak met 'n uiteensetting op waarin hy vrese besweer dat gesamentlike aanbidding noodwendig integrasie of 'n oorstroming van kerke tot gevolg sou hê, hoewel hy sê dat "in ons politieke oorverhitte situasie" kan die laasgenoemde wel gebeur (Die Kerkbode 4 November 1981e:1). Die inkonsekwentheid by Heyns oor aparte kerke vir aparte volke teenoor gesamentlike aanbidding kom in hierdie gebeure weer na vore wanneer 'n briefskrywer, A P Kriel van Dundee, skryf: "As dit op Skriftuurlike gronde noodsaaklik is dat Swart en Wit saam moet aanbid, dan is dit mos in stryd met die Skrif om verskillende kerke daar te stel. Prof Heyns moet nou sê of hy 'n voorstander van een kerk vir alle bevolkingsgroepe is." Heel eerlik sluit Kriel sy brief af: "…maar ek moet bely dat ek baie dankbaar is om in my eie taal en saam met my eie mense te kan aanbid." (Kriel 16 Desember 1981: 12).

Dit was in Julie 1980 weer tyd vir die vergadering van die GES, hierdie keer in Nimes, Frankryk. Heyns was onder 'n twaalftal Ned Geref Kerkleiers wat die vergadering in die kategorie as nie-stemhebbende afgevaardigde bygewoon het (Die Kerkbode 2 Julie 1980c: 5). Reeds vóór die tyd gebruik Heyns die geleentheid om aandag te vra vir die agenda van die GES. Hy verwys na prof J Verkuyl in Nederland se aandrang dat sake soos die veroordeling van die apartheidsisteem in Suid-Afrika op die sakelys sal wees.

[11] Vergelyk hoofstuk 2: Heyns het waarskynlik onthou van dieselfde polemiek ten tye van sy eie moeder se begrafnis, ook in Potchefstroom in 1963, waar swart werkernemers van die gesin nie toegelaat is nie (Bosman 27 Februarie 1998:[ ]).

Dit is volgens Heyns 'n liefdelose en begriplose insig in die situasie in Suid-Afrika. Hy vra of hierdie "giftige gees" wat Verkuyl adem die vergadersaal van die GES ingedra moet word (1980a: 654-655). Die GES het op 22 Julie onder andere 21 Skrifgefundeerde aanbevelings, wat sy studiekommissie oor die *Sosiale Roeping van die Kerk* voorgelê het, aanvaar (Die Kerkbode 3 September 1980e:291). Heyns meen dat dit 'n belangrike springplank vir die kerk geskep het om vinniger ten opsigte van die evangeliese bestryding van onreg op elke vlak van die samelewing te beweeg. Heyns skryf: "n Mens kan die dag se besluite opsom deur te sê: die kerk is opgeroep om 'n voorbeeldige gemeenskap[12] te wees waarin versoening gestalte kry. Is hy dit nie, loop hy gevaar om alle geloofwaardigheid in te boet en sy werk vrugteloos te maak." (Die Burger 23 Julie 1980: [ ]). Hy sien die kerk as "God se versoeningsinstrument, en kry in ons land die geleentheid om aan die wêreld te toon wat versoening in 'n plurale gemeenskap beteken: dat mense met mekaar kan saamlewe en nie vir mekaar hoef bang te wees nie." (Cronjé 1980:20). Met hierdie uitdrukking is dit nogmaals duidelik dat Heyns deur Barth beïnvloed is met betrekking tot die rol van die kerk in die wêreld.[13] Hy gebruik ook hierdie denkskema in 'n preek wat hy op 16 Augustus 1980 in Centurionpark uit Johannes 6:22-36 as Skrifgedeelte lewer, naamlik dat die kerk 'n "voorbeeldige gemeenskap" is, wat teenstellinge in die samelewing soos ryk en arm, slim en dom, mans en vroue, NP, HNP, PFP, blank en swart moet versoen. Die boodskap van die kerk moet wees: Raak versadig met die "brood uit die hemel" as oplossing vir die nood soos dit in ontevredenheid, boikotte, aptyte soos groter salarisse en 'n toekomstige politieke bestel na vore kom. Alles is tot mislukking gedoem sonder die "brood uit die hemel". Die uitdaging aan die kerk is: "Wys aan (die) wêreld!" (1980e: 1).

---

[12] As wisselterm vir die kerk as "eksemplariese gemeenskap", is "voorbeeldige gemeenskap"soos reeds aangetoon, 'n tipiese Barthiaanse uitdrukking.

[13] In 'n stuk met die titel: *Die taak van die kerk in die tagtigerjare*, Kom Heyns se Barthiaanse kerkbegrip op hierdie punt duidelik na vore: "Die kerk is nie identies met nie, maar deel van die koninkryk. Die kerk moet die wêreld wys hoe die koninkryk lyk. Daarom is die kerk die gemeenskap van gelowige mense waar geloof, hoop en liefde heers. Daarom is die kerk nie 'n alternatiewe gemeenskap, wat staan teenoor of in die plek van ander aspekte van die menslike gemeenskap nie, maar 'n voorbeeldige of eksemplariese gemeenskap waarin die gemeenskap die koninkryk van God kan sien en hoor. Die kerk se één groot boodskap is dan ook: die koninkryk van God kan alleen deur Jesus Christus binnegegaan word." "En nou die taak van die kerk in S.A. in die jare 1980? Allereers sal elke kerk kerk moet wees. Die kerk, het ons gesê, is 'n voorbeeldige gemeenskap. Maar wat is die konkrete inhoud hiervan? Om te wees: 'n gemeenskap van versoende mense." (Heyns 1980f: 2).

Op 'n positiewe noot verwys Heyns na die talle afgevaardigdes uit Afrika-lidkerke na die GES wat opgestaan het en waardering vir die Ned Geref Kerk se sendingwerk, wat hulle met die evangelie van Jesus Christus laat kennis maak het, uitgespreek het. Maar, sê hy, dit plaas die kerk voor diep en ingrypende uitdaginge. "Die kerk wat eerste was om die evangelie van verlossing aan mense tot in verre lande te bring, moet nou ook eerste wees om die evangelie van geregtigheid aan almal in gesagsposisies te verkondig." (Oggendblad 14 Augustus 1980: 10).

Teen Oktober 1980 kom 'n groep van agt professore en lidmate van die Ned Geref Kerk[14] tot die oortuiging dat die tyd ryp geword het vir 'n getuienis oor die rol van die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit het as die *Hervormingsdag-Getuienis* (hierna *Getuienis 1980*) bekend geword (Die Kerkbode 5 November 1980h: 605).[15] Die *Getuienis 1980* het in die tradisie van 'n soort "Barmenverklaring" deur 'n "Belydende Kerk" gestaan, waar die evangeliese Christene in Duitsland by die Belydenissinode van Barmen teen 1934 teen die Nasionaal-Sosialisme van Hitler geprotesteer het. (Heyns 1955: 16,68-69).[16] Hierdie *getuienis* kom ongeveer vyftien jaar nadat dr Beyers Naudé in 1965 in die blad *Pro Veritate* van die Christelike Instituut[17] skryf, dat die tyd vir 'n "Bekennende Kirche" soos in Duitsland vir Suid-Afrika aangebreek het. Sy betekenisvolle vraag was:

> "My vraag – en hierdie vraag word in besorgdheid oor die sondige stilswye van so baie van my medebroers veral in ons Afrikaanse kerk uit my hart gedwing – is: Sal God dan nie gee dat uit al hierdie gebeure daar meer gesante van God na vore sal tree wat alle huiwering en vrees van hulle sal afwerp en in die Naam van die Here sal opstaan om tot Kerk en Staat, owerheid en onderdaan, individu en gemeenskap, te spreek met dié vrymoedige getuienis: "Ons is en wil niks anders

[14] Die agt professore was: C F A Borchardt; H J B Combrink; A B du Toit; W P Esterhuyse; J A Heyns; W D Jonker; B A Müller; H W Rossouw (Die Kerkbode 5 November 1980: 605).

[15] Heyns het bevestig dat gesprekke tussen hom en proff Willie Jonker en Andrie du Toit, terwyl hulle in Europa in 1979 besoek afgelê het, 'n belangrike stimulus op weg na die *Getuienis 1980* was.Veral dáár het hulle opnuut van die ernstige kritiek teen die Ned Geref Kerk en RVN deur die Europese kerklui bewus geraak. Heyns en Jonker het besluit dat die "eendimensionaliteit" wat in die denke van die kerk teenwoordig was deurbreek moes word en het besluit om bepaalde teoloë van verskillende fakulteite en dissiplines te betrek. Hulle wou nie die indruk wek dat hulle 'n drukgroep wil vorm wat in een fakulteit teenwoordig was nie (Van der Merwe 1990:220,221,224).

[16] Vergelyk die uiteensetting oor Barth se rol in die Duitse kerkstryd van 1934 in hoofstuk twee.

[17] Die Christelike Instituut is teen 1977 deur die Suid-Afrikaanse regering as verbode organisasie verklaar en dr Beyers Naudé is ingeperk (Reis met Apartheid 1997: 22,23).

> wees as Christene, manne van God, geroepe om die getuienis van Jesus Christus en sy heerskappy in die wêreld te gee – 'n getuienis om mens en gemeenskap van hulle angs en haat en vrees te bevry, 'n getuienis van die eenheid van alle Christene in liefde, gemeenskap en diens oor die grense van taal en ras en volk en nasie heen, 'n getuienis van erkenning van die beeld van God in elke mens, ongeag sy stand en kleur en van die beoefening van naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge." (Pro Veritate 15 Julie 1965:1,4,6).

Dit is tog merkwaardig dat Heyns in 1955, tien jaar vóór Beyers Naudé oor die kritiese funksie van die kerk teenoor die staat skryf, sy waardering vir Barth uitspreek deur te sê: "Miskien is dit juis die boodskap wat Barth het, ook vir ons in Suid-Afrika!?" (1955: 72). Vyf-en twintig jaar later en vyftien jaar ná Naudé, kom Heyns eers werklik in beweging.[18] 'n Vraag wat beantwoord moet word is waarom dit Heyns so lank geneem het om op te tree.

---

[18] Erik van den Bergh van *Stichting Kairos* vertel dat, by wyse van vergelyking, talle in die buiteland Heyns en Beyers Naudé analogies soos Dawid en Saul van die Bybel (1 Samuel 18:7) gesien het, naamlik dat Heyns sy *duisende* verslaan het maar Naudé sy *tienduisende*. Naudé was volgens Van den Bergh waarskynlik die Afrikaner wat op daardie tydstip die grootste invloed op die Nederlandse publiek uitgeoefen het (1998: [ ]). Hy skryf dat terwyl talle blanke Suid-Afrikaners Naudé as verraaier beskou het, het die Vrye Universiteit van Amsterdam aan hom 'n eredoktorsgraad toegeken (1994: 123). Ook prof Wim Velema stem met hierdie siening saam en noem dat Heyns in die buiteland met die apartheidstandpunt van die Ned Geref Kerk vereenselwig is (1998: [ ]). Carl Niehaus meen omdat Heyns so met die Afrikaner-establishment geïdentifiseer het en byvoorbeeld geweier het om uit die AB te bedank, het hy legitimiteit aan die onreg van apartheid verleen. Hy was nie bereid om soos Naudé die pad te stap nie. Daarom beskou hy Heyns se rol as 'n beperkte rol (30 Junie 1998: [ ]). In terme van wie egter die beduidendste invloed op die Ned Geref Kerk uitgeoefen het, is dit waarskynlik uiteindelik net andersom. Vergelyk die siening wat in *Reis met Apartheid* weergegee word: "Die CI (Christelike Instituut) wou aanvanklik veral ook 'n bydrae lewer dat in Afrikaanse kerklike geledere 'n verandering in gesindheid ten opsigte van rasseverhoudings in Suid-Afrika kom. Binne enkele jare ná sy ontstaan het die CI egter só radikaal geword dat hy weinig invloed op die denke van by name die Ned Geref Kerk uitgeoefen het – ook omdat die CI onder leiding van Naudé daarvoor bekend geword het dat hulle vyandigheid teen Suid-Afrika in die buiteland aangestook het. (Vgl B Engelbrecht, A Geyser: *Journal of Theology for South Africa*, September 1988, bl 5)." (1997:23). Prof Ben Engelbrecht skryf waarskuwende stemme soos B B Keet, Ben Marais, Albert Geyser en A van Selms het teen die gevaarlike pseudo-Christelikheid van apartheid opgegaan. Hy laat die naam van C F Beyers Naudé met opset weg want sy teologiese bydrae tot die Christelike getuienis ten opsigte van die apartheidsteologie was, volgens hom, anders as wat in die buiteland gedink en geglo word gering. Vanweë laasgenoemde se uitnemende leierseienskappe het hy wel vir baie buitelanders (en stellig ook Suid-Afrikaners) die verpersoonliking geword van die Christelike stem teen apartheid. Vanweë hierdie selfde voortreflike leierseienskappe het hy ongelukkig nie altyd meer besef wie hy lei en wie se stemme hy vertolk nie. Alle Christelik-gestempelde anti-apartheidselemente was oplaas in sy *Christelike Instituut* welkom en het in hom 'n bruikbare en gewillige leier gevind. "Ek sou sy naam dus nie kon noem onder diegene wat vanuit 'n Bybels-gereformeerde geloofsoortuiging in hierdie jare die toon aangegee het in die getuienis teen apartheid nie" (1982: 19).

Die agt dosente, drie van Pretoria en vyf van Stellenbosch, het ooreengekom om verskillende konsepte, wat hulle onder mekaar gesirkuleer het, op te stel. Uiteindelik is prof Hennie Rossouw van Stellenbosch se weergawe as basisdokument aanvaar (Van der Merwe 1990: 221).[19] Die *Getuienis 1980* het uit drie stellings bestaan wat telkens gemotiveer is. Opsommenderwys is dit soos volg: Eerstens 'n diepe besorgdheid oor die skynbare onvermoë van die geïnstitusionaliseerde kerk in Suid-Afrika om versoening te bewerkstellig en geestelike leiding te verskaf. Tweedens pleit hulle vir besinning en 'n biddende strewe na 'n vorm van kerklike eenheid waar liefde en geregtigheid kan heers. Derdens dat die Ned Geref Kerk saam met ander kerke 'n bydrae kan lewer om die bestaande orde te hervorm deur die krag van God se herskeppingsgenade (Die Kerkbode 1980h:605). 'n Groot storm het oor die *Getuienis 1980* losgebars. Die BM het hom hoegenaamd nie daarmee vereenselwig nie. Hul grootste beswaar was dat die betrokkenes die media gebruik het en nie hul standpunte op kerklike vergaderinge gestel het nie. Van die BM-slede soos die aktuarius dr Dirk Fourie het veral negatief gereageer met 'n venynige relaas in *Die Kerkbode*. Ook van prof A D Pont van die Nederduitch Hervormde Kerk van Afrika (hierna genoem NHK) wat van mening was dat dit linkse Afrikaners is wat kleurlinge in die blanke gemeenskap wil intrek en politieke regte wil gee (Van der Merwe 1990:241,247). Heyns was veral gekritiseer omdat hy van die agt dosente die enigste persoon was, wat op daardie stadium self lid van die BM was. Die Kerkbode skryf dat Heyns daarom behoort te weet dat daar inderdaad "besin en biddend gestreef word" na die oplossing van probleme op die kerklike en verhoudingsterreine. (19 November 1980i:645). Aan die ander kant het daar 'n stroom positiewe reaksie ingestroom, byvoorbeeld van prof David Bosch van die Universiteit van Suid-Afrika wat dit soos volg beskryf het: "As jy 'n berg wil verwyder, moet jy dit klip vir klip wegdra. Hier was nou nog 'n klomp ouens wat 'n groot klip opgetel en weggedra het. Ons dank die Vader daarvoor. Die berg sou regtig beweeg indien 'n hele sinode hierdie getuienis sou

[19] Prof Hennie Rossouw vertel: Hy en Heyns het oor die moontlikheid van 'n getuienis gepraat terwyl hulle gedurende 1980 saam op die Raad van die Akademie vir Wetenskap en Kuns gedien het. Heyns het met 'n konsep begin maar dit was te uitvoerig – "tien bladsye lank!" Toe het Rossouw en prof Willie Jonker iets probeer wat kort en kragtig was. Die *Getuienis 1980* is dus deur Heyns geïnisieer en uiteindelik deur Rossouw geformuleer met 'n groot inset van Jonker, terwyl al agt professore hulle daarmee vereenselwig, dit onderteken en dit in *Die Kerkbode* laat publiseer het (1997:[ ]).

onderskryf. Dit sou op ons Suid-Afrikaanse situasie die impak kan hê, wat Barmen se belydenissinode in Hitler-Duitsland gehad het." (Beeld 7 November 1980b:4). Dr F E O'Brien Geldenhuys is in Rapport aangehaal waar hy sê dat dit die belangrikste getuienis na twintig jaar sedert die Cottesloe-beraad was, omdat dit die groeiende onrus in duisende lidmate se harte verwoord. Dié koerantopskrif het gelui: "Die Tweede Cottesloe." (7 Desember 1980b:9). Steun van kerklui, predikante, kerkrade en gemeentes het ingekom. Ook het 86 teologiese studente van die Universiteit van Pretoria 'n brief aan *Beeld* van 20 Maart 1981 geskryf om hulle betrokke dosente, naamlik Heyns, Borchardt en Du Toit te steun en hul integriteit te verdedig. Heyns het agterna gesê dat dié gebaar vir hulle 'n groot riem onder die hart was (Van der Merwe 1990:257). In *Die Kerkbode* van 17 Desember 1980 reageer Heyns op die kommentaar wat ten opsigte van die *Getuienis 1980* ingekom het. Hy sê dit gaan oor die kerk as God se versoeningsoord en versoeningsinstrument in die wêreld. Dit gaan oor die vraag hoe die Ned Geref Kerk moet lyk in 'n land waar daar wit-, swart- en bruinmense gelowiges is en hoe die kerk homself geloofwaardig moet maak. Verder hoe die kerk geestelike leiding aan die owerheid en die samelewing moet gee. Nog 'n saak wat hy aanroer is die vraag of die kerk op die gebied van die sosiale lewe moet hervorm, of dit dalk 'n beweging na horisontalisme is?[20] (1980j:792). Op 'n vergadering van 540 Transvaalse predikante by die Hartbeespoortdam, is Heyns minute lank toegejuig toe hy die *Getuienis 1980* verdedig en geweier het om dit terug te trek (The Star 26 Maart 1981:12). Op Stellenbosch het Heyns en die vyf Stellenboschse professore wat die *Getuienis 1980* opgestel het, voor 'n volgepakte saal by die kweekskool opgetree. Volgens hom het die reaksie wat ontvang is, op die noodsaaklikheid van die *Getuienis 1980* gedui. Prof Willie Jonker het by dieselfde geleentheid gesê dat iets tot uitdrukking moes kom van die "sorg in ons harte" oor die al skerper polarisasie – veral dié tussen Christene in die land (Die Kerkbode 15 April 1981b:16).

Teen 1986 is vier van die ondertekenaars deur die Kerkbode in 'n fokusartikel gevra of hulle nog by die *Getuienis 1980* staan, waarop elkeen bevestigend geantwoord. Hulle was

---

[20] Heyns het deurgans teen *horisontalisme* gewaarsku, wanneer hulpverlening op sosiaal-maatskaplike vlak vanuit 'n humanistiese motivering plaasvind.

Heyns, Jonker, Borchardt en Rossouw. Dr Pieter Coertzen, wat om kommentaar genader is het gesê hy het nie beswaar teen die inhoud van die *Getuienis 1980* nie, maar wel teen die wyse waarop dit hanteer is. Dit kon die indruk van 'n drukgroep skep en selfs polarisasie bewerk (8 Oktober 1986:8,9). Heyns het beklemtoon dat die Ned Geref Kerk nie 'n dokument soos KS sou gehad het as dit nie vir die Hervormingsdaggetuienisgebeure was nie. Op 5 November 1980 is volgens hom, die eerste saad vir 'n grondige beleidsverandering in die Ned Geref Kerk gesaai (Van der Merwe 1990:266). Hierop kom ons later terug.

Die kommer in die harte van diegene wat die *Getuienis 1980* gesteun het, soos Jonker dit uitgedruk het, kan saamgevat word met die vrees dat kragte aan die werk was wat die Ned Geref Kerk kon oorspoel sodat die kerk uitgerangeer en irrelevant kon word in die Suid-Afrikaanse samelwing. Vir Heyns het dit beteken dat die kerk nie gehoorsaam sou wees in die koninkryk van God nie**.** Dit sou 'n Goddelike aanklag wees. So sterk het hy daaroor gevoel dat hy in die media sê: "Ons mense moet wakker geroep word." (Transvaler 21 November 1980:11).

Heyns en drie ander dosente[21] van die Ned Geref Kerk se teologiese fakulteite het teen September 1980 as deeltydse burgermagkapelane tot die kapelaansdiens van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag toegetree om in 'n adviserende hoedanigheid diens te lewer (Die Kerkbode 1980e:357). Dit het aan Heyns 'n geleentheid gebied om eerstehands met die militêre stryd in Suid-Afrika en op die grense van die land en die destydse Suidwes-Afrika te doen te kry. In 'n onderhoud met radiopersoonlikheid Fanus Rautenbach sê hy dat die gevaar daar is vir dosente om "ivoortoringgeleerdes" te wees wat nie by die praktyk uitkom nie, maar hy het die kans gebruik om op die grens met die manne in die wagtorings te praat en vrugbare gesprekke te voer. Op 'n vraag van Rautenbach antwoord hy dat as hy jonger was, sou hy self ook om patriotiese redes gaan veg het want hy het geglo 'n mens moet vra: "Wat is my bydrae, of is ons parasiete?" (SAUK Radio-Argief 1985:T85/319). By Heyns was daar nie twyfel dat daar 'n werklike kommunisties-

[21] Die dosente wat op daardie stadium kapelane geword het was: proff J A Heyns, D A du Toit, P B van der Watt, en P C Potgieter (Die Kerkbode 17 September 1980f:357).

liberalistiese bedreiging teen die Republiek van Suid-Afrika was nie. Hy het self ook in hierdie tyd verskeie kere daarna verwys as die sogenaamde "totale aanslag" waarby die kerke nie uitgesluit was nie (Heyns 1983b: 1). "Ons sit in 'n konkrete situasie dat ons bedreig word. Dis 'n ganse Christelike beskawing wat op die spel is – Ons moet verdedig." (SAUK Radio-Argief 1985:T85/319). Daar was by Heyns gevolglik ook nie twyfel oor die regverdigheid van die oorlog teen die bogenoemde bedreiging nie. Hy het die publiek in sy koerantrubrieke aangemoedig om die dienspligtiges op die grense te ondersteun, nie net deur te skryf en deur gebede nie, maar voeg 'n dieper dimensie daaraan toe deur te vra: "Gee ons aan hulle die versekering dat ons alles doen om 'n bydrae te maak ten opsigte van 'n moontlike oplossing van die redes vir die oorlog op die grens?" Hiermee het hy bedoel dat alles niks sal help indien daar nie 'n "hartgrondige gesindheidsverandering" teenoor mense kom nie. Dit moet by eie mense begin maar dan sinvol na mense van ander taal en kultuur oorgedra word (Heyns 19 Julie 1982c:[ ]). Heyns se aanvoeling dat daar iewers 'n einde aan die konflik móés kom, kom na vore op die manier hoe hy die oorlogsituasie in een van die basisse, agt kilometer van die Angolese grens beleef het: "Die geloof wat weet dat God regeer – ook hier in die bos – en dat ook die sinlose doodmaak van mekaar op die een of ander wyse in sy raad wel 'n plek het en deur Hom gebruik kan word in sy diens. Maar hoe dit alles rym en hoe dit alles verstaan moet word, daarop kan niemand, ook nie die dominee wat veronderstel is om te kan troos en te bemoedig, bevredigend antwoorde gee nie." (1980c:16). Heyns was egter van oortuiging dat die owerheid van Godsweë 'n plig het om die land te verdedig en daarom opdrag aan sy soldate kan gee om dood te maak. Doodmaak sonder hierdie opdrag is wederregtelik en is moord. Die spanning tussen die owerheid en die enkeling word egter duidelik wanneer 'n persoon aanvoer dat hy as gevolg van gewetensbeware weier om diensplig te doen. Heyns meen dat selfs nie die sesde gebod aangehaal kan word om alle doodmaak van mense te verbied nie, maar wel dié sonder opdrag, soos hierbo genoem (1983a:36). Die BM het Heyns versoek om 'n brosjure op te stel met die titel: "Geloofsbesware teen diensplig". (Notule: AKLAS-dagbestuur 15 Januarie 1981:3).[22] Teen 1984 het die regering 'n *Raad vir godsdienstige besware teen militêre*

---

[22] Die brosjure is deur die BM met 'n aanbeveling van ds Kobus Potgieter in *Die Kerkbode* aan lesers bekendgestel (28 Januarie 1981a:100).

*diensplig* ingestel. Regter M T Steyn is as voorsitter aangestel en Heyns is as Ned Geref Kerk verteenwoordiger saam met nog vier persone aangewys (Die Kerkbode 8 Februarie 1984a:1).[23] Volgens Generaal-Majoor Chris Naudé, voormalige kapelaan-generaal van die weermag, was dit moontlik om die substansie van 'n godsdiensbeswaarde se saak vas te stel want dit kon getoets word. Heyns het gewoonlik pastoraal met godsdiensbeswaardes omgegaan. Met die gewetensbeswaarde was dit nie so maklik nie, want hier was willekeur ter sprake (1997:[ ]). Die probleem was dikwels om die motief van gewetensbeswaardes vas te stel. Dit kon bloot gemoedsbesware, politieke besware of filantropiese besware wees. Hoe belangrik gewetensvryheid ook al mag wees, 'n onbegrensde uitlewing van 'n bepaalde gewetensoortuiging kan in geen samelewing toegelaat word nie (Heyns 1983a:35,36). Volgens regter Steyn was die benadering dat wanneer 'n kandidaat eerlik was, moes hy gehelp word. "Hoe kan 'n mens met geloof stry?" vra hy. Al is die oorlog geregverdig, kan dit werklik teen 'n man se geloof ingaan en dit gaan volgens hom dieper as die rede (1997:[ ]).[24]

In 1981 verskyn die boek *Storm-kompas*, 'n bundel opstelle met die subtitel, *op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*.[25] Die samestellers sê in die voorwoord dat die bundel gebore is uit 'n "byna angswekkende besef" van die verantwoordelikheid wat die Ned Geref Kerk vanweë sy posisie in die land het om Bybels verantwoorde standpunte in die "onstuimige jare tagtig" in te neem. Aan die einde van die boek gee die samestellers hulle eie standpunte in vier-en-veertig punte weer wat mens sou kon sê dié standpunte is, wat hulle sou wou sien die kerk sal inneem. Kritiese klanke teen die Ned Geref Kerk in die boek moet volgens hulle gesien word, sprekende vanuit 'n bewoë solidariteit wat elkeen van die medewerkers[26] met die kerk het, hoewel

---

[23] Die ander oorspronklike lede van die raad was: Dr D J C van Wyk (Ned Herv Kerk van Afrika); Eerw V W Harris (Metodistekerk); Kpln J M Daines (Anglikaanse Kerk); Kol H S Bosman (SAW).

[24] Volgens regter M T Steyn was Heyns baie geïnteresseerd hoe die regsproses geskied – hoe die waarheid vasgestel word sodat geregtigheid kan geskied. Justinianus (530nC) te Konstantinopel het byvoorbeeld drie etiese beginsels in die reg gevestig: 'n Eerbare lewe; Om ander geen leed aan te doen nie; Gee aan ieder wat hom toekom (1997:[ ]).

[25] Smith, N.J., O'Brien Geldenhuys, F.E. en Meiring, P. 1981. Storm-kompas. Kaapstad: Tafelberg.

[26] Die mederwerkers aan *Storm-kompas* met respondente in hakies, was: N J Smith (P G J Meiring); J A Heyns (J J F Durand); D J Bosch (T E Lombard); I Treurnicht (M Nel); T Vosloo (T L de Koning); F G Heymann (P F Theron); J A van Wyk (D J Louw); B C Lategan (J R Kriel); D P Botha (E Bruwer); W

elkeen eie verantwoordelikheid vir hulle bydraes aanvaar het (Smith, O'Brien Geldenhuys en Meiring 1981:[ ]). In 'n fokusartikel deur Johannes Froneman in *Die Kerkbode* word drie van die belangrikste gevolgtrekkings in *Storm-kompas* uitgelig. Eerstens dat die kerk 'n volkome nuwe gemeenskap is waarin eenheid en verskeidenheid geheilig en tot diens van God en mekaar gestel word. Dit is nie gebou, of vloei voort uit natuurlike saambindende faktore soos bloed, bodem, kultuur, taal, stand of beroep nie.[27] Tweedens is dit ongelukkig nie die Ned Geref Kerk wat op die voorpunt van 'n Christelike versoeningsaksie tussen bevolkingsgroepe in Suid-Afrika staan nie, maar juis kerke wat dikwels deur die Ned Geref Kerk as volksvreemd of selfs vyandig teenoor Suid-Afrika bestempel word.[28] Derdens berokken sommige lidmate en ampsdraers van die Afrikaanse kerke se verbondenheid met die Broederbond en die verbondenheid van die Broederbond met die Nasionale Party en die regering, die geloofwaardigheid van dié kerke ernstige skade[29] (18 November 1981:8).

Wat Heyns se bydrae tot *Storm-kompas* aanbetref, was hy gevra om 'n "teologiese perspektief" op die kerk in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig te gee. Hy behandel sy onderwerp soos in die verlede, aan die hand van sy bekende skema van verhoudinge waarin die kerk staan, naamlik tot God, homself, die wêreld en die toekoms. Hy verwys weer eens na die kerk as God se instrument van versoening en nogmaals noem Heyns op voetspoor van Barth die kerk 'n "voorbeeldige gemeenskap" wat as sodanig 'n protes teen sonde in die gemeenskap moet wees. "Hy móét gevolglik ook 'n radikale Christelike maatskappykritiek as deel van sy taak aanvaar." (1981:15,17,19). In besondere skerp taal lewer prof Jaap Durand kritiek op Heyns se bydrae. Hy begin sy kommentaar met die woorde: "Ek het 'n probleem met prof. Heyns se bydrae; met geringe wysigings kon dit net so goed geskryf gewees het oor die kerk in … sê, Lapland." "Die abnormale tydsomstándighede waarin die bundel die lig sien en met die oog waarop dit

---

Nicol (D A du Toit); W Cilliers (B du Plessis); F E O'Brien Geldenhuys (P Rossouw) (Smith, O'Brien Geldenhuys en Meiring 1981:142).

[27] Eindstellings – punte 2 (Smith, O'Brien Geldenhuys, Meiring 1981:134).

[28] Eindstellings – punt 9 (Smith, O'Brien Geldenhuys, Meiring 1981:135).

[29] Eindstellings – punte 40 tot 42 (Smith, O'Brien Geldenhuys, Meiring 1981:140).

geskryf is, pleit vir 'n bespreking iets minder "normaal" as prof. Heyns s'n."[30] Durand se kritiek draai hoofsaaklik rondom twee sake naamlik dat Heyns se teologiese perspektief in die eerste plek te teoreties is. Hy moes, volgens Durand, die kerk op so 'n wyse teologies belig "dat dit duidelik word dat ons inderdaad met die kerk in Suid-Afrika te doen het." Tweedens mis Durand belangrike teologiese perspektiewe soos byvoorbeeld dat daar nie in Suid-Afrika oor versoening gehandel kan word tensy die "skuldvraag" daarby betrek word nie. "Kan waaragtige versoening plaasvind sonder die herkenning en erkenning van skuld? Is die boodskap van die Bybel nie juis dat met en in die versoeningswerk van Christus die skuld aan die lig kom nie?" Veral in Suid-Afrika is dit volgens Durand belangrik omdat die skuld vir so baie voor-die-hand-liggend is, maar deur ander ontken word. Daar kom volgens hom selfs waarskuwings teen "valse skuldgevoelens" uit kerklike geledere. 'n Ander teologiese aspek wat misgekyk word is dat die idee van die onversoenbaarheid van mense, 'n basiese weerspreking van die wese van die kerk volgens Efesiërs 2 is,[31] waar die apostel Paulus oor die sogenaamde middelmuur van skeiding wat Christus afgebreek het, handel. Durand meld vervolgens dat die NGSK se Sinode van 1978 na sy mening die teologiese kern van die probleem van die Suid-Afrikaanse samelewing vasgevat het. Dit is dat die apartheidbeleid en/of afsonderlike ontwikkeling soos deur die owerheid gehandhaaf, in stryd met die evangelie is omdat dit gegrond is op die oortuiging van die fundamentele onversoenbaarheid van mense, dat dit nie voldoen aan die Bybelse eise van geregtigheid nie, omdat dit die blanke bevolkingsdeel bevoordeel en omdat dit die menswaardigheid van nie net die ander bevolkingsgroepe nie, maar almal wat daarby betrokke is, aantas (1981:21-23).

Wat die boek in geheel aanbetref het die verskyning daarvan heelwat reaksie by die kerklidmate uitgelok. Dit het aan die lig gekom dat die samestellers van die boek nie die medewerkers geraadpleeg het met die uitsoek en opstel van die vier-en-veertig stellinge aan die einde van die boek nie. Die dagbestuur van die BM het daarna verwys as 'n

---

[30] Die skerpheid van prof Durand se aanvanklike kommentaar val in 'n publikasie van hierdie aard onmiddelik vreemd op. Die vraag ontstaan waarom die samestellers van die boek onder redaksionele versorging van die sekretaris prof Nico Smith, nie hierdie onbillike blootstelling van Heyns verhoed het nie**?** Agterna het Durand gesê hy was spyt hy het so skerp gereageer, maar hulle het later gelag daaroor (29 September 1997: [ ]).

[31] Vergelyk Efesiërs 2:14.

"vreemde werkswyse". Na gesprekke met twee van die medewerkers, naamlik Heyns en dr Pierre Rossouw, verklaar die dagbestuur dat dié twee persone duidelik laat blyk het dat hulle ter goedertrou aan die skryf van die boek deelgeneem het. Hulle was nie bewus van wie die ander skrywers sou wees of waaroor die ander sou skryf nie. Hulle was ook nie bewus dat die samestellers die vier-en-veertig stellings sou uitsoek en formuleer sonder om dit "in billikheid met die skrywers te bespreek of te kontroleer nie."[32] (Die Kerkbode 2 Desember 1981f:1). Die gebeure rondom *Storm-kompas* was vir Heyns en moontlik van die ander medewerkers waarskynlik 'n groot verleentheid. Hy kon met reg voel dat hy deur Durand se besondere skerp styl van kritiek, op 'n onbillike manier blootgestel was. Dié soort styl van kritiek sou waarskynlik in 'n mediadebat geregverdig kon word, maar nie in 'n publikasie van hierdie aard nie. Die samestellers se ongekwalifiseerde kritiek teen lidmaatskap van die Broederbond in die vier-en-veertig eindstellings van die boek, sonder om Heyns as medewerker van die boek, wie se lidmaatskap bekend was in ag te neem, was eweneens onbillik. Die indruk ontstaan dat daar met die publikasie van die boek 'n onderliggende motief was om Heyns in 'n slegte lig te stel. So ver bekend het Heyns egter nêrens in die media direk hierop gereageer nie.

Die jaar 1982 was in baie opsigte 'n waterskeidingsjaar vir die Ned Geref Kerk. In *Die Kerkbode* van 9 Junie 1982 publiseer 'n groep van honderd-drie-en-twintig predikante en dosente van die Ned Geref Kerk sowel as van die jonger kerke 'n *Ope Brief* (hierna *Ope Brief 1982).* Hierdie brief het hoofsaaklik oor drie hoofsake gehandel naamlik <u>eerstens</u> oor *die versoening en die eenheid van die kerk*, <u>tweedens</u> oor die profetiese *roeping van die kerk* en <u>derdens</u> die ondertekenaars se *solidariteit met die kerk*. Die uitleg van die brief was in genommerde paragrawe (9 Junie 1982c:1,5).[33] Prof David Bosch verduidelik dat daar baie leraars was, wat eenvoudig oortuig was dat hulle 'n behoefte gehad het aan

---

[32] Prof Carel Boshoff wat op daardie stadium voorsitter van die AB was, het in reaksie gesê dat dié organisasie 'n mindere tema in die boek is en dat verby die stof wat opslaan gekyk moet word, sodat oor die werklike kwessies in die boek gepraat kan word (Die Kerkbode 2 Desember 1981f:1).

[33] Die volledige weergawe van die *Ope Brief 1982* is op bladsy een en vervolg saam met 'n lys van die ondertekenaars op bladsy vyf van *Die Kerkbode* van 9 Junie 1982 geplaas. Niemand van die ondertekenaars van die *Getuienis 1980* het die *Ope Brief 1982* onderteken nie, maar van die mees prominente ondertekenaars was onder andere: prof David bosch, ds David Botha, prof Jaap Durand, dr Frans O'Brien Geldenhuys, prof Adrio König, dr Abraham Lückhoff, prof Ben Marais, prof Piet Meiring, dr Willem Nicol, prof Dirkie Smit en prof Nico Smith (9 Junie 1982c: 5).

'n dokument wat vir hulle die koers kon aandui en waarmee hulleself kon identifiseer, al was dit met bepaalde voorbehoude. Gaandeweg het die oortuiging egter gegroei dat hulle met iets besig was wat hulle graag aan die hele Ned Geref Kerk wou deurgee om saam daaroor te besin. Die gedagte het in die tweede helfte van 1981 ontstaan (1982: 41,42). In Maart 1982 is die dokument aan die BM gestuur. Die BM het egter besluit dat dit nie vir hom ontvanklik is om mee te handel nie. Hierna het die ondertekenaars besluit om dit in *Die Kerkbode* te publiseer. (Die Kerkbode 9 Junie 1982c: 1).[34] Die *Getuienis 1980* was 'n defnitiewe stimulus vir die *Ope Brief 1982,* veral toe die betrokkenes gesien het watter groot reaksie dit tot gevolg gehad het. Die opstellers het RVN as basis geneem en vir elke standpunt in die *Ope Brief 1982* kon daar voorlopers in RVN gevind word. Twee denkrigtings was in RVN te bespeur, naamlik 'n standpunt wat meer ruimte aan die eenheid van die kerk en die skakeling tussen gelowiges uit verskillende rassegroepe bied. Aan die ander kant was daar 'n meer geslote standpunt wat sulke kontak tot 'n minimum wou beperk. Die *Ope Brief 1982* het doelbewus by die eerste denkrigting aangesluit (Lückhoff en Nicol 1982:24,25). Die tweeslagtigheid in RVN het ten grondslag daarvan 'n diskontinuïteit gehad, wat deur sommige 'n "skisofreniese onderskeid" tussen leer en lewe genoem is. Dit was een van die redes waarom Heyns en andere reeds in 1979 aanbeveel het dat RVN grondig hersien moet word (Van der Merwe 1990: 187,201,202). Die inhoud van die *Ope Brief 1982* het grootliks met die inhoud van die *Getuienis 1980* ooreengestem alhoewel geen persoon 'n ondertekenaar van beide was nie.[35] Durand merk die invloed van Barth in die *Ope Brief 1982* op, naamlik die oproep tot die kerk om sy profetiese roeping op te neem deur al duideliker gestalte aan versoening en aan die eenheid van die kerk te gee. Die kerk word God se "proeftuin" in die wêreld genoem (1988: 134). Volgens die teks: "Dit beteken dat God deur die lewe van die kerk aan die wêreld iets wil toon van die eenheid, onderlinge liefde, vrede, begrip, mededeelsaamheid en geregtigheid, wat Hy vir die hele samelewing bedoel." (Die Kerkbode 9 Junie 1982c: 5). "Proeftuin is 'n begrip wat volgens prof Flip Theron aan Berkhof, wat vir Barth as

---

[34] Ds Kobus Potgieter vertel dat die BM die ondertekenaars van die *Ope Brief 1982* aangeraai het om die brief tot ná die Algemene Sinode van 1982 te bêre of liefs daarvan te vergeet, maar hulle het nie geluister nie (Die Kerkbode 30 Junie 1982e: 6).

[35] Prof Piet Meiring vertel dat Heyns geweet het waaroor die *Ope Brief* 1982 gehandel het en hy het hulle aangemoedig. Meiring was voor sy ring gedaag met 'n aanklag van kettery, oor sy betrokkenheid. Heyns het 'n stuk ter verdediging van Meiring geskryf (7 Julie 1997: [ ]).

leermeester gehad het, ontleen moet word. So moet die "proeftuin" (die kerk) die ander "tuine" (die wêreld) as navolgbare voorbeeld dien (Theron 1982: 125). Prof Piet Strauss merk ook Barthiaanse trekke in die *Ope Brief 1982* op wanneer daar in paragraaf 1.1.5 van die brief gestel word dat die eenheid (van die kerk) tot 'n ander orde as die verskeidenheid (van die kerk) behoort, in die sin dat die eenheid primêr en die verskeidenheid sekondêr is. Die eenheid is normatief en word bely, maar die verskeidenheid nie. So 'n siening verteenwoordig volgens hom 'n diskontinuïteit tussen die kerk en die samelewing, wat indruis teen 'n natuurlike volkereverskeidenheid wat ook in die kerk aangetref word (1993: 23). Heyns is weereens die enigste lid van die BM wat gunstig oor die *Ope Brief 1982* oordeel. Alhoewel hy saam met die BM kritiek ten opsigte van die prosedure[36] wat gevolg is uitspeek, sê hy ten opsigte van die inhoud: "Ons sal onsself moet afvra wat is die oordeel van die Skrif oor die sake wat hier aan die orde gestel word", want dit is sake wat uit die "hart van die Skrif" geneem is. Hy meen dinge is besig om te verander. "Mens sou selfs van groot grondverskuiwinge kan praat; politieke patrone begin nuwe en vir ons vreemde vorme aanneem; sosiaal-maatskaplike omstandighede verander sienderoë; en in die hart van die meelewende en gelowige lidmaat van die Kerk word die dringende vraag gebore: wat sê die Kerk? Watter leiding gee die Kerk?" (Heyns 23 Junie 1982a: 5). Prof Willie Jonker het ook tot verdediging van die opstellers van die *Ope Brief 1982* gekom deur te sê dat daar aan hulle integriteit nie getwyfel hoef te word nie. Ds Kobus Potgieter van die dagbestuur van die BM het egter verwarring en chaos, selfs skeuring voorsien, indien prosedures soos met die *Ope Brief 1982* die manier van doen van die toekoms sal wees (Die Kerkbode 16 Junie 1982d: 1).

Die ondertekenaars van die *Ope Brief 1982* het die geleentheid gebruik om skuld te bely. In paragrawe 3.1 en 3.2 waar dit oor hulle solidariteit met die kerk handel, wil hulle ".... ook ons diepe skuld voor God bely omdat ons self ook die eenheid van die kerk van Christus nie voldoende uitleef nie en mede aandadig is aan baie van die maatskaplike wantoestande wat ons aangedui het." (Die Kerkbode 9 Junie 1982c:5). Hierdie

---

[36] Heyns verwys na die Reglement van Orde waar daar staan dat alleen 'n sinode of sy sinodale kommissie, moderatuur/dagbestuur of permanente kommissie mag beskrywingspunte en sake vir behandeling indien. Gevolglik was dit kerkregtelik korrek dat die *Ope Brief 1982* nie vir die BM ontvanklik was nie. Aan die ander kant meen Heyns dat die praktyk van 'n sinode slegs elke vier jaar, "in die tye waarin ons lewe net nie meer voldoende nie. Die kerk sal hieraan baie ernstige aandag moet gee." (23 Junie 1982b: 5).

skuldbelydenis was 'n moedige en ook betekenisvolle gebaar, aangesien dit van Ned Geref Kerklidmate sowel as lede van die jonger kerke gesamentlik gekom het. By sommige was daar egter 'n oortuiging dat 'n amptelike skuldbelydenis van die Ned Geref kerk op hierdie stadium noodsaaklik was.[37] Stelling 12 van die samestellers van *Storm-Kompas* lui:

> "Waaragtige vesoening tussen bevolkingsgroepe in Suid-Afrika kan nie sonder 'n diepe herkenning en erkenning van skuld deur alle gelowiges teenoor mekaar plaasvind nie. Die Ned. Geref. Kerk behoort in dié opsig die leiding te neem deur die skuld van onreg wat oor 'n lang tyd deur blankes teenoor swartes gepleeg is, in nederigheid en berou te bely." (Smith, O'Brien Geldenhuys en Meiring 1981:135).

Die feit dat Heyns die enigste lid van die BM was, wat soos hierbo aangetoon, positief ten opsigte van die *Ope Brief 1982* gereageer het, onderstreep Hennie Serfontein se woorde, soos aan die begin van die hoofstuk aangetoon, dat die verligtes op daardie stadium sonder Heyns binne die amptelike strukture van die kerk, geen hoop op hervorming in die Ned Geref Kerk gehad het nie.

Op 25 Augustus 1982 neem die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (hierna WBGK) in Ottawa Kanada[38] 'n besluit dat die Skriftuurlike begronding van apartheid deur die Ned Geref Kerk as kettery verklaar word (Runia 1988:104).[39] Die besluit is breedvoerig

---

[37] Vergelyk Durand se kommentaar op Heyns se opstel in *Storm-kompas*: "In Suid-Afrika kan en mag daar nie oor versoening gehandel word tensy ook die skuldvraag daarby betrek word nie." (1981: 22).

[38] Die WBGK het van 17 tot 27 Augustus 1982 te Ottawa Kanada vergader. Die Afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk was ds Kobus Potgieter (waarnemende voorsitter van die BM), dr Pierre Rossouw (Direkteur van Ekumeniese sake en Inligting), prof Johan Heyns en dr Jannie du Preez. Laasgenoemde twee is bygevoeg aangesien die BM verwag het dat die debatte op veral teologies-akademiese vlak gevoer en beantwoord sal moes word (Die Kerkbode 2 Junie 1982a: 1).

[39] Prof Klaas Runia skryf 'n *Festschrift*, aangebied aan "mijn Zuidafrikaanse vriend Johan Heyns. Het was onder zijn leiding dat de recente Algemene Synode van de NG Kerk (1986) elke theologische rechtvaardiging van de apartheid afwees!" (1988: 97). Sy definisie van *kettery*, is die beskouing van 'n statiese waarheidsbegrip in die kerk waar sekere vaste formules die plek van die lewende geloof inneem en die lewende evangelie self laat verlore gaan. Daarmee saam kan wat Berkouwer noem, "latente kettery" in 'n kerk ontstaan. Dit verteenwoordig 'n lewensgevoel wat van bepaalde punte van die belydenis van die kerk vervreem raak. Dit is dikwels ongeartikuleerd en dikwels "iets ongrijpbaars" en moeilik "aanwijsbaar" maar steeds 'n konkrete bedreiging vir die kerk is. So iets word alleenlik in 'n "ogenblik van de waarheid" onderken wanneer die skille afval en die lig van die evangelie daarop val en dit ontbloot. Juis op daardie oomblik word dit duidelik wat *kettery* is, 'n aantasting van die hart van die evangelie. Die sentrum van die evangelie is Jesus Christus – sy persoon, sy lewe, sy woorde en dade, sy dood en opstanding – en dié sentrum is in elke opsig gerig op die bevryding van mense. *Kettery*, of dit nou van Judaïdiserende -,

uiteengesit, met inbegrip van 'n geskiedkundige oorsig van die pad wat die WBGK sedert 1964 met die Ned Geref Kerk[40] en die NHK as lidkerke gestap het. Teen 1982 het die WBGK tot 'n *status confessionis* gekom, "…..wat beteken dat ons dit nie beskou as 'n saak waaroor dit moontlik is om te verskil sonder dat die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as gereformeerde kerke in ernstige gevaar gestel word nie." Die kern van die besluit lui soos volg:

> "Saam met Swart Christene van Suid-Afrika verklaar ons dat apartheid ("afsonderlike ontwikkeling") 'n sonde is; dat die morele en teologiese regverdiging daarvan die evangelie belaglik maak; en dat dit, in sy volgehoue ongehoorsaamheid aan Gods Woord, 'n teologiese kettery is."

Ten opsigte van die Ned Geref Kerk en die NHK[41] lui die besluit:

> "Die algemene vergadering is gevolglik, met leedwese en pyn, verplig om die NGK en NHK te skors ("suspend") van die voorregte van lidmaatskap in die WBGK (d.w.s. die stuur van afgevaardigdes na die algemene vergadering en lidmaatskap van departementele komitees en kommissies), totdat die uitvoerende komitee van die WBGK vasgestel het dat hierdie twee kerke in woord en daad bewys gelewer het dat hulle 'n hartsverandering ondergaan het." (Die Kerkbode 8 September 1982h: 5).[42]

---

gnostiserende -, of ideologiserende aard is, raak altyd die hart van die evangelie en lei altyd tot 'n nuwe slawerny van mense. Ketters het nog altyd gedink dat hulle juis die evangelie dien deur hulle volgelinge tot nuwe vryheid te lei. Daarom het dit die kerk nog altyd baie moeite gekos om die kettery te ontmasker. Wanneer 'n oomblik van waarheid egter aanbreek, val die maskers weg en tree die getuienis van die evangelie self in ongekende krag na vore. Op dié moment is daar geen twyfel meer nie en "valt het zware woord: dit is vandaag, in dese bepaalde, concrete-historische situasie ketterij, d.w.z. aantasting en verduistering van het evangelie." (1988: 109).

[40] Die Ned Geref Kerk in Kaapland was al sedert 1876 lid van die WBGK, wat as die oudste en grootste Protestantse ekumeniese liggaam in 1875 gestig is (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 30).

[41] Die NHK het besluit om sy bande met die WBGK te verbreek, onder meer omdat gemeen is dat dié kerk nie aan die voorwaardes wat deur die WBGK vir die herstel van volle lidmaatskapregte gestel is, sou kon voldoen nie (Die Kerkbode 29 September 1982i: 3).

[42] Die reaksie vanuit die Ned Geref Kerk het gewissel van iemand soos ds Daantjie Moolman, voorsitter van die Oos-Kaaplandse Sinodale Kommissie wat die WBGK se besluit gesien het as deel van die sogenaamde "totale aanslag" teen Suid-Afrika, waar meeste lidkerke ook lede van die WRK was en deur Moolman gesien is as deel van die kerklike front vir die kommunisme. Prof Willie Esterhuyse het gereken dat die Ned Geref Kerk teëspoed te wagte kon wees gesien in die lig van die "ongevoelige, onbesonne en soms bombastiese uitsprake van sommige van ons kerkleiers – soos onlangs teen die 123 ondertekenaars van die ope brief – asook die uiters huiwerige wyse waarop ons in eie geledere die stryd aanknoop teen rassisme en rassediskriminasie,…" Heyns het gevra vir 'n herwaardering van die bestaande Ned Geref standpunte en praktyke, veral die gaping tussen beleid en praktyk verdien volgens hom aandag. Jonker was van mening dat dit vir die Ned Geref Kerk belangrik was om hom van elke vorm van rassisme te

Volgens *Die Kerkbode* was dit duidelik dat die eenparige verkiesing van dr Allan Boesak tot president van die WBGK saamgeloop het met die "uitdruklike verwerping van NG Kerk-standpunte en –gesindhede". (1 September 1982: 1).[43] Met Boesak se verkiesing was Heyns bang dat die aanklank wat die Dogterkerke by die WBGK gevind het, 'n wig tussen hulle en die blanke Ned Geref Kerk kon indryf. Hy sê die Ned Geref Kerk moet erns maak met sy interne verhoudinge in Suid-Afrika. "Ons sal doelbewus moet werk aan nuwe gesindhede met die Dogter-kerke – gesindhede wat konkrete en sigbare gestalte sal kry." (Hoofstad 27 Augustus 1982: [ ]). "Om na lidmaatskap van 110 jaar uit 'n internasionale liggaam geskors te word is nie 'n ligtelike saak nie", is hy aangehaal (Transvaler 27 Augustus 1982: [ ]).[44] Heyns se uitsprake het konsekwent teen die kerklike isolasie van die Ned Geref Kerk gestry.[45] Op 'n vraag of dié kerk in reaksie teen die WBGK-besluit nie moet ophou sendingwerk doen nie, het hy op TV gesê dat dit die domste ding sou wees om te doen. "As ons nie voortgaan om die evangelie in al sy konsekwensies te verkondig nie, het ons geen toekoms nie." (Die Kerkbode 1 September 1982g: 1). Wat apartheid aanbetref was dit Heyns wat met groter nuanseringe en onderskeidinge as ander, duidelikheid ten opsigte van die aanvaarbaarheid of verwerplikheid daarvan verskaf het. Teenoor Frits Groeneveld, redakteur van die Nederlandse blad *NRC Handelsblad*, verduidelikheid hy dit aan die hand van die voorbeeld van owerspel. As 'n mens owerspel pleeg is dit 'n lelike onchristelike daad.

---

distansieer "nie omdat Ottawa dit vra nie, maar omdat rassisme eenvoudig sonde is." (Die Kerkbode 1 September 1982g: 1).

[43] Johannes Froneman beskryf dr Allan Boesak ten tye van die WBGK–vergadering van 1982 soos volg: "En dit is die charismatiese dr. Boesak: onverbiddelike opponent van apartheid – in kerk én staat, in woord én daad. As voorsitter van sowel die Broederkring as Abresca (Alliance of Black Reformed Christians in South Africa) (wie se lede aktief stemming teen die NG Kerk gemaak het), was dr. Boesak 'n sleutelfiguur in Ottawa. Miskien dié sleutelfiguur. En daarom was sy eenparige aanwysing (vergesel van gees driftige handeklap) op die ou end vanselfsprekend. Die 36-jarige Bruinman van die Noordweste met 'n Kampen-doktoraat én effens Hollandse aksent is nou finaal kerkman van wêreldwye aansien en verantwoordelikheid. En dit kan seker nóg hy nóg die NG Kerk ignoreer." (1982a: 1).

[44] Ds Kobus Potgieter het aan die vergadering van die WBGK gesê hy behoort aan 'n kerk wat al sedert 12 Oktober 1876 lid van dié organisasie is en in die betrokke tyd die evangelie aan lande in Afrika, Sri-Lanka, Japan en Portugal gebring het. Uit hierdie sendingywer is dertig nuwe kerke in twintig lande gebore. "Ek beny u wat nié in 'n veelrassige land woon nie. Ons situasie is baie meer kompleks as in 'n land met 'n homogene bevolking. Ons is almal sondig. Wie van u is bereid om die eerste klip te gooi?" het hy gevra (Rapport 29 Augustus 1982: [ ].

[45] Dr Pierre Rossouw, direkteur Ekumene en Inligting van die Ned Geref Kerk vertel dat ná die besluit van die WBGK om die Ned Geref Kerk uit te skop, hy uitgeloop het. Heyns het egter, eie aan sy aard, teruggegaan en die vergadering verder bygewoon (1996: [ ]).

Owerspel is egter nie kettery solank dit nie as Bybelse imperatief verdedig word nie. So is apartheid ook nie kettery solank dit nie as Bybelse imperatief verdedig word nie (30 Januarie 1986: [ ]). Hy meen wel dat apartheid onder sekere omstandighede kettery en sonde is. Dit is onder meer wanneer dit as universeel geldende voorskrif van Gods Woord vir alle mense onder alle omstandighede voorgehou sou word; wanneer die verskeidenheid van volke en rasse tot 'n Bybelse beginsel verhef word; wanneer dit 'n politieke stelsel teweeg bring wat die oorlewing van die blankes ten koste van die swartes moet beveilig; en wanneer dit van swartes tweedeklas burgers maak op wie die blankes se hoë lewenspeil gebou word. Heyns voeg by dat die Ned Geref Kerk nooit so 'n beleid kan onderskryf nie. Eiesoortige ontwikkeling moet egter volgens hom beoordeel word in die lig van sy bedoeling en nie op grond van 'n waninterpretasie en misbruik nie (Die Kerkbode 25 Augustus 1982f: 1). Heyns en die ander afgevaardigdes het hul bes gedoen om die situasie van die Ned Geref Kerk in 'n veelrassige Suid-Afrika te verduidelik, maar hulle was nie oortuigend nie, sê dr Karel Blei, Sekretaris-Generaal van die Nederlands Hervormde Kerk en 'n latere moderator van die Teologiedepartement van die WBGK. Heyns was vir hom iemand wat dit goed bedoel het, maar uiteindelik nie oortuig het nie. Sedert 1982 het sy kerk hulle op die swart en bruin kerke in Suid-Afrika, en nie meer op die Ned Geref Kerk georïenteer nie (1998: [ ]). Ook prof Lucas Vischer, destyds van die Evangeliese Teologie Fakulteit te Bern Switzerland en afgevaardigde na die WBGK te Ottawa, meen die opposisie teen apartheid het teen daardie tyd sterk begin oplaai. Boesak-hulle het met 'n duidelike agendapunt en met 'n voorbereide stuk oor apartheid gekom. Daar was baie wantroue. 'n Groep waaronder Boesak, het ook geweier om nagmaal saam met die Ned Geref afgevaardigdes te gebruik[46]. Heyns het vir begrip gepleit. Sy benadering was nie verdedigend nie, maar talle het hom nie vertrou nie (1998: [ ]). Abraham Lückhoff doen verslag uit Ottawa dat dr Herbert Ehnes van Wes-Duitsland Heyns skerp aangeval het met die woorde: "Prof Heyns het na tekens verwys dat apartheid oorwin kan word maar die afgelope 25 jaar is sulke tekens nie deur sy kerk raakgesien nie. In 1957 reeds het prof. B.B. Keet 'n boek geskryf, Suid-Afrika, Quo Vadis? Toe kom Cottesloe, Vertraagde Aksie, die Christelike Instituut, en nou die Ope

[46] Johannes Froneman skryf: "Meer as enige dokument of toespraak, het verlede week se nagmaalboikot in Ottawa deur elf Suid-Afrikaanse kerkmanne die byna onbrugbare kloof tussen die NG Kerk en sommige swart lidmate van die Jongkerke geartikuleer." (1982b: 3).

Brief. Wat het geword van al hierdie tekens. Maar die BM waarvan prof. Heyns lid was wou nie eens die brief amptelik ontvang nie. Hy self wou nie eens die brief teken nie." (Rapport 29 Augustus 1982: [ ]).

Enkele weke later het die NGSK se Algemene Sinode te Belhar vergader. Net soos die WBGK het ook dié kerk 'n *status confessionis* uitgeroep met die besluit: "Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat die morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God 'n teologiese kettery is." Hiermee het die oudste Dogterskerk van die Familie van NG Kerke, die Moederkerk van teologiese kettery en afgodery beskuldig (Die Kerkbode 6 Oktober 1982j: 1). Prof Gustav Bam van die Teologiese Skool van die Universiteit van Wes-Kaapland het die Sinode as adviseur bygewoon en voorgelig dat die afkondiging van 'n *status confessionis* die aflê van 'n belydenis vereis (Beeld 2 Oktober 1982: [ ]). 'n Ad hoc-kommissie is deur die Sinode aangewys wat die konsepbelydenis opgestel het wat as die *Belydenis van Belhar* (hierna *Belydenis 1986*)[47] bekend geword het.[48] Prof Dirkie Smit het van die aflê van 'n belydenis van hierdie aard gesê: "Christene ervaar as't ware die dwang of noodsaak om op te staan en te sê: Ons bely ….. En altyd sal daar mense wees, sê Karl Barth, ernstige mense, wat nie verstaan nie en wat kopskuddend vra waarom dit nou nodig was." (Die Kerkbode 31 Augustus 1983c: 12).[49] Heyns se siening ten opsigte van die *status confessionis* van die

---

[47] Die *Belydenis van Belhar* is na 'n proses van konsultasie met gemeentes, ringe en sinodes deur die Algemene Sinode van die NGSK op 26 September 1986 as belydenisskrif aanvaar (Die Kerkbode 1 Oktober 1986l: 1).

[48] Die ad hoc-kommissie wat die *Belydenis 1986* opgestel het was proff Gustav Bam, Jaap Durand, ds Isak Mentor, drr Allan Boesak en Dirkie Smit (Die Kerkbode 13 Oktober 1982k: 12). Bam, Mentor en Boesak was reeds lede van die Sinode en Durand en Smit is as kundiges op die kommissie benoem. Die kommissie het dit duidelik as hul taak gesien om in 'n konsepbelydenis bewoordinge te probeer vind vir die oortuigings wat reeds rondom die regverdiging van apartheid by lidmate geleef het, asook om in 'n begeleidende brief die dryfvere en gesindheid agter die daad van belydenis te probeer verwoord. Die konsepbelydenis is daarom gebou rondom die sleutelgedagtes van eenheid, versoening en geregtigheid. Daar is doelbewus geen verwysing na apartheid gemaak nie. Die volgende dag, 6 Oktober, is sowel die konsepbelydenis as die begeleidende brief onveranderd aanvaar en is besluit dat die brief altyd saam met die belydenis versprei moet word (Smit 2005: [ ]).

[49] Van 15 -17 Mei 1998 het die gereformeerde kerke in Duitsland 'n studiedag gehou waartydens 'n vennootskapsverdrag (*Partnerschaftvertrag*) tussen die *Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider Afrika* en die Duitse gereformeerdes, tewete: die *Evangelisch-Reformierte Kirche*, *Lippische Landeskirche* en *Reformierten Bund* gesluit is. Hierdie verdrag is gegrond op drie belydenisskrifte naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Teologiese Verklaring van die Belydenissinode te Barmen 1934 en die Belydenis van Belhar 1986 "als Wegweisung für die angefochtene Kirche…". In die publikasie wat die

NGSK en die *Belydenis 1986* kom na vore wanneer hy 'n predikantekonferensie in Mei 1984 toespreek.[50] Sy benadering ten opsigte van die *Belydenis* 1986 was merkbaar versigtig, gegewe die sensitiewe aard daarvan en die vraag hoe dit uiteindelik deur die ander lede van die N G Kerkfamilie ontvang sou word. Sy belangrikste punt was dat almal die belydenis ernstig moet neem. Hiermee sê hy nie dat daarmee geïdentifiseer moet word en die belydenis verdedig moet word nie, ook nie aan die ander kant, dat mense hulle daarvan moet distansieer deur dit te verwerp nie. Deur dit ernstig te neem bedoel Heyns dat mense moet "probeer verstaan". Dit gaan vir hom oor versoening – dat die *Belydenis 1986* nie polarisasie tot gevolg sal hê nie, maar versoening. Met tien redes motiveer Heyns waarom die *Belydenis 1986* ernstig geneem moet word. Uit dié redes is dit duidelik: dat hy daarvan oortuig is dat die *Belydenis 1986* op die Woord van God gegrond is; dat dit met worsteling uit die hart van die NGSK kom; dat die waarheid van die evangelie in hierdie geval op die spel is; dat die kritiek nie teen bepaalde mense of 'n bepaalde kerk gemik is nie, maar teen 'n valse leer en 'n ideologiese verdraaiing van die evangelie; dat dit mense rondom die evangelie wil versoen. Ter afsluiting vra Heyns die predikante: "Ons vra, neem die Sendingkerk ernstig, probeer verstaan, moenie sonder meer veroordeel nie, doen voorbidding, wees bereid tot dialoog, steek die hand in eie boesem – Spreek die Heilige Gees nie ook deur hulle ons aan in ons kairos (nie): Wat

---

verklaring van die vennootskapsverdrag bevat, naamlik *Das Bekenntnis von Belhar und seine Bedeutung für die reformierten Kirchen in Deutschland* het Suid-Afrikaanse teoloë betekenisvolle opmerkings oor die *Belydenis 1986* gemaak. Prof Willie Jonker sê: "Das Belhar-Bekenntnis ist ein Geschenk Gottes an unsere Kirchen." …. "Die Botshaft des Belhar-Bekenntnissen ist universal. Durch Gottes Gnade ist dies ein Beitrag aus unserem Land zum Bekenntnisschaft der weltweiten Kirche." Ook prof John De Gruchy van die Universiteit van Kaapstad skryf: "Das Belhar-Bekenntnis ist das Bekenntnis einer bestimmten Denomination, aber es hat wichtige ökumenische Bedeutung und Potential…" Prof Jaap Durand skryf: "Die drei Hauptthemen des Bekenntnissen von Belhar - die Einheit der Kirche, die Versöhnung zwischen Menschen untereinander und Gerechtigkeit Gottes gegenüber den Armen und den Bedürftigen – wird nicht in ihnen (die traditionellen Reformierten Bekenntnissen) angesprochen. Sehr wenig wird über die Einheit der Kirche gesagt. Versöhnung zwischen Menschen untereinander und Gerechtigkeit für Armen fehlen ganz. Das Bekenntnis von Belhar ist nicht bloß für Südafrika bestimmt…". Prof Dirkie Smit sê: "Über die mögliche Relevanz von Belhar in anderen Kontexten und für die Ökumene kann ich mich nicht äußern. Das müssen andere Kirchen und Gläubige beurteilen." ….. "Vielleicht ist das noch heute die größte Relevanz von Belhar für die URCSA. Es ruft uns zu Selbstkritik und Demut auf, zu Selbstprüfung, zu der Frage, ob wir wahrhaftig sind und tun, was wir vor der Welt bekennen. Persönlich denke ich, daß wir in vielerlei Hinsicht dem nicht gerecht werden und daß wir gegenseitig unsere Schuld bekennen müssen." (1998: 6,7,30,32).

[50] Ds David Botha vertel dat Heyns een van die eerste teoloë was wat die Belydenis 1986 onder oë geneem het. Hy het ingesien dat dit nie 'n bevrydingsteologiedokument was of sulke denke verteenwoordig het nie. Ook dat dit buite die konteks van die latere *Kairosdokument* en *Road to Damascus* geval het. Heyns was volgens Botha jammer dat die Belydenis 1986 ontstaan het toe die Ned Geref Kerk en die NGSK mekaar verloor het (1997: [ ]).

staan ons te doen?" (1984: 1,2). Hierdie is 'n vraag wat tot nou toe nog nie beantwoord is nie.

Volgens Heyns was die Algemene Sinode van 1982[51] vir hom 'n groot teleurstelling. Dit was 'n reaksionêre sinode wat na aanleiding van die besluite en standpunte wat ingeneem is, gekant was teen elke poging tot hervorming. Dit was 'n sinode wat vasgeval het. Hy en Jonker wat probeer het om 'n paar verligte standpunte soos 'n pleidooi vir die herroeping van die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet te stel, is kous oor die kop huistoe gestuur (Meiring 1994: 179).[52] Ina van der Linde, destydse kerksake-verslaggewer by *Beeld* onthou nog dat Heyns bleek van woede geword het toe hy en Jonker se voorstel oortuigend verslaan is. Hy het hom egter nie laat afsit deur die terugslag nie, maar slegs meer vasberade geword om in 'n posisie te kom om 'n verskil te maak. Tussen 1982 en 1986 het hy 'n ommeswaai bewerkstellig deur dit strategies te benader. As hy volgens haar, byvoorbeeld die Nico Smith-pad gevolg het, sou hy niks reggekry het in die Ned Geref Kerk nie (1997: [ ]).[53] Hy het dit egter buite die BM om gedoen, aangesien hy in 1982 in elke stemming uitgeval het en sy plek as ouderling-verteenwoordiger verloor het.[54] Hy was as't ware tot *persona non grata* verklaar (Van der Watt 1988:7). Met hierdie gebeure het Heyns in duidelike taal die boodskap gekry dat die verligte standpunte wat hy op sekere punte ingeneem het en sy verbintenis met teoloë wat lank reeds vantevore deur groot faksies in die kerk verwerp was, vir die besef van baie die pleeg van verraad teenoor die volksaak was. Die dieptepunt van hierdie proses was die Algemene Sinode van 1982 (Jonker 1996: 93).

---

[51] Die Algemene Sinode het van 12 tot 22 Oktober 1982 in Pretoria plaasgevind (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: [ ])

[52] Prof Willie Jonker vertel dat hy en Heyns voor die Algemene Sinode van 1982 besluit het om saam die saak van vernuwing in die kerk, ten opsigte van vasgeloopte verhoudinge, te voer. Albei van hulle is egter deur die sinode ten opsigte van leidende posisies in die kerk uitgestem. Heyns ten opsigte van die BM en Jonker ten opsigte van die Hersieningskommissie van RVN (1997: [ ]).

[53] Smith vertel dat hy ook die Sinode van 1982 besoek het. Heyns het hom nadergewink en gesê hy moet langs hom kom sit. "Ek het vir hom gesê die Sinode sal hom verwerp as hy dit doen, maar hy het gesê ek is sy vriend" (Beeld 7 November 1994: 3).

[54] In die verkiesing van die BM-slede het Heyns as primarius teen prof P B van der Watt verloor en as sekundus teen prof F J M Potgieter (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1402,1403).

Die druk op die Algemene Sinode van 1982 was groot. Daarom was die reaksionêre aard daarvan soveel te meer teleurstellend. In Augustus 1980 reeds waarsku ds Tappies Möller, redakteur van *Die Kerkbode* teen valse verwagtings wanneer hy rapporteer dat vanuit die NGSK by monde van sy blad *Die Ligdraer*, die versoek kom dat die apartheidsbeleid as eerste agendapunt op die Moderatuurskonferensie van September 1980 geplaas word. *"Daar kan beslis nie tot die sinodes van 1982 gewag word nie."* (1980d: 259). Uiteindelik het die sinode in elk geval nie aan die verwagtinge voldoen nie. Dr Allan Boesak[55] se kommentaar, nadat hy die sinode as waarnemer bygewoon het was: "'n Onvergeetlike week wat nou nog, soos donker agterna-weer oor ons koppe hang, en sal bly hang, tensy 'n wonderwerk gebeur…". Oor die sinode en apartheid het hy te sê gehad: "Die onvermoë van die NG Kerk om enigsins te erken wat *apartheid* gedoen het aan mense (Blank en Swart), aan die kerk, aan die evangelie, en die volgehoue weiering om te erken dat hy berou en bekering nodig het, is nie net verstommend nie, maar ontneem ook alle grond aan die verwagtings oor versoening." Prof Willie Jonker sê dat dit duidelik was dat die konserwatiewes tydens die sinode nie juis op teologiese gronde geargumenteer het nie. Die lidmate van die kerk raak egter al hoe sensitiewer vir die dinge waarmee die kerk gekonfronteer word en laat blyk meer as in die verlede hul ontevredenheid. Hy sê: "Ons mag naby 'n keerpunt in ons Kerk se geskiedenis wees." Dr Dirk Fourie se kommentaar aan die ander kant, het van tevredenheid getuig, dat volgens sy waarneming die sinode weinig deur druk van binne of buite beïnvloed is. "Soos 'n lokomotief op 'n spoor het die NG Kerk deur sy meerdere vergadering na vore beweeg." Verder is die aanklag van kettery volgens hom vir alle praktiese doeleindes geïgnoreer. Die sinode het volgens hom ook duidelik sy afkeer ten opsigte van die *Ope Brief 1982* gewys. Die ondertekenaars het volgens hom nie 'n "gulle ontvangs" by die sinode gekry nie (Die Kerkbode 12 Januarie 1983a: 12). Froneman skryf dat daar vir Heyns geen plek in die moderatuur van 1982 se Sinode was nie, onder andere omdat hy die *Ope Brief 1982*

---

[55] Ds Johan Kriel van Bulawayo beskuldig in 'n brief Boesak se teologie as 'n "teologie van bevryding" wat net soos die teologiese fundering van apartheid, in diens van die politiek staan, "of anders gestel, teologie met 'n politieke mikpunt." Die verskil is egter dat apartheid nooit as iets verhef was, wat die gereformeerde versoeningsleer vervang het nie. "Hoogstens kan ons daarvan beskuldig word dat ons die versoening uit genade (tussen God en mens) nie altyd ten volle laat *deurwerk* het nie." Wanneer die "teologie van bevryding" egter tot versoeningsleer verhef word, raak dit die evangelie in die hart. "As daar dan van kettery sprake is t.o.v. apartheid, dan is dit nodig om te besef dat daar van veel groter kettery sprake is in dr. Boesak se teologie." (Die Kerkbode 20 Oktober 1982l: 19).

gesteun het. Heyns het gesê daar moet na die honderd-drie-en-twintig se brief geluister word en daaroor gepraat word. Froneman sê ook deur die kwessie van kerklidmaatskap 'n steriele kerkregtelike kwessie te maak en dit weg te hou van Heyns en sy kollegas in die tydelike kommissie vir Leer- en Aktuele Sake op die Sinode van 1982, is die onvermydelike besluit ten gunste van "ope" lidmaatskap (in teenstelling met die ou rassistiese beleid) met jare vertraag. Hy meen dat dit dalk later daartoe bygedra het dat die Ned Geref Kerk, ondanks Heyns en andere se latere leiding die kans verpas het om betyds beslissende leiding te gee en eers ordentlik met apartheid afgereken het nádat die regering van mnr F W de Klerk die fout van apartheid erken het (1994: 25).

'n Verslag met die titel *Aktuele vrae oor die kerk,* wat as Bylae 1 deur AKLAS voorgelê is, is as antwoord op die GES se dokumente *Message to the Church* en *Church and its social calling* deur die sinode aanvaar (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 471-479, 1331). Alhoewel dit 'n AKLAS-dokument was, is die invloed van Heyns ongetwyfeld daarin te vind.[56] Begrippe soos die koninkryk van God, korrelatief tot die heerskappy van God en gehoorsaamheid aan God kom in die eerste paragraaf voor; die burgers van die koninkryk staan teenoor die wêreld in 'n verhouding van kritiese-solidariteit; hy behandel die Kuyperiaanse onderskeid tussen die kerk as organisme en as instituut; die kerk se roeping om 'n sigbare teken en konkrete gestalte van die koninkryk op te rig kom aan die beurt; Ook van Kuyper gebruik hy die formulering dat die kerk uit die herskepping opkom terwyl die ander samelewingsverbande uit die skepping opkom; Die taak van die kerk tot verchristeliking van die samelewing kom aan die orde; selfs Heyns se, nou al bekende Barthiaanse idee, van die kerk as voorbeeldige gemeenskap wat 'n protes en verset teen die sonde in die samelewing moet aanspreek, word amper in dieselfde asem as die verchristelikingsidee in die verslag genoem; ook die drieledige taak van die kerk wat met die drievoudige amp van Christus korrespondeer, naamlik die profetiese-, priesterlike- en koninklike taak is aanwesig in die verslag (Handelinge Ned Geref Kerk

[56] *Die Kerkbode* het 'n opsomming van die verslag met Heyns se foto daarby gepubliseer. Geen verwysing na Heyns as outeur word egter gegee nie. Nietemin versterk dit die vermoede dat Heyns die opsteller van die verslag was (27 Oktober 1982m: 20).

1982: 471-475).[57] Waar die sogenaamde "social gospel" deur Heyns in die verslag as 'n afwykende beskouing uitgewys word, waar die lewe en selfs die wese van die kerk opgaan in die horisontale en maatskaplike vrugte wat deur die evangelieverkondiging afgewerp word, is dit aan die ander kant net so 'n groot dwaling om te beweer dat die kerk geen verantwoordelikheid vir hierdie dinge het nie. Op soek na 'n motief, waarom mense die standpunt inneem dat kerk met politiek niks te make het nie, meen Heyns dat dit moontlik van 'n twee-terreineleer afkomstig is (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 478). In sy boek *Die Kerk* skryf Heyns dat kerk en politiek nie twee terreine of ryke is wat as wêreldse en geestelike, natuurlike en bonatuurlike, natuur en genade gekwalifiseer kan word nie (1977: 224). Wanneer dit voortkom uit politieke belang wat mense daarby het, sodat die kerk liewer nie met 'n waarskuwende stem in politieke sake moet inspreek nie, is dit sonder meer sonde "wat alleen op die sterkste moontlike wyse afgekeur moet word". In 'n ander geval wanneer die kerk die swye opgelê word wanneer dit om maatskaplike en politieke kwessies gaan, omdat die onderskeid tussen die kerk as instituut en organisme verkeerd toegepas word, wys hy dit ook af. Die kerk is verplig om duidelik te verkondig wat die beginsels is wat in die Woord van God vir alle terreine van die lewe vervat is. Hy mag egter nie politieke beleid of beleid op enige ander terrein van die lewe voorskryf nie (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 479). In die wêreld moet die kerk nie as instituut oorwoeker word nie en aan die ander kant nie die samelewing verkerklik nie, maar verchristelik (Heyns 1977:194,195). Met die aanvaarding van hierdie verslag het Heyns se teologie met spesifieke verwysing na sy kerkbegrip nou Ned Geref Kerk-beleid geword. Sy stempel was nou op die Ned Geref Kerk afgedruk, 'n invloed wat steeds daar is.

Oor die besluite van die WBGK te Ottawa het 'n spanningsvolle debat in die Algemene Sinode van 1982 plaasgevind. Uit die verslag wat die Ned Geref Kerk se WBGK-afgevaardigdes aan die Sinode gelewer het, was dit duidelik dat hulle die gebeure baie eensydig beleef het, veral die weiering van sommiges om saam met hulle nagmaal te

---

[57] Talle begrippe in die verslag is onder andere in se boek *Die Kerk* terug te vind (Kyk: Heyns, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel).

gebruik. Verder was een van hul besware dat die WBGK dit nie in sy konstitusie het, dat 'n lidkerk se lidmaatskap opgehef kan word nie (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1008,1013). In hierdie opsig verwys prof Adrio König in die algemeen dat woordvoerders van die Ned Geref Kerk standpunte dikwels op eksklusiwistiese wyse gestel het, dit wil sê met 'n verdedigende houding met geen ruimte vir kritiek nie. Kwade bedoelings is dikwels by die teenstanders gesoek terwyl daar aangevoer is dat ander die Ned Geref Kerk se situasie nie verstaan nie (1988: 77). Heyns het die Ned Geref Kerk se posisie dikwels ook verdedig, maar nie sonder 'n openheid en ruimte vir kritiek nie. Dit is juis ná die WBGK-vergadering in Ottawa dat hy, soos hierbo aangetoon, gesê het dat die Ned Geref Kerk opnuut sal moet kyk na sy verhoudinge met die Dogterkerke. Met enkele voorbehoude het hy die meerderheidsverslag aan die Algemene Sinode met betrekking tot die WBGK gesteun (Handelinge Ned Geref Kerk 1982:1025). Daaruit blyk sy bereidwilligheid om selfondersoek te doen, al het hy gevoel dat die WBGK onbillik teenoor die Ned Geref Kerk opgetree het. Tydens die bespreking van die addendumverslag van die BM met betrekking tot die WBGK, het Heyns daarop aangedring dat dr H B Senekal sy woorde terugtrek nadat hy na die WBGK as "'n Sinagoge van die duiwel" verwys het (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1371, 1381). Verder het hy, gesekondeer deur dr S J Eloff, 'n amendament by die afvaardiging se aanbevelings gevoeg, wat deur die sinode goedgekeur is:

> "…dat die Ned Geref Kerk in diepe ootmoed voor God wil bely dat hy nie bo alle kritiek verhewe is nie, en tog wil die sinode in alle opregtheid verklaar dat hy hom in die lig waaroor hy beskik het, nog altyd beywer het vir geregtigheid en menswaardigheid, maar dat dit in die gekompliseerde situasie van ons land, allermins eenvoudig is om dit altyd genoegsaam in die praktyk te verwesenlik." (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1373).

'n Minderheidsverslag van die BM, wat die verbreking van bande met die WBGK voorgestel het, kon nie die vereiste tweederde meerderheid behaal nie, maar interessant genoeg, het dié verslag wel die meeste stemme gekry (234 teenoor 230). Dit is toe van

die tafel af en die meerderheidsverslag wat hierna ter tafel geneem is, is toe deur die sinode aanvaar (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1370).[58]

Dit het gelyk asof Hennie Serfontein se voorspellings na die negatiewe kant begin waar word het. Hy skryf, as die Ned Geref Kerk se sinode 'n nie-rassige Ned Geref Kerk verwerp, die 123 se *Ope Brief 1982* verwerp, verder gaan om die apartheidsbeleid nie te bevraagteken nie en die Nasionale Party en Konserwatiewe Party as voertuie van Afrikaner-Nasionalisme te beskou, dan is die kans vir 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika nul en dan sal die Ned Geref Kerk gefaal het in sy Bybelse roeping om swart en wit in Suid-Afrika te versoen (1982: 203). Vir Heyns was dit by hierdie tyd 'n uitgemaakte saak dat volgens sy verstaan daarvan, die Ned Geref Kerk apartheid amptelik by 'n Algemene Sinode sou moes verwerp en ook daaroor skuld bely. Alreeds het hy gesê dat Algemene Sinode nie gereeld genoeg vergader om die veranderende gebeure op die Suid-Afrikaanse en wêreldtoneel te kan hanteer nie. Die geleentheid by die 1982-Sinode was verpas en die volgende geleentheid was eers vier jaar later met die Algemene Sinode van 1986. Dit is seker nie 'n oordrywing om te sê dat Heyns geweet het dat hy min-of-meer één kans gehad het om 'n verskil te maak, maar hoe sou hy en ander wat soos hy gevoel het die volgende Algemene Sinode daarvan kon oortuig?

Die Studiekommissie (hierna Hersieningskommissie) wat deur 1982 se Algemene Sinode aangestel is om RVN te hersien, het aan Heyns sy kans gebied. In die verslag van die BM aan die Algemene Sinode van 1982, word gesê dat RVN as publikasie wêreldwyd versprei was en "baie roofvisse getrotseer het". In die eerste paragraaf van die verslag kom die volgende wysheid voor: "Die kerk kan homself nie die weelde veroorloof om die besinning oor rasse- en volkereverhoudinge op 'n gegewe moment as afgedaan te beskou nie". Die paragraaf lui verder dat die kerk se roeping om opnuut na die Woord van God te luister nooit beëindig word nie. Dit is omdat die huidige situasie nooit staties is nie en omdat hy homself voortdurend moet afvra, of vroeëre uitsprake oor rasse- en volkereverhoudinge wel in alle opsigte met die Woord van God ooreenstem. Na

[58] Hierdie situasie het die grappie onder die sinodegangers laat ontstaan wat lui: "Sommige ontevrede afgevaardigdes wou hulle stem in die *minderheid* laat aanteken, maar die probleem was dat hulle nie in die minderheid was nie, maar die *meerderheid*." (Die Kerkbode 27 Oktober 1982n: 10,11).

aanleiding hiervan het die BM aanbeveel dat RVN "indringend" in die lig van die Skrif hersien word, - vir oorweging deur die volgende Algemene Sinode. Die taak is aan die BM opgedra om die taak uit te voer (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 97). Tydens die goedkeuring van die aanbevelings, is dit gewysig sodat die Tydelike Kommissie vir Kommissies 'n studiekommissie sou aanwys om RVN te hersien. Die BM moes toesien dat die kommissie so spoedig moontlik met sy werksaamhede kon begin en dat vorderingsverslae gereeld aan hom voorgelê word. Die kommissie sou uit die vier lede van die dagbestuur van die BM asook nog tien ander lede bestaan (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1182,1183,1203).[59] Ds Kobus Potgieter, die moderator sou as sameroeper optree. Dit is interessant om daarop te let dat Heyns en prof A B du Toit, wat as Dogmatikus en Nuwe Testamentikus in die kommissie opgeneem is, albei ondertekenaars van die *Getuienis 1980* was. Prof Willie Jonker, nog 'n destydse ondertekenaar was as sekundus vir Heyns aangewys. Die opdrag van die kommissie was om RVN te hersien en "indien moontlik die beleid van die Ned. Geref. Kerk korter en duideliker te stel en in 'n eenvoudiger en makliker vorm te stel." Verder, "….om naas die prinsipiële standpunt, waar moontlik ook die praktiese implikasies wat dit vir die kerk inhou, duidelik uit te spel." (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 87).[60] Daar is besluit om in Die Kerkbode enige persoon of instansie uit te nooi om bydraes in te stuur sodat die kommissie dit kon bestudeer (23 Maart 1983b: 1).[61] *Die Kerkbode* het aanvanklik 'n amptelike uitnodiging vir bydraes gerig, dat "…enigeen – dus ook lidmate en instansies van ons eie Kerk en van ander kerke welkom sal wees om binne 'n bepaalde tyd sake aan die BM voor te lê wat deur die studiekommissie oorweeg kan word" (27 Oktober 1982o: 6). Verder het *Die*

---

[59] Die kommissie wat RVN "indringend" moes hersien was die Dagbestuur van die BM, naamlik di J E Potgieter (Moderator), G S J Möller (Assessor), dr D C G Fourie (Aktuarius), ds D J Viljoen (Skriba), plus tien lede naamlik prof J A Heyns (Dogmatiek), prof D A du Toit (Christelike Etiek), prof C W H Boshoff (Sendingwetenskap), ds D S Snyman (Sending), prof A B du Toit (Nuwe Testament), prof P A Verhoef (Ou Testament), prof P B van der Watt (Kerkreg), prof P Smit (Behuising/Verstedeliking), dr M M Nieuwoudt (Sosiologies-Kerklik), dr P Rossouw (Uitvoerende amptenaar) (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 87).

[60] Dr D J Hattingh en ds J W Hanekom het 'n amendament ingedien wat struktuur aan die taak van die Hersieningskommissie ten opsigte van die hersiening van RVN verleen het (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1183, 1203, 1204).

[61] Die Algemene Sinode van 1982 het besluit om 'n amendament deur dr J du P Malan en oudl D J Sadie dat slegs 'n uitnodiging vir voorstelle ten opsigte van die hersiening van RVN in *Die Kerkbode* gerig word, te aanvaar. Dit was in die plek van 'n besluit dat leraars en kerklike vergaderinge geleentheid kry om sake en memoranda aan die BM voor te lê (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1204). Dit sou waarskynlik beter gewees het om die pad van formele konsultasie deur kerkrade, ringe en sinodes te loop, soos wat die NGSK met die Belharbelydenis gedoen het.

*Kerkbode* van tyd-tot-tyd oor die vordering van die Hersieningskommissie se werksaamhede gerapporteer.[62] 'n Amendament dat die BM voor die finale afronding van die Hersieningskommissie se verslag sy dagbestuur saam en die moderature of dagbesture van die ander kerke van die Familie van Ned Geref Kerke vir oorlegpleging byeenroep, is nie deur die sinode goedgekeur nie. Die sinode besluit egter dat dit nie beteken dat hy nie by "die regte geleenthede" met die ander kerke oor hierdie sake wil praat nie (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1204). Volgens Heyns is daar so breed moontlik begin werk deur die kommissie, deur studiestukke te sirkuleer. Dan is daar saamgekom en standpunte teenoor mekaar gestel. Op die wyse is die inhoud van die stukke oorweeg. In die proses is daar baie gereduseer. Niemand het aanvanklik geweet hoe die eindproduk sou lyk nie. Wat hulle wel geweet het was dat dit nie 'n herskryf van RVN met vetgedrukte en ander paragrawe kon wees nie, omdat dit eindelose verwarring veroorsaak het (1994: [ ]).

Op 30 Maart 1983 het die Dagbestuur van die BM 'n brief aan al die kommissielede uitgestuur en hulle volgens die hoofstukke van RVN ingedeel (Dagbestuur Breë Moderatuur 30 Maart 1983: 1).[63] Op sy eerste vergadering het die kommissie vir ds Kobus Potgieter as voorsitter, ds Tappies Möller as vise-voorsitter en dr Pierre Possouw as skriba verkies. Verder het die kommissie homself in drie subkommissie onder die hoofde: *Problematiek, Prinsipeel* en *Prakties* heringedeel (Kyk bylae A: Indeling van die Hersieningskommissie van RVN). Heyns is saam met Van der Watt en Rossouw by die sub-kommissie ingedeel wat vir die prinsipiële gedeelte verantwoordelik was. Hulle drie moes aanvanklik studiestukke oor "*Kerk, Koninkryk en Ekumene*" indien (Notule Hersieningskommissie 12 en 13 Maart 1984a: 1,7). Later is Heyns en Boshoff ook saam

[62] Vergelyk verskeie uitgawes van *Die Kerkbode*: "Kerk hersien Ras, volk, nasie op sy eie. Spel praktyk uit, vra sinode" (20 Oktober 1982m: 1); "Hersiening van Kerk se standpunte" (27 Oktober 1982o: 6); "Belangrike reeks vergaderings in Pretoria" (7 Maart 1984b: 4); "Hersiening van Ras, volk en nasie vorder stadig" (7 November 1984d: 2); "Hersieningskommissie in Mei weer byeen" (12 Maart 1986d: 1); "Ras, volk, nasie: Verslag voltooi. Nuwe naam voorgestel" (13 Augustus 1986g: 1,2).

[63] In dié brief aan die lede van die Hersieningskommissie is dit aan die sub-kommissies opgedra om alle stukke van binnelandse- en buitelandse kerke, media, en lidmate wat op die oproep in *Die kerkbode* gereageer het saam met die toegewyste hoofstukke van RVN te bestudeer. Vorderingsverslae moes ingedien word en die Dagbestuur van die BM sou as eindredaksie optree (Dagbestuur Breë Moderatuur 30 Maart 1983: 1). Bykans tweeduisend bladsye kommentaar het van alle oorde ingekom wat deur die Hersieningskommissie bestudeer is. 'n Lys van persone en instansies wat kommentaar ingestuur het is in die verslag van die Hersieningskommissie, wat aan die Algemene Sinode van 1986 voorgelê is, vervat (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 87-89).

met Potgieter, Fourie, Nieuwoudt en Viljoen tot sub-kommissie drie, wat oor die praktyk gewerk het, toegevoeg (Notule Hersieningskommissie 20 en 21 September 1984b: 4).

Op die vergadering van die Hersieningskommissie van 8 en 9 Augustus 1985 het die verslag al sy finale vorm begin aanneem. Tydens die vergadering het die volle kommissie sy wens uitgespreek dat konsensus ten opsigte van die verslag wat voor die Algemene Sinode van 1986 moes dien verkry moes word. Indien konsensus op sommige punte onmoontlik sou blyk te wees, sou 'n lid die reg hê om 'n alternatiewe formulering by te voeg (Notule Hersieningskommissie 8 en 9 Augustus 1985: 1). Hierdie besluit van die kommissie was die rede waarom daar verskeie minderheidstandpunte in die konsepverslag (hierna Konsepverslag KS 1986)[64] van die dokumente KS 1986[65] voorgekom het.[66] Potgieter en Rossouw sê in hul verslag aan die sinode dat die personeel van die Hersieningskommissie onveranderd gebly het en dat daar 'n hartlike gesindheid geheers het, ten spyte van die ingrypende beredeneringe wat plaasgevind het (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 89). Heyns se ervaring was dat die kommissie intern baie worsteling en stryd gehad het. Kyk 'n mens na die minderheidstandpunte wat in die konsepverslag vervat is, word dit duidelik dat daar twee duidelike groeperinge in die geledere van die Hersieningskommissie gevorm het. 'n Mens sou van die Potgieter- en Heynsgroep kon praat (Heyns 1994: [ ]). Prof Carel Boshoff, ook 'n lid van die kommissie het hierdie feit bevestig (1995: [ ]). Uit 'n ontleding van die minderheidstandpunte asook deur wie dit gestel is, kan die Potgieter- en Heynsgroep duidelik onderskei word. (Kyk bylae B vir 'n opsomming van die minderheidstandpunte in die Konsepverslag KS 1986). Met inagneming van die feit dat almal in 'n sekere groepering nie noodwendig oor alles saamgestem het nie, sou 'n mens as lede van die Potgietergroep kon identifiseer: Potgieter, Fourie, Viljoen en Nieuwoudt. Hulle het konsekwent dieselfde minderheidstandpunte ondersteun. Ook Boshoff kan hierby gevoeg word, wat drie van dié groep se minderheidstandpunte ondersteun het maar ook twee van

[64] Konsepverslag: Kerk en Samelewing. 1986. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. 15-25 Oktober 1986. Bloemfontein. NG Sendingpers.
[65] Kerk en Samelewing. 1986. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk – Oktober 1986. Bloemfontein. Pro Christo Publikasies.
[66] Ds Kobus Potgieter maak in die voorwoord melding van die rede vir die talle minderheidstandpunte (Konsepverslag KS 1986: [ ]).

sy eie gestel het. Snyman wat twee van dié groep se standpunte ondersteun het word ook hier gegroepeer. Die Heynsgroep se prominentste lede was Heyns en A B du Toit, waarby D A du Toit en P A Verhoef gevoeg kan word. Dan was daar vier lede wat geen minderheidstandpunte geformuleer het nie, gevolglik is dit nie moontlik om hulle in te deel nie. Hulle was Smit, Van der Watt, Rossouw en Möller (Konsepverslag KS 1986: 44-47,54,62-63). Dit is duidelik dat daar nie algehele konsensus in die Hersieningskommissie moontlik was nie. 'n Bespreking van par 319 van die konsepverslag staaf die bogenoemde stelling:

> "Die oortuiging het allengs gegroei dat 'n beleid van afsonderlikheid nie gesteun en toegepas kan word as dit nie uit die Skrif geregverdig kan word nie. Dit het by sommige die oortuiging laat ontstaan dat afsonderlike ontwikkeling van volke 'n voorskrif van die Bybel is en daarom deur die kerk as Bybelse eis aan die owerheid voorgeskryf moet word."

Hierdie is die enigste paragraaf waar beide groepe 'n minderheidstandpunt gestel het. Heyns, A B du Toit, D A du Toit en Verhoef stel voor dat aan die einde van die paragraaf bygevoeg moet word:

> "Die verheffing van apartheid tot 'n religieus-gekleurde ideologie, ten opsigte waarvan nie ontken kan word dat dit ook in die Ned Geref Kerk voorgekom het nie, is 'n dwaling wat alhoewel onbedoeld, veral in sy praktiese toepassing tot veel leed, lyding en bitterheid begedra het. Hiervan moet in alle opregtheid voor God en die mense belydenis gedoen word."

Potgieter, Fourie, Viljoen, Nieuwoudt, Boshoff en Snyman stel egter voor dat die hele paragraaf met die volgende vervang moet word:

> "Die debat oor die prinsipiële en Skriftuurlike begronding van die beleid van afsonderlikheid het, onder andere in die Ned Geref Kerk oor die jare heen voortgegaan in die kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes. Hoewel sommige dit op sekere stadia voorgestaan het, het die besef mettertyd gegroei dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelei kan word nie."

Hier is dit duidelik dat albei groepe saamgestem het dat apartheid en gedwonge afsonderlikheid en skeiding nie as voorskrif uit die Bybel afgelees kon word en dus

Skriftuurlik begrond kon word nie. Die weë loop egter uiteen waar die Heynsgroep skuld daaroor wil bely en die Potgietergroep nie. Die Heynsgroep gaan met hul voorgestelde byvoeging verder deur saam met die skuldbelydenis ook te erken dat die Ned Geref Kerk, "hoewel onbedoeld" aan die dwaling meegedoen het en baie leed, lyding en bitterheid help veroorsaak het. Dit moes voor God en die mense bely word.

Die feit dat al die minderheidstandpunte in die derde en praktiese gedeelte van van KS voorgekom het, onderstreep die feit dat daar grootliks eenstemmigheid ten opsigte van die eerste twee dele van die konsepverslag by die kommissielede was. Dit het oor die problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing en die Bybels-prinsipiële rol van die kerk in die samelewing gehandel. Om praktiese gehoorsaamheidsgestalte aan hierdie Bybelse beginsels in 'n problematiese samelewing te gee, was nie so maklik nie. Die kwessies waaroor die minderheidstandpunte gehandel het was byvoorbeeld: eenheid in die Familie van Ned Geref Kerke; voorwaardes vir toelating tot lidmaatskap van gemeentes; die hantering van aanklagte deur ander Christene oor onreg wat gepleeg word; samelewingsprobleme wat as gevolg van die verskeidenheid van volke bestaan; rasgemengde huwelike; ensovoorts (Konsepverslag KS 1986: 44-47,54,62-63).

Die feit dat die hele Potgietergroep met die aanvanklike werksverdeling by hoofstukke 3,4 en 5 van RVN geplaas is, is betekenisvol. Hierdie hoofstukke het ook oorwegend oor die praktyk gehandel, byvoorbeeld "Kerk en Maatskaplike Geregtigheid","Huwelike en Rasgemengde Huwelike" en "Kerk en Sending" (Agenda Hersieningskommissie 12 en 13 Maart 1984: 1,2). Later toe die kommissie homself heringedeel het, het die vier lede van die Potgietergroep met die sterkste standpunte, naamlik Potgieter, Fourie, Viljoen en Nieuwoudt steeds by die derde deel van die werksaamhede wat oor die praktyk handel gebly (Notule Hersieningskommissie 12 en 13 Maart 1984a: 7). Drie van hierdie vier was op die Dagbestuur van die BM, naamlik Potgieter (Voorsitter), Fourie (Aktuarius) en Viljoen (Skriba). Die bogenoemde is 'n aanduiding van 'n magstryd wat binne die Hersieningskommissie plaasgevind het, waar die Potgietergroep aanvanklik in die

sleutelposisies van die kerk was en die hef in die hand gehad het.[67] Van 1984 tot 1986 het 'n intense debat tydens die hersiening van RVN plaasgevind en uiteindelik is 'n produk in die vorm van die Konsepverslag 1986 aan die Algemene Sinode van 1986 voorgelê wat totaal anders as RVN gelyk het. Dit was klaarblyklik ook heelwat anders as hoe die Potgietergroep dit beoog het, vandaar die talle minderheidstandpunte wat hulle voor die sinode gelê het. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat die Potgietergroep ten opsigte van die opstel van die dokument KS 1986 iewers langs die pad die inisiatief verloor het. Die vraag is, hoe dit gebeur het en relevant vir hierdie studie, watter rol Heyns daarin gespeel het.

Om deels op die bogenoemde vrae te antwoord is dit noodsaaklik om vas te stel watter paragrawe in KS positief aan Heyns gekoppel kan word, aangesien die stryd in die geledere van die Hersieningskommissie uit die aard van die saak oor die inhoud van KS gehandel het. Alhoewel Heyns nie die enigste lid van die kommissie was wat graag verandering wou sien nie, was hy tog in hierdie geval die persoon wat met dryfkrag en inisiatief die leiding geneem het ten opsigte van nuwe en vars formuleringe.[68] Billikheidshalwe moet sy eie opmerking hier genoem word, naamlik dat die opstel van KS 'n proses was waaraan veertien lede meegewerk het. Die werkswyse was nie sodanig dat 'n bydrae deur die opsteller onderteken is nie, aangesien die verslag uiteindelik die produk van die hele kommissie sou wees (minderheidstandpunte natuurlik uitgesluit). Hierna het, volgens Heyns, 'n hele sinode van bykans vyfhonderd afgevaardigdes die dokument goedgekeur nadat ook hulle sekere wysigings aangebring het. Dit is dus nie so

---

[67] Vergelyk die aanvanklike brief van die Dagbestuur van die BM aan die lede van die Hersieningskommissie wat lui dat die Dagbestuur die modus operandi uitgewerk het, die indeling van lede in sub-kommissies gedoen het en as eindredaksie opgetree het (30 Maart 1983: 1).

[68] Verskeie lede van die Hersieningskommissie is dit eens dat Heyns oor besondere vermoëns beskik het en dit aangewend het om sy oortuiginge te bevorder. Prof D A du Toit noem dat die kommissielede 'n hoë profiel gehad het, - sterk leiers met sterk standpunte. Heyns het in die debate 'n sterk rol gespeel. Sy intellek, teologiese belesenheid en die feit dat hy 'n goeie formuleerder en orator was, het hom 'n gedugte faktor gemaak (1997: [ ]). Prof Carel Boshoff voeg daarby dat saam met Heyns se oratoriese vermoëns en sy intellektuele krag het hy 'n emosionele gedrewenheid gehad wat hom instaat gestel het om so 'n groot invloed uit te oefen (1995: [ ]). Ds Kobus Potgieter vertel dat Heyns skerp en vinnig van verstand was. Hy het gedurende die wersaamhede van die kommissie agtergekom dat Heyns daarvoor gemik het om sy standpunte by die Algemene Sinode van 1986 deurgevoer te kry (1997: [ ]). Dr Dirk Viljoen vertel dat tydens die Hersiningskommissievergaderings het daar soms situasies ontstaan waar verskillende formuleringe oor 'n bepaalde saak op die tafel was. Wanneer die saak sensitief geraak het, het Heyns meermale op die daad geformuleer en hulle só daardeur gehelp. Hy het ook byvoorbeeld voorgestel dat RVN se naam na KS verander en dit het so deurgegaan (1998:[ ]).

maklik om één persoon se bydrae agterna te identifiseer nie (Heyns 1994: [ ]). Ten einde Heyns se invloed op die Ned Geref Kerk so volledig moontlik vas te stel is dit noodsaaklik om te bepaal watter paragrawe in KS na hom teruggevoer kan word. Die beskrywing wat hierna volg, sit die metode wat gevolg is om Heyns se bydrae vas te stel uiteen.

Met die indeling sowel as die herindeling van die Hersieningskommissie, waarna reeds verwys is, was Heyns deurgans by Sub-kommissie 2 wat oor prinsipiële sake gewerk het ingedeel. Later het hy ook in Sub-kommissie 3, wat oor die praktyk gewerk het, diens gedoen. Die agenda- en notulebundels van die Hersieningskommissie is eerstens sorgvuldig deurgegaan om enige verwysings na Heyns op te spoor. Die indeling van die lede van die Hersieningskommissie was hiervoor van kardinale belang. Heyns, Van der Watt en Rossouw, wat Sub-Kommissie 2 gevorm het se taak was om hoofstuk twee van RVN met die titel, *Kerk, Koninkryk en Ekumene* te hersien. Deur die verslae en studiestukke van ander sub-kommissies uit te skakel, kon die aanvanklike studiestukke van Sub-kommissie 2 geïdentifiseer word. Hierdie stukke is in die eerste verslag vervat, wat vir die vergadering van 12 en 13 Maart 1984 voorberei is (Agenda Hersieningskommissie 12 en 13 Maart 1984: 2). Heyns het later bevestig dat 'n spesifieke studiestuk van vyf-en-twintig bladsye, behalwe 'n gedeelte wat oor *Kerk en Ekumene* handel, van hom afkomstig was.[69] Volgens Heyns was die laasgenoemde gedeelte van Rossouw afkomstig terwyl Van der Watt geen stuk ingedien het nie (1994: [ ]). Die betrokke studiestuk is van 'n inhoudsopgawe met die volgende hoofde voorsien: (1) *Die begrippe Kerk en Koninkryk*; (2) *Die kenmerke van die kerk*; (3) *Eienskappe van die kerk*; (4) *Verhoudinge waarin die kerk staan*; (5) *Die taak van die kerk*; (6) *Kerk en Ekumene*; (7) *Kerk en volk*. Daarmee saam was daar 'n voorstel dat die "*Belydenisskrifte van die kerk*" en "*Kerk en Politiek*" bygevoeg word. Dit is interessant om daarop te let dat ses van die bogenoemde hoofde met die nege hoofstukke van Heyns se boek *Die Kerk* ooreenstem, terwyl die oorblywende hoofde ook met sub-paragrawe in dieselfde boek ooreenstem (Heyns 1977: [ ]). In die notulebundel is daar nog 'n stuk wat met die

[69] Die agenda- en notulebundels van die Hersieningskommissie is op 12 Januarie 1994 deur die skrywer na Heyns geneem om sy bydrae eerstehands vas te stel (1994: [ ]).

bogenoemde studiestuk ooreenstem. Dit word by die notule van 28 en 29 Mei 1984 van Sub-kommissie 2 aangetref en bestaan uit agt bladsye met die opskrif: *Verslag van die Sub-kommissie vir die Hersiening van Ras, Volk en Nasie – Hoofstuk II*. Hierdie stuk is deur Heyns, Van der Watt en Rossouw ingedien. Daarin kom ook verskeie formuleringe voor wat met paragrawe in KS ooreenstem. Op een na kon daar egter, wat hierdie studiestuk aanbetref, nie na méér paragrawe verwys word, as wat die geval met die eersgenoemde studiestuk was nie (Notule Sub-Kommissie 2 28 en 29 Mei 1984: [ ]). Op nog een ander plek in die agendabundel is daar pertinent na werk wat Heyns ingelewer het verwys. In dié geval, toe die proses al redelik in sy finale stadium was, moes hy 'n aantal paragrawe wat hy geformuleer het verkort. Dié paragrawe, genommer 79-94, kom in die agendabundel in hoofstuk III – *Praktiese werklikhede* voor. Dit is 7 Februarie 1986 gedateer (Agenda Hersieningskommissie 3 en 4 Maart 1986: 12). Die inhoud van die bogenoemde gedeeltes is met die inhoud van die Konsepverslag 1986 sowel as met KS 1986 en KS 1990[70] vergelyk en die ooreenstemmende paragraafnommers is aangeteken.[71] (Kyk Bylae C vir vergelykende paragrawe in die Konsepverslag KS 1986, KS 1986 en KS 1990 wat deur Heyns geformuleer is).

Heyns het sy stempel deeglik op die werksaamhede van die Hersieningskommissie, met as resultaat die Konsepverslag KS 1986, afgedruk. Die minderheidstandpunte op sommige kritiese punte was 'n bewys van die stryd waarmee die opstel van KS gepaard gegaan het en uiteindelik moes alles deur die Algemene Sinode 1986 getoets word. Dit was die volgende rondte in Heyns se opmars, maar ons kom later daarby.

In die tussentyd het die debat oor die isolasie van die Ned Geref Kerk opnuut opgevlam. Met die verbreking van die bande met die GKN in 1978 en die opskorting van die

---

[70] Kerk en Samelewing. 1990. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk – Oktober 1990. Bloemfontein. Pro Christo Publikasies.

[71] Alhoewel Heyns waarskynlik vir nog formuleringe in die KS-dokumente verantwoordelik was, was dit as gevolg van die herindeling wat die Hersieningskommissie ondergaan het, asook die metode wat die kommissie gevolg het deur studiestukke gesamentlik te evalueer en die feit dat Heyns nêrens sy naam op sy stukke aangebring het nie, nie moontlik om méér as die geïdentifiseerde gedeeltes positief aan Heyns te verbind nie. Dit mag egter moontlik wees om in sekere paragrawe in KS begrippe en formuleringe te vind, wat met begrippe en formuleringe in van Heyns se ander geskrifte en publikasies ooreenstem. Verwysings na sulke gedeeltes kan slegs op grond van die ooreenstemmende inhoud met Heyns verbind word.

lidmaatskap van die Ned Geref Kerk van die WBGK in 1982, soos voorheen na verwys, asook die opskorting van die bande met die Ned Geref Kerk deur die Duitse *Reformierten Bund*,[72] was die Ned Geref Kerk teen hierdie tyd redelik effektief geïsoleer (Die Kerkbode 26 Mei 1982a: 1). Toe die GES in Augustus 1984 in Chicago vergader en hom ten opsigte van die sogenaamde kettery van die Ned Geref Kerk by die besluite van die WBGK van 1982 te Ottawa skaar, was die Ned Geref Kerk se lidmaatskap in gevaar. Die GES het besluit dat dié kerk teen die einde van 1986 aan 'n interim-komitee van die GES moes rapporteer oor wat hy gedoen het om sy beskouings en handelswyses met betrekking tot die beleid van afsonderlike ontwikkeling in die kerklike en staatkundige lewe te heroorweeg. Die GES sou in 1988 die lidmaatskap van die Ned Geref Kerk in heroorweging neem (Die Kerkbode 22 Augustus 1984c: 3). Heyns het nog altyd ernstige probleme daarmee gehad dat kerke hul rug op ander kerke kan draai. "Ons verwag nie van daardie kerke om met ons saam te stem nie, maar ons verwag ook nie van hulle om ons te ignoreer of te veroordeel nie. Wat ons van hulle verwag kan miskien die beste in twee woorde uitgedruk word: Kritiese-solidariteit." (29 Julie 1982e: [ ]). Die gevaar van rugdraai van kerke op mekaar was nie net van buite af nie, maar ook van binne. Op 31 Oktober 1984 het die BM van die Ned Geref Kerk besluit om met ingang van 1 Januarie 1985 voorlopig die bande met die GES op te skort. As redes is die besluite oor die Ned Geref Kerk en apartheid wat deur die GES geneem is, asook verskeie probleme wat die Ned Geref Kerk met die GKN gehad het en wat dit moeilik gemaak het om saam met die GKN in die GES te dien (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 78). Heyns het met skok en verbasing op die BM se besluit[73] gereageer, onder andere omdat die Algemene Sinode van 1982 besluit het dat dit slegs die Algemene Sinode sal wees, wat in 1986 onder

---

[72] Die voorwaardes vir die herstel van die gespreksbande met die Ned Geref Kerk was: Dat deur woord en daad konkrete stappe gedoen word om diegene wat onder apartheid ly, te help; in die openbaar te getuig vir geregtigheid en versoening; en apartheid op politieke en kerklike terrein te verwerp. Voortaan sou hulle die Broederkring as "'n outentieke stem van die NG Kerk" beskou (Die Kerkbode 26 Mei 1982a: 1). Volgens dr Volker Faigle van die *Evangelische Kirche in Deutschland* (Hierna genoem EKD) het die *Reformierten Bund* basies dieselfde standpunt as die WBGK in Ottawa ingeneem maar dit as verkeerd beskou om die Ned Geref Kerk totaal te ignorer. Dit was 'n van die deure wat toegemaak was, maar die vensters was nog oop (1998: [ ]). Volgens die *Bund* se verslag wat as bylae by die BM se verslag aan die Algemene Sinode van 1982 ingedien is: "We wish, in solidarity with the black reformed churches of South Africa, also to maintain our dialogue with the white reformed churches" (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 159).

[73] Heyns meld dat die BM se besluit nie eenparig was nie. Prof Flip van der Watt en ds Deon van Dyk het daarteen gestem (Beeld 3 Januarie 1985: 1). Prof van der Watt het ook sy voorbehoud in die BM se verslag aan die Algemene Sinode van 1986 laat aanteken (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 79,86).

bepaalde voorwaardes die lidmaatskap van die GES sou heroorweeg. Hy sê terwyl die Ned Geref Kerk in 'n posisie gekom het om oor sy pogings tot normalisering van verhoudinge te rapporteer, dompel die BM die kerk in groterwordende isolasie.[74] Hy is van mening dat die BM se besware nie teologies, prinisieel of selfs dringend van aard was nie. Op dié wyse het die BM die Algemene Sinode van 1986 volgens hom op 'n "onvoorspelbare wyse geprejudisieer". Heyns se hoofpunt van kritiek is dat die BM se besluit 'n "onvriendelike en onbroederlike" gebaar teenoor die ander kerke van die NG-Familie is. "Die ander kerke van die familie word dikwels kwalik geneem vir hul uitsprake maar ons laat hulle alleen in die GES, in die SA Raad van Kerke, in die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke. En dan is ons stom-verbaas oor wat daar by hulle aangaan…" (Beeld 3 Januarie 1985a: 1,4). Ds Kobus Potgieter het op Heyns se kritiek gereageer, onder andere ook na aanleiding van die radioprogram *Oop Gesprek* deur Hennie Duvenhage wat oor die saak gehandel het. Potgieter reken daar hoef nie noodwendig teologiese redes vir 'n kerk te wees om sy lidmaatskap van 'n liggaam soos die GES op te sê nie. Verder sien hy nie fout met wat die BM gedoen het nie, aangesien die BM terselfdertyd die Algemene Sinode se ekumeniese kommissie is. Soos enige ander kommissie 'n sinode met 'n verslag bedien en positief of negatief beïnvloed, doen die BM dit ook. As dit dan prejudisiëring is, kan daar volgens hom nie beswaar daarteen wees nie. Hy sê dat die BM se besluit nie die hart van die evangelie of die wese van die kerk raak nie. "Al sou 'n kerk van die Here Jesus aan geen enkele internasionale kerklike liggaam behoort nie, hou hy nie daarom op om langer kerk van Jesus Christus te wees nie." (Die Kerkbode 30 Januarie 1985a; 5).[75] Ook ds David Snyman, 'n lid van die BM, het 'n paar maande later met 'n skerp aanval op Heyns gereageer waarin hy Heyns se voorliefde vir die ekumene onder verdenking bring. Hy gebruik Heyns se formulering in

---

[74] Dr Pierre Rossouw, direkteur Ekumeniese Sake en Inligting van die Ned Geref Kerk was van mening dat dit onmoontlik is om die Ned Geref Kerk te isoleer. Op grond van voorbeelde van kerke wat met die Ned Geref Kerk kontak soek, byvoorbeeld die *Reformed Church in Japan* en die *Nederlandse Gereformeerde Kerke (Vrygemaak)*, sê Rossouw dat die aard van formele bande mag wysig, maar isolasie bestaan nie. "Sinvolle, ekumeniese kommunikasie gaan onverpoosd voort." (Die Kerkbode 30 Januarie 1985b: 7).

[75] Potgieter vertel dat hy op hierdie punt van Heyns verskil het naamlik oor die vraag of die ekumene wesenlik deel van die kerk is. Heyns het so 'n standpunt ingeneem. Dit was volgens Potgieter deel van 'n verskuilde agenda by Heyns. Potgieter was van mening dat die kerk wel kan voortbestaan sonder ekumeniese bande (1997: [ ]). Ook vir dr Dirk Fourie aktuarius van die Ned Geref Kerk is ekumene 'n "middelmatige saak." Volgens hom is Woordbediening, die sakramente en tug eintlik waaroor kerkwees gaan (Die Kerkbode 20 Augustus 1986h: 1).

laasgenoemde se boek *Dogmatiek* van 1978 om te sê dat Heyns erkenning verleen aan "gestaltes van die koninkryk" wat naas die kerk bestaan. Heyns sê dan volgens Snyman dat "gelowiges dwarsoor die grense van die kerk heen, mekaar se hande moet vat en saam hulle stem moet laat hoor…." Hieruit lei Snyman af dat Heyns die bestaan van organisasies soos die Oxfordgroep-beweging, AEB, Christelike Instituut, Broederkring, Reforum en RESA steun en bevorder, iets wat volgens hom geen wins vir die kerk inhou nie, maar waarvan slegs wrange vrugte gepluk word. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Heyns se koersaanwysings en die metode wat hy gebruik van die hand gewys moet word (5 Junie 1985a: 5).[76] Nadat Heyns op versoek dat Snyman uit die Bybel en die belydenisskrifte moet aantoon waarom sy koersaanwysings van die hand gewys moet word (Snyman 17 Julie 1985b: 7), geen reaksie kry nie, antwoord hy breedvoerig per brief in *Die Kerkbode* met grondige argumente. Hy beskou Snyman se aanklag teen sy werk "die afgelope byna twintig jaar" in 'n baie ernstige lig en voeg ten opsigte van homself by: "Daar was – en is – in my lewe net één passie en dit is om nougeset te luister na God se Woord en om in my sistematies-wetenskaplike antwoord daarop nie van die gereformeerde teologie af te wyk nie. So verstaan ek my leeropdrag en so het ek nog altyd probeer om my studente nie te verwar nie, maar aan hulle koers en rigting te gee." (7 Augustus 1985d: 7). Die Algemene Sinode van 1986 het uiteindelik die BM se aanbeveling verwerp en die Ned Geref Kerk se lidmaatskap van die GES voortgesit (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 661).[77]

Die konfliksituasie in Suid-Afrika het sodanig versleg dat die staatspresident, P W Botha op 20 Julie 1985 'n noodtoestand afgekondig het. Dit het verreikende magte aan die veiligheidsmagte gegee. Heyns skryf die daaropvolgende Dinsdag in die rubriek *Godsdiens-Aktueel* dat die vrae in 'n mens se hart ontstaan het: "Wat gaan van ons land word? Gaan die onluste onderdruk word of gaan dit eskaleer tot 'n volbloed rewolusie? In 'n poging om 'n antwoord te gee sê hy dat Christene uit alle kerke en alle tale en kulture

---

[76] Snyman het in dieselfde brief benewens Heyns ook prof Willie Jonker aangeval (5 Junie 1985: 5) wat prof A B du Toit laat reageer het met die woorde: "Persoonlik glo ek dat die toekoms nog sal toon hoeveel ons kerk verskuldig is aan hierdie twee manne vir hulle gesond-kritiese bydrae." (14 Augustus 1985: 5).

[77] Alhoewel die BM se aanbeveling om lidmaatskap van die GES te beëindig, 198 teenoor 153 stemme gekry het, is die vereiste twee-derde meerderheid (234) nie behaal nie en gevolglik is die lidmaatskap voortgesit (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 661).

vir die land moet bid, vir rus en vrede, reg en geregtigheid en kalmte en rustigheid. Christene sal egter nie net moet bid nie, maar ook moet doen en dink. Witmense en swartmense sal bymekaar moet uitkom en saam werk aan 'n oplossing (23 Julie 1985c: [ ]).[78] By geleentheid van die eerste C B Powell-Voorlesing praat Heyns oor *Die kerk en die disinvesteringsveldtog*. Volgens hom lê dit nie op die weg van die kerk om so 'n veldtog te steun nie want dit is vreemd aan die kerk en verpolitiseer sy handelinge. Die kerk het nie 'n "onthoudingsetiek" nie, maar eerder 'n "mededeelsaamheidsetiek". Heyns meen dat dit polarisasie tussen wit en swart sal laat toeneem, vyandigheid aanblaas, misdaad laat toeneem, rewolusie aansteek, gewelddadige polisie- en militêre onderdrukking van opstande noodsaak, die orde ondermyn en 'n algehele gees van chaos en wanorde skep waar daar van gesonde samewerking geen sprake meer kan wees nie (1985e: 4). Hy skryf dat dit by geleentheid al gesê is dat die tragiek van apartheid juis sy sukses is. "Mense is só van mekaar verwyder en het só weining kontak met mekaar dat hulle nie net vreemd vir mekaar geword het nie, maar ook allerlei vooroordele ten opsigte van mekaar opgebou het." (1986c: 6).[79] Hy was een van dié wat die BM se stigting van 'n noodhulpfonds vir onlusteslagoffers verwelkom het. Al was dit nie die "alfa en die omega" nie, was dit 'n manier om die kloof tussen rassegroepe te oorbrug. Hy het sy hoop uitgespreek dat lidmate mildelik tot die fonds sou bydra (Beeld 26 Julie 1985b: [ ]). Die Moderatuur van Noord-Transvaal, waarvan Heyns die voorsitter was, het op 21 Augustus 'n predikantekonferensie gehou wat deur sowat 350 predikante van die Ned Geref Kerk en die NGKA bygewoon is (Die Kerkbode 28 Augustus 1985e: 1). Heyns het gesê die doel van die konferensie was vir die blanke predikante om na hulle swart kollegas en hul ervaring van die noodtoestand in die land te luister. Heyns het gesê: "Ons leef in so 'n

---

[78] Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid, bestaande uit die Dagbestuur van die BM asook dr Pierre Rossouw, hoof uitvoerende amptenaar van die Ned Geref Kerk het op 19 Augustus 1985 die staatspresident, P W Botha en kabinetsministers naamlik F W de Klerk, Pik Botha, Louis le Grange, Gerrit Viljoen, Magnus Malan, Eli Louw en adjunk-minister Adriaan Vlok oor die noodtoestand ontmoet. Die owerheid is van die kerk se volgehoue belangstelling en voorbidding verseker. Die hoop is uitgespreek dat die noodtoestand so spoedig moontlik beëndig sal kan word (Die Kerkbode 28 Augustus 1985d: 1). Uiteindelik het die noodtoestand bykans vyf jaar geduur voordat toestande in Suid-Afrika sodanig verbeter het dat dit in 1990 opgehef kon word (Die Kerkbode 15 Junie 1990a: 4).

[79] Heyns het vroeg in die tagtigerjare reeds die gebrek aan kontak begin aanvoel as hy in *Die Kerkbode* skryf: "Burgers van die koninkryk bid vir mekaar." Hy vra egter: "Wat weet ons in die R.S.A. van mekaar – ons wat in 'n gekompartimentaliseerde samelewing alleen maar sporadies met mekaar kontak het, en net in die gunstigste omstandighede by mekaar uitkom?" Die mens van "vleis en bloed, van trane en hartseer, ken ons nie. As ons dié mens nie ken nie, hoe kan ons vir hom voorbidding doen by God?" (21 Julie 1982d: 6).

gesegmenteerde samelewing dat ons blankes nie weet wat in hul gemeenskappe aangaan en hoe hulle dit beleef nie." (Beeld 31 Julie 1985c: [ ]).[80] Die Noord Transvaalse Moderatuur het besluit om ook in die toekoms sulke byeenkomste te reël[81] om daardeur te verseker dat die betrokke kerke in die toekoms nie by mekaar verby sal lewe nie en dat misverstande so uitgeskakel sal word (Die Kerkbode 28 Augustus 1985e: 1). Op dié wyse sal die kerke in Suid-Afrika deel van die oplossing word en nie deel van die probleem nie (Heyns 3 September 1985e: [ ]). Op 20 April 1986 het die Noord-Transvaalse Moderatuur 'n saamtrek van meer as tienduisend lidmate van verskillende kerke in die Skilpadsaal in Pretoria gereël. Heyns was een van drie kerkleiers wat 'n boodskap moes bring terwyl verskeie ander kerkleiers ook aan die program deelgeneem het.[82] Hy het gesê Afrikaans- en Engelssprekendes, wit- en swartmense het gekom, nie om by mekaar hulp te soek nie, maar om hulle met mekaar voor God te stel. "Ons het gekom om die Here te vra: Kom U en help U ons land sodat daar nie meer bloed en trane vloei nie", het Heyns gesê. Die joernalis van *Die Kerkbode*, Ollie Olwagen het baie positief op die byeenkoms gereageer met die woorde: "Dit is amper asof 'n stukkie hemel op aarde neergedaal het." (Die Kerkbode 30 April 1986e: 3).Ook dr Clifford Heys skryf in sy rubriek *Media*, dat hy hoop dat die voorbeeld van die Ned Geref Kerk in Noord-Transvaal nagestreef gaan word (30 April 1986: 3). Nadat Heyns by 'n ander geleentheid uit Ned Geref Kerk geledere gekritiseer is omdat hy aan 'n nasionale dag van gebed deelgeneem het deur 'n diens in 'n Anglikaanse kerk te lei, het hy teenoor die koerant *The Star* opgemerk: "Some said I was being disloyal to my own church's authorities. Others accused me of being a traitor, of collaborating with the 'enemy'. But my conscience is clear. The NGK has a reputation of withdrawing itself from ecumenical relations. My discision to take part in the National Day of Prayer was a symbol of reconciliation." (21 Oktober 1985: [ ]). Gedurende 'n aktualiteitskursus oor die *Eenheid van die Kerk van*

[80] Vergelyk die opmerkings van Runia, Durand en Landman soos in hoofstuk 3 bespreek.

[81] Op 19 September 1986 het die Noord-Transvaalse Moderatuur, onder voorsitterskap van Heyns weer 'n konferensie oor die roeping van die kerk in die noodtoestand gehou (Die Kerkbode 24 September 1986k: 1,2).

[82] Ander kerkleiers wat boodskappe gebring het was Biskop Richard Kraft van die Anglikaanse Kerk en Ds William Sefara van die NGKA. Daar was verskeie getuienisse en gebede deur kerkleiers wat aan die program deelgeneem het. Kerke en groepe wat verteenwoordig was, was onder andere die Ned Geref Kerk, GKSA, Rooms-Katolieke Kerk, Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, NGSK, NGKA en die organisasie, Jesus Christ for Peace. Verskeie kore het ook opgetree (Die Kerkbode 30 April 1986: 3).

*Christus* (Die Kerkbode 20 Augustus 1986i: 1) aangebied deur die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Pretoria, lewer Heyns 'n referaat met die titel: *Eenheid in internasionale perspektief: Isolasie deurbreek?!* Daarin sê hy dat met die komende Algemene Sinode van 1986 die Ned Geref Kerk voor die grootste geleentheid in sy geskiedenis geplaas gaan word om 'n magtige getuienis van die triomf van die evangelie van Jesus Christus te lewer. Hy het na die *Konsepverslag KS 1986* verwys, as nuwe rapport van die kerk se standpunte oor onder andere volkereverhoudinge wat herformuleer is (Heyns 1986g: 11). 'n Mens kan die afleiding maak dat Heyns, wat nie op hierdie tydstip op die BM gedien het nie, elke ander geleentheid aangegryp het om sy invloed te laat geld. Die talle konferensies en saamtrekke wat die Moderatuur van die Sinode van Noord-Transvaal onder sy voorsitterskap gereël het, getuig daarvan. As teologiese dosent aan die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die Moderatuur van die Noord-Transvaalse Sinode, asook in elke ander posisie wat hy bekleë het, het hy sy bes gedoen om sy kerklike versoeningspogings te bevorder.

Teen Junie 1986, met die noodtoestand nog steeds aan die gang, gee Heyns gedagtes weer, wat met 'n noodtoestand bereik moet word. Op drie vlakke moet aandag gegee word. Op die <u>eerste vlak</u> moet wet en orde herstel en gewaarborg word. Op die <u>tweede vlak</u> moet aan die inhoud van die wette gewerk word. Dit moet aan die norme van reg en geregtigheid getoets word en as dit nie daaraan beantwoord nie, moet dit verander word. Op die <u>derde vlak</u> moet die harte van mense en hulle gesindhede teenoor mekaar hervorm word. Dis op hierdie vlak waar die kerk 'n rol moet speel. Eers wanneer 'n mens volgens Heyns mens *in Christus* geword het, kan daar ware vrede in sy hart en in sy verhouding tot ander mense kom (1 Julie 1986e: [ ]).[83] As mense opkyk na Christus, die Sondebok van God wat aan die kruis gesterf het, dan het hulle volgens Heyns nie meer rede om met geweld die situasie in Suid-Afrika te verander nie. Om aan die een kant vanuit 'n magsposisie deur middel van strukturele geweld mense te onderdruk nie. Net so min om

[83] Dit is Heyns se mening dat Christene kan en moet bid dat die noodtoestand tot 'n einde kom, maar nie voordat die toestand wat tot die noodtoestand aanleiding gegee het aangespreek word nie. Byvoorbeeld gesindhede wat nie is soos God dit wil hê nie en opvattinge van mense teenoor mekaar wat moet verander. "Ons sê dinge van mekaar en doen dinge teenoor mekaar wat nie ooreenstem met die wil van God nie." "Hy wil ons oproep tot bekering en tot berou oor ons sonde." (12 Augustus 1986e: [ ]).

aan die ander kant via rewolusionêre geweld die situasie in Suid-Afrika in eie hande te neem. Op grond van die statistiek van 77% inwoners van Suid-Afrika, wit en swart, wat aandui dat hulle aan 'n Christelike kerk behoort, is daar 'n geweldige groot basis van ooreenstemming "om saam te bou en saam te werk aan 'n nuwe Suid-Afrika[84] waar God se koninkryk kan kom in al sy krag en al sy heerlikheid!" (Heyns 18 Junie 1986d: 6.7). In 'n preek tydens 'n nagmaalsdiens in Heyns se tuisgemeente Waterkloof, pas hy sy oortuiging ten opsigte van die evangelieboodskap op die noodtoestand toe as hy vra wat die kerk se boodskap is wanneer mense mekaar skiet, met klippe vermink en met halssnoermoorde doodmaak. In dié opsig is die nagmaal vir hom 'n protesmaal waar Christene teen die verminking en dood protesteer omdat Christus één maal vermink en gedood is en dit nie nodig is dat mense dit doen nie. Heyns noem ook dat dit die rede is waarom Malgus wie se oor afgekap is deur Jesus genees is. Geweld is volgens hom nie nodig nie (1986i: 1).[85]

In September 1985 het dr Beyers Naudé, hoofsekretaris van die Suid Afrikaanse Raad van Kerk die *Kairosdokument* aan die pers bekend gestel. Dit is deur 151 protestantse en Rooms Katolieke teoloë onderteken en is deur hulle as "Christelike, Bybelse en teologiese kommentaar van besorgde Christene in Suid-Afrika oor die diepgaande krisis in ons land" beskryf (Die Kerkbode 26 Februarie 1986: 5). Heyns se kritiek teen die *Kairosdokument* is dat dit nie 'n versoeningsdokument is nie, maar een van konfrontasie. Verder dat dit nie in die taal en die idioom van die kerk opgestel is nie, maar in die taal van 'n politieke aksiegroep. Dit toon volgens hom geen eerbied vir die tipiese taak en funksie van die kerk nie, maar wil die kerk vir sy eie politieke visie kaap (1986b: [ ]). Heyns sê dat die "mite van apartheid word in hierdie dokument maar net vervang met die mite van nie-apartheid wat kwansuis 'n beter toekoms sal verseker." (Die Kerkbode 27 Augustus 1986j: 3). Hy sê egter dat dit wat in die *Kairos-dokument* gesê word nie van die tafel afgevee kan word nie. "Hier is 'n noodkreet van mense in 'n posisie waarvan ons wat

[84] Dit is waarskynlik die eerste keer dat Heyns die uitdrukking "nuwe Suid-Afrika" gebruik. Hierdie term sou 'n algemene spreekwoord word, waarmee daar hoopvol na 'n nuwe, beter bedeling vir Suid-Afrika verwys is.

[85] Heyns se preek is op 22 Junie 1986 in Waterkloof gelewer uit die teksgedeelte: Matteus 26:26-30 en Lukas 22:47-50. Dit is op die volgende plekke herhaal: Villeria (16 Augustus 1987), Rondebosch (8 September 1991 tydens dié gemeente se eeufeesvierings) en by die Sinode van Noord-Transvaal (22 September 1991) (1986i: 1).

nie daarin is nie, die diepte van hulle ellende nie altyd na regte kan peil nie." Terwyl Heyns begrip het vir die saak, het hy ernstige bedenkinge oor die manier waarop die opstellers hulle saak stel (1986b: [ ]).[86]

Die kwessie van die noodsaaklikheid van skuldbelydenis deur die Ned Geref Kerk, het vroeg in die tagtigerjare op die breë kerklike agenda gekom. Volgens *Nederlands Dagblad* het dit met die NGSK se Algemene Sinode van 1982 begin. "De discussie over het schuld belijden is vier jaar geleden begonnen, toen de NG Sendingkerk (de dochterkerk voor kleurlingen) tijdens haar generale synode de blanke moeder beschuldigde van teologische ketterij en afgoderij op het gebied van apartheid." (1986: [ ]).[87] So 'n skuldbelydenis het egter nie tydens die Algemene Sinode van 1982 gekom nie.[88] In die vier jaar tussen 1982 en 1986 het die debat ontwikkel en daarmee saam 'n verwagting kort voor die Algemene Sinode van 1986, dat die Ned Geref Kerk moontlik skuld oor apartheid gaan bely.[89] Heyns het self bepaalde verwagtinge van die Algemene

---

[86] Die *Kairosdokument* is wyd deur Ned Geref teoloë veroordeel as komende uit die Bevrydingsteologie en die Teologie van die Rewolusie met 'n Marxistiese onderbou. Vergelyk die BM se evaluering van die *Kairos-dokument* (Die Kerkbode 21 Mei 1986f: 1,5,8); Prof D A du Toit se rubriek *Vraebus* (Die Kerkbode 22 Januarie 1986a: 6); Ds Thys Smith se artikel (Die Kerkbode 26 Februarie 1986c: 5,7).

[87] Vergelyk prof Jaap Durand se opmerkings oor die "skuldvraag" in die boek *Storm-kompas* asook die skuldbelydenis wat in die *Ope Brief* 1982 vervat is, soos vroeër in die hoofstuk bespreek.

[88] Vergelyk dr Allan Boesak se kommentaar na afloop van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1982, soos vroeër in die hoofstuk na verwys.

[89] Deelnemers aan die debat oor skuldbelydenis deur die Ned Geref Kerk het basies twee standpunte verteenwoordig. Dr Dirk Fourie is van mening dat dit oor die kernvraag handel, of veelvolkige gemeentes die ideaal vir die Ned Geref Kerk is. Een groep reken die Ned Geref Kerk moet by God en medemens vergifnis vra oor "'n onbybelse kerklike en politieke apartheidsbeleid" wat gehandhaaf is en teologies geregverdig is. Die ander groep glo die bestaan van afsonderlike Ned Geref Kerke vir die verskillende bevolkingsgroepe is in ooreenstemming met die Skriftuurlike meervormige bestaanswyse van die kerk. Dié groep sien geen noodsaaklikheid vir 'n skuldbelydenis nie. Fourie kies vir die laasgenoemde denkrigting (Beeld 12 September 1985d: [ ]). Prof Pieter Potgieter van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat dra tot die debat by deur te sê dat dit nie op die weg van 'n sinode lê om skuldbelydenis namens die kerk se lidmate te doen nie. Dit is 'n "sinnelose demonstrasie" as dit nie uit 'n berouvolle hart kom nie. Volgens hom hoef die Ned Geref Kerk nie apologie aan te teken vir die feit dat hy die volkereverskeidenheid in die hantering van die kerklike situasie in Suid-Afrika verreken het nie, want as sodanig is dit nie sonde nie. Die kerk moet egter erken dat sy beleid soms, selfs dikwels, geïmplementeer is op maniere wat nie die toets van die Skrif nie deurstaan het nie. As die regering sedert 1948 die apartheidstruktuur daargestel het na aanleiding van analogieë wat hy in die kerkstruktuur van die drie Afrikaanse kerke gekry het, moet daar begrip wees dat talle Suid-Afrikaners "die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder andere verantwoordelik hou vir hierdie struktuur wat vir hulle een groot stuk onreg is – 'n aantasting van hulle menswaardigheid." Volgens Potgieter berus die eis om 'n skuldbelydenis egter op 'n geregtigheidsbeskouing wat op sy beurt ernstig bevraagteken kan word. Vir hom is dit voldoende as die Sinode, wat besluite neem en beleid moet bepaal, op grond van Skrifbeginsels vorige sinodebesluite herroep wat nie die toets kon deurstaan nie. Verder is dit die profetiese roeping en taak van

Sinode van 1986 gekoester. Vir Frits Groeneveld sê hy tydens 'n besoek aan Nederland, dat hy van die komende Algemene Sinode in Kaapstad "een beslissend moment in onze kerkgeschiedenis" verwag (NRC Handelsblad 1986: [ ]). Die *Nederlands Dagblad* maak melding van Heyns se kommentaar oor die *Kairos-dokument*, naamlik dat ongeag die rewolusionêre karakter en verkeerde teologiese uitgangspunte van dié dokument moet die noodkrete van die nie-blanke deel van die bevolking ernstig geneem word. Die Nederlandse koerant het uit Heyns se erkentlikheid afgelei dat 'n skuldbelydenis in die Ned Geref Kerk nie ver in die toekoms was nie. (9 Oktober 1986: [ ]). Enkele weke voor die Algemene Sinode van 1986 is Boesak as moderator van die NGSK verkies. In 'n onderhoud met *Die Kerkbode* maak hy die opmerking, dat sonder tekens van 'n bereidheid by die Ned Geref Kerk om sy skuld aan die totstandkoming en teologiese regverdiging van apartheid te bely, is daar nie veel sin aan verdere gesprekke tussen die NGSK en die Ned Geref Kerk nie (1 Oktober 1986m: 2). Wanneer Heyns oor skuldbelydenis praat, is dit met kenmerkende genuanseerdheid en 'n waarskuwing teen uiterstes. Aan die een kant is daar mense wat die aspek van skuldbelydenis deur die Ned

---

die sinode om sy ampsdraers en lidmate op te roep tot "hartgrondige berou" en "waaragtige skuldbelydenis voor God" en 'n "lewenswyse wat getuig van die genade van Jesus Christus." (29 Mei 1985: 6). Prof Adrio König meen dat die Ned Geref Kerk die sentrale liefdesgebod oortree het deur apartheid te steun en die menswaardigheid van duisende mense gekrenk het. "As die kerk dit amptelik gedoen het moet die kerk dit amptelik bely." Daar was egter volgens hom inderdaad die "eerbare motief dat almal in hulle eie gebiede ten volle geleentheid tot ontwikkeling moet kry, maar die werklike omvattende apartheidsisteem het 'n muur van beskerming rondom die blankes gebou. Net hulle alleen het toegang gekry tot die oorgrote hoeveelheid geleenthede en hulpbronne in die land." ….. "Ook in die kerk was daar die eensydige verbod dat gekleurdes nie blanke eredienste mag bywoon nie, terwyl blankes altyd welkoms was by geleurdes se eredienste." König noem aan die hand hiervan 'n vyftal sake wat bely moet word. Sake waaroor volgens hom egter nie bely hoef te word nie is, dat Afrikaners ekstra boos en slegter as ander mense is of dat apartheid 'n weldeurdagte demoniese plan was om gekleurdes te vernietig en dat tuislande iets soos die gaskamers van Hitler was. Verder hoef daar nie bely te word dat alles wat in Suid-Afrika oor die Ned Geref Kerk gesê word die waarheid is nie. "As ons ons gesindhede moet bely, hoef ons nie daarmee saam te impliseer dat alle ander groepe en gesindhede altyd goed en reg was nie." König is egter daarvan oortuig dat hartgrondige belydenis van die Ned Geref Kerk se kant 'n reeks belydenisse in Suid-Afrika sal losmaak wat "soos 'n reinigende stroom die opdrifsels van onreg, vervreemding en haat sal meesleur en ruimte sal skep vir 'n nuwe begin." (21 Mei 1986: 6). Prof Dirkie Smit erken in die publikasie *Das Bekenntnis von Belhar und seine Bedeutung für die reformierten Kirchen in Deutschland* dat die *Belydenis van Belhar* die grootste relevansie vir die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (hierna genoem VGKSA), die kerk wat dit as belydenisskrif aanvaar het, het. "Es ruft uns zu Selbstkritik und Demut auf, zu Selbstprüfung, zu der Frage, ob wir wahrhaftig sind und tun, was wir vor der Welt bekennen. Persönlich denke ich, daß wir in vielerlei Hinsicht dem nicht gerecht werden und daß wir gegenseitig unsere Schuld bekennen müssen." (1998: 32). Smit as betrokkene by die opstel van die *Belydenis van Belhar*, wat homself binne die geledere van diegene bevind wat oorwegend op die algehele verwerping van apartheid aandring, openbaar persoonlik hiermee dus 'n gesindheid van selfondersoek en beywer hom vir 'n bereidheid om eweneens oor sake skuld te bely, waar die VGKSA gefaal het om geregtigheid te bewerkstellig.

Geref Kerk volgens hom, "só beklemtoon en met soveel dringendheid en intensiteit wys op alles wat die kerk verkeerd gedoen het, dat dit nie net alle handelinge van die kerk raak nie, maar selfs 'n ernstige vraagteken agter die bestaan van die kerk plaas", met ander woorde dat die kerk eintlik vir sy bestaan as sodanig verskoning moet vra. Aan die ander kant is daar ook mense met die teenoorgestelde standpunt wat sê: "Die kerk het niks om oor berou te toon nie!" Albei die bogenoemde sieninge is volgens Heyns verkeerd. Tipies van Heyns stel hy eerder die volgende dialektiese formulering oor skuldbelydenis vir die kerk voor: "Al roemende in die Here oor sy genade moet skuld voor God bely word: en al skuldbelydend moet oor die genade van die Here geroem word." Hy sê egter dat selfverloëning beteken nie dat 'n mens jouself op so 'n manier moet prysgee om dit wat jy is te moet aflê nie. Daarby sluit Heyns sy kerklidmaatskap, sy wit wees, sy Afrikaanse taal in. 'Ek moet tog iemand wees, anders is ek niemand vir iemand anders nie." Na aanleiding hiervan sê hy "moenie van die kerk vra om homself as't ware prys te gee in die daad van sy skuldbelydenis nie. Maar dan mag die kerk ook nie maak asof hy nog nooit iets verkeerd gedoen het waaroor hy nie skuld moet bely nie." (30 April 1985b: [ ]). Wanneer Heyns dus oor skuldbelydenis praat, is hy nie ten gunste van 'n ongekwalifiseerde skuldbelydenis nie. Skuldbelydenis vir hom beteken nie onvoorwaardelike prysgawe van jou eie menswees, wat jou taal, kultuur insluit nie. Uit opmerkings van hierdie aard van Heyns, is dit duidelik dat hy kies vir 'n gedeeltelike verwerping van apartheid op grond van die uitgangspunt dat apartheid met goeie bedoelings ontwerp was en slegs die onreg wat met sekere toepassings daarvan plaasgevind het, verwerp moet word. Daarteenoor is daar die standpunt van die algehele verwerping van apartheid, gegrond op die uitgangspunt van die onversoenlikheid van mense - 'n standpunt wat Heyns nie huldig nie.

Waar die jaar 1982, soos vroeër na verwys, 'n waterskeidingsjaar vir die Ned Geref Kerk was en die Algemene Sinode van 1982 dit egter nie was nie, het die situasie ontstaan dat die ontwikkelingsgang ten opsigte van politieke veranderinge in Suid-Afrika aanbeweeg het, maar gang van sake binne die kerk het grootliks die pas makeer. Dit het die druk teen- en die spanning binne die kerk laat oplaai. Alle oë was nou op die Algemene Sinode van 14 tot 25 Oktober 1986 gerig om te sien of dit die verwagte waterskeidingsinode sou

wees (Rapport 19 Oktober 1986a: 4). Alhoewel die kerklike rolspelers en die pers met groot verwagting die besluite van die Sinode met betrekking tot die verslag van die Hersieningskommissie afgewag het, was die deursnee lidmaat grootliks onbewus van wat dit sou behels, aangesien die *Konsepverslag KS 1986*, hoewel vooraf aan die afgevaardigdes gestuur, streng vertroulik gemerk was en as sodanig hanteer is. Niks daarin kon gepubliseer of aangehaal word alvorens "die sinode daaroor besluit het nie en dan alleen soos dit deur die sinode aanvaar is." (1986: [ ]). Heyns het wel by implikasie aan *Die Kerkbode* gesê dat indien die hersiening van RVN aanvaar word, dit sal beteken dat die *Getuienis 1980* die amptelike kerklike weg sou volg. Hy het gesê dat hy nog by elke woord van die *Getuienis 1980* staan, maar het duidelik gesê dat dit nie weer herhaal kan word nie, maar dat die kerk dit nou amptelik moet sê (8 Oktober 1986n: 8). Ook dr Pierre Rossouw en prof Carel Boshoff het vooraf met die pers gepraat. Waar Rossouw gesê het dat die beleid van die Ned Geref Kerk "ingrypend hersien" is, het Boshoff gesê dat die aanvaarding van die hersiening van RVN nie 'n groot afwyking teenoor sy voorganger sou wees nie. Volgens hom het dit 'n nuwe gestalte gehad, maar nog met dieselfde uitgangspunte. Hy het verwag dat die trant daarvan oorwegend behoudend sal wees (Rapport 19 Oktober 1986: 4). Hy het met die bogenoemde opmerkings waarskynlik die hoop gehad dat die minderheidstandpunte soos deur homself en die Potgietergroep gestel, deur die Sinode aanvaar sou word. Ook Potgieter het as voorsitter van die Hersieningskommissie met *Die Kerkbode* gepraat, wat die hersiening van RVN as 'n saak wat buitengewone groot belangstelling geniet, bestempel het. Hy het na die voorgestelde nuwe naam van die dokument naamlik KS verwys en gesê dat dit 'n objektiewe en eerlike poging is wat op RVN voortbou "en in die toekoms vir ons net soveel as sy voorganger sal beteken." (15 Oktober 1986o: 6).

Die verrassende feit dat Heyns as moderator van die Algemene Sinode van 1986 verkies is (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 577),[90] het die vermoede versterk dat dit wel die verwagte waterskeidingsinode gaan wees. Vir Heyns was dit self 'n verrassing. Alhoewel hy op daardie stadium moderator van die Noord-Transvaalse Sinode was en die algemene

[90] Met die verkiesing was daar 'n tweetal tussen Heyns en ds Tappies Möller wat deur Heyns gewen is (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 577).

sinode se moderator gewoonlik uit een van die streeksinodes se moderatore verkies word, was 1982 se Sinode waar hy en Jonker swaar geleef het nog sterk in Heyns se geheue. Hy was nie eens op die BM nie (Meiring 1994: 179). Pas na sy verkiesing het Heyns aan die vergadering gesê dat die Sinode die roeping het om te help bou aan 'n "nuwe Suid-Afrika" en dat die kerk gewillig moet wees om God te gehoorsaam (Die Kerkbode 22 Oktober 1986p: 5). Hy is ook in *Die Kerkbode* aangehaal: "Die kosbaarste besitting in ons land is ons mensemateriaal. Ons moet mekaar aanvaar as mense wat geskep is na die beeld van God. Ek hoop op 'n konkrete nuwe gesindheid vir die toekoms." (29 Oktober 1986r: 20). Prof Flip van der Watt haal Heyns aan wat kort na sy verkiesing gesê het: "Sonder 'n radikale verandering in gesindhede is geen redelike politieke oplossing hier moontlik nie." (1986/1987: 40). Ten tye van Heyns se verkiesing skryf *Die Kerkbode* in sy hoofberig:

> "Prof Heyns, die nuwe moderator was 'n paar jaar gelede 'n ouderlinglid van die BM. Nou word hy die voorsitter daarvan." …. "Prof Heyns, tans ook die voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, is 'n knap teoloog wat deur sy indrukwekkende reeks publikasies ….. aan die Afrikaanse teologie 'n eie staanplek in die gereformeerde wêreld help gee het. Hy is nou geroep om 'n belangrike bydrae te lewer sodat die Ned Geref Kerk, in 'n tyd dat baie hom dit wil ontsê, sy roeping hier en in die buiteland kan vervul. Prof Heyns is uitnemend vir hierdie taak toegerus." (22 Oktober 1986q: 6).[91]

[91] Verskillende soorte kommentaar op Heyns se verkiesing as moderator het opgeklink: Prof Willie Jonker skryf dat Heyns tot sy vreugde reeds in 1986 tot moderator van die Algemene Sinode verkies is. Ondanks die verwerping wat hy van sekere groepe binne en buite die kerk moes verduur, het sy verbondenheid met die verligte Afrikaner-elite meegebring dat hy 'n betekenisvolle rol kon bly speel (1994: 24). Neels Jackson, kerksake-verslaggewer van Beeld plaas Heyns as kerkfiguur onder een van die honderd mense van die eeu. Alhoewel ander persone soos prof Ben Marais en dr Beyers Naudé en ander kerklui volgens hom dekades lank standpunt teen die Ned Geref Kerk se regverdiging van apartheid ingeneem het, was dit eers onder die "charismatiese leiding van prof. Johan Heyns dat die kerk afgesien het van hierdie standpunt." (Beeld 20 Julie 1999: 7). Prof Flip van der Watt skryf die Ned Geref Kerk het, nadat Heyns oor die vorige vier jaar as't ware *personae non grata* was, "met 'n duidelike uitslag hierdie begaafde leier teruggeroep." Volgens hom kan niemand wat radio luister, TV kyk of die dagbladpers lees, twyfel oor waar Johan Heyns staan nie. "Konsekwent het hy gepleit – dikwels teen die breë kerklike stroom in – vir onder meer ope kerkdeure, lidmaatskap van die kerk alleen op grond van die geloof in Christus Jesus, noodsaaklike kerklike kontakte in die binne- sowel as buiteland ter wille van die sigbare eenmaking van die kerk en talle ander sake." (1986/1987: 40). Omdat Heyns, soos P W Botha vasgevang was tussen "black anger" en "white reaction" noem die *Financial Mail* Heyns "the lone liberal". Heyns het egter gesê dat nie een van die beskrywings, verlig of verkramp hom pas nie. Hy verwys liewer na homself as *verankerd* omdat hy gebonde is aan ononderhandelbare beginsels (24 Oktober 1986: 89). Martin Schneider skryf in *Leadership* dat die Ned Geref Kerk met Heyns se verkiesing met sy tradisie van onbuigsame moderators gebreek het.

Heyns wou 'n leier-profeet wees. Hy skryf om 'n profeet te wees beteken om soms in eensaamheid te ly, aangesien sy mense hom as verraaier van hulle volksaak beskou, omdat hy hom deur die waarheid laat lei en soms teen sy mense en teen sy volk praat. Om 'n leier te wees beteken aan die ander kant om sy mense met hom saam te vat, om te praat wat hulle wil hoor sodat hulle vir hom stem en hom volg. Die ware egte groot leier wat die moeite werd is om te volg is, volgens Heyns, die leier wat ook aan die profeet in hom plek gee. Wat by geleentheid ook die innerlike moed en die krag van sy oortuiging het om teen sy volk te praat omdat hy glo in die waarheid van sy boodskap. Nie almal sal so 'n leier volg nie. Hy sal moontlik selfs verguis en vertrap word, maar daar is ook mense wat hom wel sal volg en die beweging wat daaruit gebore word, is 'n beweging wat deur die tye heen aan krag sal wen, want dit is die beweging wat deur die waarheid aan die gang gesit is (29 Januarie 1985a: [ ]). Heyns het na homself as 'n *brugbouer* verwys. "Ek wou 'n brugbouer wees, en – soos iemand eenkeer teenoor my opgemerk het – 'n brug moet gewillig wees dat 'n mens op hom trap. Ek wou 'n instrument van versoening wees, en moes aanvaar wat na my kant toe kom." (Meiring 1994: 182). So beskryf Heyns ook die Algemene Sinode van 1986 as 'n brugbou-sinode, in teenstelling met die vorige jare van isolasie (The Star 23 Oktober 1986: 1). 'n Ander profetiese woord het vroeër al opgeklink toe prof David Bosch reeds in 1981 in *Die Kerkbode* gesê het dat gelowiges wat hulle vir versoening tussen mense in Suid-Afrika beywer, gaan hulle vorentoe al hoe meer in die kruisvuur bevind. Hy het gesê "teëspoed wag egter op gelowiges wat te midde van Blankes se vrees en Swartes se bitterheid die geleentheid aangryp om te werk vir versoening in ons siek land." Hy voeg by dat God nie na die omvang van ons suksesse vra nie, maar na die diepte van ons gehoorsaamheid. Nog 'n betekenisvolle opmerking van Bosch was: "Versoeningswerk beteken egter nie om brûe te bou nie; dié is eens en vir altyd deur Jesus Christus gedoen. En dit het Hom sy lewe gekos." Alhoewel Bosch met hierdie woorde waarskynlik nie spesifiek na Heyns verwys het nie, bly dit 'n vraag wat sy bedoeling was, veral gesien in die lig van laasgenoemde se verwysing na homself as 'n brugbouer (26 Augustus 1981d: 1).

---

"It has elected as its moderator for the next four years a man of exceptional goodwill. His first days in office were marked by the most conciliatory statements in the long history of a church which has been viewed as nothing less than the National Party in prayer." (1986: 46).

Die aanwysing van die res van die Moderatuur van die Algemene Sinodale Kommissie (hierna ASK)[92] het vir Heyns 'n ongemaklike situasie veroorsaak. Ds Kobus Potgieter was as assessor, ds Dirk Viljoen as skriba en dr Dirk Fourie as aktuarius verkies (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 582,584,585). "Goddelike ironie" het Heyns dit beskrywe, omdat hulle standpunte in baie opsigte so ingrypend van syne verskil het. Heyns se verkiesing as moderator het baie meer verreikende implikasies gehad as bloot die verskaffing van leiding aan die Sinode van 1986. Dit het een van die moeilikste tye in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk en die moeilikste in sy persoonlike loopbaan ingelui (Meiring 1994: 179,181).

Die verslag van die Hersieningskommissie vir RVN is op 15 Oktober ter tafel geneem en nadat Heyns en Potgieter albei inleidende opmerkings oor die werksaamhede en worsteling van die kommissie gemaak het, is dit na die Tydelike Regskommissie verwys. Dié kommissie met dr Pierre Rossouw gekoöpteer, het 353 amendamente van sinodegangers ontvang. Op 20 en 21 Oktober is die Konsepverslag KS 1986 ter tafel geneem en twee volle dae daaraan gewy. Die naam vir die nuwe beleidstuk, "Kerk en Samelewing – 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk", is goedgekeur met die verslag wat daarna punt-vir-punt goedgekeur is (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 86, 577, 600, 649, 1986). Dit is insiggewend om daarop te let dat al die minderheidstandpunte van die Potgietergroep deur die Sinode verwerp is. Dit het Heyns agterna laat vra, "wat wil dit vir 'n mens sê?" (1994: [ ]).[93] Daardeur wou hy aantoon dat die Ned Geref Kerk amptelik 'n duidelike keuse gemaak het vir die rigting wat in 1980 deur die agt teoloë met die *Getuienis 1980* begin is, volgens hom 'n pad van die Woord, van Skrifbeginsels en van

[92] Die Algemene Sinode van 1986 het besluit om die *Breë Moderatuur* met 'n *Algemene Sinodale Kommissie* te vervang (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 713).

[93] Heyns wys met betrekking tot die worsteling in die Hersieningskommissie daarop dat al die lede van die Potgietergroep agterna 'n bestemming in die geledere van een-of-ander regse groepering in die Suid-Afrikaanse samelewing gevind het. Dit bied volgens hom 'n sekere perspektief op KS in terme van sy voorgeskiedenis. Hy verwys daarby ook na Potgieter en Boshoff wat tydens die werksaamhede van die Hersieningskommissie vir die doel van die opstel van die Konsepverslag KS 1986 oorwegend saamgestem het. Ná 1986 loop hulle weë egter uiteen in die Afrikaanse Gereformeerde Bond waarvan Boshoff die voorsitter word en die Voortsettingskomitee waarvan Potgieter die voorsitter word (1994: [ ]). Boshoff het bevestig dat hy agterna van Potgieter-hulle verskil het met betrekking tot die bereiking van die ideaal van 'n volkskerk. Hy is van mening dat dit onmoontlik en immoreel is, om hierdie ideaal in 'n rasgemengde samelewing na te streef, terwyl Potgieter-hulle hieroor van hom verskil het (1995: [ ]).

gehoorsaamheid. Heyns was van mening dat die Ned Geref Kerk nie 'n KS dokument sou gehad het as dit nie vir die *Getuienis 1980* was nie. Dáár is volgens hom die eerste saad vir 'n grondige beleidsverandering in die Ned Geref Kerk gesaai. (Van der Merwe 1990: 266). Van die agt ondertekenaars van die *Getuienis 1980* was dit slegs Heyns en A B du Toit wat in die Hersieningskommissie opgeneem was. Daar kan dus aanvaar word dat hulle twee grootliks daarvoor gesorg het dat die vernuwende gedagterigting met betrekking tot die rol van die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing wat die *Getuienis 1980* verteenwoordig, amptelike Ned Geref Kerk-beleid geword het deurdat dit neerslag in KS 1986 asook KS 1990 gevind het.[94]

Twee paragrawe (hierna par – enkelvoud en pare - meervoud) van die Konsepverslag KS 1986 naamlik 318 en 319 is tydens die goedkeuring van die verslag na die tydelike kommissie terugverwys om die volgende dag met 'n nuwe voorstel te kom. Par 318 is onveranderd aanvaar maar ten opsigte van par 319 het die kommissie met 'n uitgebreide voorstel tot en met par 322 gekom wat daarop neerkom dat om apartheid as voorskrif uit die Bybel te regverdig as fout erken en afgewys word, asook dat die betrokke aspekte van apartheid, in soverre die kerk en sy lidmate daaraan deel gehad het en wat tot die lyding van mense aanleiding gegee het, met ootmoed en berou bely word (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 658,662).[95] Die Sinode het dus uiteindelik verder gegaan as wat die Potgietergroep bereid was om ten opsigte van apartheid te sê, deur die onreg wat apartheid meegebring het met berou te bely en dus ook te verwerp (KS 1986: 52,53).

'n Ander omstrede paragraaf was par 282 in die Konsepverslag KS 1986, wat later as par 270 in KS 1986 opgeneem is. In die oorweging van hierdie paragraaf is 'n amendament deur prof Pieter Potgieter van die vloer af ingedien wat deur die Sinode aanvaar is. Dit het die betrokke paragraaf met die woorde laat begin: "Die lidmaatskap van die Ned

[94] Vergelyk Bosch se versugting met betrekking tot die *Getuienis 1980* soos vroeër bespreek: "Die berg sou regtig beweeg indien 'n hele sinode hierdie getuienis sou onderskryf." (Beeld 7 November 1980b:4).

[95] Die Tydelike Kommissie wat par 319 van die Konsepverslag KS 1986 hersien het, het sy verslag as pare 319 tot 322 aan die Sinode voorgelê (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 662). Hierdie paragrawe is uiteindelik as pare 305 tot 308 in KS 1986 gepubliseer met 'n nota daarby dat pare 304 tot 308 as 'n eenheid gelees moet word (1986: 52,53).

Geref Kerk is oop." (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 656).[96] Die Konsepverslag KS 1986 het nie die formulering ten opsigte van oop lidmaatskap bevat nie, hoewel die Hersieningskommissie dit wel oorweeg het. In 'n studiestuk wat waarskynlik deur prof A B du Toit opgestel is en uit 29 stellinge bestaan en reeds in 1984 deur die Hersieningskommissie behandel is, maak hy in sy punte nege en tien die volgende stellings:

> "Wie 'n kerk wil 'sluit' sondig teen die wese van die evangelie én die kerk."… "Ook wanneer daar vir uiteenlopende bedieningsbehoeftes in die kerk van Christus voorsiening gemaak word, mag daar geen oor-en-weer geslotenheid bestaan nie. Kragtens die wese van die evangelie én van die kerk moet die kerk volledig oop wees." (Agenda Hersieningskommissie 12 en 13 Maart 1984: 7,8).

Die Hersieningskommissie het met betrekking tot die kwessie van toelating tot lidmaatskap debat gevoer of die bedieningsbehoeftes van lidmate uit 'n gemeentelike oogpunt beskou moet word. Daarvoor, asook of die kerk oop is vir aanbidding en lidmaatskap vir persone van alle rasse, word op 'n stadium meer aandag gevra (12 en 13 Maart 1984: 4,5). Dr Dirk Fourie se aandrang op 'n hersiening van RVN par 30[97] (1975: 47) omdat dit na sy mening dubbelsinnig sou wees, was nie om die kerk ondubbelsinnig *oop* te verklaar nie, maar ondubbelsinnig *toe*. Hy vra vir 'n duideliker reglementering om sake volgens die destydse sendingbeleid van die Ned Geref Kerk te reël. Verder sê hy dat waar gekleurdes om historiese redes aan 'n blanke gemeente behoort, hulle regte nie weggeneem kan word nie, maar dit moenie op hulle opvolgers oorgedra word nie (Die Kerkbode 23 Junie 1982: 4,5). Die afwesigheid van 'n duidelike formulering in die Konsepverslag KS 1986 dat die kerk *oop* is, is waarskynlik die gevolg van die onderlinge

---

[96] Reeds in 1981 op 'n Moderatuurskonferensie tussen die moderature van die Ned Geref Kerk, NGSK, NGKA en die RCA het ds J M Lebone gevra presies wat die Ned Geref Kerk met par 30 van RVN (1975: 47) bedoel naamlik: "Die kerk van Christus vertoon in ons bedeling wel 'n verskeidenheid van gestaltes wat met die volkereverskeidenheid saamhang, maar is nie geslote in die sin dat dit net vir lede van één volk bedoel is nie." Hy wil weet of die Ned Geref Kerk hier iets besluit het wat nie uitgevoer word nie (Notule Moderatuurskonferensie 1981: 7). Vergelyk die beskuldiging in stelling 13 in die boek *Storm-Kompas* (Smith, O'Brien Geldenhuys en Meiring 1981: 135). J E Potgieter en Fourie antwoord dat die geslotenheid van die kerk nie betrekking het op lidmaatskap nie, maar op strukturele skakeling. Heyns het egter by dié geleentheid gesê dat dit sy oortuiging is dat die Ned Geref Kerk ten opsigte van lidmaatskap 'n oop kerk is. Algemene instemming is hierna betuig, dat al die kerke se sinodes hulle standpunte oor hierdie saak moet stel (Notule Moderatuurskonferensie 1981: 7).

[97] RVN par 30 lui: "Die kerk van Christus vertoon in ons bedeling wel 'n verskeidenheid van gestaltes wat met die volkereverskeidenheid saamhang, maar is nie geslote in die sin dat dit net vir lede van één volk bedoel is nie." (1975: 47).

verskille soos hierbo aangetoon, wat tussen lede van die Hersieningskommissie bestaan het. Dié saak is waarskynlik liefs vermy toe pare 280 tot 282 geformuleer is (Konsepverslag KS 1986: 47) maar is uiteindelik danksy prof Pieter Potgieter tog in KS 1986 gesê. Die wyse waarop dit in KS 1986 opgeneem is het egter tot die kontroversie van KS bygedra. Alhoewel dit 'n ou beginsel is wat in KS 1986 nuut gesê is, was min lidmate en kerkrade gereed om ten tye van die Algemene Sinode van 1986 die kwessie van *oop lidmaatskap* te aanvaar.[98]

Heyns se koninkryksteologie met Barthiaanse trekke in terme van sy kerkbegrip, wat via die AKLAS-verslag *Aktuele vrae oor die kerk* in 1982 amptelike beleid van die Ned Geref Kerk geword het, het nou via KS 1986 ook neerslag in die kerk se amptelike stukke gevind. In verskeie paragrawe in KS 1986, wat deur Heyns geformuleer is, kan die genoemde motief opgemerk word. Van die duidelikste voorbeelde word in pare 221 tot 224[99] aangetref waar die kerk as voorbeeld aan die wêreld voorgehou word. Hy sê in par 224:

> ”Die kerk is nie bedoel as alternatiewe gemeenskap wat die bestaande samelewingsverbande moet vervang nie. Midde in die samelewing moet hy 'n eksemplariese gemeenskap wees, dit wil sê 'n gemeenskap wat vir almal tot voorbeeld dien en wat in sy bestaan nie alleen 'n protes en verset teen die sonde in al sy vorme in die samelewing is nie, maar ook 'n besielende voorbeeld van die krag van die Heilige Gees wat ook in menseverhoudings alles anders kan maak." (1986: 38).

Die invloed en implikasies van hierdie motief by Heyns, wat Ned Geref Kerk beleid geword het, word later verder bespreek en ontleed.

---

[98] Ten opsigte van een van die minderheidstandpunte wat deur die Potgietergroep gestel is, is dit jammer dat dit nie in KS opgeneem is nie. Die betrokke formulering vind noue aansluiting by par 30 van RVN (1975: 47) en die gepaardgaande besluit van die Algemene Sinode van 1982 (Handelinge Ned Geref Kerk 1982: 1127, 1386) wat in die Kerkorde van die Ned Geref Kerk neerslag gevind het en lui: "Waar besondere omstandighede gangbaar is, en lidmate uit ander lidkerke van die Familie van Ned Geref Kerke om lidmaatskap van 'n Ned Geref gemeente sou aansoek doen, neem die kerkraad in die hantering daarvan die belange van die koninkryk van God, die beste belange van die betrokke gemeente, en die sieleheil van die aansoeker/s in ag. Die beslissing oor sodanige lidmaatskap geld alleen vir daardie betrokke gemeente." (Konsepverslag KS 1986: [ ]).

[99] Die paragrawe in KS 1986 ter sprake, naamlik pare 221 tot 224, is ook in KS 1990 oorgeneem, naamlik pare 227 tot 230. (1986: 37,38 en 1990: 31,32).

Heyns het as nuutverkose moderator onmiddelik die groot taak gehad om KS 1986 te verdedig. Op 22 Oktober 1986, 'n dag ná die aanvaarding van die nuwe beleidstuk, het hy die Sinode met 'n *Pastorale Woord* bedien.[100] Dit het eerstens die bedoeling gehad om die aanvaarding van KS 1986 as nuwe beleidstuk van die Ned Geref Kerk in die plek van RVN aan die sinodegangers en die kerklike publiek in perspektief te stel. Tweedens om die lidmate tot rustigheid en kalmte aan te moedig. Derdens om lidmate te motiveer om alles te doen om mee te werk aan die opbou van "'n nuwe Suid-Afrika". Alhoewel Heyns met die KS-besluit begin, naamlik dat die deure van die Ned Geref Kerk met die oog op eredienste, vir alle mense van alle rasse en alle kulture oop is en dat lidmaatskap eweneens oop is, sê hy dat die Afrikaanse karakter van die kerk nie bedreig word as mense van ander kulture tydens eredienste sou binnekom nie. Hulle wat egter as lidmate wil aansluit "sal uit die aard van die saak moet inskakel by die eie tipiese aard van die kerk." Hy gaan verder deur te sê: "Ons handhaaf die basiese reg van elke mens om God in sy eie taal en vanuit sy eie kultuur te dien – dit is binne sy eie sedes en gewoontes en gebruike." Heyns meen dat daar vir die Ned Geref lidmate 'n "Derde Groot Trek" sal moet plaasvind, nie na die Noorde of na die stede nie, maar na die "diepte van ons eie geloofsoortuigings, die diepte van 'n wete dat God ons ook in hierdie nuwe omstandighede sal lei…" (1986h: 1,2). Op 'n perskonferensie dieselfde dag sê Heyns dat die Sinode die Skriftuurlike gronde vir apartheid verwerp het en dat hy hoop dat dit nuwe gesindhede in mense se harte sal bring. Verder het hy daarop gewys dat die kwessie van oop deure eintlik nie 'n nuwe saak is nie, maar dat die Sinode dit nou net *de facto* gesê het (The Star 23 Oktober 1986: 1). As gevolg van mense se probleme om KS 1986 duidelik te interpreteer, het Heyns in Rapport van 26 Oktober 1986 verduidelik:

> "Hierdie sinode het nie 'n politieke definisie gegee van apartheid nie. Die sinode het hom slegs uitgespreek teen 'n beleid wat kan lei tot rassisme of diskriminasie waardeur mense uitgebuit word – dat hierdie negatiewe apartheid deur ons teologies-eties nie verdedig kan word nie. Dit is hierdie aspek van apartheid wat

[100] Heyns se *Pastorale Woord* is na die Dagbestuur van die ASK vewys om na die skribas van die streeksinodes deur te stuur (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 734). Behalwe vir die laaste drie paragrawe van die *Pastorale Woord* wat oor apartheid handel en 'n verduideliking van pare 305 tot 308 van KS 1986 bevat, het Heyns se stuk ook op 29 Oktober 1986 in *Die Kerkbode* in die rubriek *Onder die loep* verskyn (1986s: 9).

> ons in die lig van die Skrif beoordeel het. Verder het ons gesê dat in soverre ons hieraan deel gehad het, ook ten opsigte van 'n poging om dit Skriftuurlik te fundeer, kan ons nie anders as om dit met ootmoed en berou teenoor die Here te bely nie. Ons het dit ook positief gestel dat ons, wat die toekoms betref, alles wil doen om mee te werk aan die opbou van 'n nuwe Suid-Afrika." (1986b: 4).

Die gebruiklike herderlike brief na afloop van die Sinode, wat na alle Ned Geref gemeentes gestuur word, is ten volle aan KS 1986 gewy om as gevolg van die "gevoel van onsekerheid en onrustigheid" wat by lidmate ontstaan het, die hele aangeleentheid in perspektief te stel. Die Sinode het daarin 'n beroep op kerkade en lidmate gedoen om die beleidstuk in geheel ernstig en biddend te bestudeer en nie op geïsoleerde mediaberigte te reageer nie. 'n Uitnodiging is aan kerkrade en lidmate gerig om kommentaar op KS 1986 in te stuur sodat AKLAS dit in die reses tot 1990 noukeurig kon oorweeg (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 754). Op 'n vraag wat *Die Kerkbode* aan Heyns gestel het, of die uitnodiging wat die skriba ds Dirk Viljoen per brief aan kerkrade en lidmate gerig het om hulle "bedenkinge en gesigspunte gemotiveerd in te stuur", nie die indruk kan laat posvat dat die besluite van die Sinode net "voorlopig" is nie, antwoord hy dat daar nie sprake is dat die besluite hierdeur gerelativeer word nie. "Dit wil nie sê dat ons te kenne gee dat ons die Skrif dalk met *Kerk en Samelewing* verkeerd verstaan het en nou eers weer daaroor moet nadink nie. Maar binne die bestek van die besluite, kan ons wel nog tot helderder formulerings kom." (12 November 1986t: 1,2).[101]

Heyns kon hom grootliks met KS 1986 identifiseer aangesien die kerk sekere sake waarvoor hy lankal gepleit het nou amptelik gesê het. Gedurende die ontstaanstyd van KS 1986 kon hy daarin slaag om in 'n groot mate sy persoonlike oortuiginge ten opsigte van prinsipiële sake asook praktiese aangeleenthede in die beleidstuk te laat opneem. Van die belangrikste aspekte vir Heyns, wat met KS 1986 deur die Ned Geref Kerk gesê is, was om die negatiewe aspekte van apartheid te bely en te verwerp (pare 305 tot 307), asook

[101] Die Algemene Sinode van 1986 het ook 'n mosie, ingedien deur di J W Hanekom en D J Hattingh aanvaar, dat KS 1986 aan al die lidkerke van die NG Kerkfamilie vir bestudering voorgelê moet word. Verder moes die ASK inisiatief in samesprekings oor KS 1986 met dié kerke neem, met verslag aan die Algemene Sinode (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 659).

dat die kerk oop is (par 270) (1986: 46,52,53). Heyns het KS 1986 verdedig omdat hy volledig deel van die geboorte daarvan was, dit teologies verantwoord het en as moderator moreel gebonde was om dit te doen. Dit was volgens hom egter tragies dat sy kollegas op die moderatuur omgeswaai het deur te sê dat niks verander het nie en dat dit nog die ou kerk was (Meiring 1994: 180).[102] Die rede waarom hulle so opgetree het, was waarskynlik om beswaarde lidmate te probeer kalmeer, deur hulle te probeer oorreed om nie weg te breek nie (Boshoff: 1995). Gevolglik wou hulle die veranderinge wat KS 1986 verteenwoordig het, nie beklemtoon nie. Van hierdie persone het na die aanvaarding van KS 1986 geskrifte gepubliseer waarin hulle dit erg gekritiseer het. 'n Voorbeeld is die beswaarskrif wat die Voortsettingskomitee onder leiding van Potgieter gepubliseer het naamlik *Geloof en Protes* (1987: iii). Boshoff het ook met 'n publikasie gereageer naamlik *Kerk en Samelewing in Oënskou*, waarin hy kommentaar en kritiek lewer. Hy sê dat die uitsprake van sekere kerkleiers en die interpretasie en bespiegelinge van die openbare media groot weerstand by lidmate uitgelok het. Hy sê as medewerker in die Hersieningskommissie het hy hom herhaaldelik teen die "verpolitisering van sinodale besluite" uitgespreek en dat hy hom sal beywer vir die hersiening van "daardie besluite wat misbruik word om iets anders op die kerk af te dwing as wat die sinode daarmee bedoel het." (1987: ii). Simbolies van die spanning wat rondom KS 1986 ontstaan het, is die feit dat Potgieter se voorwoord in die Konsepverslag KS 1986 deur Heyns s'n in die gepubliseerde KS 1986 vervang is. Daarin sê hy ten opsigte van die onveranderde sowel as nuwe standpunte "is ons oortuig dat ons in beide gevalle opnuut na die Skrif geluister het." (1986: [ ]).

Serfontein se woorde aan die begin van die hoofstuk, naamlik dat Heyns die barometer van verandering in die Ned Geref Kerk geword het, het met die Algemene Sinode van

---

[102] Prof Piet Meiring skryf: "Gedurende die loop van die sinode – en veral daarna – sou Heyns en sy kollegas dikwels verskillende sienings verteenwoordig en ook verskillende beoordelings oor wat by die sinode gebeur het die wêreld instuur." Hy beskrywe Heyns se verhaal: Na die Sinode 1986 was daar baie reaksie en kritiek uit gemeentes. Protesvergaderings is oral gehou. "Toe gebeur 'n lelike ding: oral waar ek gekom het, het ek die besluit van die sinode, *Kerk en Samelewing*, verdedig. Ek was as voorsitter moreel gebonde om dit te doen. Maar ook uit teologiese oorwegings het ek dit verdedig. Ek moes vir die mense sê: 'Kyk, die NG Kerk het op dié punt verander…' Die tragiese is dat my kollegas op die moderatuur ook die vergadering bygewoon het en gesê het: 'Niks het verander nie. Ons is nog die ou kerk'. Of anders: 'Moenie so 'n vreeslike bohaai maak nie. Ons sal sake by die volgende sinode, met julle hulp, weer regstel. Dan sal die kerk *Kerk en Samelewing* weer herroep!'" (1994: 179,180).

1986 ongetwyfeld waar geword. Dat beide die konserwatiewes sowel as die verligtes Heyns nodig gehad het, het baie duidelik uit die gebeure van die eerste helfte van die tagtigerjare geblyk en sou in die res van dié dekade nog méér so wees. 'n Beoordeling van Serforntein se beskrywing van Heyns as *pragmatiese konserwatiewe*, sal aan die einde van die volgende hoofstuk meer gepas wees. Wat wel soos 'n paal bo water staan, is dat die jaar 1986 Heyns se jaar was. Vir hom was dit in meer as een opsig 'n triomfjaar. Die belangrikste oorwinning vir hom was die oorwinning van 'n groter waarheid en 'n groter gehoorsaamheid in die koninkryk van God, ten opsigte van die uitleef van 'n Bybelse geregtigheid in die Ned Geref Kerk se beskouing oor apartheid.[103] In ooreenstemming met Heyns se persoonlike standpunt dat nie alles met betrekking tot apartheid sleg en verwerplik was nie en dat hy onwrikbaar aan die outeurs se goeie bedoelings met dié politieke model vasgehou het, het die Ned Geref Kerk apartheid ook nie onvoorwaardelik as sonde bely nie, maar slegs dit wat tot onreg en lyding van andere gelei het. Daarmee saam is die dwaling deur 'n Skriftuurlike teologiese begronding aan 'n politieke model soos apartheid te verskaf as fout erken, bely en verwerp. Met sy intellek, redenaars- en oratoriese vermoëns en sy vaardigheid om vinnig en akkuraat te kon formuleer het hy die geleenthede wat na sy kant toe gekom het aangegryp en die proses gestuur om sy doel te bereik. Wat tot dusver oor Heyns se triomf gesê is, is egter net helfte van die waarheid. Die ander helfte is nie in mensehande nie. Dit was Goddelike bestiering. Geen mens kan dit alles alleen doen nie. Daar was baie rolspelers. Talle van hulle bydraes het reeds deur hierdie studie tot dusver duidelik geword. Heyns was by wyse van spreke nie op die voorpunt nie, ook nie heel agter nie, maar op 'n sekere stadium die regte persoon op die regte tyd op die regte plek. Met 'n gesindheid van diensbaarheid en 'n vermoë om eie belange op die agtergrond te skuif, was Heyns 'n bruikbare instrument, 'n gawe aan die kerk.

[103] Volgens Heyns se suster Christine Veldsman, was KS 1986 nie vir hom in die eerste plek 'n persoonlike oorwinning nie. Verwysende na die Sinodale afgevaardigdes wat die besluit geneem het, het hy het met groot bewoëndheid gesê: "Dis hoe hierdie mense voel!" (27 Desember 1997: [ ]). Heyns is egter so nou met KS 1986 verbind dat sommige hom selfs "'n argitek" van KS 1986 genoem het (Die Kerkbode 2 November 1990b: 19).

# HOOFSTUK 5

## HEYNS EN DIE NED GEREF KERK OP PAD NA 'N NUWE BEDELING 1987-1990

### - Van kerkleier tot brugbouer –

Na afloop van die Algemene Sinode van 1986 was Heyns aan die stuur van sake in die Ned Geref Kerk. Vanweë sy uitgaande geaardheid, was hy 'n prominente kerkleier wat nie geskroom het om in die openbaar op te tree nie.[1] Gou het dit geblyk dat Heyns en KS 1986 albei omstrede geword het. Baie lidmate het Heyns direk aan KS 1986 gekoppel. Veral diegene wat beswaard was en kritiek teen die goedgekeurde beleidsdokument gehad het, het Heyns persoonlik kwalik geneem vir dit wat hulle nie aangestaan het nie. Tog het dit geblyk dat die oorgrote meerderheid van die Ned Geref Kerk se lidmate, kerkrade en gemeentes KS 1986 aanvaar het. Daar het egter duisende bladsye kommentaar opgedaag wat deur lidmate, gemeentes en kerkrade ingestuur was. Die meeste hiervan het van streng kritiek teen KS 1986 getuig. Al hierdie kommentaar is uiteindelik met die oog op die Algemene Sinode van 1990 deur AKLAS oorweeg (Handelinge Ned Geref Kerk 1986: 754). KS 1986 het op 'n totaal nuwe manier oor die rol van die kerk in Suid-Afrika gepraat[2] en vir baie het dit as 'n skok gekom. In baie gemeentes was daar hewige kritiek. Protesvergaderings is oral gehou (Meiring 1994: 180).

'n Voortsettingskomitee van beswaarde lidmate (hierna genoem VK)[3] is in die lewe geroep wat 'n byeenkoms vir sulke lidmate op 28 November 1986 in die Skilpadsaal op

---

[1] Vergelyk Froneman se opmerking in Hoofstuk 3 oor Heyns se gewilligheid om met die media te praat, wat tot gevolg gehad het dat sy kommentaar meer as enige ander teoloog deur joernaliste verkry en gebruik is.

[2] In sy huldigingsartikel oor Heyns, maak Meiring op hierdie punt die opmerking dat die Ned Geref Kerk met die aanvaarding van KS 1986 ondubbelsinnig afskeid van apartheid geneem het (1994: 180). Dit blyk egter 'n ooroptimistiese interpretasie te wees. Heyns se eie interpretasie van wat presies met KS 1986 deur die Ned Geref Kerk bely is, speel hier 'n deurslaggewende rol aangesien hy die belangrikste eksponent van die formulering én die vertolking van die dokument geword het. Hopelik kan die vraag aan die einde van hierdie studie beantwoord word.

[3] Proff Willie Lubbe en Alkmaar Swart was aanvanklik die voorsitter en sekretaris van die VK (Die Boodskapper Februarie 1987: [ ]). Die res van die VK het uit die volgende persone bestaan: Theuns Verster van UNISA, Fanie Jacobs, KP lid vir Losberg, emeritusleraars G Cruywagen, E Friis, J C Krüger, C C Colyn, dr J Richter afgetrede medikus van Rustenburg en KP-kandidaad, mev Kobie Gouws, 'n hoofbestuurslid van die AV (Beeld 19 Mei 1987: [ ]).

die Pretoriase skougronde gereël het. By hierdie vergadering, wat deur ongeveer drieduidend mense bygewoon is, is 'n aantal belangwekkende besluite geneem. Van die belangrikste besluite was om vertoë tot die ASK te rig om "beswarende Sinodale besluite gewysig of ongedaan gemaak te kry". 'n Beswaarskrif met die titel *Geloof en Protes*[4] (hierna genoem GP) is opgestel om as basis vir onderhandelings te dien. Terselfdertyd moes die VK, indien die onderhandelinge misluk, voorbereidings vir die moontlike stigting van 'n nuwe kerk[5] onder Afrikaners tref. Dit moes 'n kerk wees "waarin beswaarde lidmate 'n gelukkige geestelike tuiste sal vind, 'n kerk met dieselfde belydenisgrondslag as waarop ons tans staan." Beswaarde lidmate is ook aangeraai om uit protes slegs 'n nominale bedrag van R1 aan hulle gemeentes te betaal en die res van hulle bydrae in 'n spaarrekening van die VK te betaal (Die Boodskapper Februarie 1987: [ ]). Rapport berig twee dae later op 30 November 1986, dat 'n kerkskeuring onafwendbaar in die Ned Geref Kerk geword het. Die beswaardes onder leiding van Prof Willie Lubbe,[6] 'n

---

[4] *Geloof en Protes* het verskeie formuleringe en gedagterigtings van KS 1986 verwerp en 'n eie siening in die plek daarvan gestel. In wese het dit op die handhawing en beklemtoning van die Godgegewe verskeidenheid van ras volk en nasie neergekom met 'n gepaardgaande volkskerkidee as ideaal vir die voortbestaan van die Afrikanervolk. Daarom is KS 1986 se belydenis van die kerk se aandeel in die lyding van mense as gevolg van apartheid (par 307) deur die beswaardes verwerp. Daarmee saam is die oopstelling van lidmaatskap (par 270), wedersydse beroepbaarheid van predikante van die NG Kerkfamilie (par 272), die aanbeveling van gesamentlike byeenkomste (par 278), die aandrang van gelyke werksmoontlikhede vir alle mense (par 352), ope arbeidskeuse (par 354), die aanvaarding van rasgemengde huwelike (par 368) en die propagering van 'n wêrelddiakonaat (par 290) onder andere verwerp (1987: 25). Die ASK het 'n *Antwoord van Ned. Geref. Kerk op Geloof en Protes* deur AKLAS laat opstel waarin gesê is dat GP in terme van die verhouding tussen kerk en volk sy vertrekpunt in die volk neem en nie in die kerk nie. Die gevolg is dat dit uiteindelik die volk is en nie die Skrif nie, wat die aard van die kerk bepaal. Dit lei die denke tot die logiese uitvloeisel van 'n eksklusiewe Afrikanerkerk wat deur die opstellers voorgestaan word. 'n Ander ernstige dwaling wat uitgewys word, is dat GP steun op die algemene openbaring as aparte kenbron naas die Skrif en dat dit in die vorm van 'n natuurlike teologie funksioneer sodat die verskeidenheid as verskynsel in die skepping hanteer word, iets wat heeltemal onhoudbaar is. Toegepas op die volkereverskeidenheid word die verskeidenheid bepalend vir die gestalte van die kerk in die wêreld. Dit beïnvloed die verstaan van die aard van die eenheid van die kerk en die gemeenskap van gelowiges. Die manier waarop die Skrif en die belydenis in GP hanteer word laat die ASK opmerk dat die weg van die VK en die beswaardes 'n "heillose weg" is (1988: 10-11,16-18). Die ASK het namens die Ned Geref Kerk by almal wat hulle agter GP geskaar het gepleit, "om betyds tot beter insigte te kom en terug te keer tot die gereformeerde verstaan van die Skrif – waaraan die NG Kerk hom verbonde ag." (Beeld 11 Julie 1987b: [ ]).

[5] Die feit dat die VK reeds teen November 1986 met voorbereidings vir die moontlike stigting van 'n nuwe kerk moes begin, asook dat beswaarde lidmate aangemoedig is om hul bydraes in 'n aparte rekening te betaal, word in *Geloof en Protes* verswyg, terwyl die res van die agtergrondsinligting soos in *Die Boodskapper* van Februarie 1987 wel vermeld word (1987: iii). Dit wek die indruk dat die VK nie die betrokke feite onder die aandag van die lesers van GP wou bring nie.

[6] Prof Willie Lubbe, wat volgens *Financial Mail* sterk met bloukraagwerkers geïdentifiseer het, het in 1970 by die *Herstigte Nasionale Party* aangesluit maar na tien maande is hy weer weg by dié party om die *Bond van Konserwatiewe Afrikaners* te stig, volgens hom, 'n "kultuurorganisasie vir konserwatiewe mense".

voormalige redakteur van *Die Kerkbode* en *Die Afrikaner* het volgens Rapport die Ned Geref Kerk afgedreig, deur daarop aan te dring dat die kerk 'n buitengewone sinode moes hou en sekere besluite van die Algemene Sinode van 1986 moet terugtrek.[7] Veral die besluite in KS 1986 wat oor die oopstel van die kerk en die belydenis oor die Bybelse regverdiging van apartheid handel, was geïmpliseer. In dieselfde berig word gerapporteer dat persoonlike vyandigheid veral teen Heyns elke nou-en-dan op die vergadering uitgeslaan het. Heyns het egter sonder huiwering aan Rapport gesê dat Lubbe en die beswaardes se eis "totaal en al onaanvaarbaar" en "hoegenaamd nie moontlik" is nie. Hierdie antwoord van Heyns aan die een kant, teenoor die gees onder die beswaardes in die Skilpadsaal "wat in geen bui was vir versoening met die 'humanistiese en liberalistiese' kerkleiding nie", het daarop gedui dat die beswaardes se pad reguit na kerkskeuring toe loop, aldus Rapport (30 November 1986: 1,2).[8] Vóór die vergadering het Heyns die beswaardes in 'n preek in Waterkloof ernstig gewaarsku dat diegene wat die kerk wil gebruik om sekere politieke doelstellings te bevorder hulle vergryp aan die kerk en teen Christus sondig. Hy het onregstreeks na die beplande vergadering verwys en gesê die kerk is nie 'n vereniging of eksklusiewe klub of politieke party nie. Verder het hy gesê dat die kerk van Jesus Christus op 'n "heeltemal ander vlak" beweeg. Jesus het self die eenheid van gelowiges aan die taak van die kerk verbind toe Hy gesê het, bid vir die eenheid van die gelowiges sodat die wêreld kan glo dat God Hom gestuur het (Beeld 22 November 1986: [ ]). Volgens dr Dirk Viljoen, die destydse skriba van die ASK, was dit op inisiatief van Heyns dat samespreking op 26 November, twee dae vóór die Skilpadsaalbyeenkoms, tussen die beskikbare lede van die ASK-Dagbestuur en vyf lede van die VK op informele grondslag in Pretoria plaasgevind het. Daar was tydens die byeenkoms nie veel sprake van 'n gesprek nie. Die ASK wou verneem wat die beswaardes se besware is asook wat hulle met die Skilpadsaal-byeenkoms beoog. Die antwoord was dat die aanbevelings ten opsigte van dié byeenkoms vooraf vertroulik is.

---

Lubbe het ook in 1970 uit die AB bedank omdat hulle volgens hom die pad van die Nasionale Party gevolg het (10 July 1987: 55).

[7] Die VK het die ASK tot einde Junie 1987 tyd gegee om die genoemde besluite te herroep (Die Boodskapper Februarie 1987: [ ]).

[8] Ds Kobus Potgieter vertel dat hy prof Willie Lubbe goed geken het en dat hulle albei van Lichtenburg af kom. Hy het by hom gepleit om nie weg te breek nie, maar hy het gesien dat die water by Lubbe onder die brug deur is (11 Augustus 1997: [ ]).

Lubbe se groetwoorde was: "Ons sal weer praat." (Die Kerkbode 8 Julie 1987m: [ ]).[9] Heyns het hom sterk teen Lubbe en die beswaardes se voorgenome optrede uitgespreek deur te sê dat selfs die moderatuur van die Ned Geref Kerk nie eens by die Skilpadsaalvergadering toegelaat word nie. Hy het dit as 'n poging gesien, "om die onrus te intensifiseer tot 'n bepaalde heillose optrede vir die eenheid van die kerk." (Beeld 28 November 1986: [ ]). In *Die Kerkbode* van 3 Desember 1986 is berig dat die Dagbestuur van die ASK die beswaardes by wyse van 'n verklaring ernstig gewaarsku het. Die ASK het sterk beswaar teen hulle handelswyse gemaak. Op grond van die besluit om hulle bydraes, soos hierbo genoem, terug te hou, vra die ASK of hulle nie op 'n wyse optree waarteen die nagmaalsformulier waarsku, naamlik dat almal wat skeuring en oproer in die kerk wil veroorsaak hulleself buite die nagmaalsgemeenskap van die kerk stel nie. Met pastorale bewoëndheid was 'n beroep op die beswaardes gedoen om alle besware en vrae wat mag bestaan in die lig van die kerkorde en die sinodale besluit, wat juis opening hiervoor gee, te hanteer. Die verklaring lui verder: "Terselfdertyd word diepe dankbaarheid uitgespreek teenoor die oorweldigende getal lidmate en ampsdraers wat hulle toewyding steeds met lojaliteit in die kerk voortsit." (3 Desember 1986: 1,2). In teenstelling met die gees van onversoenlikheid wat by Lubbe en sy medebeswaardes gangbaar was, was daar by ds Kobus Potgieter, hoewel ook beswaard, 'n gesindheid en opregte pogings tot versoening. Hy skryf: "Ek pleit vir die nodige vertroue en lojaliteit by ampsdraers en lidmate soos ons dit nog altyd in die kerk ervaar en geniet het. As daar miskien een of meer sake is waaroor ons nie gelukkig is nie, is daar nog altyd die kerklike en broederlike weg om daarmee te handel." (11 Maart 1987: [ ]). Potgieter sê hy was tevrede met die 1986 Sinodebesluite, onder andere dat die kerk "oop" moet wees, "want

[9] Teen 21 April 1987 het die ASK 'n brief van die VK, gedateer 31 Maart 1987, met die volgende inligting ontvang: <u>Eerstens</u> dat hulle hoop om teen die helfte van Mei 1987 'n stuk (GP) as reaksie op KS 1986 te publiseer, <u>tweedens</u> dat hulle daarmee saam 'n memorandum met sekere versoeke aan die ASK sal rig en <u>derdens</u> dat die ASK gevra word om vóór einde Junie 1987 op die versoeke te reageer. Die beswaarskrif is op 16 Mei 1987 deur prof Alkmaar Swart, sekretaris van die VK, by dr Dirk Viljoen se huis afgelewer. Die Dagbestuur van die ASK het dit dadelik behandel en 'n buitengewone ASK-vergadering vir 22 Junie 1987 belê (Die Kerkbode 8 Julie 1987m: [ ]). Die VK het vir 'n ontmoeting voor 15 Junie gevra, maar die ASK kon dit nie voor 22 Junie inpas nie, aangesien die NGKA-Sinode van 10 tot 18 Junie- en die Sinode van Wes-Transvaal van 9 tot 19 Junie plaasgevind het. Heyns moes intussen ook 'n buitelandse besoek onderneem (Notule: Dagbestuur van die ASK 17 Mei 1987: 2). Op dié vergadering is vir langer as drie ure met ses-en-twintig beswaardes van die Voortsettingskomitee gesprek gevoer. Hierdie samesprekings, tesame met talle pastorale gesprekke en konferensies wat deur feitlik al die ASK-lede met kerkrade en gemeentes gehou is, is volgens Viljoen 'n bewys dat die ASK sy pastorale plig teenoor die beswaardes nagekom het (Die Kerkbode 8 Julie 1987m: [ ]).

die Bybel verwag dit." Hy het daarby gestaan, maar later, toe KS 1990 herformuleringe ondergaan het om die kerk vir kerkvereniging gereed te maak, het hy vasgeskop. In die tussentyd het hy, soos reeds aangetoon, versoenend probeer werk. Hy was ontsteld tydens die ASK se ontmoetings met Lubbe-hulle oor die skerpheid waarmee Heyns met die beswaardes gewerk het. Hy het Heyns gevra om sagter met hulle te wees "want die kerk kan skeur", maar Heyns het volgens hom voortgegaan. Hy het gesê, as hulle wil loop, moet hulle loop (1997: [ ]).[10] Dr Dirk Fourie het Heyns verskeie kere vergesel wanneer afvaardigings van beswaardes ontmoet is. Volgens Fourie was Heyns nooit gemaklik met die mense nie. "Hy het wel geduldig na hulle besware geluister, maar simpatiek teenoor hulle gewetensbesware was hy nie en hy het dit ook reguit vir hulle gesê." (19 Februarie 1998: 2). Dr Dirk Viljoen het op sy beurt nie gedink Heyns het te skerp opgetree nie, maar slegs by die Sinodebesluite gestaan. Viljoen se indruk was dat Lubbe-hulle kláár besluit het. Daar was al dreigemente vóór die Sinode van 1986, "maar ons het nie geglo hulle sal so ver gaan nie" (1998: [ ]).[11]

Aan die begin van 1987 lewer Heyns 'n nuwejaarsboodskap in *Die Kerkbode* waarin hy sê dat die Ned Geref Kerk in 1987 voor sy grootste uitdagings nóg te staan sal kom. Hy het van aanpassings op politieke, sosiale en kulturele terreine gepraat wat lidmate sou moes maak, asook nuwe strukture wat ontwikkel moes word. Terwyl hy reeds weer aan die ekumene gedink het, was die kwessie van die beswaardes nou eers dringender. Oor hulle en oor die klanke van kerkskeuring het hy gesê dat 'n mens groot begrip en geduld daarvoor moes hê. Enige oorhaastige optrede sou volgens hom onwys wees en enige veroordeling van mekaar "diep onchristelik." Met die kerk se bestudering van KS 1986 het hy gehoop dat daar groter rustigheid sou kom (Die Kerkbode 14 Januarie 1987a: 1,2). Nadat die ASK op 18 en 19 Maart 1987 vergader het, is 'n uitnodiging in *Die Kerkbode* geplaas: "Lidmate wat beswaard voel word verseker dat die kerk bereid is om met erns na hulle bedenkinge te luister. Dit staan hulle ook vry om hulle besware langs die aangewese

[10] Potgieter was nie by die vergadering in die Skilpadsaal in November 1986 nie. Hy het gesê: "My hart is seer. Hulle het ons skade aangerig." (1997: [ ]).

[11] Op 3 September 1986, ongeveer ses weke vóór die Algemene Sinode van 1986 het *Die Kerkbode* in sy hoofberig melding gemaak dat daar oor skeuring gefluister word. Die les wat uit skeuring geleer moet word, is, volgens *Die Kerkbode*, dat dit dekades en eeue duur om kerkskeuring te heel. "Wie hom bereid verklaar om mee te doen aan kerkskeuring, neem inderdaad 'n ontsaglike las op sy skouers – iets waarvoor hy in laaste instansie aan God verantwoording sal moet doen." (3 September 1986: 6).

kerklike weë onder die aandag te bring." Die ASK stel dit duidelik dat die kerk in sy besluite "niks anders wou doen as om gehoorsaam en getrou te wees aan die eise van die Heilige Skrif en ons belydenis nie." Die ASK het hom weereens bereid verklaar om begrippe soos "oop lidmaatskap, politieke modelle en apartheid", wat vir misverstand vatbaar is, nader te verduidelik (Die Kerkbode 25 Maart 1987f: 1,2).[12] Op 24 Junie 1987 skryf Heyns nogmaals in *Die Kerkbode* dat die eenheid en heiligheid van die kerk nie aangetas moet word nie. Dat diegene wat van die kerk wil wegbreek eers die teologiese dwalinge in KS 1986 sal moet aantoon en dit met teologiese suiwerheid beantwoord, soos in Martin Luther se tyd. Dis egter nie wat volgens hom met die beswaardes gebeur nie. Teologiese suiwerheid word eerder in hierdie geval met 'n teologiese dwaling beantwoord. Volgens hom is die beswaardes se argumente deurspek met partypolitieke voorstellinge[13] wat met die toepassing daarvan op die kerk, die heiligheid van die kerk aantas. Heyns vra die vraag: "Is *Kerk en Samelewing* so onbybels dat as gevolg daarvan 'n Christusverduistering plaasgevind het? Dat Gods Woord nie meer suiwer in die Ned Geref Kerk gehoor word nie?" (24 Junie 1987b: 6). Dit is duidelik dat Heyns op grond van artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis[14] nie oordeel dat die beswaardes van die Ned Geref Kerk kan wegbreek op grond van die feit dat dit 'n valse kerk geword het nie.

---

[12] In dieselfde uitgawe van *Die Kerkbode* word 'n bladsy daaraan gewy waar die ASK die genoemde begrippe aan die kerklike leserspubliek verduidelik (25 Maart 1987g: 5).

[13] Heyns sê aan die Hollandse kerkblad *Trouw* dat die afskeiding van die beswaardes 'n politieke - eerder as 'n godsdienstige afskeiding is (6 Juni 1987d: [ ]). In die koerant *Sunday Star* word die mening gedra dat die breuk in die Ned Geref Kerk die deurwerking van 'n verbrokkeling van Afrikaner-eenheid is. Die skeuring in die kerk is volgens dié koerant die "laaste bastion van Afrikaner-eenheid" wat verkrummel. Dit wat in die kerk gebeur is die volvoering van 'n proses wat reeds op die politieke- en kulturele terreine van die Afrikaner plaasgevind het. "The Afrikaner nation, which once stood rock-firm behind the shield of its politics, its culture and its religion, is now devided on all three fronts into those who are preparing to accept some measure of multi-racialism and those firmly committed to white Afrikaner supremacy." (28 Junie 1987: [ ]).

[14] Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat die kenmerke van die ware kerk bestaan wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien word soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik word om die sonde te straf. Daar kan slegs van 'n kerk weggebreek word as daardie kerk 'n valse kerk geword het. Volgens artikel 29 is dit wanneer die kerk aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeken as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf (Ons Glo 1987: 23).

'n Belangrike leier in Afrikanergeledere en leier van die KP as destydse amptelike oposisie in die Volksraad asook lidmaat van die Ned Geref Kerk, was dr A P Treurnicht. As voormalige predikant en redakteur van *Die Kerkbode* met 'n lang politieke loopbaan daarna, was hy 'n invloedryke leier onder regse Afrikaners. Prof Willie Esterhuyse vertel dat Heyns baie versigtig vir Treurnicht was. Hy was bekommerd oor wat Treurnicht se bewegings in geval van 'n kerkskeuring sou wees (29 September 1997: [ ]). Ook ds Kobus Potgieter het Heyns daarop gewys dat as Treurnicht na die Afrikaanse Protestantse Kerk (hierna genoem APK) toe sou gaan, gaan die hele KP saam met hom (11 Augustus 1997: [ ]). In antwoord op kritiek dat hy vóór die Algemene Sinode van 1986 partypolitieke druk op die komende Sinode geplaas het deur sinodebesluite op 'n partypolitieke kongres vooruit te loop, skryf Treurnicht in *Die Kerkbode*: "Oor die besluit om oor apartheid te bieg, kan ek nou reeds vir u sê: dit ondersteun ek nie. En dan is dit nie druk met die oog op die Sinode nie. Dis 'n weloorwoë standpunt oor baie jare." (10 September 1986: 8). Na afloop van die Sinode stuur hy 'n lywige stuk aan AKLAS waarin hy kommentaar op meer as 157 paragrawe van KS 1986 lewer. Om dit saam te vat is dit duidelik dat hy die ernstigste probleme met par 270 oor die "oop lidmaatskap" asook pare 305 tot 307 oor die verwerping van die negatiewe aspekte van apartheid het. Sy besware wentel rondom die spanning wat daar ten opsigte van die kerkbegrip tussen verskeidenheid en eenheid bestaan. Hy plaas die klem op die verskeidenheid en die strukturele ordening van afsonderlike kerke. Terselfdertyd sien hy die eenheid van die kerk nie as noodsaaklik struktureel sigbaar nie. Die volgende aanhaling waar hy kommentaar oor "oop lidmaatskap" (par 270) lewer illustreer sy standpunt: "Om 'n veelrassige kerk in te plant in die besondere beddings van 'n bepaalde volk, beteken om veelrassigheid in en deur die kerk aan 'n volk op te dring. Dis wat sekere kerke in Suid-Afrika wil doen. Wil die NG Kerk hieraan meedoen?" (1987: 13). Treurnicht het sy stuk met 'n brief aan *Die Kerkbode* opgevolg waarin hy vra dat KS 1986 "grondig" hersien moet word. Weereens fokus hy op pare 305 tot 307 wanneer hy vra dat veral dié paragrawe herformuleer behoort te word. Hy noem dat apartheid ook anders toegepas word en nie net as stelsel wat mense veronreg nie. Hy vra waarom apartheid in KS 1986 as politieke model uitgesonder word? "En wat van die verontregting van volke in 'n bedeling van magsdeling en meerderheidsregering in 'n veelvolkige eenheidstaat?

Waarom spreek die Sinode hom nie dáárteen uit nie?" (27 Mei 1987: [ ]). Kort voor die stigting van die APK het Treurnicht 'n beroep op die beswaardes sowel as die "verantwoordelike leiers in die kerk" gedoen om 'n tot vergelyk te probeer kom om 'n verdeling in die kerk te verhoed (Star 24 June 1987: [ ]). Treurnicht het, hoewel soms onder groot spanning met die kerkleiding, 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk gebly.

Uitendelik het Lubbe en die beswaardes op 27 Junie 1987 die APK gestig (Meiring 1974: 181).[15] Ongeveer 2400 beswaardes het die stigtingsvergadering in die Skilpadsaal bygewoon. Heyns het in reaksie gesê dat dit vir hom 'n jammerlike situasie is dat mense voel hulle moet op grond van verskille summier die kerk verlaat (Die Kerkbode 1 Julie 1987l: 1,2). Die stigting van die APK was die gebeurtenis wat Heyns in sy loopbaan die seerste gemaak het. In 'n sekere sin het hy as moderator persoonlik verantwoordelik gevoel vir wat gebeur het en dit het vir hom persoonlik groot wroeging veroorsaak (Meiring 1994: 181,182). Op die dag van die stigting van die APK sê Heyns: "I have the idea that what we have here is a classic example of civil religion – the mixing of culture with religion. I see no future for the new church because of this." (Sunday Star 28 Junie 1987: 1,2). Alhoewel die wegbrekers Heyns persoonlik kwalik geneem het, het Lubbe gesê dat Heyns nie die enigste struikelblok was wat tot die stigting van die APK aanleiding gegee het nie. Hy het op 'n inligtingsvergadering in Bloemfontein voor vierhonderd mense gesê: "As prof Heyns verdwyn, het die NG Kerk se probleme nog nie verdwyn nie." (Die Vaderland 13 Julie 1987: 6). Ongeag die pyn wat die wegbreek van die APK vir Heyns veroorsaak het,[16] het hy in geen opsig van sy standpunt afgewyk nie. Dit het hom net meer van sy saak oortuig. Ten spyte van sy hartseer en teleurstelling het hy verklaar dat hy nog meer versoenend sal optree en nog oper vir gesprek sal wees. As daar iemand is wat met "'n passie vervul is" om lidmate van die APK in die Ned Geref Kerk terug te kry, was dit hy, het hy by geleentheid gesê (Die Volksblad 24 Oktober 1990a: 3). Binne enkele weke ná die stigting van die APK doen Heyns 'n beroep op al die

---

[15] Aanvanklik het ongeveer 30 000 lidmate die Ned Geref Kerk verlaat en by die APK aangesluit (Meiring 1994: 181). Teen 1992 het die lidmatetal van die APK volgens Lubbe op 46 396 gestaan, met 123 predikante en 228 gemeentes (Die Kerkbode 27 November 1992: 6).

[16] In 'n onderhoud met die Hollandse kerkblad *Centraal Weekblad* het Heyns sy teleurstelling oor die wegbreek van die APK soos volg uitgedruk: "Laat ik eerst zeggen dat ik dit een uitermate droevige zaak heb gevonden. Dat het juist moest gebeuren onder mijn voorzitterschap, terwijl ik zo 'n grote passie heb voor de eenheid van de kerk in dit land." (3 Maart 1989: 7).

betrokkenes ten opsigte van die skeuring wat hy "'n tragiese ding wat gebeur het" noem: "As ons kerklike weë dan móét skei, kom ons doen dit in 'n gees van liefde …. As ons saaklike verskille het, kom ons laat persone buite rekening en tree soos geestelik-volwasse mense op …. Kom ons bid vir mekaar …. Kom ons dank God vir al die genade … " (22 Julie 1987c: 6). Heyns vind dit 'n paar weke later nodig om op 'n aanval van Lubbe te reageer, waar laasgenoemde in 'n woordestryd met die redakteur van *Die Kerkbode* beweer dat die VK en die beswaardes vir agt maande tevergeefs 'n oop oor, oop hart en oop deur by die Ned Geref Kerk gesoek het. Heyns antwoord dat met al die korrespondensie tussen die ASK en die VK beskikbaar, laasgenoemde gedurende die agt maande tot en met die stigting van die APK nooit 'n gesprek met die ASK aangevra het nie. Al die gesprekke wat wel plaasgevind het, was volgens hom, op inisiatief van die ASK (Die Kerkbode 2 September 1987c: 6).[17]

'n Gebeurtenis in die buiteland wat tot die ongelukkigheid van die beswaardes bygedra het, het plaasgevind toe Heyns uitgenooi is om in Januarie 1987 aan 'n Britse televisieprogram[18] van dertig minute lank deel te neem wat deur die *British Broadcasting Corporation* (hierna BBC) na miljoene kykers uitgesaai is. Daar is uit die buiteland gerapporteer dat hy sou gesê het dat die toepassing van apartheid nie op Christelike gronde aanvaar kan word nie en indien die Suid-Afrikaanse regering sou voortgaan om apartheid as 'n politieke en maatskaplike stelsel, wat ongeregtigheid teenoor mense laat geskied toe te pas, die kerk die regering sal moet verwerp. 'n Aanhaling van wat hy onder andere sou gesê het, lui: "Ons moet bid vir 'n nuwe bedeling. Hervorming is die enigste alternatief tot geweld. Waar die regering nie apartheid in sy geheel wil afbreek nie, kan ek net 'n besliste ineenstorting van betrekkinge tussen staat en kerk voorsien. Indien die

---

[17] Die kerkraad van die Ned Geref Gemeente Wakkerstroom skryf 'n insiggewende brief aan prof Willie Lubbe en die VK, dat hulle met groot kommer en leedwese kennis geneem het van die feit dat hulle oorgegaan het tot kerkstigting. Waar magte saamspan om die kerk van die Here Jesus Christus in onguns te bring en onsekerheid onder lidmate te saai, "meen ons dat u doelbewus besig is om aan hierdie proses mee te werk en groot skade te berokken." Verder skryf hulle: "Volgens ons siening, het u van meet af besluit tot die wegbreek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk al het die Algemene Sinode die deur wyd oopgelaat vir alle beswaardes om te onderhandel en 'n weg tot samewerking te vind. Die vraag in ons gemoed is of u nie besig is om 'n politieke standpunt te verhef tot dogma en juis daaruit die Skrif probeer verklaar nie." (Human 7 Augustus 1987: 1).

[18] Die program se naam was *Open to Question* (Natal Mercury 22 January 1987: [ ]) en deur *Ravel Productions* gemaak en op kanaal vier van die BBC uitgesaai (Die Kerkbode 28 Januarie 1987c: 1).

regering voortgaan om apartheid toe te pas, sal kerk en staat in konflik met mekaar kom." Hy het bygevoeg dat dit die kerk se taak is om versoening te weeg te bring, maar dat die kerk nie 'n politieke drukgroep mag word nie. Die kerk mag nie by praktiese politieke probleme betrek word nie (Die Kerkbode 21 Januarie 1987b: 1). Hierdie optrede van Heyns is in die Engelstalige pers beskrywe as: "…an intensely personal confession of the sin of apartheid from one of the most influential figures in the Afrikaner establishment. For those who watched the programme there could be no doubting that this was repentance from the very soul of Afrikanerdom." Tydens die program het Heyns van sy persoonlike ervaring vertel toe hy as jong doktorale student in Amsterdam vir die eerste keer in sy lewe saam met 'n swart kollega nagmaal gebruik het.[19] Heyns het vertel: "I went back to my country with a complete new starting point because I realized for the first time that reconciliation was possible in South Africa."[20] Perskommentaar hierop was: "It was one man's testimony of how he discovered that his black brothers were human beings. This is cold comfort to the tens of thousands of South Africans who have suffered and died under the injustices of apartheid. But one could not doubt the fundamental transformation in the soul of one of Afrikanerdom's most influencial figures." (Natal Mercury 22 January: [ ]). Uit Nederland het kommentaar in die vorm van 'n vraag gekom of Heyns, wat bespiegel oor 'n botsing tussen kerk en staat, die regering in beweging sal kan kry, sodat konflik tussen die Ned Geref Kerk en die owerheid uiteindelik onnodig sou wees. Heyns word aangehaal dat hy dit betwyfel of die radikale konserwatiewes in die Ned Geref Kerk op wie hy geen invloed het nie, so baie is. Aan die ander kant bestaan die vraag of hy genoeg invloed op die regering sal kan uitoefen en die kerk ook nog met hom kan saamvat (Zuid Afrika Februari: 26). Heyns se deelname aan die program en uitsprake met betrekking tot apartheid het 'n stroom van kritiek onder

---

[19] Vergelyk Heyns se verwysing na dié betrokke ervaring in hoofstuk een.

[20] In 'n onderhoud deur Peter Younghusband met Heyns in die blad *Inside South Africa* vra hy waarom Heyns ná die betrokke nagmaalservaring in Holland so lank geneem het om teen die beleid van apartheid te begin praat, het hy geantwoord: "I came back from Holland as a junior minister in the church. I did make sporadic attempts to express these doubts but in those times the church was dominated by powerfull and conservative personalities such as dr Koot Vorster and Kosie Gericke. It was difficult for a junior minister with unpopular views to be heard. It is only in recent years that I was able to speak with more authority, and be heard." (March 1987: 5). Hierdie uitspraak van Heyns het felle kritiek uitgelok aangesien hy hiermee, hoewel onbedoeld, 'n refleksie op die genoemde twee kerkleiers asook die kerkregeringstelsel van die Ned Geref Kerk gewerp het.

lidmate in Suid-Afrika uitgelok.[21] Ds Kobus Potgieter is van mening dat Heyns se soms impulsiewe optrede die oorsaak van die ongelukkigheid was. Wanneer hy die buiteland besoek het, het hy soms, meegevoer deur die omstandighede, ander standpunte ingeneem wat agterna deur die ASK reggestel moes word. Dit het Potgieter laat opmerk: "Die Heyns wat skryf, is in die kol. Die Heyns wat praat, maak mense kwaad." (11 Augustus 1997: [ ]).[22] Heyns was soos altyd baie besorg oor die beeld van die Ned Geref Kerk in die buiteland. Hy het by sy terugkoms uit Brittanje en Nederland gesê Suid-Afrika se beeld word op 'n baie skewe manier in die buiteland voorgestel. Die leiers van die

[21] Voorbeelde van die kritiek teen Heyns se uitsprake op die BBC program in Londen was: Ds J H Ernst van Pretoria wat daarop wys dat Heyns nie in die openbare oog as "aartsbiskop van die NG Kerk" verhef moet word nie. Hy moet met nederigheid en selfbeheersing daarteen waak om geen uitspraak namens die Ned Geref Kerk te maak nie (Nederlandsch Dagblad 16 Januari 1987b: [ ]). Die kerkraad van die Ned Geref Gemeente Pietersburg Moedergemeente is bekommerd oor die inhoud van die berig "Apartheid moet heeltemal afgebreek word, sê prof Heyns", omdat dit volgens hulle verwarring en onrus in die kerk saai (Bester 16 Februarie 1987: 1); Ouderling H C G Bester skryf dat Heyns na sy mening in Londen 'n politieke standpunt ingeneem het wat sommige lidmate verder van die kerk vervreem (25 Februarie 1987: 1); Die kerkraad van die Ned Geref Gemeente Hartbeesspruit skryf dat sommige openbare optredes van die ASK-lede deur baie lidmate as polities van aard vertolk word wat ernstige probleme in die gemeente gee (13 Februarie 1987: 1); Ouderling Wiets Marais van Pongola skryf dat die ASK self kan oordeel of Heyns se uitsprake in Londen en Nederland met die Algemene Sinode se besluite strook. Dit pla ook dat deur die media na Heyns verwys word as "die moderator van die N. G. Kerk" asof hy die mondstuk van die kerk is. In dié verband word verwys na ds J H Ernst van Irene se brief gedateer 30 Desember 1986 soos hierbo genoem (8 Maart 1987: 1); Prof Carel Boshoff skryf dat elke keer wanneer "bepaalde broers" deur die media gerapporteer word is daar 'n vloedgolf van ontevredenheid. Wanneer daar van kerkskeuring sprake is, gaan dit eerder oor hierdie uitsprake as oor die standpunte van die ontevredenes (27 Februarie 1987: 1); Die kerkraad van die Ned Geref Gemeente Middelburg Transvaal meen dat Heyns deur sy uitsprake in *Die Kerkbode* van 21 Januarie 1987 politieke uitsprake maak en die taak van die aktuarius in die vertolking van die besluite van die Sinode oorneem. Hy word versoek om as voorsitter van die ASK te bedank (Boshoff 23 Maart 1987: 4,5). Die Ned Geref Gemeente Wakkerstroom se kerkraad haal 'n aantal voorbeelde uit mediaberigte aan waarin Heyns volgens hulle politieke- en kontroversiële standpunte stel, wat die lidmate ontstel en onrustig maak. Hulle laat nie na om hom van hulle voorbidding in sy moeilike taak te verseker nie, maar hulle pleit vir versigtigheid en gebalanseerdheid (Human 10 Julie 1987: 1,5); Johan Grobler, 'n lidmaat van Moreletapark soek duidelikheid of Heyns in Londen gesê het dat apartheid *per sé* sonde is, of slegs die diskriminerende aspekte daarvan sonde is (1987: 3).

[22] J E Potgieter het baie waardering vir Heyns se skryfwerk gehad. Hy het gesê: "Beter oor die dogmatiek, byvoorbeeld *Die Kerk* kan ek nêrens kry nie." (11 Augustus 1997: [ ]). Die eertydse Kapelaan-Generaal van die Polisie en persoonlike vriend van Heyns, ds Stoffel Colyn onthou ook 'n insident op die hoofbestuur van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigninge (hierna genoem FAK) waar hy Heyns moes aanspreek omdat hy entosiasties uit die voorsitterstoel gesê het dat die FAK met die African National Congress (hierna genoem ANC) moet saamwerk ten opsigte van 'n kongres oor die rol van kultuur. Colyn het gevoel Heyns komprommiteer hulle en het dit tydens teepouse vir hom gesê. Hy het tot sy sinne gekom en dadelik daarna in die vergadering gesê hy was miskien te vinnig met sy idee. "So blank eerlik en welwillend was hy. Hy het nooit 'n verskuilde agenda gehad nie." Colyn meen dat Heyns soms spronge in sy gedagtewêreld gemaak het, oorywerig in sy diensbaarheid en nie altyd versigtig genoeg nie sodat dit soms selfs na naïwiteit gelyk het (14 Augustus 1997: [ ]).

Hollandse Hervormde- en Gereformeerde Kerke[23] wou nie aan 'n televisiedebat met hom deelneem nie en die indrukke wat hy van Engeland teruggebring het was dat hulle min begrip vir die hervormingstappe van die Ned Geref Kerk se Algemene Sinode van 1986 toon (The Citizen 20 Januarie 1987: 13). Heyns was ontsteld dat hulle so opgetree het veral na die Algemene Sinode van 1986 se historiese deurbraak op die terrein van apartheid (Nederlandsch Dagblad 13 Januari 1987a: [ ]). Heyns was in 'n baie moeilike posisie. Aan die een kant was daar 'n gebrek aan begrip en aanvaarding deur buitelandse kerke en instansies en aan die ander kant 'n groeiende verset en ontevredenheid onder die beswaardes in die Ned Geref Kerk. Nadat die situasie in die Dagbestuur van die ASK met Heyns bespreek is, is daar in *Die Kerkbode* gerapporteer dat die Dagbestuur dit goedgekeur het dat hy deur middel van die verskillende media sy optrede op die BBC televisie in perspektief kon stel (11 Februarie 1987e: 2). Heyns het sy uitlating op die BBC oor apartheid en ander sake verduidelik deur te sê dat dit wat hy gesê het nie verder gaan as die besluite van die Algemene Sinode van 1986 nie. Hy sê "dit is van die grootste belang dat die konteks waarin ek oor apartheid gepraat het in gedagte gehou word..." Hy sê dat hy die presiese woorde van die Sinodebesluit oor apartheid voorgelees het en die gesprek is verder binne die kader van dié besluit gevoer. "Daar was dus nie 'n

---

[23] Die twee kerkleiers wat geweier het om met Heyns op die televisieprogram *De toren van Babel* van die *Evangelische Omroep* debat te voer, was ds H Huting, moderator van die Hervormde Generale Sinode en dr H J Kouwenhoven moderator van die GKN. Die Hoof van Voorligting van die *Evangelische Omroep*, A Mons, het die TV-debat so beplan dat Heyns geleentheid sou kry om berig oor die Ned Geref Sinodebesluite te doen en dan kritiese mense te kry wat hom daaroor kon aanvat. Hy het gesê: "Wel wil de Evangelische Omroep evenwichtige berichtgeving over Zuid-Afrika bevorderen." (Trouw 17 Januari 1987a: 15). Die twee Hollandse kerkleiers het op die teenwoordigheid van 'n verteenwoordiger van die swart NG Kerke aangedring alvorens hulle sou deelneem (Nederlandsch Dagblad 13 Januari 1987a: [ ]). Dr Kouwenhoven het in 'n berig verdere redes vir hulle weiering verskaf. Eerstens het die Ned Geref Kerk in 1978 bande met die GKN verbreek en kan volgens hom op normale kerklike wyse uiting gee aan sy begeerte om mededelinge aan die kerke in Nederland te maak. Tweedens moet die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika gaan bewys dat hy apartheid wel verwerp het voordat hy die boodskap oorsee wil kommunikeer. Derdens het Heyns, volgens hom, in sy pogings om die blanke gemoedere in die Ned Geref Kerk te kalmeer, skynbaar in *Die Kerkbode* gesê die Ned Geref Kerk is steeds 'n blanke kerk en 'n swarte wat daarby wil aansluit sal dit goed moet besef en dit gou ook sal opmerk (Trouw 17 Januari 1987b: 15). Prof Klaas Runia het die voorval betreur en dit as 'n verlore geleentheid gesien aangesien 'n ope gesprek tussen Heyns en van die Ned Geref Kerk se felste kritici 'n gulde geleentheid was om die regte inligting deur te gee (Die Kerkbode 4 Februarie 1987d: 2). Ds Renier van den Berg Gereformeerde predikant te Ermelo betreur ook die besluit om te weier om met Heyns te praat. Hy sê: "We zitten wel aan één gesprekstafel met humanisten en communisten. Maar hoeven we niet aan één tafel te zitten met een broeder in Christus die openlijk wil belijden dat zijn kerk er vele jaren behoorlijk naast heeft gezeten en die in zijn openingsspeech op de synode in Kaapstad zei: 'Er zijn genoeg muren. Nu moet we bruggen bouwen'? Juist om die bruggen te bouwen tussen de NG-Kerk in Zuid-Afrika en onze kerken is hij naar Nederland gekomen. Wat moet deze man veel genade ontvangen om niet verbitterd te worden!" (Trouw 17 Januari 1987c: 15).

ongekwalifiseerde gesprek oor en veroordeling van "apartheid" nie, maar 'n bespreking van dié soort hantering van apartheid wat die Sinode afgewys het." (Die Kerkbode 28 Januarie 1987c: 1). Ongeveer 'n maand ná die BBC-voorval kry Heyns 'n geleentheid om meer genuanseerd en uitgebreid oor apartheid te praat toe hy die Pretoriase Persklub oor die onderwerp: *Die Ned Geref Kerk en Apartheid*[24] toegespreek het. Hy wou kennelik nie méér of minder sê as wat KS 1986 oor apartheid gesê het nie. Apartheid het volgens hom 'n lang geskiedenis wat sedert die volksplanting van Jan van Riebeeck in 'n stelsel van voogdyskap ontwikkel het en teen 1948 'n wetlike politieke stelsel onder die Nasionale Party geword het. Uit 'n publikasie *Introducing the DRC in Southern Africa*[25] verduidelik Heyns dat die Ned Geref Kerk die beleid van afsonderlike ontwikkeling saam met die Nasionale regering gesien het as 'n beleid waardeur selfstandige vryhede aan wit en swart gegee en gewaarborg sou kon word en dit kon alleen op die basis van territoriale segregasie geskied. Daarvoor was bepaalde kontrolerende wetgewing nodig. Die kerk sou wou sien dat dit sonder sommige van die wette kon gebeur. Deurgans was dit nie 'n statiese saak nie, maar 'n ewolusionêre proses. Dit het gelyk of die beleid van afsonderlike ontwikkeling die enigste realistiese oplossing vir die besondere situasie in die land was en die Ned Geref Kerk het die regering selfs versoek om dié beleid toe te pas. Die apartheid waarvoor die kerk gevra het, het ook die welsyn van die swartmense in die oog gehad. Ongetwyfeld was daar in die toepassing van apartheid al meer diskriminerende aspekte en dit het die staat en die kerk tyd geneem om dit in te sien en amptelik daarop te reageer, soos wat die Ned Geref Kerk met KS 1986 gedoen het.[26] Omdat apartheid 'n wollerige begrip is waaraan baie interpretasies geheg kan word, het die Ned Geref kerk dit gekwalifiseerd verwerp, naamlik die negatiewe aspekte daarvan wat een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel het. (1987e: 1-7).

---

[24] Heyns se referaat voor die Pretoriase Persklub het op 17 Februarie 1987 in verwerkte vorm in die koerant *Beeld* se rubriek *Godsdiens-Aktueel* verskyn onder die titel: *NG Kerk en apartheid. Nooit is gevra vir veronregting van mense nie.* (17 Februarie 1987d: [ ]).

25 Introducing the DRC in Southern Africa. 1969. Johannesburg: 28,29.

26 Die koerant The Citizen rapporteer wat Heyns op hierdie punt aan die Pretoriase Persklub gesê het: "The nature of apartheid had gradually changed to the extend where the NGK no longer found it acceptable. The apartheid that the NGK supported during the 1930's was a 'natural separation' and was not aimed at the denigration of human dignity. The form of apartheid which had evolved since then affected human dignity and could not be accepted on Christian or ethical grounds." (11 Februarie 1987: [ ]).

Heyns se standpunt, nadat die stof oor die BBC-voorval gaan lê het, was dat daar altyd 'n risiko is om 'n personderhoud toe te staan omdat mens verkeerd aangehaal kan word of dat dit wat jy wou sê verkeerd kan oorkom as gevolg van bepaalde aksente wat jy lê.[27] 'n Mens moet as kerkman egter die uitnodiging tot gesprekvoering by wyse van 'n personderhoud aanvaar as 'n geleentheid om die saak van die kerk te stel. As jy dit nie doen nie, is jy volgens hom onverantwoordelik, maar 'n mens moet natuurlik versigtig wees met jou formulerings en altyd die media vra om billik te rapporteer (Die Kerkbode 1 April 1987h: 1).[28] Dr Frits Gaum is met verwysing na die BBC-episode egter ook van mening dat Heyns soms te vinnig gepraat het. Vir 'n joernalis is dit volgens hom 'n lekkerte as iemand dadelik 'n mening oor 'n saak gee. As redakteur van *Die Kerkbode* het Gaum dit nie goed beleef toe Heyns in Julie 1988 syns insiens, te vinnig gereageer het ten opsigte van die kwessie van Suid-Afrikaanse troepe in Angola nie.[29] Ook in dié geval

[27] Prof Pieter Potgieter het in sý termyn as ASK-voorsitter ook die kwessie van openbare uitsprake deur kerkleiers aangeroer. Hy sê die kerk praat in amptelike sin deur sy vergaderings, maar in die vier jaar tussen algemene sinodevergaderinge wil die pers soms navraag doen oor die kerk se siening oor sake. Dikwels soek hulle kort saaklike antwoorde, wat dit onmoontlik maak om 'n saak in sy volle perspektief van alle kante te belig. Die lidmate moet begrip daarvoor hê dat alles wat gesê of besluit word nie altyd volledig weergegee word nie. As dit gebeur dat 'n kerkleier 'n uitspraak doen waarmee sekere lidmate nie vrede het nie, hoef hulle nie daarom die kerk van onregsinnigheid te verwyt nie. "Ons het nie 'n pous wat onfeilbare uitsprake maak of onfeilbaar is in sy optrede nie. Laat die volgende sinode maar daaroor oordeel as dit nodig is. Geen kerkleier is die kerk nie!" het Potgieter gesê (Die Kerkbode 12 Julie 1991: 6).

[28] Meer as 'n jaar later skryf Heyns in 'n ope brief aan dr Allan Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu op 'n broederlike manier oor uitsprake van kerkleiers. Hy sê: "U moet my goed verstaan. Ek weet waarvan ek praat. Dit is so maklik om méér te sê as wat die Skrif sê. Dit is so eenvoudig om die gesag van die Skrif op te eis vir wat ék dink. En wanneer ons intens meeleef met en soms ook opgeneem word in die gebeure rondom ons, en met name die politieke gebeure, dan kan ons so maklik verder gaan as wat die Boek van Gods Woord ons toelaat en dan méér sê as waartoe ons as bedienaars van die Woord reg het en selfs opdrag voor het. En is dit nie die rede waarom ons optrede mense dikwels polariseer in plaas van om hulle met mekaar te versoen nie?" (18 November 1988d: 6).

[29] Die kwessie van die permanente teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse troepe in Angola het in Julie 1988 die onderwerp van 'n mediadebat tussen Heyns en Frits Gaum geword het. Dit was 'n uiters sensitiewe aangeleentheid vir die Suid-Afrikaanse Regering aangesien hy op daardie stadium by verskillende vredesamesprekinge betrokke was. In 'n hoofartikel in *Die Kerkbode* het Gaum, na aanleiding van twaalf Suid-Afrikaanse soldate wat hulle lewens in die Suide van Angola verloor het, die stelling gemaak: "Dit lyk vir ons of die min of meer 'permanente' teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse troepe in dié vreemde land, op Christelike-etiese gronde bevraagteken kan word." Dié stelling het hy gemaak op grond van die moontlikheid dat Suid-Afrika al dieper in 'n stryd op- vreemde bodem ingetrek kan word, met al hoe groter lewensverlies (Die Kerkbode 8 Julie 1988n: 4). Die koerant *Beeld* het onder die opskrif "NGK-baas kap Kerkbode" berig dat Heyns die hoofartikel van *Die Kerkbode* in 'n verklaring gerepudieer het. In die verklaring wat namens Heyns deur die Ministerie van Verdediging uitgereik is, het hy gesê dat geen morele- en etiese besware teen die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse soldate by die Calueque-waterskema in Suid-Angola ingebring kan word nie. Volgens Heyns was die besluit oor troepe ter beskerming van die Calueque-waterskema in Angola in ooreenstemming met ooreenkomste tussen state, soos by die Lusaka-ooreenkoms in 1983 en bevestig in Brazzaville in Mei 1988 (Beeld 7 Julie 1988c: 1,2). Uit hierdie voorval het geblyk dat *Beeld* Heyns korrek aangehaal het, maar dat die kop van die berig en die

was dit volgens hom eerder 'n sameloop van omstandighede as moedswil by Heyns. Hy was volgens Gaum ook nie naïef nie, eerder geredelik gereed om 'n mening te gee (1997: [ ]).

Nog 'n ontwikkeling na afloop van die Sinode van 1986 en die aanvaarding van KS 1986 was die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Bond (hierna genoem NG Bond).[30] In 'n persverklaring op 20 Julie 1987 stel die NG Bond homself bekend as beswaarde lidmate wat hulle vir die hersiening van KS 1986 beywer. Hiervoor soek hulle 'n dringende onderhoud met die ASK om die besware teen KS 1986 oor te dra en aan te dring op weë "waarlangs hierdie geskrif hersien kan word". Saam met hierdie versoek het die NG Bond ook 'n ernstige beroep op die "huidige voorsitter van die ASK" en plaaslike predikante gedoen om hulle van uitsprake en oordele te weerhou "wat lidmate van die kerk verder vervreem en uit die kerk dryf."[31] As rede vir hulle beswaardheid voer hulle aan dat die behoud van die historiese karakter van die Ned Geref Kerk as gereformeerde belydeniskerk binne die Afrikanervolksverband in gedrang is en dat hulle doel is om lidmate en kerkrade aan te moedig om hulle onomwonde aan die behoud van hierdie karakter te verbind. Hulle beoog nie polariserende groepvorming binne die kerk nie, maar die "handhawing van 'n historiese situasie op Skriftuurlike gronde". Die NG Bond is van oordeel dat die Ned Geref Kerk deur 'n aanslag van die liberalisme as agent vir

---

verwysing dat Heyns *Die Kerkbode* se hoofberig sou repudieer het, nie Heyns se bedoeling weergegee het nie. Heyns het in reaksie gesê dat sy verklaring bedoel was om op *Die Kerkbode* se artikel uit te brei en in breër konteks te plaas (Beeld 13 Julie 1988e: [ ]). Tog moet Heyns in hierdie geval self skuld vir die verkeerde indruk in die media dra, omdat hy sy eie kerk se amptelike blad oor 'n etiese saak deur 'n regeringsinstansie soos die Ministerie van Verdediging aangespreek het. Prof Adrio König het gesê hy vind dit "vreemd en ongelukkig" dat 'n kerkleier 'n verklaring deur die Ministerie van Verdediging laat uitreik. Hy sê: "Dit kan beswaarlik 'n ander uitwerking hê as om die indruk te wek dat die NG Kerkleiding in terme van die ideologie van staatsveiligheid, niks anders doen as om die Regering te ondersteun nie." (Beeld 8 Julie 1988d: [ ]). 'n Verduideliking deur dr Das Herbst Kommunikasiehoof van die Minsterie van Verdediging het gevolg. Hy het gesê "die verklaring was 'n gesamentlike inisiatief van die Ministerie en prof. Heyns. Prof. Heyns was besorg oor die indruk wat kan ontstaan dat daar 'n konfrontasie tussen die staat en die kerk is. Hy het 'n konsepverklaring aan hom, dr. Herbst, gegee, wat dit verwerk het en die verwerking aan prof. Heyns voorgelees het. Prof. Heyns het dit so goedgekeur. Hulle het ooreengekom dat dr. Herbst se kantoor die verklaring sal uitreik omdat prof. Heyns 'n vergadering moes bywoon en dr. Herbst reeds in kontak was met die media wat navraag gedoen het oor reaksie op die hoofartikel in die Kerkbode." (Beeld 13 Julie 1988e: [ ]).

30 Die dagbestuur van die NG Bond het aanvanklik uit die volgende persone bestaan: Prof S A Strauss (voorsitter), prof C W H Boshoff (ondervoorsitter), mnr C Wagner (sekretaris) en mnr R F Odendaal (penningmeester) (NG Bond Persverklaring 20 Julie 1987: 1)

31 Vergelyk die bespreking ten opsigte van Heyns se uitsprake in die media met verwysing na die BBC-insident vroeër in die hoofstuk bespreek.

verandering gebruik word en diensbaar aan "moderne politieke strominge" gemaak word waardeur die eiesoortigheid van die Afrikanervolk vernietig kan word.[32] Nog 'n doelstelling van die NG Bond was om "in die gesindheid van die Here Jesus Christus" versoening en herstel van die eenheid met die beswaarde lidmate wat reeds weggebreek het te bewerkstellig (NG Bond Persverklaring 20 Julie 1987: 1,2). *Die Kerkbode* het die NG Bond gewaarsku dat sulke organisasies maklik 'n "kerk binne 'n kerk" of 'n drukgroep kan word wat die werk van die kerk wil begin oorneem en van hulle lede groter lojaliteit verwag as van die kerk self. Hulle sal daarteen moet waak (29 Julie 1987o: 6). Die voorsitter van die NG Bond, prof Sybrand Strauss het, nadat die Moderatuur van die Vrystaatse Sinode gesprek met hom gevoer het, as voorsitter bedank.[33] Dié gesprek het oor die implikasies wat Strauss se verbintenis met die NG Bond vir die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat kon hê gehandel. Hierop het prof Carel Boshoff waarnemend die voorsitterskap oorgeneem (Die Kerkbode 5 Augustus 1987p: 1,2). Die Dagbestuur van die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit (Ned Geref

32 Dr Willie Botha, skriba van AKLAS wat die perskonferensie tydens die stigting van die NG Bond bygewoon het, het gesê hy glo nie liberalisme, of soos die NG Bond beweer, "'n diensbaarheid aan moderne politieke strominge" tot die besluite in KS 1986 gelei het nie. Hy vra: "Is dit nie veeleer 'n bewuswording van 'n Christelike gesindheid en lewenshouding teenoor ander mense in die land nie? Dit gaan doodgewoon om Christelike liefde en dis darem nou nie verkeerd nie." Ook het hy gesê dit is eenvoudig nie waar dat die Ned Geref Kerk as agent vir 'n politieke stroming in die land optree nie. Botha het sy waardering uitgespreek dat die NG Bond besluit het om nie die Ned Geref Kerk te verlaat nie en om die kerkordelike pad te loop. Prof Pieter Potgieter het opgemerk dat hy van mening is dat die NG Bond moes gewag het totdat die streeksinodes van die Ned Geref Kerk hulle oor KS 1986 uitgespreek het en totdat AKLAS die kommentaar op KS 1986 hanteer het. Verder sê hy: "Ek vrees daar word nie genoegsaam onderskei tussen teologies liberaal en teologies behoudend en politiek liberaal en politiek behoudend nie. 'n Mens kan tog nie 'n groep of 'n kerk stig omdat iemand politiek liberaal is nie." (Beeld 22 Julie 1987: [ ]). Dr Pierre Rossouw, predikant in diens van die Algemene Sinode vir ekumeniese sake en inligting, konstateer dat die kerk sy eie amptelike werk doen. Geen organisasie mag die kerk se amptelike werk oorneem nie. Die kerk moedig wel vrye Christelike verenigings aan wat hul taak buite die amptelike terrein van die kerk doen. Die NG Bond, wat hulle op artikel 70 van die Kerkode as vrye vereniging beroep het, opereer egter direk op die kerk se terrein. Dit funksioneer as 'n outonome vereniging binne en selfs teen die kerk. Dit kan, volgens hom, prinsipieel (en prakties) slegs negatief beoordeel word (26 Augustus 1987: [ ]). Die Teologiese Studentevereniging van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het hom ook van die NG Bond gedistansieer deur te sê dat hy oortuig is dat daar genoegsame kerklike weë bestaan waardeur besware van lidmate op 'n ordelike wyse hanteer kan word. Dié organisasie het hom met die gees en inhoud van KS 1986 vereenselwig "in soverre dit die toets van Skrifgetrouheid deurstaan." Verder spreek hy hom ten sterkste uit teen enige beweging of groep wat toegang tot- en lidmaatskap van die kerk van Christus tot 'n bepaalde volksverband wil vereng (Die Kerkbode 26 Augustus 1987: [ ]).

33 In 'n verklaring wat Prof Sybrand Strauss op 30 Julie 1987 uitreik, sê hy dat hy ter wille van die Fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en sy akademiese opdrag aldaar as voorsitter van die NG Bond bedank. Hy bevestig egter dat dit sy eerlike oortuiging is dat die doelstellings van die NG Bond Skriftuurlik verantwoord is en onder die omstandighede van daardie tyd pastoraal noodsaaklik is (Verklaring S A Strauss 30 Julie 1987: 1).

Kerk) van die Universiteit van Pretoria het op sy beurt, benewens kommer wat hulle oor Boshoff se persoonlike betrokkenheid uitgespreek het, sekere riglyne neergelê waarmee hulle die beste belang van die Fakulteit, die Ned Geref Kerk en die beswaarde lidmate beoog het (Die Kerkbode 12 Augustus 1987q: 2).

Saam met Strauss se verklaring oor sy bedanking as voorsitter het Boshoff op sy beurt ook 'n verklaring uitgereik. Hy was daarvan beskuldig dat hy beswaard was oor KS 1986 terwyl hy self deel was van die Hersieningskommissie wat KS 1986 opgestel het. Een van die KS 1986-voorstelle oor apartheid (par 306) is selfs deur hom by die Sinode van 1986 voorgedra (Verklaring Boshoff 30 Julie 1987: 1). Heyns vertel dat dit hulle strategie was dat Boshoff die paragraaf oor apartheid (par 306), wat die Tydelike Kommissie laat die vorige aand geformuleer het, aan die Sinode sou voordra in die hoop dat die Sinode dit makliker sou aanvaar (1994: [ ]).[34] Boshoff sê in sy verklaring dat dit vir die Sinode baie duidelik was dat alleen 'n negatiewe vorm van apartheid ter sprake was, anders sou par 306 nie byna eenparig deur die Sinode aanvaar gewees het nie. Voordat die Sinode die betrokke paragraaf goedgekeur het, is 'n stelling wat die NP in 'n publikasie in 1957 gemaak het deur die hulp-skriba voorgelees: "Enige beleid van onderdrukking en uitbuiting van die Nie-blanke deur Blankes word aan die ander kant verwerp as strydig met die christelike grondslag van ons volkslewe."[35] Boshoff sê dat sedert die Sinodebesluite wêreldkundig gemaak is, is die beeld geskep dat die Sinode apartheid as sodanig verwerp het. "Dat hierdie valse beeld reggestel moet word, lê voor die hand en daarvoor sal ek my beywer", het hy gesê (Verklaring Boshoff 30 Julie 1987: 1). In 'n publikasie *Kerk en Samelewing in oënskou*, brei Boshoff op sy bogenoemde verklaring uit, deur met 'n agtergrondsbespreking sy perspektief op die ontstaan van KS 1986 te gee. Dit is veral oor pare 269 en 270 ten opsigte van "oop lidmaatskap" sowel as 304 tot 307 oor "apartheid" wat hy as gedeeltes uitsonder, wat volgens hom weer hersien sal moet word, veral omdat die genoemde paragrawe nie deel van die oorspronklike verslag van die Hersieningskommissie was nie, maar gedurende die Sinodesitting van 1986

[34] Heyns vertel dat Boshoff en Potgieter albei groepe gestig het naamlik die AGB en die VK wat agterna ook nie bymekaar uitgekom het nie. Hy sê: "Vóór 1986 was hulle saam in die embrionale fase" van Kerk en Samelewing om wat my aanbetref, 'n wanstaltige gestalte daaraan te gee." (1994: [ ]).

[35] Vergelyk dieselfde aanhaling in hoofstuk twee uit die publikasie: Malan, M.P.A. 1957. Apartheid: Is Beloftes Uitgevoer? JA, JA, JA. Inligtingsdiens van die Nasionale Party. Bloemfontein: Merino Drukkers.

geformuleer is. Hy sê "Daar kon baie gewen gewees het as die gevoelige aangeleenthede terugverwys was vir verdere navorsing. Nou is dit buitendien noodsaaklik dat die paragrawe heroorweeg en nuut geformuleer word." (1987: 28). Boshoff verwys na Heyns se BBC-uitlating waar gerapporteer is dat laasgenoemde gesê het dat die toepassing van apartheid nie op Christelike gronde aanvaar kan word nie en verder, "waar die regering nie apartheid in sy geheel wil afbreek nie, kan ek net 'n besliste ineenstorting van betrekkinge tussen kerk en staat voorsien".[36] Boshoff stem saam met die morele dilemma van apartheid in 'n geïntegreerde samelewing en dit is op hierdie punt dat sy paaie met Heyns uiteenloop. Hy sê "Prof Heyns aanvaar dus ook die onhoudbaarheid van die huidige bedeling, maar sien die oplossing in die Kerk se boodskap om mekaar te aanvaar, 'ongeag velkleur'". Boshoff se standpunt verskil van Heyns wanneer hy sê dat "indien die diepgaande verskeidenheid van volkere en volksgroepe in Suid-Afrika onderskat en buite rekening gelaat word en ons in 'n proses van moreel gedwonge integrasie gedwing word, dit ernstige implikasies vir die kerk en samelewing sal hê." Hy stel dit nog sterker: "Wie egter met 'n blinde of selfs 'n dowwe oog na die veelsoortigheid van die Suid-Afrikaanse bevolking kyk en dit met idealistiese optimisme tot eenheid wil verklaar, sal met die werklikheid op 'n harde manier te doen kry." (1987: 21,29).

In sy soeke na regverdiging vir die bestaan van die NG Bond het Boshoff na 'n byeenkoms van die Nasionale Inisiatief vir Versoening (hierna genoem NIV), waarby Heyns klaarblyklik betrokke was, verwys. 'n Byeenkoms van die NIV het van 10 tot 12 September 1985 te Pietermaritsburg plaasgevind. Boshoff vra die vraag waarom die kerkleiding bedenkinge oor die NG Bond uitspreek en 'n beroep op hulle doen om te ontbind, maar talle ander organisasies[37] kan vryelik voortgaan met hulle bedrywighede. Hy sonder die NIV uit omdat Heyns daarby betrokke was. Volgens Boshoff verklaar die NIV dat hy hom beywer vir verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing om 'n volkome nie-rassige land te word. Heyns is volgens Boshoff 'n "prominente leier" in dié beweging en hulle het onderneem om 'n afvaardiging na die Staatspresident te stuur om te vra vir die vrylating van politieke gevangenis, om hoogverraadklagtes te laat vaar en

[36] "Apartheid moet heeltemal afgebreek word sê prof Heyns", berig in *Die Kerkbode* na aanleiding van Heyns se BBC-uitsprake. (21 Januarie 1987b: 1).
[37] Boshoff verwys na organisasies soos Reesa, Reforum, en die NIV (Die Kerkbode 7 Oktober 1987: [ ]).

uitgewekenes te laat terugkom. Boshoff noem dat Heyns die vliegtuigkaartjies vir vyftig Ned Geref predikante verskaf het om die NIV se konferensie, soos hierbo na verwys, by te woon (7 Oktober 1987: [ ]). Heyns het na aanleiding van die berig in *Die Kerkbode* in 'n gesprek met Boshoff inligting met betrekking tot die aangeleentheid verskaf en gesê dat die fondse vir die reis en verblyfkoste van die predikante deur 'n borg verskaf was, wat nie sy naam bekend gemaak wou hê nie. Die Moderatuur van die Noord-Transvaalse Sinode het besluit om die aanbod te aanvaar en ds Henno Cronjé moes die predikante uitnooi. Heyns het gesê dat hy nie die byeenkoms te Pietermaritsburg bygewoon het nie, maar was op die laaste dag daar om met die leiers samesprekings te voer. Op 9 Oktober 1985 het Heyns 'n diens in die St Albans-katerdraal in Pretoria waargeneem, maar dit was volgens hom nie deel van die NIV-program nie. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat Heyns na aanleiding van Boshoff se berig in *Die Kerkbode* van 7 Oktober 1987 by hom 'n regstelling van die feite geeïs het, veral om te sê dat hy nié 'n prominente leier van die NIV was nie. Uit die gegewens kan Boshoff egter gelyk gegee word dat Heyns wel 'n prominente aandeel in die NIV se byeenkoms te Pietermaritsburg gehad het. Dit is egter duidelik dat Heyns ten opsigte van die betrokke gebeurtenis verkies het om agter die skerms te werk (25 November 1987:13). Vroeg in 1988 het Boshoff op sestigjarige ouderdom sy uittrede as professor in Sendingwetenskap aangekondig.[38] As klasmaat en kollega van Heyns het 'n jarelange verbintenis tussen hulle in 'n sekere sin ten einde geloop. Boshoff sou sy aandag voortaan aan buite-kerklike sake, wat op die politieke- en kulturele terrein gelê het, wy (Die Kerkbode 20 Januarie 1988a: 6).

Heyns, wat ook in 1988 sestig jaar oud geword het, sou sy loopbaan in die kerk voortsit. Ten tye van Heyns se sestigste verjaarsdag het sy kollegas aan die Universiteit van Pretoria 'n teologiese feesbundel vir hom uitgee met die titel: *'n Woord op sy tyd*. Dié titel is gekies, gedagtig aan Heyns se besondere vermoë om 'n tydige woord oor talle sake te formuleer. In die voorwoord sê sy kollegas proff Conrad Wethmar en Cas Vos dat "aan

[38] *Die Kerkbode* prys Boshoff aan oor sy besluit om uit te tree, aangesien dit volgens dié koerant onvermydelik 'n teologiese dosent se fakulteit en ook die kerk in gedrang bring as hy by "buite-kerklike sake soos politieke- en kulturele strydvrae van die dag" betrokke raak soos op die wyse wat Boshoff betrokke geraak het. Boshoff se voorneme om met die werksaamhede van die NG Bond voort te gaan, om volgens hom as teenpool te dien vir organisasies wat "kerklike integrasie" voorstaan, word deur die redakteur negatief beoordeel aangesien dit volgens hom net méér spanning en konfrontasie in die kerk sou veroorsaak (20 Januarie 1988: 6).

leierskap in 'n tyd van spanning en beslissing, soos dié wat tans beleef word, besondere eise gestel word, is duidelik. Juis in sulke tye is die versoeking groot om slegs een van twee rigtings in te slaan: om óf die weg van 'n onbetrokke akademiese beskoulikheid te volg óf om, ongehinderd deur fundamentele refleksie, jou lewe resloos te wy aan die praktyk van 'n totale betrokkenheid." Heyns het die laasgenoemde weg gekies. Ten opsigte van Heyns as *brugbouer* sê hulle dat Heyns nie net daarin slaag om 'n brug tussen teorie en praktyk te slaan nie, maar ook brûe te bou tussen mense en groepe wat vanuit verskillende belange en ideale teenoor mekaar te staan kom." (1988: [ ]). In 'n huldigingsartikel in die bundel, wat van besondere volledigheid getuig, gee prof Flip van der Watt 'n oorsig oor Heyns se loopbaan, waarvan die *Orde vir Voortreflike Diens, Klas 1: Goud* wat in 1988 deur die Staatspresident aan Heyns toegeken is, een van die talle hoogtepunte is. Volgens Van der Watt het Heyns dit ontvang uit erkenning vir sy posisie as kerklike leiersfiguur en vanweë sy belangrike bydrae tot nasionale- en landsake (1988: 8).

In 1988 verskyn die derde van Heyns se trilogie oor die *Teologiese Etiek*[39] wat oor die sosiale etiek handel.[40] Hy wy die hele band aan drie verdere aspekte van die sosiale etiek, naamlik *volks- staats- en kerkverband*. Vir die doel van hierdie studie staan ons onder andere by Heyns se bespreking van apartheid stil. Heyns se definisie van apartheid lui:

> "Apartheid is 'n wetlik gereglementeerde politieke en maatskaplike model van denke en handelinge wat deur 'n gedwonge skeiding van groepe mense, inderdaad die welsyn van al die betrokkenes beoog het, maar in die proses van die implementering daarvan, die aanvanklike oogmerke nie tot volle realisering kon bring nie; inteendeel, dit het nie alleen die een bevolkingsgroep ten koste van die ander bevoordeel nie, dog ook individue veronreg."

---

[39] Heyns, J.A. 1988. Teologie Etiek, Deel 2/2. Sosiale Etiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel. Prof Sybrand Strauss noem hierdie derde band van Heyns se trilogie oor die teologiese etiek 'n hoogtepunt van sy teologiese bedrewenheid deurdat hy in die voetnotas alle bekende en selfs onbekende werke uit vir vroeëre en latere tyd byhaal. Die resultaat vat, volgens Strauss, nie net saam wat ander oor die onderwerp gesê het nie, maar vertoon tipiese Heynsiaanse beklemtoninge (8 Junie 1990: 4).

[40] In die voorwoord van sy *Teologiese Etiek 2/2* skryf Heyns, die feit dat die boek eers sewe jaar ná die vorige band verskyn, is 'n bewys van hoe moeilik dit is om 'n volgehoue publikasieprogram te midde van ander akademiese en kerklike verpligtinge te probeer volg (1988: [ ]).

In sy inleidende paragrawe oor apartheid, skep Heyns die indruk dat hy veels te ligtelik oor die implikasies en uitwerking van apartheid praat, wanneer hy op voetspoor van prof Piet Cillié[41] sê: "Maar duidelikste van alles blyk dat apartheid *maar net* (my kursifisering) 'n eksperiment was in die groot en moeilike onderneming van sosiale ordening en dat daaruit één ding onomstoolik waar bewys is, naamlik dat dié eksperiment nie gewerk het nie en dus dat totale wetlik gereglementeerde rasse- en gebiedskeiding *nie* die oplossing is nie." (1988: 49,50). Hierdie ongelukkige formulering skep die indruk dat Heyns nie 'n genoegsame besef het van wat apartheid aan ander mense gedoen het asof daar weggekom kan word met 'n verklaring dat die "eksperiment" nie gewerk het nie, sonder om verantwoordelikheid vir die gevolge daarvan te aanvaar. Nadat Heyns 'n uitgebreide historiese oorsig oor die ontwikkeling van apartheid in Suid-Afrika gee, asook hoe dit tot die ontstaan van afsonderlike kerke in die Ned Geref Kerkfamilie gelei het,[42] maak hy die gevolgtrekking dat die een deurlopende en normatiewe lyn van kosmologie deur antropologie na ekklesiologie loop dié van *verskeidenheid* is. Hy sê dat die eenheidsaspek natuurlik nie ontbreek nie, maar dit word of as twee gelykwaardige beginsels beklemtoon, of dit word so uitgewerk dat die verskeidenheid groter klem kry, of die eenheid word verklaar as behorende tot 'n ander kategorie as dié waartoe die verskeidenheid behoort. Heyns, in sy verduideliking oor die onderliggende motiewe van apartheid, noem dat die verskeidenheid van volke, wat impliseer dat die identiteit van elke volk gehandhaaf moet word, nie net kosmologies deur die argitekte van apartheid gefundeer was nie, maar ook teologies-Christologies. Die volheid van Christus word in die veelheid van onderskeie selfstandige volke weerspieël en verskeie tekste, soos onder andere Genesis 10 en 11 en Handelinge 17 was hiervoor aangehaal. Saam hiermee gaan 'n voorsieningheidsbeskouing waar die geskiedenis van die Afrikaner as normatief beskou word. Die volk moet apart bly ten einde sy identiteit te behou, en daarom is apartheid as die enigste bolwerk teen die liberalisme, humanisme en kommunisme beskou. Die voordele wat apartheid moes bring was vieërlei. <u>Eerstens</u> die beveiliging vir die blanke, <u>tweedens</u> dit sou tot voordeel vir die nie-blanke strek, <u>derdens</u> dit sou die verspreiding van die Christelike geloof moontlik maak en <u>vierdens</u> sou die sterkste

[41] Cillié, P. 1985. Wat is (was) apartheid?" in: Die Suid-Afrikaan, no 5, Stellenbosch: 20.
[42] Vergelyk p54 tot 61 in Heyns se Teologiese Etiek 2/2.

middel in die styd teen kommunisme wees. Nadat hy die historiese verloop van- en aanvanklike oogmerke met apartheid geskets het, noem Heyns dat daar twee komponente, naamlik nasionalisme en Calvinisme, duidelik aanwesig was. Albei was van meet af aan werkend teenwoordig, maar die eersgenoemde het die laasgenoemde mettertyd oorwoeker en sy invloed op die voortgaande ontwikkeling van die apartheidsmodel drasties ingeperk en selfs oorskadu. Heyns stel dit so: "Die Calvinisme met sy sterk appèl op roeping en diens, gewilligheid tot offervaardigheid en sy ideale van 'n Christelike samelewing, het 'n al hoe swakker greep op die gelowiges gehad." (1988: 61-64).[43] Waar Heyns die nasionalisme die oorwoekeraar van die Calvinisme noem, noem Van Niekerk dat die Calvinistiese filosofie self neig om "totalitêr" te wees. Gevolglik word die ondergeskiktheid van volk en staat aan kerk en koninkryk, soos in die Nuwe Testament verstaan, vervang met 'n neweskikking van die twee maatskaplike verbande (1992: 225). In Heyns se kritiese evaluering van apartheid aan die einde van sy bespreking, wys hy apartheid nie af nie. Hy stel duidelik dat die motief van 'n eie volksbestaan met behoud van identiteit eties nie afgekeur hoef te word nie, maar dit mag nooit ten koste van die ander geskied nie. Hy sê: "Waar daar dus diskriminasie aanwesig is, sal dit reggestel moet word." Hy erken dat die apartheidswetgewing, gerig op ordelikheid, in die verhouding van groepe tot mekaar met 'n sterk gereduseerde mensbeskouing werk. Dit is veral die begaafde individu wat gefikseer is ten opsigte van die moontlikhede wat deur die wet aan sy ras toegestaan is.[44] Heyns erken dat die stelsel van apartheid, soos dit histories uitgewerk en toegepas is, aan die Suid-Afrikaanse samelewing inderdaad 'n konflikpotensiaal verskaf het wat, indien daar, volgens hom, nie dringend aandag aan gegee word nie, "op 'n onvoorstelbare katastrofe vir Suid-Afrika gaan uitloop." Ten opsigte van die religieus-etiese aspek haal Heyns uit KS 1986 pare 305 en 306 aan waar, soos reeds behandel, die Ned Geref Kerk sy skuld ten opsigte van sy aandeel aan apartheid bely het. Hy voeg egter by: "In alle billikheid moet egter daarop gewys word dat die apartheid waarvoor die kerk in die veertiger- en vyftigerjare gevra het, en dit selfs teologies-eties geregverdig het, en die apartheid wat hy in 1986 verwerp het, nie dieselfde

---

[43] Vergelyk prof A van Selms se stelling in hoofstuk drie, soos deur Heyns in *Die Kerkbode* aangehaal: "Wie Christelik-nasionaal wil wees sal weldra ontdek dat hy alleen maar nasionaal is." (1966:769).

[44] In hierdie verband het absurdhede plaasgevind soos byvoorbeeld die gevierde digter/dramaturg, Adam Small, wie se toneelstuk in die Nico Malanteater opgevoer was, maar as kleurlinggeklassifiseerde was hy as gevolg van die apartheidswetgewing verbied om daarna te gaan kyk (MNET 16 Oktober 2005: [ ]).

is nie." Waarvoor die kerk gevra het was nie "diskriminerende, mensveronregtende, één-groep bevoordelende apartheid nie – dit was egter wel die apartheid wat die kerk vyf dekades later verwerp het." Hy sê: "Ons sal moet erken en bely dat in die historiese ontwikkeling van apartheid bepaalde ideologiese motiewe, teologies-etiese norme in bepaalde opsigte oorwoeker het, en 'n onbevange voortgaande luister na die Woord van God bemoeilik het." (1988: 69,70).

Samevattend ten opsigte van die bogenoemde kan gesê word dat KS 1986 as stimulus gedien het om verskillende groeperinge onder konserwatiewe Ned Geref lidmate bloot te lê. Drie groeperinge is onderskei naamlik die Lubbe-, Potgieter- en Boshoffgroepe.[45] Heyns en die ASK het moeite gedoen om geduldig na al hierdie groepe se besware te luister,[46] maar soos reeds opgemerk, het Heyns by die Sinodale besluite gestaan het en nie aan die druk van reaksionêre groepe toegegee het nie. Al elf die streeksinodes van die Ned Geref Kerk het die 1986 Sinodebesluite ten opsigte van KS 1986 aanvaar (Meiring 1994: 180). Daar was enkele voorstelle oor ander formulerings, hoofsaaklik ten opsigte van pare 270 en 304 tot 307. Hierdie voorstelle was vir deursending na die Algemene

[45] Uiteenlopende reaksies is ná KS 1986 tussen die groeperinge onder konserwatiewe Ned Geref lidmate waarneembaar. Hierdie uiteenlopende reaksies toon ook 'n interessante verband met die verskillende regse politieke party van die tagtiger- en negentigerjare. Die *Lubbegroep* wat die APK gestig het, verteenwoordig van die heel regse ideologiese apartheidsdenke wat veral in die HNP en KP aangetref was. Die *Potgietergroep* verteenwoordig soortgelyke ideologiese apartheidsdenke, soos hoofsaaklik in die KP aangetref, maar met die verskil dat hulle 'n kerkbegrip gehuldig het wat 'n merkwaardige lojaliteit teenoor die Ned Geref Kerk tot gevolg gehad het. Gevolglik het hulle lidmate van dié kerk gebly. Ds Kobus Potgieter het ná die stigting van die APK onder aanmoediging van Treurnicht, die taak van die VK oorgeneem. Dié twee genoemde pesone is eksponente van hierdie groep. Die *Boshoffgroep*, wat vir die ontstaan van die NG Bond verantwoordelik was, verteenwoordig hoofsaaklik 'n politieke siening van morele apartheid binne 'n homogene volkstaat wat deur 'n sterk vryheidstrewe gekenmerk word en in die Vryheidfront (hierna genoem VF) as politieke party 'n tuiste gevind het. Ook Boshoff het 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk gebly.

[46] Voorbeelde van Heyns en die ASK se moeite om die beswaardes te woord te staan en geduldig na hulle te luister, is onder andere 'n brief in *Die Kerkbode* deur mnr Roelf Odendaal lid van die bestuur van die NG Bond, wat oor die vordering rapporteer ten einde georganiseerde gesprekvoering tussen die beswaardes en die ASK te bewerkstellig. Hy verwys na openhartige samesprekings wat hy met Heyns en die skriba van die ASK, ds Dirk Viljoen gehad het (26 Augustus 1987: [ ]). Op 31 Augustus 1987 ontmoet die Dagbestuur van die ASK die NG Bond verteenwoordig deur Boshoff, C Wagner en R F Odendaal, waar Heyns as voorsitter dit duidelik stel "dat ons beslis die gesprek wil voortsit in groot liefde en broederlikheid en dit nie sinloos ag nie." (Notule: Dagbestuur ASK 31 Augustus 1987: 6). Op 23 November 1987 het verdere samesprekings tussen die Dagbestuur van die ASK en lede van die NG Bond plaasgevind waarop laasgenoemde erken het dat die byeenkoms "prematuur" is omdat stukke in voorbereiding is en hulle nog nie gereed is vir 'n voorlegging nie. Heyns het aan die einde van die byeenkoms gesê dat hulle reg tot gesprek erken word en wanneer hulle gereed is, moet hulle die skriba weer laat weet. Hulle moet egter ook onthou dat die ASK 'n verantwoordelikheid teenoor die hele kerk het. Hy het hulle 'n geseënde Kersfees toegewens (Viljoen 23 November 1987b: 3).

Sinode beoog. (Die Kerkbode 28 Oktober 1987r: 1).[47] Veral ten opsigte van pare 304 tot 307 het, wat Heyns noem, "wens-eksegese"[48] plaasgevind. Dit is volgens hom wanneer mense iets in die sinodebesluite inlees wat die sinode volgens hulle moes besluit het (17 Februarie 1987a: [ ]). 'n Situasie het ontstaan waar verskillende interpretasies oor wat die Sinode oor apartheid besluit het, na vore gekom het.[49] Dit is egter van belang hoe die besluite van die Ned Geref Kerk met betrekking tot die belydenis oor- én verwerping van apartheid geïnterpreteer word, aangesien dit implikasies ten opsigte van die toekomstige besluite met betrekking tot sake soos onder andere kerkeenheid inhou. Die interpretasies het hoofsaaklik op die volgende neergekom. Eerstens dat apartheid ongekwalifiseerd deur die Sinode verwerp is. Tweedens dat apartheid in sy wese deur die Sinode verwerp is en dat belydenis gedoen is oor die aandeel wat die Ned Geref Kerk in apartheid gehad het. Derdens dat net die verwerplike aspekte van apartheid deur die Sinode afgewys is en dat die Ned Geref Kerk se aandeel dáárin bely is. Ten opsigte van hierdie interpretasie het die Sinode die aanvanklike goeie bedoelings met apartheid erken en gehandhaaf. Hoewel

---

[47] Die redakteur van *Die Kerkbode* het die Sinode van Wes-Transvaal as voorbeeld voorgehou, van hoe 'n streeksinode die kwessie van KS 1986 behoort te hanteer. Hy skryf: "Die Wes-Transvaalse Sinode het nie twyfel gelaat dat hy KS onderskryf nie, maar eweneens verdraagsaamheid en begrip teenoor die beswaarmakers getoon." (24 Junie 1987k: 6).

[48] Gedagtig aan die BBC-episode soos vroeër in die hoofstuk bespreek, het Heyns egter self in die strik getrap om volgens sy eie term, na die "wens-eksegese" van die buitelandse gehoor te praat. Hulle wou hoor dat apartheid ongekwalifiseerd deur die Ned Geref Kerk verwerp is en hy het dit volgens berigte so laat klink. Terug in Suid-Afrika het dit hom heelwat moeite gekos om sy uitsprake in dié verband in perspektief te stel.

[49] Boshoff het, soos hierbo genoem, verklaar dat hy hom sal beywer om te keer dat 'n "valse beeld", dat die Sinode apartheid as sodanig sou verwerp het, die wêreld ingestuur word (Verklaring Boshoff 30 Julie 1987: 1). Aan die ander kant het Jonker byvoorbeeld op 'n teologiese dag te Stellenbosch gesê dat daar nie 'n pragtige kant of 'n ideale apartheid en 'n skadukant daarvan in die Sinode 1986 se besluit is nie. Daar is volgens hom net een apartheid en dit is die een wat in Suid-Afrika toegepas is. Hy sê die Sinode het hom ondubbelsinnig daaroor uitgespreek en gesê apartheid is verkeerd en vir soverre die Ned Geref Kerk 'n aandeel daarin gehad het, het hy sy skuld bely. Prof Danie du Toit, voormalige lid van die Hersieningskommissie wat KS 1986 opgestel het, het by navraag gesê hy ondersteun Jonker se interpretasie. Ds Ockie Raubenheimer het ook gereageer deur te sê dat Jonker se interpretasie van 'n ongekwalifiseerde afwysing van apartheid deur die Sinode, verskil van Heyns se standpunt soos hy dit in *Die Kerkbode* verduidelik het. Ds Jan Mettler het tydens dieselfde geleentheid gevra watter soort apartheid dan nou deur die Sinode afgewys is. Is dit bloot die hantering van apartheid, of apartheid op Bybelse gronde wat verwerp is? (Die Volksblad 10 Februarie 1987: [ ]). In die Sinode van Wes-Kaapland is die vraag later dieselfde jaar gevra, naamlik of dit nog enige sin het om van die kant van die kerk 'n positiewe inhoud aan die woord apartheid te probeer gee. Daar is berig dat "die Sinode moes toegee dat aan 'apartheid' oor die hele wêreld so 'n uiters negatiewe betekenis geheg word, dat niks meer daaraan kon verander nie (Die Kerkbode 4 November 1987s: [ ]). In *Rapport* is berig dat van die afgevaardigdes na die Wes-Kaapse Sinode tydens die betrokke debat gesê het dat die stelsel van apartheid nie langer volgens sy goeie bedoelings beoordeel mag word nie, maar net op sy eindresultaat. Apartheid het volgens hulle nie liefde en harmonie tot gevolg gehad nie, dit was eerder die oorsaak van die lyding van miljoene mense (Rapport 25 Oktober 1987: 4).

Heyns se eie interpretasie van die Sinodebesluite oor apartheid ten opsigte van die BBC-episode onduidelik was, het hy dit egter agterna in perspektief gestel sodat dit duidelik geword het dat sy persoonlike interpretasie met die derde interpretasie, soos hierbo genoem, ooreenstem. In sy boek *Teologiese Etiek 2/2*, het Heyns sy standpunt oor apartheid, die volledigste nog, weergegee. Die geweldig groot reaksie wat vanuit regse groeperinge in Afrikanergeledere en onder Ned Geref lidmate gekom het, bied 'n verklaring waarom Heyns soveel moeite gedoen het om apartheid te definieer en om 'n onderskeid te tref tussen die aspekte wat bely en verwerp moes word en aspekte wat volgens hom nie verkeerd was nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat Heyns dit nie net ter wille van beswaarde lidmate gedoen het nie, maar dit was ook sy eie oortuiging, gegewe die feit dat hy in die dertiger- en veertigerjare[50] grootgeword het, toe die wetlike vorm van apartheid ontwerp is.[51]

Te midde van die hewige reaksie vanuit reaksionêre groeperinge, soos hierbo bespreek, was daar ook reaksie vanaf die kant van die NGSK. 'n Ontmoeting tussen die moderature van die Ned Geref Kerk en die NGSK het op 18 Mei 1987 te Belhar plaasgevind met die laasgenoemde kerk as die gashere. Die doel van die vergadering was om gesprek, met die Belydenis 1986 as basis te voer.[52] Die drie hoofpunte van die Belydenis 1986 naamlik kerkeenheid, versoening en geregtigheid is deur die NGSK se Sinodale Kommissie vir

---

[50] Vergelyk hoofstuk een ten opsigte van die invloede op Heyns tydens sy kinderjare.

[51] Elkeen van ons wat uit 'n later tydperk kom, moet die verskil tussen Heyns se geslag en latere geslagte verreken. Van Niekerk skryf byvoorbeeld: "Om 'n gevorderde denker van die formaat van Heyns se produk krities te ontleed en aan die vermeende eise van die toekoms te toets, is geen geringe taak nie. Dit kan selfs as arrogant beskou word. In sy geval moet dit eerder beskou word as die soekende vrae van 'n oudstudent aan sy gerespekteerde mentor. As "junior vennoot", om Heyns se eie terminologie te gebruik, het ek immers in 'n tyd-ruimtelike konteks grootgeword. Dit was in die tyd toe die Afrikaner se ekonomiese-, politieke- en taalstryd reeds verby was. Dit was ook die tyd toe swart nasionale bewegings tot uitbarsting gekom het in, byvoorbeeld, die Soweto-onluste van 1976. Nuwe eksegetiese metodes was aan die orde van die dag en die histories-kritiese benadering het 'n groot invloed uitgeoefen op die hermeneutiek en ook die ander geesteswetenskappe. Hierdie resensie (Van Niekerk se resensie oor Heyns se *Teologiese Etiek 2/2*: 1988) is immers in 1991 – meer spesifiek ná 2 Februarie 1990 geskryf – wat die resensent ten koste van die skrywer bevoordeel. Al sou die opmerkings wat hier volg alleen maar die veranderde denksituasie reflekteer, dan dien dit alreeds 'n doel." (1992: 222).

[52] Die moderatuur van die NGSK het in opdrag van sy Algemene Sinode van 1986 'n gespreksagenda opgestel wat met die volgende verduideliking begin het: "Die Sinode van die NGSK (1986) het besluit dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar "die dure verpligting op die NGSK geplaas het om 'n belydende kerk te wees en 'n heldere profetiese getuienis binne die NG-Kerk-familie ten opsigte van kerkeenheid, versoening en geregtigheid te lewer en kerkvereniging na te streef." Na aanleiding daarvan het die Sinode onder andere aan die moderatuur opdrag gegee "om 'n gespreksagenda op die basis van die Belydenis van Belhar" vir gesprekke met verskillende kerke op te stel (Gespreksagenda 18 Mei 1987: 1).

Ekumeniese Betrekkinge[53] vir die doel van die gesprek geneem en daar is volgens hulle "positief" by ooreenstemmende formulerings in KS 1986 aangesluit. Die kommissie het nie op sake in KS 1986 waaroor hulle "diepgaande probleme"[54] gehad het ingegaan nie. Die gespreksagenda is deur die bogenoemde kommissie in die vorm van 'n gesamentlike verklaring deur die twee moderature opgestel waarin hulle, as hulle dit sou onderskryf, hulle as moderature moes verbind om die prosesse aan die gang te sit en alle strewes binne die kerke van die NG Kerkfamilie sou aanmoedig "wat die uiteindelike eenheid kan voorberei en dien" (Gespreksagenda 18 Mei 1987: 2).[55] Die NGSK se afvaardiging het volgens Smit gehoop dat hulle iets gemeenskapliks uit die Belydenis 1986 en KS 1986 sou kon onderskryf. Die Ned Geref Kerk se afvaardiging het egter by monde van Heyns gesê dat hulle nie op daardie stadium oor die Belydenis 1986 kan praat nie, aangesien hulle hulle hande vol gehad het met 'n aantal Ned Geref lidmate wat wil skeur en 'n eie kerk wil vorm. Hulle het geduld gevra en sou nie met die samesprekings kon vorder nie omdat hulle aandag eers elders nodig was.[56] Die Ned Geref Kerk se afvaardiging was volgens Smit verdeeld in hulleself. Die NGSK se kerkleiding het op daardie stadium nie

---

[53] Die NGSK se Sinodale Kommissie vir Ekumeniese Betrekkinge het uit dr Allan Boesak, prof Dirkie Smit en dr Andries Botha bestaan (Gepreksagenda 18 Mei 1987: 4).

[54] Benewens die gespreksagenda van 18 Mei 1987 is die kommentaar van die NGSK se Sinodale Kommissie vir Ekumeniese Betrekkinge in twee ander dokumente vervat. Eerstens 'n langer dokument van agtien bladsye, gedateer 20 Januarie 1987 met die titel: *Opsomming en ontleding van Kerk en Samelewing verslag Algemene Sinode 1986.* Die doel van die dokument was om vanuit die NGSK se gesigspunt met die Belydenis 1986 as uitgangspunt, 'n opsomming en ontleding van die positiewe en negatiewe aspekte van KS 1986 te maak (20 Januarie 1987: 1). Tweedens was daar 'n latere korter dokument van vyf bladsye wat per dekbrief 11 November 1987 gedateer is. Dit het opsommenderwys hoofsaaklik op die sogenaamde negatiewe aspekte van KS 1986 gefokus. Die titel van hierdie dokument is: *Kerk en Samelewing: Kommentaar deur die Sinodale Kommissie vir Ekumeniese Sake van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika* (11 November 1987: 1-5). *Die Kerkbode,* berig later aan die hand van die laasgenoemde dokument dat gesê word "dat die apartheidsbeleid die beginpunt en die GROOT veronderstelling van KS 1986 is" en verder, "Die goeie uitleg wat in *Kerk en Samelewing* gegee word oor Bybelse begrippe oor geregtigheid, eenheid, kerk, profetiese taak van die kerk en menswaardigheid, word verkrag omdat dit verstaan moet word binne die raamwerk van die onbybelse apartheidsbeleid", word die kommissie aangehaal. Hulle het ook probleme met dubbelsinnigheid in KS 1986 soos 'n dubbele kerkbegrip en 'n dubbele volksbegrip (23 Maart 1988k: [ ]).

[55] In die gespreksagenda sê die opstellers dat hulle besef dat die vergadering nie finale besluite namens hulle onderskeie kerke kan neem nie, "maar wil glo dat die erns van die saak dit noodsaak dat ons sal streef na gesamentlike formulerings." Die vergaderings sal moet besluit oor die korrekte wyse om met sulke besluite te handel, indien ons wel konsensus kan bereik. (18 Mei 1987: 1).

[56] Die Dagbestuur van die ASK het volgens ds Dirk Viljoen op 16 Mei 1987, slegs twee dae vóór die samesprekings met die NGSK te Belhar, die beswaarskrif GP van die sekretaris van die VK, prof Alkmaar Swart ontvang (Die Kerkbode 8 Julie 1987m: [ ]) en dit tydens sy vergadering op 17 Mei 1987 te Stellenbosch bespreek (Viljoen 1987a: 1). Dit was waarskynlik die hoofrede waarom die Ned Geref Kerk-afvaardiging nie kans gesien het om die gespreksagenda van die Belhar-samesprekings van 18 Mei 1987 te onderteken nie.

van die ander kerke van die NG Kerkfamilie verwag om die Belydenis 1986 te aanvaar nie. Hulle wou egter hê dat dié kerke hulle wel oor die inhoud daarvan moes uitspreek.[57] Dit sou vir hulle vordering op die pad van kerkeenheid aandui (2005: [ ]).[58] Na afloop van die samesprekings is 'n verklaring deur beide afvaardigings uitgereik waarin gesê word dat daar indringend oor die Belydenis 1986 en KS 1986, asook onder andere oor kerkeenheid, apartheid en versoening gepraat is. Die oortuiging is uitgespreek dat die gesprek ten spyte van verskille voortgesit moet word en dat die moderature van al vier die kerke van die Familie van NG Kerke in Suid-Afrika in 1988 weer bymekaar moet kom (Die Kerkbode 27 Mei 1987i: 1,2).

Op 9 Februarie 1988 het daar weer 'n ontmoeting tussen die moderature van die Ned Geref Kerk en die NGSK plaasgevind waarin die kommentaar op KS 1986, wat deur die laasgenoemde kerk se Sinodale Kommissie vir Ekumeniese Betrekkinge opgestel is, behandel is. In 'n brief aan die ASK van die Ned Geref Kerk skryf dr Andries Botha, skriba van die NGSK-Sinode, dat die kommentaar nie die NGSK se amptelike standpunt is nie, maar dat dit nietemin die siening van 'n verantwoordelike kommissie van die kerk is. Die "diepgaande probleme", soos vroeër genoem, wat hulle met KS 1986 gehad het, het uit die kommentaar geblyk (11 November 1987: 1). In die kritiek teen KS 1986 word die Belydenis 1986 as uitgangspunt gebruik (20 Januarie 1987: 1). Hulle merk op dat sosiale kategorieë soos ras, etnisiteit en kultuur in KS 1986 as die norme funksioneer, waarmee al die verklarings en konklusies binne KS 1986 verstaan moet word, met ander woorde die apartheidsbeleid is "die beginpunt en die GROOT veronderstellings van KS 1986". Daar is in KS 1986 ook goeie uitleg van begrippe soos geregtigheid, eenheid, kerk, profetiese taak van die kerk, menswaardigheid, ensovoorts, maar dit word verkrag

[57] Die ASK-Dagbestuur het die gespreksagenda van die NGSK (18 Mei 1987) na AKLAS deurgestuur om saam met die kommentaar wat oor KS 1986 ontvang is, te bestudeer. Verder het AKLAS sowel as die ASK-Dagbestuur met die bestudering van die Belydenis 1986 begin (Viljoen 1988: 1). In *Die Kerkbode* van 14 Oktober 1988 word gerapporteer dat die ASK groot erns met die bestudering van die Belydenis 1986 maak, aangesien die Ned Geref Kerk weet dat die NGSK "baie sterk voel oor verskille wat hy oor belangrike sake met die NGK het en wat daarop uitgeloop het dat die NGSK sy siening daarvan in die vorm van 'n belydenisskrif gegiet het." (14 Oktober 1988o: 1).

[58] 'n Paar dae ná die samesprekings met die Dagbestuur van die ASK te Belhar, het die NGSK samesprekings met die NGKA te Braamfontein in Johannesburg gevoer. Die NGKA se afvaardiging het aangedui dat hulle die Belydenis 1986 wil aanvaar en met die NGSK wil verenig. Dit het uiteindelik tot die stigting van die VGKSA in April 1994 gelei (Smit 2005: [ ]).

omdat dit verstaan moet word deur die "raamwerk van die onbybelse apartheidsbeleid". 'n Ernstige punt van kritiek is teen KS 1986 se kerkbegrip gerig. Volgens die kommentaar kom daar wel 'n Bybelse kerkbegrip in die prinsipiële gedeelte van KS 1986 voor waar die eenheid van die kerk voorop- en die verskeidenheid ondergeskik daaraan gestel word (pare 82 tot 99). 'n Onbybelse kerkbegrip word opgemerk waar, volgens hulle, die volkereverskeidenheid 'n bepalende rol in die kerk se struktuur speel.[59] Dit is insiggewend dat hier verskeie paragrawe aangehaal word, wat soos vroeër aangetoon, deur Heyns geformuleer is. Par 115 sê byvoorbeeld dat daar 'n noodsaaklike verband tussen kerk en volk bestaan. "Die kerk staan in noue verband tot die volk omdat hy die evangelie aan die volk verkondig en uit die volk gelowiges trek wat lede van die kerk word." Hieruit is dit volgens die kommentaar duidelik dat dit vir die Ned Geref Kerk nie die eenheid nie, maar die eendersheid in die kerk is wat die normale moet wees omdat "die belewing van die godsdiens tussen mense van dieselfde taal, kultuur, gewoontes en tradisies soveel meer spontaner kan geskied." (par 118). Daarom moet die gewone patroon dus wees dat mense aanbid "waar vir hulle eie bedieningsbehoeftes voorsiening gemaak word." (par 269). Ook ten opsigte van die volksbegrip is daar volgens die kommentaar 'n dubbelslagtigheid. Aan die een kant is volksidentiteit volgens par 111 nie 'n punt van diskussie in die Bybel nie. Die bestaan en verskeidenheid van volke as sodanig word volgens par 105 nie positief aangeprys of negatief beoordeel nie, "maar aanvaar as deel van die gegewe werklikheid." Die gevolgtrekking is dan volgens hulle tereg dat niemand op grond van sy herkoms, volksverbondenheid, taal of kultuur van die kerk uitgesluit mag word nie (pare 61, 76 en 77). Die kritiek teen 'n dubbelsinnigheid word egter in par 297 ('n paragraaf wat inhoudelik met Heyns se formuleringe ten opsigte van kerk en volk ooreenstem) [60] aangetoon naamlik, "die volk is die ruimte waarbinne die kerk sy roeping vervul .....". Hiermee saam sê hulle, word die selfstandige kerke in die Familie van Ned Geref Kerk "probleemloos aanvaar" (pare 252 tot 254) en die kommentaar gaan verder: "Daarom word die bestaan van die drie (blanke) Afrikaanse

[59] Vergelyk prof P C Potgieter se opmerking in hoofstuk vier (voetnotas), dat die Ned Geref Kerk nie apologie hoef aan te teken vir die feit dat hy die volkereverskeidenheid in die hantering van die kerklike situasie in Suid-Afrika verreken het nie, want as sodanig is dit volgens hom nie sonde nie (29 Mei 1985: 6).
[60] Vergelyk Heyns se formulerings in, onder andere, *Die kerk as Diens aan die Koninkryk* (1967: 92-93,95-97).

Kerke as 'prinsipieel nie verantwoord' gesien nie terwyl die aparte 4 'rasse' NG Kerke se eenwording op 'n ander vlak lê omdat ons hier met verskillende volke (bedieningsbehoeftes) te doen het." (par 258). 'n Kernverskil tussen die Ned Geref Kerk en die NGSK kom in die volgende stuk kommentaar na vore: "Apartheid as die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur is 'n aanvaarbare saak vir KS terwyl die N.G. Sendingkerk (NGSK) juis hieroor 'n Status Confessionis uitgeroep het en dit uiteindelik gelei het tot die Belhar Belydenis (1986)." Ten opsigte van die formulering in par 305, naamlik die poging om gedwonge afsonderlikheid en skeiding van van volke uit die Bybel te regverdig as "fout" erken en afgewys moet word, sê die kommentaar: "Dit wat die NGSK sonde noem, noem die NGK 'n fout". Benewens nog ander sake soos onderwys, disinvestering, diensplig en kritiek op die regering, wat aan die orde kom, kom die kommissie aan die einde tot aantal gevolgtrekkings wat sê dat KS 1986 die afstand tussen die Ned Geref Kerk en die NGSK vergroot en gesprekke bemoeilik. Daar is volgens hulle geen fundamentele verskuiwings sedert 1974 met RVN nie, hoewel daar wel aksentverskille is. Prinsipieel bly sake, volgens hulle, egter onveranderd en ondersteun die Ned Geref Kerk steeds die apartheidsbeleid. Die skerpste kritiek is in die laaste paragraaf, waarin gesê word: "Hierdie beleidstuk gee geen hoop en geen goeie boodskap (evangelie) aan die miljoene christene in ons land nie. Dit verongeluk (blokeer) die getuienis van die evangelie van Jesus Christus in ons land." (11 November 1987: 1-5).[61]

Ook uit die buiteland het kommentaar op KS 1986 ingekom. Die Evangelische Kirche in Deutschland (hierna genoem EKD)[62] het by wyse van 'n verslag deur dr Martin Kruse, voorsitter van die Raad van die EKD, positiewe sowel as negatiewe kritiek uitgespreek.[63]

---

[61] Die slotopmerking van die kommentaar op KS 1986 moet gesien word teen die agtergrond van die inleiding van die dokument: "Hierdie kommentaar kom van die slagoffers van die apartheidsisteem wat nog steeds in die soveelste noodtoestand verkeer. Vanuit 'n situasie van onderdrukking, wil ons die dokument Kerk en Samelewing (KS) beoordeel." (11 November 1987: 1,5).

[62] Die EKD is 'n Bond van Protestantse Kerke in Duitsland. In 1988 is daar in die Duitse bevolking van 61,5 miljoen, 26,7 miljoen Rooms-Katolieke en 26,5 Protestante. Die EKD verteenwoordig min of meer 21,2 miljoen Duitse Christene (Die Kerkbode 16 Desember 1988r: 8).

[63] KS 1986 is in veskeie tale, onder andere in Engels en Duits vertaal en aan verskeie kerke in ander wêrelddele gestuur. Heyns se begeleidende brief by die Duitse weergawe van KS 1986 sluit by Kruse se woorde by die EKD se Sinode van November 1987 aan as hy laasgenoemde aanhaal, dat die verskyning van KS 1986 aandui, "das sich eine Große Gruppe innerhalb dieser Kirche darüber im klaren ist, daß

Aan die positiewe kant stem hulle saam met wat in KS 1986 hoofstuk twee *Prinsipiële Verantwoording,* oor die kerk as "versoende gemeenskap" staan. In verband hiermee skryf Kruse: "Auch wir sehen hier einen entscheidenden Beitrag, den die Kirchen zur Überwindung der Apartheid in Südafrika leisten können." Verder sê hy dat wanneer daar skuld is, moet dit teenoor mekaar en teenoor God bely word en dan: "Gottes Vergebung und Versönung sind ein 'Gnadengeschenk' und an keine Vorbedienung gebunden." Die EKD is ook in die besonder bly dat KS 1986 rassisme as "eine ernste Sünde, die kein Mensch und keine Kirche vertreten oder ausüber darf". As gevolg van hulle verskriklike ervaringe tydens die Nasionaal-Sosialisme, is die duidelike verwerping van rassisme in KS 1986 vir hulle besonder betekenisvol. Wat hulle egter teleurstel is die feit dat KS 1986 nie apartheid met rassisme gelykgestel het nie. Kruse vra: "Heißt dies, daß Sie die Apartheid als ein politisches Ordnungsmodell nicht grundsätzlich ablehnen?" Hierop volg 'n verdere kritiese vraag, "warum Sie das System der Apartheid nicht mit denselben theologischen Gründen ablehnen, mit denen Sie den Rassismus verworfen haben." In 'n hoopvolle opmerking meen Kruse ter afsluiting dat daar 'n besondere kans vir 'n oplossing vir die konflik in Suid-Afrika is omdat daar aan albei kante Christene is wat in God se vergewende liefde glo en hulle daardeur laat aanspreek. Uit eie ervaring sê Kruse: "Wir haben dies als Evangelische Kirche in Deutschland unerwartet nach dem Ende des zweiten Weltkrieges in der Begegnung mit den Brüdern aus den Kirchen der Länder erfahren, denen wir schweres Unrecht angetan hatten." (1988: 3-5,8-9).[64]

---

Südafrika sich grundlegend wandeln muß und, das die Kirche und Christen in diesem proseß einde große Verantwortung tragen." Heyns bied KS 1986 aan met die woorde: "Dieses Grundsatzdokument wurde im Oktober 1986 nach äußerst ernsthaften und eindringlichen Gesprächen sowie Auseinandersetzungen in eigenen Reihen als Zeugnis des Wandels vor der Synode de NG-Kerk herausgebracht. Mit dem Mut der Überzeugung und im aufrichtigen Gebet um Gottes leitende Hand konnte dieser bedeutende Schritt gemacht werden ." (1988: 1).

[64] *Die Kerkbode* wat 'n Afrikaanse vertaling van Kruse se verslag bykans volledig gepubliseer het, antwoord in die hoofberig van dieselfde uitgawe deur te sê dat as die EKD elke vorm van differensiasie, elke vorm van groepsbeskerming, elke vorm van afsonderlike ontwikkeling ook sonder meer as onregverdig en onchristelike apartheid afwys, "kan ons – en die Ned Geref Kerk – nie daarmee saamstem nie." (16 Desember 1988q: 6).

Ook die *Church of Scotland* se *Presbytery of Lothian* het kommentaar op KS 1986 ingestuur.[65] 'n Aantal beginsels wat oor naasteliefde en die geestelike en stoflike welwese van die naaste handel, word in die verslag uit verskillende paragrawe van KS 1986 aangehaal. Die kerk se taak om vir die armes, die swakkes en diegene wat onreg ly in die bresse te tree, word uitgelig en die kerk se profetiese getuienis teenoor die owerheid word ook gemeld. Saam met die bogenoemde sake gee hulle KS 1986 krediet oor die uiteensetting dat die kerk die eise van die koninkryk van God moet proklameer en in dié verband is daar geen sektor van die samelewing wat nie onder die lig van Gods Woord geplaas moet word nie. In die lig van hierdie positiewe opmerkings sê hulle die volgende:

> "Given these principles, we might expect the NGK to be in the forefront of the struggle against apartheid. In fact, although Church and Society rejects past attempts to justify apartheid on the basis of scripture, it is far from unequivocal in rejecting apartheid itself. When it comes to drawing conclusions and practical implications from its principles, the report shuffles." (Réamonn 1988: 4).

Die *Interchurch Relations Committee* van die *Christian Reformed Church in North America* het 'n besonder insiggewende kommentaar op KS 1986 gestuur, nadat dr Willie Botha dit op dringende versoek van Heyns aangevra het. Sy motivering is dat min buitelandse kerke gereageer het om kommentaar te stuur. Die WBK het nie gereageer nie en slegs enkele lidkere van die GES het gereageer (1990: 1). In sy korrespondensie maak ds Clarence Boomsma Administratiewe Sekretaris van die *Christian Reformed Church in North America* melding van hulle as Amerikaners se eie skande met betrekking tot rasseverhoudinge in hul eie land.[66] Verder toon die verslag 'n merwaardige begrip vir die Afrikaners as volk met betrekking tot die historiese ontwikkeling van hulle volkslewe, wat volgens Boomsma ten opsigte van enige kritiek in ag geneem moet word.[67] Alhoewel

[65] In die dekbrief gerig aan Heyns, skryf ds Arthur Hill, die beampte van die *Presbytery of Lothian*, "It is the wish of the members that you and you colleagues should know that you are much in their thoughts and prayers in your situation which must cause you so much distress." (1988: 1).

[66] Ds Clarance Boomsma skryf in sy begeleidende brief: "We as Americans acknowledge that we too share in the sin of our 'apartheid.' Our treatment of the native American Indians and the African Americans in our society is our shame. We too have a long way to go to establish a just and equitable society." (1990: 1).

[67] Met betrekking tot pare 296 tot 301 van KS 1986 lui die verslag: "This section on the relationship of the DRC with the Afrikaner people is a milieu even strange to our experience of Dutch clannishness a generation ago. The history of the Afrikaners, deeply influenced by the Great Treks of the 1830's, their battles with the black tribes, their two wars with the English and the cruelties, humiliation and abuse

hulle in hulle verslag die Ned Geref Kerk se belydenis met betrekking tot apartheid in KS 1986 par 305 bestempel as "....a major admission!"[68] en daar heelwat gewag gemaak word van die Ned Geref Kerk se sendingywer,[69] het hulle tog ook ernstige kritiek. In die buiteland verstaan hulle nie die Afrikaners se volgehoue standpunt dat rassisme verkeerd is en dat hulle nie rassiste is nie, maar die verdelings in Suid-Afrika bestaan juis langs rasselyne. Hulle vra: "how is it possible in South Africa to distinguish apartheid which takes on 'collective and structural forms' from racism." Die kern van hulle kritiek sê: "The weakness lies in the testimony's failure to go far enough and being more specific in adressing the crucial and concrete conditions that characterize South African society today." In hierdie opsig meen hulle dat daar geen vordering sedert RVN in 1974 was nie en KS 1986 bevat boonop baie minder besonderhede. Ten opsigte van die Ned Geref Kerk se roeping in die Suid-Afrikaanse samelewing sou hulle by KS 1986 par 29 'n oproep tot die afskaffing van die vyf pilare van apartheid[70] wou sien. Nog kritiek is: "The confession of guilt is in order, but pathetically weak in the totality of the situation. Nor has there been a sincere effort to achieve mutual understanding and service by dialoguing with those who could be most helpful in realizing such understanding and service." (Critique of DRC – "Church and Society" 1989: 6,14).

---

suffered at the hands of the British, and a deep sense of destiny not unlike the people of Israel, must be remembered in assessing and criticizing them. The Afrikaans society is reminiscent of our own Deep South after the Civil War with its hatred of the Yankees, strong nationalistic spirit, and solidarity against all enemies, an attitude that has lingered well into the twentieth century." (Critique of DRC – "Church and Society" 1989: 11).

[68] Ter motivering van die genoemde opmerking sê die verslag: "Imagine how wrenching an experience such an admission is to the DRC members who for years have been taught that the Bible supports and mandates the maintenance and cultivation of their 'national identity' thereby undergirding apartheid." (Critique of DRC – "Church and Society" 1989: 11).

[69] "The story of the DRC's missionary enterprise and its remarkable success is truly an amazing story. The church concern for the proclamation of the gospel by deed as well as word is also noteworthy: e.g. the establishment of schools for the blind. Should the time arrive when black domination prevails it would seem the DRC's commitment to missions and diaconal concern would be an amiliorating factor in establishing new relationships." (Critique of DRC – "Church and Society" 1989: 4).

[70] Met betrekking tot KS 1986 par 29 volg die volgende kommentaar: "In describing the problems of South Africa that create tention and potential for conflict, no reference is made to the enormous problems and difficulties created by white domination and the system of apartheid to maintain that domination including the offensive five pillars of apartheid: land appointment, race and ethnic classification, denial of South African citizenship by means of the homeland policy, influx control, and group areas legislation." (Critique of DRC – "Church and Society" 1989: 3).

Samevattend is dit duidelik dat die standpunt ten opsigte van KS 1986, soos deur Sinodale Kommissie vir Ekumeniese Betrekkinge van die NGSK in sy kritiek verwoord, van 'n teenoorgestelde uitgangspunt as dié van die reaksionêre groeperinge onder Ned Geref Kerklidmate, soos vroeër in die hoofstuk bespreek, uitgaan. Dit is duidelik dat hierdie teenoorgestelde uitgangspunte onversoenbaar is. Die onversoenbaarheid geld ook die buitelande kritiek. Dit is duidelik dat die reaksie vanaf die buitelandse kerke saam met dié van die NGSK oor die algemeen die onvoorwaardelike verwerping van apartheid geeïs het. 'n Kritiese vraag wat hieruit ontstaan is of dit nog van enige belang is om apartheid, insluitende 'n beroep op die goeie bedoelings daarvan, op enige manier te probeer verdedig. Wat egter ook duidelik is, is dat die Ekumeniese Kommissie van die NGSK asook die buitelandse kerke in hul kritiek op KS 1986, 'n onderwaardering toon vir die werklikhede met betrekking tot verskillende rassegroepe, etnisiteit en kulturele verskille asook die bedieningsbehoeftes wat ten opsigte van taal, kultuur en styl van gemeente-tot-gemeente bestaan. Daar kan toegegee word dat die bestaan en verrekening van die genoemde aspekte soos die volkereverskeidenheid nie afsonderlike kerke vir afsonderlike volksgroepe regverdig nie. Die kritiek op dié punt is dus geregverdig, maar die manier waarop bedieningsbehoeftes (KS 1986 par 118) byvoorbeeld sondermeer as deel van 'n "onbybelse apartheidsbeleid" beoordeel word (11 November 1987: 2), kan nie aanvaar word nie.

Op inisiatief van die Ned Geref Kerk het die kantoor van dr Pierre Rossouw, predikant in diens van die Algemene Sinode vir Inligting en Ekumeniese Sake op 24 Februarie 1988 'n informele kerkegesprek in Pretoria gehou waarheen vyftig kerke uitgenooi is. Die tema van die dag was "Die Bybelse roeping van die kerk in die huidige situasie in Suid-Afrika." Met so 'n wye uitnodiging was die hele Familie van NG Kerke uit die aard van die saak ook uitgenooi (Die Kerkbode 27 Januarie 1988: 2). Uiteindelik het drie-en-veertig kerke en Christelike organisasies die byeenkoms bygewoon en 'n verklaring uitgereik waarin onder meer gesê is dat die hele Christelike gemeenskap in Suid-Afrika "nie alleen moet probeer om die toename in geweld in die land te keer nie, maar hom ook moet beywer om 'n klimaat te skep waarin ons probleme vreedsaam opgelos kan word." 'n Taakgroep is aangewys wat sou voortgaan om versoening tussen kerke in Suid-Afrika

te bewerkstellig.[71] In Heyns se inleidende toespraak het hy daarop gewys dat daar geen terrein van die lewe is waaroor die kerk nie die eise van die Woord van God moet verkondig nie. Dit geld ook vir die politieke terrein. Die kerk moet rassisme, Marxisme en elke ander onchristelike ideologie veroordeel. Dit sluit "diskriminerende apartheid" in, maar die kerk kan nie politieke aksies onderneem nie. Daarom kan die kerk nie boikotte bepleit, geweld ondersteun of disinvestering voorstaan om politieke beleid te probeer bepaal nie (Die Kerkbode 2 Maart 1988i: 1,2). In die tussentyd het *Die Kerkbode* 'n onderhoud met dr Allan Boesak oor min-of-meer dieselfde onderwerpe, onder andere geweld, gevoer.[72] Hy meen dat die owerheid se beleid en die toepassing daarvan gewelddadig is en "kontra-geweld" veroorsaak en dat net "iets ingrypend" dit sal kan keer. Die noodtoestand in Suid-Afrika het, volgens hom, elke moontlike weg van vreedsame verset afgebreek en algaande het geweld die enigste opsie vir diegene geword, wat hulle teen die owerheidsbeleid verset. Self wy hy hom steeds aan geweldlose protes maar beskou dit as 'n Christelike plig om die regering te weerstaan. Hy pleit daarvoor dat dit so ver moontlik geweldloos geskied. Hy aanvaar nie die feit dat die regering die deur vir gesprek oopgemaak het vir diegene wat geweld afgesweer het nie want dit beteken dat die regering net met diegene praat wat bereid is "om met die regering mee te gaan." Oor die wye gaping tussen die NGSK en die Ned Geref Kerk kan dit volgens Boesak net oorbrug word as dié twee kerke saam kan sê: "Dit mag nie in hierdie land so voortduur nie." (3 Februarie 1988c: 1,2).[73] Die spanning tussen Boesak en die Ned Geref Kerk het toegeneem toe dit ook aan die lig gekom het dat hy aktief werk om die Ned Geref Kerk

---

[71] Die taakgroep het uit die volgende persone bestaan: Dr Pierre Rossouw - wat die dag as voorsitter opgetree het; prof Johan Heyns – voorsitter van die Ned Geref Kerk se ASK; dr Francois Möller – president van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika; biskop Isaac Mokoena – president van die Reformed Independent Churches Association (Die Kerkbode 1988c: 1).

[72] Dié betrokke onderhoud met Boesak het plaasgevind na aanleiding van dr Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van kwaZulu wat hom uitgespreek het teen geestelikes, wat toestande vir geweld in Suid-Afrika bevorder. Aangesien Boesak se naam dikwels genoem was "as synde een van die kerkmanne wat hom met instansies vereenselwig wat geweldpleging in en teen Suid-Afrika bevorder," het *Die Kerkbode* hom pertinent oor sy standpunte in hierdie verband uitgevra (3 Februarie 1988c: 1).

[73] In die hoofberig van dieselfde uitgawe van *Die Kerkbode*, spreek die redakteur dr Fritz Gaum, Boesak met die volgende woord aan: "Dit is verder onaanvaarbaar dat 'n kerkman sóveel begrip vir geweldplegers toon dat die indruk selfs ontstaan dat hy hulle optrede wil goedpraat. 'n Kerkman, verál 'n kerkman, moet sonder ophou soek na alternatiewe vir geweld en hom met die inset van al sy krag dáárvoor beywer. Dis 'n treurige dag as 'n politieke leier kerkmanne moet aanpraat omdat hulle hulle nie sterk genoeg teen geweldpleging uitspreek nie." (3 Februarie 1988d: 4).

kerklik te isoleer. 'n Beplande gesprek tussen die Ned Geref Kerk en die GKN[74] is deur die laasgenoemde gekanselleer nadat hulle reeds 'n uitnodiging aanvaar het om na Suid-Afrika te kom, hoofsaaklik om KS 1986 te bespreek. Daar is in Nederland vasgestel dat Boesak 'n kabelgram aan die GKN gestuur het[75] waarin hy hulle geadviseer het om nie met die Ned Geref Kerk samesprekings te voer nie. Dié kerk se besluit is klaarblyklik in die lig van die kabelgram geneem.[76] Dr At Kruyswijk, Sekretaris vir Buitelandse Korrespondensie van die GKN, het as rede vir die GKN se besluit gesê dat die besoek gekanselleer is omdat die Ned Geref Kerk publisiteit uit die beoogde gesprek probeer verkry het. Heyns se reaksie was: "Dis nie waar dat ons daaruit publisiteit wil haal nie. Ons soek die waarheid tussen kerke wat weer in 'n ekumeniese verhouding met mekaar moet tree. Daarom sal ons van ons kant steeds aandring dat ons 'n gesprek wil voer met die oog op die herstel van verhoudinge." (Beeld 16 Februarie 1988a: [ ]). Gaum was minder inskiklik as Heyns, veral toe daar volgens *Nederlandsch Dagblad* uit Leusden berig is dat verteenwoordigers van 'n aantal lidkerke van die WBGK in Januarie 1988 bymekaar gekom het om, onder andere, oor hulle toekomstige beleid jeens die Ned Geref Kerk te besluit. Daar is besluit om die lidkerke van die WBGK af te raai om verder iets met die Ned Geref Kerk te doen te hê. Ook is, na berig word, ses voorwaardes[77] gestel

---

[74] Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het in 1986 besluit dat pogings weer aangewend moet word om betrekkinge met die GKN aan te knoop nadat dit in 1978 verbreek is (Die Kerkbode 17 Februarie 1988e: 1).

[75] Dr At Kruyswijk het bevestig dat so 'n kabelgram ontvang is. *Die Kerkbode* het vasgestel dat dit nie namens die moderatuur van die NGSK gestuur is nie. Dr Pierre Rossouw het by Nederlandse koerantmanne uitgevind dat Boesak daarteen beswaar gemaak het dat buitelandse kerke met die Ned Geref Kerk gesprek voer omdat dit hom "uit sy isolasie help" (17 Februarie 1988e: 1,2). Volgens *Beeld* het dr Andries Botha, skriba van die NGSK op navraag gesê dat dié kerk se moderatuur nie op daardie stadium 'n standpunt oor gesprek met die GKN besluit het nie. Volgens Kruyswijk het die NGSK en die NGKA se moderature wel geweier om met die GKN te praat as die Ned Geref Kerk met die GKN praat. Dr Nico Smith, Aktuarius van die NGKA het bevestig dat sy moderatuur so besluit het. As redes is aangevoer dat die Ned Geref Kerk Geref Kerk nie sê dat die NG Kerkfamilie een kerk moet word nie, maar handhaaf steeds die mening dat aparte kerkstrukture vir hom aanvaarbaar is (16 Februarie 1988: [ ]).

[76] Vir die tweede keer binne enkele weke spreek *Die Kerkbode* Boesak sterk aan met die woorde: "Ja, dr Boesak se doen en late is wel vir ons belangrik. Hy beklee 'n belangrike amp in ons susterskerk, die NG Sendingkerk, en ook in wyer verband as voorsitter van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke. Hy kan in hierdie tyd in ons land 'n positiewe rol speel om versoening, ook tussen Christene, te bewerkstellig. Dit is daarom – en hy moet dit weet – dat die dinge wat hy wél sê en doen vir mense in die NGK oor wie se goeie gesindheid hy nie hoef te twyfel nie, 'n groot teleurstelling is." *Die Kerkbode* noem Boesak se kabelgram "'n kerklike obstruksie" (17 Februarie 1988f: 6).

[77] Die ses voorwaardes wat die vergadering van sommige lidkerke van die WBGK in Januarie 1988 geformuleer het was onbevestig maar volgens berig in *Die Kerkbode* soos volg: 1. Dat die Ned Geref Kerk erken dat apartheid sonde is en dat hy hom deur ander idees laat lei het, as dié van die evangelie van Jesus Christus; 2. Dat hy skuld moet bely; 3. Dat hy die swart- en bruinmense as gelyke vennote moet beskou; 4.

waaraan die Ned Geref Kerk blykbaar moes voldoen voordat sy skorsing as lid van die WBGK van 1982 opgehef kan word. Gaum skryf egter dat die dag wel kan aanbreek "dat ons van óns kant die gesprek met daardie kerke en instansies as afgesluit beskou." (Die Kerkbode 24 Februarie 1988g: 6).

Op Sondag 13 Maart 1988 het Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu in die St Georges-katedraal in Kaapstad tydens 'n "Dag van aangehoudenes" opgetree. Dit was 'n protesoptrede en -optog na die parlement teen die regering se noodtoestandregulasies en onder andere die aanhouding van politieke gevangenis. Boesak het met verwysing na 'n verklaring van mnr Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, gesê dat dit arrogant van die owerheid is om te kenne te gee dat die kerk van God gehoorsaam aan die owerheid moet wees (Beeld 22 September 1988f: [ ]). Die ASK van die Ned Geref Kerk het 'n verklaring uitgereik waarin Boesak en Tutu se optrede veroordeel word. Heyns verduidelik dat die ASK van mening was dat beswaar teen die twee persone se standpunte gemaak moes word. <u>Eerstens</u> het hulle opgetree asof hulle die kerk van Jesus Christus verteenwoordig, terwyl daar baie kerke is namens wie hulle nie gepraat het nie en daar baie van hulle eie kerke se lidmate is wat hul menings nie deel nie. <u>Tweedens</u> het die ASK gesê dat indien die staat op enige wyse teen hulle opgetree het, was dit tog seker nie 'n "uitdaging van God" nie. 'n Mens moet tog versigtig wees om nie eie menings gelyk te stel met die wil van God nie. <u>Derdens</u> het die ASK gemeen dat Boesak en Tutu hulleself aan partypolitieke optrede skuldig gemaak het op 'n wyse wat kerkleiers nie pas nie aangesien die deur vir onderhandelings met die staat nog steeds oop is (23 September 1988c: 6). Ds Nic Apollis van die NGSK het 'n verklaring uitgereik dat hy "besorg is oor die laaghartige en skandalike (sic) aanval van die Algemene Sinodale Sendingkommissie (sic) van die NGK op dr. Boesak en aartsbiskop Tutu." Apollis het verder gegaan deur te sê: "Ek gewaar dieselfde patroon en werkswyse wat ons in die verlede gesien het waar die NGK die weg met twyfelagtige 'teologiese' aanvalle op instansies en persone vrymaak

---

Dat hy die sosiaal-politieke situasie in Suid-Afrika grondig moet ondersoek; 5. Dat hy apartheid in die openbaar verwerp en die afskaffing daarvan eis; 6. Dat hy die skeiding van kerke op grond van ras beëindig (24 Februarie 1988h: 1).

vir die Regering om teen sulke mense en kerke op te tree."[78] Hierop het Heyns ten sterkste ontken dat die Ned Geref Kerk met die staat teen Tutu en Boesak of hulle kerke saamgesweer het.[79] Dit gaan volgens hom slegs daaroor dat die ASK bepaalde probleme met hulle uitlatings het. Hy sê: "Ons is onder die indruk dat hul uitlatinge op 'n weg van konfrontasie lei, en nie van versoening nie." .... "Hulle het geweet daar is wetgewing wat alle betogings in die omgewing van die Parlement verbied. Hulle weet die deure van die Staatspresident en ander ministers is oop. Langs die weg van onderhandeling kan baie meer bereik word" (Beeld 24 Maart 1988b: [ ]).[80] Heyns het ook daarop gewys dat die ASK gereageer het op 'n totale beeld wat oor 'n lang tydperk deur die optrede van Tutu en Boesak geskep is en dat hulle gevoel het hulle kan nie langer stilbly nie (Die Kerkbode 30 Maart 1988l: 1,2).[81] Die verduideliking van Heyns is nie aanvaar nie. Verskeie

---

[78] Apollis meen dieselfde het gebeur in 1977 met die CI en in 1985 was dit volgens hom opvallend dat die aanhouding van Boesak gevolg het op 'n aanval van die BM van die NGK en daarna deur Radio Suid-Afrika. Hy brei uit deur te sê dat die NGK met sy "ongegronde en laakbare aanval" weer eens vir die regering die weg vry maak om teen mense en instansies op te tree wat apartheid beveg en vir geregtigheid staan. Hy sê: "Die taal van die verklaring van die NGK en die brief van die Staatspresident (mnr P.W. Botha) is opvallend dieselfde. Wat nog meer onrusbarend is, is die feit dat die NGK homself openlik opwerp as instrument van die Regering." (Beeld 24 Maart 1988b: [ ]).

[79] Die staatspresident mnr P W Botha het 'n paar dae ná die ASK se verklaring 'n brief in verband met die aangeleentheid aan aartsbiskop Tutu gestuur (Beeld 24 Maart 1988b: [ ]).

[80] Op 17 Februarie 1989 het 'n gesamentlike afvaardiging van die Ned Geref Kerkfamilie mnr Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde besoek. Hulle was Heyns en Rossouw van die Ned Geref Kerk, Mentor en David Botha van die NGSK en di Kisten Moodley en Perold de Beer van die RCA. Die doel van hulle besoek was om oor die vrylating van politieke gevangenis en die afskaffing van die noodtoestandmaatreël van aanhouding sonder verhoor te praat. Op daardie stadium het die regering begin om gereeld politieke gevangenis vry te laat, onder andere mnr Trevor Manuel, vooraanstaande lid van die United Democratic Front wat 150 dae in aanhouding was (Beeld 18 Februarie 1989b: 1,2).

[81] Heyns en Boesak het mekaar goed geken. Toe Heyns in 1966, voordat hy Stellenbosch toe is, aan die Universiteit van Wes-Kaapland begin klasgee het, was Boesak 'n student in sy klas (NRC Handelsblad 1986: [ ]). Deurgans het hulle 'n goeie verhouding gehad (Financial Mail 10 July 1987: 55). Dr Adelbert Scholtz vertel dat Heyns later eenmaal die finalejaar teologiese studente van die Universiteit Wes-Kaapland na die Kweekskool op Stellenbosch genooi het. Boesak was die woordvoerder onder die studente en hy het altyd van "oom Johan" gepraat (1997: [ ]). Heyns het volgens ds Bennie Farao wat in die sestigerjare sy opleiding aan die Universiteit van Wes-Kaapland ontvang het, vóór sy akademiese betrokkenheid groepe studente na sy pastorie in Rondebosch vir diskussies genooi (2005: [ ]). Volgens ds David Botha het Heyns altyd 'n sagte plekkie vir Boesak gehad. Hy het altyd probeer om hom tot toegeneëndheid te oorreed. (28 Oktober 1997: [ ]). Toe Boesak in 1985 in aanhouding was, het Heyns hom met 'n pastorale gesindheid gaan opsoek. Boesak was kwaad oor die tronkbesoek van Heyns. Hy het gesê: "Mijn vrouw en kinderen mochten mij niet bezoeken. Er werd zelfs geen advocaat toegelaten. Maar omdat Heyns zulke goede maatjes was met minister Legrange van openbare orde kon hij wel komen." (Trouw 25 Juni 1988: 23). Heyns het Boesak se politieke optrede nie goedgekeur nie. In Nederland het hy verduidelik: "Dat is veel te eenzijdig, te ideologisch, te confronterend en te polariserend. Bovendien vind ik dat zij toepassing van geweld niet duidelijk genoeg veroordelen." (NRC Handelsblad 1986: [ ]). Heyns was al hoe meer oortuig dat Boesak te ver op die partypolitieke terrein beweeg en politieke verklarings maak wat onbehoorlik is vir 'n kerkman (Financial Mail 10 July 1987: 55). In 'n debat tussen Heyns en Boesak in 1990 op die kampus van die Universiteit van Pretoria wat oor die kerk se politieke rol in 'n nuwe bedeling gehandel het, het

voorgenome gesprekke tussen kerke in die binne- sowel as die buiteland is as gevolg van die gebeure afgestel. Teleurgesteld skryf Heyns in sy rubriek in *Die Kerkbode* dat daardie paar weke nie 'n geseënde tyd vir Ned Geref Kerk op die ekumeniese akker was nie. Hy skryf dit is 'n bepaalde aspek van die eenheid van die kerk dat daar met mekaar in gesprek gegaan moet word. Aan die hand van Matteus 5:23 en 24 meen Heyns dat broers wat vir mekaar kwaad is eers moet versoen voordat hulle spreekwoordelik na die altaar gaan. 'n Mens moet egter nie vir iemand ander sê, "jy moet eers jou sonde aflê voor ek met jou praat nie." Hy sê: "Wie voorwaardes stel, verstaan die diepte van Jesus se liefde nog nie en ook nie die verantwoordelikheid van die bediening van die versoening nie." (20 April 1988: 8). Dit is duidelik dat hierdie woorde van Heyns onder andere vir Boesak bedoel was. Heyns skryf ook in hierdie tyd in *Die Kerkbode:* "Met groeiende ontsteltenis hoor ons wat sommige geestelikes in die buiteland oor Suid-Afrika te sê het." Hy verwys na die bevordering van sanksies, disinvestering en boikotte deur sommige geestelikes in die buiteland terwyl apartheid die skuld kry vir alles wat verkeerd is in die land.[82] Heyns vra: "Moet daar nie ten minste ook van die goeie dinge vertel word wat wél gedoen word nie?" Hy skryf dat hy besef dat deel van die ellende is dat daar in Suid-Afrika in verskillende wêrelde geleef word, elkeen met sy eie belewing en ervarings en daarom ook elkeen met sy eie interpretasie van die werklikheid. Hy meen egter dat die waarheidsgehalte van wat oorsee gesê word getoets sal moet word. "Ons kan nie toelaat dat onwaarhede uit ons land die wêreld ingedra word nie." (8 Junie 1988m: 8). *Die* hele saak ten opsigte van Boesak en Tutu sou egter eers heelwat later tot ruste kom. Hierop kom ons later terug.

---

Boesak byvoorbeeld gesê die Ned Geref Kerk sal veel duideliker moet praat oor wat die politici moet doen. Hy het in gedagte gehad dat die kerk profeties moet getuig oor een, nie-rassige, vrye en demokratiese Suid-Afrika. Heyns het egter gesê "kom ons bly by die geestelike, essensiële etiese boodskap van die Bybel. Kom ons vra 'n verandering van mense se harte, en laat die strukture oor aan diegene wat weet wat hulle doen." Heyns het gesê: "Ek het die idee dat ons 'n geskiedenis gehad het in die NGK waar ons juis vreeslik konkreet gepraat het, en die konsekwensie van dié konkreetheid is dat ons 'n bepaalde ideologie op 'n Bybelse grondslag verdedig het. Ek dink die NGK het geleer om nie konkreet te wees nie, om die eenvoudige rede dat hy hom nie daarvoor op die Skrif kan beroep nie." (Beeld 20 Februarie 1990: [ ]).

[82] Alhoewel hy nie name noem nie, is dit duidelik dat Heyns onder andere na Boesak en Tutu se optrede in hierdie tyd verwys.

Die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (hierna genoem GER)[83] wat van 31 Mei tot 10 Junie 1988 in Harare, hoofstad van Zimbabwe plaasgevind het, was deur twee sake oorheers, naamlik die rassekwessie in Suid-Afrika en die posisie van die GKN met betrekking tot dié kerk se standpunt oor praktiserende homoseksueles (Van der Veen-Schenkeveld 1998: [ ]). Volgens dr Richard van Houten, nuutverkose Algemene Sekretaris van die GER[84] skryf: " 'It was the best of times; it was the worst of times.' That seems to sum up what at least some participants felt when the synod was over."[85] Die opmerking "It was the best of times..." verwys na 'n moment tydens die vergadering waarby Heyns direk betrokke was (Message of Harare 1988: 5). Die situasie het ontstaan dat die lidkerke van die Familie van Ned Geref Kerke as gevolg van verskillende standpunte oor apartheid asook die konfliksituasie in Suid-Afrika oor die algemeen, in 'n stryd gewikkel was wat normale kontak en gesprekvoering onmoontlik gemaak het. Wanneer vergaderings soos dié van die GER plaasgevind het, was die lede van die Ned Geref Kerkfamilie wat in gespanne verhoudings gewikkel was, gedwing om in die teenwoordigheid van die ander lidkerke met mekaar te praat. Soms was die situasie amper onhoudbaar en die vergadering in Harare was 'n goeie voorbeeld daarvan.[86] Vir Heyns was dit opvallend dat al die rapporte oor rasseverhoudinge waaroor skerp kritiek oor die Suid-Afrikaanse situasie, apartheid en die Ned Geref Kerk se standpunt uitgespreek was, uit die Ned Geref Kerkfamilie gekom het. Heyns merk op dat geen enkele verteenwoordiger van 'n buitelandse kerk "het selfs 'n enkele reël van kritiek teen ons geformuleer nie." Hy sê "in 'n heel besondere sin was dit inderdaad 'n familietwis op

---

[83] Die GES het tydens die vergadering te Harare sy naam na die Gereformeerde Ekumeniese Raad verander (Acts RES 1988: vii).

[84] Dr Paul Schrotenboer het die vergadering te Harare in 1988 vir die laaste keer as Algemene Sekretaris van die GER bygewoon, nadat hy as eerste bekleër van die pos in 1963 verkies was (The Message of Harare 1988: 1).

[85] Van Houten het met die aanhaling "the worst of times..." verwys na die onttrekking van 'n viertal kerke van die GER na aanleiding van die behoud van lidmaatskap van die GKN ten spyte van dié kerk se standpunt oor praktiserende homoseksueles in die kerk (The Messasge of Harare 1988: 5). Ds Evert Overeem, leier van die GKN afvaardiging by die GER te Harare, merk insiggewend op dat dit die Ned Geref Kerk en die GKN was wat uiteindelik lede van die GER gebly het, terwyl ander kerke wat krities teenoor hulle gestaan het as gevolg van die kwessies oor apartheid en homoseksualiteit uit die organisasie is (1998: [ ]).

[86] Vergelyk hoofstuk drie met betrekking tot Heyns se opmerkings ná die GES se vergadering in Sydney reeds in 1972, waar verskillende standpunte oor die Wet op Gemengde Huwelike deur die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk en die NGSK gehuldig is en dit ten aanskoue van die ander kerke se afgevaardigdes na vore gekom het.

vreemde bodem.[87] En daarom was dit dan ook so tragies." (29 Julie 1988b: 6). In 'n warm debat oor die rassekwessie in Suid-Afrika is daar 'n meerderheidsverslag en twee minderheidsverslae behandel.[88] Fundamentele verskille was ten opsigte van die verslae te bespeur. Die ernstigste verskil tussen die Adviserende Komittee se verslag en die minderheidsverslag van die Ned Geref Kerk-afgevaardigdes, naamlik Heyns en prof Pieter Potgieter, het weereens oor die veroordeling van apartheid gegaan. Eersgenoemde verslag het aanbevelings bevat wat onder andere van die Ned Geref Kerk en die GKSA vereis het om duidelik te sê dat hulle apartheid ongekwalifiseerd as sonde verwerp.[89] Hierop het Heyns en Potgieter aangedui dat KS 1986, wat aan al die lidkerke van die GER gestuur is, die Ned Geref Kerk se standpunt met betrekking tot apartheid bevat. Op hulle beurt vra hulle dat die GER sekere eise aan die Suid-Afrikaanse regering[90], wat in die meerderheidsverslag vervat is, sal skrap. Volgens hulle sou dit die GER verpolitiseer en ongeloofwaardig maak.[91] Prof Klaas Runia en dr John Hulst het uiteindelik 'n voorstel ingedien dat die Interim Komitee (hierna genoem IK) van die GER twee konferensies in Suid-Afrika moes fasiliteer. Een vir al die lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie en een vir die lidkerke van die GKSA. Die doel van hierdie konferensies sou wees: "to discuss

---

[87] *Rapport* het berig dat die Suid-Afrikaanse kerke die GES se debat oor rasse-aangeleenthede tot 'n slagveld omskep het. Dit het vir die ekumeniese liggaam onhanteerbaar geword (12 Junie 1988: [ ]).

[88] Die meerderheidsverslag (Verslag V) is deur die Adviserende Komitee voorgelê en deur di A R Mutumburanzou en C F van der Merwe ingedien. Die eerste minderheidsverslag van die GKSA is deur proff B Spoelstra, J L Helberg en ds K Boersma ingedien. Die tweede minderheidsverslag is deur Heyns en prof P C Potgieter ingedien (Acts REC 1988: 81).

[89] By die GES in Chicago 1984 is die eerste groot aanval deur dié liggaam op apartheid geloods (Van der Veen-Schenkeveld 30 Junie 1998: [ ]). Dié vergadering het die Ned Geref Kerk en die GKSA versoek om hulle duidelik ten opsigte van hulle standpunte oor apartheid uit te spreek en aan die volgende GES daaroor te rapporteer. By dié 1984-vergadering het die GES ook 'n *status confessionis* ten opsigte van apartheid verklaar. Daar is gesê: "This means that this particular matter has become a point of confession about which one cannot differ without affecting the integrity of the entire Christian confession. In such a situation any teaching of the Church that would defend or lend support to this ideology, would have to be regardes as heretical, i.e. in conflict with the teaching of Scripture." (Acts REC 1988: 81,86). Runia se standpunt was dat die kerke in Suid-Afrika self 'n *status confessionis* moet uitroep as dit hulle oortuiging was, maar die NGSK en NGKA het aangedring dat die GES dit doen (Van der Veen-Schenkeveld 30 Junie 1998: [ ]).

[90] Die aanbevelings (reccomendation 2 of the majority report) lui: "We call upon the South African Government to: i. unban the political parties and the democratic organizations which were striving towards a just political dispensation, ii. allow those in exile to return to the country of their birth, iii. release the political prisoners, and iv. initiate peaceful negotiations with the authentic leaders of the black people." (Acts REC 1988: 84).

[91] Die motivering vir Heyns en Potgieter se versoek was soos volg: "i. Acceptance of this reccomendation will irrevocably politisize the RES and will make it an instrument of politics. ii. Acceptance of this reccomendation will seriously jeopadize the credebility of the RES as the ecumenical body of reformed churches. iii. This reccomendation abounds with allegations which can in no way be verified before synod decides." (Acts REC 1988: 96).

and, if possible, resolve the deep-seated differences regarding race relations (and their implications for the churches) which continue to trouble these communions and South African society-as-large." Tydens die bespreking van die voorstel het dr Nico Smith 'n mosie ingedien dat die GER nie dadelik 'n besluit oor die verslae wat voorgehou is neem nie, maar dat dit en ander relevante materiaal by 'n konferensie, soos deur Runia-hulle voorgestel, bespreek sal word. So 'n konsultasie is noodsaaklik, "as it is very clear from the reports that there is no unity of mind amongst the delegates of the NGK-familie on the present South African and Southern African situation." Merkwaardig was dat Heyns spontaan opgestaan het en die mosie van Smith gesekondeer het. Hierdie mosie was sonder teenstem aanvaar (Acts REC 1988: 96,84,106,107).[92] Kommentaar op die gebeure was insiggewend. Van Houten skryf: "When Nico Smith made his motion, and it was seconded by Johan Heyns, our meeting was electrified." (The Messasge of Harare 1988: 5). Smith vertel: "It was an absolute miracle. I was dumbstruck. After I had called for a meeting of churches, I expected Professor Heyns to attack me as usual. He was very emotional when he stood up and seconded my proposal. He said God had answered his prayers." (Sunday Star 12 June 1988: [ ]). Heyns se kommentaar oor die Harare-vergadering het daarop gefokus dat die Ned Geref afgevaardigdes nie verder gegaan het as wat KS 1986 oor apartheid gesê het nie en dat hulle nie kon saamstem dat elke vorm van differensiasie soos dit in die Suid-Afrikaanse samelewing en selfs in die Ned Geref Kerkfamilie voorkom sonde is, soos sommige dit beskou het nie. hy sê: "So ongenuanseerd en oorvereenvoudig kan ons nie praat nie...." (29 Julie 1988b: 6). Ten opsigte van die beoogde beraad waarop die GER besluit het, het hy gesê: "Die vernaamse voorwaarde is dat almal gewillig moet wees om met 'n oop gemoed na mekaar te luister." Hy was van mening dat die regte gesindheid en die wil om saam 'n oplossing te vind, eerder as dat die een groep die ander troef, deurslaggewend sou wees. Ds Sam Buti moderator van die NGKA het gesê die blanke kerk moet sy ore en sy hart oopmaak. "Ons wil as gelykes met die blanke kerk praat oor sake wat ons ten diepste raak." As dit gebeur, sal daar werklik versoening in die Ned Geref Kerkfamilie kom, het hy gesê (Rapport 12 Junie 1988: [ ]). Dr Allan Boesak was nie in die vergadering teenwoordig

[92] Hierdie optrede van Heyns was merkwaardig want Smith was, volgens Van der Veen-Schenkeveld, gewoonlik Heyns se "teenspeler" (30 Junie 1998: [ ]).

tydens die bogenoemde gebeure nie aangesien hy op 'n vroeëre stadium na Europa vertrek het (Sunday Star 12 June 1988: [ ]). Gevolglik het hy nie direkte kommentaar op die gebeure gelewer nie.

Die NGSK het agterna egter sy taai houding ten opsigte van die voorgenome gesprek, wat deur die Harare vergadering vir Oktober 1988 beplan is, voortgesit. In die GER-nuusbrief *The Message of Harare*, word melding gemaak dat dié kerk reeds op 24 Maart 1988, vóór die GER se vergadering voorwaardes vir gesprek met die Ned Geref Kerk gestel het. Die voorwaardes het behels dat die Ned Geref Kerk eerstens 'n duidelike model vir kerkeenheid op die tafel moet plaas. Tweedens het hulle 'n duidelike uiteensetting van die Ned Geref Kerk ten opsigte van sy sienings oor apartheid, aanhouding sonder verhoor, burgerlike ongehoorsaamheid en weerstand, diensplig, ensovoorts, gesoek. Derdens 'n terugtrekking van die verklaring wat die ASK oor Boesak en Tutu uitgereik het.[93] Die nuusbrief maak voorts melding van pogings van die Ned Geref Kerk om met die NGSK gesprek te voer, maar deur die laasgenoemde kerk afgewys is.[94] (1988: 7). Omdat Boesak en Apollis nie by die Harare-besluit teenwoordig was nie, het die NGSK nou sy voorwaardes gewysig en het die NGKA se moderatuur daarby ingeval. Hiervolgens moes die ASK steeds sy verklaring terugtrek, die pers en by name die buitelandse pers moet die hele beoogde beraad bywoon en die datum moet van Oktober na Maart 1989 verskuif word omdat die Oktoberdatum die NGSK nie gepas het nie (Beeld 22 September 1988f: [ ]). Heyns het in *Die Kerkbode* van 23 September 1988 sy rubriek nogmaals aan die probleem van die gewraakte verklaring oor Boesak en Tutu gewy en by herhaling die

---

93 Daar is op die voorwaardes besluit vóór die GER-vergadering te Harare plaasgevind het, maar die afgevaardigdes van die NGSK het dit nie tydens die vergadering geopper nie, sodat dit nie 'n invloed op die GER-besluit oor die voorgenome kerkekonferensie in Oktober 1988 sou hê nie (The Message of Harare 1988: 7).

94 Aangehaal uit die GER-nuusbrief het die volgende aan die lig gekom: "Also prior to the meeting of the REC the DRC responded (9 May) requesting the DRMC urgently that the two churches should discuss their reasons for cancelling dialogue with the DRC prior to the REC meeting in Harare. They were invited to a fraternal discussion with an open agenda. This request was declined. After the REC adjourned the DRC reiterated its urgent desire to discuss their provisos on 26 August and again on 19 Sept. It was emphasized in the last letter that it was definitely not the intention of the DRC to address (attack) neither the DRMC as such nor its moderator's personal dignity. The DRC aimed at critisizing viewpoints and actions, not a person or a church. The DRC urged the DRMC that we should talk to one another in order that the consultation scheduled for October should not be jeopardized. In the meantime the preconditions of the DRMC were changed to the following: 1. Withdrawal of the press release (mentioned above); 2. October is definitely unacceptable as a date for the meeting; 3. The meeting should be open tot the press." (Message of Harare 1988: 7).

ASK se optrede verduidelik. Hy skryf: "As hulle ons opmerkings persoonlik opgevat het en daardeur in hulle persoon gekrenk gevoel het, dan is ons opreg jammer", maar terselfdertyd vra hy as mense mekaar in die Naam van die Here aanspreek wanneer hulle dit nodig ag, "moet ons so kleinserig wees om daarmee alle toekomstige gesprek te weier?" (23 September 1988c: 6). Nadat die ASK sy tweede vergadering in 1988 gehou het, het Heyns verklaar dat die ASK by die "prinsipiële standpunte" in die Maart-verklaring bly maar hy hoop dat Boesak en Tutu hulle verduideliking as grondslag waarop die gesprek voortgesit kan word aanvaar (Beeld 15 Oktober 1988g: [ ]). Teen 18 November gebruik Heyns weer sy rubriek in *Die Kerkbode* om in persoonlike hoedanigheid 'n ope brief aan Boesak en Tutu te rig waarin hy wys op hulle drie se gemeenskaplike geloof in Jesus Christus en daarby hulle gemeenskaplike roeping as bedienaars van die Woord asook die roeping om mekaar te vergewe, sewentig-maal-sewe keer. In die lig hiervan vra hy: "Moet ons nie nou ons offer by die altaar laat en die saak éérs met ons broers gaan uitmaak nie?" Heyns sluit af: "Ek wag met groot verwagting op u gunstige reaksie. U broer in Christus, J A Heyns." (18 November 1988d: 6). Die redakteur van *Die Kerkbode* het Heyns se ope brief aangeprys deur te sê, "In hierdie brief, meen ons, is veel van die vrug van die Gees te sien. Prof Heyns het hom hier bereid getoon om in 'n gesindheid van vrede en versoening 'n tweede kilometer te loop..." Dit het volgens Gaum tot 'n televisiedebat tussen Heyns en Boesak gelei en gehelp om die gesprek weer aan die gang te kry (2 Desember 1988p: 6). Tydens die televisiedebat het Heyns en Boesak albei hul bereidwilligheid uitgespreek om mekaar die hand te reik en "agente vir versoening te wees." Heyns se voorwaarde was dat daar nie teruggekyk word na wat in die verlede gebeur het nie. Boesak se voorwaarde op sy beurt was solank versoening nie beteken dat "ons die sonde van die verlede nie gaan bedek nie en die sonde van die huidige nie gaan versluier nie." (Beeld 29 November 1988h: [ ]). Die knoop was egter nog nie deurgehaak nie. Teen Desember het die IK van die GER besoek afgelê om die kerke van die NG Kerkfamilie afsonderlik te ontmoet ten einde onderhandelings met die oog op die beoogde konsultasie aan te knoop. Op 1 Desember 1988 het die ASK-dagbestuur van die Ned Geref Kerk saam met ds Clarence Boomsma (voorsitter), dr Paul Schrotenboer en ds Willie Cilliers (organiseerder) van die beoogde konsultasie vergader. Die NGSK en NGKA se voorwaardes was ter bespreking. Daar is

herhaal dat dit jammer is dat die NGSK en die NGKA nuwe voorwaardes, wat hulle nie in Harare genoem het nie, vir die konsultasie gestel het. Boomsma en Schrotenboer het belangrike bemiddelingswerk gedoen ten einde die Ned Geref Kerk aan die een kant en die NGSK en NGKA aan die ander kant tot die beoogde beraad te laat instem.[95] Nadat die IK op 5 en 6 Desember met die NGSK en NGKA onderhandel het, het hulle weer op 7 Desember met die ASK-dagbestuur vergader. Tydens hierdie vergadering het die ASK-dagbestuur ingestem om 'n verklaring[96] wat die NGSK en NGKA aan hulle voorgehou het te onderteken, waarop dié twee kerke met die beoogde beraad sou voortgaan (Verslag ASK-Dagbestuur en Interim-Komitee GER 1988: 1,2,8,9).

Die beraad van die lidkerke van die Familie van NG Kerk, wat as die *Vereenigingberaad*[97] bekend geword het, het van 6 tot 11 Maart 1989 plaasgevind. Die beraad was van besondere betekenis aangesien hele Familie van NG Kerke[98] bymekaargekom het om hoofsaaklik oor apartheid en kerkeenheid te praat (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]). Vanuit die buiteland was daar groot belangstelling in die beraad. Prof Klaas Runia, op daardie stadium ondervoorsitter van die GER, was van mening dat dit 'n moeilike vergadering sou wees aangesien daar baie wantroue tussen lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie bestaan het omdat hulle verskillende sieninge oor die bestel en die

---

[95] Boomsma het aangedui dat hy na ernstige gebed moet sê: "I am hard pressed when you say these things, not to say that it <u>is</u> a personal attack on the two brothers. Nowhere do I find a spirit of love. If the two brothers did conduct themselves in an improper way, should their own churches not have responded? Did you act properly towards weaker and disturbed brothers who do things in your judgement which they should not do?" Schrotenboer voeg by: "Your statement can easily be understood as 'n blanket approval of what the government is doing – at least that is what it looks like from the outside. We are only dealing with what you actualy said." (Verslag ASK-Dagbestuur en Interim-Komitee GER 1988: 2).

[96] Joint NGKA and Dutch Reformed Mission Church Statement: (Verslag ASK-Dagbestuur en Interim-Komitee GER 1988: 8).

We Request the Dutch Reformed Church to state as follows:
1. We did not intend by the statement to give any offence or to cast a shadow on the DRMC or the CPSA.
2. In view of the fact that our statement did cause offence we regret that it created so much offence.
3. We recognize that we have different perceptions of the political situation in South Africa and that we also differ in our response to it.
4. We recognize that the place to discuss all these differences is at the Consultation in March 1989.

[97] Die beraad het by die Rivera Hotel op die oewers van die Vaalrivier by Vereeniging plaasgevind (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]). Aanvanklik sou die beraad by die Alfa Conference Centre te Broederstroom plaasgevind het (Verslag ASK-Dagbestuur en Interim-Komitee GER 1988: 9).

[98] Die kerke wat die beraad bygewoon het was die Ned Geref Kerk, die NGSK, die NGKA en die RCA, as kerke in Suid-Afrika, daarbenewens was daar die Reformed Church in Zambië, die Reformed Church in Zimbabwe, die Church of central Africa (Nkoma- en Harare-Sinode), die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika en die Reformed Church in Botswana (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]).

toestande in Suid-Afrika daarop nahou en elkeen ook nog sy eie bagasie saambring. Die verskillende kerke het ook verskillende antwoorde wat hulle as oplossing aanbied. Die NG Kerk is volgens hom blank en dus deel van die mag in Suid-Afrika, terwyl die lidmate van die swart- en bruin kerke op allerlei maniere slagoffers van die politieke bestel is (Die Kerkbode 27 Januarie 1989a: 3,4). Heyns het vooraf gesê hy het hoë verwagtinge dat die beraad groter begrip tussen die lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie sou bewerkstellig. Hy het egter na 'n "gevaarlike tendensie" by die NGSK en NGKA verwys waar dié twee kerke kerk en politiek so nou verbind, dat hulle aktivisties raak en die politieke bevryding van die verdrukte hul taak maak (Beeld 13 Januarie 1989: [ ]). Die eerste kwessie wat op die beraad uitgeklaar moes word was die teenwoordigheid van die pers. Heyns, wat die Ned Geref Kerk se afvaardiging[99] gelei het, se mening was dat die oopstelling vir die pers daartoe kon lei dat openhartige deelname aan bande gelê sou word. Boesak, die leier van die NGSK se afvaardiging[100] het egter daarop aangedring dat die pers, insluitende buitelandse joernaliste toegelaat word. Die debat oor die meerderheidsverslag en die minderheidsverslag van Heyns en Potgieter op die GER te Harare, sou volgens Schrotenboer, uittredende hoofsekretaris van die GER en voorsitter van die Vereenigingberaad, die hoofpunt op die agenda wees (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]). 'n Besluit om 'n geslote sessie op die eerste dag van die beraad te hou waarby die pers uitgesluit was, maar in die daaropvolgende dae toegelaat sou word, het tot 'n baie moeilike situasie vir die Ned Geref afvaardiging gelei. Ina van der Linde, kerksake verslaggewer by *Beeld* skryf dat alles daarop gedui het dat die Ned Geref afvaardiging tydens die geslote sessie apartheid ongekwalifiseerd veroordeel het, sy aandeel daarin bely het en sy swart en bruin familielede om vergifnis gevra het. Dit het Boesak laat sê dat die deure vir versoening tussen die kerke nou oop is (Beeld 8 Maart 1989e: 1). Die volgende dag het die Ned Geref afvaardiging egter 'n skriftelike verslag ingedien wat gesê het dat slegs "diskriminerende apartheid" veroordeel word. Dit het ontsteltenis by die ander afgevaardigdes veroorsaak sodat hulle hulself rondom 'n mosie van Boesak, wat die Ned Geref Kerk so te sê "uit die bedrywighede van die beraad uitgeskryf" het, verenig

[99] Die Ned Geref Kerk se afvaardiging het uit die volgende persone bestaan: Proff Johan Heyns, Pieter Potgieter, Danie du Toit, dr Pierre Rossouw, di Dirk Viljoen en Dirk Hattingh (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]).
[100] Die NGSK se afvaardiging was: Drr Allan Boesak, Andries Botha, prof Hannes Adonis, di Sakkie Mentor, Nick Apollis en Jan Metler (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]).

het. Boesak se mosie het daarop neergekom dat die Ned Geref afvaardiging die res mislei het en dat hulle sonder die Ned Geref Kerk sal moet voortgaan (Bax 1989: 63). Hierop het Heyns gevra dat Boesak die betrokke punt sal terugtrek. In sy pleidooi het hy gesê dat die tragedie van apartheid was die sukses waarmee twee wêrelde geskep is, 'n wit- en 'n swart wêreld. Heyns het gesê die beraad het "iets van die sukses van die beleid ervaar." Nadat die Ned Geref afvaardiging hul verslag teruggetrek het, was Boesak bereid om die punt terug te trek omdat die "blanke broers" iets ervaar het van die "pyn van hul swart broers."[101] Ook is berig dat dr Beyers Naudé[102] hard agter die skerms gewerk het om die beraad weer op koers te kry.[103] Naudé het gesê "almal van ons is pynlike slagoffers van die stelsel wat ons skei sodat ons willig of onwillig gedwing word om in twee verskillende wêrelde te leef. Ons moet erken dat die verskillende persepsies uit die twee verskillende wêrelde kom, maar ons moet ook die weg baan om die wêrelde te versoen." (Beeld 10 Maart 1989f: [ ]). Die afvaardiginge van die jonger kerke het hulle by die beraad verbind tot die ideaal van 'n nie-rassige Verenigde Gereformeerde Kerk van Suidelike- en Sentraal-Afrika in die gesamentlike aanvaarding van 'n eindverklaring. (Bax 1989: 63).[104] Die Ned Geref afvaardiging was egter nie gereed om hulle te verbind nie, aangesien hulle volgens Heyns nog nie 'n model op die tafel gehad het, waarvolgens dit moet gebeur nie. In elk geval moet dit volgens hom in plaaslike omstandighede van gemeentes plaasvind waar mense saam leef. Alle gemeentes se plaaslike omstandighede is volgens hom ook nie dieselfde nie. Voor dit nie plaaslik gebeur nie, kan daar volgens hom nie strukturele eenheid wees nie (Vrye Weekblad 19 Mei 1989: 9). Die Ned Geref afvaardiging het aan die einde van die beraad sy eie verklaring uitgereik waarvan die belangrikste punt was dat hulle die "ideologie van apartheid" verwerp het. Dit is gedoen

---

[101] Prof Klaas Runia vertel dat in die worsteling met die formuleringe van die verklaring, het hy Heyns op 'n keer in die gange teëgekom en aanbeveel hy moet sekere formuleringe uitlaat, anders is die ander kerke die volgende dag weer in oproer. Hy het vir Heyns gesê: "Jy praat alweer soos 'n superieure blanke wat bo-oor die swartes staan." Heyns het gehoor gegee en dit het gehelp. Oor die algemeen sê Runia dat die swartes Heyns egter nooit heeltemal vertrou het nie. Hy sê "mense soos Sam Buti-hulle het byvoorbeeld volstrek openlik en eerlik na ons toe gekom, maar na Heyns-hulle was hulle nie so oop nie, hulle was versigtig." (1998: [ ]).

[102] Naudé was een van die afgevaardigdes van die NGKA. Die lede was: Di Sam Buti, Marcus Maphoto, drr Nico Smith, Seth Pitikoe, Beyers Naudé en T A Mofokeng (Beeld 6 Maart 1989d: [ ]).

[103] Prof Klaas Runia bevestig die feit dat Naudé agter die skerms gewerk het om die situasie te red (15 Junie 1998: [ ]).

[104] Die verklaring het bekend gestaan as "Our Testomony" met as onderafdelings: "On Apartheid; On Church Unity; On the Future." Gesamentlik het dit bekend geword as "The Testimony of Vereeniging." (Bax 1989: 63,64).

op grond van die oortuiging dat enige ideologie sonde is omdat "elke ideologie homself bokant en langsaan die waarheid van die Bybel wil stel." Verder lui die verklaring:

> "Dit gebeur met die ideologie van apartheid – 'n politieke en sosiale stelsel waardeur menswaardigheid aangetas word, en waardeur een bepaalde etniese groep doelbewus deur 'n ander onderdruk word. Dit kan nie op Christelik-etiese gronde aanvaar word nie, omdat dit strydig is met die diepste betekenis van versoening, naasteliefde en geregtigheid. Dit bring die eenheid – en onvermydelik die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, in gedrang en is daarom sonde. Enige leerstellige poging van die Kerk om hierdie ideologie te probeer verdedig, moet as kettery beskou word, dit wil sê in stryd met die boodskap van die Skrif." (Die Kerkbode 17 Maart 1989d: 5).[105]

Die ASK het enkele dae ná die beraad vergader en na 'n lang debat die verklaring wat die Ned Geref afvaardiging by die beraad uitgereik het aanvaar - iets waaroor Heyns in die lig van "die intensiewe en moeilike gesprekke" sy vreugde uitgespreek het (Beeld 16 Maart 1989g: [ ]). Steeds is apartheid nie ongekwalifiseerd verwerp nie.[106] Heyns was van mening dat die afvaardiging se verklaring "in ooreenstemming met die gees van *Kerk en Samelewing*" was (19 Mei 1989: 6). Vir die eerste maal sedert 1982 het die ASK ook amptelik kommentaar op die Belydenis 1986 gelewer deur te sê dat die Belydenis 1986 nie in stryd met die Drie Formuliere van Eenheid[107] is nie, hoewel sommige uitsprake

---

[105] Prof Ben Marais skryf in 'n brief dat hy God gedank het toe hy die koerantopskrif gelees het: "Blanke NGK verwerp apartheid." Hy het baie ver teruggedink aan die stryd wat hy in die veertigerjare gevoer het teen die sinodebesluite om 'n Bybelse begronding aan apartheid te verskaf. Hy waarsku egter dat hierdie erkenning van 'n historiese fout en die inslaan van 'n nuwe weg, gaan 'n baie moeilike pad wees om in die praktyk te volg. "Die tradisie van eeue en geslagte, taal en kultuurprobleme en duisend ander versperrings sal daar wees." Hy wens Heyns en ander kerkleiers "wat onder baie klippe sal deurloop", God se genade en wysheid toe op die pad vorentoe (31 Maart 1989: 8). Ds Kobus Potgieter reageer op Marais se brief deur daarop te wys dat die genoemde koerantopskrif misleidend is aangesien die Ned Geref Kerk apartheid nog nooit ongekwalifiseerd verwerp het nie. Potgieter meen dat die groot twispunt deur die jare nog altyd was: "Wat is apartheid?" (14 April 1989: 13). Volgens hom vra dit dus vir 'n definisie.

[106] Prof Pieter Potgieter skryf in antwoord op 'n navraag in *Die Kerkbode* dat die jonger kerke herhaaldelik gevra het dat hulle ongekwalifiseerd sal sê, apartheid is sonde. Hy skryf: "Ons het konsekwent gehandhaaf dat dit nie gedoen kan word nie omdat dit duidelik is dat hulle dinge onder apartheid tuisbring wat ons beslis nie as sonde sien nie." As voorbeeld noem Potgieter: "In die debat het 'n predikant van die (swart) NGKA gesê dat groepsidentiteit as sodanig 'n sondige saak is. Met hierdie soort konsekwensie van wat apartheid is, kon ons vanselfsprekend nie saamgaan nie." (30 Maart 1989f: 14).

[107] Die Drie Formuliere van Eenheid bestaan uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls – die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk soos vervat in Artikel 1 van die Kerkorde (Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1998: 1).

"suiwerder geformuleer kon gewees het."[108] Verder het die ASK gesê dat sedert die aanvaarding van KS 1986, "bepaalde uitsprake rondom die Belharbelydenis nie sonder meer op die Ned Geref Kerk van toepassing gemaak kan word nie." Tog het die ASK gesê dat hy die NGSK se prinsipiële reg erken om 'n belydenisskrif daar te stel en benadruk dat in toekomstige gesprekke tussen die Ned Geref Kerk en die NGSK "beide die Belharbelydenis en Kerk en Samelewing as basis van gesprek" gebruik behoort te word (Die Kerkbode 24 Maart 1989e: 1,2).

'n Mens sien by Heyns dat die blootstelling tydens die Vereenigingberaad 'n bepaalde invloed op sy denke gehad het, wanneer hy in *Rapport* oor sy persoonlike belewing van die beraad praat en sê dat die beraad met drie woorde beskryf kan word. <u>Eerstens</u> dat dit 'n *spieël* was waar 'n mens jouself in die ontmoeting met die andersheid van ander kon ontdek. Hy sê toe hulle 'n definisie van apartheid probeer gee het (om dit te kwalifiseer), het die ander eenvoudig vir hulle gesê dat apartheid nie gedefinieer kan word nie. "Apartheid deurdring ons ganse bestaan, elke fasset van ons lewe word deur apartheid bepaal. Hoe kan 'n eksistensiële werklikheid van pyn en smart, van verdrukking en diskriminasie in koue logiese begrippe gegiet word", het hulle gesê. <u>Tweedens</u> was die beraad soos 'n *venster* wat uitsig gebied het op groter en wyer horisonne. "Ons het vir mekaar by Vereeniging gesê ons wil nie die pad na die toekoms alleen loop nie. Ons wil dit met mekaar saam loop, só hoort dit tog by 'n familie." <u>Derdens</u> is daar met woorde *brûe* gebou en hoewel broos, het dit ten minste iets van kommunikasie moontlik gemaak. Aan die ander kant voel Heyns "as ons belydenis gedoen het, moet die aanvaar word en moet ons nie voortdurend weer tot skuldbelydenis gedwing word nie." (19 Maart 1989a: [ ]).

Na afloop van die beraad moes Heyns soos telkens vantevore na alle kante toe verduidelik en perspektief gee. Hy reageer op 'n berig in *Die Hervormer*, blad van die

---

[108] 'n Voorbeeld is par 4 van die Belydenis 1986 wat ondermeer lui dat "God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is." Volgens die ASK kan die uiteensetting in KS 1986 oor die Here as God van die "armes en verontregtes" uitsprake in dié verband suiwerder stel (Beeld 22 Maart 1989h: [ ]). Heyns se persoonlike standpunt hieromtrent was dat die kerk nie vir die armes en noodlydendes kant kan kies nie. Hy sê "Die kerk moet hom skaar aan die kant van die handelinge van God. En God reik uit na alle sondaars. Hy betoon barmhartigheid met sondaars wat verdruk en arm is, én lankmoedig met die sondaar wat ander verdruk." (Beeld 4 April 1990b: [ ]).

Nederduitch Hervormde Kerk van Afrika (hierna genoem NHKA) wat sê dat die Ned Geref Kerk stap-vir-stap gedwing is tot 'n skuldbelydenis oor die verlede en oor apartheid en in 'n koers geforseer is waarheen hulle uit eie beweging nie sou beweeg het nie. Heyns antwoord dat die opmerking onkunde oor die posisie, wat die Ned Geref Kerk sedert die Sinode 1986 ingeneem het, verraai. Verder sê hy: "As daar van dwang sprake was, dan was dit die dwang van die evangelie wat die Ned Geref Kerk al in 1986 op 'n bepaalde wyse laat optree het." (9 Junie 1989c: 6). Heyns reageer ook op 'n teenoorgestelde standpunt wanneer honderd-en-veertig Ned Geref lidmate[109] 'n brief onderteken waarin 'n beroep op die leiers van die Ned Geref Kerk gedoen word om mee te werk aan die beëndiging van apartheid aan die een kant en die vorming van een, verenigde nie-rassige Gereformeerde Kerk in Suidelike- en Sentraal-Afrika aan die ander kant. In die brief vereenselwig hulle hulle met die beginsels en doelwitte vervat in die amptelike standpunt van die beraad (Beeld 23 Mei 1989i: [ ]). Heyns het negatief op die brief van honderd nege-en-dertig[110] gereageer deur te sê dat alhoewel hy nie glo dis 'n drukgroep nie, stem hy nie saam met hulle optrede nie. Verder sê hy die beweringe in die pers dat dit die belangrikste gebeurtenis in die Ned Geref Kerk die "afgelope paar jaar" was, kom neer op 'n totale oorskatting van die brief.[111] Hy sê die Ned Geref afvaardiging het ernstige probleme met dele van die amptelike verklaring van die beraad gehad en het daarom sy eie verklaring uitgereik (Die Kerkbode 2 Junie 1989g: 1.2). Prof Ben Engelbrecht het in die tyd kort vóór die Vereenigingberaad, 'n twee-uurlange telefoongesprek met Heyns gehad onder andere oor apartheid. Engelbrecht was nog altyd besig om Heyns se standpunt oor apartheid te probeer skuif omdat hy, volgens hom, steeds besig was om "die kerklike steun vir apartheid op 'n subtiele wyse nog onder die vlerk te neem." Dit was, volgens Engelbrecht die mees intense gesprek wat hy ooit met iemand oor apartheid gehad het. Hy het aan Heyns gevra waarom hy apartheid nog nie aan die kaak kan stel "as dié sonde by uitnemendheid nie, maar inteendeel steeds lansies daarvoor probeer breek."

---

[109] Van die prominentste ondertekenaars van die brief was onder andere: proff Bernard Lategan, Bernard Combrinck, Willie Jonker, Hannes Olivier, Willie Esterhuyse, Herman Giliomee, David Bosch, Willem Nicol, Adrio König, J P du T Furstenberg, drr Jurgens Hendriks, Martin Pauw, Bertie du Plessis, D W de Villiers, di Eric Immelman, André van Niekerk, Eion Gaum, Henk Zeeman (Beeld 23 Mei 1989i: [ ]).

[110] Daar is nie eenstemmigheid oor die presiese getal ondertekenaars van die betrokke brief nie.

[111] Heyns het na Beyers Naudé verwys wat in 'n ope brief gesê het dat die brief van die honderd nege-en-dertig die mees betekenisvolle inisiatief is wat in vyf-en-twintig jaar uit die Ned Geref Kerk kom (Bax 1989: 69).

Heyns se antwoord was "dat apartheid in beginsel geen sonde is nie."[112] Dit was, volgens Engelbrecht, vir hom duidelik dat Heyns van sekere ingewortelde beskouinge nie so maklik kon loskom nie (16 Oktober 1999: 3,4).

Die betekenis van die Vereenigingberaad word deur Douglas Bax[113] opgesom waarvan die kern is, dat dit die eerste keer was dat die volle Familie van nege Ned Geref Kerke byeen was om oor apartheid te worstel. Dit was die eerste maal dat die Ned Geref Kerk die ideologie van apartheid as sonde en die Bybelse regverdiging daarvan as kettery in die openbaar bely het en 'n gebaar van vergifnis daarvoor ontvang het. Dit het volgens Bax egter ook gewys dat die Ned Geref Kerk die inisiatief ten opsigte van die kerk en die samelewing in Suid-Afrika aan die jonger kerke afgestaan het en dat die Ned Geref Kerk op die verdediging sou bly totdat hy apartheid finaal en ondubbelsinnig in al sy vorme verwerp. Daarmee saam sien hy KS 1986 as halfhartige kompromisdokument wat nie daarin slaag om die regering ten opsigte van sy neo-apartheidshervormings[114] aan te spreek nie (1989: 71). KS 1986 wat met groot worsteling en stryd tot stand gekom het, is op kritieke punte ten opsigte van apartheid deur die jonger kerke van die Familie van Ned

---

[112] Op 'n vraag deur Engelbrecht wat sonde dan is, het Heyns geantwoord: "As jy aan jou vrou ontrou is en van haar skei." Engelbrecht het geantwoord: "Presies, dit wat jy nou daar noem is apartheid in essensie, <u>in pessima forma</u>. Dit is die groot apartis, die groot skeidingmaker, die [Diabolos] want [Diaballein], die Satan wat die wig indrywe tussen mense wat bymekaar hoort. Dit doen hy op politieke, maatskaplike, ekonomiese en kerklike skaal met die één bevolking wat Suid-Afrika saam bewoon. Hulle moet deur die [Diabolos] uitmekaar gejaag word en in onversoenlike vyandskap teenoor mekaar stelling inneem." (16 Oktober 1999: 3,4).

[113] Douglas Bax is predikant van die *Rondebosch United Church (Congregational and Presbyterian)* en is teen September 1989 as moderator van die *Presbyterian Church of Southern Africa* verkies (1989: 61).

[114] Met neo-apartheidshervormings bedoel Bax die politieke hervormings van Staatspresident P W Botha (1989: 61). Vergelyk Heyns se opmerking teenoor *Vrye Weekblad* op 'n vraag wat die Ned Geref Kerk doen om die ongeregtigheid van eeue ongedaan te maak. Hy sê: "In Kerk en Samelewing het ons 383 besluite geneem. Ek het hieroor met die Staatspresident 'n lang gesprek gehad. Hy het vir my gesê hy aanvaar dit. Ons voer gesprekke met individuele leiers oor die hele spektrum." (19 Mei 1989: 9). Heyns sê hierop in *Centraal Weekblad*: "Onze studie kan dus gezien worden als het morele credo van president Botha." Ten opsigte van Botha se politieke hervormingsbeleid sê Heyns: "je ziet er de bewijsen van wat er in dit land gebeurt – dat er een dusdanig hervormingsbeleid aan de gang is, dat zich toch duidelijk beweegt in de concretisering van de teoretische beginselen die in Kerk en Samenleving zijn neergelegd." (3 Maart 1989: 7). Tog het Botha kritiek op KS 1986 gehad. Hy wou weet waarom die Ned Geref Kerk in sy beoordeling van politieke modelle (par 309) slegs apartheid uitsonder terwyl die regering in sy hervormings juis van negatiewe apartheid ontslae raak (Die Kerkbode 16 Maart 1988j: 10,11). Boesak verwys egter na die hervormingsbeleid as "schijnhervormingen". Hy sê dat "apartheid en racisme nog steeds hoogtij vieren en dat de Zuidafrikaanse regering nog steeds slechts één doel voor ogen staat, namelijk de absolute macht aan de blanke minderheid te houden. .... Terwijl de Zuidafrikaanse regering over hervormingen praatte en alle moeite deed om de internationale samenleving te misleiden, stelde ze een racistische grondwet op. Terwyl ze over hervormingen werd de thuislandenpolitiek verder doorgevoerd." (1986: 130).

Geref Kerke asook buitelandse kerke verwerp. Heyns was daardeur erg teleurgestel. Hy antwoord op 'n vraag van H Gringhuis van *Centraal Weekblad* hoe hy dit verklaar dat terwyl die apartheidswette een na die ander deur die regering geskrap word, die oproep om apartheid te bestry net al feller word: "Dat is voor mij onbegrijplijk. Hoe kun je nu mensen bevrijden, als je ook niet de anderen mensen bevrijdt, de mensen die de macht hebben." In die Bybelse sin van die woord meen Heyns, het die blanke ook bevryding nodig, "....van onze geschiedenis en van onze geestelijke instelling van meerderwaardigheid en bevooroordeeldheid, van materialisme en de onwilligheid om af te zien van een paternalistische houding en van een voogdijschappelijke, maar van vennootschappelijke relaties."[115] Heyns vind dit jammer dat die Nederlandse kerke nie meer met die Ned Geref Kerk wil praat nie, want daardeur kom volgens hom die bevryding. Hy sê kritiek alleen is nie voldoende nie, wat nodig is is kritiese-solidariteit met klem op beide woorde. In 'n verwyt sê Heyns egter: "Helaas krijgen wij deze kritische solidariteit niet van uw landgenoten. Alleen maar kritiek." (3 Maart 1989: 7).[116]

---

[115] Let op die treffende ooreenkoms met wat Boesak oor Israel se bevryding tydens die hersteljaar en jubeljaar (Levitikus 25) skryf: "Het is een daad van bevijding, die ruimte schept voor verzoening, voor de terugkeer van werkelijke gemeenskap en autentieke menselijkheid. Deze boodschap, die de profeten zonder aflaten verkondigden, neemt Jezus als uitgangspunt voor zijn optreden." (1977: 24).

[116] Rossouw vertel dat hy en Heyns die vergadering van die *International Conference of Reformed Churches (ICRC)*, 'n behoudende gereformeerde liggaam, in Vancouver Kanada as waarnemers bygewoon het. Prof J Douma hoogleraar in Etiek aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak) het 'n referaat oor die etiese beoordeling van apartheid gelewer het. Hy het volgens Rossouw gesê dat apartheid in Suid-Afrika "uit vrees gebore is" en dat die Ned Geref Kerk 'n groot rol daarin gespeel het. Hy het tot die slotsom gekom dat dit die roeping van die kerk is om apartheid as sonde te verklaar. Volgens Rossouw was die reaksie by die konferensiegangers "geweldig". Van die aanwesiges het daarop gewys dat apartheid 'n verskynsel is wat oral in die wêreld voorkom en dat dit verkeerd is om Suid-Afrika as sondebok uit te sonder as daaroor gepraat word. 'n Afgevaardigde van die Canadian Reformed Churches het gesê hy skaam hom dat die regering van Kanada bereid is om met Marxiste te praat, maar nie met dieselfde openheid met verteenwoordigers van van Suid-Afrika wil praat nie. Rossouw het die vergadering daarop gewys dat prof Douma 'n "histories-gestagneerde" beeld van Suid-Afrika het. Hy het gesê: "Ons land is in 'n fase van ewolusionêre ontwikkeling en het nie nou boikotte en sanksies nodig nie, maar kritiese solidariteit van almal wat dit met ons wel meen." (Die Kerkbode 7 Julie 1989h: 1).

Grootskaalse betogings het rondom die algemene verkiesing van 6 September 1989[117] in Suid-Afrika plaasgevind, hoofsaaklik omdat swartes uit die verkiesingsproses uitgesluit was asook protes van hulle kant teen aparte geriewe. Kerkleiers van die SARK was prominent in die protesoptredes. (Die Kerkbode 8 September 1989: 1). Reeds was daar berig van verskeie mense wat landwyd in die protesoptredes dood is. Dit was veral weer Boesak en Tutu wat op 13 September in Kaapstad opgetree het wat aandag getrek het. 'n Diens is in die Anglikaanse katedraal in Kaapstad beplan (Die Kerkbode 15 September 1989i: 1) en 'n protesoptog daarna, wat die parlementsgebou as bestemming in die oog gehad het. Dié optog is in die lig van die noodtoestandmaatreëls deur die polisie verbied, omdat dit in die omgewing van die parlementsgebou sou plaasvind. Volgens Heyns was daar aan die een kant "'n onwettige optog beplan met 'n besondere doel van 'n besondere omvang met die Parlement as eindbestemming. En aan die ander kant die te wagte optrede van die polisie wat vir reg en orde verantwoordelik is." (24 September 1989e: [ ]).[118] Vier lede van die ASK naamlik Heyns[119] en Rossouw van Pretoria en dr Dirk Hattingh en ds Kobus van der Westhuyzen van Wes-Kaapland het op Dinsdag 12 September die hele dag samesprekings ten opsigte van die plofbare situasie gevoer. (Die

---

[117] Ten opsigte van die algemene verkiesing van 6 September 1989 het korrespondensie tussen Heyns en dr Emilio Castro Algemene Sekretaris van die WRK plaasgevind. Castro verwys na 'n gesprek wat hy en Heyns, op laasgenoemde se inisiatief gehad het en skryf aan Heyns om hom met die oog op die komende verkiesing in Suid-Afrika aan te moedig om openlik getuienis oor die aftakeling van apartheid te lewer. Hy skryf: "I would like to invite you – I am tempted to say, to challenge you – brother Heyns, to come forward and speak clearly your mind to the public opinion of your country addressing those who are running for public office and saying quite frankly that unless they commit themselves to direct talks with the representatives of the people with the aim of dismantling apartheid, there is no way forward for the nation, there is no peace on the horizon." Castro het Heyns as 'n "broer in Christus" gevra om in te gryp. Dit kon volgens hom Heyns se bydrae wees ten opsigte van die toekoms van sy land, tot die proklamasie van die evangelie van versoening (21 August 1989: 1). Heyns het geantwoord dat hy kort voor die verkiesing drie geleenthede gehad het om juis dit te doen wat Castro versoek. <u>Eerstens</u> het hy en twee Ned Geref kollegas die destydse waarnemende Staatspresident F W de Klerk ontmoet en oor die kwessie van die onrus in die land, sowel as die noodsaaklikheid van onderhandelings met die verteenwoordigers (binne- en buitelands) van die mense gepraat. <u>Tweedens</u> het hy op uitnodiging 'n referaat by 'n interdenominele kerklike byeenkoms in Pretoria oor die Bybelse eise vir politiek gelewer. 'n Aantal parlementskandidate was ook teenwoordig en ter afsluiting van die byeenkoms het hulle saam gebid. <u>Derdens</u> het hy die geleentheid gehad om drie dae vóór die verkiesing 'n radiopraatjie oor die verhouding tussen kerk en staat, asook oor die Christen se benadering tot die verkiesing te gee. Heyns het op sy beurt sterker ekumeniese bande by Castro te bepleit as hy sê: "Though ecclesiastically our challenge is to take hands and to join forces in one common strong witness. Perhaps this is where you can be of great assistance." (11 September 1989: 1).

[118] Ds Kobus van der Westhuyzen het dit so uitgedruk: "Hulle het gesê hulle gaan stap en die polisie het gesê hulle gaan skiet want dit is verbode. Die Ned Geref Kerk het dié dag 'n bemiddelende rol gespeel." (30 September 1997; [ ]).

[119] Heyns (en Rossouw saam met hom) is ontbied om te help om die betrokke situasie te ontlont. Hulle het op kort kennisgewing per vliegtuig na Kaapstad gereis (Veldsman 1997: [ ]).

Kerkbode 1989h: 2).[120] Hulle het gedurende die dag van 12 September Boesak en Tutu in Bishops Court ontmoet[121] waar daar deur dié twee kerkleiers gewaarborg is dat dit 'n vreedsame optog sal wees, maar hulle wou nie die polisie daar hê nie.[122] (Heyns 24 September 1989e: [ ]). Volgens Tutu[123] was Heyns die "vooros" van die Ned Geref afvaardiging en hulle was "gretig" om toestemming by die owerhede vir die optog te kry. As protesteerders het hulle egter nie vir toestemming gevra nie. Hy vertel: "We thought it was our right as citizens, to protest against the racist elections." Hulle het gehoop die polisie sou 'n lae profiel handhaaf (1997: [ ]). Van Bishops Court is die vier Ned Geref Kerk-lede na die pas verkose staatspresident F W de Klerk[124] se kantoor, waar hulle Boesak en Tutu se standpunte aan hom en enkele kabinetslede oorgedra het en vir 'n toepaslike optrede gepleit het (Heyns 24 September 1989e: [ ]). Die optog, wat sowat dertigduidend mense na die Kaapstadse middestad laat stroom het, is gewettig deurdat die eindbestemming van die parlementsgebou na die Kaapstadse stadsaal verander is en het sonder ernstige voorvalle verloop. Heyns het agterna opgemerk dat hy baie bemoedig was dat die kerklui wat die optog gelei het sowel as die owerheid bereid was om "in die nabye toekoms" met mekaar te praat. "Die deure na die owerheid is oop, en van die protesteerders en buiteparlementêre groepe besef dit nou", Verder het hy gesê, "Dis ook nou die tyd dat die kerk in die breë en die staat met mekaar oor die kwelvrae[125] in ons

---

[120] In antwoord op 'n navraag van W A J Swanepoel in *Die Kerkbode* verduidelik Heyns dat hy en Rossouw as lede van die Ned Geref Kerk se Kommissie vir Skakeling deur die Kaapse predikante ontbied is vir die onderhandelings omdat hulle gevoel het dat daar "dringend" iets gedoen moes word om die spanning te probeer verlig. Die Ned Geref Kerk het vir die reiskoste betaal. Hulle het tydens die onderhandelinge ook besoek by die Britse Ambassadeur afgelê omdat hy die vorige dag samesprekings met Tutu en Boesak gevoer het en hulle sy mening oor die aangeleentheid wou gehad het (Die Kerkbode 2 Maart 1990c: 15).

[121] Merkwaardig dat die samesprekings met Boesak en Tutu onder die gespanne omstandighede steeds met gebed begin en geeïndig is (Heyns 24 September 1989e: [ ]).

[122] Heyns was na afloop van die gesprek oortuig dat slegs langs die weg van "openlike en diepborende gesprekke" iets bereik kan word "al is dit dan ook net om die ander beter te verstaan en om die eerste stene te lê vir die opbou van wedersydse vertroue (24 September 1989e: [ ]).

[123] Biskob Desmond Tutu was in dié tyd Aartsbiskob van die Anglikaanse Kerk in Kaapstad. Hy was ook vantevore tot 1984 sekretaris van die SARK (1997: [ ]).

[124] Heyns vertel van die besoek aan De Klerk: "Toe ons daardie namiddag teen sesuur die kantoor van die Staatspresident verlaat, was ons diep dankbaar dat ons iets kon ervaar van mense wat in verantwoordelike posisies, bekleë met die hoogste mag in die land, nie rigied daardie magte wou gebruik sonder om eers te luister na mense wat in optogte hul stemme wil laat hoor nie." (24 September 1989e: [ ]).

[125] Die kwelvra was volgens Heyns onder andere, burgerlike ongehoorsaamheid en buite-parlemetêre demokratiese aksies. Daar is volgens hom plek vir sulke aksies aangesien dit 'n legitieme demokratiese uitdrukking van menings is (Die kerkbode 15 September 1989i: 2). Hy wys daarop dat massa-optog 'n kommunikasiemedium by uitstek is, maar in plaas daarvan om 'n negatiewe boodskap in die vorm van protes daarmee oor te dra, kan Christene dit eerder gebruik om 'n positiewe boodskap oor te dra. Heyns

samelewing moet gesels, en hierin het die NG Kerk 'n belangrike taak." (Die Kerkbode 22 September 1989j: 2). Heyns het gewaarsku dat daar in die vermenigvuldiging van optogte geen heil lê nie, dat die oplossing nie op straat gesoek moet word nie, maar in die konferensiekamer (24 September 1989e: [ ]).

Onderhandelings tussen die regering en die protesteerders en buite-parlementêre groepe was egter nie so 'n eenvoudig saak nie. Die regering se standpunt was al sedert 15 Mei 1986 deur staatspresident P W Botha in die Parlement gestel: "As far as the Government is concerned in remains adamant that it is prepared to negotiate with citizens of South Africa, provided that they do not resort to violence as a means of attaining their political and other goals, or call in foreign agencies to support them....". Die regering het hierdie standpunt op die feit gebaseer dat die ANC in 'n formele bondgenootskap met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (hierna genoem die SAKP) aan die vryheidstryd deelgeneem het en verbind was om die Suid-Afrikaanse regering met geweld omver te werp (Talking with the ANC 1986: 1). Heyns het die regering se standpunt soos hierbo genoem, op etiese gronde bevraagteken deur te sê dat die afswering van geweld nie 'n voorwaarde vir gesprek moet wees nie, maar 'n gevolg van onderhandelings. Hy sê dis soos om vir 'n alkoholis te sê om op te hou drink voordat jy bereid is om met hom praat (Beeld 1 Maart 1989c: [ ]). Hy was egter baie beslis daaroor dat dit nie die kerk se taak is om met politieke instellings soos die ANC te onderhandel nie, maar dat die kerk wel 'n rol kan en moet speel om te help dat sulke onderhandelings kan plaasvind. Die essensie van die evangelie van Jesus Christus is volgens hom versoening, dit is die kerk se boodskap. Hy sê: "...it is clear the churches have a tremendously important role to play – they will have to bring about the transformation of attitudes." (Sunday Star Review 5 March 1989: 20). As gevolg van die regering se standpunt was verskeie persone, waaronder akademici, politici en sportlui erg gekritiseer omdat hulle kontak met die ANC gemaak het. Dit laat *Financial Mail* skrywe dat Wynand Malan, Frederik van Zyl Slabbert en Hermann Giliomee "have conveniently been type-cast as "alternatiewe

gebruik die voorbeeld van die Duitse "Kirchentag", 'n byeenkoms wat van tyd-tot-tyd in Duitsland deur Duitse Christene gereël word. Hy was by so 'n byeenkoms teenwoordig waar verskillende kerke se verteenwoordigers die olimpiese stadion in Berlyn binnegekom het en saam 'n groot kruis gedra het om 'n positiewe simboliese boodskap te bring (18 Mei 1993: [ ]).

Afrikaners".[126] Betekenisvol sê die Financial Times hierop: "But when NG Kerk Moderator Johan Heyns question the ethics of government's prescriptive demand for a renunciation of violence as a precondition to talks with the congress, a brand new ball game is apparent." Heyns het dit duidelik gemaak dat hy nie sê die owerheid móét met die ANC praat nie. As hulle dit nie wil doen nie, moet hulle volgens hom egter ander redes aanvoer as die geweldskwessie. Hierop lewer die *Financial Mail* kommentaar dat Heyns dus nie so ver gaan om voor te stel dat geprek met die ANC gevoer moet word nie. As die owerheid volgens dié koerant egter die voorwaarde van die afswering van geweld sou laat vaar, kon dit ten minste die bal aan die rol sit (10 March 1989: 45).

Dr Kenneth Kaunda, president van Zambië het Heyns genooi om na die hoofstad Lusaka te kom om die kwessie van apartheid in Suid-Afrika te bespreek.[127] Hy was van mening dat die kerk nie net vir Suid-Afrika belangrik is nie, maar vir die hele streek (Citizen 14 November 1989: [ ]). Heyns en drie kollegas[128] het in 'n nie-amptelike hoedanigheid gegaan.[129] Hulle het volgens prof Koos Smit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, een van die groep, Kaunda oor KS 1986 ingelig (Die Volksblad 5 Augustus 1999c: 5). Hulle het 'n kopie van dié beleidsdokument van die Ned Geref Kerk vir die

---

[126] Prof Pieter de Lange, destydse rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit en voorsitter van die UR van die AB, wat in geen opsig in hierdie verband as 'n "alternatiewe Afrikaner" bestempel kan word nie, bevestig dat 'n mens in daardie tyd maklik verguis kon word as jy met 'n organisasie soos die ANC gaan praat het. Dit was volgens hom destyds nie polities korrek om dit te doen nie (27 Julie 1999: [ ]). De Lange en mnr Thabo Mbeki (destydse direkteur van inligting van die ANC) het mekaar egter onbepland op 30 en 31 Mei 1986 tydens 'n seminaar van die Ford Stigting op Long Island, New York, oor onderwys in Suid-Afrika ontmoet en verskeie gesprekke gevoer. Die implikasies van die afskaffing van die Groepsgebiedewet is onder andere deur hulle bespreek, asook die behoud van die kulturele identiteit van Afrikaners en instrumente om dit te bereik, soos taal- en onderwysregte en godsdienstige vryheid. In dié tyd is 'n studentegroep deur die Suid-Afrikaanse Regering verbied om met die ANC te praat en diegene wat wel na Dakar in Senegal gereis het om dit te doen, het onder erge kritiek deurgeloop (Stals 1998: 664,665). Dr Nico Smith wat in 1985 'n groep van sewe predikante na Lusaka wou neem om met die ANC te gaan praat, is nadat dit aan die pers gelek is deur P W Botha gewaarsku en deur die veiligheidpolisie verhinder om dit te doen (1997: [ ]). Mnr P W Botha was beslis teen sulke ontmoetings gekant aangesien hy gemeen het dat dit 'n aangeleentheid vir die regering was om te hanteer (Stals 1998: 664,665).

[127] Eerwaarde Foston Sakala vise-voorsitter van die Federale Raad van Ned Geref Kerke en moderator van die sinode van die Reformed Churches in Zambia (hierna genoem RCZ) het die reëlings vir die ontmoeting van 13 November 1989 getref. Sakala het ook 'n ontmoeting met die dosente, studente en leraars van die Reformed Church in Zambia gereël (Die Kerkbode 24 November 1989: 1). Sakala het Kaunda aangeraai om met die Ned Geref Kerkleiers te praat om 'n deurbraak in Suider-Afrika te maak (1999: [ ]).

[128] Die groep het uit Heyns, drr Pierre Rossouw, Dirk Hattingh en prof Koos Smit van die Universiteit van die Oranje Vrystaat bestaan (Die Kerkbode 24 November 1989: 1).

[129] Die koste van die Lusaka-besoek is volgens Heyns deur verskillende donateurs gedra (Die Kerkbode 2 Maart 1990c: 15).

bespreking saamgeneem en aan Kaunda oorhandig (Sakala 1999: [ ]). Na hul gesprek met Kaunda het die President hulle gevra of hulle dieselfde inligting aan lede van die ANC, wat in die stad was sou oordra omdat hy gemeen het dat hulle nie van die beleidstuk bewus was nie (Die Volksblad 5 Augustus 1999c: 5). Sakala kon sien dat Heyns effens huiwerig was om ja te sê maar hy het tog ingestem (1999: [ ]). Daardie selfde middag het hulle die ANC-lede ontmoet.[130] Laasgenoemde het dadelik met snedige aanvalle, gemik teen die Ned Geref Kerk, die Afrikaners en teen apartheid gekom wat, volgens hulle, die oorsaak was dat hulle nie in Suid-Afrika mag woon nie. Hulle het ook van persoonlike lyding vertel soos aanvalle op hulle lewens. Kaunda het hulle egter stilgemaak en gesê hulle moet ophou om in die verlede te leef en liewer praat oor die toekoms (Die Volksblad 5 Augustus 1999c: 5). Dit het 'n nuwe gees in die gesprek na vore laat kom (Sakala 1999: [ ]).[131] Tydens hierdie ontmoeting het Heyns, volgens Sakala, in die vergadering bely dat apartheid sonde is. Sakala het egter sy teleurstelling uitgespreek toe hy verneem dat Heyns, terug in Suid-Afrika, sy standpunt egter weer heeltemal verander het (Die Volksblad 4 Augustus 1999b: 9). Oor hierdie herinnering van Sakala het Rossouw, wat deel van die groep was, by navraag gesê dat die sogenaamde belydenis nie gedoen was waar hy teenwoordig was nie (Die Volksblad 5 Augustus 1999c: 5). Op die keper beskou is die waarskynlikheid groot dat Heyns deur Sakala verkeerd verstaan was aangesien hy ná die BBC-episode, soos vroeër in die hoofstuk na verwys, met erns daarop gelet het om nie die indruk te skep dat daar méér oor apartheid gesê word as wat in KS 1986 staan nie. Heyns het aan *Beeld* bevestig dat hy na afloop van hulle besoek aan Zambië oor sekere vertroulike sake aan mnr F W de Klerk gerapporteer het. Die sake het met bepaalde projekte ten opsigte van 'n bemiddelende rol wat Kaunda wou speel, verband gehou (17 November 1989j: [ ]). Oor die besoek het Heyns kritiek van die Afrikaanse Gereformeerde Bond (hierna genoem AG Bond)[132] gekry. Onder die indruk dat die besoek van die vier Ned Geref lede aan Zambië 'n amptelike kerklike besoek was,

[130] Daar was volgens Sakala 'n agttal ANC-lede teenwoordig - onder andere Oliver Tambo, Alfred Nzo, Thabo Mbeki en nog vyf ander (1999: [ ]). Smit het egter agterna gesê dat Mbeki nie daar was nie aangesien hy uitstedig in die buiteland was (Die Volksblad 5 Augustus 1999: 5).

[131] Daar is besluit dat die ontmoeting met die ANC-lede nie in Suid-Afrika bekend gemaak sou word nie (Die Volksblad 4 Augustus 1999a: 1).

[132] Die NG Bond het sy naam na die Afrikaanse Gereformeerde Bond verander omdat dit met dié naamsverandering lidmate uit al die Afrikaanse Gereformeerde Kerke wou verteenwoordig (Beeld 21 November 1989k: [ ]).

meen die AG Bond dat Heyns as 'n diplomatieke boodskapper tussen twee staatshoofde gedien het. Hulle doen 'n beroep op Heyns "om sy posisie ernstig in heroorweging te neem of sy bedekte politiekery onmiddelik te staak." (Beeld 21 November 1989k: [ ]). Verskillende menings oor die waarde van die ontmoeting met die ANC-lede is agterna uitgespreek. Smit het gereken dat dit 'n belangrike invloed op die skep van beter begrip tussen die Ned Geref Kerk en die ANC tot gevolg gehad (Die Volksblad 5 Augustus 1999c: 5). Sakala meen dit het daartoe bygedra dat mnr F W de Klerk die ANC die volgende jaar gewettig het (Die Volksblad 4 Augustus 1999a: 1). Rossouw het egter gesê dat die ontmoeting met die ANC nie 'n groot indruk op hom gemaak het nie. Dit het volgens hom bitter min opgelewer, "nie positief of negatief nie." (Die Volksblad 4 Augustus 1999b: 9).

In terme van die kerklike isolasie was Heyns gedrewe om KS 1986 in die buiteland te "bemark". Talle buitelandse reise is van tyd-tot-tyd deur Heyns,[133] Rossouw en ander kerkleiers onderneem. Die regering het deur diplomatieke kanale, onder andere, van Heyns en andere se hulp gebruik gemaak om Suid-Afrika se belange in die buiteland te bevorder.[134] 'n Mens sou kon sê dat hulle as't ware as nie-amptelike ambassadeurs vir die land opgetree het. Afgesien van die Lusakabesoek vertel Rossouw, onder andere, van besoeke in 1989 deur Heyns, Potgieter, Danie du Toit en hyself aan Bonn, in Wes-Duitsland, daar was die besoek aan Zurich, Genéve en Rome waar 'n oudiënsie met die Pous ook plaasgevind het. Die regering het nooit voorgeskryf waaroor daar gepraat moet word nie, maar hulle het gegaan om die saak van Suid-Afrika op die bes moontlike manier te dien, sonder om dit aan die groot klok te hang (1996: [ ]).[135] Gedurende hierdie

---

[133] Volgens ds Freek Swanepoel het Heyns nie altyd onderskeid getref tussen persoonlike- en amptelike besoeke en gesprekke nie. Hy het altyd gesê hy verkies om kontak te maak "op eie verantwoordelikheid." (13 Februarie 1998: [ ]).

[134] Prof Jan Veenhof vertel dat Heyns se baie reise, veral na Nederland opgeval het. Daar is gesê hy het of 'n teologiese- of kerklike- of politieke doel met sy reise gehad. Daar is ook gesê dat Heyns dit eens was met die Suid-Afrikaanse owerheidsbeleid en dat hy dit probeer "verkoop" het. In dié opsig was hy deur vele eerder as 'n diplomaat gesien. In die GER het dit ook in diskussies na vore gekom. As die politiek ter sprake gekom het, het dit vir Heyns oor Suid-Afrika gegaan, as die teologie ter sprake gekom het, het dit vir hom oor Nederland gegaan. Aldus Veenhof (24 Junie 1998: [ ]).

[135] Een maal in 1988 het Rossouw van 'n buitelandse bron die suggestie gekry dat die Suid-Afrikaanse regering aan die buiteland 'n positiewe teken moet gee, deur mnr Nelson Mandela uit die tronk vry te laat. Hy het dit met Heyns bespreek, wat hom versoek het om 'n afspraak met die regeringslui te maak. Dit het op 'n jagekspedisie op die plaas van mnr Danie Hough uitgeloop. Heyns en Rossouw kon aan mense soos

tyd is die bekende "Kirchentage" wat in Wes-Duitsland plaasgevind het, volgens dr Christo Landman gereeld benut deur diegene wat die anti-apartheidsveldtog bevorder het. Op sy beurt het die Suid-Afrikaanse regering alles in die stryd gewerp om die anti-apartheidsveldtogte te nutraliseer (6 Julie 1997: [ ]).[136] Heyns en andere het van hierdie Kirchentag-geleenthede bygewoon.[137] Betogings is byvoorbeeld in 1987 deur die "Kampanje Kerkdag teen Apartheid" beplan (Die Kerkbode 17 Junie 1987j: 2). Volgens Rossouw was daar onrusbarende pogings om mense tot groter emosionele weerstand teen Suid-Afrika op te sweep (Die Kerkbode 15 Julie 1987n: 3). Dr Adelbert Scholtz vertel dat hy en Heyns in Junie 1989 by die "Kirchentag" van daardie jaar in Berlyn by een so 'n geleentheid langs mekaar gesit het waar onder andere Beyers Naudé opgetree het. Heyns was merkbaar ontsteld oor die eensydighede wat Naudé volgens hom oor die situasie in Suid-Afrika verkondig het. Hy het gesê hy sal hom nog daaroor moet konfronteer (1997: [ ]). Terug in Suid-Afrika het Heyns die geleentheid gebruik om die kerkpubliek daaroor in te lig as hy in *Die Kerkbode* skryf dat daar by die betrokke byeenkoms nie minder nie as 7000 mense teenwoordig was.[138] hy sê "Ek wil die hoop uitspreek dat daar by ander byeenkomste wat oor ander lande gegaan het, meer waarheid gepraat is as by hierdie een. 'n Mens verstom jou dat so 'n skewe en verdraaide beeld van jou eie land gegee kan word

---

die destydse Staatspresident PW Botha en Minister van Buitelandse Sake Pik Botha die boodskap oordra. Daar het volgens Rossouw noue samewerking en 'n vertrouensverhouding tussen hulle bestaan (1996: [ ]). Gaum bevestig dit as hy sê dat Heyns moeite gedoen het om goeie betrekkinge met leiers soos Verwoerd, Vorster, Botha en De Klerk te handhaaf (1997: [ ]). Die eersgenoemde drie was almal in die sestigerjare in Heyns se gemeente in Rondebosch (Meiring 1994: 178,179). Die Nederlandse blad *Trouw* berig dat die Stellenbosse filosoof, prof Johannes Degenaar Heyns 'n "hoftheoloog" genoem het, omdat hy so 'n goeie persoonlike verhouding met Staatspresident P W Botha gehad het. Heyns het hieroor gesê dat hy dié benaming so aanvaar op voorwaarde dat mense daaronder ook sal begryp "dat ik het hof critiseer als dat nodig is. Ik wil niet napraten of goedpraten." (25 Juni 1988: 23).

[136] Na aanleiding van die bekendmaking van luitenant Olivia Forsyth wat as Suid-Afrikaanse spioen tot die binneste kring van die ANC ingedring het, het Heyns hom by navraag oor spioenasie uitgespreek. In 'n fokusartikel in *Die Kerkbode* antwoord hy onder andere positief op die vraag of spioenasie op 'n Christelike etiese grondslag geregverdig kan word. Heyns is van mening dat 'n land die reg het om inligting te bekom as sy veiligheid en dié van sy burgers daardeur geraak word. Daar is egter voorwaardes wat aan spioenasie gestel moet word. Sodra spioenasie die persoonlikheid van die mens wat dit doen nadelig beïnvloed en sy integriteit skend, is dit 'n manier van werk wat volgens hom nie op Christelik-etiese gronde regverdigbaar is nie. Spioenasie kan slegs regverdig word as dit aan hoë etiese norme voldoen. 'n Spioen moet volgens Heyns in gedagte hou dat ook hy gebonde is aan die eise van Gods Woord (Die Kerkbode 17 Februarie 1989b: 8,9).

[137] Kerklui wat 'n vroeëre "Kirchentag" in Frankfurt in Junie 1987 bygewoon het, was Heyns, Pierre Rossouw (Die Kerkbode 17 Junie 1987j: 2), asook proff A B du Toit, C J Wethmar en D A du Toit (Die Kerkbode 15 Julie 1987n: 3).

[138] Die ses-en-twintigste "Kirchentag" in 1989 is volgens Heyns deur nie minder nie 150000 mense bygewoon (28 Julie 1989d: 8).

deur mense wat beter behoort te weet. Iemand wat baie intiem met die omstandighede in Suid-Afrika bekend is, het al die veranderinge eenvoudig afgemaak as skynveranderinge." Heyns som dit op: "Ek sal dus nie sê die dag oor Suid-Afrika was 'n sukses nie. Maar ander programme was beslis die moeite werd." (28 Julie 1989d: 8).

Op 2 Februarie 1990 het die staatspresident F W de Klerk sy historiese toespraak tydens die opening van die Parlement gemaak waarin hy verskeie organisasies soos die ANC en die PAC ontban het. Ook het hy die vrylating van die bekendste leier in die ANC, mnr Nelson Mandela wat reeds sewe-en-twintig jaar in die tronk was, aangekondig (Du Toit, Hofmeyr, Strauss en Van der Merwe 2002: 102).[139] Heyns is een van die eerstes wat kommentaar op die gebeure gelewer het toe hy op die radioprogram *Spitstyd*, aangebied deur Jenine Coetzer, daarom genader is. Hy het gesê hy is baie opgewonde oor De Klerk se toespraak omdat dit verreikende gevolge vir die toekoms van Suid-Afrika inhou. Hy beskou dit as die beginpunt van 'n nuwe Suid-Afrika (SAUK Radio-Argief 1990:T90/150). 'n Paar dae later skryf hy in *Beeld* dat 'n nuwe Suid-Afrika vereis veranderinge, maar "'n veranderde Suid-Afrika is nog geensins 'n nuwe Suid-Afrika nie." Die nuutheid sit volgens Heyns nie in uiterlike dinge soos politieke hervormings nie, maar veel dieper. Dit gaan oor nuwe waardes, nuwe norme, nuwe gesindhede en houdinge, nuwe toewyding en nuwe ideale. Dit gaan om "nuwe oë waarmee ons mekaar aankyk en nuwe hande waarmee ons mekaar behandel." Die fokuspunt moet een van diens en liefde word. Dit alles kom ten diepste van God en dit is die werk van die Gees

---

[139] In 'n eksklusiewe onderhoud met dr Frits Gaum, redakteur van *Die Kerkbode*, het De Klerk gesê die verbrokkeling van die kommunisme wêreldwyd het die klimaat geskep wat die nuwe benadering in Suid-Afrika moontlik gemaak het. Hoewel die ideologie van kommunisme steeds gevaarlik is, het die magskonsentrasie en die ekonomiese basis van die kommunistiese lande verbrokkel en gevolglik het die uitbreiding van kommunisme, wat veral in Suider-Afrika 'n wesenlike bedreiging was, afgeneem (23 Februarie 1990b: 8,9). Mnr Pik Botha, destydse Minister van Buitelandse Sake sê die keerpunt in Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge het vroeg in 1988 gekom toe die wêreld besef het Suid-Afrika is opreg en vasberade om 'n skikking in Namibië te bewerkstellig. Toe president Gorbatjof van Rusland ook nog instem dat die Kubane hulle aan Angola onttrek, is die weg vir Suid-Afrika gebaan om sonder die dreigement van kommunistiese inmenging sy eie proses van bevryding te begin. Daarby het sekere bakens van langtermyn-moraliteit van Westerse demokrasieë meegewerk tot die nederlaag van die kommunisme in Europa (Nasionale Party Bylae 13 November 1990: 5). Heyns was van mening dat die SAKP vanweë sy ontperking nou 'n sendingveld vir die staat in Suid-Afrika geword het. Dit bied die staat geleentheid om die SAKP oor die inhoud van sy standpunt te beveg. Dit het hy gesê na aanleiding van kritiek wat sommige persone aan die hand van Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uitgespreek het, naamlik dat die staat alle valse godsdienste moet teëgaan en uitroei, die ryk van die antichris vernietig en die koninkryk van Christus moet bevorder (Die Burger 22 Februarie 1990: [ ]).

van God. God gebruik mense in die vernuwingsproses en elke mens kan 'n skepper of 'n vernietiger van die nuwe Suid-Afrika wees (6 Februarie 1990b: [ ]). Die gebeure het ook nuwe moontlikhede ten opsigte van kerklike- en ekumeniese betrekkinge na vore gebring. Heyns het as moderator van die Ned Geref Kerk 'n brief, gedateer 28 Februarie 1990, van dr Heinz Joachim Held, President van die EKD, ontvang waarin hy skryf dat die vrylating van mnr Nelson Mandela, die toespraak van De Klerk, die aankondigings en ondernemings wat gegee is, 'n groot indruk op hom gemaak het. In die lig van 'n besoek, drie maande vantevore, toe Held 'n afvaardiging na Suid-Afrika gelei het[140] en hulle Heyns en Rossouw op 10 Desember 1989 ontmoet het, skryf hy: "I am well aware that you must have been disappointed that our group did not respond in the affirmative to your desire and demand so strongly expressed that an official dialogue between your church and the EKD be considered and initiated." Held skryf dat die gebeure sedertdien in Suid-Afrika sake kan verander: "...there is a dynamics in the South African situation which may lead to intensified contacts with you." (28 Februarie 1990: 1).

Heyns het reeds vóór 2 Februarie 1990 klem begin lê op die veranderinge wat volgens hom op die kerk en sy lidmate in Suid-Afrika sou wag. Hy het dit met die term "toekomsskok" beskrywe. Dié term het Heyns by A Toffler, wat 'n boek met die titel: *Future Shock*[141] geskryf het, gekry. Toffler waarsku dat as mense ten opsigte van die veranderinge wat hulle tref, nie 'n nuwe duidelike besef van die realiteit en nuwe waardes en prioriteite kry nie, maar net op hul ou praktyke staatmaak, beteken dit vir hulle erge aanpassingsprobleme. Sulke mense ervaar 'n ergerwordende besef van verwarring en

---

[140] Dr Barney Pityana, Direkteur van die *Program to combat Racism* (hierna genoem PCR) by die WRK in Genéve het Held in 'n brief daarop gewys dat hy na Suid-Afrika toe kom in die hoedanigheid as Moderator van die WRK, afgesien van sy EKD verbintenis. Hy skryf: "While I have no doubt that your insights from the visit will be greatly appreciated by your colleagues within WCC including the General Secretary, we fear that any reference to your capacity as a WCC officer might create the impression that that WCC is weakening on its position of boycotts and will be in contravention of extant WCC policy." (27 November 1989: 1).

[141] In *Future Shock* beskryf Toffler dat daar in die ruimteprogram om mense op die planete te laat land, baie moeite gedoen word om te verseker dat hulle 'n sagte landing kan maak. Elke subsisteem van so 'n landingstuig is ontwerp om die skok tydens aankoms te absorbeer, anders sal daar lewensverlies wees. Wanneer mense slagoffers word van 'n toekomsskok, is daar eerstens die reaksie van regstreekse ontkenning en te maak of niks verander het nie. Tweedens is daar mense wat spesialiseer, in die sin dat hulle met verandering ten opsigte van een smal aspek van die lewe probeer tred hou, maar hulle verloor perspektief op die res. Derdens is daar 'n obsessiewe teruggrype na praktyke van die verlede, maar gewoonlik is sulke praktyke, al was dit suksesvol, in nuwe omstandighede uitgedien en irrelevant (1975: 326-327, 360).

onsekerheid. Dikwels moet hulle te midde van so 'n onsekerheid vinnige lewensbesluite neem terwyl daar intellektuele ontnugtering en disoriëntasie op persoonlike vlak is. Hierdie invloed reflekteer ook op die gemeenskap in geheel en word waargeneem in mense se kultuur, filosofie en houdings teenoor die werklikheid (1975: 330-332). Heyns het hierdie kennis op die kerk toegepas deur te sê dat strukturele veranderings wat in Suid-Afrika aan die kom is en wat vir baie mense 'n "soort toekomsskok" gaan wees, 'n groot uitdaging aan die kerk met betrekking tot sy rol in die toekoms gaan stel (Die kerkbode 12 Januarie 1990a: 1). Ds Nico van Loggerenberg reageer per brief in *Transvaler* dat Heyns politieke pleegsorg vir die kerk bepleit. Volgens hom is dit subtiele politisering van die kerk om mede-verantwoordelikheid vir politieke verandering te aanvaar. Hy vra: "Is die kerk dan nou die politieke soogmoeder van die politici, of die skokbreker vir politieke verandering wat nou as skok van die toekoms voorgestel word?" (15 Februarie 1990b: [ ]. Van Loggerenberg sluit met hierdie siening waarskynlik by prof Carel Boshoff aan wat oor Heyns ten opsigte van die kerk en De Klerk ten opsigte van die politiek sê, dat hulle onder andere daarvoor gesorg het dat die Afrikanervolk "'n sagte landing in die Nuwe Suid-Afrika gemaak het." Hy beskou hulle egter as tragiese helde soos in 'n Griekse tragedie, in die sin "dat hulle die onafwendbare gedoen het, maar in die proses hulle volk tot ondergang gelei het." (1995: [ ]).[142] Hierdie skerp negatiewe beoordeling van Heyns en De Klerk se rol ten opsigte van die "ondergang" van die Afrikanervolk in 'n geïntegreerde Suid-Afrika dui waarskynlik daarop dat Boshoff geen ander toekomsmoontlikheid vir die voortbestaan van die Afrikanervolk sien, as binne 'n eenheidstaat met selfregering nie. Eties gesproke meen Heyns egter dat dit 'n kenmerk van die *nasionaal-sosialisme* is, dat verskillende volke en kulture, op grond van sy volks- en staatsbeskouing, binne één staat as heeltemal ondenkbaar beskou word. Self oordeel hy egter dat 'n veelvolkige nasie in één staat wel 'n gehoorsaamheidsgestalte van die

[142] Hierdie siening van Boshoff hou verband met sy standpunt soos vroeër in die hoofstuk bespreek, dat die voortsetting van apartheid in 'n geïntegreerde samelewing in Suid-Afrika onhoudbare morele probleme oplewer. Om Boshoff se siening verder te artikuleer: Dit was dus onafwendbaar dat apartheid in 'n nuwe Suid-Afrika, as synde 'n geïntegreerde samelewing, laat vaar sou moes word. Daarmee saam sou dit ewe onafwendbaar wees dat die politieke mag wat in die hande van die Afrikaners was, aan 'n swart meerderheidsregering oorgedra sou moes word. Die welslae, hoewel tragies, om hierdie onafwendbare oorgang na 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika vreedsaam te laat plaasvind, skryf Boshoff aan De Klerk ten opsigte van die politiek en Heyns ten opsigte van die kerk toe. Volgens Boshoff is daar in hierdie verband met die oog op die toekoms egter kragte aan die werk wat nog nie klaar gewerk het nie. Hy sê: "Die brood het nog nie klaar gereis nie." (1995: [ ]).

Woord van God kan wees (1988: 125,143). 'n Ruimer begrip van die rol van die Afrikaner as belangegroep in 'n geïntegreerde Suid-Afrika, sowel as die toenemende invloed van Afrikaners in 'n geglobaliseerde wêreld, het 'n groter waardering en meer positiewe beoordeling van Heyns en sy rol op kerklike terrein binne die konteks van die oorgang na 'n sogenaamde nuwe Suid-Afrika in die negentigerjare van die twintigste eeu tot gevolg.[143]

Met die aanloop na die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1990 het 'n debat oor kerkeenheid in die Familie van Ned Geref Kerke in die media ontstaan. Verskillende standpunte was hieroor gehuldig. Die NGSK se Algemene Sinode het reeds in 1966 besluit dat die Ned Geref Kerkfamilie in een sinodale verband verenig moet word en die gesamentlike verklaring van die hele familie by die Vereenigingberaad in 1989 het gelui: "Ons belowe plegtig om daarvoor te werk om een verenigde, nie-rassige Gereformeerde kerk in Suidelike- en Sentraal Afrika te word." (Die Ligdraer 2 Mei 1994: 7). Die ASK het, soos die Ned Geref afgevaardigdes by die Vereenigingberaad onderneem het, die "Testimony of Vereeniging", die Ned Geref afvaardiging se verklaring, sowel as sy eie verklaring van 15 Maart 1989 in onder andere die agenda van die Algemene Sinode van 1990 laat opneem (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 45-48). Die ASK het ook 'n verslag oor die *sigbaarmaking van meerdere kerkeenheid* aan die Sinode voorgelê. Dié verslag gaan van die standpunt uit dat die Familie van Ned Geref Kerke wesenlik één is,[144] maar huldig die standpunt dat 'n voorskriftelike model van kerkeenheid nie op kerkrade en gemeentes afgedwing kan word nie. Uit die aanbevelings blyk duidelik dat die ASK sinodes, ringe en kerkrade aanmoedig om groter sigbaarmaking van kerkeenheid te bevorder deur skakeling, gesprekvoering en die gesamentlike aanpak van projekte met die ooreenstemmende strukture van die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 41-42). Tydens die formulering van die ASK-verslag onder bespreking het Heyns 'n skriftelike inset gelewer. Hy is daarvan oortuig dat daar

---

[143] Aangesien De Klerk in die oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika in die negentigerjare hoofsaaklik 'n staatkundige- en polieke rol gespeel het, word daar vir die doel van hierdie studie nie op 'n beoordeling van sy bydrae ingegaan nie.

[144] Gronde vir die wesenlike eenheid is die volgende: Hulle historiese verbondenheid in 'n gemeenskaplike oorsprong; gemeenskaplike geloof en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord; erkenning van dieselfde belydenis en kerkregering (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 41).

eers iets van 'n "funksionele of werkende eenheid" bestaan, voordat 'n sinvolle en met inhoudgevulde strukturele eenheid geskep kan word. Hy sê: "Ofskoon strukturele eenheid ook bydra tot die skepping van eenheid, is dit allereers tog 'n uitdrukking en 'n veronderstelling van 'n reeds aanwesige eenheid. Strukturele eenheid kan dus nie van "bo" afgeforseer word nie, dit moet eerder van "onder" af groei na "bo", of van "binne uit" na "buite". Heyns ag dit belangrik dat die bedieningsbehoeftes van die verskillende bevolkingsgroepe in berekening gebring moet word in die ontwikkeling van wat hy noem, "'n dinamies evolusionêre model van gestruktureerde eenheid." (1990b: 1.2). Hierdie boodskap het Heyns ook in die media uitgedra. In *Die Kerkbode* word hy aangehaal met die woorde: "Ons kan nie met strukture begin en kerkvereniging deur sinodes aan die kerke opdwing nie; ons moet op gemeentevlak begin werk aan gesindhede en dan strukture tot stand bring wat nodig is vir samewerking. As ons dit andersom benader, gaan ons nie die saak van kerkeenheid regtig dien nie." (10 Augustus 1990d: 1). Agterna was hierdie woorde van Heyns betekenisvol toe die kerkverenigingsproses van die NGSK en NGKA nie verloop het soos beplan nie. Toe die beplande eerste sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (hierna genoem VGKSA) in 1991 weens regsprobleme nie kon voortgaan nie, het Heyns by navraag gesê dat dit 'n wyse besluit was om nie op daardie stadium met die formele vereniging voort te gaan nie omdat, soos hy dit gestel het, "die moontlikheid bestaan het dat sekere gemeentes of ringe dalk sou agterbly, kon die NGSK en NGKA pleks van een kerk, twee of drie kerke geword het." (Beeld 1 Julie 1991: [ ]).[145] Heyns het selfs gevra of alle pogings tot kerkeenheid nie opgeskort moet word en almal van vooraf daaraan werk. Hy het gesê die vier Ned Geref Kerke moet eerder na mekaar uitreik as dat die een na die ander toe moet kom en só die indruk van oorwinning wek. Ds Nic Apollis het egter gesê dit is buite die kwessie. Hy het gesê: "Wanneer die NG Kerk gereed is kan hulle aansluit by die pad wat ons geloop het." (Beeld 13 Februarie 1992: [ ]).

Intussen was daar ongeduldige stemme wat uit die geledere van die Ned Geref Kerk gekom het en gevra het vir 'n helder en duidelike beginselbesluit oor kerkvereniging.

[145] Hierdie woorde van Heyns het inderdaad waar geword toe 'n aantal gemeentes van die NGKA in die Vrystaat en Phororo in 1994 geweier het om met die verenigingsproses van die VGKSA saam te gaan.

Jonker pleit dat die Algemene Sinode "vanjaar 'n duidelike besluit moet neem waarin die beginsel aanvaar word dat al die kerke van die Ned Geref Familie in een kerkverband saamgesnoer moet word. Dit is teologies die enigste korrekte weg." (14 September 1990: 8). Prof Pieter Rossouw van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Oranje Vrystaat skryf: "Ons lidmate word voortdurend daarop gewys dat die kerk wel eenheid bely, maar as dit kom by die uitdrukking daarvan binne geloofsverband – in die NG Kerkfamilie of selfs tussen die drie Afrikaanse Susterskerke[146] dan word allerlei teksverklarende spronge gemaak om die verskeidenheid te 'regverdig'. Al meer lidmate vra die vraag: Neem die kerk sy belydenis oor die eenheid van die kerk werklik ernstig op?" (15 Junie 1990: 5). In sy groeteboodskap namens die NGKA aan die Algemene Sinode van 1990 het ds Sam Buti 'n beroep op die Ned Geref Kerk gedoen om hom in 'n duidelike taal ten gunste van eenwording met die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie uit te spreek. Volgens hom het die Familie die "apartheidsboom" waarvan die bitter vrugte gepluk word help groei en die tyd het gekom om hierdie boom met wortel en tak uit te roei (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 723). Die redakteur van *Die Kerkbode*, dr Frits Gaum skryf kort voor die aanvang van die vergadering: "Dit het die groot vraag geword waaroor die Algemene Sinode volgende week duidelikheid sal moet bring: Hoe wil die Ned Geref Kerk groter uitdrukking gee aan sy eenheid met, onder meer, die ander lidkerke van die NG Familie?" (12 Oktober 1990g: 4). Ten opsigte van die Sinodebesluit oor kerkvereniging kom ons weldra terug.

---

[146] Hoewel Heyns tot op hierdie stadium hom redelik huiwerig oor strukturele eenheid in die Ned Geref Kerkfamilie uitspreek, deel hy aan die ander kant Rossouw se ongeduld ten opsigte van die gebrek aan eenheid tussen die drie Afrikaanse Susterskerke, iets wat hy 'n sondige verskeurdheid noem. Heyns vat die onderskeie standpunte van die drie kerke soos volg saam: "....die standpunte van die drie kerke lyk min of meer só: die Ned Geref Kerk sê die eenheid tussen die drie kerke is noodsaaklik en moontlik; die Geref Kerk sê die eenheid is noodsaaklik maar nie moontlik nie; die NHKA sê, dit is nie noodsaaklik nie hoewel dit tog moontlik is. Hy skryf: "Persoonlik vereenselwig ek my graag met die standpunt dat die eenheid van die drie Afrikaanse Kerke nie net noodsaaklik is nie, maar inderdaad ook moontlik." (1992a: 13,14).

Met sy openingsrede as uittredende moderator[147] het Heyns die beeld van Jesus as die sterwende koringkorrel[148] gebruik, 'n beeld wat Jesus gebruik het toe hy verneem dat 'n aantal Grieke na die Paasfees gekom het. Die Grieke wat oor die algemeen klem op rasionele redenasievermoë as deug gelê het moes die onlogiese ding hoor dat die koringkorrel eers in die grond moet val en sterf voordat dit 'n groot oes oplewer. Toegepas op die Ned Geref Kerk het Heyns gesê dat die kerk aan sy denkskemas van die verlede moet sterf en in geloof na die bron van die waarheid, naamlik Jesus Christus alleen moet terugkeer en erns moet maak om na Gods Woord alleen te luister sonder om self mee te spreek. Hy het gesê: "Dit is my oortuiging dat die Ned Geref Kerk nooit irrelevant sal word en sy evangeliese invloed sal verloor, as hy voortdurend luister na die Woord en moedig die inhoud daarvan aan 'n veranderende Suid-Afrika sal verkondig." (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 720-722). Dit is duidelik dat Heyns wou aantoon dat die teologiese begronding van apartheid vanuit die Skrif, 'n tipiese menslike denkskema en 'n poging was om met die Skrif mee te spreek. Tydens Heyns se openingsrede het hy verder 'n sterk pleidooi gelewer dat die kerke in Suid-Afrika die religieus-etiese vereistes vir 'n grondwet uiteensit.[149] Ook het hy gesê dat die Ned Geref Kerk sal vind dat hy besig is om sy oorheersende posisie in die totale landsopset te verloor. Daarmee saam sal hy al meer wil en moet afstand neem van beginselstandpunte van die regering van die toekoms (Beeld 17 Oktober 1990d: [ ]). Prof Pieter Potgieter is in Heyns se plek as moderator van

---

[147] 'n Mosie van dank en hoë waardering vir Heyns is deur die Sinode aanvaar vir die "aangrypende openingsrede wat hy op ewe aangrypende wyse voorgedra het (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 555). Prof Ben Marais het Heyns in 'n brief in *Die Kerkbode* bedank vir sy termyn as moderator. Hy glo nie dat enige moderator van die Algemene Sinode 'n moeiliker termyn as Heyns beleef het nie. Hy skryf: "Ek dank die Here dat ons Johan Heyns in dié jare aan die stuur gehad het: 'n man wat met skerp teologiese insig en gewone gesonde verstand 'n pad deur die spervuur vir die kerk kon aanwys (5 Oktober 1990: 8). Heyns het aan *Die Kerkbode* gesê dat KS 1986 vir hom die hoogtepunt in sy kerklike betrokkenheid die vorige vier jaar was. Die wegbreek van die APK was vir hom seker die droewigste ervaring tydens sy dienstydperk. Die ideaal wat hy nagestreef het was onder andere om 'n brugbouer te wees (5 Oktober 1990f: 1,2). As dit vir hom oor die taak van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika gaan, is dit "om die inhoud van Kerk en Samelewing ook prakties te gaan uitleef!" (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 721).

[148] Heyns se Skrifteks tydens die openingsrede was Johannes 12:20 – 26. (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 720).

[149] Heyns het al vroeër in 1990 die saak aangeroer, spesifiek met die oog op die beoogde kerkeberaad in November. Die ASK het op 6 September 1990 'n memorandum in dié verband met Staatspersident FW de Kerk bespreek. (kyk die bespreking van die aanloop tot die Rustenburgberaad later in die hoofstuk).

die Algemene Sinode. Heyns is as assessor verkies, wat sou beteken dat hy nog vier jaar in die dagbestuur van die ASK sou dien (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 527,531).[150]

Die Algemene Sinode van 1990 het AKLAS se verslag met die hersiening van KS 1986 met enkele wysigings aanvaar. KS 1990 het dus die Ned Geref Kerk se nuutste beleidsdokument met betrekking tot die kerk en die samelewing geword (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 564).[151] 'n Aantal veranderinge wat aangebring is, is vir die doel van hierdie studie belangrik. <u>Eerstens</u> ten opsigte van die verwerping van apartheid is die paragrawe (302 tot 309) wat in KS 1986 onder die opskrif *Die Ned Geref Kerk en politieke modelle* verskyn het en in die vier jaar tussen 1986 en 1990 die meeste kritiek en kommentaar uitgelok het[152] (1986: 52,53), deur meer uitgebreide en helderder geformuleerde paragrawe (274 tot 288) vervang (1990: 38-40).[153] Ten opsigte van die verwerping van apartheid het dit egter niks méér as KS 1986 gesê nie. Verwerplike onchristelike ideologieë in KS 1986 par 218 soos Marxisme en rassisme (1986: 37) is in

---

[150] Die ander lede wat op die moderatuur verkies is, was: Dr Talbot Sadler - aktuarius en dr Frits Gaum – skriba (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 532,536).

[151] Uiteindelik het al elf die streeksinodes van die Ned Geref Kerk KS 1990 aanvaar (Beeld 28 Oktober 1991: [ ]).

[152] Die ander erg omstrede paragraaf wat baie kritiek en kommentaar uitgelok het was par 270 in KS 1986, wat gelui het: "Die lidmaatskap van die Ned Geref Kerk is oop." (1986: 46). Hierdie formulering is in KS 1990 par 252 opgeneem met die formulering: "Die lidmaatskap van die Ned Geref Kerk is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar (1990: 35).

[153] Pare 274 tot 288 in KS 1990, nog onder dieselfde opskrif, stel dit opnuut dat die kerk nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie (par 275). Die feit dat apartheid deur verskillende groepe subjektief beoordeel word (par 276), is 'n nuwe formulering wat poog om die verskillende belewing van apartheid deur veral die Ned Geref- en jonger kerke in perspektief te stel. Die opregte bedoeling ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisies (par 279), word anders as par 304 van KS 1986, nou pertinent genoem. Ook word dit duidelik gestel dat dit onbillik sou wees om alles wat binne die bestel van apartheid plaasgevind het, as verkeerd en sleg te bestempel en die positiewe ontwikkelinge wat daar wel op verskeie terreine was te ontken (par 280). Vervolgens word erken dat die Ned Geref Kerk te lank die beleid van apartheid op grond van die bogenoemde oorwegings te abstrak en teoreties en daarom ook te onkrities beoordeel het. Verder dat apartheid in sy stryd teen integrasie, self ook 'n ideologiese- en etnosentriese basis gekry het en dat die Ned Geref Kerk nie genoegsaam 'n oog daarvoor gehad het nie. Daar word erken dat die ideologie van apartheid die beskerming van die belange van die blanke ten koste van dié van andere tot gevolg gehad het en dat liefde vir die eie meermale die vorm van rassisme aangeneem het, waaraan wetlike en strukturele uitdrukkingsvorme gegee is. Daar word herhaal dat die Ned Geref Kerk gefouteer het deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring selfs as 'n Bybelse eis gesien is. Hierby voeg KS 1990 by dat die Ned Geref Kerk hom al baie vroeër duidelik van dié siening moes gedistansieer het en erken en bely sy versuim in dié verband (par 283). Enige sisteem wat onderdrukkend soos apartheid funksioneer, naamlik dat een groep deur gedwonge skeiding onregmatig bo 'n ander bevoordeel word en die menswaardigheid van die medemens aantas en in stryd met die beginsels van liefde en geregtigheid (par 284) is, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet volgens par 285 as sondig van die hand gewys word (1990: 38-40).

KS 1990 par 225 met kommunisme, totalitarisme en integrasionisme uitgebrei. Die ideologie van apartheid, wat Heyns in die sewentigerjare apartisme genoem het[154] is egter, gesien in die lig daarvan dat apartheid 'n sleutelbegrip in KS 1986 en KS 1990 is, opmerklik afwesig by hierdie lysie (1990: 31). Tweedens het KS 1990 'n korreksie op Heyns se formuleringe oor die verhouding tussen kerk en volk in KS 1986 gebring. Sy formulering in KS 1986 par 115 wat lui dat die kerk in noue verband tot die volk staan omdat hy die evangelie aan die volk verkondig en uit die volk gelowiges trek wat lede van die kerk word (1986: 22), is in KS 1990 par 116 vervang met die formulering dat die kerk se werksaamhede in noue verband met die konkrete menslike lewe staan. Deur die verkondiging van die evangelie aan die volkere word die een kerk van Christus gevorm deur gelowiges uit verskillende volke. Die res van die paragraaf handel steeds oor die verinheemsing en die kontekstualisering van die kerk, maar die betrokke herformulering bring 'n betekenisvolle verruiming van die begrip kerk en volk op hierdie punt mee (1990: 17,18). Aansluitend hierby laat KS 1990 'n formulering van Heyns (KS 1986 par 119) weg, wat lui dat daar voldoende ruimte vir die verinheemsing van die kerk in die taal en kultuur van volke gelaat moet word (KS 1986: 23).[155] Sekere ander paragrawe wat die noue verhouding tussen die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk sterk beklemtoon, is ook in KS 1990 weggelaat.[156] Derdens was dit die eerste keer[157] dat die Ned Geref Kerk amptelik gesê het dat hy die ideaal van één kerkverband tussen die Familie van Ned

---

[154] Vergelyk Heyns se verwysing na "apartisme" in hoofstuk drie.

[155] Die formulering van Heyns in KS 1986 par 120, naamlik dat die verinheemsing van die kerk so moet plaasvind dat die eenheid van die kerk nie bedreig word nie is ook weggelaat (1986: 23). Dit sou egter beter gewees het as dié formulering, gegewe die strekking van die betrokke argument in KS 1990 eerder gebly het.

[156] KS 1986 par 296 en 297 wat lui dat die innige verbondenheid tussen die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk 'n feit van die geskiedenis is, dat dié twee samelewingsverbande mekaar oorvleuel en dat die volk die ruimte is waarbinne die kerk sy roeping vervul sonder om daarmee sy eie identiteit as kerk van Christus in te boet (1986: 51), is met ander formuleringe in KS 1990 vervang. Ks 1990 par 271 lui: "Hoewel daar 'n innige verbondenheid tussen die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk bestaan, beskou die Ned Geref Kerk nie homself as 'n volkskerk nie in die sin dat die kerk en volk met mekaar vereenselwig word nie." Die paragrawe wat hierop volg lê daarop klem dat die liefde vir die eie nooit eksklusief mag wees en en die waardering vir ander se waardes en kultuur in gedrang bring nie. Verabsolutering van die eie lei tot diskriminasie en verontregting (1990: 38).

[157] Prof E P Groenewald verwoord die standpunt wat vir dekades lank deur die apartheidsteoloë in die Ned Geref Kerk gehuldig is naamlik: "Ek is nie 'n yweraar vir die strewe na kerkvereniging nie. Die strukture moet so bly. Kerkeenheid bestaan wel. Ons bely 'een algemene Christelike kerk' wat nie één struktuur impliseer nie." (1 Oktober 1997: [ ]).

Geref Kerke onderskryf (KS 1990 par 236) (1990: 33).[158] Waar KS 1986 in die prinsipiële gedeelte (hoofstuk een), 'n uitgebreide en gebalanseerde uiteensetting oor die eenheid en verskeidenheid van die kerk gee (pare 82 tot 99) en Heyns se formulering, dat dit noodsaaklik is dat hierdie eenheid beleef en sigbaar sal word, ook deel daarvan uitmaak (par 90) (1986: 15-18) is dit egter eers ná die Vereenigingberaad dat die ASK vir die eerste keer sê dat die lidkerke van die Familie van Ned Geref Kerke wesenlik één is. Die ASK het dié formulering in sy verslag aan die Algemene Sinode van 1990 opneem (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 41). Dit het neerslag in KS 1990 (par 234) gevind (1990: 33). Hierdie eenheid was vir Heyns se verstaan, eerder 'n geestelike eenheid. Hy sê byvoobeeld in 'n radio-onderhoud, nie lank voor die Algemene Sinode van 1990 dat hy nie so vreeslik sterk oor organisatoriese eenheid tussen die Ned Geref Kerkfamilie voel nie, eerder 'n geestelike eenheid (SAUK Radio-Argief 1990: T90/829). Deur die loop van die Sinode het hy egter helderheid oor die saak verkry as hy op 20 Oktober die besluit oor een kerkverband as 'n wonderwerk en beskikking van die Heilige Gees bestempel (Naweek-Volksblad 20 Oktober 1990: [ ]). Hy het gesê dat dit 'n regstelling van die Ned Geref Kerk se besluit van 1857 is, toe besluit is dat die gekleurdes weens die "swakheid van sommige" afsonderlik begin vergader het (Beeld 24 Oktober 1990e: [ ]). Dit is dus duidelik dat hy gedurende die Sinode finaal tot die oortuiging gekom het dat strukturele eenheid 'n Bybelse opdrag is. In *Die Kerkbode* van 14 Februarie 1992 skryf hy nou: "Vir al vier die NG Kerke is eenheid tog van die allergrootste betekenis. Nie primêr omdat ons dit self graag wil hê nie, maar omdat dit 'n opdrag van die Koning van die kerk is." (14 Februarie 1992b: 4).

Oor die algemeen het KS 1990 net soos KS 1986 ook nie die kritici vanuit die jonger- en buitelandse kerke bevredig nie. Dr Ray Hoekzema van die *Reformed Church in Australia* lewer kommentaar en skryf: "It is still somewhat defensive in character and there appears to be reluctance to fully acknowledge the harm done by the system of apartheid. For instance, in section 273 the absolutising of one's needs etc, is assessed as 'this CAN lead to injustice' rather than a frank acknowledgement that it has been the cause of injustice."

---

[158] Die betrokke formulering is deel van 'n amendament wat ds Kobus van der Westhuyzen en dr Frits Gaum ingedien het en deur die Sinode vir opname in KS 1990 goedgekeur is (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 608, 664).

Hy is van mening dat die Ned Geref kerkleiers sal 'n groot pastorale opvoedingsprogram moet onderneem om lidmate te begelei om nuwe houdings te aanvaar om KS 1990 tot sy reg te laat kom (28 April 1992: 1,2). Die Hollandse kerkblad *Trouw* berig ten opsigte van KS 1990: "Volgens een als gast aanwezig lid van de NGSK werd daarin wederom een nuancering van de apartheid gegeven, die het hele document waardeloos maakte." (23 Oktober 1990: [ ]). Hierdie standpunt is klaarblyklik deur die NGSK aan buitelandse kerke soos die EKD deurgegee. Dr Volker Faigle van die EKD, sekretaris van die Protestantse Kommissie vir Suider-Afrika het dié werkgroep op KS 1990 se kommentaar deurgestuur. Daarin word na die WBGK se voorwaardes vir die hertoelating van die Ned Geref Kerk tot dié liggaam verwys. Hy sê: "We have received information from our church partners in South Africa about incidents within the DRC which cannot be reconciled with these conditions." Ten opsigte van die evaluering van KS 1990 kom hulle tot die gevolgtrekking dat, hoewel daar sekere klemverskille is, daar ten opsigte van die ondubbelsinnige verwerping van apartheid geen wesenlike verskil met KS 1986 is nie. Kommer word ook uitgespreek dat die Ned Geref Kerk se besluit dat hy "oop" is sodat enige gemeente, ring en sinode van gereformeerde belydenis welkom is om by die Ned Geref Kerk aan te sluit, die kerkverenigingsproses van die NGSK en NGKA sal ondermyn (Evaluation of the document "Church and Society 1990". 1992: 7,10,17).

Heyns was ontsteld dat *Die Ligdraer*, blad van die NGSK, ná die Algemene Sinode van 1990 van die Ned Geref Kerk geskryf het oor die "dawerende stilswye van die NG Kerk" as dit oor die Belydenis 1986 gaan. Hy het in 'n skrywe aan *Die Ligdraer* daarop gewys dat hy 'n gereelde leser van dié koerant is en op 'n regstelling aandring. Hy wys daarop dat die ASK se verslag[159] in die Algemene Sinode se agenda (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 29,30) opgeneem is, en dat die Sinode onder andere besluit het dat die Belydenis 1986 op sigself nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie en daarom nie 'n werklike belemmering in die verhouding tussen die kerke behoort te wees nie. Die redakteur van *Die Ligdraer* sê in sy regstelling dat die NGSK in die lig van die besluit graag sou wou sien dat die Ned Geref Kerk die Belydenis 1986 ook sy eie belydenis sal maak (18 Februarie 1991: 9).

[159] Vergelyk die verslag van die ASK soos vroeër in die hoofstuk behandel.

Die Staatspresident mnr F W de Klerk het in sy Kersboodskap van 1989 die kerke van Suid-Afrika genooi om met hom gesprek te voer oor die rol van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika.[160] Hy het gesê: "Wat ek graag wil sien is dat die Christene van hierdie land in 'n geestelike toestand gebring word waarbinne die Christelike belydenis kan gedy." De Klerk het begin met die daarstelling van 'n loodskomitee om 'n datum vir 'n kerkekonferensie vas te stel (Die Kerkbode 23 Februarie 1990b: 8). Dr Pieter Bingle, predikant van die Gereformeerde Kerk in Kaapstad en jarelange predikant en vriend van die De Klerk-gesin het De Klerk oor sy Kersboodskap gebel. Laasgenoemde het hom gevra om met Heyns oor die moontlikheid van 'n kerkeberaad te praat. So het Bingle en Heyns met die aanvoorwerk vir 'n lootskomitee begin. Die voorsitter van so 'n komitee moes by al die kerke geloofwaardig wees en by 'n vergadering by die Uniegeboue in Pretoria[161] is voorgestel dat dr Louw Alberts[162] genader moet word (Bingle 30 September 1997: [ ]). De Klerk het Alberts gevra om as voorsitter van die loodskomitee op te tree, waarna Alberts alle Christene gevra het om voorbidding te doen, "sodat die Heilige Gees van alle betrokkenes besit sal neem – en dat daar uiteindelik werklik 'n ingryping deur die Here sal wees." (Die Kerkbode 30 Maart 1990d: 1). Ook is eerw dr Frank Chikane, hoofsekretaris van die SARK betrek, wat op sy beurt weer vir dr Barney Pityana gevra het om met die reëlings behulpsaam te wees.[163] Dit was nodig om die ekumeniese kerke

---

[160] Volgens dr Frits Gaum het die idee van Heyns gekom, wat hom twee weke vóór De Klerk se inhuldiging as Staatspresident in September 1989 oor die wenslikheid van 'n kerkeberaad uitgespreek het. De Klerk het dit in sy Kersboodskap aan die einde van daardie jaar aangeroer (1997: [ ]).

[161] Volgens Meiring het die vergadering van die loodskomitee op 19 Januarie 1990 plaasgevind waarna gesprekke met die leiers van alle kerke gevoer sou word (Transvaler 12 Januarie 1990a: [ ]).

[162] Dr Louw Alberts was 'n wyd gerespekteerde Christenleier en wetenskaplike in Afrikanergeledere. Hy was onder andere voorsitter van die Wetenskaplike Nywerheids Navorsingsraad (WNNR) en voormalige Direkteur van die Departement van Mineraal- en Energiesake. Ook was hy 'n voormalige nasionale president van die "Youth For Christ"-organisasie (Sunday Star 28 October 1990a: 6).

[163] Dr Isak Burger, president van die AGS van SA en Chikane, ook van dieselfde kerk, kon ook vir die eerste keer saam vergader nadat laasgenoemde vir 'n tydperk uitgeban was as gevolg van politieke aktiwiteite (Sunday Star 28 Oktober 1990a: 6). Pityana, sy vrou en kind het op hulle beurt in 1978 uit die land gevlug na gedurige aanhoudings, en inperkingsbevele en 'n skorsing by die Universiteit van Fort Hare. Dit het 'n negatiewe uitwerking op sy studies gehad en as ouers was hulle bekommerd oor wat die omstandighede aan hulle twaalfjarige dogter gedoen het. Hy was voormalige sekretaris-generaal van die verbanne "South African Students Organization". Hy was in die tronk ten tye van sy vriend Steve Biko se dood. Met sy terugkeer was hy in die regte gekwalifiseer en 'n leraar in die Anglikaanse Kerk. Ook was hy direkteur van die WRK se PCR. Ses weke voor die kerkeberaad het hy na Suid-Afrika gekom, deur die WRK gestuur, om met die beplanning van die beraad behulpsaam te wees (Sunday Star 28 October 1990b: 6).

betrokke te kry.[164] Laasgenoemde was van mening dat De Klerk wou seker maak dat die kerke die regering se transformasie- en veranderingstappe sou steun (19 Mei 2000). De Klerk het egter gesê dat dit geensins sy bedoeling is om die kerke by die politiek te betrek nie, of om die kerke se ondersteuning vir bepaalde politieke doelwitte te probeer verkry nie. Hy wil hê dat daar tussen die geestelike leiers van die Christelike kerke in Suid-Afrika 'n konstruktiewe gesprek sal wees "oor die negatiewe gees van vernietiging wat hom vir so 'n lang tyd van ons land meester gemaak het." (Die Kerkbode 23 Februarie 1990b: 8). Volgens De Klerk het Heyns probeer om hom direk by die voorgestelde beraad te betrek. Hy het sy seën daaroor uitgespreek, maar besluit om self nie betrokke te wees nie (29 September 1997: [ ]). Volgens *Die Kerkbode* het van die lidkerke van die SARK gevoel dat die kerke sake eers onder mekaar moes uitmaak voordat owerheidsinstansies op een-of-ander manier daarby betrokke raak (9 November 1990h: 1). Heyns het gesê hy is baie dankbaar oor De Klerk se uitnodiging aan die kerke en hy hoop hulle sal positief reageer. Oor die deelname en die samewerking van die Ned Geref Kerk, hoef daar nie getwyfel te word nie, het hy gesê (Die Kerkbode 12 Januarie 1990: 1,2). Heyns het in die komende beraad 'n geleentheid gesien dat die kerke in Suid-Afrika 'n deklarasie van die minimum Christelike waardes wat in 'n nuwe grondwet vervat moet wees, op te stel. Hy maak 'n saak in *Die Kerkbode* daarvoor uit dat die "konkrete politieke situasie van die dag" moet bepaal wat die kerk se taak is, maar nie op so 'n wyse dat die situasie normatief raak nie, want volgens Heyns: "Die Skrif bly onder alle omstandighede die bron vir die optrede van die kerk." Wanneer die politici 'n nuwe grondwet gaan opstel, moet dit volgens Heyns aan daardie vereistes beantwoord, wat dit vir die kerk moontlik sal maak om as kerk te kan bestaan en as kerk te kan handel (4 Mei 1990c: 4). Hy het die redakteur van *Die Kerkbode* gevra om spasie vir 'n debat oor die saak af te staan. So skryf Gaum, ter ondersteuning van Heyns, as die kerke in Suid-Afrika nie aan die saak aandag gee nie, sal hulle 'n uiters belangrike verantwoordelikheid nalaat (Die Kerkbode 4 Mei 1990e: 4).[165] In die tussentyd is 'n voorloper van die kerkeberaad op 20

---

[164] Alberts het kontak met die Charismatiese kerke gehad, Chikane van die AGS van SA en hoofsekretaris van die SARK. Pityana se kerklike agtergrond was Anglikaans en ook ekumenies, terwyl Heyns 'n lid van die Afrikaner establishment was en die Afrikaanse gereformeerde geloofsgemeenskap kon betrek (Pityana 19 Mei 2000: [ ]).

[165] Heyns het veral sedert die begin van die negentigerjare baie oor die rol van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika geskryf. Hy het, met betrekking tot die verlede, De Klerk gelyk gegee dat daar 'n neiging by die

en 21 Julie 1990 in die presidensie te Pretoria gehou waar ongeveer 200 afgevaardigdes van kerke en godsdienstige instansies teenwoordig was.[166] Daar is oor die vraag, wat die kerk en die staat van mekaar verwag, asook oor 'n deklarasie van die minimum Christelike vereistes vir 'n nuwe grondwet gepraat.[167] Die SARK was egter nie by die geleentheid teenwoordig nie en pogings sou voortgaan om hulle vir die groter beraad in November te betrek (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 466). Die Novemberberaad sou volgens Heyns onder die gesamentlike voorsitterskap van Alberts en Chikane plaasvind (Notule: Dagbestuur van die ASK 3 Julie 1990: 3), waarskynlik as 'n gebaar om die SARK betrokke te kry. Heyns was optimisties oor die beraad en het gesê: "Almal weet dat die pad vorentoe moeilik sal wees. Tog weet ons dat dit die enigste weg is om te

---

Afrikaanse kerke was om terug te deins van omstrede sake waaroor lidmate verdeeld was. So het die staat op 'n stadium die moed van sy oortuiging gehad om diskriminerende wette af te skaf terwyl die kerke gehuiwer het om standpunt in te neem (Beeld 22 Februarie 1990a: [ ]). Wat die toekoms aanbetref het hy gesê dat 'n nuwe politieke bedeling en gevolglik ook 'n nuwe sosiaal-maatskaplike opset die kerk wesenlik sal beïnvloed. Die kerk se posisie in die samelewing en die manier waarop hy sy profetiese roeping moet vervul sal verander, dit geld veral vir die Ned Geref Kerk. Sy invloed op die owerheid gaan kleiner word, wetlike beskerming vir morele waardes sal verminder. Ter wille van die behoud van die Christendom in Suid-Afrika sal kerke ekumenies nader aan mekaar moet beweeg (Heyns 17 Januarie 1990a: [ ]). Vervreemding kan intree tussen die kerk en die staat omdat die staat baie vreemde elemente in die toekoms sal moet huisves (Beeld 4 Mei 1990c: [ ]). Die kerk het ten opsigte van versoening en vrede 'n dubbele toekomsrol ten opsigte van die verdeelde Afrikaners wat hy bedien, maar ook ten opsigte van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap en dan het die kerk ook die taak om die evangelie ten verkondig in 'n moderne en gesekulariseerde wêreld (Rapport 1 April 1990a: [ ]). God se oplossing vir die verskeurdheid die samelewing is 'n Persoon. Die Persoon Jesus Christus. Hy is die Bron van alle versoening (Heyns 21 Augustus 1990f: [ ]). Mense wat wedergebore word, vorm bloedbroers en –susters en vorm 'n totaal nuwe gemeenskap met Christelik-etiese waardes. Suid-Afrika se probleme is nie in die eerste plek van 'n politieke aard nie, maar lê op 'n religieus-etiese vlak, die vlak van interpersoonlike verhoudinge en dit kan net opgelos word as mense 'n hartsverandering ondergaan. Daar is vyf aspekte waarin die kerk leiding moet gee, naamlik naasteliefde, respek, versoening, geregtigheid en vryheid (Heyns 1990e: 7,8). Mense met nuwe harte beoefen 'n nuwe moraliteit. Dit begin vertikaal ten opsigte van 'n mens se verhouding tot God en dan werk dit horisontaal deur na ander mense (Heyns 23 Desember 1990h: [ ]). Ned Geref lidmate moet, volgens Heyns, bewus word van die nood van mense wat saam met hulle in die land woon wat nie behoorlike voeding, kleding en huisvesting het nie. Daar moet konkreet bewys word wat die liefde van die Here Jesus beteken (Die Kerkbode 11 Januarie 1991a: 1).

[166] Die Ned Geref Kerk is deur proff J A Heyns, P C Potgieter, drr D J Hattingh, P Rossouw en ds D J Viljoen verteenwoordig (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 466). Dieselfde name, met die uitsondering van Heyns (omdat hy reeds by die loodskomitee betrokke is), is deur die dagbestuur van die ASK as afgevaardigdes na die Novemberberaad benoem (Notule: Dagbestuur van die ASK 3 Julie 1990:3). Dr Frits Gaum het Viljoen as afgevaardigde vervang nadat hy skriba van die Algemene Sinode van 1990 geword het (Die Kerkbode 9 November 1990h: 1).

[167] Die ASK van die Ned Geref Kerk het inisiatief geneem en op 6 September 1990 'n memorandum met De Klerk gaan bespreek oor minimumvereistes wat die Ned Geref Kerk vir 'n moontlik nuwe grondwet sou wou stel. Dit het onder andere oor die erkenning van die oppergesag van God, godsdiensvryheid, erkenning en respek vir Christelike waardes, godsdienstige- asook Christelike en volkseie onderwys, geregtigheid, vrye assosiasie en morele verantwoordelikheid gehandel. Daar is gerapporteer dat De Klerk ernstig van die memorandum kennis geneem het en dat dié sake ook by die kerkeberaad in November 1990 bespreek sou word (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 467,468).

bewandel." (Transvaler 31 Julie 1990: [ ]). Volgens Alberts het Heyns gedurende die beplanningsvergaderinge baie respek afgedwing. hy was nie voor-op-die-wa deur te domineer nie, maar wanneer sy beurt gekom het om te praat, het almal geluister. Sy opinie was weldeurdag, beredeneerd en regverdig. Heyns was volgens Alberts nie méér oorspronklik in sy denke as byvoorbeeld König en Bosch nie, maar hy was 'n briljante strateeg en dus 'n sleutelfiguur in die kerk. Sy dryfkrag was roepingsbewustheid. daar was by hom, volgens Alberts, nie 'n selfsugtige dryfkrag nie (1 Julie 1997: [ ]). Die kwessie van skuldbelydenis het 'n paar maande vóór die beraad na vore gekom toe dr Beyers Naudé, in 'n onderhoud wat hy en Heyns tydens 'n besoek van W Albeda van *Centraal Weekblad* in Julie 1990 gevoer het, gesê het dat die Ned Geref Kerk met die dokument KS nie ver genoeg gegaan het nie. Hy sê: "Maar ze ziet niet (erkent niet) dat in de aanvaarding van de apartheid een duidelike ketterij lag." Die kerk kan volgens hom nie maar net verklaar dat jy gedwaal het, en net jou houding verander nie. Die Ned Geref Kerk is volgens hom skuldig aan 'n kwaad wat baie mense diep getref en verneder het. Hy sê: "Dat vraagt om méér dan een erkenning van verkeerd denken. Het vraagt in laatste instantie om schuldbelydenis." Wat Albeda opval is dat Heyns en Naudé albei sê die probleem in Suid-Afrika is nie 'n politieke probleem nie, maar 'n etiese probleem. Daarom vind hy dit buitengewoon dat De Klerk, 'n politikus, die een moet wees wat die kerke bymekaar moet roep om 'n gesamentlike getuienis te lewe. Hy noem verder dat Naudé met groot waardering oor Heyns en die ontwikkeling in die Ned Geref Kerk praat, maar dan: "Toch blijft er in zijn houding (en in die van de niet-blanke kerken) een trekje dat mij wat verwondert. De N.G. Kerk maakt een verandering door, die die Kerk ernst is. Men riskeert een scheuring. Moet dat niet lijden tot een gemeenschappelijke vreugde over het nieuwe inzicht, en tot een verzoening? En – denk ik dan – hadden onze eigen Gereformeerde Kerken daarbij niet een rol kunnen spelen?" (31 Augustus 1990: 1). Kort hierna, tydens 'n paneelbespreking van die Stellenbosse Aktuele Aangeleenthede Kring (SAAK), het Heyns gesê dat die Ned Geref Kerk sy aandeel aan 'n gefragmenteerde Suid-Afrikaanse samelewing wat onder 'n geweldpsigose gebuk gaan, moet aanvaar (Citizen 17 August 1990: 11).

Die kerkeberaad het van 5 tot 9 November 1990 by Hunter's Rest te Rustenburg plaasgevind waar 95% van die kerklike bevolking in Suid-Afrika verteenwoordig was (Die Kerkbode 9 November 1990h: 1). Die beraad het as die Rustenburgberaad bekend geword.[168] Gegewe die uiteenlopende standpunte onder tweehonderd-en-dertig afgevaardigdes van tagtig kerke en veertig Christelike organisasies (Gaum 16 November 1990: 6), het Alberts dit met reg bestempel as "ietwat van 'n wonderwerk" dat so 'n beraad plaasgevind het. Hy het gesê daar word met die beraad beoog om te kyk wat die kerk in die breë kan doen om werklik 'n klimaat van versoening en onderlinge begrip in Suid-Afrika te bewerkstellig. Daar sou volgens hom ook gepoog word om konsensus te kry wat die verhouding van die kerk tot die staat moet wees, waaruit sekere grondbeginsels met die oog op 'n nuwe grondwetlike bedeling kan voortspruit (Die Kerkbode 9 November 1990h: 1). Afgesien van sy betrokkenheid in die loodskomitee, het Heyns, behalwe om 'n referaat te lewer, nie 'n prominente rol by die beraad gespeel nie. Die referate het hoofsaaklik oor die verhouding tussen die kerk en die staat gehandel. Die titel van Heyns se referaat was: *What can the church expect from the state*. Hy het gesê dat die kerk van die staat verwag om as dienskneg van God op te tree en so te regeer dat die onderdane, insluitende die kerk en ander lewensverbande stil en rustig kan leef en tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel. Verder moet die staat as regstaat regverdig wees in die handhawing van wet en orde. Hy het afgesluit met 'n voorstel ten opsigte van 'n deklarasie van Christelike beginsels vir 'n nuwe grondwet, wat min-of-meer dieselfde punte bevat, as wat die ASK van die Ned Geref Kerk reeds in September 1990, soos in sy memorandum[169] vervat, met die Staatspresident bespreek het. (1990c: 1-8). Prof Willie Jonker was, hoewel nie 'n afgevaardigde by die beraad nie, ook genooi om 'n referaat met die titel *Understanding the church situation and Obstacles to Christian Witness in South Africa* te lewer (Jonker 1998: 201). Tydens die lewering van sy referaat[170] het hy sy

[168] Die mede-voorsitters was dr Louw Alberts en eerw dr Frank Chikane. Die koördineerders was eerw Barney Pityana en mnr Dennis House. Die komiteelede was dr Isak Burger, mnr Michael Cassidy, prof Johan Heyns, me Emma Mashinini, eerw Ray McCauley, biskop Wilfred Napier, aartsbiskop Temba Ntongana, eerw John P Scholtz, en aartsbiskop Desmond Tutu (Die Rustenburg Deklarasie 1990: 10).

[169] Vergelyk voetnota hierbo.

[170] Die referaat van Jonker was die openingsreferaat op Dinsdag 6 November, die tweede dag van die konferensie (Die Volksblad 7 November 1990: 9).

opspraakwekkende skuldbelydenis[171] oor apartheid gedoen. Hy het dit in die eerste plek persoonlik[172] maar ook plaasvervangend namens die Ned Geref Kerk en die Afrikaners in die geheel gedoen. [173] Die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk het hulle by Jonker se belydenis geskaar op grond van die Sinodebesluite van enkele weke vantevore, soos in KS 1990 verwoord. Die ASK het verslag aan die volgende Algemene Sinode gedoen, dat alhoewel Jonker nie 'n opdrag gehad het om belydenis namens die Ned Geref Kerk te doen nie, het die afvaardiging by die besluite van die Sinode gebly toe hulle hulle by Jonker geskaar het. Die volle verband van die besluite is egter nie vermeld nie en kon tot verwarring by lidmate gelei het (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 21). Onmiddelik ná Jonker se belydenis het aartsbiskop Desmond Tutu opgestaan en die belydenis namens die kerke teenwoordig aanvaar. Hy het gesê hy twyfel nie aan die opregtheid daarvan nie. Hy moes agterna kritiek verduur oor sy optrede omdat sommige volgens hom nie so maklik wou vergewe nie, maar het die volgende dag herhaal dat die Here vergewe het en

---

[171] Jonker se skuldbelydenis het soos volg gelui: "I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economical and structural wrongs that have been done to many of you, and the results of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare also to do that in the name of the DRC of which I am a member, and for the Afrikaans people as a whole. I have the liberty to do just that, because the DRC at its latest synod has declared apartheid a sin and confessed its own guilt of negligence in not warning against it and distancing itself from it long ago." (Jonker 1998: 204).

[172] Jonker vertel dat hy die vorige aand 'n las op sy hart gehad het deurdat hy besef het dat hier 'n eenmalige geleentheid is om teenoor verteenwoordigers van al die kerke in Suid-Afrika te bely en te sê "ons het gesondig." Hy het besef hy moet dit die volgende dag doen. Hy was benoud en het gebid en het nie goed geslaap nie. Die volgende oggend toe dr Dirk Hattingh, sy kamermaat by die kamer uitstap het hy gesê ons sal een of ander tyd belydenis van ons skuld voor dié mense moet doen. Dit was vir Jonker bevestiging dat hy moet voortgaan. Hy het gaan sit en die belydenis uitgeskryf terwyl die ander by die oggendbiduur was. Hy het aan Hattingh van sy stryd vertel maar dat hy voel hy is nie bevoeg om dit te doen nie. Hattingh het aan hom gesê: "Bely net eenvoudig en klaar!" Tydens sy referaat het hy die belydenis voorgelees. Toe is daar 'n beroering. Tutu het opgestaan en gesê: "As iemand sê hy is 'sorry', dan moet jy sê 'I forgive you!'" (29 September 1997: [ ]). Jonker beskrywe hierdie gebeure breedvoerig in sy boek *Selfs die kerk kan verander* (1998:201-205).

[173] Mariechen Waldner, joernalis van *Rapport* skryf van Jonker dat sy skuldbelydenis 'n ironie was wat nie verbygegaan het by die mense wat sy geskiedenis in die kerk ken nie. Sy skryf: "Hy staan bekend as een van die profete wat hom vroeg in die sestigerjare die gramskap van sy kerkgenote op die hals gehaal het toe hy bedenkinge oor die kerk se rassesieninge begin opper het. As jong aktuarius van die Suid-Transvaalse Sinode het prof. Jonker destyds gepleit om 'n grondige hersiening van die sendingbepalinge van die kerk en in die proses een van die vroegste pleitbesorgers vir die eenheid van die kerk geword. Vandag probeer die blanke kerk doen wat prof. Jonker drie dekades gelede bepleit het. Maar daar lê 'n wêreld van swart en bruin verbittering in die pad van die blanke kerk om apartheid uit sy strukture te wis en 'n enkele kerkverband vir al sy lidmate tot stand te bring. Prof. Jonker het sy kerk se woede oor sy sogenaamde 'liberalisme' lewenslank aan die lyf gevoel, maar hy het, anders as manne soos dr. Beyers Naudé en dr. Nico Smith, nie die kerk verlaat nie. Inteendeel. Hy het oor die jare op sinodes en elders in die wroeginge van die kerk gedeel. Van hom het niemand belydenis oor apartheid gevra nie. Maar hy was nietemin bereid om dit ook vir die NG Kerk te doen. In die proses het hy 'n debat aan die gang gesit wat nog lank gevoer sal word." (18 November 1990b: 9).

Christene moet ook vergewe. Hy het gesê hy het self skuld en sonde om te bely. Dit het daartoe gelei dat verskeie ander afgevaardigdes belydenisse gedoen het, onder andere prof Charles Villa-Vicencio wat as lid van die Metodiste Kerk gesê het dat die Engelse kerke ook skuld het om te bely omdat hulle 'n koloniale gesindheid gehad het en dikwels die Ned Geref Kerk as sondebok gebruik het terwyl hulle dieselfde sondes gedoen het (Gaum 16 November 1990: 6,7).

Aan die einde van die kerkeberaad het hulle 'n verklaring bekend as die *Rustenburg Deklarasie* uitgereik. Baie sondes en vergrype, hoofsaaklik verwant aan die toepassing van apartheid word in dié dokument bely. Die kwessie van restitusie het 'n prominente plek in die verklaring. Kerke word onder andere gevra om hul grondbesit te ondersoek en hulle vir die teruggawe van grond aan onteiendes te beywer (Die Rustenburg Deklarasie 1990: 2,3,9). Volgens prof Pieter Potgieter, leier van die Ned Geref afvaardiging, het hulle die Deklarasie as aanduiding van hoe die meeste kerke in Suid-Afrika voel aanvaar. Hulle het dit egter nie onderteken nie maar hulle eie verklaring uitgereik aangesien hulle van oordeel was dat dele van die deklarasie baie eensydig was en dat die besluite van die Algemene Sinode 1990, soos onder andere in KS 1990 vervat, hulle nie toegelaat het om met alles van die Deklarasie saam te stem nie (23 November 1990: 4).[174] Sekere eensydighede word in hulle verklaring uitgewys byvoorbeeld 'n eensydige verwerping van apartheid, die ondersteuning van 'n bepaalde politieke model van veelparty-demokrasie, elemente van die bevrydingsteologie en 'n eensydige verwysing na die lyding wat apartheid teweeggebring het, sonder om na die lyding wat sanksies en disinvestering teweeg gebring het te verwys (Die Kerkbode 16 November 1990i: 6,7).

[174] Een van die stellings in die Rustenburgverklaring waarmee die afvaardiging hulle nie kon vereenselwig nie, was dat "ons apartheid in sy bedoeling, sy uitvoering en sy gevolge as 'n sondige beleid verwerp." Dit was nie in ooreenstemming met KS 1990 par 279 nie, wat bepaal het dat daar ook eerlike en opregte bedoelinge met apartheid was (Du Toit, Hofmeyr, Strauss en Van der Merwe 2002: 108). Die besluit van die Ned Geref afvaardiging was vir talle 'n groot teleurstelling. Dr Volker Faigle wat die beraad namens die EKD bygewoon het skryf in sy verslag: "*Professor Heyns* erklärte mir, daß es ihm und der NGK-Delegation auf folgenden Satz der Rustenburger Erklärung sehr ankomme, nämlich: 'Some of us are not in full accord with everything said in this conference, but on this we all agree, namely the unequivocal rejection of apartheid as a sin'. Trotz dieses Wehmutstropfens den die NGK-Delegation in die Abschlußphase der Konferenz einfließen ließ, erklärte Frank Chikane: daß diese historische Erklärung eine große Hilfe sei für die Einheit der Kirchen in Südafrika und zum Wohle aller Südafrikaner. ...... Sie sei aber an einer Stelle unmißverständlich und verbindlich für alle beteiligten Kirchen: nämlich in der eindeutigen Verurteilung der Apartheid als sünde." (1990: 8).

Daar was later in die hoofberig van *Die Kerkbode* daarop gewys dat Heyns se teenwoordigheid toe die Rustenburg Deklarasie aan die Staatspresident en later aan mnr Nelson Mandela oorhandig is, nie die indruk moet skep dat die Ned Geref Kerk die deklarasie onderskryf nie. Heyns was daar in sy hoedanigheid as lid van die reëlingskomitee (17 Mei 1991b: 4).[175] Te midde van kommentaar deur talle lidmate en instansies oor Jonker se skuldbelydenis asook verduidelikings deur die Ned Geref afgevaardigdes na afloop van die beraad, het Heyns ook sy perspektief gegee.[176] Hy het Jonker se optrede ondersteun deur te sê dat hy gedoen het wat die Heilige Gees op sy hart gelê het. Heyns het ter verduideliking Jonker se belydenis in drie dele opgedeel. Die eerste en derde deel was Jonker se persoonlike belydenis asook sy belydenis namens die Afrikanervolk. Daaroor, sê Heyns, het die Ned Geref afvaardiging hulle nie uitgelaat nie. Oor die gedeelte waar Jonker hom op die Algemene Sinode van 1990 beroep het, sê hy, "daar hoef dus geen onsekerheid te bestaan nie: prof Jonker se belydenis van skuld oor apartheid en sy beroep daarvoor op die Sinode van Bloemfontein was korrek. Wat die Sinode in Bloemfontein gedoen het, was reeds 'n skuldbelydenis." Ook wys Heyns daarop dat die Sinode niemand wou dwing tot 'n skuldbelydenis nie. Die Sinode het volgens hom allereers 'n beoordeling van 'n sisteem gegee en daarmee 'n objektiewe maatstaf gestel waaraan elkeen hom persoonlike moet meet. "Nou is dit vir elke lidmaat self om in sy eie gewete uit te maak of hy daaraan skuldig is of nie." (Beeld 22 November 1990f: 3). Hier kom 'n nuwe ontwikkeling in Heyns se denke na vore. Vir die eerste maal sê hy dat dit op die gewete van elke individu rus om skuld ten opsigte van apartheid te bely al dan nie. Hierdie insig het betekenisvolle implikasies vir die vrees by talle Afrikaners ingehou, dat 'n kollektiewe skuldbelydenis, soos in die geval van die Sinodebesluite en Jonker se belydenis, elke lidmaat en Afrikaner se gewete sal bind. Heyns stel dit nog meer verhelderend wanneer hy skryf: "Die Kerk het met die beoordeling van hierdie politieke model allereers 'n beoordeling gegee van 'n stelsel en

---

[175] Prof Evert Kleynhans was nie met die verduideliking tevrede nie. Hy het in 'n brief aan *Die Kerkbode* geskryf dat Heyns kerkregtelik nie in 'n afvaardiging opgeneem kan word deur die Rustenburgberaad of 'n stuurkomitee, waar hy die Ned Geref Kerk verteenwoordig nie. Hy vind dit jammer dat Heyns op dié weg voortgaan, want sê Kleynhans: "Kerkeberade soos hierdie pas nie binne die kerkregeringstelsel van 'n gereformeerde kerk nie (14 Junie 1991: [ ]).

[176] Pityana het opgemerk dat Heyns aanvanklik ongemaklik met Jonker se belydenis was. Hy is van mening dat Heyns meer ortodoks was en eerder sou kies vir 'n meer teologiese werkswyse soos 'n gesamentlike verklaring in die styl van KS (2000: [ ]).

nie 'n veroordeling van diegene wat die stelsel help bou het of steeds aanhang nie." Verrassend gaan Heyns verder deur te sê dat die feit dat die kerk of 'n individu soos Jonker dit gedoen het natuurlik nie voldoende is nie. Hy sê: "Ek moet my eie hart en gesindheid gaan ondersoek. En as ek voor die Here kan verklaar dat ek my medemens altyd en in alle omstandighede voldoende liefgehad het, en reg behandel het, hoef ek natuurlik nie te bely nie." (4 Desember 1990g: [ ]). In Heyns se opmerking dat die veroordeling van 'n stelsel soos apartheid, nie 'n noodwendige die veroordeling van diegene wat die stelsel help bou het of selfs steeds aanhang impliseer nie, het 'n geweldige stuk bevryding losgekom. Dit bring die insig dat apartheid as ideologiese sisteem verwerp kán word, sonder om oordele oor mense uit te spreek. Dit bly nog steeds elke gelowige individu se verantwoordelikheid, om met die lig tot sy beskikking, sy motiewe voor God te ondersoek en skuld te bely indien nodig. Dit was Jonker se kollektiewe skuldbelydenis by die Rustenburgberaad en die daaropvolgende reaksie wat waarskynlik hierdie insig by Heyns en andere laat deurbreek het. Jonker se opregtheid as gelowige is wyd in kerklike kringe bekend en het waarskynlik tot die spontane en onvoorwaardelike aanvaarding by Tutu gelei. Die feit is ook weer eens deur die gebeure onderstreep dat so 'n gebeurtenis nie vooraf deur 'n reëlingskomitee beplan kan word nie en dit hou 'n les in vir elke kerkleier wat soms met die reël van kerklike en ekumeniese byeenkomste gemoeid is.

Oor die algemeen is die Rustenburgberaad, ná die mislukking van die Cottesloeberaad van dertig jaar vantevore, gesien as 'n nuwe begin met 'n breër basis vir ekumeniese betrekkinge in Suid-Afrika. Uit 'n Ned Geref oogpunt het Heyns gesê dat Cottesloe 'n poging was om 'n uitweg uit die impasse van gespanne rasseverhoudings te vind. Dit het gewys dat dat toe dié beraad in 1960 gehou is, "was ons nog nie ryp genoeg vir so 'n verrykende ekumeniese ervaring nie." (Wat Cottesloe ons geleer het – 'n Perspektief uit die NG Kerk [ ]:3). Prof John De Gruchy skryf, nadat hy 'n insiggewende historiese oorsig oor die Cottesloeberaad en die dertig jaar daarna gee, dat die Rustenburgberaad 'n moontlikheid geword het ná De Klerk se 2 Februarie 1990 toespraak. Hy sê: "The Rustenburg Conference was the first ecumenical conference of a new era, indeed, a new

kind of ecumenical event." (1990: 34). Daar is egter nog 'n lang pad wat voorlê voordat werklik gesê sal kan word dat ekumene tussen die Suid-Afrikaanse kerke tot sy reg kom.

Samevattend kan gesê word dat die jare 1987 tot 1990 ongetwyfeld die besigste en moeilikste jare van Heyns se loopbaan was.[177] In 'n sekere sin het Heyns op hierdie lewenswyse gefloreer. Hennie Duvenage het veral na hierdie tydperk verwys toe hy van Heyns gesê het: "Johan Heyns was in baie opsigte, die afgelope jare Meneer NG Kerk. As iemand die NG Kerk wou ontmoet of wou weet wat die NG Kerk sê, was Heyns die man!" (Meiring 1994: 180). Soos niemand vóór hom nie, het hy verseker dat die Ned Geref Kerk ter sake gebly het. Dr Willie Botha skryf oor Heyns: "Dat hy die kerk die afgelope vier jaar, om dit so te stel, in die kalklig gehou het is nie altemit nie! Nie dat dit sy bedoeling was om publisiteit te soek nie. Inteendeel. Hy het net sy werk gedoen." (Oktober 1990: 45). Daar moet egter ook saamgestem word met wat vroeër van ds Renier van den Berg uit Nederland aangehaal is: "Wat moet deze man veel genade ontvangen om niet verbitterd te worden!" (Trouw 17 Januari 1987c: 15). Van alle kante het hy by tye venynige teenkanting gekry. Vanuit die geledere van die swart kerke is hy vanweë sy noue bande met die Suid-Afrikaanse regeringslui en Afrikaner-establishment nie heeltemal vertrou nie. Sy eweknie in die NGSK, Allan Boesak het dit vir Heyns ook bitter moeilik gemaak en sy geduld tot die uiterste beproef.[178] Die onbegrip en vooroordele as gevolg van dikwels eensydige inligting vanuit die geledere van die

[177] Teen Oktober 1990 het dr Willie Botha 'n artikel oor Heyns in *Die Voorligter* gepubliseer. Hierin skryf hy dat Heyns iemand is wat op agt silinders loop. Botha verwys na 'n gesprek tussen twee vorige moderators van die Ned Geref Kerk naamlik ds Kosie Gericke wat vir dr Koot Vorster, sy opvolger, gesê het: "Koot, die eerste ding wat jy nou moet doen, is om 'n groter posbus te kry." Botha voeg daaraan toe dat Heyns saam met 'n groter posbus ook meer telefoonlyne en 'n dikker mat vir sy deurdrumpel moes kry. Hy skryf: "Weinig mense het 'n idee van die dagprogram en nagprogram wat Johan Heyns die afgelope vier jaar moes afhandel. Elke bladsy van sy dagboek is boordensvol afsprake. Sy telefoon lui aanhoudend. Hy is voortdurend uithuisig op pad om te praat of te preek of 'n bydrae in vergaderings en raadsale te lewer. Intussen behartig hy rubrieke in koerante en skryf hy artikels vir publikasies in populêre- en wetenskaplike tydskrifte. Asof dit nie genoeg is nie voltooi hy gedurende 1989 sy trilogie van die Teoligiese Etiek.... En terwyl dit alles die afgelope vier jaar gebeur het, geniet hy op die koop toe sy primêre taak: om as dosent voor sy studente in die lesinglokaal aan die Universiteit van Pretoria te staan." (Oktober 1990: 43). Ina van der Linde skryf dat Heyns in 'n onderhoud met haar gesê het dat 1987 eenvoudig 'n verskriklike jaar was. "Ek was elkeen van die 52 naweke van daardie jaar weg. Ek het letterlik regoor die land gepraat (21 September 1990" [ ]).

[178] Botha skryf in verband met hierdie saak ten opsigte van Heyns: "Nou verstaan 'n mens ook waarom hy tydens daardie krisis by die Vereeniging-beraad verlede jaar, toe alles gedreig het om in 'n breukspul te ontaard, teenoor vertrouelinge die versugting uitgespreek het dat hy in daardie dae tog veel liewer net tussen sy boeke in sy studeerkamer wou wees." (Oktober 1990: 45).

buitelandse kerke - dikwels gevoed deur kerke in Suid-Afrika self, soos weerspieël in talle verslae, besluite en optredes, was vir Heyns 'n bron van groot frustrasie. Billikheidshalwe moet hier bygevoeg word dat die inwoners van Suid-Afrika as gevolg van die "sukses van apartheid", om Heyns se eie woorde te gebruik, in twee wêrelde geleef het. Daarmee saam was die inligting wat die Suid-Afrikaanse regering aan die land se inwoners deurgefilter het ewe eensydig en het dikwels vooroordele tussen blank en swart daardeur versterk. Vanuit eie volksgeledere het Heyns die ergste onder kritiek deurgeloop deur sommige wat hom as verraaier beskou het as gevolg van sy kragdadige pogings om hervormings in die Ned Geref Kerk teweeg te bring. Ná die Algemene Sinode van 1986 het hy swaar geleef. Hy vertel: "Ek dink nie iemand kan hom voorstel wat alles in die tyd met my gebeur het nie. Daar was nie 'n uur van die dag of die nag wat ek nie die aakligste oproepe ontvang het nie. Dan nog die massa en massa briewe wat hier aangekom het... die persoonlike gesprekke wat ek moes voer. Ek was die een... wat die NG Kerk oopgestel het, wat alles weggegee het vir die swartes... deur wie PW Botha wat toe ook politieke verandering teweeggebring het, gewerk het... min of meer die inkarnasie van die bose." (Meiring 1994: 181). Heyns vertel dat daar 'n groep mense in sy huis wat wat 'n vloek oor die huis kom uitspreek het. "....Ja, die Kappiekommando en Marie van Zyl. Ek het nie tevore kennis gemaak met die tipe Afrikaner wat sulke argumente gebruik nie", het hy gesê. "Ons het bomdreigemente gehad.... Een oggend voor kerk het ons agt oproepe met dreigemente na mekaar gehad.... Ons moes bepaalde veiligheidssmaatreëls aanbring want my vrou was dikwels alleen tuis." (Van der Linde 21 September 1990: [ ]). Om hierby aan te sluit was die wegbreek van die APK vir Heyns 'n laagtepunt en bittere teleurstelling. Wat Heyns hartseer gemaak het was mense wat sy motiewe bevraagteken het. Kwaadwillige gerugte oor allerlei duistere planne en komplotte wat hy in die mou sou voer het hom teleurgestel. Onwaarhede wat soms versprei is het sy vertroue in medemense geskok (Botha Oktober 1990: 43). Met die bogenoemde teenpole waardeur Heyns die kerk moes lei het hy vroeg in sy lewe reeds sekere keuses gemaak wat hom instaat gestel het om die druk van verskillende kante te kon weerstaan. Hoewel ons later weer hierop sal terugkom, noem ons drie aspekte. <u>Eerstens</u> het Heyns na homself verwys as *verankerd*. Hy het geweier om tipies op 'n politieke manier as verkramp of verlig geëtiketteer te word. Verankerd beteken dat hy bepaalde beginsels as basis vir sy lewe

gekies het. Dit het by hom soms tot 'n verligte standpunt en soms tot 'n standpunt wat as verkramp voorgekom het gelei. Heyns het nooit van polarisasie gehou nie en dit is volgens hom waarskynlik die rede waarom die Sinode van 1986 hom as moderator gekies het (Trouw 25 Juni 1988: 23). Tweedens was Heyns hiermee saam van sy studentedae af 'n beoefenaar van die dialektiese lewensbenadering van *kritiese-solidariteit*.[179] Dit het veral in die vier jaar waaroor hierdie hoofstuk handel duidelik geword dat hy 'n klassieke voorbeeld was van iemand met 'n krities-solidêre lewensingesteldheid ten opsigte van menswees, kerk en volk in die koninkryk van God. Derdens as mense Heyns sou vra, hoe hy alles wat na sy kant toe gekom het verwerk het, sou hy antwoord dat hy 'n *brugbouer*[180] wou wees. Daarmee moet mens, volgens hom, aanvaar dat mense op 'n brug trap. Hy wou 'n instrument van versoening wees en moes aanvaar wat na sy kant toe kom (Meiring 1994: 182). Alhoewel Heyns in die komende vier jaar steeds as deel van die Dagbestuur van die ASK diens gedoen het, sou dit die begin van 'n effens rustiger lewe wees.

---

[179] Vergelyk in hoofstuk een die gesprek wat Heyns met prof Mias de Klerk gevoer het na aanleiding van prof A B du Preez se opmerking oor die Christelike Wetenskap.

[180] Vergelyk wat Heyns in hoofstuk vier oor homself as brugbouer sê en ook na die Algemene Sinode van 1986 as 'n *brugbou-sinode* verwys. Vergelyk ook in hoofstuk vier wat Bosch in 1981 oor die rol van 'n brugbouer skryf.

# HOOFSTUK 6

## DIE NUWE BEDELING BETREE

## 1991-1994

## - Van brugbouer tot profeet –

'n Ietwat rustiger tydperk het vir Heyns aangebreek. Alhoewel hy as assessor saam met die ASK volle verantwoordelikheid geneem het om die sinodale besluite te verdedig en uit te voer, was hy nie so in die spervuur soos in die verlede nie, aangesien prof Pieter Potgieter tot moderator verkies was en nou in die warm voorsitterstoel van die ASK gesit het. Alhoewel Heyns Potgieter se posisie gerespekteer het, was hy nog altyd bereid om met die media te praat en sy mening oor sake te gee. Hy was ook nog dikwels daaromtrent genader. Uit die aard van die saak word daar ten opsigte van hierdie studie op Heyns se doen en late gefokus, hoewel sy optrede sover dit die kerk aanbetref, meestal in samehang met die besluite en optrede van die ASK plaasgevind het. Hy het egter in 'n toenemende mate 'n rol in veral vredesonderhandelings gedurende die staatkundige proses ter bereiking van 'n nuwe bedeling vir Suid-Afrika gespeel.

Na afloop van die Algemene Sinode van 1990 en kort daarna, die Rustenburgberaad, het die oorgrote meerderheid van lidmate en gemeentes hulle met die gewysigde KS 1990 asook prof Willie Jonker se skuldbelydenis vereenselwig. Dit blyk uit 'n rondvaag wat die koerant Transvaler by predikante en gemeentes gedoen het. Een gemeente, die Ned Geref Gemeente Driehoek, het selfs 'n skuldbelydenis van sy eie gedoen (3 Desember 1990: [ ]). Daar was egter, net soos in 1986, 'n stroom van protes en kritiek vanuit regse Afrikanergeledere, waar verskeie van die groeperinge onder die beswaardes soos in die vorige hoofstuk behandel, hulle stemme duidelik laat hoor het. Teen die einde van 1991 het hierdie groepe, wat bekommerd was oor die "teologiese grondverskuiwings" in die kerk besluit om 'n verenigde front te vorm waarbinne hulle hulle optrede wou koördineer. Die groepe het <u>eerstens</u> bestaan uit die AG Bond van prof Carel Boshoff, <u>tweedens</u> 'n herstigte Voortsettingskomitee van ds Kobus Potgieter en dr Andries Treurnicht, <u>derdens</u> twaalf predikante as opstellers van 'n dokument met die titel: *'n Noodroep: Die damwal*

*breek*[1] en vierdens 'n groep met ds Christo Heiberg as spreekbuis, wat bekommerd was oor die, volgens hom, "liberale teologie" van die kerk se teologiese fakulteite (Beeld 6 November 1991i: [ ]). Waar van hierdie groepe betekenisvolle kontak met Heyns gehad het, sal dit vervolgens aangetoon word.

Die Rustenburgberaad met die skuldbelydenis van prof Willie Jonker kort ná die Algemene Sinode van 1990 was soos olie op die vuur van die beswaardes. Berigte van onrus en ontevredenheid het opnuut ingekom. Die redakteur van *Transvaler* skryf dat hy daarvan oortuig is dat die grootste deel van die ontevredenheid en onrus by lidmate toegeskryf kan word aan die feit dat die beswaardes iets anders onder apartheid verstaan as wat die sinode in die oog gehad het en dat kerklike begeleiding hierdie misverstande uit die weg kan ruim. Volgens hom is dit vir enige lidmaat belangrik dat sy politieke keuse ook vir sy kerk aanvaarbaar is. Wanneer hy dit egter beleef dat sy keuse deur sy

[1] Die twaalf predikante waarvan di J A E Adendorf, T Danzfuss en A Z Keyser van die bekendstes was, het hul studiestuk met die titel *'n Noodroep: Die damwal breek* aan *Die Kerkbode* vir publikasie gestuur. Dit was in die vorm van 'n getuienis waar hulle hulle kommer uitspreek oor die rigting waarin die Ned Geref Kerk beweeg en sake soos Skrifbeskouing, die werking van die Algemene Sinode, strukturele kerkeenheid, die bevrydingsteologie, kerk en politiek en etiek word aan die orde gestel. Die stuk is op 17 Mei 1991 in verkorte briefvorm gepubliseer. Oppervlaktegewys het dit ongeveer 'n halwe bladsy beslaan (17 Mei 1991h: 8). Gaum het in die hoofberig van dieselfde uitgawe kommentaar op die stuk gelewer waarin hy sê dat dit noodgedwonge vir publikasie verkort moes word. Daar kan volgens hom egter op sowat al die sake afdoende antwoorde gegee word (17 Mei 1991i: 4). *Die Afrikaner*, koerant van die HNP, het Gaum gekritiseer en gesê hy het die stuk "vermink" deur sekere essensiële gedeeltes weg te laat (12 Junie 1991: 1). Hulle publiseer toe die volledige stuk in 'n volbladadvertensie in 'n volgende *Kerkbode* (14 Junie 1991j: 11). *Beeld* se redakteur het geskryf dat die predikante se motief deursigtig is. "Waaroor hulle klaarblyklik 'beswaard' voel, is dat die NG Kerk apartheid as onbybels verwerp het." (21 Mei 1991c: [ ]). Dr Talbot Sadler, aktuarius van die Algemene Sinode, skryf in *Die Kerkbode* dat die sake wat die broers in die stuk aansny van so 'n aard is dat openhartige bespreking daarvan inderdaad vrugbaar sal wees. Dit lyk egter nie vir hom of dit hulle bedoeling is nie. Dit is volgens hom so veralgemenend en eensydig gestel dat dit meer lyk of die bedoeling is om onrus te veroorsaak (21 Junie 1991: 4). Dr D S G Oosthuysen skryf: "Nee, die damwal sal nié breek nie, omdat 'n kerk wat hom daarvoor beywer om die eise van die evangelie onvervals voorop te stel, nooit ten gronde sal gaan nie – daarvoor sal Christus deur sy Woord en Gees onteenseglik sorg. Hy skryf dat dit hom nie sal verbaas "as damwalle begin lek in daardie gemeentes waar leraars nie die koninkryk van God en sy geregtigheid eerste stel en verkondig nie." (5 Julie 1991: [ ]). Die kerkraad van die Ned Geref Gemeente La Rochelle raai die skrywers van die noodroep aan om die ordelike weg van 'n beswaarskrif en beskrywingspunt te volg om hulle beware by die tersaaklike kerkvergaderings aan die orde te stel (Die Kerkbode 16 Augustus 1991l: [ ]). Een gemeente naamlik die Ned Geref Gemeente De Deur, waarvan die predikant ds Gert van Heerden een van die twaalf predikante was, het uit die kerkverband getree. Volgens hom, het die kerkraad so besluit as gevolg van die politieke aard van KS 1990 en die oorheersende rol wat die Algemene Sinode in die Ned Geref Kerk speel. Die kerkraad het 'n verklaring uitgereik en gesê die situasie sou geld tot tyd en wyl die gestelde probleme aangespreek is (Die Kerkbode 8 November 1991p: 1,2). Die Ring van Vereeniging het ds Van Heerden uiteindelik uit die diens van die gemeente ontslaan nadat hy skuldig bevind is aan "daadwerklike kerkskeuring." Daar is bevind dat hy 'n leidende rol gespeel het in besluite van die kerkraad van die gemeente dat die Ned Geref Kerk 'n onbybelse gesagstruktuur het (Beeld 28 November 1993d: [ ]).

kerk as sonde gedefinieer word, kan verwag word dat sommiges heftig en radikaal sal reageer (3 Desember 1990: 8). Ds Kobus Potgieter skryf dat dit nie net na die 1990 Sinode gebeur het nie, maar dat daar vroeër ook na die 1986 Sinode verskillende interpretasies was van wat die Sinode ten opsigte van apartheid besluit het. In 1986 se geval skryf hy dit daaraan toe dat die paragrawe oor apartheid nie in die Hersieningskommissie se konsepdokument vervat was nie, maar tydens die Sinodesitting geformuleer en bygevoeg was. In 1990 sê hy, was almal tevrede dat die Sinode apartheid net duideliker omskryf het en nie "verder gegaan het of die beginsel verander het nie." Toe kom die Rustenburgberaad en "'n professor van een van die kerk se teologiese fakulteite is spreker en gee 'n totaal ander vertolking aan die besluit: 'Apartheid is sonde!'" Dis toe dat mense sê: "As dit dít is wat die sinode besluit het, is ons met 'n slap riem gevang – dis nie waarvoor ons gestem het nie." (14 Junie 1991: 8). Die KP se amptelike blad, *Patriot* het prof Pieter Potgieter in 'n telefoononderhoud oor die Sinodebesluite en Jonker se skuldbelydenis uitgevra en haal hom soos volg aan: "Laat ons dit maar sê: Apartheid het 'n onbruikbare term geword. Ons kan nie meer in ons land en die wêreld in die konteks wat dié term gebruik word onderskei tussen goeie en slegte apartheid nie. Ons handhaaf volledig die verskeidenheid, maar die term apartheid het só 'n belasting gekry dat om nou van goeie en slegte apartheid te praat, is om by die wêreld verby te praat." (23 November 1990b: 3). In nog 'n berig in dieselfde uitgawe van *Patriot* word gesê dat die onmin in die Ned Geref Kerk besig was om uit te kring. Drie gemeentes het, volgens dié koerant, die Sinodebesluite op daardie tydstip blykbaar reeds verwerp (23 November 1990a: 1). Die dagbesture van die vier Transvaalse Streeksinodes het vergader en op grond van hulle versoek het die ASK besluit om op 4 Desember 1990 bymekaar te kom om die onrus onder lidmate te bespreek (Die Kerkbode 23 November 1990d: 1).

In *Patriot* word aangekondig dat 'n konferensie van lidmate van die kerk op 1 Desember 1990 op die sportterrein van die Hoërskool Hendrik Verwoerd in Pretoria gehou sou word, waar ds Kobus Potgieter as voorsitter sou optree en dr A P Treurnicht, leier van die

KP die hoofspreker sou wees (23 November 1990a: 1).[2] Die strekking van Treurnicht se toespraak was om te sê: "Ons neem die volkereverskeidenheid, die reg op eie regering in 'n eie vaderland baie ernstig op. Dit het algemeen bekend gestaan as apartheid." Daarom verwerp hy "die belydenis van prof Jonker,[3] én die verklaring van die NG Kerk-afvaardiging by Rustenburg, én die hele konferensie se ongekwalifiseerde besluit teen apartheid, én Die Kerkbode se verkettering van apartheid, én prof Pieter Potgieter[4] se bevinding dat daar nie meer probeer moet word om tussen goeie en slegte apartheid te onderskei nie."[5] Treurnicht het gesê dit het hoog tyd geword om die anti-apartheid haat-kampanje te ontmasker as grootliks kommunisties-geïnspireerd en hoegenaamd nie Christelik nie!" Hy eis aan die einde van sy toespraak as politieke leier en lidmaat van die Ned Geref Kerk, dat die ASK die veroordeling van "alle apartheid" sal herroep, "nie verduidelik nie .... HERROEP!" Anders moet kerkrade nou "standpunt inneem en óf tug op ons toepas as 'apartheid-sondaars', óf die Sinode se besluit ignoreer en niks hieromtrent doen nie, en – dis 'n resep vir kerklike chaos; óf hulle van die Sinodale besluit distansieer." (1990: 3,11,17,18).[6] In *Beeld* van 3 Desember het Heyns op Treurnicht se toespraak gereageer deur te sê dat sy eis aan die ASK dat die Algemene

[2] Ds Kobus Potgieter vertel dat die idee van 'n konferensie vir beswaarde lidmate van die KP af gekom het. Hy en Treurnicht was goeie vriende en dié het hom gevra om voorsitter te wees (1997: [ ]).

[3] Joan Kruger skryf in haar rubriek *Klaarpraat* in *Rapport*, dat dit 'n fout was dat Jonker skuld namens die hele Ned Geref Kerk bely het, "'n ernstige mistasting" noem sy dit nadat sy na Treurnicht geluister het. Sy het besef dat 'n mens net skuld kan bely as jy 'n sekere soort Christen is. Jy kan dit ook net doen as jy weet wat sonde is en berou het oor jou liefdeloosheid. Sy sê die onvermydelike volg: "daar kán geen skuldbelydenis gedoen word namens die mense wat Saterdag die protesvergadering in Pretoria bygewoon het nie." (9 Desember 1990: 6).

[4] Treurnicht het Potgieter as moderator van die Ned Geref Kerk waarskynlik in 'n baie moeilike situasie geplaas deur die vraag met betrekking tot laasgenoemde se vader as gewaardeerde teoloog in dieselfde kerk te vra: "Dwaal prof F J M Potgieter dan in die oë van die Sinode, Die Kerkbode en prof Jonker as hy skryf: 'Die enigste vooruitsig in ons land is geleë in die eerbiediging van die verordeninge van God. In die lig van beginsel-uitsprake soos dié in Deut. 32:8 en Hand 17:26 wat verskillende volke skei, is daar geen Skriftuurlike regverdiging van een nasie wat uit verskillende volke bestaan nie'". Later in sy toespraak sê Treurnicht: "Ons verwerp die klad op kerkmanne en teoloë, self vorige Sinodes van die NG Kerk, opstellers van die Sendingbeleid, die Raad van Kerke (1947) as sou hulle ernstig gedwaal het in hulle verdediging van 'n beleid van eiesoortige of afsonderlike ontwikkeling, oftewel apartheid." (1990: 12,16).

[5] *Die Kerkbode* berig dat die vrees dat ds Kobus Potgieter se massavergadering in politieke vaarwaters sou beland bewaarheid is. In weerwil van Potgieter se oproep dat die vergadering in 'n kerklike styl sal plaasvind, het politieke emosies in handeklap, "hoor-hoors" en applous tot uiting gekom. Aan die inhoud van sy toespraak was dit duidelik dat Treurnicht nie die versoeking kon weerstaan om sy politieke beleid te propageer nie, ten spyte daarvan dat hy aan die begin gesê het dat dit nie 'n party-politieke vergadering is nie (7 Desember 1990e: 1).

[6] Op die vergadering van 1 Desember 1990 is daar weer eens 'n voortsettingskomitee (VK) gestig om verder met die ASK in gesprek te tree. Ds Kobus Potgieter, prof Evert Kleynhans en dr Andries Treurnicht het onder andere in die komitee gedien (Die Kerkbode 14 Desember 1990g: 1).

Sinode se besluite oor apartheid herroep moet word 'n ultimatum is waaraan die ASK nie kan voldoen nie. Slegs die Algemene Sinode kan self sy besluite wysig. Hy het gesê Treurnicht verwar etnisiteit en verskeidenheid met apartheid. Die Sinode het nie etnisiteit en verskeidenheid verwerp nie (3 Desember 1990e: [ ]). Op 4 Desember, die dag waarop die ASK vergader het, verskyn 'n stuk kommentaar van Heyns in *Beeld* se rubriek *Godsdiens Aktueel.* Alhoewel hy nêrens na die vergadering van 1 Desember verwys nie, is dit duidelik dat hy 'n perspektief ten opsigte van Treurnicht se uitlatings stel. Hy begin deur 'n aantal punte te noem wat die kerk, volgens hom, nie gesê het nie. Hy sê onder andere dat die kerk nie apartheid as sodanig of as sulks as sondig verwerp het nie. Hy sê: "So 'n apartheid bestaan nie en ken ons nie."[7] Die kerk het, volgens hom, nooit eiesoortigheid gelykgestel aan apartheid nie. Daarom is die verwerping van apartheid nie gelyk aan die verwerping van verskeidenheid of eiesoortigheid nie. Heyns sê die kerk het nie gesê die mense wat apartheid al die jare ondersteun het en politici wat jare daaraan gewerk en gebou het, vanselfsprekend en outomaties sondaars is nie, en dat hulle dus nie nagmaal mag gebruik nie. "Die kerk het ook nie gesê hulle mag demonstratief uit die Nagmaalsdiens stap nie."[8] Heyns sê aan die ander kant het die kerk wel aan die hand van

---

[7] Hier gee Heyns weer eens sy eie standpunt wat in lyn met KS 1986 en KS 1990 is, naamlik dat apartheid nie as sodanig verwerp is nie, terwyl Jonker se belydenis by Rustenburg allerweë geïnterpreteer is dat apartheid wel as sodanig as sonde bely is, waarvoor Jonker hom egter op dieselfde Sinodebesluite, soos vervat in KS 1990 beroep het. Hierdie dubbelsinnige interpretasies het ds Kobus Potgieter laat skryf: "Is daar dan nie onder die figure in leiersposisies in ons kerk iemand wat eenmaal 'n duidelike en reguit standpunt kan innneem, sonder om dubbelsinnig te wees en eers te kyk wie die gehoor is met wie ons praat nie?" Terwyl die ASK probeer het om apartheid "agter die rug te kry", het Potgieter aan die hand gedoen dat prof F J M Potgieter se woorde aanvaar word. Dit lui: "Alle misverstand sou uit die weg geruim wees indien die kerk openlik verklaar dat hy aanvaar dat sy lidmate onder apartheid niks anders verstaan as die afsonderlike bestaan van nasies nie. Waar sodanige bestaan met gebrek aan naasteliefde en geregtigheid gepaardgaan, sou tugoefening gebode wees." Dit sou volgens Potgieter nader aan die waarheid wees (7 Augustus 1992: [ ]). Uit die bogenoemde blyk duidelik dat Heyns se werklike standpunt met betrekking tot apartheid, gebaseer op KS 1986 en 1990 nie so ver van prof F J M Potgieter s'n gelê het nie, veral nie waar laasgenoemde selfs die moontlikheid van 'n gebrek aan naasteliefde en geregtigheid, wat tugwaardig is, nie uitsluit nie. Sy betrokkenheid by die Rustenburgberaad se reëlingskomitee, asook sy ywer vir ekumeniese betrekkinge met kerke wat apartheid onvoorwaardelik veroordeel wou sien, het gemaak dat sy standpunt oor apartheid nie altyd duidelik en ondubbelsinnig deurgekom het, of deur ander mooi gehoor is nie.

[8] Heyns het waarskynlik na prof Carel Boshoff en sy vrou Anna, dogter van dr Hendrik Verwoerd, "en verskeie ander mense waaronder kerkraadslede" verwys, wat op 18 November 1990 voor die aanvang van die Ned Geref Gemeente Skuilkrans se oggenderediens uitgestap het omdat die kerkraad nie 'n voorstel van hom in die konsistorie wou oorweeg nie. Boshoff, wat 'n ouderling in die gemeente was, het volgens *Beeld* gesê hy wou hê dat die kerkraad moes besluit dat die Algemene Sinode nie die reg het om namens die lidmate 'n belydenis te doen nie en dat die skuldbelydenis van prof Willie Jonker op die Kerkeberaad by Rustenburg ook nie op lidmate van toepassing is nie. Die kerkraad moes volgens hom die saak op dié wyse in die reine bring sodat die lidmate vrymoedigheid kon hê om nagmaal te gebruik. Die kerkraad wou volgens Boshoff egter nie die saak daar afhandel nie (22 November 1990b: 6).

sekere morele beginsels na die beleid van apartheid gaan kyk en aan die hand daarvan gesê dat enige politieke model, dus ook apartheid, integrasie, partisie,[9] ensovoorts, wat só funksioneer in die lig van die Skrif en die Christelike gewete nie aanvaarbaar is nie en dus as sondig van die hand gewys moet word. Daarmee het die kerk volgens hom dus ook gesê dat dat enige vorm van magsdeling onder 'n toekomstige regering vir hom nie aanvaarbaar sal wees as dit nie aan morele beginsels kan voldoen nie. Met die beoordeling van die politieke model van apartheid het die kerk allereers 'n beoordeling van 'n stelsel gegee en nie, soos reeds genoem, 'n veroordeling van diegene wat die stelsel help bou het of steeds aanhang nie. Daarmee is volgens Heyns 'n objektiewe maatstaf gegee waaraan elkeen homself nou persoonlik moet meet. Hy sê: "Nou is dit vir elke lidmaat self om in sy eie gewete uit te maak of hy daaraan skuldig is of nie. Wie meen dat hy teenoor sy medemens skuldig is, sal dus verplig wees om dit te bely." (4 Desember 1990b: [ ]). Soos reeds aan die einde van die vorige hoofstuk gesê, was die bogenoemde verhelderende opmerking van Heyns nie net bedoel om bevrydend vir Treurnicht en beswaarde lidmate te wees nie, maar was dit bevrydend ten opsigte van sy eie denke sowel as die denke van elke Ned Geref lidmaat wat ten opsigte van hierdie saak oor die saligheid van hulle voorgeslagte gewroeg het. Na afloop van sy vergadering van 4 Desember het die ASK 'n verklaring uitgereik waarmee perspektief op die besluite van die Algemene Sinode, die Rustenburgberaad, Jonker se skuldbelydenis en die Ned Geref afgevaardigdes se verklarings en optrede by die beraad gegee is. Die besluite soos in KS 1990 met betrekking tot apartheid en politieke modelle is deur die ASK herbevestig. Daar is beklemtoon dat die Sinode nie die goeie reg van liefde vir die eie volk en die eie kultuurwaardes ontken het nie. Daar is gesê dat Jonker se optrede teen die agtergrond van die Algemene Sinode beoordeel moet word en dat hy hom op die besluite van die Sinode beroep het. Hy was nie 'n amptelike afgevaardigde by die beraad nie, maar is deur die

---

[9] Treurnicht verwys in sy toespraak na die politieke model van partisie (1990: 4), 'n fynere vorm van apartheid wat as KP-beleid aanvaar is. Die Algemene Sinode van 1990 het, toe die vraag ontstaan het of die politieke model van partisie sondig is gesê: "Sonde setel nie in die saak nie maar in die gesindheid van die mens se hart en in sy optrede. Die toets om dus vas te stel of ondersteuning van die politieke model van partisie sondig en vir die Christelike gewete onaanvaarbaar is, is of dit deur gedwonge skeiding van mense in werklikheid een groep onregmatig bo die ander bevoordeel en so die Bybelse beginsels van menswaardigheid, liefde en geregtigheid aantas (Kerk en Samelewing par 282). Die Sinode verklaar ook uitdruklik dat hy met sy beleidstuk Kerk en Samelewing geensins gekies het vir 'n bepaalde party-politieke beleid nie, maar alleen 'n Bybels-verantwoorde beleidstuk daar wil stel." (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 604).

reëlingskomitee genooi om 'n referaat te lewer. Dit het hom vrygestaan om skuld te bely, maar hy het nie 'n opdrag gehad om dit namens die Ned Geref Kerk te doen nie. Die ASK het gesê dat Jonker tydens sy skuldbelydenis nie die hele verband van die Sinodale besluite vermeld het nie en erken dat dit by lidmate verwarring kon veroorsaak het. Verder het die ASK gesê dat hy kennis geneem het van die Rustenburg Deklarasie en van die Ned Geref Kerk-afvaardiging se voorbehoude daaroor. Net soos Heyns hierbo, beklemtoon die ASK dat elke lidmaat in die lig van die Bybelse maatstaf wat die Algemene Sinode daargestel het, self in sy eie gewete voor die Here moet uitmaak of hy skuldig is of nie. Aan die einde van die verklaring beklemtoon die ASK dit met groot erns dat die onrustigheid wat in die Ned Geref Kerk aanwesig is almal tot diepe verootmoediging voor die Here oproep (1990: 1-3). *Die Kerkbode* het berig dat daar ná die ASK se verklaring baie meer rustigheid in die Ned Geref Kerk gekom het. Ds Japie du Plessis, voorsitter van die Wes-Transvaalse Sinodale Kommissie het byvoorbeeld gesê dit sal in dié Sinode, waar die meeste onrus geheers het, baie méér rustigheid bring (14 Desember 1990f: 1).[10] Die ASK het besluit om die VK te ontmoet as laasgenoemde daarvoor sou vra. In die jare wat gevolg het het die ASK en sy dagbestuur dikwels lang samesprekings met die VK gevoer sonder dat tot 'n aanvaarbare vergelyk gekom kon word (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 21).[11] Tog het die ASK nie nagelaat om

[10] 'n Nadraai van die vergadering van 1 Desember het op die Noord-Transvaalse Sinode van 1991 plaasgevind toe Heyns en ds Kobus Potgieter skerp gebots het oor die ekumene. Laasgenoemde het 'n beskrywingspunt ingedien dat 'n beroep op die Algemene Sinode gedoen word "om baie ernstig te besin oor die wenslikheid" van amptelike deelname aan kerkeberade soos dié by Rustgenburg. Heyns het gevra dat die beskrywingspunt verwerp moet word. Hy het aangevoer dat Potgieter se beskrywingspunt eintlik daarop neerkom dat dit nie goed is om met ekumene besig te wees nie. Verder het hy ook aangevoer dat Potgieter reeds by twee vorige sinodes gevra het dat die Ned Geref Kerk uit die GER tree (Beeld: 24 September 1991f: [ ]). Potgieter het byvoorbeeld vóór die GER se vergadering in Harare in 1988 in *Die Kerkbode* geskryf dat die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk hulle tasse moet pak en loop, voordat hulle weer soos in die verlede behandel word. Heyns het daarop geantwoord: "Ek dink nie ons moet aanhangers word van 'n loop-teologie nie, maar wel van 'n getuienisteologie." (Die Kerkbode 27 April 1988: 12). Heyns was van mening dat Potgieter se beskrywingspunt se oorsprong die vergadering van 1 Desember 1990 in Pretoria was waar hyself, Kleynhans en Treurnicht teenwoordig was. Op sy beurt het Potgieter gesê die saak gaan verder terug, tot waar Heyns, "teen die kerkleiding se besluite in, 'n vliegtuig en predikante gereël het" om 'n byeenkoms van die Nasionale Inisiatief vir Versoening in Pietermaritsburg te gaan bywoon. Die Sinode het uiteindelik Potgieter se beskrywingspunt goedgekeur maar Heyns het by navraag gesê hy is nie bekommerd daaroor nie. Die deur vir deelname aan aan sulke berade is nie toegemaak nie. Die Sinode het ook 'n voorstel aanvaar wat ampsdraers wat wel sulke berade bywoon vra om baie versigtig op te tree (Beeld: 24 September 1991f: [ ]).

[11] Een van die sake wat die VK met die ASK opgeneem het, wat op die vergadering van 1 Desember 1990 na vore gekom het, was die kommer oor "die gebrekkige verteenwoordiging van die kerk in die Algemene Sinode. 'n Verkleinde sinode hou volgens hulle die gevaar van dwaling in. Hulle dring aan dat 'n weg

waardering uit te spreek dat die verteenwoordigers van die VK die welsyn en met name die eenheid van die kerk wou dien nie (Die Kerkbode 22 Maart 1991d: 1).[12] Uiteindelik het die ASK ingestem dat die VK 'n memorandum aan die Algemene Sinode van 1994 kon voorlê wat as bylae[13] by die ASK-verslag in die agenda van die Sinode ingebind is. Die Sinode het sy waardering vir die klaarblyklike versoeningshouding en versoeningspoging van die VK uitgespreek en bygevoeg dat hy begerig is om die beswaarde lidmate pastoraal te begelei. Daarom is kerkrade versoek om KS 1990 "só effektief met gemeentes te behandel dat die duidelike Skriftuurlike boodskap daarvan rus in die gemoedere van ontstelde lidmate sal bring en hulle die bevrydende effek van die evangelie sal ervaar." Verder is bygevoeg dat die Sinode KS nie sien as 'n dokument wat telkens hersien moet word nie, omdat dit die kerk se reaksie op 'n bepaalde historiese situasie was (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 21,500).

Teen Januarie 1993 het die VK 'n inligtingstuk uitgegee met die titel: *Die Laaste Woorde Van Prof F J M Potgieter Aan Sy Kerk*. Gegewe die subtitel was dit bedoel om 'n weergawe van 'n gesprek[14] in die vorm van vraag en antwoord tussen die VK en prof F J M Potgieter te wees en oor die Bybelse standpunte rondom enkele van die probleme wat ontevredenheid en skeuring in die Ned Geref Kerk veroorsaak het te handel. Die strekking van Potgieter se standpunte in die stuk behels onder andere die handhawing van die Bybelse begronding van apartheid op grond van die volkereverskeidenheid, soos in Deuteronomium 32:8 en Handelinge 17:26 aangetref (1993: 1,8). Ds Kobus Potgieter vertel: "Heyns het my vreeslik uitgetrap oor die titel van die stuk naamlik 'Laaste Woorde...', maar ek het aan hom gesê ons het prof Potgieter se skriftelike toestemming daarvoor gehad." *Die Kerkbode* het, volgens Potgieter, die bestaan van die boekie doodgeswyg, maar die VK het uiteindelik amper twintigduisend daarvan versprei." (1997: [ ]).

---

gevind moet word om die beginsel van verteenwoordiging van die plaaslike kerke in die Algemene Sinode weer tot sy reg te laat kom (Beeld 3 Desember 1990f: [ ]).

[12] Die ASK se waardering is uitgespreek tydens 'n ontmoeting met die VK in Maart 1991. Die VK is deur ds Kobus Potgieter, prof Evert Kleynhans, dr Andries Treurnicht en dr At van Wyk verteenwoordig (Die Kerkbode 22 Maart 1991d: 1).

[13] Kyk Bylae ASK-7/11S (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 46-51).

[14] Die gesprek het 'n paar weke vóór die dood van wyle prof F J M Potgieter op 29 Augustus 1992 plaasgevind (Die Laaste Woorde Van Prof F J M Potgieter Aan Sy Kerk 1993: 1).

Sedert die verskyning van KS 1986 was Heyns en dr A P Treurnicht, soos reeds in hoofstuk vyf genoem, verskeie kere in debatte gewikkel, hetsy in amptelike ontmoetings of deur die media.[15] In die notule van die ASK-Dagbestuur van 30 November en 5 Desember 1990 word melding gemaak van 'n gesprek wat met Treurnicht en mnr Daan van der Merwe gevoer is. Verskillende interpretasies ten opsigte van die besluite van die Algemene Sinode van 1990 en die Rustenburgberaad is tydens dié geleentheid bespreek. Die Dagbestuur het sy kommer uitgespreek oor die vergadering van 1 Desember 1990 wat buite die normale kerklike kanale gereël[16] is en die feit dat Treurnicht as partypolitieke leiers daar sou optree en stemming teen die besluite van die Algemene Sinode en die Rustenburgberaad sou kon maak. Dit het ernstige kommer gewek (1990: 1).[17] Terwyl *Die Kerkbode* steeds ook met Treurnicht 'n debat oor apartheid en die sinodebesluite daarrondom gevoer het (25 Januarie 1991a: 4), het Heyns sy waardering teenoor hom uitgespreek dat hy in 'n koerantonderhoud, toe hy sewentig jaar oud geword het, laat blyk het dat hy nog steeds 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk wil bly. Heyns het daarby gevoeg, "al het u probleme met sommige besluite van die Algemene Sinode en

---

[15] Na die Vereenigingberaad van Maart 1989 het Treurnicht in 'n brief in *Die Kerkbode* die verklaring van die Ned Geref Kerk-afvaardiging gekritiseer deur te sê dat hulle apartheid as ideologie afgewys het, maar geen nadere kwalifikasie of definisie van die ideologie van apartheid gegee het nie, ook nie 'n onderskeid tussen die ideologie van apartheid enersyds en die beskerming van verskillende volke en gemeenskappe in die praktyk andersyds nie (21 April 1989a: 13). Heyns antwoord dat dit hom nie verbaas dat Treurnicht ongelukkig is oor die verklaring nie, want volgens hom was dit in lyn met KS 1986 en daarop het Treurnicht al met lywige kommentaar gereageer (19 Mei 1989a: 6). Treurnicht het weer hierop gereageer deur te sê dat, volgens hom, die verklaring nie volgens die gees van KS 1986 was nie (21 Julie 1989b: 13). Prof Pieter Potgieter het ook toegetree deur te skryf dat hy Treurnicht se brief met groeiende besorgdheid gelees het en vrees dat daar 'n kommunikasiegaping is wat "tans alles behalwe kleiner word." (11 Augustus 1989: 15). By 'n volgende geleentheid het Heyns Treurnicht sterk gerepudieer toe hy aan *Die Kerkbode* gesê het dat sy uitlatings dat die "Derde Vryheidstryd" vir die Afrikaner aangebreek het, politieke geweld in die land stimuleer. Mense wat aan die Eerste- en Tweede Vryheidstryde dink, assosieer dit volgens Heyns met bloedvergieting. Aan die ander kant het Heyns beklemtoon dat die regering deur sy uitlatings en die manier waarop hy hervormings deurvoer, ook nie moet toelaat dat 'n atmosfeer geskep word wat tot geweld kan lei nie (Die Kerkbode 8 Junie 1990a: 1). Na aanleiding hiervan het lede van die ASK onder leiding van Heyns Op 11 Junie 1990 met Treurnicht 'n gesprek gevoer waar daar oor die eskalasie van geweld gepraat is en 'n beroep op hom gedoen is om alles in sy vermoë te doen om goeie gesindhede en vrede te bevorder (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 468).

[16] Heyns het gesê dit is jammer dat die vergadering van 1 Desember 1990 die saak so verpolitiseer. Hy vind dit jammer dat ds Potgieter hom daartoe leen en dat Treurnicht met sy kennis van die Calvinisme skerper moet kan onderskei tussen die kerk en die staat (Beeld 26 November 1990d: [ ]).

[17] Ten opsigte van hierdie ontmoeting met Treurnicht het Gaum gesê dat die Ned Geref afvaardiging reguit wil praat en verhoed dat gesprekke tussen die Ned Geref Kerk en Treurnicht deur die media gevoer word (Beeld 22 November 1990c: 6).

met die kerkleiding." (Die Kerkbode 22 Maart 1991d: 1). Later in dieselfde jaar het spanning tussen die ASK-Dagbestuur en Treurnicht weer opgevlam toe hy tydens 'n vergadering opgestaan en uitgestap het (Beeld 9 Oktober 1991h: [ ]). Dit het Heyns in *Die Kerkbode* laat skryf dat dit vir die Dagbestuurslede van die ASK 'n "skokkende ervaring" was toe "'n bekende politikus" die gesprek abrupt beëindig het toe oor ernstige spanning die die kerk gepraat is en hy opgestaan en die vertrek verlaat het. Heyns vra: "Hoe moet probleme opgelos word as ons nie gewillig is om met mekaar te praat nie?" (4 Oktober 1991f: 5). Met 'n skerp antwoord het Treurnicht teruggekom as hy sê: "Ek dink dit is baie nodig dat prof Heyns geskok word, want hy skok my al lankal! Ek het vir hom reguit gesê ek loop nie saam met hom nie. Ek herhaal dit, al skryf hy nóg so vroom oor respek vir mekaar, oor aanvaarding van mekaar as mense wat na Gods beeld geskep is en vir wie Christus aan die kruis gesterf het." In 'n verdere relaas is Treurnicht se frustrasie duidelik te bespeur as hy teen die kerkleiding uitvaar deur na die hantering van die verloop van hulle gesprekke oor die jare te verwys sedert hy sy eerste kommentaar op KS 1986 ingestuur het. Heyns is die sentrale figuur in die ASK waarna Treurnicht met groot argwaan verwys, vir hom is hy 'n steen des aanstoots. Hy sê: "Ons hoor die ASK het die Woord aan sy kant; prof Heyns roem op Wes-Transvaalse goedkeuring van die sinodebesluit, en as Wes-Transvaal dit goedkeur, sal elke ander sinode dit doen! Die boodskap vir ons is: julle gaap teen die oostewind!" Treurnicht sê verder: "Wat moes ons doen? Verder op 'n vroom manier vir die gek gehou word? Dis toe dat ek die broers gegroet het.... met die hand." Hierop sluit hy af: "as my kerk werklik voor God oortuig is dat afsonderlike ontwikkeling soos ek dit voorstaan sonde en kettery is, dan vermaan ek hom nou om met kerklike tug teen my op te tree, anders verbeur hy die merkteken van ware kerk. As hy huiwer moet hy die gewraakte besluite uit Kerk en Samelewing verwyder. Dis nou die uur van waarheid!" (25 Oktober 1991: 8). Na hierdie brief in *Die Kerkbode* het die ASK 'n brief aan Treurnicht gestuur. Sy kommentaar was dat dit 'n vriendelike brief was, maar nie sy besware uit die weg ruim nie (Die Kerkbode 15 November 1991q: 1). Na Treurnicht se dood, groet *Die Kerkbode* hom deur te verwys na sy redakteurskap van dié blad wat in 1960 begin het, sowel as sy latere loopbaan as politikus. Sy redakteurskap het hom een van die invloedrykste mense in die Ned Geref Kerk gemaak en sy politieke loopbaan het hom een van die mees invloedryke mense in

die land gemaak. Gaum skryf in die hoofberig: "Hoewel sy verhouding met leidsliede in die NG Kerk in die laaste tyd soms gespanne was, het hy nie – soos 'n hele paar van sy koukusgenote gemaak het – die NG Kerk verlaat nie" (30 April 1993e: 4).

Die AG Bond het deur die jare verskeie keer met die ASK gesprek gevoer. Die besluite van die Algemene Sinode, soos in KS 1990 vervat, asook die gebeure by die Rustenburgberaad het nuwe stimulus verskaf waarmee die AG Bond verandering in die Ned Geref Kerk teengestaan het. Alhoewel Heyns nooit by name in die AG Bond se stukke aangespreek of genoem is nie, het dit sterk deurgeskemer dat hy as 'n gedugte opponent teen hul saak beskou is naamlik om, soos hulle dit gesien het, die Ned Geref Kerk as 'n geestelike tuiste vir die Afrikanervolk te behou. Reeds vóór die bogenoemde twee gebeurtenisse, het die Dagbestuur van die AG Bond bestaande uit prof Carel Boshoff, ds Nico van Loggerenberg[18] en mnr Roelf Odendaal die ASK ontmoet.[19] Boshoff het gesê dat daar 'n maatskaplike rewolusie in Suid-Afrika aan die gang is en dat sekere persone as "change agents" gebruik word. Dit sluit volgens hom by die gedagte van versoening aan en werk in die rigting van één samelewing in die land. Die kerk word as 'n onmisbare medewerker in hierdie verband gesien en die Ned Geref Kerk word spesifiek as "change agent" beskou en as jy na 'n reeks optredes kyk, dan pas dit volgens Boshoff soos 'n legkaart inmekaar. Hy noem twee redes waarom daar "groot onrus" in die kerk is, naamlik die beweging in die rigting van "strukturele eenheid van die vier kerke van die Ned Geref Kerkfamilie"[20] en die "politieke betrokkenheid van sommige

[18] Enkele weke vantevore is Heyns deur die koerant *Transvaler* om kommentaar genader oor die derde publikasie van Van Loggerenberg se *Quo Vadis*-reeks met die titel: *Strukturele kerkeenheid vir Kerkfamilie: Kerkeenheid of politieke solidariteit?* Heyns het gesê dat hy slegs uittreksels van die publikasie gesien het en dus net in die breë opmerkings maak. Hy het onder andere gesê: "Ds Van Loggerenberg se duidelik bevooroordeelde opmerkinge en onteologiese argumente is niks nuuts nie. Dit moet beskou word teen die agtergrond en as deel van sy felle kritiek teen die NG Kerk se rapport *Kerk en Samelewing* wat in 1986 deur die Sinode van die kerk aanvaar is. Hierdie dokument het hy genoem 'n liberalistiese, humanistiese 'wegdwaal van die Bybel' met teologiese dwalinge. Dit is volgens hom 'n politieke dokument wat integrasie bevorder. Hierdie politisering van die kerk, sê hy, is "'n verfynde tegniek van die teologie van die rewolusie." Aan die einde van sy kommentaar sê Heyns: "Ek is daarvan oortuig dat die verstandige lesers van Transvaler hulle nie deur hierdie beskouinge sal laat verwar nie." (15 Januarie 1990: 7).

[19] Die Dagbestuur van die AG Bond het die ASK tydens sy vergadering van 13 en 14 Maart 1990 te Pretoria ontmoet (Notule ASK Ned Geref Kerk 13 en 14 Maart 1990: 39).

[20] Die Dagbestuur van die AG Bond het met betrekking tot die gedagte van strukturele kerkeenheid 'n versoek aan die ASK gerig wat onder andere die volgende inhoudelike gedagtes oordra: Eerstens word die Algemene Sinode versoek om geen voorskriftelike bindende besluite oor strukturele kerkeenheid te neem

kerkleiers." Heyns antwoord tydens die vergadering op 'n manier wat klink asof hy heelhartig met die AG Bond se volkskerkstrewe saamstem. Hy sê dat hulle nie hoef te twyfel aan die "onvoorwaardelike en reserwelose lojaliteit" van die Ned Geref Kerk en van die ASK nie. Hy sê: "Ons is 'n Afrikaans-sprekende kerk wat die Afrikanervolk bedien....." en "nie een van die vergadering is vreemd aan die Afrikanervolk nie." Hy gaan egter verder deur te sê: "Ons wil ook almeer kerk van die Here Jesus wees onder ons mense.... Versoening beteken nie om jou eie standpunte prys te gee nie. Politieke verskille hou ons ook nie in die kerk uitmekaar nie." Heyns se antwoord aan Boshoff hierbo klink dubbelsinnig en laat die vraag ontstaan wat hy met die Ned Geref Kerk en die ASK se "onvoorwaardelike en reserwelose lojaliteit" bedoel, terwyl daar maar van één lojaliteit in die kerk sprake kan wees en dit is aan Christus, die Hoof van die kerk. Dr J M Gerber verwys waarskynlik na uitsprake soos hierdie van Heyns hierbo, wat gunstig op die oor van die gehoor, in hierdie geval mense met regse sentimente val, as hy in *Die Bondgetuie* skryf: "Die NG Kerkleiding praat dus uit twee mondhoeke: Uit die regterkant vir sy behoudende lidmate en uit die linkerkant vir sy liberale lidmate!" (1992: 35).

Na afloop van die Algemene Sinode van 1990 het Boshoff in sy hoedanigheid as voorsitter van die AG Bond in 'n verklaring aan *Beeld* die handhawing van die selfstandigheid van eiesoortige gereformeerde belydeniskerke bepleit en gesê dat "enige kerklike beleid en besluite wat hierdie sendingbeginsel en –doel in gevaar stel, en een kerk-instituut oor alle volks- en kultuurgrense heen wil skep of te kenne gee, afgewys moet word." Verder maan hy weer 'n keer dat "plaaslike kerke (gemeentes) nie hul selfstandigheid en bevoegdheid ontsê mag word om die eiesoortige karakter van die plaaslike kerk te bewaar en te behou as geestelike tuiste van hul eie lidmate nie." Hy het gewaarsku dat die Algemene Sinode nie sy lidmate van hom moet vervreem nie (19

---

nie, maar die hele aangeleentheid na plaaslike kerke en kerkrade deur te stuur om dit langs die weg van die streeksinodes op verantwoordelike wyse vir verdere oorweging voor te berei. Tweedens om alle voorgeskrewe en kunsmatige sigbaarmaking af te keur en kerkrade en gemeentes die vryheid te gee om op spontane en verantwoordelike wyse die eenheid van gelowiges uit alle volke sigbaar te laat word. Derdens word die Algemene Sinode versoek om 'n besluit in verband met die bogenoemde van die Wes-Kaaplandse sinode sonder kommentaar terug te verwys. Vierdens word die Algemene Sinode versoek om hom vir 'n Ekumeniese Sinode van gereformeerde belydenis te beywer om gereformeerdes saam te snoer en polarisasie en verbrokkeling te voorkom (Notule ASK Ned Geref Kerk 13 en 14 Maart 1990: 40).

Oktober 1990a: [ ]).[21] Enkele weke later kondig die AG Bond aan dat die Algemene Sinode teenstrydig met die gereformeerde kerkorde weereens "van bo af" besluite oor baie sensitiewe sake soos onder andere kerkeenheid geneem het. Die besluit wat die Ned Geref Kerk struktureel oopstel vir ander kerke met dieselfde belydenisgrondslag, afgesien van eie bedieningsbehoeftes ensomeer, is volgens die AG Bond onaanvaarbaar. Daarvolgens kan die Algemene Sinode, volgens hulle, nie meer aan lidmate die pastorale versekering gee dat die Ned Geref Kerk vir die lidmate 'n geestelike tuiste bied waarin hulle in hulle eie taal volgens eie kultuur en met 'n eie liturgie en eiesoortige bedieningsbehoeftes, die Here kan dien nie. Daar word gesê dat die Ned Geref Kerk 'n medewerker word van 'n sosiale rewolusie en daar kan nie aan die gevoel ontkom word dat die Algemene Sinode die kerk al meer aan 'n nuwe politieke bedeling wil onderwerp nie (Die Kerkbode 9 November 1990c: 12).

Op 5 Februarie 1991 het die AG Bond 'n persverklaring, wat deur Boshoff onderteken is, uitgereik waarin hulle sê dat daar 'n beweging in die Ned Geref Kerk aan die gang is wat "onder leiding van 'n aantal teoloë, wat ook beheer oor die Algemene Sinode verkry het", op die beëindiging van die historiese aard en gestalte van die Ned Geref Kerk afstuur. Hulle werk ook mee aan ingrypende verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing. So sluit die Algemene Sinode by die "sosiale rewolusie" in die land aan wat "die Afrikaner se vryheid en sy reg op 'n eie lewensruimte" laat verbeur. "In hierdie gang van sake

[21] Dit is veral die AG Bond wat die argument gevoer het dat die algemene sinode nie verteenwoordiging van elke gemeente se kerkraad geniet het nie en daarom bevraagteken hulle die bindende besluite wat dié sinode neem. Prof Evert Kleynhans vra byvoorbeeld in *Die Bondgetuie* die vraag of die algemene sinode (synodus contracta) dieselfde gesag as die streeksinode (synodus plena) mag hê aangesien dit slegs laasgenoemde is wat direkte verteenwoordiging van al die gemeentes het (1989: 5). Hy het die vraag in 'n standpunt omskep by 'n "volkskongres" oor eiesoortige kerkvorming wat die AG Bond in Pretoria gehou het waar hy aangehaal is dat hy glo dat die primêre gesag in die kerk by streeksinodes berus omdat al die kerkrade direk daarin verteenwoordig word. Algemene sinodes volgens hom is verkleinde sinodes en behoort deur streeksinodes tot orde geroep te kan word (Beeld 19 Februarie 1990: [ ]). Hierdie argument is onder andere deur die AG Bond gebruik om die geldigheid van die besluite van KS 1990 te bevraagteken. Gaum skryf egter in sy hoofberig dat daar niks verander het sedert 1986 toe Boshoff deel van die kommissie was wat KS aan die Sinode voorgelê het nie. Hy wys ook daarop dat al elf die streeksinodes hulle agterna in hoofsaak met KS vereenselwig het (Die Kerkbode 9 November 1990b: 4). P J Strauss skryf dat 'n hele paar teenstrydighede oor die gesag van sinodes, ringe en kerkrade ontstaan het, komende van die Doleansiekerkreg in Nederland van 1880 en verder. Dit spruit uit die misvatting dat alle kerklike gesag in kerkraad of gemeente saamgetrek word en sinodes in beginsel daaraan onderhorig gemaak word. Wat KS aanbetref moet die bindende aard al dan nie daarvan eenstens in sy Skrifgefundeerdheid gesoek word, nie in die feit dat die algemene sinode trapsgewys saamgestel word nie (1992: 14).

verloor die Ned Geref Kerk sy tradisionele karakter en mettertyd sy naam as kerk vir die Afrikanervolk, terwyl die volk sy politieke selfbeskikking, sy taal, tradisies en identiteit in 'n samelewing waarin hy stelselmatig verswelg word, verloor." Die verklaring gaan voort deur te sê: "Dit kan verwag word dat die leiding in die Algemene Sinode sal poog om lidmate wat hulle rigting teenstaan, te vervreem en uit die kerk te dryf, sodat die uiteindelike besluit slegs deur 'n minderheid teengestaan sal word. Intussen word egter met beïnvloeding voortgegaan om lidmate te beweeg om hulle met die sogenaamde 'onvermydelike te versoen' en dit boonop as die egte christelike weg te beskryf." (Afrikaanse Gereformeerde Bond: Persverklaring 5 Februarie 1991: 1,2). Uit die bogenoemde uittreksels van die persverklaring en in samehang met die AG Bond se vroeëre uitsprake is dit duidelik dat Heyns een van die hooffigure is waarteen hulle dit het.[22] Waar Boshoff in hoofstuk vyf aangehaal is, dat hy terugskouend gesê het dat Heyns die "onafwendbare" gedoen het en "sy volk tot ondergang gelei het", is dit uit die verklaring duidelik dat hy teen 1991 reeds voorsien het dat so iets kan gebeur. Sy waarskuwing dui egter daarop dat hy dit op hierdie stadium nog nie as onafwendbaar beskou het nie. Boshoff se opmerking dat die Algemene Sinode sal poog om lidmate wat hulle rigting teenstaan te vervreem sodat 'n kleiner getal stemme besluite ten opsigte van verandering kan deurvoer, moet beslis afgewys word. Uit die strekking van alles wat tot dusver behandel is, was dit gewoon nie waar van die Algemene Sinode, of die kerkleiding, of van Heyns nie. Wat eweneens nie waar was nie, is Van Loggerenberg se opmerkings in 'n brief aan die redakteur van *Beeld* waarin hy sê: "Die kerkleiding het sedert 1986 konsekwent by die aanvegbare meerderheidsbesluite – asof dit die onfeilbare werk van die Heilige Gees is – van die Algemene Sinode volstaan en onbuigbaar na beswaardes geluister en geensins op beginselbesware probeer antwoord nie. Dis die groot ongelukkigheid. Dit was die houding van die ASK, 1986/90, die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake onder voorsitterskap van prof Johan Heyns, AKLAS 1986/90, die Algemene Sinode van 1990 en die ASK van Desember 1990." (26 November 1991: 1). Die teendeel is eerder waar van Heyns in besonder, maar ook van die ASK oor die algemeen, dat met die grootste bewoëndheid en geduld by talle geleenthede na die

---

[22] Vergelyk hierbo die ".....politieke betrokkenheid van sommige kerkleiers...." wat Boshoff as een van die redes noem, waarom daar onrus by sommige lidmate in die kerk is (Notule ASK Ned Geref Kerk 13 en 14 Maart 1990: 41).

beswaardes geluister is en standpunte by herhaling gestel en verduidelik is. In elk geval getuig Van Loggerenberg se uitlatings hierbo oor "aanvegbare meerderheidsbesluite" en die "werk van die Heilige Gees" van growwe disrespek en minagting van sinodebesluite wat allerweë in biddende afhanklikheid van God geneem word. Dit is wel waar dat die Algemene Sinode tydens die goedkeuring van KS 1986 en 1990 "van bo af" besluit het, maar in geval van albei Sinodes, was die antisipasie korrek en het die elf streeksinodes hulle agterna grootliks daarmee vereenselwig. Dit wil egter nie sê dat dit die beste weg is om met die neem van besluite oor sake soos hierdie te volg nie. Op hierdie punt dien dit vermeld te word dat die AG Bond se versoek aan die ASK, soos hierbo genoem (kyk voetnotas), om belangrike besluite eers na plaaslike gemeentes en kerkrade te verwys en dan deur die streeksinodes na die Algemene Sinode terug te voer, die aangewese weg is om te volg.[23]

Teleurstellend is egter 'n brief wat die AG Bond saam met die bogenoemde persverklaring, ook onder die handtekening van Boshoff aan talle gemeentes van die Ned Geref Kerk gestuur het met voorligting aan lidmate, kerkrade, ringe en sinodes op watter manier hulle verset kan toon en druk op die Algemene Sinode kan uitoefen oor sake waaroor hulle beswaard is. Die advies wissel van beswaarskrifte tot uittrede uit die kerkverband, asook 'n voorbeeld van 'n dagbestuursbrief wat lidmate aan kerkrade kan rig. Die brief word afgesluit met die woorde: "Die AGB verneem graag van enige sodanige optredes van Ringe, Kerkrade of Sinodes." (Afrikaanse Gereformeerde Bond: Brief 5 Februarie 1991: 1). *Die Kerkbode* het in sy hoofberig op die optrede van die AG Bond gereageer deur dié optrede "skreiend" te noem en Boshoff se brief ten sterkste af te keur. Gaum skryf: "Die Ned Geref Kerk het tot hiertoe besondere geduld met die AGB aan die dag gelê. Daar is egter van sy ontstaan af gewys op die gevaar dat die organisasie 'n drukgroep kan begin vorm om algaande as 'n soort kerk-binne-'n-kerk te funksioneer en die gesag van kerklike vergaderings te ondermyn. Dit het nou gebeur." (15 Maart 1991c:

[23] Die besluit van die Algemene Sinode van 2004 ten opsigte van kerkhereniging, waar daar op 'n konsultasieproses met gemeentes en kerkrade besluit is, is 'n aanduiding dat daar in die Ned Geref Kerk oor sake soos hierdie lesse uit die verlede geleer is. 'n Belangrike besluit van die 2004-Sinode ten opsigte van die proses van kerkhereniging was: "Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak." (Handelinge Ned Geref Kerk 2004: 340).

4). Op 12 en 13 Maart 1991[24] het die ASK weer samespreking met Boshoff, Van Loggerenberg en Odendaal oor die gewraakte brief gevoer. Daarna het die ASK 'n verklaring uitgereik en gesê dat die AG Bond in hul optrede kerkregtelik gefouteer het en daardeur onnodig spanning veroorsaak het. Lidmate is ook gevra om nie op die AG Bond se "advies" te reageer nie (Die Kerkbode 22 Maart 1991e: 2).[25] Die ASK het soos vir die VK, ingestem dat die AG Bond 'n memorandum as bylae by die ASK-verslag vir die Algemene Sinode van 1994 kon aanheg (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 21).[26] Anders as die waarderende reaksie van die Sinode op die VK se memorandum, het die Sinode oor die AG Bond se memorandum besluit: "Die Algemene Sinode neem met ontsteltenis kennis van die gesindheid wat straal uit die voorlegging van die AGB (Bylae ASK-8). Hierdie gesindheid bereik 'n hoogtepunt in 'n aantal radikale uitsprake wat impliseer dat Kerk en Samelewing die evangelie van Jesus Christus op die spel geplaas het en afgewyk het van die Reformatoriese verlossingsleer van sola gratia en sola fide (3.1) en dat die Algemene Sinode van die belydenis afgewyk het (3.3) en dat Kerk en Samelewing die triniteitsleer totaal negeer (3.5)." Ook verwerp die Sinode aantygings dat

---

[24] Tydens dié ASK-vergadering is daar, afgesien van die AG Bond, ook weer met die VK gesprek gevoer. Heyns skryf kort hierna in *Die Kerkbode* dat die twee groepe hulle onderlinge verskille het, maar op een ooreenstemming wil hy reageer. Albei beskuldig die Algemene Sinodes van 1986 en 1990 daarvan dat hulle die Ned Geref Kerk in die politieke vaarwaters laat beland het. Wat volgens Heyns duidelik na vore gekom het, is dat albei die groepe onmiskenbaar self vanuit 'n bepaalde politieke oriëntering en simpatie redeneer. Heyns antwoord dat dit nie waar is dat die Sinodes vir 'n bepaalde politieke model gekies het nie. Apartheid is wel aan die hand van bepaalde waardes soos naasteliefde, reg en geregtigheid getoets, maar die Ned Geref Kerk het hom volgens Heyns hoegenaamd nie verbind aan die regerende party se politieke model nie. Hy sê dat slegs één voorwaarde vir alle politieke modelle geld en dit is dat dit aan die eise van die Skrif sal voldoen. Hierin alleen is die kerk geïnteresseerd volgens Heyns. Gesprekke soos wat tussen die ASK en die genoemde groepe plaasgevind het mag dus nie oor politieke aangeleenthede handel, of deur politieke sentimente gemotiveer wees nie. Dit moet handel oor die Skriftuurlike eise en implikasies vir die politiek (19 April 1991c: 5).

[25] In hierdie tyd (Julie 1991) skryf Heyns in die rubriek *Godsdiens Aktueel* in *Beeld* dat dit opvallend is dat gesprekke met groeperinge onder eie mense soos onder andere die VK en die AG Bond dikwels baie moeiliker en vennyniger is as met ander ekumeniese kerke en groepe, waarvan gesprekke ook in hierdie tyd op dreef begin kom het. Hy vra die vraag waarom dit so moeilik is om sommige kerklike gesprekke te voer. Hy gaan voort om te antwoord dat hy van mening is dat sommige dominees wat Sondae die Woord verkondig, wat absoluut is en nie teengespreek kan word nie, dit nie regkry om Maandae gewone mense te wees wat kan redeneer sonder om in absolute terme te praat nie (2 Julie 1991e: [ ]). Hy herhaal in die rubriek wat hy vantevore op voetspoor van Stoker geskryf het as hy sê, "die grense van my siening is nie gelyk aan die grense van die waarheid nie." (vergelyk Heyns se aanhaling in hoofstuk een uit: *Wie fyner maal*) (1969a: [ ]). Heyns sê: "Ons sal baie meer beskeie en nederig moet wees teenoor mekaar" en "wat ons ernstig nodig het is openheid vir mekaar. Dit is moontlik slegs wanneer ons openheid het vir God en sy Woord." (2 Julie 1991e: [ ]).

[26] Kyk Bylae ASK-8/11S (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 52-55).

die Sinodes van 1986 en 1990 uit politieke dienstigheid tot hulle uitsprake insake apartheid gekom het (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 21,501).[27]

Ekumene het in die negentigerjare, ná die jare van isolasie vir die Ned Geref Kerk sterk op die voorgrond getree. Heyns skryf in 'n hoofstuk oor *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Ekumene*[28] dat die verskeidenheid van kerke nie noodwendig 'n verskeurdheid van kerke is nie, want sê hy, "die eenheid van die geografies en kultureel gedifferensieerde kerke is gewaarborg in die feit dat elke kerk individueel deur één Here van alle kerke byeengeroep is." Die geografiese dimensie van die eenheid asook die katolisiteit van die kerk het met ekumenisiteit te doen. Heyns sê: "In die hele – sigbare – bewoonde wêreld is daar – sigbare – kerke, en daardie kerke is, as Christus-gehoorsame kerke, één, en sal dié eenheid op die een of ander wyse ook sigbaar moet laat sien en hoor – ter wille van die Here van die kerk self en ter wille van die wêreld." Naas die verskeidenheid van kerke op grond van verskillende lokaliteite is daar ook verskeidenheid op grond van 'n verskeidenheid van konfessies. Die uiteenlopende verstaan van die Skrif moet met die verduisterende werking van die sonde in verband gebring word. Hierdie sonde is egter ook deur Christus oorwin en ekumenisiteit, vanuit hierdie gesigpunt gesien, is volgens Heyns gevolglik die institutêre kerk se konkrete stryd teen sonde. Hy sê egter: "Helaas is veel van die moderne ekumeniese belangstelling geënteresseerd in die *aantal* kerke wat bely, eerder as die aantal kerke wat die *waarheid* bely." In dié verband behoort 'n kerk tot die ekumeniese gesprek toe te tree in die hoop

---

[27] Die strekking van die memorandum ten opsigte van die punte waarna die Sinode verwys is: 3.1 KS wil tuis wees in die kringe van die ekumene en die bevrydingsteologie en het 'n "heillose weg ingeslaan waar die evangelie van Jesus Christus as enigste Middelaar, Verlosser en Here op die spel geplaas word." 3.3 "Dit is meer as nodig dat die Algemene Sinode aandag moet gee aan leerdwalings by akademici en predikante van die Ned Geref Kerk. Met leerdwalings word bedoel dat dat die Skrifgesag ondermyn word en afgewyk word van die Drie Formuliere van Eenheid." 3.5 "Hierdie eenheidsdrywery is baie duidelik onder aanvuring van die ekumene en die NG Kerkfamilie in SA. Prof F J M Potgieter het aangedui dat dit ook te wyte is aan die totale negering van die leer van die Triniteit in KS wat in ootmoed as hermeneutiese sleutel gebruik moet word om die Skrif vir ons te ontsluit." (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 53,54). Ten opsigte van die verwysing na prof F J M Potgieter hierbo, maak die opstellers van die memorandum van sy publikasie *Kerk en Samelewing – 'n Wesenskou* gebruik, waar hy in hoofstuk twee beweer dat KS die eenheid van die kerk op die leer van die Drie-eenheid baseer maar die verskeidenheid negeer, terwyl beide die eenheid en die verskeidenheid absoluut en volkome in die Drie-eenheid gegrond is (1990: 21,22,51).

[28] By 'n Teologiese Dag by Universiteitsoord Pretoria teen die einde van 1992 het Heyns 'n referaat oor dieselfde onderwerp gelewer. P J Strauss se reaksie in *Die Kerkbode* van 15 Januarie 1993 spruit hieruit voort.

dat hy in die onmoeting met ander die waarheid nog beter sal verstaan (1992a: 60-62).[29] In die lig hiervan is dit insiggewend dat die Ned Geref Kerk se Algemene Sinode in 1990 by die SARK aansoek gedoen het om waarnemerstatus (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 629).[30] P J Strauss skryf ten opsigte van Heyns se standpunt hierbo dat daar nie noodwendig tot 'n beter standpunt in die ekumeniese gesprek gekom word nie. Hy verstaan Heyns ook so dat Heyns self nie glo dat dit 'n noodwendigheid is nie. Alleen as dit, volgens Strauss, 'n saamluister na- en 'n keuse vir die Woord van God is, kan dit tot groter waarheid lei. Hy verwys na die Algemene Sinode van 1990 se ekumeniese beleid[31] wanneer hy aanhaal: "Ekumeniese betrokkenheid is sinvol waar dit in die waarheid van Jesus Christus as Verlosser geskied. Dit beteken dat kerke mekaar ernstig moet neem in die lig van die Woord van God en dat daar deurgans onbelemmerde geleentheid moet wees om van en vir die evangelie te getuig."[32] (15 Januarie 1993: 5). Verder sê Heyns dat 'n kerk ten opsigte van die waarheidsvraag dit nie "absolutisties" of "relativisties" kan benader nie. Nie een van die twee benaderings kan tot sinvolle deelname aan die ekumene lei nie. Hy sê: "Die kerk sal moet leer dat sy belydenis, in soverre dit met die Skrif ooreenstem, wél uitdrukking is van die waarheid en as sodanig hanteer moet word." (1992: 62). Strauss sluit hierby aan as hy sê dat 'n lewende kerk ook 'n belydende kerk moet wees omdat God deur sy genade ook die gewer van die waarheid aan die kerk is.

---

[29] Heyns gee 'n historiese uiteensetting van ekumeniese vergaderinge, met verwysing na die Ned Geref Kerk se betrokkeneheid al dan nie, sedert die WRK se stigtingsbyeenkoms in Amsterdam in 1948 tot die Uitvoerende Raad van die SARK se vergadering op 12 Maart 1991. In hierdie uiteensetting toon hy duidelik aan hoedat die ekumeniese isolering van die Ned Geref Kerk as gevolg van die teologiese begronding van apartheid met die mislukking van die Cottesloeberaad van die WRK in 1960 begin het tot die begin van die herstel van ekumeniese betrekkinge in die negentigerjare (1992a: 65-67). P J Strauss is egter van mening dat geluide, in byvoorbeeld die GKN, reeds in die vyftigerjare oor die Suid-Afrikaanse rassekwessie opgeklink het wat beteken dat stemme vir isolasie reeds vóór die Cottesloeberaad al begin het (1989:159). Heyns noem dat die isolasie 'n "eilandbestaan" onder andere ten opsigte van die kerk tot gevolg gehad het, wat geestelike armoede sowel as die stereotipering van mense teweeg gebring het. Ten opsigte van stereotipering haal Heyns weer sy ervaring tydens die nagmaalsgeleentheid vroeg in die vyftigerjare in Amsterdam op, toe hy saam met swart studente, wat intellektueel sy gelykes was, nagmaal bygewoon en in die klaskamer gesit het. In sy eie land en teologiese fakulteit het dit, volgens hom, nooit gebeur nie (Heyns 19 Maart 1991b: [ ]). Vergelyk ook Heyns op BBC televisie soos in hoofstuk vyf bespreek.

[30] Heyns skryf dat die versoek van die Ned Geref Kerk op 12 Maart 1991 deur die Uitvoerende Raad van die SARK goedgekeur is maar dat die Nasionale Konferensie van dieselfde jaar dit nie aanvaar het nie. 'n Finale besluit sou eers op die volgende Nasionale Konferensie geneem word (1992: 67).

[31] Prof D Crafford skryf dat Heyns 'n positiewe rol gespeel het in die aanvaarding van die Ekumeniese beleid van die Ned Geref Kerk deur die Algemene Sinode van 1990, maar dat hy die eenheid binne die Familie van Ned Geref Kerke sterker kon beklemtoon (1994: 76,84). Dit erken Heyns as hy antwoord dat hy aan die praktiese uitvoering van die ekumene in die Ned Geref Kerk self en in die familie inderdaad, ten minste op teoreties-besinnende vlak nie voldoende aandag gegee het nie (1994f: 168).

[32] Vergelyk die Handelinge Ned Geref Kerk 1990, p548.

Daarom is die "in-die-greep-kry van die waarheid" 'n Bybels-verantwoorde opdrag wat die kerk, volgens hom, wil en moet bely (15 Januarie 1993: 5).

Die pogings om uit die kerklike isolasie te breek het voortgegaan en 'n geleentheid het hom voorgedoen toe 'n afvaardiging van die Ned Geref Kerk die RCZ se Sinode in Lusaka bygewoon het. [33] Toe daar uit die vergadering 'n stem gehoor word wat 'n verbreking van die bande met die Ned Geref Kerk bepleit omdat dit "'n siek kerk" is, het Heyns volgens berig "vlam gevat." Sy toespraak was 'n roerende pleidooi:

> "Ek voel asof ek wil huil. Ons is hier om te sê wat in ons hart is. En daarom wil ek met die grootste nadruk sê: Die NG Kerk is nie 'n siek kerk nie. Die suiwer evangelie word deur die kerk verkondig. Mense kom deur dié kerk se werk tot bekering. Die NG Kerk is 'n ware kerk met die kenmerke van 'n ware kerk. Goed: die kerk het apartheid in die verlede gesteun. Maar ons het van koers verander. Aanvaar nou ons woord daarvoor. Ons is, nes u, besig om worstelende te leer wat die Woord van God presies vir ons tyd en ons omstandighede sê. En ons glo dat die Heilige Gees die NG Kerk se sinodes van 1986 en 1990 gelei het om oor die kerk en die samelewing duidelike uitsprake te maak."

Heyns se woorde[34] het, volgens *Die Kerkbode,* onder andere 'n groot invloed gehad om die Sinode te laat besluit om bande met die Ned Geref Kerk te behou, aan te hou praat en voort te gaan om brûe te bou. Potgieter het in sy afskeidswoorde gesê: "Ek dink die verhouding met die RCZ het baie verbeter. Dit is goed dat ons hier was. Ons en u hoort bymekaar en moet saam vorentoe gaan." (Die Kerkbode 6 September 1991o: 7).[35]

In Februarie 1991 het die WRK in Canberra Australië vergader. Dr Pierre Rossouw het 'n skrywe aan dr Emilio Castro, Algemene Sekretaris van die WRK gefaks om na aanleiding van samesprekings wat hulle gehad het, hom as Uitvoerende Amptenaar vir

---

[33] Die Ned Geref Afvaardiging het uit die volgende persone bestaan: proff Pieter Potgieter, Johan Heyns, drr Fritz Gaum en Talbot Sadler (Die Kerkbode 6 September 1991o: 7).

[34] Vergelyk ook dr Louw Alberts se opmerking: "Heyns kon 'n gehoor oortuig – 'n sinode oortuig." (1 Julie 1997: [ ]).

[35] Staatspersident Kenneth Kaunda van Zambië het die Ned Geref afvaardiging op 'n ontbyt in sy ampswoning, "State House" onthaal. Hy het tydens dié geleentheid sy waardering vir die Ned Geref Kerk se standpuntinname uitgespreek en gesê dit het baie daartoe bygedra dat Suid-Afrika weer as 'n susterstaat in Afrika aanvaar sal word (Die Kerkbode 6 September 1991n: 1).

Ekumeniese Sake van die Ned Geref Kerk uit te nooi om die volle vergadering van die WRK by te woon. Dit sou, volgens hom, sy inset ten opsigte van die roeping van die Ned Geref Kerk in 'n veranderende Suid-Afrika versterk en die kerk ook nader aan die WRK laat beweeg (2 July 1990: 1). Die versoek is toegestaan nadat interne korrespondensie in die WRK se administratiewe geledere tussen Clement Janda en William Perkins plaasgevind het, wat gelui dat die Ned Geref Kerk se versoek in lyn was met soortgelyke pogings om toenadering tot die SARK te soek (6 July 1990: 1). Dit is uiteindelik nie Rossouw nie, maar Potgieter en Heyns wat gegaan het om die vergadering in Canberra in hulle persoonlike hoedanigheid as waarnemers by te woon (Die Kerkbode 8 Februarie 1991b: 2). Hulle het dit as hulle taak gesien om kontak met afgevaardigdes te maak en in die wandelgange die korrekte inligting oor Suid-Afrika en die Ned Geref Kerk deur te gee. Hulle was volgens dr Leo Koffeman, Sekretaris van Ekumene van die GKN welkom geheet maar nie toegelaat om die vergadering toe te spreek nie (16 Jun 1998: [ ]). Dr Hermann Shaefer, Sekretaris van die Reformierter Bund en afgevaardigde na Canberra vertel dat hy en ander daarop aangedring het dat Sam Buti en James Buys van die NGKA en NGSK onderskeidelik genooi word en met dr Milan Oposcenski Algemene Sekretaris van die WBGK se hulp spreekbeurte tydens die vergadering te kon kry, maar nie Potgieter en Heyns nie. Volgens Schaefer was veral Potgieter omgekrap hieroor (17 Junie 1998: [ ]). Volgens Koffeman was Potgieter en Heyns daar om "lobbying" te doen sodat die Ned Geref Kerk weer deel van die WRK kon word. Hulle teenwoordigheid in Canberra het egter vir sommige afgevaardigdes en ampsbekleërs ongemaklikheid besorg. Hulle het gesprekke met dr Heinz Joachim Held, voorsitter van die vergadering en Emilio Castro, Algemene Sekretaris, gevoer maar dit het altyd in 'n groep plaasgevind, nooit alleen nie. Hulle het ook met die GKN se afgevaardigdes probeer praat maar Koffeman-hulle wou nie eintlik nie, want hulle was bang dat hulle beskuldig word dat hulle agter die rug van die NGSK en die NGKA praat. Daar was wel 'n gesprek met Buti en Buys in 'n nabygeleë McDonalds, die bekende kitskosrestaurant, maar dit was baie sensitief want die Nederlandse pers moes volgens Koffeman nie daarvan uitvind nie (16 Junie 1998: [ ]). Potgieter skryf in *Die Kerkbode* dat dit egter sy indruk was dat baie afgevaardigdes die korrekte inligting verwelkom het en dit graag ontvang het (15 Maart 1991: 4). Die GKN blad *Kerkinformatie* het berig dat Heyns die geleentheid gebruik het om by 'n

perskonferensie tydens die Canberra-beraad te sê dat hoe gouer sanksies teen Suid-Afrika opgehef word, hoe gouer sal apartheid afgetakel kan word. Di Sam Buti van die NGKA en James Buys van die NGSK[36] het egter die mening gehuldig dat sanksies voortgesit moet word. Ook dr Frank Chikane, Sekretaris van die SARK het dieselfde standpunt gehad. Afskaffing van sanksies sou volgens hom net die blank-gedomineerde ekonomie help (Kerkinformatie April 1991: 12). Volgens prof Lucas Vischer was Opocenski nie bereid om alleen met Potgieter en Heyns te praat nie. Die situasie was te gespanne en hy wou nie verkeerd aangehaal word nie. Daar moes volgens hom getuies teenwoordig wees (27 Jun 1998: [ ]). Dit was Opocenski se eerste ontmoeting met Heyns (25 Junie 1998: [ ]). Bykans niemand in die buiteland het Heyns ten volle vertrou nie en Opocenski was waarskynlik ekstra versigtig. Vischer kon agterkom dat daar sedert die WBGK-vergadering in Ottawa in 1982, nege jaar later, 'n meer defensiewe houding by Heyns te bespeur was. Hy was meer uitgesproke en die stryd wat Heyns oor die jare gevoer sowel as die frustrasie wat hy beleef het was sigbaar in sy optrede. Vischer sê "ten years of double identity had its influence on Heyns." Hiermee het hy waarskynlik na Heyns se rol as brugbouer verwys. Daarby het hy ten opsigte van Heyns bygevoeg: "Tragic figure – people like him are usually consumed in a conflict." Vischer het byvoorbeeld na dr Karl Blei[37] en andere verwys met wie Heyns nie suksesvol kon identifiseer nie. Hulle het hom nie vertrou nie en was van mening dat hy die heel tyd besig was om apologie vir apartheid aan te teken. Boesak se houding het hulle ook beïnvloed. Vischer sê van homself: "My inclination was to trust him. He defended his position honestly." Nog 'n belangrike waarneming by Vischer was dat Heyns, volgens hom, nie goed ten opsigte van kerklui oorgekom het nie. Sy "taal" was nie soseer geestelik of teologies gefundeerd nie,

---

[36] Die NGSK het by die Canberra-vergadering 'n lid van die WRK geword (Heyns 13 Februarie 1991: 9).

[37] Blei sê dat hy in 'n wandelganggesprek met Heyns, op laasgenoemde se uitnodiging, wel 'n bewoëndheid van Heyns se wanhoop oorgehou het indien sy pogings om sy kerk se situasie te verduidelik nie suksesvol sou wees nie. Hy kon dit egter nie so aanvaar nie en hy en andere het voortgegaan om hulle "op die VGKSA te oriënteer" en nie op die Ned Geref Kerk nie (5 Junie 1998: [ ]). Koffeman kon ook nie by Heyns aanklank vind nie. Hy vertel: "Albei van ons was strateë - opposisie." Volgens hom was Heyns wel groot in die sin van 'n diplomaat, maar nie in die sin van 'n profeet soos Nico Smith en Beyers Naudé nie (16 Junie 1998: [ ]). Na Koffeman se nie-amptelike gesprekke met verskillende rolspelers in Canberra, het hulle in elk geval aan die *Deputaten Oecumene* van die GKN terugrapporteer. Hulle moes onder andere aanbevelings in verband met die GKN-Sinode van 1988 (sic – dit is die Generale Synode van Almere 1987) se besluit oor die ondersoek na die herstel van bande met die Ned Geref Kerk, wat in 1978 verbreek is, maak. Die uitdruklike voorwaarde was egter dat dit nie die belange van die NGSK en die NGKA moes skaad nie. Ook sou in oorleg die *Deputaten voor Zending en Wêrelddiakonaat* betrek word (Kerkinformatie April 1991: 12).

maar eerder meer polities van aard. Vischer sou nie van Heyns 'n held probeer maak nie, maar eerder iemand wat in 'n spanningsituasie geplaas was wat groter was as hyself (27 Junie 1998: [ ]). In hierdie opsig stem dr Heinz Rusterholz met Vischer saam as hy sê: "Heyns tried to keep two sides together. The two sides were not compatible properly and Heyns suffered from the tentions that he was in. Finally he became a victim of this position." (24 Junie 1998: [ ]).

In die algemeen het Potgieter oor die vergadering in Canberra berig dat die WRK besluit het dat sanksies teen Suid-Afrika nog nie opgehef kan word nie en 'n beroep op die lidkerke gedoen het om te sorg dat daarmee, sowel as met disinvestering, voortgegaan word totdat apartheid heeltemal afgetakel is (15 Maart 1991: 4). Heyns het ook in die Suid-Afrikaanse media oor die Canberra-gebeure berig. Hy het gesê dat dit miskien een van die inherente gevare van ekumeniese bewegings is dat die wedersydse welwillendheid teenoor mekaar en die entoesiastiese bereidheid om mekaar te begryp en te verstaan 'n helder visie op die waarheid laat verflou wat maak dat valse religieuse voorstellings kan insluip en 'n mens se denke kan vertroebel. Die WRK werk ook met 'n wyd-uiteenlopende konfessionele basis. Tog kan so 'n ekumeniese ervaring 'n mens net verryk as jy op jou hoede is en vas staan in eie Bybels-gegronde oortuigings (Die Burger 13 Februarie 1991a: 9).

Na afloop van die besoek aan die WRK-vergadering in Canberra het Potgieter en Heyns, weereens in 'n nie-amptelike hoedanigheid, 'n besoek aan Rusland, Finland en Egipte op uitnodiging van kerkleiers in dié lande gebring. Aartsbiskop Parthenios III van die Grieks-Ortodokse Kerk in Afrika was in Suid-Afrika en het hulle na hom in Alexandrië Egipte genooi. Ook het aartsbiskop John van Finland, wat die Rustenburgberaad bygewoon het, hulle uitgenooi. Hulle het in Canberra kontak met kerkleiers van die Russies-Ortodokse Kerk gemaak en het ook die geleentheid gekry om gesprekke oor die veranderende Sowiet-Unie in Moskou te voer (Die Kerkbode 12 April 1991f: 12). Na hulle terugkeer het Heyns gesê dat die ekumeniese deure besig is om vir die Ned Geref Kerk oop te gaan en dat verskeie uitruilbesoeke voortaan kan volg. 'n Besoek van Patriarg Alexei II van die Russiese Ortodokse Kerk sou moontlik plaasvind (Beeld 15 April

1991a: [ ]). Heyns het ook gesê dat dit 'n goeie idee is as elke dorp in Suid-Afrika 'n ekumeniese liggaam het wat aandag aan die sosiale probleme in hul gemeenskap kan gee. Die grootste uitdaging lê, volgens hom, op plaaslike vlak soos die huisnood, armoede, onderwys en arbeid.[38] "Kerke moenie stry oor hoeveel water vir die doop gebruik moet word nie, hulle moet die water vat en sement aanmaak en huise bou. Daarna kan hulle die mense in die huise doop. Deur saam iets te doen aan die nood van die mense, kan die kerk die geloofwaardigheid van die Christendom uitbou." (Beeld 19 April 1991b: [ ]).

Op 24 Mei 1991 het Staatspresident F W de Klerk 'n vredesberaad ter bekamping van geweld en intimidasie te belê. Die inisiatief het van die regering gekom. Die ANC en andere wou nie deelneem nie (29 September 1997: [ ]).[39] Hulle het gesê van die regering se kant is die speler ook die skeidsregter. Heyns vertel dat mnr Nelson Mandela aan hom gesê het dat as onafhanklike en onbevooroordeelde mense soos kerkmense so 'n beraad belê, sal die ANC belangstel om teenwoordig te wees.[40] By die beraad van 24 Mei is besluit dat die komitee wat die Rustenburgberaad gereël het met 'n vredesberaad moet help (Rapport 30 Junie 1991: [ ]).[41] Volgens De Klerk het Heyns sy samewerking gegee en 'n groot rol gespeel in die uitdink van 'n oplossing ten opsigte van die dooie punt wat bereik is (29 September 1997: [ ]). Heyns vertel dat hulle op 22 Junie 'n hele klomp mense bymekaar gekry het, uit kerklike geledere, sakemanne en ook van dié wat nie die Staatspresident se byeenkoms bygewoon het nie (Rapport 30 Junie 1991: [ ]). *Star* berig dat die drie persone wat as sleutelfigure na vore getree het om die dooie punt ten opsigte van die vredesberaad op te los, dr Louw Alberts, prof Johan Heyns en die Algemene

---

[38] In 'n ongedateerde referaat wat Heyns op 'n sendingkongres gelewer het, sê hy ons moet "arbei aan die stad en die dorp waar ons vandag woon! Wie eenmaal op die strate van die Nuwe Jerusalem – uitgelê met suiwer goud - wil wandel (Openb. 21:21), moet sorg dat hy in reg en geregtigheid wandel op die strate van sy eie dorp. Want dan kom hy tot die verrassende ontdekking: Die Nuwe Jerusalem is sy ou dorp wat nuut geword het." (Heyns [ ]: 5).

[39] Instansies wat die regering se vredesberaad geboikot het was die ANC-SAKP-Cosatu-Alliansie, die PAC en Azapo (Star 27 May 1991: [ ]).

[40] Dit was by die afskeid van sir Robin Renwick, die Britse ambassadeur dat Mandela vir Heyns gesê het: "As julle, die kerkmense 'n beraad reël, sal ons dit bywoon." (Rapport 30 Junie 1991: [ ]).

[41] Daar is besluit dat dr Louw Alberts die leiding moes neem en nog sowat twaalf mense bemekaar kry. "Van toe af help ons", het Heyns gesê (Rapport 30 Junie 1991: [ ]). Heyns was volgens Alberts een van die span fasiliteerders (1 Julie 1997: [ ]). Tutu het van hulle werksaamhede gesê: "We worked hard together because of all the violence that happened." (28 Oktober 1997: [ ]).

Sekretaris van die SARK, eerwaarde Frank Chikane was (Star 27 May 1991: [ ]).[42] Die aanvoorwerk wat gedoen is het tot 'n nasionale vredeskonferensie van 14 September 1991 gelei waar 'n konsepvredesverdrag, wat deur die Nasionale Vredesinisiatief opgestel is, deur politieke partye en organisasies onderteken is.[43] Die Dagbestuur van die ASK van die Ned Geref Kerk het sy steun aan 'n algemene oproep om gebed vir die vredeskonferensie toegesê en dié kerk se lidmate en gemeentes gevra om op 8 September daarvoor te bid (Die Kerkbode 30 Augustus 1991m: 12). Ná hierdie gebeure het Heyns 'n sekere mate van vertroue by die ANC gewen. Hulle het hom onder andere, tot sy eie verbasing, as kandidaat vir die voorsitterskap van die grondwetlike onderhandelings vir 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika genomineer het.[44] Die Nederlandse kerkblad *Reformatorisch Dagblad* lei daaruit af dat Heyns vir alle partye aanvaarbaar was en gee 'n perspektief op hom deur te sê dat sy gewildheid ten opsigte van die vredesprosesse in Suid-Afrika sedert die Rustenburgberaad toegeneem het, temeer ook as gevolg van sy rol in die opstel en ondertekening van die vredesakkoord van September 1991. Erkenning word ook gegee aan Heyns se rol om die Ned Geref Kerk uit sy isolasie te help, soveel so, dat dr Emilio Castro Algemene Sekretaris van die WRK in Oktober tydens 'n besoek aan Suid-Afrika gepleit het dat die Ned Geref Kerk weer opgeneem moet word "in de schoot van de oecumene en dat de verschillen met andere kerken in een open atmosfeer zouden worden besproken." (23 November 1991a: [ ]). Oor sy eie betrokkeheid op die staatkundige terrein en die opmerking van I L de Villiers, dat hy 'n predikant geword het wat hom op die politieke terrein begeef het, het Heyns geantwoord: "Goed, en dis 'n omgewing wat vir my nog taamlik vreemd is én 'n idioom wat vir my vreemd is, maar ek gaan nie daar bepaalde beslissings neem ten gunste van 'n bepaalde politieke party nie. Ek is ingetrek as vredemaker. Beskou dit in die lig van 'n predikant wat in sy gemeente

---

[42] Op 'n vraag van dr I L de Villiers, of Heyns eerwaarde Frank Chikane vertrou, het hy geantwoord: "Hy maak op my die indruk van 'n man wat eerlik en ernstig is met die sake waarmee hy hom besig hou. Dis natuurlik waar dat hy verbintenisse met die ANC het, dat hy ook sy sogenaamde "constituency" het – 'n mens moet dit in aanmerking neem – maar Frank Chikane tref my as iemand wat vertrou kan word." (Rapport 30 Junie 1991: [ ]).

[43] Die vredesverdrag het voorsiening gemaak vir gedragskodes vir die polisie en politieke partye, 'n stelsel van monitor- en toepassingsmeganismes onder 'n nasionale vredeskomitee, 'n statutêre kommissie om die oorsake van geweldpleging te ondersoek, 'n polisieraad om advies te gee oor beleid vir polisiëring en 'n spesiale eenheid om beweerde polisie-wangedrag te ondersoek (Die Kerkbode 30 Augustus 1991m: 12).

[44] Die ander ANC-nominasies was dr Stanley Mogoba van die Metodistekerk en regter M Cobbett, voorsitter van die hooggeregshof van Suid-Afrika (Trouw 23 November 1991: [ ]).

moet vrede maak tussen man en vrou of tussen twistende mense" (Rapport 30 Junie 1991: [ ]).

Op 20 Desember 1991 het die eerste Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (hierna genoem Kodesa 1)[45] in Kemptonpark 'n aanvang geneem. By die openingsgeleentheid het verskeie godsdienstige leiers, onder andere van die Christelike-, Joodse-, Hindoe- en die Moslemgelowe met gebede voorgegaan.[46] Heyns was gevra om 'n gebed namens die Christene te doen (Die Kerkbode 24 Januarie 1992a: 1). Net voor hy begin bid het, het hy verklaar dat hy sy gebed tot die Christendom afgrens. Dit was volgens Gaum duidelik dat hy met sy optrede "volledig aan die kant van Christus gestaan het." (Die Kerkbode 20 Maart 1992c: 4). Heyns se eerste ervaring van hierdie aard het al vroeër gekom toe daar by die opening van die ondertekening van die vredesakkoord op 14 September 1991 met gebed geopen moes word en daar ook onder andere Christene, Jode, Boeddhiste en Moslems teenwoordig was. Heyns het agterna sy posisie op daardie dag verduidelik naamlik dat hy in sy gebed nie saam met die ander gebid het nie. Hy het gesê: "Vir my bestaan hulle gode nie, en vir my is vrede ten diepste alleen in Jesus Christus te vind." Heyns was duidelik daaroor dat die uniekheid van die Christendom nooit prysgegee mag word nie want "Christus bly die enigste Redder en Verlosser." Heyns het baie kritiek oor die deelname aan die gebede ontvang.[47] 'n Uur ná die opening van die vredesberaad in September 1991 het hy 'n faks ontvang wat gelui het dat hy en ander Christen-

[45] Kodesa 1 is opgevolg met 'n tweede fase van onderhandelings en daarna is verwys as Kodesa 2 (Die Kerkbode 20 Maart 1992c: 4).

[46] In 'n inleidende referaat by die opening van 'n werkswinkel-seminaar, georganiseer deur die WRK se *Programme to Combat Rascism* en die Menseregte-afdeling van UNESCO, het dr Barney Pityana erkenning aan die rol van die Christelike kerke in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika gegee met die woorde: "...religion was prominent in the struggle for liberation in South Africa." In die onderhandelingsfase vir 'n nuwe demokratiese grondwet vir die land was dit, volgens hom, egter duidelik dat daar 'n nuwe uitdaging voor die deur gelê het. Hy sê "As WCC we are now being confronted with a new dynamic in these matters: the legitimate claims of all faiths to participate according to their own faith commitments in this struggle." Hy verwys na die Canberra-vergadering van die WRK wat gesê het: "We seek to live in respect and understanding with people of other living faiths, and to this end we need to build mutual trust and a 'culture of dialogue.'" Geregtigheid staan vir Pityana uit as hy sê: "But the challenge which remains for all of us is that of justice." Wat vir hom belangrik is, is die vestiging van 'n burgerlike gemeenskap wat die fondament vir 'n stabiele demokratiese en regverdige toekoms bied. Hy sê: "True religion cannot be sustainded by fear or force. And so the challenge of a tolerant secular society should hold no fears for the people of faith." (23 November 1991: 1-3).

[47] Ds Kobus van der Westhuyzen sê dat dit Heyns se intense behoefte om akkomoderend te wees, wat hom in die situasie by Kodesa laat beland het (30 September 1997: [ ]).

kabinetslede hulle in die "kring van die Antichris" bevind en dat hy as 'n teken van protes onmiddelik moes uitstap. Heyns vertel: "Ek is uitgedaag om onder die Godloënaars uit te stap en my te bekeer" (Beeld 1 Oktober 1991g: [ ]). Treurnicht vra die vraag: "Deel Christus sy eer om aanbid te word met die gode van die Moslem en die Hindoe? Moet dié praktyk nou in die Parlement só gevolg word dat verrigtinge in die naam van 'n veelgodendom geopen word? Die kerk sal moet toon dat hy nie die een politieke beleid afgesweer het om maar net weer in die slaggat van 'n ander beleid te trap nie." (24 Januarie 1992: 8). Prof Sybrand Strauss meen dat 'n geleentheid waar mense van verskillende godsdienste saam bid op 'n godsdiensgelykheid neerkom, wat vir hom onaanvaarbaar is. Prof Pieter Potgieter sê dieselfde naamlik dat die unieke karakter van die Christelike geloof in gedrang kom by gesamentlike aanbiddingsgeleenthede van verskillende gelowe (Die Kerkbode 24 Januarie 1992a: 1). Ook mnr F W De Klerk het gesê dat hy ongemaklik is met die Kodesa-reëling en dat dit verander sal moet word (Beeld 20 November 1992: [ ]). Die argument is deur sommige geopper dat die Bybel sê die gelowige nie saam met die ongelowige in dieselfde juk mag trek nie. Volgens dié argument help dit ook nie om in afsonderlike kamers te gaan bid en dan saam te kom om in dieselfde juk met die ongelowige te trek nie. Dit kom volgens die aanhangers van dié standpunt op 'n "onskriftuurlike magsdeling" neer. Heyns noem dit egter 'n misbruik van die Skrifgegewens, wanneer dit in hierdie geval op die gebedskwessie toegepas word. Hy sê dat in die Skrifgedeelte waar Paulus die woorde vir die gemeente van Korintiërs skryf is dit duidelik dat Christene se manier van dink en doen anders moet wees as dié van ongelowiges. Dit beteken volgens hom nie dat ongelowiges ten alle koste vermy moet word nie. Hy vra, wat dan van Josef en Daniël wat saam met ongelowiges beraadslaag het en self saam die land bestuur het? Hulle het egter nie hulle eie godsdienstige karakter verloën nie (21 April 1992f: [ ]). Uiteindelik maak Heyns die onderskeid tussen die kwessie van godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid (14 Junie 1994c: [ ]), iets waaroor Gaum al in 1992 in *Die Kerkbode* skryf, as hy sê dat godsdiensvryheid by die opening van Kodesa 1 godsdiensgelykheid geword het, wat nie mag gebeur nie (20 Maart 1992c: 4).[48] Heyns meen steeds dat dit "hoogs onrealisties" is om multi-godsdienstige

[48] Na samesprekings wat Potgieter, Heyns Gaum en Meiring met die Staatspresident by Tuynshuys gevoer het, is gerapporteer dat Kodesa se volgende sessies nie op dieselfde manier geopen sou word nie (Die

byeenkomste te vermy. Waar verteenwoordigers van nie-christelike godsdienste gebede uitspreek, sal die Christen volgens hom met respek en eerbied aandag gee, maar hy sal nie saambid nie. Hy sê: "Hy sal nie mág saambid nie, want vir hom is die lewende Drie-enige God, die enigste wat bestaan en tot wie hy hom mag rig en Jesus Christus die enigste Middelaar en Verlosser." Volgens Heyns mag godsdiensvryheid en gevolglike eerbied vir mekaar nooit lei tot die stilmaak van die stem van die Christengelowige nie, daarvoor moet die Christene self sorg (14 Junie 1994c: [ ]).[49]

Heyns was nie direk by die Kodesa-onderhandelinge in Kemptonpark betrokke nie. Tog het hy 'n intense belangstelling gehad by wat daar gebeur. Dit is belangrik om raak te sien dat Heyns op die vooraand van die Kodesa-onderhandelings sê dat alle probleme nie opgelos sal wees sodra apartheid afgeskaf is nie. Daar moet ook ontslae geraak word van die mite van anti-apartheid, naamlik dat dáárin die oplossing vir al die probleme lê. Volgens hom is dit moontlik om pragtige nuwe wette daar te stel waarbinne die hele samelewing netjies gestruktureer kan word, maar Heyns vra of die onderhandelings 'n waarborg daar sal kan stel, dat die meerderheid nie in die toekoms die minderheid sal onderdruk nie. Dan is daar die vraag of daar 'n waarborg kan wees dat die Christelike karakter van Suid-Afrika behoue sal bly. Volgens Heyns is die enigste werklik waarborg vir vryheid die gebondenheid aan die Woord van God en sy heilsame gebooie. Heyns vra hierop, of dit vir die onderhandelaars moontlik sal wees om te voorkom dat die mening van die meerderheid in die toekoms tot enigste maatstaf verhef sal word (Reformatorisch Dagblad 23 November 1991b: [ ]). Ten opsigte van die grondwet het Heyns gesê dat die inwoners van die land ten minste daarop sal moet aandring dat die staat in die aanhef van

---

Kerkbode 3 April 1992d: [ ]).

[49] AKLAS het onder Heyns se voorsitterskap riglyne opgestel waarvolgens persone, wat genooi word om by geleenthede op te tree waaraan verteenwoordigers van ander godsdienste ook deelneem, kon handel. Die riglyne het daarop neergekom dat die uitspreek van 'n Christelike gebed by geleenthede, waar verteenwoordigers van ander godsdienste ook gebede doen, in beginsel nie afgewys kan word nie. Dit mag egter nie die karakter dra van 'n gesamentlike intergeloof-godsdiensoefening waar Christene erkenning aan enige ander god as die Drie-enige God moet gee nie. Dit sou die ideaal wees dat geleentheid gegee word dat gebedsgeleentheid in afsonderlike plekke vir geloofsgroepe gegee word. Waar dit egter nie haalbaar is nie kan 'n tydperk van stilte vir stilgebed gegee word. Wanneer 'n Christelike gebed onder omstandighede, soos hierbo genoem, gedoen word moet die betrokke voorganger hom daarvan vergewis dat die eie aard van die Christelike gebed tot sy reg kom (Notule AKLAS-Dagbestuur 31 Augustus 1993: 1,2). Die Algemene Sinode van 1994 het hierdie aanbevelings van AKLAS goedgekeur (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 64, 431).

die nuwe grondwet na God sal verwys. Hy het gesê: "Ons kan nie méér van die staat vra as 'n verwysing na God nie, want sodra jy Hom gaan omskryf as die Drie-enige God, dan begin jy Hom as't ware definieer, en as jy dit begin doen, het jy te make met 'n soort mini-konfessie. Die staat is nie konfessioneel nie, dit is net die kerk wat konfessioneel is." Heyns stem saam met Jonker[50] dat daar teen 'n burgerlike godsdiens gewaak sal moet word, maar die verwysing na God in die aanhef van die grondwet hoef dit, volgens Heyns, nie mee te bring nie.[51] Hy sê verder dat die staat erkenning moet gee aan die "waarheid van Rom 13" wat sê dat die staat 'n instelling van God is. Dit sal volgens hom 'n teken van sekularisering en verwêreldliking wees indien as die staat glad nie na God in sy grondwet verwys nie. Dit sou vir hom onaanvaarbaar wees, sê Heyns (Die Kerkbode 2 Julie 1993i: 1).[52]

Met die uitroep van 'n referendum op 17 Maart 1992 waar die blanke kiesers ja of nee moes stem vir die hervormingstappe wat De Klerk op 2 Februarie 1990 aangekondig het, het die ASKvan die Ned Geref Kerk besluit om nie voor te skryf wat lidmate moet stem nie.[53] Heyns het op die aankondiging van die referendum gereageer deur te sê dat die kerk nooit in partypolitiek betrokke mag raak nie, maar Christene moet hulleself afvra

---

[50] Jonker het 'n referaat oor *Demokrasie en Godsdiens* by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gelewer waar hy gesê het dat daarteen gewaak moet word dat die staat die godsdiens misbruik om aan die staatsgesag religieuse sanksionering te bied. Hy het gesê dat die staat in die verlede graag 'n vorm van burgerlike godsdiens om politieke redes bevorder het waarin dit nie om ware diens aan God gaan nie, maar om 'n religieuse mobilisering van die lojaliteit van die volk teenoor die staat met sy ambisie. Die God van die burgerlike godsdiens is nie die God van die Bybel nie maar die God van die volk, die Voorsienigheid, die Almagtige en die God van die Vaders. In state met 'n ateïstiese grondslag speel 'n kwasi-religieuse ideologie dieselfde rol. Jonker sê dat kerke wêreldwyd en in Suid-Afrika in die verlede nie krities genoeg daarteenoor was nie omdat die gevaar van die burgerlike godsdiens nie besef is nie. "As voorsorg daartgeen moet 'n duidelike onderskeiding tussen staat en kerk, staat en godsdiens in belang van alle partye aanvaar word. In die lig van die gevaar van 'n nuwe burgerlike godsdiens wat maklik sinkretistiese trekke kan aanneem moet kerke in ons land tans liewer nie daarop aandring dat die staat as staat 'n religieuse belydenis in sy vaandel moet skryf nie." (Die Kerkbode 2 Julie 1993i: 1).

[51] Potgieter gaan verder as Heyns as hy op voetspoor van KS 1990 sê dat die kerk nie anders kan as om daarop aan te dring dat God Drie-enig ook op die terrein van die staat erken sal word nie. Die Christen se belydenis geld vir elke terrein van die lewe. Dit sal volgens hom nie noodwendig die gevaar van 'n burgerlike godsdiens inhou nie (Die Kerkbode 2 Julie 1993i: 1).

[52] Heyns en prof Hentie Boshoff het Mandela se standpunt ondersteun wat sê dat 'n metode gevind moet word om in die oorgangsproses die kerk by staatsake te betrek. Hulle sê die inbou van 'n gemeenskaplike Christelike waardesisteem in die transformasieproses wat die middelgrond oor kleurgrense heen aan mekaar verbind, is die sterkste waarborg vir 'n vreedsame toekoms. Daarsonder, sê hulle, speel ons in die hande van linkse en regse ideologiese drukgroepe en verhoog die kanse op 'n Bosniese uitkoms (Rapport 24 April 1994a: 20).

[53] Heyns skryf dat hy ten minste van vyf kerke bewus is wat hulle lidmate wel aangeraai het om in die referendum van 1992 ja te stem (1992d: 1).

wat reg en geregtigheid is wanneer hulle gaan stem (Die Kerkbode 28 Februarie 1992b: 1). In die rubriek *Godsdiens Aktueel* het Heyns mense op die referendum voorberei deur te skryf dat daar vir Christene baie meer op die spel is as om net 'n partypolitieke keuse te maak. Hy het weer na die kwessie van reg en geregtigheid verwys asook die vraag of 'n mens se keuse die inwoners van die land ten beste sal dien en of dit 'n mens se eie volk ten beste sal dien. Daarby het Heyns mense ook opgeroep tot beskaafde gedrag want volgens hom is nie net "die vraag in die weegskaal nie, maar ek as mens is ook in die weegskaal." (3 Maart 1992e: [ ]). Christene mag volgens Heyns dus in aanloop tot die referendum ook nie karaktermoord pleeg nie (Die Kerkbode 28 Februarie 1992b: 1). In antwoord op 'n brief van prof Ferdinant Deist in *Rapport* van 22 Maart 1992, waarin laasgenoemde die vraag vra waarom die kerke so stil was om morele leiding aan kiesers te gee, maak Heyns die afleiding dat Deist onder andere oor die Ned Geref Kerk praat. Hy antwoord aan die hand van KS 1990 dat die Ned Geref Kerk hom duidelik teen rassisme, uitbuiting, onderdrukking en diskriminasie uitgespreek het en ook kommunisme veroordeel het. Hy herinner Deist ook aan KS 1990 se uitsprake oor apartheid en voeg by dat lidmate volgens oortuiging ja of nee in die referendum sou kon stem en in albei gevalle steeds aan die beginsels in KS getrou bly. Hy erken saam met Deist dat die Ned Geref Kerk in die verlede sy vingers verbrand het, maar dan sê hy: "Maar dit het hom nie sku gemaak om sy getuienis – teen weerstand van binne en van buite – duidelik te laat hoor nie." (1992i: 2). Nadat die blanke kiesers op 17 Maart met 'n groot meerderheid ja vir die hervormingstappe van De Klerk gestem het, het die WRK bykans onmiddelik 'n interim-verklaring oor die hersiening van sy beleid jeens Suid-Afrika uitgereik waarin gesê word: "By voting in such a decisive manner, white South Africans signalled their readiness to change the constitutional structure of their country." Die ondersteuning van alle sanksies en isoleringsmaatreëls ten opsigte van Suid-Afrika, wat die beweging van persone en persoonlike kontak beperk het, is onmiddelik gestaak (Interim statement on WCC policy review on SouthAfrica 24 March: 1-3).[54]

[54] Dit het behels dat alle maatreëls: "in the fields of sport, culture, travel, and tourism as well as academic links, be lifted." Die verklaring lui verder: "We hope that these 'people-to-people' contacts will be used to strengthen the democratic forces by the promotion and sharing of skills, training and knowledge. We trust that such a positive affirmation will help those who have been underprivileged by apartheid to better participate in development, reconstruction and nation-building." Die steun vir sanksies ten opsigte van die ekonomie, handel, finansies, en investering, insluitende die wapenverbod, uitruil van wetenskaplike

In aanloop tot die GER se vergadering in Athene in 1992, het die GKN op 'n versoek gereageer om KS 1990, wat Potgieter en Heyns in Canberra aan die GKN-afgevaardigdes oorhandig het, te evalueer. In 'n brief wat van 'n kritiese ingesteldheid, maar ook van welwillendheid en begrip vir die Ned Geref Kerk se situasie in Suid-Afrika getuig, gee dr Leo Koffeman die GKN se kommentaar deur. In wese is die kern van die kommentaar dat daar betekenisvolle klemverskuiwings sedert KS 1986 plaasgevind het en dat daar duidelike beweging in die Ned Geref Kerk opgemerk word wat positief gewaardeer word. Tog is, volgens die GKN, die diepste manifestasies van apartheidsbeleid, die diepste kwaad van apartheid nog nie deur die Ned Geref Kerk gepeil en afgewys nie. Dit word volgens hom ook bevestig deur die Ned Geref-Kerk-afvaardiging se verklaring ná die Rustenburgberaad. Ten opsigte van die Ned Geref Kerk se verbintenis tot die proses van kerkeenheid met die Familie van Ned Geref Kerke, is die afwesigheid van 'n ongekwalifiseerde afwysing van apartheid steeds 'n struikelblok en is die geloofwaardigheid van die Ned Geref Kerk steeds op die spel. In terme van die herstel van bilaterale verhoudinge tussen die GKN en die Ned Geref Kerk stel Koffeman dit dat die GKN die GER en WBGK se besluite eers sal verdiskonteer en waar moontlik ook volg. Dit is ook vir die GKN belangrik wat die houding van die Ned Geref Kerk ten opsigte van die te stigte VGKSA gaan wees. Hy sluit die brief af met die woorde: "Wij bidden, in het besef van onze eigen tekorten, u de wijsheid en de moed toe om in de historische situatie waarin Zuid-Afrika zich op dit moment bevindt vastberaden en ondubbelzinnig een weg te zoeken naar één onverdeelde kerk in één nieuwe Zuid-Afrika. Wees ervan overtuigd, dat zeer velen in onze kerken het volk van Zuid-Afrika in de maatschappelijke en politieke spanningen van deze dagen voortdurend in hun gebeden gedenken." (21 Februari 1992: 6-8).

---

informasie en tegnologie vir die wapenbedryf en oliesanksies is egter tot verdere kennisgewing voortgesit (Interim statement on WCC policy review on SouthAfrica 24 March: 1-3).

Die GER se vergadering wat van 25 Mei tot 5 Junie 1992 in Athene in Griekeland plaasgevind het,[55] is deur die kwessie van die lidmaatskap van die GKN, rondom die homoseksuele debat oorheers (Overeem 15 Junie 1998: [ ]).[56] Dit was asof die kwessie van rasse-aangeleenthede in Suid-Afrika in 'n groot mate op die agtergrond geskuif het. Verslag is gedoen van die besoek van die IK in Desember 1988 asook van die Vereenigingberaad in Maart 1989.[57] Ook is daar kennis geneem van KS 1990 en die Rustenburgberaad. Tog is daar deur die IK spyt uitgespreek "...that the condemnation of apartheid in this evaluation by the DRC still contains some ambiguities, since apartheid is nowhere rejected in an unqualified manner." (Acts REC 1992: 187,189). In die verslag van Advieskomitee VIII[58], wat tydens die vergadering voorgelê is, vereenselwig die komitee hom eenparig met punt 2 van die *Getuienis van Vereeniging* as hul basiese verstaan ten opsigte van die kwessie van apartheid. Dit lui:

> "We say clearly and unequivocally that we regard apartheid in all its forms as a sin, as contrary to and irreconcilable with the Gospel of Jesus Christ. We agree that apartheid in all its forms cannot be reformed, but must be totally eradicated from the life of the South African nation and church."

Die volgende paragraaf van die verslag is baie belangrik:

> "The delegates from the DRC felt strongly that they require a definition of apartheid[59] beforehand, the reason being: the DRC Synod policy statement,

---

[55] Die Ned Geref afvaardiging het uit die volgende persone bestaan: As stemgeregtigdes, proff Pieter Potgieter, Johan Heyns, Piet Meiring, dr Talbot Sadler en nie-stemgeregtigdes, proff Danie du Toit en Hermie van Zyl. Meiring is tydens die vergadering as lid van die IK verkies (Acts REC 1992: 56,58).

[56] Ds Evert Overeem vertel dat hulle as afgevaardigdes van die GKN het gevoel hulle word tweemaal veroordeel. Dit was net-net dat hulle lede van die GER gebly het (1998: [ ]). Heyns het 'n referaat met die titel *Some Remarks on the Process of Contemporary Ethical Dicision-Making* by die GER gelewer waarin hy sê: "....mankind has been created male and female tot the image of God, so that the mascilinity and femininity of human beings must equally be understood as normative." Hy wys die GKN se aanspraak op die aanvaarbaarheid van homoseksualiteit af. Die verslag van die IK gee Heyns gelyk en stel dit soos volg: "We believe Professor Heyns' position, and not the GKN's to be conforming with the REC's confessional basis." (Acts REC 1992: 96).

[57] Ten opsigte van 'n soortgelyke beraad wat vir die GKSA in die vooruitsig gestel is, is gerapporteer dat dit nie deur die IK gereël kon word nie aangesien dié kerk sy lidmaatskap van die GER onttrek het (Acts REC 1992: 190).

[58] Die Advieskomitee VIII het uit die volgende persone bestaan: J Chen (moderator), W Cilliers (woordvoerder), M J van der Veen-Schenkeveld, P C Potgieter, J A Heyns, N S Nefefe, K Moodley, S P E Buti, C F van der Merwe, T A Mofokeng, Y A Chienda (Acts REC 1992: 164,165).

[59] Potgieter en Heyns het in die komiteebespreking gesê dat heelwat mense in Suid-Afrika die vraag vra: "As ek apartheid verwerp, verwerp ek daarmee ook my eie identiteit en kultuur, draai ek my rug op my Afrikaanse taal en afkoms?" Op grond van dié vrese het die GER volgens *Die Kerkbode* eenstemmig

> *Church and Society 1990*, attempts just that, in circumscribing apartheid and then rejecting it as a sinful ideology and practice. The DRC delegates hold that this action of the Synod indeed amounts to an unequivocal rejection of apartheid." (Acts REC 1992: 160,161).

Dit is dus duidelik dat Potgieter en Heyns, na wie hierbo verwys word, by wyse van hierdie verslag hulle instemming met die onvoorwaardelike verwerping van apartheid betoon het en KS 1990 vir die doel op hierdie tydstip ook so geïnterpreteer het. Die GER het uiteindelik op hierdie punt die volgende aanbevelings aanvaar:

> "The Assembly amends and accepts Recommendation 3 to read:
>
> 'All member churches of the REC rejects apartheid unequivocally in all its ideological, politico-economic and religious manifestations as essentially and fundamentally a sin.'
>
> The Assembly also receives a new recommendation namely,
>
> 'The Assembly declares that the theological justification of apartheid is a heresy (i.e. it is in conflict with the Bible).' The Assembly accepts the same." (Acts REC 1992: 166).

Wat die GER aanbetref het al sy lidkerke, insluitende die Ned Geref Kerk, apartheid dus onvoorwaardelik verwerp. Nêrens is daar 'n aanduiding dat Heyns of enige van die ander Ned Geref-afgevaardigdes 'n teenstem aangeteken het nie. Dit was egter in stryd met die Ned Geref Kerk se afvaardiging se verklaring by die Vereenigingberaad en die Ned Geref kerk se standpunt in KS 1990 ten opsigte van apartheid. Tydens die Algemene Sinode van 1994 is op hierdie punt gerapporteer dat die voorstelle wat in hierdie verband voor die GER gedien het (sonder dat dit in die verslag aangehaal is) "verassend min teenkanting uitgelok" het. Die verslag lui verder: "Die Ned Geref Kerk-afgevaardigdes kon, met die besluite van die Sinode van 1990 agter hulle, met vrymoedigheid vir die besluite stem." (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 29,429).

---

verklaar: "Die vergadering verseker alle lidmate van die NGK, wat nog voorbehoude oor die onvoorwaardelike verweping van apartheid as sonde het, dat so 'n verweping van apartheid nie hulle eie kulturele waardes in gevaar stel nie. Dit beteken egter nie dat ook daardie waardes aan die kritiese lig van die Skrif onderwerp moet word nie." (12 Junie 1992e: 1).

Met die aanvaarding deur die Sinode van 1994 van die verslag oor die GER se besluite by Athene en die besluit om lidmaatskap van die GER voort te sit, het daar dus ongemerk 'n skuif plaasgevind, naamlik dat 'n persepsie daargestel is dat die Ned Geref Kerk apartheid ongekwalifiseerd verwerp het terwyl sy amptelike standpunt steeds dié van KS 1990 is. Die betekenis van hierdie verskil kan nie onderskat word nie, aangesien die besluite waartoe die Ned Geref Kerk by wyse van KS 1990 gekom het met groot moeite en interne stryd en selfs skeuring gepaard gegaan het. Ook weerspieël dit in 'n groot mate wat in die harte van die kerk se lidmate geleef het en in 'n groot mate nog leef. Dit is waarskynlik om dieselfde rede dat daar so 'n groot traagheid by Ned Geref Kerklidmate en predikante is om die Belydenis 1986[60] te aanvaar, aangesien die meerderheid lidmate in hulle harte nie daarvan oortuig is dat apartheid in alle opsigte verkeerd was nie. Hier is dit steeds die kwessie van eenheid en verskeidenheid van die menslike ras, beide as Skriftuurlike werklikhede, wat aan die een kant by sommige op voetspoor van Kuyper as 'n teenstelling funksioneer en so hanteer is, dat die verskeidenheid ten koste van die eenheid beklemtoon was (vergelyk onder andere J D Vorster, F J M Potgieter en A P Treurnicht). Aan die ander kant is daar diegene wat die eenheid ten koste van die verskeidenheid beklemtoon. Die Belydenis 1986 het juis ontstaan in geledere (vergelyk onder andere J J F Durand) wat apartheid verwerp omdat dit van die onversoenbaarheid van mense as fundamentele basis uitgaan. Hier tref mens egter 'n onderwaardering vir die verskeidenheid van volke met eiesoortige bedieningsbehoeftes aan. Die ekumeniese beleid van die Ned Geref Kerk bring die behoefte aan onderhandelinge onder die aandag as dit lui: "Vir die Ned Geref Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika is daar egter 'n behoefte aan dringende onderhandelinge oor duidelike uitdrukking van die eenheidsband

---

[60] Die Belydenis 1986 is nie deur die GER as deel van sy belydenisgrondslag aanvaar nie. Alhoewel die meerderheid van die afgevaardigdes ten gunste daarvan was, kon die vereiste twee-derde meerderheid, wat vir 'n konsitusiewysiging vereis word, nie deur stemming verkry word nie (Acts REC 1992: 156). 'n Bydraende faktor waarom die GER nie die Belydenis 1986 aanvaar het nie, was waarskynlik die feit dat die NGSK reeds vantevore uit die GER onttrek het (Acts REC 1992: 89,90). Koffeman vertel dat Heyns na die Belydenis 1986 verwys het as "'n pragtige dokument", maar of die GER dit moet opneem weet hy nie, omdat die NGSK nie meer lid van die organisasie is nie en of die Belydenis 1986 'n belydenisskrif genoem kan word, twyfel hy. Aldus Koffeman. Die rede waarom die NGSK uit die GER onttrek het, meen Koffeman, is omdat die Ned Geref Kerk 'n lid gebly het. Die NGSK was, volgens hom, van mening dat die Ned Geref Kerk die GER gebruik om sy eie posisie te versterk. In 1994 het die NGKA ook onttrek (16 Junie 1998: [ ]). Van der Veen-Schenkeveld is van mening dat dit steeds die stigterskerke van die GER is, naamlik die *Christian Reformed Church in North America*, die *GKN* en die *Ned Geref Kerk*, wat die organisasie dra. Om dié rede kan die betrokke kerke nie eintlik die organisasie verlaat nie, al was die GKN en die Ned Geref Kerk op 'n stadium saam in die beskuldigdebank (30 Junie 1998: [ ]).

selfs waar voorsiening gemaak word vir kulturele verskeidenheid en bedieningsbehoeftes." (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 63). Die beklemtoners van die eenheid, sowel as die beklemtoners van die verskeidenheid sal waarskynlik verder moet teruggaan as die apartheidsgeskiedenis wat op die kerke in Suid-Afrika so 'n duidelike stempel op albei kante afgedruk het, ten einde Skriftuurlike harmonie tussen eenheid en verskeidenheid te vind.[61] Diegene wat die Belydenis 1986 as voorwaarde vir kerkeenheid in die Familie van Ned Geref Kerke stel, sal waarskynlik 'n tree terug moet gee deur op een of ander manier ruimte vir verskeidenheid en bedieningsbehoeftes te maak, sonder om sulke aansprake onmiddelik as 'n voortsetting van apartheid of nuwe apartheid te sien. Die afskeid van apartheid het verskeidenheid en bedieningsbehoeftes nie laat verdwyn nie. In samehang met eenheid, geregtigheid en versoening, sal voorstelle oor die akkommodering van verskeidenheid en bedieningsbehoeftes op een of ander manier in die Belydenis 1986 opgeneem moet word. Die bogenoemde punt van verskil is steeds 'n groot struikelblok op die weg van kerkeenheid, wat sedert die Vereenigingberaad in 1989 'n uitgesproke ideaal van al die lidkerke van die Familie van Ned Geref Kerke is. Ook die GER het dit by Athene weer op dié kerke se hart gedruk met die besluit: "That the Assembly encourage the DRC, DRCMA, DRCA and RCA in South Africa to seriously and with commitment work together to bring about the Church unification they have all dicided in favor of." (Acts REC 1992: 166).

Heyns het in 1992 sy *Inleiding tot die Dogmatiek* gepubliseer waarin hy die inleidingsvraagstukke ten opsigte van die vak *Dogmatiek* aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel. Onder artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat oor *Die Algemene Christelike Kerk* handel, behandel Heyns onder andere die eenheid van die kerk, waar hy sê dat die eenheid nie as 'n "onsigbare geestelike werklikheid" afgemaak mag word nie, maar dit moet 'n "sigbare werklikheid"

[61] Crafford stel aan Heyns die vraag of dit geregverdig is om etniese verskeidenheid selfs as 'n voorsieningheidsordening van God te sien en of dit eerder as 'n praktiese realiteit gesien moet word (1994: 81). Heyns antwoord dat hy in sy *Teologiese Etiek* probeer aantoon het dat volkereverskeidenheid seker nie as 'n skeppingsgegewene gesien kan word nie, maar dat dit onder die voorsienige leiding van God in die gang van die geskiedenis tot stand gekom het. Hoewel sondige menslike motiewe en sondige dade ten opsigte van etniese verskeidenheid nie uitgesluit kan word nie, beteken dit volgens Heyns nie dat dit nie 'n bepaalde betekenis het waarmee daar nie deeglik rekening gehou moet word nie. Heyns beskou dit egter nie bloot as praktiese realiteit nie (1994f: 168).

wees (1992b: 328). Vroeër in dieselfde jaar bespreek Heyns die poging tot eenwording van die NGSK en die NGKA waar hy tot die slotsom kom dat sigbare kerkeenheid tussen die Familie van Ned Geref Kerke "'n opdrag van die Koning van die Kerk is." (14 Februarie 1992d: 4).[62] Jonker merk op dat waar Heyns vroeër apartheid as bepaalde gehoorsaamheidsmodel kon verdedig, staan hy teen 1989 krities daarteenoor. Hy het ook anders as vroeër begin dink oor die eenheid en katolisiteit van die kerk (1996b: 94). Teen 1988 skryf Heyns nog: "Afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe is nie in beginsel verkeerd nie, mits natuurlik ook aan die eenheid van die kerk konkreet-sigbare uitdrukking gegee word." (1988: 331). Teen 1992 skryf Heyns onder die opskrif *Pluriforme katolisiteit*: "Wanneer die objektiewe waarheid in die subjektiewe bewussyn geformuleer en beleef moet word, tree 'n verskeidenheid van vorme na vore. Hierdie ryke verskeidenheid kan die kerk nie in sy verskyningsvorm ignoreer nie, maar moet dit akkommodeer. Dit moet volgens Heyns *"binne dieselfde kerk"* geakkommodeer word, met ander woorde sê hy: "die verskeidenheid hóéf nie uit te loop op die vorming van verskillende kerke nie." Waar die verskeidenheid volgens Heyns binne dieselfde belydenis en binne dieselfde kerk tot afsonderlike kerkstigting lei, "word verskeidenheid verskeurdheid en kan dit as sonde voor God nooit geregverdig word nie." (1992b: 331,332).[63] Dit is op hierdie punt dat Heyns sê dat daar sekere sentimente en waarderinge ten opsigte van Abraham Kuyper by prof F J M Potgieter was, wat hy nie met hom gedeel het nie (Meiring 1994a: 179). Dit het hy tydens die teologiese dag, wat vir hom in Oktober 1993 by die UP ten tye van die aanvaarding van sy emeritaat gehou is, gesê. Sy veranderde standpunt oor die strukturele eenheid van die kerk is hier van belang. Hy sê Kuyper het "dieselfde beginsel wat ons by die pluriforme katolisiteit behandel het, naamlik dié van die subjetiewe verstaan en belewing van die evangelie, ingesien en verdedig. Maar dan met één groot verskil. Ons het gepraat van pluriformiteit *in* dieselfde kerk, Kuyper praat van pluriformiteit van verskillende kerke." Konkreet het dit, volgens Heyns, vir Kuyper beteken: "'n kerk vir elke ras, elke volk, elke konfessionele

[62] Vergelyk Heyns se verandering van standpunt oor strukturele kerkeenheid vóór en ná die Algemene Sinode van 1990 soos in hoofstuk vyf bespreek.

[63] Heyns maak homself ook by herhaling duidelik oor die posisie van kerke as hy sê dat daar konfessionele verskille tussen kerke bestaan wat hy *interkonfessionele* verskille noem, soos tussen Rooms Katolieke Kerk en die Protestantse kerke. Tussen die drie Afrikaanse Susterskerke bestaan egter net wat hy noem *intra-konfessionele* verskille wat nie drie afsonderlike kerke regverdig nie (1992b: 331).

groepering, ja, 'n kerk vir elke groep wat uit innerlike aandrang 'n eie kerk wil stig." Hierop sê Heyns: "Geen wonder dat Kuyper vir sy beskouing oor die pluriformiteit van die kerke telkens van biologiese en organiese beelde gebruik maak nie." Heyns sit sy kritiek op Kuyper voort deur te sê dat hy nie van waarhede gebruikmaak wat hy in die Skrif vind nie, maar in die natuur. Gevolglik dra Kuyper, volgens Heyns, 'n stuk natuurlike teologie in sy kerkbeskouing in (1992b: 334,335). Hiermee sluit Heyns na dertig jaar by onder andere Jonker en Durand aan ten opsigte van die afwys van elemente van natuurlike teologie in die Afrikaanse volksteologie.

In Augustus 1992 verdedig Heyns sy en Meiring se betrokkenheid om op uitnodiging van die SARK, om politieke konfrontasie te help ontlont. Dit het uit 'n voorval gespruit waar die ANC-alliansie gedurende Julie 1992 massa-aksie in die land beplan het. Sy prinsipiële vraag is of met die SARK saamgewerk moet word of nie. Die feit dat die Ned Geref Kerk besluit het om, ten spyte van teologiese verskille met die SARK, aansoek om waarnemerstatus by dié liggaam te doen, was vir Heyns die groen lig dat hy en Meiring reg opgetree het om die uitnodiging te aanvaar, selfs al was die bogenoemde status op daardie stadium nog nie toegestaan nie. Hy haal die redakteur van *Beeld* ter ondersteuning van sy argument aan, wat ten opsigte van die betrokke gebeure skryf dat kerkleiers deur bemiddelende en versoenende optrede kan help om brûe tussen verskillende organisasies te bou. Dit sou volgens *Beeld* die kerkleiers se geloofwaardigheid by meer sektore van die samelewing verhoog. Heyns was die soort persoon wat hom nie twee maal sou laat nooi nie, omdat hy oortuig was dat geleenthede soos hierdie aangegryp moes word (14 Augustus 1992h: 5).[64] Vantevore het hy al in die

---

[64] Intussen het gesprekke tussen die Ned Geref Kerk en ander kerke op dreef begin kom. Die Ned Geref Kerk het die *Anglikaanse Kerk* op 18 Junie 1991 in 'n historiese eerste ontmoeting ná Cottesloe vergader toe die twee amptelike afvaardigings, dié van die Ned Geref Kerk onder leiding van prof Pieter Potgieter, (waarvan Heyns ook deel was) en dié van die Anglikaanse kerk onder leiding van aartsbiskop Desmond Tutu mekaar ontmoet het. Potgieter was van mening dat hulle begrip daarvoor getoon het dat die Ned Geref Kerk apartheid gedefinieër het en nie ongekwalifiseerd verwerp het nie (Beeld: 19 Junie 1991e: [ ]). Die ASK-verklaring van Maart 1988, soos vroeër genoem, wat daartoe gelei het dat samesprekings met die Anglikaanse Kerk, wat op daardie tydstip sou plaasvind, skipbreuk gely het, het ook weer ter sprake gekom (Die Kerkbode 28 Junie 1991k: 12). In sommige gevalle was nuwe gesprekke nie so maklik nie. Die *African Methodist Episcopal Church* se *19th Episcopal District's Leadership Congress* het aan die einde van 1990 besluit om die Amerikaanse biskoppe van dié kerk te adviseer om nie aan Heyns 'n platform te gee om met hulle te praat, alvorens daar nie eers met dié kerk in Suid-Afrika self gepraat word nie (New Nation 11 January 1991: [ ]). In die geval van die *Rooms-Katolieke Kerk* het daar egter op 10 Junie 1991 ook 'n

rubriek *Godsdiens Aktueel* in *Beeld* geskryf dat bywoning van byeenkomste van verskillende aard "waar brûe gebou kan word" vir Suid-Afrikaners ál belangriker word (Heyns 19 Maart 1991b: [ ]).

Terwyl gesprekke met ander kerke een-vir-een vir die Ned Geref Kerk 'n werklikheid begin word het, het die deur terug na die WBGK steeds toegebly. Die WBGK-vergadering te Ottawa wat die Ned Geref Kerk en die NHK[65] in 1982 ten opsigte van lidmaatskap geskors het, het drie vereistes gestel, wat as dit nagekom sou word, die lidmaatskap van dié kerke heroorweeg word. Die drie vereistes was: "a. Black Christians are no longer excluded from church services, especially from holy communion. b. Concrete support in word and deed is given to those who suffer under the system of *apartheid* ('seperate development'). c. Unequivocal synod resolutions are made which reject *apartheid* and commit the church to dismantling this system in both church and politics." (Opocenski 1993: 5). Volgens Bax het hierdie besluit die Ned Geref Kerk verplig om, hoewel onwillig, sy steun aan apartheid te heroorweeg (1989: 73). Die WBGK se Algemene Vergadering in Seoel het in Augustus 1989 egter besluit om nie die skorsing van die Ned Geref Kerk op te hef nie aangesien dit hulle oortuiging was dat dié kerk met KS 1986 nog nie aan die bogenoemde vereistes voldoen het nie (Handelinge

---

historiese ontmoeting plaasgevind. Die Ned Geref Afvaardiging wat deur Potgieter gelei is en verder uit Heyns, Gaum, Hattingh en Rossouw bestaan het, het aartsbiskop Peter Buthelezi van Bloemfontein, wat die Rooms-Katolieke afvaardiging gelei het, ontmoet. Vader Bonaventure Hinwood van die St John Vianney-Kweekskool in Pretoria was deel van die Rooms Katolieke Kerk-afvaardiging (Beeld: 11 Junie 1991d: [ ]). Hinwood en Heyns was goeie vriende en het nie ver van mekaar in Pretoria gewoon nie. Hulle het mekaar aanvanklik by die *Dogmatologiese Werkgemeenskap* ontmoet. Heyns kon, volgens Hinwood, hom as klankbord gebruik omdat hy 'n "buitestaander" was. Hy het Heyns as iemand beleef wat eerlik na 'n Christelike siening in elke situasie gesoek het. In dié opsig was Heyns volgens Hinwood 'n kontekstuele teoloog, byvoorbeeld pragmaties oor apartheid, maar tog iemand wat beginselsake vooropgestel het (13 Augustus 1997: [ ]). Heyns skryf oor sy aanvanklike kennismaking met 'n lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk (lank vóór hy Hinwood ontmoet het): "Ek was ongeveer 20 jaar oud toe ek vir die eerste keer persoonlik 'n Rooms-Katolieke student ontmoet het en indringend gesprekke met hom kon voer. Opgegroei in 'n kerk wat in daardie stadium selfs 'n kommissie gehad het vir die "Bestryding van die Roomse gevaar," het ek my die vreeslikste dinge van 'n Katoliek voorgestel. Daarom was ek stom verbaas dat hy my kon meedeel, op 'n vraag van my aan hom, dat hy glo dat Jesus Christus hom tot die priesterskap geroep het, nadat ek aan hom dieselfde moes meedeel ten opsigte van my roeping om predikant te word. Ek het die indruk gekry dat hy ook van my as Protestant allerlei vreemde voorstellinge gehad het." (19 Maart 1991b: [ ]).

[65] Die NHK het in 1982 sy bande met die WBGK verbreek. Die Ned Geref Kerk kon by die Algemene Sinode van 1982 nie 'n twee-derde meerderheidstem verkry om uit dié organisasie te tree nie en het gevolglik 'n geskorsde lid gebly (Die Kerkbode 5 Maart 1993b: 1), (vergelyk ook hoofstuk vier).

Ned Geref Kerk 1994: 31).[66] Die Algemene Sinode van 1990 het besluit om sy teleurstelling ten opsigte van die Seoel-besluit te boekstaaf en om KS 1990 aan die WBGK te stuur met die dringende versoek dat hulle dit evalueer, maar nie sonder gesprek met die Ned Geref Kerk nie (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 550). Hierdie gesprek het plaasgevind toe die Ned Geref Kerk genooi is om van 3 tot 5 Maart 1993 die WBGK-konsultasie[67] in Johannesburg by te woon. Die Ned Geref-afvaardiging wat uit Potgieter, Heyns, Gaum en Meiring bestaan het (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 31), het op 'n gunstige ontvangs gehoop. Heyns het vantevore reeds gesê sedert Boesak, die vorige president van die WBGK, vervang is en daar 'n nuwe algemene sekretaris gekom het, was daar 'n "gunstige verandering in die WBGK." Dit was vir hom "hoopvolle tekens." Heyns was van mening dat die Ned Geref Kerk nog sy getuienis in die WBGK kon lewer. Sedert die voorsitter van die WBGK in 1982 "uit die geledere van die NG Sendingkerk gekom het" is buitelanders, volgens Heyns, gereeld gevoed met inligting wat nie altyd met die werklikheid in Suid-Afrika geklop het nie (Die Volksblad 18 Oktober 1990b: 13). Reeds by 'n vorige geleentheid, toe die Suid-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke op 15 April 1991 in Mamelodi bymekaar gekom het, het hulle besluit om die status quo, wat die Ned Geref Kerk se skorsing aanbetref, te handhaaf totdat die voorwaardes, wat die WBGK daargestel het, nagekom is (Die Kerkbode 19 April 1991g: 1). Dr Heinz Joachim Held van die EKD het egter op sy beurt in 'n brief van aanmoediging en bemoediging aan die moderamen van die Ned Geref Kerk geskryf dat die hoop daar is dat die Ned Geref Kerk met die WBGK-konsultasie, op grond van die gebeure ná die Algemene Sinode by Rustenburg en Athene, aan die WBGK-kriteria van 1982 sal kan voldoen. Hy het dit só gestel: "Sie lassen in uns die Hoffnung aufkommen, daß sich die in der Resolution "Rassismus und Südafrika" der Generalversammlung der Reformierten Weltbundes, Ottawa, 1982, festgelegten Kritieren für eine Rückkehr der Niederländische Kirche in der Reformierten Weltbund zu erfüllen beginnen." (24 Februar 1993: 1,2). 'n Gebeurtenis

[66] Heyns het op navraag gesê dat die Ned Geref Kerk nie 'n uitnodiging na die WBGK-vergadering in Seoel ontvang het nie en dus nie verteenwoordigers sou stuur nie (Beeld 27 Julie 1989: [ ]).

[67] Die WBGK-afvaardiging het uit sewe ampsbekleërs onder leiding van prof Jane Dempsey Douglass as president van die organisasie bestaan. Daarmee saam was die hele uitvoerende personeel, onder leiding van die algemene sekretaris dr Milan Opocenski, teenwoordig asook die uitvoerende komitee naamlik eerw Hugh Davidson, prof Pieter Holtrop en dr Ed Mulder. Hoofreferate is deur dr Karel Blei, prof Russel Botman, proff Pieter Holtrop, Jaap Durand en dr Beyers Naudé gelewer. Ook was verteenwoordigers van al die lidkerke (13) van die WBGK van die Suider-Afrikaanse streek teenwoordig (Opocenski 1994: 5,95,96).

wat 'n beduidende invloed op die WBGK-konsultasie gehad het, was 'n konferensie tussen die vier moderature van die Ned Geref Kerkfamilie wat op 17 Februarie 1993 in Bloemfontein gehou is. 'n Waarnemer van die WBGK het dit bygewoon[68] en die NGSK en NGKA het in elk geval hulle gevolgtrekkings ná dié konferensie aan die WBGK-afgevaardigdes oorgedra. Die Ned Geref Kerkfamiliekonferensie was volgens *Die Kerkbode* 'n teleurstellende konferensie en daar is gesê dat dit "'n verassing sal wees indien die afvaardigings van die NGSK en die NGKA die hertoelating van die 'moederkerk' hartlik sal steun" (5 Maart 1993b: 1). Die kerke was oor een ding dit eens, naamlik dat nadat mense deur 'n politieke bestel van langer as veertig jaar van mekaar geskei is, word die gaping nie in een dag se konferensie oorbrug nie, skryf dr Pieter Fourie, redakteur van *Die Ligdraer* in *Die Kerkbode* terwyl die frustrasie by hom duidelik merkbaar is (5 Maart 1993: 5).[69] Vanuit 'n ander oord het die Raad vir Ekumeniese Sake van die NHKA laat blyk dat hulle met groot aandag na die Ned Geref Kerk kyk om te sien of dié kerk aan die "verdemonisering" van die Afrikaner gaan deelneem al dan nie. Volgens 'n verklaring in *Die Hervormer* sê hulle: "Hier word te kenne gegee dat ons voorgeslagte mense van bose wil was. Hulle het nooit die evangelie in hulle hart gehad nie." Volgens hulle is die bedoeling met die "boosheidsverklaring van apartheid" om "Afrikaners die morele reg te ontneem om in 'n toekomstige nuwe Suid-Afrika gesagsposisies in te neem." Van die kant van die Ned Geref Kerk is daarop gewys dat

---

[68] Die waarnemer was dr Hermann Shaefer. Hy vertel dat Potgieter nie 'n buitestaander daar wou gehad het nie maar het hom toegelaat met die woorde dat hy jammer is dat die grootste deel van die vergadering in Afrikaans sou plaasvind. Volgens Shaefer kon hy verstaan wat daar gepraat word (17 Junie 1998: [ ]).

[69] Dr Pieter Fourie se indrukke van die moderatuurskonferensie van 17 Februarie 1993 te Bloemfontein gee 'n goeie perspektief op die verhouding oor 'n tydperk tussen die kerke in die Ned Geref Kerkfamilie: "Die NG Kerk wil hê dat die jonger kerke nou oor modelle vir kerkvereniging moet praat. Die jonger kerke sê: 'Ons wil dit ook doen. Maar eers wil ons van julle weet: 'Alles wat julle aan ons gedoen het deur apartheid, so met die Bybel en al in die hand, erken julle nou dat dit sonde was, ja, dat julle Bybelse regverdiging daarvan teologiese kettery was?' Die NG Kerk sê: 'Maar hoeveel keer moet ons dit dan nóg sê? Hier staan dit dan in *Kerk en Samelewing* (daardie einste dokument waaroor baie by ons weggeloop het), Paragraaf 283: 'Ons het fouteer deurdat ons ons nie gouer van die siening dat gedwonge skeiding 'n eis is gedistansieer het nie'. Dit was 'n leer dwaling aan ons kant.' Die NG Sendingkerk en sy lotgenote antwoord: 'Julle wil nie regtig erken dat apartheid boos was en ons tot in die kern van ons menswees aangetas het nie. Omdat julle te trots is om dit te bely (en te bang is vir die verdere klomp lidmate wat reg sit om weg te loop, as 'n mens jou moet steur aan die oproer destyds rondom Willie Jonker), skuil julle agter die verskoning van 'gebind aan sinode besluite'. Julle alewige afgetrokke aanhalery uit 'n (vir ons gediskrediteerde) dokument oor dié emosionele saak, lyk altevol na 'n man wat met sy vrou stry gehad het, en daarna vir sy verskoning haar na 'n spesifieke paragraaf in hulle huwelikskontrak verwys.' Die NG Kerk sê: 'Julle soek nou net struikelblokke waar hulle nie bestaan nie.' En so skree ons van weerskante die kloof af na mekaar toe, en ons hóór nie wat die een vir die ander wil sê nie." (5 Maart 1993: 5).

daar ongetwyfeld vrome Christen-Afrikaners was wat geglo het dat die oplossing vir ons samelewingsprobleme langs die weg van apartheid gesoek moet word. Daar was ook selfsugtige motiewe by sommige wat nie ontken kan word nie. Die Ned Geref Kerk is egter nie bereid om mee te doen aan 'n algemene "verdemonisering" van 'n vorige geslag nie. Dié kerk wil graag weer 'n volle lid van die WBGK word omdat dit die grootste en oudste wêreldwye gereformeerde ekumeniese liggaam is (Die Kerkbode 4 Junie 1993g: 1). Gaum sê by wyse van voorbeeld soos wat 'n mens, as jy internasionaal rugby wil speel, lidmaatskap van die Internasionale Rugbyraad moet hê (dieselfde geld vir krieket en sokker en die internasionale handelsorganisasies), so wil die kerk deel hê aan organisasies wat iets van die wêreldwye gemeenskap van gelowiges en die eenheid van die kerk wil uitdruk. In dié lig was dit nog altyd vir die Ned Geref Kerk belangrik om aan ekumeniese liggame soos die GER en die WBGK te behoort (Die Kerkbode 5 Maart 1993c: 4).

Die konsultasie van 3 tot 5 Maart in Johannesburg was vir die Ned Geref afvaardiging ongetwyfeld 'n baie moeilike vergadering. Hulle het die vergadering daarop gewys dat die Ned Geref Kerk in die elf jaar van skorsing steeds "volledig kerk" was en in dié tyd KS 1986 en 1990 sonder die hulp en pastorale ondersteuning van die WBGK opgestel het. Hulle glo dat hulle aan die vereistes van 1982 voldoen en wil daarop wys dat dit nie vanselfsprekend is dat die Ned Geref Kerk onbepaald op hertoelating kan wag nie (Die Kerkbode 12 Maart 1993d: 1). 'n Stroom van erge kritiese referate het gevolg. Dr Karel Blei het aangedui dat die *status confessionis* van 1982 en die WBGK se bevestiging daarvan in Seoel 1989 steeds hulle vertrekpunt is. Saam met die woord *kettery* wat hulle baie bewustelik gebruik het, dui apartheid vir hulle op 'n valse doktrine waarvoor daar geen plek in die kerk is nie (1993: 17,18). Prof Jane Dempsey Douglass het melding gemaak van die ongunstige beoordeling van KS 1986 en 1990 deur die WBGK se uitvoerende komitee, sowel as die Ned Geref-afvaardiging se onvermoë om die *Testimony of Vereeniging* van 1989 en die *Rustenburg Declaration* van 1990 te onderskryf (1993: 13,14). Prof Pieter Holtrop het daarop voortgebou deur uit te wys hoe die Ned Geref Kerk hom van alle besluite ten opsigte van apartheid gedistansieer het behalwe wanneer sy eie definisie daarvan, soos in KS, as basis van die besluit geneem is.

Alles moet, sê Holtrop, volgens die Ned Geref Kerk in die lig van KS beoordeel word.[70] Hy kom tot die gevolgtrekking dat Afrikanervrese tot hierdie standpunt van die Ned Geref Kerk gelei het maar dat daar 'n punt kom wanneer nie meer na die volk geluister moet word nie, maar dat mens God méér gehoorsaam moet wees as mense. Daarmee saam sê hy dat die verwerping van apartheid nie beteken dat iemand as Afrikaner verwerp word nie. Hy sê: "Rather it is to reject the idea (and the ideal) that being an Afrikaner *defines* your humanity, instead of shaping it." Hy sê verder: "Differentiation is not a God-given order, integration not a trespassing of that order." (1993: 48,53,59). Prof Russel Botman noem die klem op kulturele verskeidenheid "cultural positivism" wat, volgens hom, die basiese kenmerk van KS 1990. Hy sê: Where one is committed to such a cultural positivism, an unequivocal rejection of *apartheid* is impossible." Op 'n kritieke punt merk Botman op: "In my opinion, it was a mistake for *Church and Society 1990* to take the cultural diversities of South Africa as its point of entry to respond to the declaration of a *status confessionis* on *apartheid*. It cannot authentically address the matters of faith with which WARC confronted the DRC." (1993: 45-47). Prof Jaap Durand het die perspektief gebring dat rasisme nie net 'n sonde is wat eksklusief tot die Afrikaners of blankes behoort nie. Verder het rassisme, volgens hom, die misleidende manier om homself te masker, daarom is dit so moeilik om dit uit te wis, nie net in 'n mens se private lewe nie, maar ook in die openbare lewe van die kerk. Hy sê: "The *open manifestation of racism in the public life of the church* however, cannot be tolerated as 'n 'weakness of the flesh'. A decisive move must be made." (1993:65,66). Dr Beyers Naudé het in sy referaat onder andere die besware wat die moderature van hoofsaaklik die NGSK, NGKA soos wat dit op die konferensie van 17 Februarie 1993 in Bloemfontein na

---

[70] In antwoord op Potgieter en Heyns se verwysing in Athene, soos vroeër in die hoofstuk na verwys, dat daar by die Afrikaner die vrees bestaan dat die verwerping van apartheid daartoe sal lei dat hy sy eie taal en kultuur sal moet verwerp, gee Holtrop 'n uitgebreide bespreking van sy verstaan van die Afrikaner se hantering van pluriformiteit aan die hand van Genesis 11 soos dit onder andere in beleidsdokumente van die Ned Geref Kerk na vore gekom het. Die dokumente waarna hy verwys het is: *Die Sendingbeleid van die Ned Geref Kerk van 1935; Rasse- en nasionale apartheid in die lig van die Skrif (Transvaalsel Sinode) in 1948; Naturellevraagstuk in 1950; RVN 1974.* Hy vergelyk KS 1990 met hierdie denkwyse en vind dat daar merkwaardige veranderinge in dié dokument waar te neem is. Hy betwyfel egter of daar 'n werklike "paradigmaskuif", soos Heyns dit noem, plaasgevind het. Hy sê: "Why does it still stress the Afrikaner people's right to defend their own values, the culture and group? Is the DRC not aware that it is precisely the insistence on being an Afrikaner, not to be contaminated from other cultural influences, that has been the heart of 50 years of oppression? Secondly, how can 'n church call itself a true heir of Calvin when it uncritically operates within the parameters of what 'reality' dictates?" (1993: 55-59).

vore gekom het, voorgedra.[71] Hy som dit in vier punte op naamlik eerstens skuldbelydenis deur die Ned Geref Kerk, wat nie 'n ongekwalifiseerde verwerping van apartheid insluit nie, is onvoldoende. Tweedens dat daar 'n diepgewortelde wantroue van die kerke jeens die Ned Geref Kerk bestaan vanweë dié kerke se motiewe, besluite, voorstelle en optredes. Derdens het die predikante wat lede van die AB is min of geen besef van die mate van wantroue wat hul lidmaatskap in die harte van baie predikante in die NGSK en NGKA veroorsaak. Op hierdie punt kom ons aanstons terug. Vierdens het die kerke probleme met die aandrang van die Ned Geref Kerk dat modelle vir kerkvereniging in die kerkverenigingsproses oorweeg moet word. Naudé het ook gesê dat die NGSK, die NGKA en die WBGK moet erkenning gee aan die skuif, hoewel onvoldoende en onbevredigend, wat daar wel in die Ned Geref Kerk plaasgevind het (1993: 67-69). Ter opsomming van die boodskappe wat van die referente na die Ned Geref Kerk uitgegaan het, het Douglass en Opocenski 'n ope brief aan die WBGK lidkerke in Suid Afrika gerig. In die lig van die *status confessionis* en die uisprake oor die teologiese regverdiging van apartheid as kettery, stel hulle in die brief: "It is a matter of life and death. If you defend the system of *apartheid* your salvation is in jeopardy." (An open letter to WARC Member Churches in South Africa 1993: 78). In terme van hierdie woorde kan dit nie anders verstaan word as dat iemand wat die apartheidsbeleid ondersteun, se saligheid in gedrang is nie. Nog nêrens gedurende die hele pad wat met apartheid gekom is, is die lidmate van die Ned Geref Kerk en andere in sulke duidelike terme verdoem nie. Die Ned Geref Kerk sou moes waak dat hy inderdaad nie aan die "verdemonisering" van die Afrikaner sal deelneem soos die NHKA gewaarsku het en soos hy verklaar het hy nie sal doen nie. In *Die Kerkbode* is gerapporteer dat die konsultasie veral op die derde dag egter 'n positiewe wending gehad het toe die Ned Geref-afvaardiging 'n antwoorddokument[72] op die kritiek ingedien het. Almal was dit volgens dié blad eens dat die lakmoestoets vir die Ned Geref Kerk se verwerping van rassisme en "apartheid" geleë was in die mate wat hy hom vir die eenheid in die Ned Geref Kerkfamilie sou beywer (12 Maart 1993d: 1). Nadat 'n oorsig van die Ned Geref

---

[71] Naudé was self nie by die konferensie in Bloemfontein teenwoordig nie, maar volgens hom het hy hom goed op hoogte van die inhoud daarvan gestel (1993: 67).

[72] Die Ned Geref Kerk-afvaardiging se antwoorddokument getiteld: *Response of the DRC Delegation* wat in die WBGK studiestuk ingebind is (1993: 75-77), is volgens Holtrop grootliks deur Heyns opgestel (8 Junie 1998: [ ]).

Kerk se weergawe van die proses sedert 1982 met inbegrip van talle positiewe dinge wat die kerk al gedoen het gegee is, het die dokument ten opsigte van die aandrang tot die ongekwalifiseerde verwerping van apartheid verklaar: "In our view, the general synod of the DRC did just that when it declared that racism is a grievous sin, that *apartheid* is an oppressive system and must be rejected as sinful, and that all forms of discrimination and suppression of peoples are to be condemned (Bloemfontein 1990)." Verder is dit gestel dat die Ned Geref Kerk tot die aftakeling van apartheid in kerk en politiek en tot eenheid in die Ned Geref Kerkfamilie verbind is met die instemming dat laasgenoemde die lakmoestoets sal wees. Die dokument eindig met die woorde: "We hope that these answers will satisfy the consultation that there has indeed been in the DRC's attitude towards issues like *apartheid* a 'fundamental shift' over the past years (as Dr Beyers Naudé put it yesterday), and that it will be possible for WARC to restore this church as a full member of the Alliance." (Response of the DRC Delegation 1993: 75-77). Toe die WBGK steeds nie die Ned Geref Kerk se lidmaatskap herstel het nie, het die Algemene Sinode van 1994 onder andere die besluit geneem "1. dat hy diep ongelukkig voel met die optrede van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) die afgelope jare wat die indruk wek dat die integriteit van die Ned Geref Kerk nie ernstig opgeneem word nie; 2. dat hy in alle beskeidenheid oordeel dat hy genoeg gedoen het sodat sy geskorsde lidmaatskap van die WBGK opgehef kan word; 3. dat die Ned Geref Kerk na twaalf jaar se pogings nie langer tevrede kan bly met 'n geskorsde lidmaatskap nie." (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 443).[73]

[73] Die Ned Geref Kerk se lidmaatskap van die WBGK is uiteindelik in 1998 herstel nadat die Algemene Sinode van 1998 'n gesamentlike verklaring onderskryf het, wat deur die Algemene Vergadering van die WBGK in 1997 in Debrecen Hongarye opgestel is en persoonlik deur dr Milan Opocensky aan die Sinode verduidelik is. 'n Pastorale brief van die drie-en-twintigste Algemene Vergadering van die WBGK in Debrecen aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het onder andere gelui: "...we still seek an official resolution from the DRC stating unequivocal rejection of apartheid. The proposed joint resolution, if approved by the DRC, would meet that last requirement." (Handelinge Ned Geref Kerk 1998: 41,412,413). Die WBGK was vertroud met KS 1990 en het ook die pas gepubliseerde *Verhaal van die Ned Geref Kerk se Reis met apartheid,* wat die ASK met die oog op die Waarheids- en Versoeningskommissie laat opstel het waarin Gaum 'n groot aandeel met die skryf daarvan gehad het, bestudeer. Die definisie wat in dié publikasie vir apartheid gegee word, was direk uit Heyns se *Teologiese Etiek 2/*2 p50 aangehaal (vergelyk Heyns se betrokke definisie van apartheid in hoofstuk vyf) (Reis met Apartheid 1997: 6). Die WBGK se brief lui: Even recent statements, including Journey with Apartheid of May 1997, suggests that the errors and sinful actions of *apartheid* reside more in the implementation of *apartheid* than in its fundamental nature." Dit was nie waarna die WBGK gesoek het nie. Die beskrywing van apartheid in sy pastorale brief is soos volg: "Because the very nature of forced seperation of people of differing races denies fundamental Biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God, teaching so

Die kwessie van lidmaatskap van die AB het in Februarie 1993 opnuut na vore getree, toe die saak tydens die moderatuurskonferensie van die Ned Geref Kerkfamilie in Bloemfontein op die agenda geplaas is (Die Kerkbode 26 Februarie 1993a: 6). Soos reeds genoem het dr Beyers Naudé[74] in die WBGK-konsultasie van Maart 1993 gerapporteer dat lidmaatskap van die AB van sommige Ned Geref predikante een van die sake is wat

---

central to the Christian faith that it cannot be denied by Christians without denying their Christian commitment, we still seek an official resolution from the DRC stating unequivocal rejection of *apartheid*." Ten opsigte van kettery sê die WBGK se pastorale brief: "'Heresy' is persistent and deliberate teaching of false doctrine after the error has been pointed out by the wider church. This term conveys WARC's conviction that the theological justification of apartheid was not simply an 'error' in stating doctrine or a disagreement in matters where there is freedom to disagree but rather a fundamental perversion and deformation of the heart of the Gospel." In die brief staan daar ook: "WARC does not presume to judge whether those who in the past taught the rightness of apartheid will be damned of saved. Reformed people leave the dead tot the merciful judgement of God." Hiermee is die WBGK se ope brief van 1993 se gewraakte woorde reggestel. Opocensky het verder aan die Sinode gesê: "We (WARC) have no authority and no intention to force you to adopt the Confession of Belhar. If you accept the joint Resolution of Debrecen – I repeat – tomorrow there will be no additional conditions and additional goalposts." 'n Amendament van M Smuts en P Coertzen is goedgekeur dat die Sinode die gesamentlike verklaring soos goedgekeur deur die WBGK aanvaar en dat die omskrywing van apartheid soos in die WBGK se pastorale brief aan die Sinode van toepassing is op die gesamentlike besluit. Die gesamentlike verklaring herbevestig die *status confessionis* wat die WBGK in 1982 uitgeroep het asook die oortuiging dat die teologiese regverdiging van apartheid kettery is. In die lig hiervan verseker die Sinode die WBGK dat hy apartheid as verkeerd en sondig verwerp, nie alleen ten opsigte van die effek en werking daarvan nie, maar ook ten opsigte van sy fundamentele aard (Handelinge Ned Geref Kerk 1998: 41,412,413). Die aanvaarding van die WBGK se verklaring deur die Algemene Sinode van 1998 is uitdruklik gedoen in die lig van die definisie wat Opocensky se begeleidende brief aan apartheid gegee het asook sy omskrywing van 'n *status confessionis.* Die Sinode het laasgenoemde gekoppel aan die interpretasie van Coertzen, die aktuarius, naamlik dat die verwerping van apartheid as verkeerd en sondig "not simply in its effect and operations, but also in its fundamental nature" reeds 'n belydenis (*confessionis*) was (Strauss 2002: 239,241). Ds Freek Swanepoel, moderator van die Algemene Sinode van 1994 en voorsitter van die ASK wat saam met dr Willie Botha die WBGK-vergadering in Debrecen in 1997 bygewoon het, het ná die Sinodebesluit van 1998 gesê dat die kerk vir eens en vir altyd apartheid agter hom moet laat en onomwonde sê hy is jammer dat hy mense seergemaak het. Hy het gesê: "Die kerk het nou 'n sleutel om die deur agter ons te sluit. Dieselfde sleutel sal ook baie ander deure laat oopswaai." (Die Volksblad 14 Oktober 1998: 1).

[74] In 'n radiodebat op Punt Radio het Naudé, dr Nico Smith en dr Boet Schoeman, Uitvoerende Direkteur van die AB op 1 Februarie 1998 deelgeneem. Op 'n inbelvraag van mnr Tom de Beer, destydse voorsitter van die UR waarom Smith meen dat 'n predikant nie lid van die AB mag wees nie, het Smith geantwoord dat dit vir hom heeltemal onaanvaarbaar vir 'n predikant is om aan die AB te behoort, aangesien hy, veral in die lig van die toekomstige kerkvereniging tussen die Familie van Ned Geref Kerke verskillende groepe in 'n gemeente sal moet bedien. As hy dan betrokke is by 'n organisasie wat een groep se doestellings en belange bevorder, hoe sal hy onbevange die evangelie aan mense van ander groepe kan bring. Smith was egter dankbaar vir die verandering in die AB dat, hoewel volgens hom nog nie heeltemal deursigtig nie, die AB tog geleentheid begin gee vir openbare gesprek soos wat in dié betrokke inbelprogram plaasgevind het. Naudé het egter van Smith verskil in dié opsig dat dit aan predikante self oorgelaat moet word om in die lig van sy evangeliebediening te besluit of dit verstandig is om aan 'n organisasie soos die AB te behoort (Williams 1998: [ ]).

groot wantroue by die NGSK en NGKA se predikante veroorsaak.[75] Die feit dat dit nie op die agenda was nie, maar wel ter sprake gekom het, was volgens hom 'n aanduiding hoe ernstig hulle dit beskou het. Naudé was van mening dat die tyd aangebreek het dat die jonger kerke die Ned Geref Kerk met 'n goed voorbereide dokument moes konfronteer waarin hulle hulle besware teen lidmaatskap van die AB uiteensit. Hierin moes hulle met 'n teologiese beredenering kom waarom predikante in beginsel nie aan organisasies, wat in beginsel geheim van aard is, moet behoort nie. Hy het gevra: "One could ask the question: what will happen when other cultural groups in South Africa (e.g. the Zulus or the Xhosas) follow the same route of setting up such organisations as the *Broederbond* to promote in secret their own culture, ethnic and political goals?" (1993: 68,69). Heyns, wie se lidmaatskap van die AB algemeen bekend was, was die een wat soos in die verlede nie geskroom het om op die vrae van die NGSK en NGKA se moderatuurslede te antwoord nie. Hy het sy lidmaatskap van dié organisasie by die moderatuurskonferensie in Bloemfontein sowel as by die WBGK-konsultasie twee weke later in Maart 1993 verdedig.[76] Shaefer, wat die WBGK tydens die konferensie van 17 Februarie verteenwoordig het, vertel dat die bespreking oor die AB 'n opgewondenheid veroorsaak het. Volgens hom het Heyns op 'n stadium vir die vergadering gesê: "Dink julle Mandela sou uit die tronk vrygelaat gewees het as ek nie daarvoor in die AB se uitvoerende liggaam gestem het nie?" Hierop was daar volgens hom verskeie uitroepe en tussenwerpsels, onder andere van Nico Smith (17 Junie 1998: [ ]). Alhoewel Shaefer se verwysing daarop dui dat Heyns wel iets in dié verband gesê het,[77] kan die inhoud van

---

[75] Persone soos ds Jan Metler van die NGSK verwoord die wantroue uit die jonger kerke se geledere teenoor Heyns. Volgens hom was daar by hulle baie skeptisisme en vooroordele. Vir hom het dit gevoel of Heyns nie die waagmoed gehad het om te breek met die AB nie. Hy het 'n te hoë premie op Afrikaner-eenheid geplaas en daarom het hy "in die laer gebly, 'n soort saamloper ter wille van jouself". Dis die redes waarom Heyns nie aan hulle verwagtinge voldoen het nie. Hy sê: "Johan het gedink vanuit die sekuriteit van die magtige Afrikanerdom." Die eenheidslyn deur volk en kerk by hom het hoog geloop. Die Afrikaner het maklik sy rug op mense gedraai. Bosch, O'Brien Geldenhuys en Naudé het volgens Metler swaar gekry. Tog het Metler geglo die gesprekskanaal oop moet bly. In dié opsig, sê Metler, het hy van Boesak verskil (1 Oktober 1997: [ ]). Buitelanders soos Opocensky vertel dat hulle die indruk gekry het dat die AB 'n soort mafia-agtige organisasie is en dat dit nie goed is vir kerkmense om daaraan te behoort nie (25 Junie 1998: [ ]).

[76] Neels Jackson, kerksakeverslaggewer van *Beeld* sê dat Heyns nie regtig wou hoor wat die mense uit die geledere van die swart en bruin kerke sê nie. Hy was van mening daar is nie meriete in hulle besware nie en het hom dus nie daaraan gesteur nie (2 Julie 1997: [ ]).

[77] Heyns het waarskynlik na 'n werkswyse binne die AB verwys waar die UR gereeld gedagtes by die lede getoets het deur afdelings se kommentaar te vra of hulle laat stem het. Uiteindelik is talle beleidsbesluite in UR-vergaderings, soos in enige organisasie op bestuursvlak, by wyse van stemming geneem. Dit is egter

Shaefer se weergawe feitelik nie korrek wees nie, want Heyns is eers op 27 November 1993 op die UR van die AB verkies en is saam met mnr Tom de Beer, sakeman van Gencor, op dieselfde dag as onderskeidelik ondervoorsitter en voorsitter deur die prof Pieter de Lange, uittredende voorsitter, ingehuldig (Stals 1998: 740).[78] Na aanleiding van

---

onwaarskynlik dat die AB 'n direkte rol in die staatkundige gebeure van die negentigerjare gespeel het. Stals skryf dat die Staatkundige Komitee van die UR 'n dokument *Riglyne vir die staatkundige gesprek* as beleid vir die AB geformuleer het nadat dit in Junie 1989 vir kommentaar aan afdelings gestuur was. Hiervolgens was die AB se doelwit vir die konstitusionele onderhandelinge dat 'n ekonomies haalbare staatkundige bedeling daargestel moes word, waarbinne vryheid en gelyke regte en geleenthede vir elke Suid-Afrikaanse burger verseker word. Die selfbeskikkingreg van verskillende "volke, bevolkingsgroepe en gemeenskappe" moes ook verseker word. Hierdie "vaste plan" het die AB deeglik met regeringslede gekommunikeer. Op 5 September 1989 het lede van die UR byvoorbeeld die nuwe Staatspresident, FW de Klerk ontmoet. Daar was op 27 Oktober 1989 weer samesprekings deur die AB se Staatkundige Komitee met dr Gerrit Viljoen en mnr Roelf Meyer, onderskeidelik Minister en Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, nadat 'n vroeëre gesprek op 20 Oktober 1989 deur verskeie UR-lede met dié twee regeringslede gevoer is. Volgens Stals het die AB geen rol in die besluit om mnr Nelson Mandela en ander politieke gevangenis vry te laat en verbode politieke organisasies soos die ANC te ontban gespeel nie. Die AB met sy lede is wel deur die voorafgesprekke op hierdie gebeure voorberei. In die algemeen sê Stals in die voorwoord van sy geskiedskrywing oor die AB "dat die hoofstukke van die AB se geskiedenis, rakende politieke en staatkundige aangeleenthede sal toon dat beweringe dat die AB die werklike mag agter die troon van die Nasionale Party regering was, nie gesubstansieer kan word nie. Die blote feit dat die kabinet by tye feitlik net uit AB-lede bestaan het, is nie 'n bewys dat die land deur die AB regeer was nie. Dat daar soms intensiewe wisselwerking tussen die Bond en die regering was, is waar; ook dat die Bond veel nader aan die denke en beleidsrigtings van die NP gestaan het as aan enige ander politieke party. Die regering het egter ander here gehad wat hy moes dien, naamlik sy partykongresse, die kieserskorps en die haalbaarheid van sy beleid. Daarom was daar ook meermale meningsverskille en selfs verwydering tussen die AB en die regering. Terselfdertyd het die ondersoeke en besinning binne die AB oor die belangrike landsvraagstukke, soos byvoorbeeld die rassebeleid, soms tot die heroorweging van en aanpassings aan regeringsbeleid aanleiding gegee." (1998: ii,659,660).

[78] Heyns se mede UR-lede en ander ingeligtes het met groot lof van hom gepraat in terme van sy rol op die UR en in die AB oor die algemeen. Bingle het hom beskryf as 'n swaargewig op die UR (30 September 1997: [ ]). Van der Westhuyzen vertel dat Heyns geveg het om die Afrikaner as ordentlike mens, wat na ander uitreik, voor te stel. Hy het hom ook verset teen die idee om die woord "Afrikaner" uit die AB se naam weg te neem. Hy het gesê, dan vat julle die Afrikaner se adres weg (30 September 1997: [ ]). Esterhuyse sê die AB was destyds die vertolker van wat in die samelewing plaasgevind het en Heyns het 'n denkende rol daarin gespeel. Heyns was 'n volksnasionalis. Ongelukkig was die kleurkwessie nie uitgsluit nie en daar was diskriminasie, maar Heyns was nie 'n rassis soos sommige uit linkse oorde hom beskuldig het nie. (29 September 1997: [ ]). De Klerk vertel dat hy een of twee keer met Heyns in die hoedanigheid as UR-lid kontak gehad net. Daar was kruisbestuiwing en interaksie maar die NP en die AB het, onafhanklik van mekaar, elkeen sy eie pad geloop. Heyns het, al het hy NP gestem volgens De Klerk, nooit harde partypolitiek met hom gepraat nie (29 September 1997: [ ]). De Lange vertel dat hy Heyns vir UR-lid genomineer het en dat hy onbestrede verkies is. Sy motivering vir die nominasie was Heyns se begrondende benadering ten opsigte van verandering en sy bereidheid om te waag ten opsigte van 'n onderhandelde oplossing teenoor 'n vasklou aan mag. Binne die UR was daar, volgens hom, altyd 'n konserwatiewer standpunt wat oortuig moes word. Heyns was altyd ondersteunend vir 'n soeke na 'n eerlike standpunt. De Lange se geheelindruk was dat Heyns nie 'n uitermate groot- of klein rol gespeel het nie, maar 'n noodsaaklike rol, dis gewis (27 Julie 1999: [ ]). De Beer meen Heyns se bereidheid om op die UR te dien was deel van hoe hy sy roeping gesien het. As UR-voorsitter het De Beer sterk op Heyns as gerespekteerde teoloog gesteun en daarby was hy 'n volwasse, ryp, ervare mens. Hy was in daardie tyd onder andere voorsitter van die UR se Komitee vir Skakeling en Kommunikasie wat veral met ander Afrikanerorganisasies en met al die politieke partye gesprekke gevoer het. Heyns kon, volgens hom,"vanuit

die bespreking in Bloemfontein het *Die Kerkbode* haastig 'n sestiental vrae, waarskynlik per telefoon, aan Heyns gestel waarop hy ewe vinnig skriftelik geantwoord het. Dit het nege dae later in die uitgawe van 26 Februarie 1993 verskyn en opnuut 'n debat in die media oor die AB ontketen. In die artikel oor Heyns en die AB vertel hy in verband met Shaefer se opmerking hierbo en in antwoord op die vraag of die AB verantwoordelik was vir die aftakeling van apartheid: "Dit is al gesê: die ingrypende koerswysiging wat sedert die toespraak van die Staatspresident, mnr FW de Klerk, op 2 Februarie 1990 'n werklikheid in ons land geword het, sou nie sonder die werk van die AB kon plaasgevind het nie." Heyns het openhartig op belangrike vrae geantwoord byvoorbeeld oor die stelling dat die AB sy lede in 'n situasie van "dubbele lojaliteit" plaas. Hy het gesê dat dit 'n misleidende begrip is want mense, ook Christen, het oor die algemeen verskeie lojaliteite. Daar moet egter prioriteite ten opsigte van die lojaliteite wees. Hy sê: "Vir die Christen is daar een hoogste onaantasbare lojaliteit en alle ander is daaraan onvoorwaardelik ondergeskik." Wat homself aanbetref, sê Heyns, is hy as gelowige aan God en sy Woord onvoorwaardelike en finale gehoorsaamheid verskuldig. Geen organisasie – ook nie 'n vertroulike organisasie - mag van hom 'n hoër lojaliteit vereis nie. Met hierdie voorwaarde, vind hy in beginsel geen probleem om aan 'n vertroulike organisasie te behoort nie. Met die vertroulikheid van die organisasie het Heyns as sodanig ook nie 'n etiese probleem nie aangesien daar volgens hom nie een samelewingsverband is wat nie 'n kern van vertroulikheid bevat nie. Die beslissende vraag is, volgens hom, hoe dit deur die betrokkenes hanteer en waarvoor dit gebruik word. Dit mag byvoorbeeld nie seksionele belange binne 'n samelewingsverband dien of ander samelewingsverbande infiltreer nie. Dan kan, volgens hom, met reg "suspisie opgeroep en verset gebore word." Heyns sê egter dat hy sy lidmaatskap van die AB onmiddelik sou beëindig het as die organisasie hom in enige rigting sou probeer beïnvloed het of morele druk op hom geplaas het. Ook sê Heyns dat kerkvergaderings[79] waarby hy betrokke was nooit onbehoorlik deur die AB beïnvloed was nie. Die rol wat

---

sy leierskap in die kerk die AB omvorm deur hul denke te beweeg." De Beer sê: "Heyns kon die AB se saak stel – ons het nie nodig gehad om sy standpunte te bevraagteken nie." (14 Augustus 1997: [ ]).

[79] Dr Dirk Fourie wat as aktuarius vir drie termyne van 1978 tot 1990 op die moderatuur en later saam met Heyns in die dagbestuur van die ASK gedien het, het oor die AB gesê: "Die AB is 'n liggaam wat hervorming baie gedruk het. Met 'n ondervoorsitter soos Heyns kan ek dit goed verstaan. Die kerk is egter nie deur die AB geregeer nie. Ek was twaalf jaar op die hoogste bestuur van die kerk. As dit so was, sou ek dit geweet het." (11 Februarie 1998: [ ]).

"enkele individue" gespeel het, is volgens Heyns egter nie altyd bekend nie. Dit sou in elk geval teen die amptelike standpunt van die organisasie indruis en ten sterkste afgekeur word (26 Februarie 1993a: 6). Die Bondsraad (soos die organisasie se driejaarlikse kongresse genoem word) op 27 November 1993 waarop Heyns as ondervoorsitter van die UR verkies was, was 'n buitengewone Bondsraad en het bymekaar gekom om 'n nuwe grondwet vir die organisasie goed te keur. Dit het 'n ingrypende en omvattende omvorming van die organisasie behels wat onder andere die verandering van die naam na *Die Afrikanerbond* ingesluit het. Heyns het reeds op 'n vorige buitengewonde Bondsraad op 25 September daardie jaar saam met ander 'n sterk pleidooi téén die ontbinding maar vír die omvorming van die organisasie gelewer. Besluite van dié vergadering sou aan die UR 'n mandaat gee om voort te gaan met voorstelle vir 'n organisasie met openbare lidmaatskap, 'n verteenwoordigende karakter en 'n openlike werkswyse (Stals 1998:738-740). Alle Afrikaanssprekendes en ook vroue sou voortaan vir lidmaatskap van die organisasie in aanmerking kom (Die Kerkbode 3 Desember 1993l: 1). Die vertroulikheid is saam met die nuwe voorstelle as bindende beginsel laat vaar (Draer van 'n Ideaal 1997: 4).[80] Heyns het in Februarie van daardie jaar al met betrekking tot die vertroulikheid van die AB gesê dat die organisasie sal vind dat hy dit in die toekoms waarskynlik anders sal moet hanteer. Hy het daarop gewys dat die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned Geref Kerk, sowel as die Algemene Sinode in 1982 en vroeër reeds gevra het dat die AB sy vertroulikheid in heroorweging sal neem (Die Kerkbode 26 Februarie 1993a: 6).[81] Dr Pierre Rossouw, nie 'n lid van die organisasie nie, het aan *Die Kerkbode* gesê dat dit vanuit 'n kerklike oogpunt beslis verwelkom behoort te word dat die AB voortaan meer deursigtig sou wees (3 Desember 1993l: 1). Tog, soos voorheen gesê, het Heyns in beginsel nie 'n probleem met vertroulikheid gehad nie. In *Beeld* skryf hy vroeg in 1994 dat wie deursigtigheid eis, mag nie alles van 'n man eis, met betrekking tot sy huwelik, die raad waarin hy dien of die diplomatieke strategieë wat gevolg gaan word nie.

---

[80] Die afsien van vertroulikheid as bindende beginsel in die AB beteken dat lede nou hul eie lidmaatskap van die organisasie mag bekendmaak, maar medelede s'n nie sonder hulle toestemming nie. Die AB gaan met sy nuwe grondwet van die standpunt uit dat die organisasie op 'n sakegrondslag funksioneer, waar interne vergaderings vertroulik is, maar dat openbare geleenthede van verslagdoening oop is vir die publiek. Dit beteken dat die AB ook sy adres, personeel, UR-lede en ander belangrike ampsdraers bekendmaak, dat hy aan openbare debatte en byeenkomste en samesprekings deelneem en sy standpunte deur persvrystellings bekendmaak (Draer van 'n Ideaal 1997: 4).

[81] Vergelyk hoofstuk drie.

Deursigtigheid is volgens hom nie 'n deug nie, integriteit wel. Wat wel geëis mag word is dat die man in alles wat hy doen, eerlik en regverdig sal wees, sy medemens sal respekteer, die waarheid sal dien, kortom: 'n mens van integriteit sal wees (18 Januarie 1994a: [ ]). Prof Ben Engelbrecht het vir oulaas met Heyns in gespek getree deur in 'n brief aan *Beeld* te reageer op wat Heyns oor deursigtigheid geskryf het. Hy skryf Heyns se artikel is so ondeursigtig dat dit slegs ten dele duidelik is dat hy eintlik vir die "Broederbond 'n lansie wil breek." Hy sê dat Suid-Afrika van hierdie "kern van vertroulikheid" wat Heyns sê, in elke samelewingskring aanwesig is, meer as genoeg gehad het. Gelowiges konkel, volgens hom, eenvoudig nie in die donker nie, "om die simpel rede dat God lig is, en geen duisternis is in Hom nie (1 Joh 1:5)." Engelbrecht gebruik die beskuldiging van "dubbele lojaliteit", soos hierbo genoem, en noem die AB, NP en Ned Geref Kerk in een asem, waarin dit duidelik is dat hy geen plek vir die AB in 'n Christelike samelewing sien nie (19 Januarie 1994: 1,2). In sy telefoonoproep aan Heyns, waarvan in hoofstuk vyf melding gemaak is, het Heyns, toe hulle oor die AB gepraat het, hom gevra of hy iets téén die AB het. "Ek het emfaties bevestigend geantwoord" het Engelbrecht gesê. Sy mening teenoor Heyns was "dat die Satan die Broederbond gebruik om ons Afrikaanses en veral ons predikante uitmekaar te dryf." Hy het aan Heyns gesê dat "jy en ek wat broeders in Christus by uitnemendheid behoort te wees, wantrouig en byna vreemd teenoor mekaar staan vanweë jou lidmaatskap van en trou aan die Broederbond." (Engelbrecht 1999: 4). Na alles oor Heyns en die AB gesê is, is dit uiteindelik sy eie woorde wat bly staan.

> "Ek het altyd my betrokkenheid.... as 'n geleentheid tot diens aan my mede-Afrikaners gesien. In die Broederbond wou ek my ideale as Christen-Afrikaner uitleef. Ek het gou besef dat die vertroulike aard van die AB verdenking onder mense saai. Buitestaanders sien (dit)... as die dekmantel waaronder in die donker geknoei word. Ek het altyd gevoel dat wat die AB doen net so goed in die openbaar gedoen kan word." (Meiring 1994a: 183).

In aansluiting met die bogenoemde was Heyns op 'n besondere manier met die kulturele ontwikkeling van die Afrikaner gemoeid. Op 16 November 1992 het die FAK bekendgemaak dat Heyns as voorsitter van die FAK verkies is. Hy was op daardie

stadium ondervoorsitter en het prof Tjaart van der Walt opgevolg (Beeld 17 November 1992: [ ]). Hy het sedert die sewentigerjare talle referate en toesprake by verskeie Afrikanerkongresse en ander geleenthede gelewer waar hy meestal die tema van Afrikanerkultuur aan die orde gestel het. Hieruit is 'n duidelike ontwikkelingsgang te bespeur na gelang van die die veranderende omstandighede wat veral in die tagtiger en negentigerjare in Suid-Afrika ontvou het. Ten spyte van sy ontnugtering in 1969, toe hy in *Die Huisgenoot* skryf oor die Afrikanervolk wat na sy mening, behalwe vir 'n klein minderheid, ten opsigte van politiek, wetenskap, kuns en tegniek die Calvinistiese grondbeginsels prysgee sodat daar nie meer van 'n Calvinistiese Afrikanervolk gepraat kan word nie (9 Mei 1969b: 16,17),[82] gaan Heyns voort om die Afrikanervolk tot verhewe kultuurbeoefening en roepingsbewustheid aan te spoor. Waar hy in die sewentigerjare voor die ASB-kongres van 1974 die behoud van Afrikaneridentiteit van 'n aparte bestaan afhanklik maak waar apartheid by hom as noodsaaklik vir die voortbestaan van Afrikaneridentiteit funksioneer (3 Julie 1974: 1,3),[83] verander hy dit teen 1986 na 'n "eie kultuurtuiste" as hy voor die FAK-kongres van daardie jaar optree.[84] Dit is duidelik dat hy intussen van die beginsel van eie grondgebied as primêre tuiste vir die Afrikanervolk afgestap het en dit met 'n "kultuurtuiste" vervang het. In hierdie referaat maak Heyns reeds melding van "n nuwe Suid-Afrika" wat volgens hom aan die kom is waar "ons nie van ons volkswees en ons eie kultuurtuiste" beroof mag word nie.[85] Hierdie

---

[82] Vergelyk Heyns se artikel in *Huisgenoot* (hoofstuk drie) met die titel: *Is Calvyn nog tuis in Suid-Afrika?*

[83] Vergelyk in hoofstuk drie Heyns se referaat voor die ASB-kongres in 1974: *Afrikaneridentiteit – krisis en toekoms*.

[84] Referaat met die titel *Kultuur as tuiste vir die Afrikanervolk* deur Heyns voor die FAK-kongres van 1986 gelewer.

[85] Heyns se uitsprake oor die Afrikaanse taal dien as voorbeeld hoe die Afrikaner sou moes waak om nie van sy "volkswees" en "kultuurtuiste" beroof te word nie. Teen 1986 prys hy die SAUK aan as hy as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n slotwoord by geleentheid van die oorhandiging van die SAUK-pryse moet rig. Hy sê dat die SAUK as kommunikasiemedia en draer van die Afrikaanse woord vir hom van die grootste belang is en : "Ek en die Akademieraad het geen twyfel dat dit nog steeds u strewe is en dat u nie sal toelaat dat Afrikaans verwaarloos word nie. Daarvoor by hernuwing ons dank." (1986c: 5). Agt jaar later, op 23 September 1994 lewer hy 'n voordrag by 'n simposium oor "Aksie Afrikaans" in Oos Londen waar hy sê dit is verstommend dat die SAUK Engels uiteindelik die enigste nasionale kommunikasietaal van Suid-Afrika wil maak. Daarmee ontken dié liggaam die werklikheid van multitaligheid in Suid-Afrika en misken eenvoudig die grondwetlike gelykberegtiging van tale wat wyd in die gees van nasiebou deur die meeste rolspelers aanvaar word. Dat ander tale versterk moet word, daarmee stem Heyns saam, maar waarom Afrikaans die enigste een moet wees wat 'n offer moet bring, is vir hom nie duidelik nie (1994j: 4). In dieselfde tyd skryf Heyns in *Beeld* dat om Afrikaans as taal waarin die Ned Geref Kerk aanbid en eredienste hou ter wille van kerkvereniging prys te gee, is 'n te

kultuurtuiste bied, volgens Heyns, aan die Afrikaner 'n anker waarmee hy as verankerde mense homself in 'n interkulturele kontaksituasie kan handhaaf. So alleen kan hy waarlik van diens wees (1986b: 2,3,7,8). In dieselfde tyd sê Heyns in sy voorsittersrede voor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns[86] dat 'n bepaalde patroon van lewe en model van denke vir die Afrikaner onherroeplik verby is en dat 'n nuwe denkmodel al duideliker kontoere begin aanneem. Hy vra die kritiese vraag of daar nog in die toekoms ruimte sal wees vir 'n selfstandige Afrikanervolk wat vanuit sy Christelike lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging ook nog sy eie kultuurtuiste sal kan skep. Die Afrikaner het, volgens hom, reeds twee maal getrek, eers na die *Noorde* en toe na die *stede*. Die "derde Groot Trek"[87] het aangebreek, 'n trek na die *diepte* van die Afrikaner se geloofsoortuiging, roepingsbesef en verrykende medemenslikheidsverhoudinge. Heyns sê dat die Afrikaner se volkskultuur protes sal moet aanteken as sy volkskap in die toekoms onder nasieskap moet swig.[88] Dit is ook op hierdie punt dat Heyns sê dat die Afrikaner moet besef dat hy vir goed in Afrika is en sal as "wit Afrikaan" sy roeping in Afrika moet vevul (1986a: 1,6,7,8,10). In dié verband het hy in 1987 tydens die Landsberaad van die Rapportryers[89] gesê "ons is nie bloot net Afrikane nie, ons is Euro-Afrikane. Vanweë ons historiese herkoms, maar veral vanweë die stimulerende en blywende bron van kultuurinspirasie, mag die naelstring met ons Europese wieglande nie deurgesny word nie." (1987: 3,4).[90] Oor hierdie saak meen Heyns teen 17 Julie 1992, as hy voor die FAK-

---

hoë prys. Hy sê: "Ons moedertaal is na alles ook 'n gawe van God. Dit sluit natuurlik nie uit dat ander moedertale binne die een kerk geakkomodeer kan word nie." (20 September 1994d: [ ]).

[86] Die titel van Heyns se voorsittersrede in 1986 van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was: *Afrikanerkultuur in 'n nuwe Suid-Afrika.*

[87] Vergelyk in hoofstuk vier Heyns se pastorale brief op 22 Oktober 1986 na die aanvaarding van KS 1986 deur die Algemene Sinode van 1986.

[88] Heyns se antwoord op die vryheidsdrang van die Afrikaner kom na vore in 'n preek wat hy tydens die driehonderdjarige herdenking van die koms van die Franse Hugenote (1688) na Suid-Afrika op 17 April 1988 te Franschoek lewer waar hy uit Galasiërs 5:13 tot 26 aantoon dat die Hugenote mense was wat die vryheidsvlam vir hulle geloof gedra het. Toegepas in Suid-Afrika van 1988 sê Heyns "Maar wie dié vryheid buite Christus om en sonder Hom gaan soek in die skepping van sosiaal-maatskaplike en politieke strukture, sal dit nie vind nie. Midde in die "ingrypende veranderinge en geweldige oorgange" wat plaasvind, sê Heyns, is die grootste en allerbelangrikste beslissing waarvoor elkeen te staan gekom het, "om ons vryheid in Christus te soek. Dit is die vryheidsvlam wat ons die donker, onbekende toekoms moet indra. Met die vuur van dié vlam sal ons mekaar nie doodbrand nie, en sal ons nie ons land aan die brand steek nie." (1988a: 2,8).

[89] Die titel van Heyns se rede voor die Landsberaad van die Rapportryers in 1987 was: *'n Kulturele perspektief vir die nuwe staatkundige bedeling.*

[90] Heyns het meer as een keer gesê: "Eintlik hoort ons nie in Afrika nie, eintlik is ons vreemd hier." Hy het na Europa gehunker en graag daarheen gereis om te besoek (Gaum 1 Oktober 1997a: [ ]). Mev Renée

kongres in Bellville praat,[91] dat deur die Europese verbintenis het beginsels en waardes na die Afrikaner deurgevloei waarsonder hy nie kon wees wat hy is nie. So 'n toegewyde en omvattende kultuuraksie het 'n sterk gespierde kultuur tot gevolg, 'n adres waarheen die Afrikaner telkens kan terugkeer en waar hy tuis kan wees. Die Afrikaner hoef nie 'n minderwaardigheidkompleks en 'n apologetiese houding te hê van: "ek is jammer dat ek 'n Afrikaner is en ek vra verskoning dat ek is wat en is" nie. Hy het baie om by te dra in die land. As voorbeeld gebruik Heyns die argument dat Afrika nie 'n Bach, 'n Beethoven of Immanuel Kant voort kon bring nie. Die wiel is volgens hom ook nie in Afrika ontdek nie en ook nie elektrisiteit of kernenergie nie (1992j: 7). Teen 1993 lê Heyns sterk klem op die multi-kulturele situasie in die land as hy by die PU vir CHO se gradeplegtigheid praat.[92] Afgesien van sy, nou al bekende, gedagtes van kultuur as *tuiste* en as *anker*, voeg Heyns ten opsigte van die eie volksbewussyn nog kultuur as *sement* by wat saambind, maar hy gaan verder deur te sê kultuur is 'n *brug* wat mense van alle rasse en tale aan mekaar verbind. Hy beklemtoon ook die terapeutiese waarde van kultuur as hy sê dit is ook *medisyne*.[93] Wie volgens Heyns kultuur skep, genees homself en wie dit saam met ander doen, genees mekaar. Heyns pleit dat transkulturele interaksie op uitgebreide skaal in Suid-Afrika ontgin sal word "as die oord van die ontdekking en die belewing van die

---

Heyns vertel dat hy kort voor sy dood nog weer 'n slag vir 'n paar weke in Amsterdam wou gaan bly, die Hollandse koerante lees, televisie kyk en radio beleef, kerkdienste bywoon en met teoloë gesels. Hulle het 'n aanbod van 'n vriendin gehad om vir dié doel in haar huis tuis te gaan (Algemene Kerkbode 9 Desember 1994: 5). In 'n radio-onderhoud met Fanus Rautenbach het hy die vraag gevra of Rautenbach nie dink hulle moet maar teruggaan Europa toe nie (SAUK Radio-Argief 1985:T85/319). Hierdie uitspraak is egter strydig met dit wat Heyns in sy toesprake sê. Hy verduidelik sy verstaan van die Afrikaner aan die Suidpunt van Afrika soos volg: "They believe that they were placed on this continent with a divine mission to impart their civilisation to and uplift the people they found here, but in doing so, to maintain and protect their own culture and identity." (31 Desember 1989b: 12). In 'n Geloftedagtoespraak waarskynlik op 16 Desember 1991 vra Heyns die vraag hoe die Afrikaner op die veranderinge in Suid-Afrika sal reageer. Die Kodesa-onderhandelings sou binne enkele dae begin. Hy antwoord dan: "Ons het nie 'n keuse of ons in hierdie land wil voortbestaan of nie. Die boodskap van oorwinning by Bloedrivier is duidelik: "Ons moet voortgaan, ons is daartoe geroep" (1991f: 3,4). Die afleiding wat oor die bogenoemde gemaak kan word is dat Heyns nie werklik ernstig was om permanent Europa toe te gaan nie, nog minder die hele Afrikanervolk. Dit was waarskynlik net 'n hunkering soos Gaum gesê het.

[91] Heyns se referaat voor die FAK-kongres van 1992 was getiteld: *Ons kultuurtuiste.*

[92] Die titel van Heyns se rede by die Potchefstroomse Universiteit se gradeplegtigheid was: *Uitdagings in 'n multi-kulturele situasie.*

[93] In die rubriek in *Beeld*, naamlik *Godsdiens-Aktueel*, skryf Heyns dat dit nie politiek of selfs godsdiens is wat mense in Suid-Afrika saam kan bind nie, maar wel kultuur. Waar daar saam gesing, gespeel, kuns geskep, musiek gemaak, wetenskap en tegnologie beoefen kan word, kan die wonde van die verlede genees word. Die terapeutiese waarde van kultuur is groter as wat ons ooit kan besef sê Heyns en voeg by: "Wie mekaar genees sal nie mekaar se ondergang beplan nie. Wie mekaar genees, sal nie mekaar se dood begeer en organiseer nie." (1993a: [ ]).

wesenlike eenheid van alle mense wat geskep is as beelddraers van God." (1993b: 1,4,5,6). As voorsitter van die FAK beklemtoon Heyns in sy eerste voorsittersrede[94] die diens wat die Afrikanervolk moet lewer. Hy sê die Afrikaner is nie net geroep tot kultuuraktiwiteite nie, "maar ook om ander volke in Suid-Afrika in hul kultuurvorming tot diens te wees en om hulle te help om tot volle kultuurontplooiing, dit wil sê, tot volle kulturele roepingsvervulling te kom." Dit is, volgens Heyns, naastediens gemotiveer deur naasteliefde. Op hierdie punt haal Heyns vir Stoker aan wat geskryf het: "Behartiging van ons Afrikaanse kultuurroeping in isolasie en as enigste doel, geïsoleer van ander bevolkingsdele van ons land, ja van die wêreld as geheel, beteken niks anders nie as 'n verslawing aan die afgod van ons Afrikanerskap." (1993c: 3,4). 'n Jaar later op 14 Julie 1994 in Heyns se tweede en laaste FAK-voorsittersrede[95] spreek hy die vrees uit dat die Afrikaner maklik sy kultuur in die multikulturele samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing kan verloor. Die *voogdyskaplike* verhouding wat tussen die Afrikaner en ander kulture geheers het, het plek gemaak vir 'n *vennootskaplike* verhouding. Die Afrikaner verkeer nie meer in 'n dominerende gesagsposisie nie en getallegewys maak hy 'n baie klein minderheid uit. Daarom moet die Afrikaner homself volgens Heyns herdefinieer. Radikale denke is nodig wat beginsels blootlê en die waardes waarvolgens die Afrikanervolk wil lewe duidelik maak. In plaas van om 'n volk van volgelinge te word, of van protersteerders of wegbrekers, moet die volk sy eie beginsels handhaaf en kompromieloos navolg. In die proses moet die Afrikanervolk egter ook besef dat alle koninkryke verganklik is, ook die Afrikaanse, want die enigste wat volgens Heyns blywende ewigheidswaarde het is die koninkryk van God.[96] Daarom is die hoogste en laaste norm wat vir die Afrikanervolk aangelê moet word, dié van diensbaarheid aan alle ander volke en selfs enkelinge in Suid-Afrika. Heyns stel dit duidelik: "Van alle

---

[94] Hierdie voorsittersrede het die vreemde titel van: *Die mens wat gryp.* Die tema van die kongres was egter: *Gryp die toekoms.* Heyns verduidelik dat die mens alleen sinvol na die toekoms kan gryp as hy in die greep verkeer van die roeping van die God wat Skepper is van die toekoms (1993c: 1).

[95] Heyns se titel van die 1994 voorsittersrede van die FAK is: *Ons moet dink anders verdwyn ons.*

[96] Tydens Geloftedag 1988 (in die honderd-en-vyftigste gedenkjaar van die Groot Trek) het Heyns die diens by die Voortrekkermonument in Pretoria waargeneem waar hy uit Amos 9:5-10 en Psalm 85: 1-8 gepreek het. Hy het onder andere gesê dat die geskiedenis nie van God losgemaak moet word nie want as dit gebeur, beteken Geloftedag nie veel meer as om volksbewustheid en patriotisme te kweek nie. Die uitdaging van Geloftedag is om vas te hou aan die God van die geskiedenis en die geskiedenis te verstaan vanuit die geloof in Jesus Christus. Wie aan God vashou maak nie die geskiedenis tot sy norm nie, maar besef dit gaan om Gods koninkryk, dit wil sê, om reg en geregtigheid, liefde en menswaardigheid van alle mense te soek (1988b: 1).

vermeende inherente meerderwaardigheid van die eie volk en ras teenoor die vermoedelike minderwaardigheid van die ander volk en ras, sal moet afgesien word, en die vraag sal lewend moet bly en dringend beantwoord moet word: hoe kan die ander gehelp word tot 'n hoër peil van ontwikkeling en van beskawing?" Ter afsluiting van sy rede beklemtoon Heyns dat daar só gedink sal moet word "dat ons mense met ons saamneem." Steeds trou aan sy benadering van kritiese-solidariteit sê hy: "Ons moet nie van buite of van bo ons mense dink nie, ons moet vanuit die midde van ons mense dink. Ons moet ons mense met ons saamneem en nie van hulle vervreem raak nie." Heyns gebruik 'n beeld om dit te illustreer: 'n Kragtige stoomenjin wat alleen, sonder sy swaar gelaaide trokke, die steilte uitbeur, is nutteloos ten opsigte van die ideaal van vragvervoer." (1994i: 1,2,3,6). Dit het duidelik geword dat Heyns sy aandag, ná sy aftrede, in 'n groter mate aan die bevordering van die Afrikaner se kultuur en taal wou wy en dit inderdaad ook gedoen het (Potgieter 18 Julie 1997: [ ]).

Aan die einde van 1993 het Heyns uit diens van die Universiteit van Pretoria getree en sy emeritaat ontvang nadat hy sedert 1 Januarie 1971 bykans drie-en-twintig jaar aan die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek van die Fakulteit Teologie van die Ned Geref Kerk verbonde was. Sy loopbaan in die kerk het reeds oor nege-en dertig jaar gestrek (Beeld 20 November 1993c: [ ]).[97] Tussen Heyns en talle van sy studente het 'n besondere band ontwikkel. Lategan skryf: "My ervaring van Heyns was dat hy tyd maak vir jou as mens én student." Hy sê Heyns se siening was dat die dosent die senior- en die student die junior vennoot is wat saam in die 'laboratoium van die teologie" is (Maart 1995: 5). Heyns wou egter nie hê dat sy studente "his master's voice" moes wees nie (Lategan 28 Mei 1993: 14). As dosent het Heyns 'n passie by sy studente gesoek. As hy dit nie gekry het nie, dan het hy maklik 'n stoomrollereffek op hulle gehad (Veldsman 1 Julie 1997: [ ]). As sy studente goeie argumente kon bring, het hy gedink dis wonderlik, het sy eggenote Renée Heyns vertel (Retief 18 Januarie 1995: 19). Hy was 'n eksperimentele teoloog maar hy het binne die ruimte van die kerklike belydenis gebly (Potgieter 18 Julie 1997: [ ]). So was dit ook in sy klasse. Hy het sy studente geprikkel en

[97] Dr Etienne de Villiers, seun van prof Dawid de Villiers van Stellenbosch, is beroep om Heyns op te volg (Beeld 20 November 1993c: [ ]).

het soms onortodoks opgetree. Een maal het hy byvoorbeeld vir Carl Niehaus genooi om 'n gaslesing aan sy studente te gee oor die *Uitdaginge van versoening* (Niehaus 30 Junie 1998: [ ]). Neels Jackson noem Heyns se invloed op sy studente sy "onsigbare bydrae" wat onberekenbaar groot was. Hy het sy studente geleer om krities te dink. Baie van hulle is steeds predikante in die Ned Geref Kerk wat sinodebesluite neem. Heyns was nie bang om soms selfs ketterse uitsprake in die klas te maak, dit 'n bietjie te hanteer voordat daaroor geoordeel word nie, maar hy het baie sterk dogmatiese en etiese grense gehad. Dit het studente soms gefrustreer. Danie Veldsman is volgens Jackson 'n goeie voorbeeld - Hy het verder as Heyns gedink (2 Julie 1997: [ ]). Jackson skryf in Beeld dat honderde Ned Geref predikante in Heyns se klasse gesit het. Heyns het oor hulle gesê, as hy "vandag" na dié dominees luister, is hy "enorm trots." (19 November 1993b: [ ]).

Die Pretoriase teologiese tydskrif van die bogenoemde teologiese fakulteit *Skrif en Kerk* het 'n hele uitgawe aan die teologiese bydrae van Heyns gewy.[98] Daarmee wou die redaksie erkenning verleen "aan die reuse bydrae wat Johan Heyns gelewer het", aangesien dit volgens die redaksielid vir artikels, prof W S Prinsloo, nie betwis kan word dat hy een van die invloerykste teoloë en kerkleiers van die Ned Geref Kerk van die voorafgaande paar dekades was nie (Prinsloo 1994: [ ]). In Heyns se afskeidsrede[99] met die titel: *Die Koninkryk van God – Grondplan van die Bybel*[100] bied hy die resultaat van

[98] Medewerkers aan die uitgawe van *Skrif en Kerk* was proff D Crafford, J A Heyns, W D Jonker, J H Koekemoer, J H le Roux, P G J Meiring, S A Strauss, dr D F Theron, prof J H van Wyk, dr D P Veldsman, proff C J A Vos en C J Wethmar. Sommige van die bogenoemde persone het op 28 Oktober 1993 referate en die res artikels gelewer wat die teologie en publikasies van Heyns gereflekteer het. Heyns self het 'n afskeidsrede gelewer en aan die einde weer repliek en Meiring het 'n huldigingsartikel gelewer. In 'n *Weerwoord* het Heyns agterna sy repliek op die referate en kommentaar op die artikels op skrif gestel wat ook in die uitgawe vervat is (Prinsloo 1994: [ ]).

[99] Aan die einde van sy afskeidsrede bedank Heyns almal van harte wat hom instaat gestel het om sy werk te kon lewer. Onder andere die skole, universiteite, onderwysers en dosente, universiteite waar hy doseer het met kollegas, studente en sekretaresses. Hy sonder prof Conrad Wethmar, sy kollega by Dogmatiek uit, wat soveel begrip getoon het vir die veeleisende verpligtinge wat hy moes nakom. Ook sy studente sonder hy uit vir hulle bydrae deur die jare. In die besonder bedank hy sy vrou vir haar onmisbare rol, sy kinders en kleinkinders vir die vreugde wat hulle aan hom verskaf. Hy noem sy ouers en sy twee susters in sy woord van dank. Heyns gee erkenning aan God wat hom vir die werk geroep het en hom in goeie gesondheid asook in sy uitverkiesende genade laat deel het (1994c: 12).

[100] *Die Koninkryk van God – Grondplan van die Bybel* is Heyns se voorgestelde titel vir sy onvoltooide werk ten tye van sy dood. Hy het reeds 'n groot deel van die manuskrip naamlik honderd nege-en-veertig getikte bladsye voltooi waarin hy sy koninkryksteologie volledig en omvattend te boek wou stel. Behalwe vir die *inleiding* het hy reeds hoofstukke oor *eienskappe van die koninkryk; die Ou Testament en die koninkryk; die Nuwe Testament en die koninkryk* voltooi (Heyns 1994k: [ ]). Heyns het te kenne gegee dat

sy teologiese arbeid as die sentrale tema, soos hy die Skrif verstaan, aan. Hy sê: "Na my oordeel is daar geen beter begrip wat as samevatting van en uitdrukking van die Skrifinhoud diens kan doen, as dié van die van die Koninkryk van God nie." Dit definieer Heyns dan met die woorde: "Die koninkryk van God is sy heerskappy oor die gelowige aanvaarding daarvan deur sy onderdane: stof, plant dier, mens en engele. Of anders: die koninkryk van God breek deur daar waar sy onderdane aan hul godgegewe bestemming beantwoord. Nog korter: die koninkryk is die triomf van Gods wil." (1994e: 10).

Sonder om te diep op Heyns se teologie in te gaan, aangesien dit buite die bestek van hierdie studie val, moet 'n paar aspekte wat raakvlakke met die tema van hierdie studie het, kortliks aangeroer word. Prof Amie van Wyk is van mening dat Heyns se koninkryksteologie aansluiting by die Potchefstroomse Ou Testamentikus, S du Toit vind wat onder die invloed van John Bright die koninkryk van God as sentrale tema uitgewerk het. Wat die Nuwe Testament aanbetref vind dit volgens Van Wyk aansluiting by W J Snyman wat onder invloed van H N Ridderbos ook oor dieselfde tema gewerk het. Dié invloede het, volgens Van Wyk, eerder na Heyns deurgewerk as dié van Stoker, van wie Theron beweer, Heyns dit gekry het.[101] By Stoker is verwysings na die koninkryk van God, volgens Van Wyk, byna net terloops aanwesig en het hy dit nie as sentrale tema breedvoerig uitgewerk nie (1994: 147,148). Heyns bevestig Van Wyk se opmerkings in hierdie verband as hy sê dat Stoker die begrip koninkryk heel weinig gebruik het. Hy sê verder: "Ek wil dit graag duidelik stel: my keuse vir die begrip koninkryk was nie primêr deur die wysbegeerte geïnspireer nie, maar deur my verstaan van die grondplan van God se bedoeling met hierdie wêreld, soos dit in die Skrif weërspieël word." Verder erken Heyns teenoor Jonker dat hy die begrip koninkryk doelbewus tot by die skepping teruggevoer het en nie net daarmee by die herskepping gebly het soos tradisioneel in die gereformeerde teologie die geval is nie. Hy sê dieselfde God van die herskepping is tog die God van die skepping en die gehoorsaamheid aan die God van die herskepping is tog

hy onder andere besig is om in hierdie werk opnuut aandag aan die Bybels-eksegetiese hantering van die begrip koninkryk te gee. Dit doen hy om diegene gerus te stel wat hom oor te min eksegetiese arbeid gekritiseer het. Hy verwys ook na Van Wyk wat in dié verband van hom gesê het: "Moet Heyns nie ophang aan sy wysgerige agtergrond nie. Hy het wel aan 'n Potchefstroomse wysgerige tafel geëet, maar hy het hom daaraan nie ooreet nie." (1994f: 171).

[101] Vergelyk die bespreking van Theron en Jonker oor Heyns se teologie in hoofstuk drie.

prinsipieel nie anders as die gehoorsaamheid aan die God van die skepping nie. Heyns sê: "Dit is oorweginge soos hierdie – en natuurlik talle ander – wat my daartoe gedwing het om 'n ruimer interpretasie aan die begrip koninkryk te gee as om dit eksklusief met die heil in Jesus Christus te verbind." (1994f: 164,165). Hierdie onderskeid waarop Heyns die aandag vestig, het verreikende implikasies vir die beoefening van die teologie en die toepassing daarvan in die praktiese lewe. Die vermeende teologiese spanning tussen skepping en herskepping het in hierdie verband gelei tot talle beskuldigings teen die voorstanders van apartheid dat hulle die relatiewe waarde van die skepping teenoor die herskepping, uitgedruk in terme soos pluriformiteit en volkereverskeidenheid en later selfs bedieningsbehoeftes, sou verabsoluteer het. Begrippe soos hierdie het in kerklike geledere in Suid-Afrika maar ook wêreldwyd in 'n post-modernistiese samelewing baie ongewild geword. In sommige teologiese kringe word dit deesdae ewe verdag hanteer asof diegene wat hulle vir enige saak op iets soos onder andere 'n Skriftuurlike skeppingsleer beroep met 'n oudmodiese en irrelevante teologie besig is. Die erkenning van die teologiese begronding van apartheid as dwaling het in Suid-Afrika sekerlik daartoe bygedra dat alles wat in die rigting van die skepping dui nou 'n "kwade reuk"[102] ontwikkel het. Dit is 'n probleem waarmee die Ned Geref Kerk spesifiek te kampe het, maar dit hou ook verband met 'n aanslag op die gesag waarmee die kerk hom oor die algemeen op die Skrif beroep. Heyns spreek byvoorbeeld sy ernstige kommer uit (1994f: 162) dat een van sy kollegas, prof Jurie le Roux van mening is dat ou gevestigde denkpatrone van die Christendom as volledig agterhaal beskou moet word. Le Roux sê op grond van histories-kritiese resultate ten opsigte van die teologie: "So byvoorbeeld kan die kerk nie meer met outoritêre gesag sy saak stel nie, want die werklikheidservaring van die moderne gesekulariseerde mens is totaal anders." (Le Roux 1994: 43). [103] Hier sou 'n

---

[102] Uitdrukking gebruik deur P J Strauss.

[103] Aansluitend hierby, dui 'n debat wat Heyns en Le Roux met mekaar voer, die fundamentele verskil in uitgangspunt tussen eersgenoemde as dogmatikus en laasgenoemde as Bybelwetenskaplike aan. Le Roux meen dat Heyns se Skrifleer anders daar sou uitgesien het indien hy die "onaanvegbare resultate" van die historiese kritiek verdiskonteer het. In die lig daarvan is dit, volgens Le Roux, onmoontlik om, onder andere, langer van 'n onfeilbare inspirasie van die Skrif te praat. Omdat, volgens Le Roux, die gereformeerde teologie hier te lande nog nooit werklik met die historiese kritiek geworstel het nie, "vertoon ons teologie iets oudmodies, iets steriels, iets van 'n vergange werklikheid wat vandag irrelevant geword het." (1994: 43,45). Dit is duidelik dat Heyns se teologie, volgens Le Roux, hierdie bogenoemde beskrywing goed pas. Op sy beurt haal Heyns Le Roux aan: "Heyns wou klaarblyklik eerder 'n lofsang op God se 'bydrae' tot die ontstaan van die Bybel lewer, as om die vrae van die kritiese wetenskap te

mens dus kon sê dat alhoewel die teologiese begronding van apartheid 'n ernstige teologiese dwaling was en baie pyn, leed en hartseer veroorsaak het, dit terselfdertyd bygedra het tot 'n baie groter gevaar in die teologie naamlik dat dit, in hierdie geval, die Skrifgesag binne die Ned Geref Kerk aangetas het en op dié manier nou in die hande van diegene speel wat vanuit 'n histories-kritiese benadering die gereformeerde leer met betrekking tot die Skrifberoep en Skrifgesag wil vernietig. Met betrekking tot hierdie saak bied die verdediging van die regsinnige leer 'n groot uitdaging, nie net vir teoloë van die Ned Geref Kerk nie, maar dit kan as gemeenskaplike doelstelling baie doen om die verenigingsproses van die Familie van Ned Geref Kerke 'n goeie hupstoot te gee.

Ná Heyns se afskeidsimposium waarna hierbo verwys is, met al die kritiek wat onder andere oor die wysgerige invloed van Stoker op sy teologie uitgespreek is, het hy die behoefte gevoel om nogmaals iets oor Stoker, wat toe al reeds oorlede was,[104] te publiseer. In 'n artikel *Die betekenis van H.G. Stoker se filosofie vir die teologie* sê Heyns dat Stoker oortuigend aangetoon het dat die Skrif nie net van betekenis is vir die sieleheil van die mens of vir die instituut van die kerk of sy dogma nie, maar vir die totaliteit van die menslike aktiwiteit. Daarmee, sê Heyns, het Stoker ook die wysgerige begronding gegee vir die juistheid van 'n teologiese onderneming om die koninkryk van God as die mees sentrale Bybelse begrip te gebruik en as integrasiebeginsel uit te bou.[105] Nadat

---

beantwoord." Heyns antwoord hierop dat hy die eerste is om sy beperkte kennis van die resultate van die moderne Bybelwetenskap en hermeneutiek te erken, maar hy het ernstige kommer oor 'n aantal opmerkings wat Le Roux maak wat voortspruit uit die sogenaamde "onaanvegbare resultate" van die historiese kritiek, onder andere, dat indien jy die historiese kritiek ernstig wil opneem, dit byvoorbeeld onmoontlik is om langer van 'n onfeilbare inspirasie van die Skrif te kan praat. Heyns sê: "As die aanvaarding van die onaanvegbare resultate van die historiese kritiek die teoloog tot sulke standpunte lei en verplig, is dit na my oordeel 'n gevaarlike weg om te volg – vir die sistematiese teoloog en die Bybelwetenskaplike." (1994f: 162,163).

[104] Heyns was 'n gereelde besoeker by die bejaarde Stoker waar hy en sy vrou op hul oudag in Pretoria gewoon het (Stoker 22 September 1999: [ ]). Hy skryf in Mei 1992 in *Die Kerkbode* dat hy vir Stoker op sy drie-en-negentigste verjaarsdag op 4 April 1992 in Pretoria gaan kuier het. Vol lof vir sy mentor, 'n ryp en stylvolle mens, beklemtoon Heyns Stoker se oorspronklike en radikale denke in die goeie sin van die woord. Hy was iemand wat vir homself beginsels geformuleer het wat, volgens Heyns, aan sy doen en late koers gegee het en aan sy lewenspatroon vastigheid. Dis wat Heyns van Stoker onthou het toe hy ook na homself as verankerde mens verwys het. 'n Mens hoor Heyns as't ware oor homself praat as hy vertel dat 'n mens soos Stoker wie se werk sy roeping was, as hy weer kon kies, dieselfde sou gekies het. Mens hoor egter ook 'n onsekerheid wat saam met die ouderdom kom as Heyns Stoker aanhaal: "Met die drama wat hom vandag in ons land ontvou, leef ek intens mee. Maar ek is ook diep bekommerd. Is ons op die regte weg? Het ons nie ons kanse verspeel nie?" (1 Mei 1992: 10).

[105] Vergelyk Stoker se *Beginsels en metodes in die wetenskap* (1961), 151ev.

Heyns deur gebruikmaking van Stoker se wysgerige konstruksies ernstige kritiek op die Roomse siening van die verhouding natuur en genade en Barth se Christonomistiese beskouing lewer, sê Heyns dat Stoker se Wysbegeerte van die Skeppingsidee aan die teoloog die insigte gee om die Bybelse begrip koninkryk van God helder en duidelik te omskrywe. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die gereformeerde teoloog in Stoker se Wysbegeerte van die Skeppingsidee seker die vrugbaarste vennootskap kan vind wat daar in Suid-Afrika moontlik is (1994g: 458,462,465,470).

Namate die grondwetlike onderhandelings in Suid-Afrika gevorder het, het die spanning in die land opgelaai. Geweld en polarisasie het onrusbarend toegeneem. Ondersteuners van die ANC-SAKP-Cosatu-Alliansie het meer-en-meer militant geword en aan die blanke regse kant het meer-en-meer tekens van verset na vore gekom. Heyns skryf teen Junie 1991 dat daar in Suid-Afrika 'n geweldkultuur en gewelspsigose bestaan. Waaroor hy al in die sewentigerjare geskryf het, was nou twintig jaar later binne die grense van die land aan die toeneem, naamlik rewolusionêre geweld deur die massas in reaksie op strukturele of geïnstitusionaliseerde geweld deur die regering. Heyns skryf: "Toe hulle geweier het om aan die Staatspresident se vredesberaad op 24 en 25 Mei deel te neem was dit juis hulle argument: hoe kan hulle oor vrede en oor opskorting van geweld gaan praat as die regering, wat self vir die gestruktureerde geweld verantwoordelik is, die leiding by so 'n konferensie gaan neem?" Volgens Heyns lei dit egter tot 'n geweldspiraal as gestruktureerde geweld, wat tot rewolusionêre geweld lei, op sy beurt met geweld onderdruk moet word. Heyns vra: Waar eindig so 'n geweldspiraal dan?" (14 Junie 1991: 4.) Op uitnodiging van Frank Chikane van die SARK het Heyns in Junie 1992 die begrafnis van veertig slagoffers van 'n bloedbad in die swart woonbuurt Boipatong bygewoon. Heyns, wat vir die eerste maal so iets bygewoon het, was geskok. <u>Eerstens</u> omdat swartmense so iets aan mekaar kan doen. Tutu se vraag aan die swart gemeenskap was, volgens Heyns, hoe dit moontlik is dat 'n pa in die nag sy eie kinders kan los om 'n ander se kinders met 'n spies te dood. Die Hollandse koerant *Trouw* haal Tutu aan: "Waar is onze menselijkheid gebleven? Waarom doen wij zwarte mensen dat?" <u>Tweedens</u> wat Heyns veral geskok het was nie net die aanwesigheid van haat onder die tienduisend aanwesiges nie, maar die afwesigheid van 'n godsdienstige komponent in die talle preke

en toesprake. *Trouw* haal Heyns aan: "Het was één grote politieke happening... we hoorde niets over het evangelie, geen woord van troost voor de treurende families, niets." Heyns het gesê die boodskap van hoop, dat Christus opgestaan het, het hy nie dié dag in Boipatong gehoor nie. Dit was volgens Heyns vir hom egter goed om daar te wees aangesien sommige van die slagoffers NGKA-lidmate was en hy solidariteit kon betoon, maar veral ook omdat die blankes in Suid-Afrika na veertig jaar van apartheid baie min weet van wat op "het andere eiland" gebeur. (2 Julie 1992: [ ]). Ná die gebeurtenis het Heyns aan die Dagbestuur van die ASK gerapporteer en dié het in 'n verklaring ook sy skok uitgepreek. Die owerheid is gevra om beter beskerming aan geteisterde gemeenskappe te verleen en daar is herbevestig dat 'n oplossing in Suid-Afrika langs die weg van onderhandeling gevind moet word. Heyns het weer herhaal dat daar 'n hartsverandering in Suid-Afrika moet kom en dat die versoeningsrol van die kerke al hoe groter word (Die Kerkbode 3 Julie 1992f: 1). Teen hierdie tyd het gerugte van 'n burgeroorlog, gelei deur regse Afrikaners begin kop uitsteek. Heyns se reaksie daarop was: "Praatjies oor geweld en oor oorlog, mag in 'n gesonde – geestelik gesonde - samelewing nie eens gehoor word nie." Suid-Afrika se samelewing was egter alles behalwe gesond. In dieselfde artikel sê hy egter dat alleen diegene wat blind is kan nie sien dat ons samelewing al sieker en sieker word nie.[106] Hy sê: "Ons sal moet aanvaar dat terrorisme, helaas, deel van ons samelewing geword het." (7 Januarie 1992c: [ ]). Teen April 1993 is Chris Hani, Sekretaris van die SAKP, in 'n sluipmoordaanval doodgeskiet. Die Dagbestuur van die ASK het die daad onvoorwaardelik veroordeel en 'n oproep op alle Suid-Afrikaners gedoen om, in die lig van die plofbare situasie in die land, met groot verantwoordelikheid op te tree. Meiring, Direkteur van Ekumene en Inligting van die Ned Geref Kerk, het meegevoel met die familie van Hani betuig. Heyns het tydens 'n gedenkdiens vir Hani in die St Albans-katedraal 'n gebed in Afrikaans en Engels gedoen.

---

[106] Afgesien van geweld was korrupsie ook aan die toeneem. Na 'n vlaag onthullings oor korrupsie in regeringskringe – daar was byvoorbeeld onthullings van ernstige korrupsie in Lebowa - skryf Heyns in *Die Kerkbode* dat dit 'n ernstige vertrouenskrisis veroorsaak het. Dit is volgens hom in die eerste plek 'n "Godsverduistering" wat plaasvind en aanleiding gee tot 'n "normverduistering" waar mense nie meer volgens die norme van die Woord van God leef nie. In 'n gees van materialisme het grypsug en hebsug die meester van talle mense geword. Aan die ander kant as die Woord sê "gee aan die keiser wat die keiser toekom", word dit 'n ernstige probleem as dit wat gegee is "op 'n hoogs onverantwoordelike wyse bestee is." Heyns is van mening dat die owerheid besig is om met rasse skrede agteruit te gaan. Hy vra: "Hoe kan ons vertroue hê in mense wat moet onderhandel – en dit geld vir alle kante – as dit die kwaliteit van hulle morele lewe is." (Die Kerkbode 20 November 1992g: 1).

Potgieter, voorsitter van die ASK, het gesê al is kommunisme in wese ateïsties en 'n verwerplike ideologie, mag Christene geen mens haat nie, "selfs al is hy as kommunis ons vyand." (Beeld 15 April 1993a: [ ]). Teen Augustus 1993 het die Dagbestuur van die ASK die Staatspresident en sommige leiers van die NP besoek. De Klerk het gesê dat as die vlaag van geweld nie op konvensionele maniere bekamp kan word nie, sal die regering weer 'n noodtoestand instel, maar dit sal in veranderende omstandighede anders toegepas word. Anargie sal, volgens hom, egter nie in Suid-Afrika toegelaat word nie (Die Kerkbode 20 Augustus 1993j: 1).[107] Die Ned Geref Kerkfamilie het in Desember 1993 'n konferensie oor geweld gehou.[108] Die ondubbelsinnige veroordeling van geweld was die sterkste nóg uit die geledere van die Ned Geref Kerkfamilie. Alles het daarop gedui dat die kerke méér kon doen om geweld teen te werk. Heyns het gesê dat die kerk deur die uitdra van die Bybelse boodskap van versoening só 'n gees onder lidmate en die samelewing moet kweek "dat geweld net nie as alternatiewe moontlikheid oorweeg kan word nie." (Die Kerkbode 10 Desember 1993m: 1).

[107] De Klerk het te kenne gegee dat die moratorium op die doodstraf in die lig van die hoë vlak van geweld heroorweeg moet word. Die drie Afrikaanse Susterskerke het in 'n gesamentlike verklaring daarvoor gevra en Heyns het gesê daar heers 'n gees in die land waar 'n mens "selfs met moord kan wegkom" – iets wat beslis nie bevorderlik vir die land is nie. Dit is egter net die Staatspresident en die kabinet wat daaroor kon besluit (Die Kerkbode 14 Mei 1993f: 1). Reeds in 1989 het die Ned Geref Kerk deur AKLAS, met Heyns as voorsitter, die Staatspresident versoek om, veral ten opsigte van politieke gevangenis, begenadiging toe te pas. In die lig van die situasie in die land was die kerk op daardie stadium bekommerd oor die omvang van die getal teregstellings (Die Kerkbode 17 November 1989: 1). Toe De Klerk op 2 Februarie 1990, onder andere, die moratorium op die doodstraf aankondig, het Heyns gesê, hoewel die Ned Geref Kerk in beginsel vir die doodstraf is, is hulle baie bly oor die moratorium (SAUK Radio-Argief 1990:T90/150). Toe die parlement in 1993 daaroor stem was die uitslag 125 teen 55 stemme dat die regering die moratorium moet ophef. Die Staatspresident het egter die finale besluit gehad aangesien die stemming in die parlement net 'n mosie was (Die Kerkbode 25 Junie 1993h: 1). In *Beeld* het Heyns die kwessie van die doodstraf op 'n etiese basis beredeneer en het gesê dat die lewe van die mens nie die hoogste waarde het wat daar is nie, anders sou die doodstraf nie geregverdig kon wees nie. Uit die Ou- en Nuwe Testament dui hy aan dat met die pleeg van moord daar 'n onreg is wat uitgewis moet word want God se eer is op die spel. Aan die owerheid is die swaardmag toegeken wat hy met verantwoordelikheid moet gebruik as enigste instansie wat die reg en die plig het om die doodstraf uit te voer. Dit sluit in dat die owerheid ook begenadiging mag toepas. Die owerheid wat egter uit sogenaamde humanitêre oorwegings die doodstraf afskaf, is volgens Heyns ongehoorsaam aan sy roeping en taak. "Wie 'mensliker' wil wees as God, word uiteindelik 'onmenslik' en in sy onmenslikheid onbruikbaar in sy diens aan God." Aldus Heyns oor die doodstraf (9 Februarie 1993a: [ ]).

[108] Sprekers by dié konferensie was mnr Gert Myburg, Adjunk-Minister van Wet en Orde, mnr Thabo Mbeki, voorsitter van die ANC, genl Kobus Visser van die Volksfront, prof Russel Botman van die NGSK, prof Johan Heyns van die Ned Geref Kerk en ds Sam Buti van die NGKA (Die Kerkbode 10 Desember 1993m: 1).

Generaal Constant Viljoen, oud-Suid-Afrikaanse Weermagbevelvoerder en leier van die Volksfront, politieke party wat vir die selfbeskikking van die Afrikaner gestaan het, vertel dat hulle gedurende 1993 voorberei het om oorlog te maak. Hulle het besluit om die Afrikaanse kerke daaroor voor te lig. In 'n ontmoeting met die ASK het hulle die saak bespreek. Daar was vir ongeveer 'n uur oor die saak gepraat. Heyns, wat weens 'n ander verpligting laat opgedaag het, was uit die aard van die saak erg bekommerd oor die voornemens van Viljoen-hulle. Hy het sy dienste aangebied om as fasiliteerder vir Viljoen en Mandela op te tree, hy het Viljoen as't ware gesmeek om in te willig dat hy hom aan Mandela voorstel. Viljoen het Mandela vir die eerste keer op 12 Augustus 1993 ontmoet maar hy het nie van Heyns gebruik gemaak nie, eerder van sy broer prof Abraham Viljoen wat 'n dosent by UNISA was. Heyns sou, volgens Viljoen, nie vir sy ondersteunerskorps aanvaarbaar gewees het nie omdat hulle hom vanuit 'n politieke hoek as liberaal beskou het (5 Augustus 1997: [ ]). Ook van die KP se kant het die leier wat Treurnicht opgevolg het, dr Ferdi Hartzenberg, gedreig met burgeroorlog as die Staatspresident sou voortgaan om 'n Uitvoerende Oorgangsraad in te stel wat saam met die regering bepaalde aspekte van die landsbestuur tot die verkiesing in 1994 sou behartig. Dit het Heyns laat sê dat die Christelike etiek[109] alleen toelaat dat wapens opgeneem mag word wanneer alle moontlike weë vir onderhandelings nie meer

[109] In 'n publikasie van 'n ander aard het Heyns oor die maak van etiese beslissing geskryf. Ten opsigte van die etiese besluit om van geweld gebruik te maak skryf hy onder die opskrif: *To kill or not*: "It is well known that Dietrich Bonhoeffer eventually abandoned his strong pacifist convictions, returned to Germany during World War II and was active in the underground struggle against Hitler. He even took part in an attempt on the dictator's life. Bonhoeffer reconed that he was acting responsibly, because what he was doing could possibly save the lives of millions of people. But was it a correct decision?" Heyns laat dit daar en antwoord nie die vraag nie (1993: 36). Mnr Carl Niehaus, voormalige ambassadeur van die Suid-Afrikaanse regering in Den Haag, was met dieselfde etiese vraagstuk gekonfronteer nadat hy en ander as studente van die Randse Afrikaanse Universiteit met aktivistiese bedrywighede teen die apartheidsregering betrokke geraak het. Hy vertel dat hy keer-op-keer Bonhoeffer se *Etiek* - onvoltooid omdat hy deur die Gestapo tereggestel is - gelees het. Daarin het hy in 1944 iewers in 'n sel geskryf dat daar geen rede tot vreugde is wanneer mens kies om by geweld betrokke te raak nie; dat alle geweld 'n euwel is, en dat jy dit net durf doen in die hoop dat dit die mindere van twee euwels is en as dit sal help om 'n einde te bring aan 'n gewelddadige, verdrukkende regime. Die besluit om geweld te gebruik mag nooit 'n finale besluit wees nie, 'n mens moet daagliks daarmee stry en soek na vreedsame alternatiewe. Niehaus vertel verder dat hy drie jaar later by die gewapende stryd in Suid-Afrika betrokke geraak het. Hy sê: "Ek het teikens vir moontlike aanvalle geïdentifiseer en jong MK-vrywilligers gehelp om die land te verlaat sodat hulle militêre opleiding kon ondergaan. Ek wil nie daaroor apologeties wees nie, maar ek is ook nie trots daarop nie. Met die lig tot my beskikking het ek gedoen wat ek geglo het nodig was. Niehaus het uiteindelik sewe jaar van 'n vonnis van vyftien raar vir hoogverraad uitgedien (1993: 84,85,108). Hy vertel dat hy bewus was dat Heyns hom vir sy en ander se vrylating beywer het (30 Junie 1998: [ ]). Sy eie tronkstraf is drie maande vroeër beëindig as gevolg van Heyns se bemiddeling (Citizen 7 November 1994a: 4).

toeganklik is en as die owerheid 'n baie duidelike standpunt inneem wat in direkte stryd met die Skrif is. Heyns het gepleit vir "kompromie-politiek" waar daar oor die selfbeskikking van die Afrikaner onderhandel kan word. Dit beteken toegee van twee kante af. Hy sê dat as die onderhandelaars nie gewillig is om na die mense se noodkrete te luister nie, is hulle net so skuldig as diegene wat met oorlog dreig (Die Kerkbode 10 September 1993k: 1). Heyns skryf dat hy 'n koerantopskrif gelees het wat lui: *Afrikaners sal mekaar dán doodskiet.* Dieselfde oggend lees hy in 2 Samuel 2:26 in 'n uitgerekte oorlog tussen die nageslag van Saul en Dawid dat die een leier vir die ander gevra het: "Moet die swaard aanhou verteer? Besef jy nie dat die uiteinde net bitterheid is nie? Wanneer gaan jy eendag die manskappe beveel om nie meer hulle broers ter agtervolg nie?" Heyns vra dan die vraag: "Sal 'n oorlog in die konkrete situasie van Suid-Afrika 'n oplossing kan bring? Het die Tweede Vryheidsoorlog 'n oplossing gebring? As 26 000 vroue en kinders bly lewe het, hoeveel sterker sou die Afrikanerbevolking gewees het?" Heyns wonder in geval van 'n oorlog, hoeveel eie mense sal sterf en daar sal maar weer na die onderhandelingstafel teruggekeer moet word nadat ons bedingingsbasis swakker geword het. In die lig van sulke oorweginge, sê Heyns, het die Sinode van Noord-Transvaal en later die ASK gesê geweld as opsie en dreigemente van oorlog is vir die Christelike etiek volledig onaanvaarbaar (30 Nevember 1993b: [ ]). Dr Attie van Niekerk vertel dat Heyns en hy saam 'n voorstel ingedien het dat die Sinode van Noord-Transvaal, wat van 13 tot 17 September 1993 vergader het, alle lidmate en politieke partye oproep om 'n vreedsame skikking vir Suid-Afrika te soek. Die strekking was dat terwyl die opsie vir 'n onderhandelde skikking oop is, moet dit benut word en gewaak word "teen geweldpraatjies wat Suid-Afrika en al sy mense in ongekende ellende kan dompel."[110] Vroeg die volgende jaar by die tee-geleentheid na afloop van die opening van die Fakulteit Teologie (Ned Geref Kerk) van die Universiteit van Pretoria het Van Niekerk vir Heyns gesê dat die mense ernstig van oorlog praat. Hulle het besluit om 'n afspraak

[110] Die gedagtes van Heyns het neerslag in die Herderlike Brief, wat die Sinode van Noord-Transvaal aan sy gemeentes uitgestuur het, gevind. Onder andere sê die brief dat "geweld as opsie en die dreigement van oorlog in ons huidige situasie vir die Christelike etiek volledig onaanvaarbaar is" en "hoe moeilik onderhandeling ook al mag wees, en watter hoë eise van verdraagsaamheid en wedersydse begrip dit aan die deelnemers ookal mag stel, bly dit na die oordeel van hierdie sinode die enigste moontlike weg wat tans bewandel mag word." Politieke partye en groepe is deur die Sinode opgeroep om hulle voorstelle soos selfbeskikking, tuisland vir Afrikaners, eiesoortigheid van groepe, magsdeling, federasie of konfederasie alles na die onderhandelingstafel te neem om dit daar te beredeneer (1993: 2).

met Viljoen te maak. Dit het daaroor gegaan om Viljoen te oortuig om ten opsigte van die komende algemene verkiesing van 1994 by die onderhandelingsproses ingebind te word. Heyns het aan Viljoen erken dat die Volksfront se saak meriete het. Viljoen het egter gesê hulle wil nie na die Volksfront luister nie en daar is nie meer tyd nie. Die betrokke vergadering was vir eers verby, maar daarna het mnr Raymond Parsons geskakel en gesê hulle het gehoor die kerk is besig met inisiatiewe en daar is steun uit Duitsland. Hulle sal ook finansiële steun gee. Dieselfde dag nog het hulle weer 'n afspraak met Viljoen gekry en die nuus van die steun van Parsons en van die buiteland oorgedra, maar die voorwaarde was dat die Volksfront moes aan die verkiesing deelneem. Heyns het onderneem om met Mandela en Roelf Meyer oor 'n selfbeskikkingsklousule te gaan praat, wat hy wel gedoen het. Daarna het hulle nog een maal met Viljoen 'n gesprek gehad maar die saak was uit hulle hande. Tot op die laaste oomblik het hulle nie geweet of hulle pogings suksesvol was nie. Op die sperdatum moes die politieke partye hulle vóór 24:00 ten opsigte van die verkiesing verbind. Teen 23:30 het die Volksfront opgedaag. Van Niekerk sê hulle het die Here daarvoor gedank (14 Augustus 1997: [ ]).

Viljoen vertel dat die African Christian Democratic Party (hierna ACDP) hom genader het om in die verkiesing vir hulle te staan, in geval die KP en die Volksfront nie aan die verkiesing sou deelneem nie. Hy sê hy weet hulle het Heyns ook genader maar hy wou nie met Heyns saam in die politiek betrokke raak nie. Hy het hom gerespekteer as teoloog, maar polities wat sy uitgangspunte vir hom onaanvaarbaar (5 Augustus 1997: [ ]).[111] Van Niekerk vertel dat Heyns genader is om aan die ACDP advies te gee. Hy het gesê met die idee van 'n Christen-Demokratiese party is daar in beginsel niks verkeerd

[111] Viljoen meen tog dat daar by Heyns op 'n later stadium 'n kentering was. Hy het die indruk gekry dat Heyns geskrik vir die rigting wat die politieke proses geloop het en dat die verandering syns insiens nie meer 'n beheersde verandering was nie. Heyns wat uit 'n politieke oogpunt deur Viljoen as liberaal beskou is het soos sommige ander liberales op 'n stadium sterk vir verandering gedruk. Later het hulle egter volgens hom, in 'n mate ontnugter geraak en teruggegryp. Hy sê dat hy tydens die laaste kontakgeleenthede wat hy met Heyns gehad het gevind het dat hy heelwat meer politieke aansluiting by Heyns gevind het as vroeër toe hy byvoorbeeld 'n afgevaardigde by die Algemene Sinode van 1990 was en met Heyns oor KS 1990 skouers geskuur het. Viljoen dink ook aan ander liberales soos Herman Giliomee, Breyten Breytenbach en sy eie broer Abraham, wat later krities teenoor die ANC begin word het. Wat Heyns aanbetref meen Viljoen dat Heyns nie vir hom sou gestem het as die Volksfront saam met die rigiede KP aan die verkiesing deelgeneem het nie. Die Volksfront het egter sy eie koers gegaan en hy sal nie verbaas wees as Heyns wel in 1994 vir die Volksfront gestem het nie (5 Augustus 1997: [ ]). Volgens mev Renée Heyns was Heyns wel in 'n mate ontnugter, maar nie soveel dat hy die NP sou gelos het nie. Hy het in 1994 egter nogmaals vir die NP gestem (12 Februarie 1998: [ ]). (Vergelyk hoofstuk een).

nie. Hulle het selfs op 'n keer saam Johannesburg toe gery waar Heyns die ACDP gaan toespreek het. Hy wou homself egter nie aan die ACDP of die stig van 'n nuwe party verbind nie. Hy was skepties of so 'n party die vermoë sou hê om werklik 'n verskil te maak (14 Augustus 1997: [ ]).

Heyns het 'n dag voor die historiese algemene verkiesing van 27 April 1994 die publiek in *Beeld* oor die regte en verantwoordelikhede om te stem vanuit 'n etiese perspektief voorgelig. Sy sterk punt was dat 'n Christen die standpunte en beleid van dié party wat naaste aan Bybelse waarhede kom moet soek en vir daardie party stem. Diegene wat nie hul reg om te stem om watter rede ook al wil uitoefen nie moet, volgens hom, weet hulle laat dit aan ander oor om te besluit wie hulle moet regeer. Dit is egter, volgens Heyns, ons roeping om te stem maar of iemand nou stem of nie, elkeen sal die uitslag moet aanvaar "as die weg waarlangs God ons land op hierdie tydstip wil neem na sy ewige bestemming vir sy kinders." (26 April 1994b: [ ]). Die regering van nasionale eenheid wat ná die verkiesing in Suid-Afrika ingestel is, word deur Heyns heel positief beoordeel as hy sê dat ons daaroor dankbaar mag wees "en wat na alle waarskynlikheid die beste vorm van regering is wat ons in Suid-Afrika kan hê, ook vir die toekoms." (14 Junie 1994c: [ ]). Hierdie uitspraak van Heyns was kwalik 'n anderhalf maand nadat die regering van nasionale eenheid aan bewind gekom het. Dit was dus te vroeg om daaroor te oordeel en het nie probleme, wat later ondervind is, voorsien nie.

Vyf maande ná sy inhuldiging as Staatspresident het mnr Nelson Mandela, wat die begeerte uitgespreek het om die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk toe te spreek, op 13 Oktober 1994 die geleentheid gekry om dit te doen (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 440).[112] Dié Algemene Sinode van 1994 het bekend geword as die "Sinode van Versoening." en is veral deur die moderator, ds Freek Swanepoel, so genoem.[113] Vir die meeste sinodegangers was dit 'n groot verrassing alhoewel die Dagbestuur van die ASK dit vooraf bespreek het. Heyns het sy bedenkinge gehad oor die hantering van sake en sou

[112] Mandela het vroeër in April 1994 ook die dankseggingsdiens van die VGKSA Sinode te Belhar bygewoon ten tye van die eenwording van die NGSK en NGKA (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 537).
[113] Medeling deur P J Strauss.

graag wou hê dat De Klerk ook genooi moes word (Gaum 6 Oktober 1997b: [ ]).[114] Mandela het gesê dat hy ná sy vrylating twee keer indringende gesprekke met die Ned Geref Kerk se moderatuur gevoer het. Hy was beïndruk deur hulle integriteit en die erns waarmee hulle na vreedsame en regverdige oplossings vir die land se probleme soek. As gevolg van die skade van apartheid, het hy gesê, het die Ned Geref Kerk 'n plig om aktief deel te neem aan die opbou van 'n regverdige en vreedsame samelewing. Alhoewel hy nie name genoem het nie, is dit duidelik dat hy onder andere na Heyns verwys het toe hy van die konstruktiewe rol gepraat het, wat die leierskap van die Ned Geref Kerk in die onstuimige tye in die aanloop tot die verkiesing van 27 April gespeel het. Hy het gesê: "U bereidwilligheid om ook sommige van u eie kerklidmate te maan teen rassisme en onverskillige geweldspraatjies het 'n belangrike bydrae gelewer om die wonderwerk van Suid-Afrika se vreedsame oorgang tot demokrasie moontlik te maak."[115] Mandela het verder die Ned Geref Kerk se hulp gevra om hande te vat om te help verseker dat die regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (hierna genoem HOP) slaag.[116] hy het ook gevra dat die Ned Geref Kerk kommentaar moet lewer om te help dat wetgewing met

---

[114] Gaum en Van der Westhuyzen het 'n mosie ingedien wat onbestrede deur die Sinode aanvaar is wat waardering uitspreek vir die wyse waarop De Klerk die voorafgaande vier jaar as Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika opgetree het sonder om te skroom om sy Christenskap te bely. Ook vir die wyse waarop hy by sy diensaanvaarding as Adjunk-President die ampseed in die Naam van die Drie-enige God afgelê het. Die Sinode het hom en sy vrou die seën van die Here toegebid (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 504).

[115] *Trouw* berig uit Nederland: "Na een gesprek tussen Zuidafrikaanse kerkleiders en Nelson Mandela, April van dit jaar, prees prof. Heyns de ANC-leider als een man die zich voor het Christendom inzet. Op zijn beurt was Mandela vol lof Heyns rol over de recente vredesonderhandelingen tussen blank en zwart, die door de kerken en het bedrijfsleven waren georganiseerd. Mandela en andere zwarte leiders noemden de blanke kerkleider toen "een integer en eerlijk mens." (23 November 1991: [ ]). Volgens Meiring het Mandela Heyns gesien as 'n ware eerlike Afrikaner en het hom as kerkman aanvaar, net soos wat hy genl Constant Viljoen ook as ware eerlike Afrikaner gesien en gerespekteer het (7 Julie 1997). Op sy beurt vertel Heyns aan I L de Villiers dat Mandela op hom 'n baie gunstige indruk gemaak het. Hy het gesê: "Hy is 'n ware heer. Ek was stom verbaas om die positiewe klanke te hoor wat hy ten opsigte van die kerk gemaak het. Hy het verwys hoeveel dr Sheffler van die NG Kerk vir hom in sy jare van gevangenskap beteken het. Hy wou selfs weet wanneer daar 'n eenheid van kerke, met name die gereformeerde kerke, in Suid-Afrika sal wees." Op 'n vraag van De Villiers of Heyns daaruit aflei dat Mandela 'n Christen is, antwoord hy: "Dit kan ek nie sê nie. Ek weet hy is 'n lidmaat van die Metodistekerk en dat hy daar nagmaal gebruik het." Heyns vertel ook: "Ek het hom gevra: Julle alliansie met die SA Kommunistiese Party, beteken dit dat julle die ateïsme van die kommunisme onderskryf? Ek wou hom uitlok oor die godsdiens. Hy het dadelik duidelik gesê dat hulle dit nie onderskryf nie. En hy het ŉ interessante beeld gebruik: In die laaste Wêreldoorlog het Engeland en Amerika saam met die kommunistiese Rusland 'n bondgenootskap teen 'n gesamentlike vyand gevorm. Dit het nie beteken dat hulle kommuniste geword het nie." (Rapport 30 Junie 1991: [ ]).

[116] Die Sinode het dit aan die AKDB en SKLAS opgedra om die HOP vanuit 'n Bybels-teologiese perspektief te beoordeel en die ASK te voorsien van 'n kerklike standpunt ten opsigte van die HOP (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 466).

betrekking tot die Waarheids- en Versoeningskommissie (hierna genoem WVK) goed geformuleer sal word.[117] Hy het gesê: "Ek wil die Ned Geref Kerk graag uitnooi om die regering se taak van waarheid en versoening te help bevorder." (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 536,537).[118] Na die toespraak het Potgieter 'n mosie deur Heyns gesekondeer en wat onbestrede aanvaar is aan die Sinode voorgehou wat lui dat die Sinode Mandela en die owerheid van sy volgehoue voorbidding verseker. Verder dat die HOP-program deeglik bestudeer sal word en dat die Ned Geref Kerk sal aandui hoe hy daadwerklik op dié gebied 'n bydrae kan maak. Die ernstige begeerte word ook deur die Sinode uitgespreek dat die regering steeds volledig ruimte sal bied vir die handhawing van Christelike waardes wat vir soveel mense in die land van die allergrootste belang is. Hierna het die Sinode Mandela Psalm 134:4 toegesing (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 443).[119]

---

[117] Volgens Mandela sou een van die belangrikste take van die WVK wees om te verseker dat die regering erkenning en menswaardigheid verleen aan die slagoffers van marteling en menseregtevergrype (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 537).

[118] Die Sinode het besluit om dit aan AKLAS op te dra om die instelling en funksionering van die beoogde waarheidskommissie te ondersoek en sy bevindinge aan die ASK deur te gee, wat volmag kry om na die vereiste van die bevindinge op te tree (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 98,502). Persoonlik het Heyns ook aan hierdie versoek van Mandela voldoen deur kommentaar ten opsigte van die beoogde WVK op versoek van Clayton Peters, koördineerder van die NIV per faks deur te stuur. Hy waarsku ten opsigte van die baie sensitiewe en emosionele saak teen twee uiterstes. Aan die een kant die standpunt dat 'n algemene skuldbelydenis voldoende sal wees. Saam hiermee die houding dat dinge van die verlede moet rus en vergeet word. Aan die ander kant die standpunt dat versoening en vrede nie verkry kan word sonder 'n deeglike en deurdringende ondersoek na alle overte en koverte onregsdade van die verlede nie. Volgens Heyns kan 'n waarheidskommissie 'n versoenende rol speel op voorwaarde wat hy nie die tweede standpunt as sy taak beskou deur byvoorbeeld koverte dade te probeer ondersoek nie. Koverte dade moet volgens hom aan die gewete van die betrokkenes oorgelaat word alhoewel hulle uitgenooi behoort te word om na vore te kom en daaroor te praat. Overte dade kan waar moontlik wel ondersoek en gekorrigeer word, in ag genome dat ware berou en belydenis ook restitusie en vergifnis insluit. As 'n waarheidskommissie, volgens Heyns, 'n gees van berou en belydenis kan bevorder waar vooroordele, selfsug, vrese, verdeeltheid, disrespek vir menselewens, apatie, onreg en ongeregtigheid bely kan word, kan die kerk nie anders as om dit goed te keur nie. Aan die hand van Johannes 8:32 sê Heyns dat slegs wanneer die Woord van Christus as norm in jou lewe heers en nie sonde nie, is 'n mens waarlik vry (1994l: 1).

[119] *Rapport* het geskryf waar in 1982 die moderator van die "apartheid-Sinode" dr Allan Boesak nie 'n spreekbeurt wou gee om 'n boodskap van die WBGK aan die Sinode oor te dra nie, het die 1994-Sinode Mandela staande toegesing: "Laat Heer U seën op hom daal." (16 Oktober 1994b: 6).

Heyns[120] was verantwoordelik om as inleier van die gebruiklike broederlike onderhoud tydens die Sinode op te tree.[121] Die tema van die onderhoud was *"Uitdagings van die nuwe Suid-Afrika vir die Ned Geref Kerk."* In 'n aangrypende referaat waarin Heyns 'n baie duidelike opsomming gee van die verandering in Suid-Afrika en hoe dit die Ned Geref Kerk en sy lidmate in die toekoms gaan raak, kom hy tot die gevolgtrekking: "Die nuwe Suid-Afrika is God se uitdaging aan die kerk!" Die kern van die kerk se benadering sal krities-solidêr moet wees. 'n Lewende Geesvervulde kerk sal volgens Heyns innerlik sterk genoeg moet wees om in- en teenoor die samelewing 'n eie mening te stel, eie beginsels en waardes te verdedig, 'n eie lewensstyl te ontwikkel. Daarvoor sal die kerk konsekwent uit die Woord van God moet leef. Om verandering te kan verstaan en hanteer, sal die kerk verandering met die roeping van die kerk in verband moet bring, net soos hy gehoorsaamheid en roeping moet verbind. Dan, volgens Heyns, verstaan hy iets van die koninkryk van God. Waar die kerk en sy lidmate te midde van verandering aan God gehoorsaam word, breek iets van die koninkryk deur. Die roeping van die kerk hou verband met sy *getuienis*, *versoening* en *diens*[122] in hierdie wêreld en méér in besonder in

---

[120] Heyns is as assessor deur ds Kobus van der Westhuyzen opgevolg (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 423) en daarna nie vir enige ander pos op die moderamen verkies nie. Hy is wel deur die Sinode as ouderling van die Sinode van Noord-Transvaal op die ASK verkies en hy was steeds voorsitter van AKLAS (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 483,485). Neels Jackson, kerksakeverslaggewer by *Beeld* skryf vóór die verkiesing: "Hoewel prof. Heyns hoë aansien geniet, sal die vergadering waarskynlik meen hy het sy beurt gehad." (11 Oktober 1994a: [ ]). Dit is belangrik om daarop te let dat Heyns die enigste persoon van die ondertekenaars van die Getuienis 1980 was wat teen 1994, vyftien jaar later, nog in die direkte kerkleiding gestaan het en op die ASK gedien het. Dit dui daarop dat hy waarskynlik die kerkleier was wat die grootste invloed op die Ned Geref Kerk gedurende hierdie tydperk uitgeoefen het. Dr Gerdrie van der Merwe skryf in die *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* dat Heyns se invloed van die eerste Algemene Sinode in 1962 duidelik was, toe sy studiestuk oor die Chiliasme behandel is. Sy betrokkenheid was toenemend merkbaar tot met die Sinode van 1994 (1996: 325).

[121] Die broederlike onderhoud het tydens die aandsitting op 12 Oktober 1994 plaasgevind. Ds Freek Swanepoel, nuwe moderator wat in Potgieter se plek verkies is, het die tema aangekondig en mev Renée Heyns welkom geheet wat die geleentheid bygewoon het (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 439).

[122] Ten opsigte van die diens van die kerk in die wêreld verkeer Heyns steeds op die tweesprong wat die rol van die kerk in die samelewing aanbetref. Onder die opskrif *koninkryksdiens* sê hy die kerk mag die samelewing nie "verkerklik" nie maar moet dit "verchristelik", dit wil sê "verkoninklik." In dié opsig is die kerk 'n "mobilisasiekantoor" en 'n "opleidingskamp" waar die gelowiges deur die erediens voorberei word om die wêreld te verower deur God se koninkskap oor die wêreld te proklameer. In die inleidende gedeelte maak Heyns egter nogmaals melding van die kerk se "eksemplariese, representatiewe en missiologiese funksie" ten opsigte van die wêreld. Dit lei hy af uit die konstruksie dat Christus tegerlykertyd Hoof van die kerk en Hoof van die wêreld is, 'n siening wat aan die tipies Barthiaanse Christusmonistiese standpunt herinner. Hieruit lei Heyns af dat wat die kerk reeds weet, weet die wêreld nog nie; wat met die kerk reeds gebeur het, moet nog met die wêreld gebeur; wat in die kerk alreeds sigbaar is, is nog onsigbaar in die wêreld; wat die kerk alreeds gedoen het naamlik om Christus as Hoof te aanvaar, moet die wêreld nog doen (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 530,534). Hiermee dui Heyns, soos vroeër ook aangetoon, juis die weg vir die verkerkliking van die samelewing aan.

Suid-Afrika (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 532-534). Waar Heyns oor *barmhartigheidsdiens* praat is dit asof hy 'n korreksie wil aanbring op vroeëre kritiek van Van Wyk, wat uitgewys het dat sy stelling dat my volksgenoot my "naaste naaste" is, heel omstrede is.[123] Laasgenoemde toon aan dat die gelykenis van die barmhartige Samaritaan juis hierdie siening deurbreek het (1994: 147). Heyns bring nou die verhaal van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:25 ev) in verband met álle mense in nood. In Suid-Afrika is daar, volgens hom, baie mense wat net vra vir basiese lewensnoodsaaklikhede soos 'n huis, elektrisiteit en skoon water.[124] Heyns sê hierop: "Die weelde van teoretiese besinning oor allerlei dogmatiese temas kan ons in 'n tyd soos hierdie nie veroorloof of voor God verdedig nie." Dit is dan op hierdie punt dat hy die woorde gebruik wat later beroemd geword het deur te sê: "Om dit kru en hard te sê: ons moet ophou redeneer oor kleindoop en grootdoop, oor die hoeveelheid water by die doop; ons moet water vat en klei maak, en van die klei stene, en die stene gebruik om huise vir mense te bou, en aan die mense kos en klere gee. Eers dán kan ons, as dit dan nog nodig is, oor die doop gesels."[125] (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 535). *Rapport* skryf dat hierdie woorde net sowel die leuse van die Sinode kon gewees het (16 Oktober 1994b: 6).[126]

---

[123] Vergelyk Heyns se Teologiese Etiek 1 1982: 251 en Teologiese Etiek 2/2 1989: 21.

[124] Heyns het 'n deel van sy referaat aan die regering se HOP-program gewy waarvan hy sê dat baie daarvan waardeer kan word, maar hy het ook ernstige vrae daaroor. Is dit nie byvoorbeeld te veel van 'n mensgesentreerde program, gebaseer op humanistiese beginsels nie? Sal daar nie ernstige onreëlmatighede met die redistribusie van grond plaasvind nie? Sal die sogenaamde regstellende aksie nie in omgekeerde diskriminasie ontaard nie? Die sogenaamde kommissie van waarheid sal ook goed bekyk moet word dat dit nie met dubbele standaarde meet nie (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 533). Hy het voorgestel dat die Ned Geref Kerk in die toekoms 'n kerklike konferensie oor die HOP hou (Beeld 13 Oktober 1994b: [ ]).

[125] Hierdie uitspraak het Heyns die eerste keer al vóór die Algemene Sinode van 1990 gemaak. Toe het dit reaksie uitgelok deur sommige wat daaruit afgelei het dat Heyns sê leerstellige verskille maak nie meer saak nie. Hy het hulle egter daarop gewys dat hulle die punt mis (21 September 1990a: 4).

[126] In aansluiting by die broederlike onderhoud het AKLAS onder voorsitterskap van Heyns 'n verslag, getiteld *Die voortgesette vredestaak van die kerk*, voor die Sinode gebring (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 99). Die Algemene Sinode van 1990 het aan AKLAS opdrag gegee om sy besinning oor die vredestaak van die kerk voort te sit (Handelinge Ned Geref Kerk 1990: 94,492,710). Die dagbestuur van AKLAS het 'n subkommissie benoem om 'n verslag met aanbevelings vir die Algemene Sinode van 1994 voor te berei. Die lede van hierdie kommissie was drr Thys Smit, CW du Toit, mev A du Toit en prof Willie Jonker. Die verslag en aanbevelings van die kommissie is op 'n AKLAS-vergadering van 24 en 25 Maart 1994 vir opname in die agenda van die Algemene Sinode van 1994 gefinaliseer (Notule AKLAS 24 en 25 Maart 1994: 5,6). Die kern van die verslag sê dat die belangrikste bydrae wat die kerk tot vrede in die land kan lewer is om 'n harts- en gesindheidsverandering by mense te help bevorder, sodat hulle daartoe bevry kan word om menslik met mekaar om te gaan. Die strekking van die aanbevelings wat die Sinode aanvaar het was dat leraars die roeping tot lewensheiliging en gehoorsaamheid aan die liefdesgebod in die konkrete situasie van Suid-Afrika op die hart van gemeentelede sal bind; Christene word gewaarsku teen die gevare van 'n burgerlike godsdiens asook teen politieke denke wat die eie volk of belange verabsoluteer

Gedra deur die gees van versoening[127] wat tydens die Sinode geheers het, het Heyns en prof AA Odendaal 'n mosie laat goedkeur waarin die Sinode sy opregte waardering teenoor prof Ben Marais uitspreek vir wat hy oor baie jare vir die Ned Geref Kerk beteken het en vir sy mooi en vrugbare lewe. Op Dinsdag 18 Oktober het die moderator Marais by die vergadering verwelkom en hom 'n staande ovasie gegee en Psalm 134:4 toegesing (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 456,490). Marais vertel, "hulle het my kom haal[128] en die Sinode het my verskoning gevra. Heyns het dit goedgekeur en hande geklap. Ek het dit self gesien." Marais vertel dat die erkenning wat hy dié dag ontvang het het dit vir hom 'n baie groot dag gemaak (5 Julie 1997: [ ]).[129] Op Donderdag 20 Oktober, die laaste dag van die Sinode, het 'n soortgelyke gebeurtenis plaasgevind. Ook dr Beyers Naudé en sy vrou Ilse is na die vergadering gebring[130] en is deur die moderator verwelkom. 'n Besluit wat die vorige dag deur die Sinode geneem is,[131] is aan hulle voorgelees. Ook in dié geval het die vergadering Psalm 134:4 gesing (Handelinge Ned

---

ten koste van ander mense; kerkrade en lidmate word aangespoor om by vredesaksies betrokke te raak (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 436,596)

[127] Versoening na die ander kant het ook tot 'n mate plaasgevind. Heyns en Kleynhans het mekaar uiteindelik weer gevind rondom 'n verslag met 'n pastorale inslag wat voor die Sinode gedien het en vir die regse beswaardes aanvaarbaar was. Van der Merwe skryf: "Die versoenende oomblik tussen proff Evert Kleynhans en Johan Heyns sal 'n mens altyd bybly: twee groot kerkmanne en strydosse met integriteit en liefde vir die kerk van die Here." (1996: 325).

[128] Volgens dr Adelbert Scholtz is dit Meiring wat Marais in die vergadering ingebring het (27 Oktober 1997: [ ]).

[129] Marais vertel dat hy die pad van kritiese identifikasie geloop het en nie dié van konfrontasie soos Beyers Naudé of Nico Smith nie. "Ek het altyd gehoop ons geloofsoortuiging sal die kerk laat verander. Ek is egter baie stief behandel. Ek en my vrou het die Transvaal snuif gery om op plekke te preek, maar Pretoria-gemeentes het my nie meer gevra om te preek nie. Twee van my studente, wat op kerkrade in gemeentes was, het my vertel die mense organiseer teen my. In die oorlogstyd het mense my kom waarsku. Die AB het die 'n opdrag versprei: 'Sorg dat Ben Marais klein gehou word.' Teen 1994 het al die bitterheid verdwyn, maar ek besef die nuwe besluite moet eers praktyk word en dit sal nog geslagte neem." (5 Julie 1997: [ ]). Marais het gesê hy het nie verwag dat die kerk hom om verskoning moet vra nie. "As hulle dit egter doen, beteken dit baie. Gister het my hart goed gedoen." (Beeld 20 Oktober 1994d: [ ]).

[130] Volgens Gaum was dit Meiring wat agter die skerms vir die reëlings verantwoordelik was, hy vertel: "tot die konsternasie van sommige, want daar was kameras vooraf gereël en dit was effens kunsmatig. Marais se ontvangs was meer spontaan." (6 Oktober 1997b: [ ]).

[131] Die Tydelike Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake, waarvan Heyns die voorsitter was, het die betrokke besluit geformuleer en as deel van hul eerste verslag aan die Sinode voorgelê wat dit, soos geamendeer, goedgekeur het. Dit het gelui: "In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die Ned Geref Kerk wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers (en selfs kerklike vergaderinge) was wat 'n duidelike profetiese stem oor apartheid en kerklike besluite in hierdie verband laat hoor het. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is." (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 501).

Geref Kerk 1994: 516). Volgens Neels Jackson van *Beeld* was daar weer applous. Heyns[132] was die eerste wat opgestaan het nadat die applous begin het en later het byna almal in die vergadering Naudé en sy vrou staande toegejuig. Daar was, volgens Jackson, egter 'n paar vir wie dit nie so maklik was om op te staan soos vir Marais twee dae vantevore nie. Van hulle het gesê dat Marais immers sy getuienis van binne uit gelewer het. Naudé het téénoor die kerk standpunt ingeneem en oor baie jare skerp kritiek gelewer. "Hy het die kerk baie skade gedoen. Hy moet ook om verskoning vra" het 'n beswaarde agterna gesê.[133] 'n Groepie het die gebeure selfs agterna met die moderatuur gaan bespreek,[134] maar vir die meeste afgevaardigdes was dit 'n ervaring van "koue rillings." Naudé het agterna gesê: "Uit my hart uit innig dank vir wat vandag gebeur het." Verder het hy gesê dat dit verhoring van gebede was en dat hy dankbaar is dat hy dit kon beleef, "daar is baie wat dit nie kon ervaar nie, soos David Bosch en Bennie Keet..." (21 Oktober 1994e: 1).

Die Algemene Sinode van 1994 het grootliks van KS 1990 afskeid geneem met die besluit: "Die Algemene Sinode beskou Kerk en Samelewing nie as 'n dokument wat telkens hersien moet word nie omdat dit die kerk se reaksie op 'n bepaalde historiese

---

[132] Heyns en Naudé se sienings oor mekaar en oor die kerk rondom die tema van apartheid kan soos volg opgesom word. Naudé sê dat Heyns 'n unieke rol gespeel het om te help dat die Ned Geref Kerk hom van die ou apartheidsideologie begin losmaak het. Hy het begin besef dit is noodsaaklik en het met 'n goeie teologiese kennis, helder verstand en duidelike formulering die taak aangepak. Heyns se lidmaatskap van die AB het natuurlik gemaak dat die swart en bruin predikante hom nie vertrou het nie (12 Augustus 1997: [ ]). Wat die kerk aanbetref was Naudé dankbaar vir KS, maar die Ned Geref Kerk moes volgens hom steeds die rubicon oorsteek. Hy het besef die kerk sal lidmate na regs verloor, maar as hy apartheid konkreet sou help afbreek, sou hy sterker staan in sy getuienis teenoor die wêreld (Die Volksblad 24 April 1990a: [ ]). Heyns op sy beurt het gesê Naudé moes homself nie van die Ned Geref Kerk vervreem het nie. Hy het hom destyds persoonlik gevra om te bly. Hy was van mening dat dit van groter waarde vir almal kon wees indien Naudé binne gebly het en debat binne die kerk en die ekumeniese sirkels aangemoedig het. Heyns was egter positief oor die vraag of Naudé in die Ned Geref Kerk terugverwelkom moes word (Younghusband 1987: 4,5).

[133] Dr Jorrie Potgieter wat sy doktorale proefskrif oor die verhouding tussen Beyers Naudé en die Ned Geref Kerk geskryf het, meen dat Naudé neo-Marxistiese uitsprake en uitsprake ten gunste van die bevrydingsteologie gemaak het wat die Ned Geref Kerk skade aangedoen het. Dit was nie versoenbaar met die gereformeerde leer nie. Naudé het daarop gereageer deur te sê hy is bly dat daar vrae oor sekere aspekte van sy lewe na vore kom en hy is die eerste mens wat sal sê hy is jammer indien hy hoor van gevoelens in dié verband. Hy het verder gesê dit is belangrik om die bevrydingsteologie en neo-Marxisme reg te definieer, maar hy kan nie ontken dat intensiewe gesprekvoering binne die raamwerk van die bevrydingsteologie 'n invloed op sy oordeel gehad het nie (Beeld 11 November 1994j: [ ]).

[134] Volgens 'n mededeling deur P J Strauss was een van die besware teen Naudé se ontvangs, onder andere, dat die betrokke Sinodebesluit juis nie name bevat het nie aangesien daar eers 'n gebalanseerde ondersoek oor vorige teenstanders gedoen sou moes word. Hy was volgens Strauss nie van alle blaam vry te spreek nie en sy ontvangs was duidelik 'n georkestreerde ding (2005: [ ]).

situasie was. Die kerk leef nou in 'n nuwe situasie waarin dringende makro sosiaal-etiese probleme ons aandag verg." (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 500). Relatief min kommentaar het ná KS 1990 ingekom. Aangesien die Sinode van 1990 nie 'n opdrag gegee het dat KS 1990 hersien moet word nie, is besluit dat die stukke bewaar moet word totdat 'n soortgelyke beleidsdokument weer opgestel word (Notule AKLAS 24 en 25 Maart 1994: [ ]). Dr Willie Botha vertel dat Heyns tydens die vergadering opgemerk het: "Die kommentaar moet gebêre word vir gebruik wanneer die verenigde kerk vorentoe moontlik 'n nuwe Kerk en Samelewing sal uitgee." (10 Januarie 1994: [ ]). KS se rol was grootliks uitgedien, maar een belangrike les is deur die worstelpad daarmee geleer. Die les het oor die tydperk van 1983 tot 1986, toe KS 1986 deur die Hersieningskommissie opgestel is, gehandel. Besware het destyds ingekom, onder andere van ds GJ Hugo wat geskryf het: "Gedurende die 4 jaar waarin die kommissie sy werk doen, word nooit 'n aanduiding gegee[135] van die koers van hulle besinning nie. ...Ongeveer vier weke (die tydperk was wisselend) voor die Sinode word die konsep beskikbaar gestel – en die ontnugtering tref talle mense dat die hersiening 'n totaal nuwe aanpak, afwyking, en selfs radikale wysiging van RVN is." (1987: 1). Ds Nico van Loggerenberg het gesê die beleidstuk is "excathedra" bekendgemaak, in werking gestel en geen ruimte is aan sinodes en kerkrade gelaat vir kommentaar nie (19 Augustus 1987: [ ]). *Die Hervormer*, blad van die NHK, skryf dat KS byna tot 'n soort onaantasbare uitspraak verhef is aangesien daar van 1986 tot 1990 gewag moes word voordat dit hersien kon word en die moontlikheid van 'n buitengewone sinodevergadering was deur die ASK van die hand gewys. Dit was deur *Die Hervormer* as een van die hoofredes beskou waarom die APK gestig is (Oktober 1987: [ ]). Heyns het duidelik laat blyk dat hy deeglik van hierdie kritiek kennis geneem het. In die Sinode van 1994 het hy aan die debat oor die instelling van die kinderkommunie in die Ned Geref Kerk deelgeneem, waar 'n groot deel van die vergadering ten gunste daarvan was dat die Sinode dit dadelik moes goedkeur. Heyns was egter bekommerd dat die lidmate nie gereed is vir so 'n ingrypende besluit nie. "'n Mens kan nie dié ingrypende besluit nou in werking stel en verskeurdheid in die kerk

---

[135] Vergelyk hoofstuk vier dat die Algemene Sinode van 1982 besluit het om slegs 'n uitnodiging vir insette ten opsigte van die hersiening van RVN in *Die Kerkbode* te rig. Vergelyk ook hoofstuk vier dat *Die Kerkbode* gedurende die tydperk 1983 tot 1986 van tyd-tot-tyd berigte oor die vordering van die Hersieningskommissie se werksaamhede geplaas het, maar dit het nie oor die inhoudelike gehandel nie.

veroorsaak nie," het hy gesê. Die toelating van vroue tot die predikantsamp was, volgens hom, eers na die streeksinodes verwys. Hy het hierop gesê dat hy al baie gewonder het of daar nie baie minder spanning oor KS sou gewees het as dié weg daarmee gevolg is nie (Beeld 15 Oktober 1994c: 4).[136] Die Sinode het toe besluit dat 'n memorandum met die verskillende standpunte oor die kinderkommunie opgestel moet word wat aan die streeksinodes vir oorweging en insette deurgestuur moes word. Die Algemene Sinode sou dan teen 1998 oor die saak kon besluit (Handelinge Ned Geref Kerk 1994: 449).

Die laaste preek wat Heyns gelewer het was op 30 Oktober 1994 tydens 'n interkerklike Hervormingsdag op Middelburg. Aan die hand van Matteus 11:12 het hy gesê dat sedert die dae van Johannes die Doper, breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit. Dit het hy in 1 Korintiërs 15:20 tot 28 met die koningskap van Jesus Christus, wat uit die dood opgestaan het, in verband gebring. Die boodskap van die kerkhervorming is volgens Heyns nie tot die kerk beperk nie, maar geld vir die hele lewe naamlik, onder andere, die geestelike-, huweliks-, gesins- en politieke lewe. Deur verandering heen, ook soms hervorming genoem, ontstaan daar altyd twyfel, twyfel vir die individu en selfs twyfel vir die kerk. Soos Johannes die Doper moet mens altyd met jou twyfel na Jesus Christus toe gaan. Deur God se wonderwerke in menselewens breek God se koninkryk vir homself 'n pad in hierdie wêreld oop waarin God uiteindelik alles in almal sal wees (30 Oktober 1994n: 1).[137]

Op 4 November 1994 het Heyns 'n memorandum met die opskrif *Gedagtes en houdinge ten opsigte van apartheid* aan *Die Eike,* hoofkantoor van die AB, gestuur. As voorsitter van die Uitvoerende Komitee vir Skakeling en Kommunikasie was hy gevra om iets op skrif te stel na aanleiding van 'n versoek uit Colesberg dat die UR 'n gesprek- of studiestuk beskikbaar stel om die Afrikaner se oordrewe skuldgevoel oor die apartheidsera in perspektief te plaas (Verduidelikende Nota aan Uitvoerende Raadslede van die Afrikanerbond 1994: 1). Heyns het 'n handgeskrewe stuk van dertien bladsye

[136] Heyns het aan Ina van der Linde vertel toe hy in 1987 deur die land gegaan en KS verdedig het, was hy geskok omdat hy gemeen het dat dit wat op sinodale vlak gebeur het ook deurgewerk het op die vlak van die gemeentes. Hy het gesê: "Ek het eers daarna besef ons sit met 'n enorme groot vakuum in kommunikasie." (21 September 1990: [ ]).

[137] Hierdie laaste sinsnede van Heyns kom uit die 1953-Afrikaanse vertaling van 1 Korintiërs 15:28.

ingestuur met die woorde: "'n Paar gedagtes wat ons mense kan opbeur. Hier is my poging!" (4 November 1994h: [ ]). Hy begin die stuk deur te sê "apartheid is verby, maar ons besig-wees met apartheid is nog nie verby nie." Heyns noem dat enige gedagte oor of opmerking dat apartheid nie net negatief beoordeel kan word nie, word oor die algemeen verstaan as 'n verborge steun vir apartheid. Volgens mense wat so sê, sê Heyns, is die enigste juiste houding die van 'n diepe skuldgevoel ten opsigte van apartheid. Heyns verwys na KS 1990 "wat hom baie krities uitgelaat het oor apartheid" maar ook verwys na die lang periode waarin die ideaal en beleid van apartheid beslag gekry het en dat daar ook eerlike en opregte bedoelings ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisie was.[138] Heyns verwys in sy *Teologiese Etiek 2/2* na apartheid wat, volgens hom, "maar net" 'n eksperiment was wat nie gewerk

[138] Oor die "goeie bedoelings" by die ontwerpers van apartheid kan daar nog lank debat gevoer word. Prof E P Groenewald vertel: "Ek het apartheid bepleit, maar dit was 'n fout. Ons het nie genoeg onderskei tussen kerk en staat nie. Die goeie bedoelings was altyd daar, maar die toepassing het skeefgeloop." (1 Oktober 1997: [ ]). Runia meen die goeie bedoelings was nie anti-swart nie, maar eerder pro-blank. Hy sê daar sit tog 'n hele stuk selfhandhawing in (15 Junie 1998: [ ]). Ook Jonker sê dat dit 'n selfbeskermingskonsep van die blankes was, maar jou gesonde verstand moes vir jou sê dat dit onmoontlik is om te realiseer. Selfbehoud is volgens hom nie die grootste waarde nie, geregtigheid wel ( 29 September 1997: [ ]). Enige persoon wat die hoofstuk van Johann Groenewald oor die sosiologiese aspekte van die uitwerking van apartheid in Kinhorn se boek *Die NG Kerk en Apartheid* lees, sal moet erken dat die goeie bedoelings baie gou deur die harde werklikhede van die geweldige ongelykhede in Suid-Afrika ingehaal is. Enkele voorbeelde is die feit dat grond vir swart Suid-Afrika tot minder as 14% deur die wette van 1913 en 1936 beperk is. Dat dit later tot 'n situasie in die tuislande gelei het waar die bevolkingsdigtheid 61,6 persone per vierkante kilometer was teenoor 17, 3 in "blank Suid-Afrika." Hierby het minder as 40% swartes teen 1960 in die tuislande gewoon en die gebiede was onderontwikkeld. Daarby was daar was groot gapings ten opsigte van owerheidsbesteding waar blankes by verre die voordeel ontvang het in sektore soos onderwys, landboudienste, subsidies, gesondheid, hospitale, pensioene, ensovoorts. Ekonomiese wanbalanse was skikwekkend groot (1986: 20,32,34,36,38). Toegegee, die apartheidsowerheid was grootliks nié vir die ongelykhede verantwoordelik nie. Dit het lank vantevore reeds bestaan en sal lank nog voortduur, daarom is Heyns waarskynlik reg as hy na apartheid verwys as eksperiment wat nie gewerk het nie. Wat sou in die eerlike soeke na oplossings 'n motief vir die aanpak van so 'n ambisieuse eksperiment van menslike ordening wees? Diegene wat die apartheidsisteem ontwikkel het, was waarskynlik in die bepaalde komplekse situasie waarin die Afrikaner hom in die eerste helfte van die twintigste eeu bevind het of baie desperaat, of oormoedig, of deur vrees gedrewe, of naïef, of iets van alles. Niemand sal kan ontken dat sommige of al hierdie motiewe in die eerlike soeke na oplossings verskuil was nie. Daarom sou dit dalk beter wees om te sê dat die Afrikaner in sy eerlike soeke verblind en/of mislei was deur hierdie motiewe waarvan hy moontlik nie bewus was nie, of wat hy andersins aan homself ontken het. Agterna beskou kan mens nie glo dat so 'n eksperiment aangepak en met soveel beslistheid vir so lank tot op 'n punt met soveel mag en mening deurgevoer is nie. Gesien in die lig van die mislukking van die eksperiment, klink Heyns se herhaaldelike verwysing die goeie bedoelings na 'n nuttelose argument. Runia was reg, daar sit 'n stuk selfhandhawing in. Die stem uit die Wes-Kaaplandse Sinode (vergelyk hoofstuk vyf se voetnotas) dat apartheid nie meer op grond van sy goeie bedoelings beoordeel kan word nie, maar op grond van die resultaat daarvan, klink na die stem van iemand wat van die selfhandhawing verlos is. Heyns kon uiteindelik egter nie heeltemal daarvan loskom nie.

het nie.[139] Daarmee het ons reeds in hoofstuk vyf gehandel toe ons gesê het dat dit 'n ongelukkige formulering is en 'n onderwaardering, van wat apartheid aan mense gedoen het, toon. Heyns meen die visie van een Suid-Afrikaanse samelewing met 'n verskeidenheid van selfstandige, naas mekaar bestaande volke, is gedra deur en het voortgespruit uit een basiese motief, naamlik die reg op selfbeskikking binne eie geografiese staatstrukture, waarin die blankes van die begin af die inisiatief geneem het, maar die oortuiging gehad het dat die nie-blanke volke eweneens dieselfde reg het. Heyns neem vervolgens 'n toer deur die geskiedenis van die tyd toe die blankes as Europeërs[140] in 1652 met verdrag kontak met die inwoners van Afrika van die suidekant af gemaak het. Die Europeërs se gevoel van plig en uitdaging om hulle geestesgoedere met ander te deel, was die begin van voogdyskap, maar, sê Heyns, die ongelykheid wat as die veronderstelling van voogdyskap gefunksioneer het, was nie dié van ongelykheid in menswees nie, maar eerder 'n ongelykheid in kulturele prestasie en gebrek aan geleenthede. Daar was 'n motief om vanuit die Christendom hulp te verleen. 'n Proses van stereotipering het egter plaasvind waarin velkleur 'n simboliese waarde begin kry het. Die

---

[139] Vergelyk hoofstuk vyf: Teologiese Etiek 2/2 1988: 49,50.

[140] Die vraag is al baie gevra waarom in die buiteland en veral in Nederland gedurende die apartheidsera so 'n beheptheid met Suid-Afrika ontwikkel het en stryd gevoer is om apartheid afgetakel te kry. Erik van den Bergh van die *Stichting Kairos* is van mening dat Nederland se betrokkenheid in die koloniale tydperk van die afgelope paar eeue 'n heel lastige punt in Nederland is. Vir die Nederlanders is dit 'n emosionele saak. Daarmee saam is ras 'n gevoelige woord in Europa as daar aan die Jodekwessie van die Tweede Wêreldoorlog gedink word. Dit het 'n groot emosionele lading op die Europese lande geplaas. Albei hierdie sake kom toe teen die einde van die oorlog, soos nêrens anders in die wêreld, in Suid-Afrika in die vorm van apartheid na vore. Met die beëindiging van die koloniale tydperk en aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was die samelewing in Europa in 'n fase waar mure afgebreek was, terwyl in die Suid-Afrikaanse samelewing mure juis in daardie tyd opgebou was. 'n Botsing was volgens hom dus onafwendbaar (16 Junie 1998: [ ]). Hy skryf ten opsigte van Europa: "Er ontstond een ander klimaat waarin ervaringen met racisme (Tweede Wêreldoorlog, maar ook de strijd van ds. Martin Luther King in de Verenigde Staten) en verwerking van de dekolonisatie (Indonesië, Nieuw Guinea) aandacht vroegen. De Nederlandse kerken en hun blanke zusterskerken in Zuid-Afrika groeide uit elkaar. Zwarte kerken kwamen in zicht. De relaties veranderden in de jaren zestig en zeventig volledig." (1994: 123). Prof Jan Veenhof is van mening dat die Nederlanders skuldig voel oor dié land se beleid en optrede in die koloniale tydperk. Baie van die soort kritiek wat Suid-Afrika ontvang het, was byvoorbeeld deur die pen van Bavinck en Verkuyl ook aan die adres van Nederland gerig (24 Junie 1998: [ ]). Prof Jaap Kamphuis se perspektief op die saak is: "Ek dink die mense van apartheid is nie net misdadigers nie, maar apartheid as ideologie is 'n breuk met die koninkryk. Nederland het egter ook sy probleme met die Turke, Marrokane en Surinamers. Die Nederlanders moenie te veel praatjies maak nie." (15 Junie 1998: [ ]). Ds Evert Overeem is van mening dat die Nederlandse teologie in Suid-Afrika misbruik is omdat die apartheidsteoloë so sterk by Abraham Kuyper aangeleuen het my sy standpunt oor *soewereiniteit in eie kring.* Daarom is hulle so emosioneel daaroor (15 Junie 1998: [ ]). In dié verband vra Kinghorn die vraag of die verskil in kultuurkonteks tussen Kuyper in Nederland en Suid-Afrika in die volksproblematiek behoorlik verreken is. Hy sê daar is aanduidings dat daar in dié verband betreklik eklekties van Kuyper gebruik gemaak is (1986: 62). Overeem se beskrywing van "misbruik" is dan waarskynlik geregverdig.

kleur swart het die simbool van ander waardes as dié van wit geword. Die Calvinistiese godsdiens word deur Heyns as rede bestempel waarom, van die blankes se kant af, nie grootskaalse bloedvermening plaasgevind het nie. Saam met die kleurgevoel het 'n afkeer van bloedvermeninging ontwikkel want dit sou kon lei tot die verdwyning van die blanke volk en sy beskawing. Die Nasionale Party se beleid van apartheid van 1948 wat die bogenoemde ontwikkelinge in 'n stel juridiese wette omgeskakel het, het dus sy wortels ver terug in die geskiedenis gehad en met name het dit by die koloniale beleid[141] aangesluit. Die konsep van tuislande was om aan die blanke lewensruimte te gee maar aan die ander kant die nie-blanke tot volwassenheid te lei. Dit is belangrik om Heyns se redes te hoor waarom hy dink hierdie "hooggespanne ideale" misluk het. Hy sê: "as konkrete uitdrukking en praktiese toepassing van die konsep van voogdyskap, was apartheid die eensydige konstruksie van diegene wat in die magsposisie verkeer het, naamlik die blankes." Aan die ander kant was die "druk van die bevoogdes, wat apartheid beëndig het" bydraend daartoe, maar Heyns voeg by dat dit gebeur het ten spyte van of mede as gevolg van allerlei faktore. Heyns deel die standpunte, wat gedurende die voorafgaande vier dekades oor apartheid ontwikkel het, in drie groeperinge in naamlik,[142] eerstens "hulle vir wie alle apartheid in sy ontwerp en uitvoering boos en verwerplik is", tweedens "diegene wat alles in apartheid goed en aanvaarbaar vind en indien dit enigsins moontlik is, dit sou wou voortsit" en derdens "diegene wat die standpunt handhaaf dat apartheid, as eksperiment in menslike ordening, trouens, soos alle eksperimente, sy negatiewe elemente, maar sekerlik ook sy kwota positiewe elemente bevat." Heyns sê hierop watter houding 'n mens ook al mag inneem, twee dinge duidelik is. Eerstens sou dit "gewoon nie waar wees as beweer word dat alles wat vandag in die Suid-Afrikaanse samelewing verkeerd is, aan apartheid toegeskrywe moet word nie." Heyns noem dat in lande waar daar nooit apartheid was nie, word dikwels dieselfde toestande gevind as in Suid-Afrika. Tweedens, sê Heyns, sou dit eweneens nie waar wees "dat alle uitwasse wat

[141] Dr Leopold Scholtz, adjunkredakteur van *Die Burger* meen dat dit sinvol is om na die ooreenkomste tussen apartheid en die Britse kolonialisme te verwys. Eersgenoemde was volgens hom in 'n groot mate 'n voortsetting en radikalisering van laasgenoemde. Om egter die ooreenkomste tussen Nazisme en apartheid as paradigma vir laasgenoemde te beskou, is volgens hom akademies nie haalbaar nie (12 Augustus 2005: 9).
[142] Vergelyk die bespreking van hierdie groeperinge en Heyns se standpunt in dié verband in hoofstuk drie.

apartheid wel geproduseer het, van meet af aan die harte van hulle wat daarmee begin het, en dit aanvanklik ook gesteun het, aanwesig was nie." Heyns sê vervolgens:

> "Apartheid was 'n dinamies groeiende proses wat die merkwaardige vermoë gehad het om in sy negatiewe, diep mensonwaardige aspekte so wild te groei dat dit die positiewe totaal oorwoeker het. Dat dit gebeur het – daaroor is ons jammer, want vir baie mense het dit pyn en lyding beteken."

Hy sluit sy stuk af met die woorde:

> "Maar dit impliseer nie 'n verlammende skuldkompleks wat ons blind maak vir die uitdagende moontlikhede wat tans voor ons lê nie. Die opbou van 'n nuwe Suid-Afrika kan nie suksesvol verloop sonder grondige gesindheidsveranderinge by al sy mense nie. En wie daarvan kan getuig, beskik alreeds oor die allerbelangrikste boumateriaal." (1995: 1-5).

Dit was Heyns se finale standpunt oor apartheid. In wese was Heyns ten opsigte van apartheid steeds by sy definisie van 1988 in sy *Teologiese Etiek 2/2* en by KS 1990.[143] In terme van die onderskeid, tussen die drie groeperinge hierbo genoem, het Heyns by die derde groepering aansluiting gevind wat die negatiewe aspekte van apartheid erken en bely het, maar nie blind was vir die positiewe aspekte sowel as die aanvanklike goeie bedoelings van die argitekte en uitvoerders daarvan nie. Prof Christof Heyns, sy seun en

---

[143] Durand vertel: "Ek sou nie saamstem met Heyns se definisie van apartheid nie. Tog reflekteer dit wat die middelgroep binne die Ned Geref Kerk sê. Met *Reis met apartheid* het die Ned Geref Kerk ook nie gevorder nie. 'n Definisie bring 'n mens nêrens nie." Durand het Heyns in die lig van sy standpunt oor apartheid ervaar as dat hy tussen twee stoele wil sit. "Ek het baie met hom daaroor gepraat omdat hy nie duidelik wil uitkom nie. In gesprekke tussen die Ned Geref Kerk en die VGKSA het ons in kommissie baie hieroor gepraat." (29 September 1997: [ ]). Ds Freek Swanepoel was in die lig van die saak van die herstel van die lidmaatskap van die Ned Geref Kerk van die WBGK in 1997 en 1998 ook van mening dat Heyns se definisie van apartheid, soos in *Reis met apartheid* opgeneem, 'n dilemma geword het. "Die Ned Geref Kerk kan nie aanhou om apartheid te dra nie. Waarom wil ons die woord sondig nie gebruik nie?" vra hy (13 Februarie 1998: [ ]). Dr At Kruyswijk sê dat Heyns se standpunt oor apartheid in vergelying met ander soos in 'n golfpatroon tussen twee reguit lyne gevarieer het. As hy hom met Boshoff en Bosch vergelyk, dan verteenwoordig Boshoff 'n reguitlynige standpunt wat apartheid omhels terwyl Bosch 'n reguitlynige standpunt huldig wat apartheid afwys. Heyns het as't ware met 'n politieke inslag tussen die twee konsekwente lyne gewissel wat Kruyswijk noem: "Versigtig op weg." (9 Junie 1998: [ ]). Vergelyk Runia se opmerking in hoofstuk drie oor die innerlike spanning by Heyns wat eerder 'n worsteling as 'n oneerlikheid verteenwoordig (15 Junie 1998: [ ]). Herr Marc Winiger, voormalige president van die Calvynse Kerk in Genevé meen dat dit die mense is, wat ten opsigte van hulle standpunte die middelgrond verteenwoordig, wat die toekoms skrywe. Ekstremiste bereik gewoonlik 'n punt waar hulle onredelik raak. Mense wat Heyns goed leer ken het, het volgens Weniger besef hoe ernstig hy in sy soeke na oplossings was. In dié opsig het Heyns 'n groot indruk op Weniger gemaak (26 Junie 1998: [ ]).

dosent in regsfilosofie aan die Universiteit van Pretoria, sê Heyns sou apartheid moeilik as geheel verwerp omdat dit so deel van die Afrikaner se geskiedenis was (14 Augustus 1997: [ ]). Dis egter ook duidelik dat alhoewel Heyns apartheid nie ongekwalifiseerd wou verwerp nie, hy apartheid hoegenaamd op enige wyse wou voortsit nie. Hierdie siening word gestaaf wanneer Heyns 'n bydrae vir publikasie aan *Reformatorisch Dagblad* stuur waarin hy skryf: "Alle goeie intensies van die aanvanklike ontwerpte apartheid ten spyte, is ons samelewing in twee verskeur... Apartheid het ons op twee verskillende eilande laat beland, het ons in verskillende wêrelde geleef." Hy sê verder dat met die voogdyskaplike verhouding, wat die blankes ten aansien van die nie-blankes aanvaar het, is 'n duidelike stempel op die samelewing afgedruk waardeur die ekonomie van die land beslis nadelig getref is. Die boikotte en disinvesteringveldtog aan die anderkant deur instansie en kerke in die buiteland het volgens Heyns natuurlik ook tot die ontwrigting van die ekonomie bygedra. Vanuit die nuwe bedeling, wat in April 1994 aangebreek het, verwys Heyns na die voorafgaande era "wat hopelik vir goed verby is, waarin onderskeidinge op rassebasis gedoen is, en die een bo die ander bevoordeel is." Met die oog op die toekoms verwys Heyns na die regering van Nasionale Eenheid se HOP en vra steun, veral geldelike steun, uit die buiteland daarvoor (1994m: 1-3).

Heyns wou ten opsigte van apartheid aanbeweeg maar, kenmerkend van hom, nie sonder sy mense nie. Hy skryf op die vooraand van die nuwe dekade:

> "Then there are those Afrikaners who want to survive, and if survival means re-casting basic political ideology, they will do so. They are not slaves to their policy or history, for they realise that there are values greater and more important than political policy or history. Nor are they enmeshed in a static pattern of social existence for they know that Afrikanerdom is a living, dynamically developing organism. It is not a building which is repaired and restored as the years pass, but a tree which grows new branches, flowers and fruit, yet remains essentially the same. And on this way to a new South Africa the church will accompany its members with the ever-shining light of the Word of God and a clear message: If we sow seeds of obedience to God's Word, we will reap a bounteous harvest of

> blessing; if we sow Christian principles, our culture will reap productivity, stability and justice." (31 Desember 1989b: 12,13).

Kenmerkend van die posisie van kritiese-solidariteit wat Heyns bewustelik ingeneem het, was sy worsteling om 'n helder en duidelike standpunt oor apartheid in te neem. Uiteindelik het hy nie heeltemal daarin geslaag nie.[144] Heyns het gesorg dat sy standpunt nooit ver van die meerderheid van sy mense s'n gelê het nie. Vir hom was dit 'n kwessie van die vraag of sy mense op 'n bepaalde tydstip gereed was om 'n sekere standpunt in te neem. Dit het fyn strategiese vermoëns geverg om op hierdie wyse leiding te kon gee, maar so iets kan egter nie gedoen word sonder om oor kritiese sake soms 'n pragmatiese benadering te volg nie. Met so 'n benadering word jy gedwing om voortdurend voorlopige standpunte in te neem wat skuif soos wat die geskiedenis verloop en dinge ontwikkel. Onvermydelik dra Heyns se teologie veral ten opsigte van die eenheid van die kerk, die kerk se rol in die wêreld en meer in besonder die verhouding van die kerk tot die volk en staat 'n sterk kontekstuele karakter. Elke teoloog is natuurlik kind van sy tyd en die meeste teoloë het nodig om in hul latere werk korreksies ten opsigte van vroeëre standpunte aan te bring. Die mate waarin dit gedoen moet word hang af van die mate waarin 'n teoloog toelaat dat die kontekstuele sy stempel op sy teologie afdruk. Die aanhangers van die sogenaamde "groot profete" teen apartheid sal egter moet erken dat God in sy groot genade mense soos Heyns met besondere gawes toegerus het wat hom by uitstek instaat gestel het om veral gedurende die tydperk 1986 tot 1990, 'n kritiese tydperk in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk, 'n onmisbare en onmiskenbare rol te kon speel.

Op Saterdagaand 5 November 1994 is Heyns deur 'n onbekende sluipskutter in sy huis se woonkamer, in die teenwoordigheid van sy vrou en drie van sy kleinkinders koeëlbloedig doodgeskiet (Rapport 6 November 1994c: 1).[145] Jonker skryf die land was geskok oor

---

[144] Heyns se seun Christof beskryf akkuraat hoe dat 'n verandering van standpunt by Heyns nie sonder diepgaande worsteling plaasgevind het nie. "Die feit dat hy krities betrokke was by die gemeenskap waaruit hy gekom het, het beteken dat hy 'n rots was, met gewig, wat nie maklik beweeg is nie, maar as hy beweeg het was dit dan ook 'n rots wat beweeg het. (4 Desember 1994: 23).

[145] Lategan wys op wat Heyns oor die verloop van die lewe geskryf het: "Al is dit waar dat geen mens 'n program vir die konsert van die lewe kry nie, is ons troos dáárin geleë dat God self - ons Vader – die

Heyns se ontydige dood deur 'n raaiselagtige moord waarvan die moordenaar steeds nie opgespoor is nie en die motief nog onbekend is (1998: 214).[146] Heyns is op Vrydag 11 November 1994 tydens 'n privaat familiegeleentheid in 'n greinhoutkis in die Rebeccastraat begraafplaas in Pretoria begrawe. Die eenvoud daarvan, was volgens sy eggenote, sy persoonlike wens.[147] (12 Februarie 1998: [ ]). Hierna is 'n roudiens in die Universiteitsoord-kerkgebou gehou, waar ds Thys Vermeulen en Danie du Toit, die gesin se gemeentepredikante,[148] voorgegaan het. Ds Vermeulen het uit Johannes 12 voorgelees van die koringkorrel wat eers in die grond moet val en sterf om 'n groot oes ten kan oplewer – dieselfde teks wat Heyns met die opening van 1990 se Algemene Sinode gebruik het (Rapport 13 November 1994d: 5).[149] Die kern van die boodskap was dat dit 'n wet van die koninkryk van God is, dat Jesus moes sterwe om die lewe vir mense te kon gee. Net so moet elke volgeling van Jesus ook prysgee, selfloos raak, ook sterwe. Elkeen wat Jesus volg sal die merktekens van die kruis dra, maar ook die krag van die opstanding ervaar. Vermeulen het die Tertuliaanse spreuk aangehaal deur te sê: "Die bloed van die martelare is die saad van die kerk." (Pretoria News 12 November 1994b: 2). Ná die diens het drie persone huldeblyke gelewer naamlik ds Freek Swanepoel, Voorsitter van die ASK van die Ned Geref Kerk, biskop Stanley Mogoba, Voorsittende Biskop van die Metodiste Kerk van Suid-Afrika en prof Flip Smit, Rektor van die Universiteit van Pretoria. Prof Stephan Heyns, sy oudste seun het die bedankings [150]gedoen (Soli Deo

---

program in sy hande het en die afloop daarvan bepaal." (28 Mei 1993: 14). Uiteindelik is dit ook ten opsigte van Heyns se dood as 'n waar woord van hom bewys.

[146] Heyns se weduwee Renée het kort ná die moord gesê die moordenaar moet 'n baie "siek persoon" wees en sy bid dat hy genade sal vind. Toe sy besef haar man is geskiet en dat daar niks vir hom gedoen kan word nie, het sy die kleinkinders na die studeerkamer geneem en die polisie gebel (The Star 8 November 1994: 1). Daar was immers dreigbriewe en -oproepe en sy en haar man het oor die moontlikheid gepraat dat hy iets kan oorkom. Die oomblik toe dit gebeur, toe dink sy: "Hier is dit nou." (Retief 18 Januarie 1994: 18). Heyns se jongste seun Johan-Dirk het gesê: "Ek hoop die moordenaar kan vrede vind vir die daad wat hy gedoen het. Ek weet my pa, wat nog altyd in diens van die kerk gestaan het, is nou by die Hemelse Vader." (Die Volksblad 7 November 1994b: 2).

[147] Heyns het volgens sy eggenote min persoonlike besittings gehad. Aan klere het hy hom nie gesteur nie. Eintlik was net sy boeke vir hom belangrik en daarvan het hy baie gehad, het sy gesê (Retief 18 Januarie 1995: 19).

[148] Volgens Vermeulen en Du Toit was Heyns en sy vrou baie geliefde mense in die gemeente. Geen gemeente-aktiwiteit was te klein of onbelangrik vir Heyns nie. Du Toit het gesê op die oggend van 6 November 1994 tydens die erediens was die gemeente in 'n gesamentlike staat van verbystering. Hy het nog nooit so iets gesien nie (Beeld 7 November 1994f: 2).

[149] Vergelyk hoofstuk vyf.

[150] Die Heyns-familie het gevra dat die volgende bedanking gepubliseer word: "Die familie van prof. Heyns betuig hiermee graag hulle opregte en diepste dank vir die byna oorweldigende meelewing en

Gloria 1994: 2). Biskop Desmond Tutu het 'n gebed tydens die diens gedoen. Ongeveer honderd-en-vyftig kerkleiers van bykans elke denominasie in Suid-Afrika het die diens bygewoon.[151] Staatspresident Nelson Mandela het vroeër die oggend 'n uurlange besoek met 'n persoonlike boodskap aan huis van die Heyns-gesin gebring (Meiring 1995: 5).[152] Op dieselfde dag is daar ook in Ysterplaat, Heyns se eerste gemeente, 'n roudiens gehou. Prof Willie Jonker het die diens gelei en uit 2 Korintiërs 5:1-10 gepreek. Hy het gesê Johan Heyns wou in alles die wil van God doen. "As sy vriend en kollega kan ek met vreugde sê: Oor sy verbondenheid met God in Christus het ek nooit enige twyfel gehad nie. Ek glo dat hy deur sy lewe, sy teologie en sy arbeid as kerkman sy geloof in die genade en liefde van God uitgelewe het, al was dit ook, soos met alle mense, in ons gebrokenheid." (1998: 214).

Huldeblyke het van oral-oor ingestroom, in Suid-Afrika en vanuit die buiteland. Prof Andrie du Toit som die spektrum waaroor huldeblyke oor Heyns gelewer is goed op as hy sê: "'n Seder het onder ons geval. Ons eer die nagedagtenis van 'n man wie se plek baie moeilik gevul sal kan word; 'n opregte Christenmens, 'n teoloog, 'n kerkman en skrywer van formaat; ekumeniese figuur, gesinsman, volksman, ware vriend. Kortom 'n besondere gawe aan die kerk van Jesus Christus en aan ons land." (15 November 1994: [ ]). Uit die talle huldeblyke wat uitgespreek is, wil ons slegs enkeles, verteenwoordigend van die res, noem. Hennie Serfontein se woorde oor Heyns se *invloed* is treffend. Hy skryf: "The

---

ondersteuning wat ons die afgelope dae van vriende, maar ook van talle onbekendes regoor Suid-Afrika en ook in die buiteland ervaar het. Ons dank die Here dat hy mense op hierdie wyse gebruik om te midde van 'n sondige en gebroke wêreld nou reeds gestalte gee aan iets van die vrede en hoop van die Koninkryk van God. Ons vertrou dat hierdie sinnelose daad op een of ander wyse tog sal meehelp om versoening en Sy vrede tussen die mense van die land te bring" (13 November 1994e: 5).

[151] Benewens die kerkleiers soos Desmond Tutu, Beyers Naudé, Nic Appolis, Sam Buti en Stanley Mogoba, Ray McCauley, is die roudiens deur sowat tweeduisend mense bygewoon. Onder hulle was daar 'n gewese staatspresident naamlik Marais Viljoen, twee ministers naamlik Pik Botha en Roelf Meyer, vyf Premiers van provinsies naamlik Tokyo Sexwale, Popo Molefe, Matthews Phosa, Patrick Lekota en Manne Dipico, oud-ministers naamlik Gerrit Viljoen, Adriaan Vlok en Fanie Botha (Beeld 12 November 1994l: 1). Charl Niehaus van die ANC en Carel Boshoff van die VF was ook daar (Pretoria News 12 November 1994: 2).

[152] Mandela wou graag die roudiens vir Heyns bywoon maar kon dit weens ander verpligtinge nie doen nie. In sy boodskap aan die gesin, wat later tydens die roudiens voorgelees is, het hy sy diepe dankbaarheid uitgespreek vir die bydrae wat Heyns gemaak het in die skepping van 'n nie-rassige Suid-Afrika. "Afrikaners het 'n groot bemiddelaar verloor" het hy gesê (Beeld 12 November 1994k: 1). Ook Beyers Naudé en sy vrou Ilse het die Heyns-woning besoek om meegevoel te betoon. Ná die Algemene Sinode van 1994 het hy gevoel om die broederlike verhouding met Heyns te versterk. Die geleentheid is hom egter deur Heyns se ontydige dood ontneem (12 Augustus 1997: [ ]).

most important leader in the history of the white Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in the second half of the twentieth century, Johan Heyns, more than anyone else helped the NGK move to a post-apartheid era."[153] Hy sê verder: "Heyns's strategy was to remain inside, a foothold and position of influence while keeping people together in the church." (7 November 1994: 10).[154] Heyns is geloof vir sy *leierskap* wat hy in een van die moeilikste tye in die Ned Geref Kerk se geskiedenis uitgeoefen het. Ds Freek Swanepoel het gesê as een van die groot leiers van die Ned Geref Kerk was hy bereid om die pad voluit vir die Here te loop (Rapport 6 November 1994c:1). Du Toit, een van Heyns se gemeenteleraars, skryf: "He was truly a leader of his church and did not fail or hesitate to lead even in the most difficult times when the church had to redefine its role in South Africa (8 November 1994: 10).[155] Heyns se oudste seun, prof Stephan Heyns het gesê die Ned Geref Kerk in sy breedste verband aan sy vader die geleentheid gegee om die roeping wat reeds vanaf sy jongseundae vir hom duidelik was, uit te leef. Hy het gesê: "Hierbinne kon hy saam met soveel ander in afhanklikheid van God na die waarheid soek... Dit was nie altyd maklik nie, maar die NG Kerk het aan hom die ruimte gegee wat hy nodig gehad het." (Rapport 13 November 1994e: 5). In die Parlement is die ongewone stap gedoen om 'n mosie van hulde aan iemand van buite te bring. Dit is deur die Adjunk-Speaker gemotiveer deur te sê dat Heyns "seer seker 'n leidende figuur in ons samelewing was." Verskeie politieke partye[156] het aan die bespreking, wat deur die Minister vir Behuising mnr Joe Slovo[157] ingelei was, deelgeneem. Die strekking van die debat was oor

---

[153] Dr Conrad Raiser, Algemene Sekretaris van die WRK het gesê: "My impression is that Heyns was beginning to articulate a new self-understanding for the DRC. He did it as somebody who was accepted and who's words had weight." (25 Junie 1998: [ ]).

[154] 'n Uiteensetting van Heyns se invloed het in *Beeld* verskyn: As kerkleier het Heyns 'n sleutelrol gespeel in die Ned Geref Kerk se verwerping van apartheid; as bemiddelaar het hy talle politici bymekaar help uitbring; as akademikus het hy talle boeke en artikels laat verskyn; as dosent het hy kritiese denke by 'n hele geslag teologiestudente help vorm; as kultuurleier het hy 'n leiersrol in verskeie organisasies gespeel (30 Desember 1994n: 12).

[155] Mnr Pik Botha wat op daardie stadium Mininster van Mineraal- en Energiesake was het Heyns se goeie leierskap vermeld en ook vertel hoe dat Heyns, wat hy sy goeie vriend noem, hom as minister ondersteun het toe hy gevaar geloop het om uit die NP geskors te word vanweë sy anti-rassisme houding (Pretoria News 7 November 1994a: 13.

[156] Deelnemers aan die debat was mnr Joe Slovo van die ANC, mnr H A Smit van die NP, mnr W S Felgate van die IVP, genl C L Viljoen van die VF, mnr D H M Gibson van die DP, mnr A G Ebrahim van die PAC en mnr L M Green van die ACDP (Debatte van die Nasionale Vergadering van die Republiek van Suid-Afrika 1994: 4201-4205).

[157] Heyns het in die vorige jaar, toe hy hoor dat Slovo, wat 'n uitgesproke ateïs was, kanker het, vir hom 'n gebed gaan doen het waar hulle by Kodesa besig was (Beeld 16 November 1994m: 2).

Heyns se *versoeningsrol* en Slovo het tydens sy inleidingstoespraak gesê dat die Huis hulde bring vir Heyns se bydrae tot vrede en versoening.[158] Mnr Douglas Gibson het in sy toespraak gesê: "Die Bybel sê vir ons: 'Salig is die vredemakers.' Johan Heyns was 'n vredemaker." Ook genl Constant Viljoen het uit die gebeure daarop gewys dat rekonsiliasie nie as vanselfsprekend aanvaar moet word in die land nie. Hy het bygevoeg dat Heyns iemand was wat sy standpunt helder en duidelik kon stel. Daarom het hy en baie ander vir hom respek gehad (Debatte van die Nasionale Vergadering van die Republiek van Suid-Afrika 1994: 4201-4205). Staatspresident Mandela het Heyns 'n "egte patriot" en 'n "soldaat vir vrede" genoem (Beeld 7 November 1994g: [ ]). Jonker skryf in die memoriamkolomme van die Ned Geref Kerk se *Kerkjaarboek* en vra die vraag ten opsigte van Heyns: "Sou dit kon wees dat hy miskien die hoogste prys betaal het, juis vanweë sy ywer vir die saak van vrede en versoening in ons land? Dit weet ons nie. Maar as dit so sou wees, dan het hy gesterf in die goeie tradisie van die getuie, die martelaar, wie se getuienis deur niks beter beseël kan word nie, as deur sy eie bloed." (1996a: 326). Ironies genoeg het Heyns in 'n artikel oor hoe godsdiens kan help om 'n nuwe Suid-Afrika te help skep, wat hy 'n maand voor sy dood geskryf het, gesê het dat 'n "bevryding van die hart" van mense in Suid-Afrika is nodig. As dit gebeur, sê Heyns, "sal ek nie my hande gebruik om my naaste dood te maak nie, maar om hom te dien." (Sunday Times 13 November 1994: 19). In verskeie huldeblyke is na Heyns se rol op die *kulturele terrein* verwys. Ds Kobus van der Westhuyzen het tydens die roudiens in Ysterplaat gesê Heyns was 'n lojale kind van sy volk, die Afrikanervolk en het nie geskroom om oor sy Afrikanerskap te getuig nie (Beeld 11 November 1994l: 2). Ds Henno Cronjé hoof-uitvoerende beampte van die FAK het Heyns 'n Christen-Afrikaner in murg en been genoem. Hy laat 'n leemte wanneer die Afrikaner leiers baie nodig het, het hy gesê. Mnr Tom de Beer voorsitter van die AB het gesê Heyns was 'n leier met insig in die veranderinge wat in Suid-Afrika moes plaasvind. De Beer het gesê hy vertrou dat die proses van versoening waarvoor Heyns hom beywer het, in die land voortgesit sal word (Die Volksblad 7 November 1994a: 1).

---

[158] Réna Pretorius, redaksielid van die *Tydskryf vir Geesteswetenskappe* het in 'n huldeblyk namens die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geskryf dat in die hart van die versoener Johan Heyns die wil geleef het om alles heel te maak. Dit was na aanleiding van die vers van die digter Elisabeth Eybers: "...op een of ander manier (sal) wat ooit heel was nooit vergaan....". (Desember 1994: 217).

Vanuit die buiteland was daar net so 'n groot reaksie op Heyns se dood.[159] Reformatorisch Dagblad skryf dat sy rol in die wegbeweeg van apartheid baie waardering maar ook diepe verguising opgelewer het. Heyns se dood het volgens dié blad plaasgevind net 'n dag nadat 'n veldtog begin is om Suid-Afrika 'n wapenvrye land te maak (7 November 1994a: [ ]). In nog 'n berig in dié blad word melding gemaak dat Heyns deur die SARK 'n "reus" in die kerklik wêreld genoem is (7 November 1994b: 2). Die WBGK se blad *WARC-Update* skryf dat Heyns vir die grootste deel van sy lewe 'n apologeet vir apartheid was maar later 'n hartsbevryding ondergaan het. So het hy in die oorgangstyd na meerderheidsregering gehelp om brûe tussen blank en swart te bou sodat Mandela sy dood beskryf het as 'n verlies vir die hele nasie (1994: 7). *Trouw* skryf uit Nederland dat Heyns die posisie van 'n koorddanser ingeneem het wat tussen twee vure gewissel het. In dié opsig was hy nie 'n held soos byvoorbeeld Beyers Naudé nie. Tog het hy in die laaste jare met groot risiko, maar ook met groot resultate 'n reuse bydrae gelewer met die afbreek van apartheid (8 November 1994: [ ]). Prof Klaas Runia skryf dat met Heyns het Suid-Afrika een van sy groot seuns verloor. Hoewel aanvanklik nie, het Heyns volgens hom later met 'n veel sterker en duideliker standpunt deurgekom. Op die GER-vergaderings het hulle Nederlanders in hom 'n gedugte opponent gevind, maar Runia sal nie die stukkie wonderwerk vergeet wat in Harare plaasgevind het toe Heyns Smith se voorstel om 'n kerkeberaad te hou gesekondeer het nie (11 November 1994: [ ]).

'n Belangrike stem het uit Duitsland opgeklink toe dr Heinz Joachim Held ná Heyns se dood erkentlik was en gesê het dat hy nie besef het hoe moeilik dit vir Heyns was om in sy tyd moderator van die Ned Geref Kerk te wees nie.[160] Hy skryf: "As a matter of fact I have met dr Johan Heyns on several occasions, and I have to confess that I might have learned to appreciate him only at the end." (27 May 1998a: 1). Hy vertel: "We were reluctant of official talks. We annalized *Church and Society* and did not have the

[159] Eerw Foston Sakala van die RCZ het op 11 November 1994 'n boodskap van medelye van die Zambiese President, Kenneth Kaunda aan mev Heyns oorhandig (Beeld 12 November 1994l: 1).
[160] Held het 'n anderhalfuur ná die afgespreekte tyd vir 'n onderhoud met die skrywer van hierdie proefskrif by die EKD se hoofkantoor in Hannover gewag, toe laasgenoemde weens 'n verkeersopeenhoping verhinder was om betyds te wees. Hy het gesê hy wou sy oortuiging ten opsigte van Heyns graag persoonlik deel (19 Junie 1998b: [ ]).

impression that there was a thorough change. I saw Heyns as a church-politician. I am sorry that I understood him wrongly. In the end God judges what is in our hearts." (19 Junie 1998b: [ ]).[161] Froneman maak melding van die groot stryd wat Heyns en andere gehad het deur te sê: "Jammer dat hy noodgedwonge soveel klippe uit die weg moes rol wat deur mede-gelowiges, mede-kerkmense in sy pad geplaas is." (1994: 26). Froneman het met dié opmerking waarskynlik veral ook die ontsettende teenkanting, wat Heyns vanuit regse groeperinge binne die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk gekry het, in gedagte gehad. Held is een van die min wat agterna op so 'n direkte wyse erkentlik teenoor Heyns was.

Enkele ander blyke van erkenning en waardering het in die tyd ná Heyns se dood plaasgevind. *Die Kerkbode* het in 'n hoofberig van Heyns afskeid geneem en in die besonder melding daarvan dat hy 'n jarelange medewerker en vriend van dié blad was. Hy het hom groot moeite getroos om artikels betyds geskryf en afgelewer te kry (11 November 1994a: 12). Gaum het as redakteur ook persoonlik afskeid geneem deur in sy rubriek *Vuurhoutjie* te skryf dat Heyns 'n besondere mens was, enig in sy soort, iemand wat met 'n geloofpassie en 'n lewensdrif oral waar hy 'n rol gespeel het 'n verskil gemaak het. Hy sluit af: "Hy was inderwaarheid geen teoretiserende ivoortoringteoloog nie, maar 'n Christen wat vanuit die Skrif praktiese oplossings vir ons land se verwikkelde probleme wou vind." (11 November 1994b: 13).

Die Universiteit van Pretoria het 'n eredoktorsgraad postuum aan Heyns toegeken. Ter motivering daarvoor is na Heyns se voortreflike loopbaan as teoloog en dosent, asook sy betrokkenheid op die breër akademiese, kulturele en kerklike gebied verwys. Sy indrukwekkende curiculum vitae getuig onteenseglik daarvan (Wethmar 1995: 1-3).[162] Mev Renée Heyns het gesê sy ontvang die graad postuum namens haar man met groot dankbaarheid (Beeld 2 September 1995: [ ]).

---

[161] Held het 'n roerende brief van meegevoel met Heyns se afsterwe gestuur waarin hy onder andere skryf: "I know that he did not meet with understanding and support from many inside and outside the country, and I belong to those who had some reservations with him. But I praise God now for his testimony and ministry of reconciliation of which he became a martyr." (12 Februarie 1995: 1).

[162] Wethmar skryf dat die gedagte om die eredoktorsgraad aan Heyns toe te ken het kort na sy aftrede in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek ontstaan, maar sy ontydige dood het ongelukkig te gou gekom (1995: 1).

Op 21 November 1996 het die ANC bekend gemaak dat hulle in terme van die naamsveranderinge vir gesondheidsinstellings besluit het om die provinsiale hospitaal in Vanderbijlpark na die "Johan Heyns Hospitaal" te hernoem. Terselfdertyd is die Baragwanath-Hospitaal ten suide van Johannesburg ook hernoem na die "Chris Hani Baragwanath Hospitaal" . Op dié manier het Heyns onder andere erkenning van die ANC regering gekry (Beeld 22 November 1996: 13). Mev Heyns het agterna gesê dat hulle as familie nie vooraf in die saak geken is nie, maar dat hulle besluit het om nie beswaar te maak nie. Hulle het op versoek wel 'n foto en 'n afskrif van Heyns se curiculum vitae aan die owerheid beskikbaar gestel (12 Februarie 1998: [ ]).[163]

Heyns wou graag as 'n profeet bekend staan.[164] Verskeie persone het ná- en sommige selfs vóór sy dood na hom as profeet verwys.[165] Ander kon Heyns weer nie in die beskrywing van profeet tuisvind nie. Die meeste mense het erkenning gegee dat Heyns wel 'n groot rol in die kerk en die samelewing in Suid-Afrika gespeel het. Daar is egter diegene wat 'n onderskeid tussen 'n profeet en 'n leier tref, asof die een die ander uitsluit. Hulle het van Heyns gesê dat hy, soos De Klerk, wel 'n leier was eerder as 'n profeet. Dat hulle, soos die meeste leiers, gedurig oor hulle skouers gekyk het om te sien of die kudde volg en dat hulle hul pas dienooreenkomstig aangepas het. In kontras hiermee word Beyers Naudé deur diesulkes as 'n profeet beskou, wat van vroeg af, ongeag die gevolge van sy standpunt, geen kompromieë ten opsigte van die verwerping van apartheid gemaak het nie (Sunday Times 13 November 1994: 19). Koffeman druk dit soos volg uit: "Heyns se rol was wel groot, maar was dié van 'n diplomaat, nie van 'n profeet soos Smith[166] en Naudé nie." (16 Junie 1998: [ ]). Ina van der Linde dink ook nie Heyns was 'n profeet in

---

[163] Ten opsigte van Heyns en Chris Hani het prof Willie Esterhuyse gesê dat twee mense wat ten opsigte van lewensbeskouing, politiek en kulturele verbondenheid "wêrelde" van mekaar verwyderd was, tog in die verskeurde en polities onverdraagsame wêreld van Suid-Afrika "een" was in terme van simbole van oorgang en verandering (11 November 1994: 19).

[164] Vergelyk Heyns se verwysing na homself as "leier-profeet" in hoofstuk vier.

[165] Vergelyk Lategan wat 'n artikel oor Heyns ten tye van sy vyf-en-sestigste verjaarsdag geskryf het onder die opskrif: *Die digterlike profeet word vyf en sestig.* (28 Mei 1993: 14).

[166] Smith reken dat die benadering van kritiese-identifikasie vanuit 'n Christelike perspektief gevaarlik is. Dit is volgens hom 'n weg van kompromieë – 'n weg van konformasie. Mens moet konformeer ten opisgte van die wil en die sin van jou mense. Jou insig verduister, jou gewete raak toegeskroei. Identifikasie laat jou gewete, volgens hom, afstomp (3 Julie 1997: [ ]).

die sin van 'n Elia, Jesaja of Maleagi nie, of soos Bonhoeffer of Beyers Naudé of Ben Marais nie. Sy skryf: "ek glo dat Johan Heyns die enigste leier was wat die NGK, hoe stadig ook al op 'n nuwe pad kon plaas. Hy sou dit kon regkry, nie omdat hy so 'n groot verligte was of 'n groot teoloog nie, maar omdat hy 'n uitstekende strateeg was, en omdat hy die kerk met hom kon saamneem." (1995: 43).[167] Christof Heyns erken, vanuit een hoek gesien, sou gesê kon word "dat te groot betrokkenheid mens ten opsigte van die *status quo* kompromitteer en jou profetiese rol aan bande kan lê." (4 Desember 1994: 23).[168] Die vraag hier is of profeetskap en leierskap wat mekaar uitsluit nie 'n valse teenstelling is nie. Hierop kom ons binnekort terug. 'n Ander teenstelling, wat na 'n valse teenstelling lyk, is dié van profeet of verraaier. Sommige het Heyns, net soos De Klerk, as 'n verraaier van die Afrikanervolk beskou omdat hy die Ned Geref Kerk weg van apartheid gelei het. 'n Pamflet wat aan *Citizen* gefaks was het gelui: "Naas F W de Klerk was Heyns een van die grootste verraaiers van die Boerevolk." Dit was volgens dié koerant blykbaar afkomstig van die *Ondergrondse Boere-Vryheidsbeweging* (15 November 1994b: 3). Ook Boshoff maak gebruik van die onderskeid "profeet en verraaier" as hy sê dit hang van die hoek af waaruit jy na Heyns kyk. Hy gaan egter self nie so ver om Heyns 'n verraaier te noem nie, eerder 'n tragiese held, soos ook F W de Klerk (25 Junie 1995: [ ]).[169] Die vraag moet hier egter gevra word of Heyns nie deur sommige 'n verraaier genoem is juis ómdat hy 'n profeet was nie.

Op Heyns se begrafnis het biskop Stanley Mogoba gesê: "'n Volk wat sy eie profete doodmaak het nie 'n toekoms nie." (Veldsman 27 Desember 1997: [ ]). In hierdie woorde

---

[167] Van der Linde beoordeel Heyns vanuit 'n teologies-liberale hoek waar daar nie juis waardering vir 'n denker is, wat sy mense na ou Bybelse waarhede teruglei nie, maar wat nuwe dikwels onbybelse "waarhede", met ander woorde Bybelse "onwaarhede", ontdek en najaag.

[168] Prof Christof Heyns roer 'n ander debat aan. Uit 'n ander hoek was Heyns se antwoorde miskien te seker, te absoluut en te voorafbepaald, deur die denksisteem waarbinne hy gewerk het. Daar was by hom 'n te groot klem op antwoorde en te min op die vrae: "te veel van Paulus en te min van Sartre." Hy sê: "Baie mense mag trouens voel dat daar heelwat van die stoerheid van die Ou Testamentiese profeet in hom was wat 'n bepaalde aantrekkingskrag het maar steeds vreemd opval in die moderne tyd. Tog, ook vir dié van ons wat nie dieselfde onwrikbaarheid en absolute sekerheid het, of dit selfs nastreef nie, gee die bydrae tot die verandering in die land wat hy kon maak – tot die skepping van 'n nuwe moraliteit – meer gewig aan die sisteem waaruit hy sy antwoorde geput het; meer gesag aan die bril waarmee hy gekyk het. En in 'n tyd waarin die chaos in mense so na aan die oppervlak lê, kan die rustigheid en waardigheid waarmee hy dit gedoen het nie anders as om 'n mens in verwondering te bring oor die krag waaruit hy geput het nie." (4 Desember 1994: 23).

[169] Vergelyk Boshoff se opmerking in hierdie verband in hoofstuk 5.

was dit duidelik dat hy Heyns as 'n profeet van die Afrikanervolk gesien het. Verskeie persone se uitsprake verteenwoordig die siening dat Heyns deur talle as 'n profeet beskou was. Daar was byvoorbeeld Meiring wat gesê het dat Heyns bo alles onthou sal word vir sy profetiese stem en sy versoenings rol wat hy in die land gespeel het (8 November 1994: [ ]). Ds Henno Cronjé het van Heyns gesê hy was 'n "profeet wat sy boodskap van vrede en versoening onbevrees verkondig het – al het dit hom by sommige mense ongewild gemaak." (Beeld 7 November 1994h: [ ]). Lategan deel ook hierdie siening deur te sê dat Heyns 'n soeker was na wat reg was en nie na wat gewild was nie. Vir Heyns het die prinsipiële 'n groter betekenis as die bekende gehad en dit is, volgens Lategan, die teken van 'n ware profeet (11 November 1994: 2). Heyns se eie slagspreuk, wat deur sy seun Christof onder die aandag gebring is, bevestig wat hierbo gesê is wanneer hy sê: "Jy doen dit omdat dit reg is en daarmee is dit af." (Heyns 4 Desember 1994: 23). Esterhuyse wys egter daarop dat Heyns se profetiese stem na buite eers ná 1990 vryer na vore gekom het. Dit is, volgens hom, onder andere die rede waarom Mandela soveel waardering vir Heyns gehad het (29 September 1997: [ ]). AB du Toit meen Heyns het egter steeds profeet van "binne" gebly, profeet in en met en onder sy eie mense. Hy sê: "En dit sal moeilik ontken kan word dat hy langs hierdie weg uiteindelik ook meer vir kerkeenheid, vrede en versoening in ons land tot stand gebring het as baie kantlyn-kritici." (15 November 1994: [ ]).

Heyns deurbreek self die valse teenstelling tussen die profeet en leier, soos hierbo bespreek, as hy sê dat die ware groot leier, wat die moeite werd is om te volg, dié een is wat aan die profeet in hom plek gee. Wat by geleentheid ook die innerlike moed en die krag van sy oortuiging het om teen sy volk te praat omdat hy in die waarheid van sy boodskap glo. Nie almal sal, volgens Heyns, so 'n leier volg nie. Hy sal moontlik selfs verguis en vertrap word, maar daar is ook mense wat hom wel sal volg en die beweging wat daaruit gebore word, is 'n beweging wat deur die tye heen aan krag sal wen, want dit is die beweging wat deur die waarheid aan die gang gesit is (29 Januarie 1985: [ ]).[170] Ter afsluiting is 'n profeet een wat die waarheid tydig spreek. Heyns was so 'n profeet. Sy boodskap vir die Afrikaner-lidmate van die Ned Geref Kerk was nie te vroeg nie, maar

[170] Vergelyk hoofstuk vier.

ook nie te laat nie. Hy was nie te ver vooruit nie, maar het ook nie te stadig beweeg nie. Dit was, soos die titel van die huldigingsbundel tydens sy sestigste verjaarsdag gesê het, *'n Woord op sy Tyd*.[171]

[171] Vergelyk *'n Woord op sy tyd* (Wethmar, C.J. en Vos, C.J.A. 1988: [ ]).

# GEVOLGTREKKINGS

**Inleiding.** Prof Johan Adam Heyns was ongetwyfeld een van die invloedrykste teoloë van die Ned Geref Kerk gedurende die twintigste eeu. Dit was veral ten opsigte van die besluite oor apartheid, wat die Algemene Sinode van 1986 van die Ned Geref Kerk onder voorsitterskap van Heyns geneem het, asook gebeure in die termyn wat daarop gevolg het, wat van hom 'n baie bekende en soms 'n kontroversiële figuur gemaak het. Die doel van hierdie studie is om 'n akkurate en gebalanseerde verslag van Heyns se rol en invloed op die Ned Geref Kerk in sy worsteling met apartheid in samehang met die breër kerklike en ekumeniese wêreld waarbinne hierdie kerk gefunksioneer het te gee. Gevolgtrekkings soos dit uit die studie na vore gekom het kan soos volg saamgevat word:

1. **Heyns as Christen-Afrikaner.** Heyns het in 'n Christen-Afrikanerhuis grootgeword en op 'n vroeë stadium van sy lewe besluit om 'n predikant te word. Talle aantekeninge en inskrywings in sy persoonlike Bybel wat hy as hoërskoolkind van sy ouers gekry het, getuig van 'n vroeë geloofsvertroue in God Drie-enig as sy Skepper en Christus as sy Verlosser. Hiermee saam kom Heyns se onvoorwaardelike aanvaarding van Gods Woord as die gesag vir alles wat bestaan. Hy kom uit 'n familie wat sterk met die Afrikanersaak, soos in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ten opsigte van die volksplanting in 1652, die Groot Trek en die twee Vryheidsoorloë teen die Britse imperiale magte, geïdentifiseer het.

2. **Heyns as nasionalis.** Heyns was van jongs af nasionalisties in sy breë politieke oriëntering. Sonder dat hy ooit 'n ingeskrewe lid was, was hy sy lewe lank 'n ondersteuner van die NP alhoewel hy teen 1994 'n mate van teleurstelling en ontnugtering oor die politieke veranderinge in die land beleef het. Volgens sy eggenote mev Renée Heyns was dit egter nie soveel dat hy in die algemene verkiesing van 27 April nie steeds vir die NP gestem het nie. Heyns het nie sterk met sy pa geïdentifiseer nie. Laasgenoemde moes gedurende Heyns se hoërskooljare hul plaas in die distrik Tweeling in die Vrystaat om ekonomiese redes verkoop en het in dié tyd, onder die Smutsregering, 'n weermagbetrekking

in nie-vegtende hoedanigheid in Potchefstroom aanvaar. Alhoewel Heyns se pa dit gedoen het om vir sy gesin te kon sorg, het Heyns hom hieroor kwalik geneem. In die dampkring van 'n sterk anti-Engelse gevoel wat in Potchefstroom geheers het, met skoolvriende wat uit Ossewa Brandwaghuise gekom het, het Heyns in dié tyd sterk met prof Hendrik Stoker as rolmodel geïdentifiseer. Stoker se kinders, veral sy seun Dawie, was skoolvriende van Heyns. Ná skool het Heyns Stoker se wysbegeerteklasse begin bywoon. Die bogenoemde omstandighede en invloede gedurende sy vormingsjare het ongetwyfeld tot Heyns se onversetlike standpunt van kritiese-identifikasie met sy kerk en volk bygedra.

**3. Heyns as Calvinis.** Heyns se filosofiese basis en wysgerige gereedskap, wat sy teologie- en wetenskapsbeoefening deurgans gekenmerk het, het hy grootliks van Stoker gekry. Stoker het binne die neo-Calvinistiese tradisie gewerk. Heyns het verskeie kere verklaar dat Stoker die een was wat, hoewel nie die enigste nie, die grootste invloed op sy denke gehad het. In aansluiting by Abraham Kuyper se samelewingsleer met fundamentele beginsels soos "soewereiniteit in eie kring" en sy pluriformiteitsleer, het Stoker sy eie "Wysbegeerte van die Skeppingsidee" uitgewerk, wat aan die ontstaan en voortbestaan van volke op grond van Genesis 10 en 11 en Handelinge 17 'n skeppingsmatigheid gegee het. Dit het die verskeidenheid ten koste van die eenheid van die menslike ras beklemtoon. Hierdie motief het tot aan einde van Heyns se lewe 'n invloed op hom gehad, hoewel hy hom later ten opsigte van sekere Kuyperiaanse standpunte met betrekking tot die toepassing van die volkereverskeidenheid op die kerk ontworstel het. Verder was die beoefening van die wetenskap as "Christelike wetenskap" 'n fundamentele uitgangspunt wat Heyns by Stoker geleer het. Dit het vir hom die grense ten opsigte van die nadenke oor God in die teologie, genoem die "koningin van die wetenskappe", en andersins die nadenke oor die kosmos in die ander wetenskappe aangedui. Teen 1994, nadat Heyns deur die jare baie vrae oor die filosofiese invloed in sy teologie moes antwoord, huldig hy steeds die mening dat die gereformeerde teoloog in Stoker se Wysbegeerte van die

Skeppingsidee seker die "vrugbaarste vennootskap kan vind wat daar in Suid-Afrika moontlik is."

4. **Heyns as teoloog.** Heyns wou volgens Jonker niks anders as gereformeerde teoloog wees nie. Saam met Stoker se wysgerige invloed was hoofsaaklik Berkouwer se dogmatiese invloed die grootste op Heyns. Hierdie gereformeerde teoloog met sy dialektiese benadering van Europese oorsprong, het aan Heyns 'n metode geleer om sake korrelatief op mekaar te betrek. Dit is presies wat hy doen as hy in sy koninkryksteologie die heerskappy van God die Koning, en die gehoorsaamheid van die onderdane, die mense, korrelatief op mekaar betrek. Heyns se koninkryksteologie ontwikkel hy, volgens Van Wyk, hoofsaaklik onder die invloed van die Potchefstroomse teoloë soos die Ou Testamentikus S du Toit op voetspoor van John Bright en die Nuwe Testamentikus W J Snyman op voetspoor van H N Ridderbos. Hiervolgens is dit God wat roep en die mens wat antwoord. 'n Dialogiese verhouding ontstaan dus tussen God en mens. Hierdie koninkryksmotief saam met Stoker se wysgerige invloed en Berkouwer se dogmatiese inslag het die teologiese koninkryksvisie by Heyns tot gevolg gehad wat, volgens Jonker, by geen ander teoloog op dieselfde wyse aangetref word nie. Hy vra die vraag of dit nie tot gevolg het dat wysgerige konstruksies op sekere punte ongemerk die eksegetiese basis van Heyns se dogmatiek vervang nie. Heyns het egter nooit die wysgerige invloed ten opsigte van sy teologie ontken nie, maar gesê dat geen teoloog daarsonder kan wees nie en dat dit daarom beter is om daarvan bewus te wees en daaraan erkenning te gee. Met verwysing na die invloed van Kuyper, ten opsigte van volk en kerk, kan dit egter nie ontken word dat wysgerige invloede Heyns se teologiese denke op dié punt vertroebel het en dat hy hom, soos reeds gesê, daaraan moes ontworstel. Of sy hele koninkryksteologie op 'n wysgerige basis berus het is egter te betwyfel. Ten tye van sy dood was Heyns besig om sy koninkryksteologie volledig in boekvorm te laat verskyn onder die titel: *Die koninkryk van God, grondplan van die Bybel.* Dié titel dui op Heyns se oortuiging van vroeg af, dat die koninkryk van God die sentrale tema van die Bybel is.

5. **Heyns as dosent.** Heyns was 'n besondere dosent wat op 'n besondere manier met sy studente gewerk het. Soos wat hy vroeg reeds by Barth en Du Preez geleer het, het hy sy studente soms met selfs ketterse stellings uitgelok en geprikkel. Die klaskamer het hy as teologiese "laboratorium" gesien waarbinne geëksperimenteer kon word. Studente wat met oorspronklike denke vorendag gekom het het hom baie opgewonde gemaak en hy het met sulkes in 'n vennootskaplike verhouding gegaan, met die dosent as "senior vennoot" en student as "junior vennoot". As hy nie potensiaal vir prikkelende diskussie of 'n passie by sy studente kon vind nie, was hy egter geneig om deur die werk te stoomroller. Tog het hy binne die grense van die kerk se belydenis gebly en selfs ná eksperimentele gesprekke altyd daarheen teruggekeer.

6. **Heyns as kerkleier.** Heyns is onder andere deur dr Louw Alberts 'n "briljante strateeg" genoem. Hy het hierdie vermoë doelbewus ingespan om in die vroeë tagtigerjare van akademikus na kerkleier te beweeg. Dit was sekerlik goddelike bestiering dat hy as moderator van die Algemene Sinode van 1986 verkies was. Deel van die waarheid was egter dat dit die resultaat van 'n stryd om mag en invloed was waarin Heyns, gegewe die meewerkende landsomstandighede, sy opponente getroef het. Na die Soweto-onluste van 1976 en koersveranderinge in die NP-politiek kort daarna, het Heyns in samewerking met teologiese- en ander kollegas in 1980 die Hervormingsdaggetuienis gepubliseer. As inisieerder van die getuienis het hy as lid van die Breë Moderatuur die res van die kerkleiding met hulle konserwatiewe denke direk die stryd aangesê. Dié stryd het in die tydperk 1983 tot 1986 gedurende die hersieningsfase van die beleidsdokument RVN duidelik sigbaar geword. Heyns het deur sy betrokkenheid by die Kommissie vir Studie van Rasse-Aangeleenthede van 1961 asook die Landmankommissie van 1974, wat RVN opgestel het, goeie kennis van kerklike kommissiewerksaamhede opgedoen. Hierdie kennis het hy gebruik om deur middel van formuleringe en debatvoering 'n groot bydrae te lewer dat KS uiteindelik heel anders as RVN daar uitgesien het. Met die aanvaarding van KS in 1986 het Heyns na die

Hervormingsdaggetuienis terugverwys as die eerste stimilus vir verandering in die Ned Geref Kerk. Hy het KS 1986 in die jare hierna met oortuiging en met passie verdedig en gedurig daarna as die Ned Geref Kerk se amptelike standpunt verwys. Die reaksie op KS was wyd uiteenlopend. Na regs het drie groeperinge ontstaan wat KS grootliks verwerp het naamlik: die Afrikaanse Protestantse Kerk wat van die Ned Geref Kerk weggebreek het, die Voortsettingskomitee van ds Kobus Potgieter en die Ned Geref Bond van Prof Carel Boshoff. Laasgenoemde twee persone was saam met Heyns deel van die opstellers van KS 1986. Aan die ander kant is KS vanuit die geledere van die NGSK en die NGKA asook die buiteland grootliks verwerp omdat apartheid daarin nie ongekwalifiseerd verwerp en volledig deur die Ned Geref Kerk as skuld bely is nie. Onder druk van veral die buitelandse pers, byvoorbeeld in die BBC-onderhoud van 1987, asook van afgevaardigdes van die jonger kerke, byvoorbeeld by die Vereenigingberaad in 1989, het dit soms geklink asof Heyns apartheid ongekwalifiseerd verwerp het. "Wens eksegese", om Heyns se eie term te gebruik, het egter dikwels 'n groot rol ten opsigte van die manier waarop joernaliste en opponente hom "gehoor" en aangehaal het gespeel.

7. **Heyns se begrip volk en kerk.** Heyns het sy standpunt oor die verhouding tussen kerk en volk in die middel sestigerjare geformuleer. Dit het op dié punt in al sy geskrifte neerslag gevind. Onder die invloed van Kuyper se pluriformiteitsleer het hy verskillende kerke vir verskillende volke geregverdig. Saam met baie van die neo-calviniste in Suid-Afrika het hy die verskeidenheid van volke as skeppingsmatig beklemtoon en die eenheid van die kerk as liggaam van Christus slegs as geestelike eenheid gesien. In lyn met sy vroeëre oortuiging het hy daarom die afsonderlike bestaan van drie Afrikaanse Susterskerke as 'n sondige verskynsel beskou, maar nie die afsonderlike bestaan van die kerke van die Ned Geref Kerkfamilie nie. Nadat die Vereenigingberaad die ASK in 1989 beweeg het om die strukturele eenheid van die Familie van Ned Geref Kerke by die Algemene Sinode van 1990 aan te beveel en AKLAS in sy hersiening van KS 1986 die paragrawe wat die volkereverskeidenheid beklemtoon (wat meestal van Heyns

afkomstig was) herskryf het om die besluit ten opsigte van die strukturele eenheid (par 236) in KS 1990 opgeneem te kry, het Heyns tydens die Algemene Sinode van 1990 sy standpunt verander. Kort vóór die Sinode sê Heyns nog in 'n radio-onderhoud dat hy nie so sterk oor strukturele eenheid tussen die Familie van Ned Geref Kerke voel nie en eerder 'n geestelike eenheid voorstaan, maar ná die Sinode sê hy dat één kerkverband "'n wonderlike beskikking van die Heilige Gees is". Hy voeg by dat dit 'n regstelling van die besluit van 1857 is. Later skryf hy dat dit "'n opdrag van die Koning van die kerk is." In sy *Inleiding tot die Dogmatiek* (1992) skryf hy dat die kerk die verskeidenheid in sy verskyningsvorme nie kan ignoreer nie, maar dit *"binne dieselfde kerk"* moet akkomodeer (Heyns se kursifisering). Hiermee wys Heyns, na vier dekades, Kuyper se siening van verskillende kerke vir verskillende rasse en volke, wat op biologiese en organiese argumente berus, as 'n dwaling en 'n stuk natuurteologie in laasgenoemde se kerkbegrip af.

**8. <u>Heyns en die ekumene</u>.** Vanaf die laat sestigerjare word Heyns 'n vurige kampvegter vir die ekumene as een van die uitdrukkingsvorme van kerklike eenheid. As Europees-georiënteerde teoloog was die naelstring met die kerke in Europa vir Heyns van kardinale belang. As mindere motief kan Heyns se vroeëre klem op die ekumene onder andere beskou word as 'n alternatief vir strukturele kerkeenheid. Tydens- en ná die Cottesloeberaad in Desember 1960 vind mens egter nie 'n groot hartseer by Heyns oor die verbreking van die bande met die WRK nie. Vir hom het dit deurgans om die waarheidsvraag gegaan naamlik dat ekumeniese bande nooit eenheid ten koste van die waarheid mag beklemtoon nie. Die WRK met sy vreemde bondgenootskappe het Heyns nooit baie aangestaan nie. Toe die uitwerking van die stryd teen apartheid in Suid-Afrika egter daartoe gelei het dat die Ned Geref Kerk al hoe meer geïsoleerd geraak het, selfs van dié kerke soos die GKN en liggame soos die GER wat die nouste gereformeerde bande met die Ned Geref Kerk gehad het, was Heyns konsekwent daarteen gekant. Wat vir hom onverstaanbaar was, was die houding in die sewentiger en tagtigerjare by sommiges in die Ned Geref kerkleiding om self bande te verbreek

wat tot die isolasie bygedra het. Vergelyk byvoorbeeld die verbreking van bande met die GKN deur die Algemene Sinode in 1978 op aanbeveling van die Breë Moderatuur asook Heyns se botsings met ds Kobus Potgieter in die tagtigerjare oor die dreigende beëindiging van lidmaatskap van die Ned Geref Kerk van die GER.

**9. Heyns se begrip kerk en samelewing.** Heyns wat konsekwent in die Calvinistiese tradisie gewerk het, het ten opsigte van sy kerkbegrip en die rol van die kerk in die samelewing die sogenaamde "koningskapslyn" gevolg waar Christus Koning oor al die samelewingsverbande is, trouens oor die ganse heelal. Die lidmate van die kerk, as een van die samelewingsverbande, waar dit om diens aan God deur die geheiligde geloofsgemeenskap gaan, het die taak om op 'n geïntegreerde wyse deur hulle Christelike getuienis die eise van Gods Woord en sy gebooie in al die samelewingsverbande waarin hulle leef, te laat realiseer. Sodoende werk hulle mee aan die koms van die koninkryk van God. Die noue verbintenis wat die apartheidsteoloë (Heyns ingesluit) in Suid-Afrika veral op 'n vroeëre stadium met die NP-regering gehad het, het hierdie profetiese getuienis nie tot sy reg laat kom nie. Die Barthiaanse idee van die kerk as "eksemplariese gemeenskap" wat die lig van die Goddelike openbaring as't ware op die wêreld rondom hom moet weerkaats en op so 'n wyse die kerk se profetiese getuienis moet laat hoor, is deur sommige teoloë aangegryp om hul onderskeie kerke profeties teen die onreg van die apartheidsisteem in Suid-Afrika te laat getuig. Hierdie kerkbegrip verteenwoordig 'n voorrangposisie wat die kerk in die koninkryk inneem. Teenoor die koningskapslyn verteenwoordig dit 'n verkerklikte lyk met betrekking tot die rol wat die kerk in die samelewing speel waar die kerk die ander samelewingsverbande as't ware aan die leiband neem. Op hierdie punt het Heyns sedert die vroeg-sewentigerjare na Barth gegryp, veral ten opsigte van die kerk in se rol in Suid-Afrika waar dit oor versoening in die samelewing handel. Die formulering van die kerk as "voorbeeldige- of eksemplariese gemeenskap", of "proeftuin" soos Berkhof dit noem, het van 1972 tot 1994 in bykans al Heyns se geskrifte, wat oor die kerk handel, neerslag gevind.

Uiteindelik is dit ook in 'n AKLAS-verslag *Aktuele vrae oor die kerk,* deur die Algemene Sinode van 1982, asook in beide KS 1986 en 1990 in die Ned Geref Kerk se amptelike stukke opgeneem. In die broederlike onderhoud tydens die Algemene Sinode van 1994 waartydens Heyns as inleier opgetree het, het die bogenoemde terminologie nogmaals voorgekom. Dit het die Ned Geref Kerk ten opsigte van sy kerkbegrip op die tweesprong laat beland wat die koninkryksvisie op kerk en samelewing verswak het. Dit is, volgens P J Strauss, waarskynlik deel van die rede waarom daar deur Ned Geref Kerk sedert die negentigerjare so min van 'n konsekwekte Christenskap op alle terreine van die samelewing sigbaar gemaak word. By baie in die Ned Geref Kerk is daar, volgens hom, tans nie 'n goed ontwikkelde Christelik-geïntegreerde visie op die kerk en die samelewing nie.

**10. <u>Heyns en apartheid</u>.** Ten opsigte van apartheid as politieke sisteem, wat deur die NP-regering as oplossing vir die volkereverskeidenheid en die voogdyskapsituasie in Suid-Afrika voorgehou is, het Heyns dit aanvanklik gladnie op etiese gronde bevraagteken nie. Saam met Verwoerd was hy in die sestigerjare tevrede dat die toets van die Christelike liefde 'n haalbare resultaat van die stelsel was en op grond van die goeie trou en goeie bedoelings van die argitekte van apartheid, soos hy baie van hulle persoonlik geken het, het hy nie kwade bedoelings by hulle gesoek of gevind nie. Hy het vroeg in die sewentigerjare in *Lewende Christendom* (1972) wel krities begin skryf oor sekere aspekte ten opsigte van die nood van mense byvoorbeeld armoede, dakloosheid en uitbuiting wat op onreg gedui het. Dit is teen 1975 dat hy apartheid van *apartisme* skei wanneer 'n vertekening van apartheid, volgens hom, 'n "gestolde en gefikseerde ideologiese konsepsie van die samelewingspatroon word". Hierdie onderskeid behou hy gedurende die vroeë tagtigerjare terwyl sy kritiek teen alle vorme van onreg in die samelewing al duideliker word. Uiteindelik is dit die Algemene Sinode wat onder sy leiding die Skriftuurlike begronding van apartheid in KS 1986 as fout erken en afwys (par 305). Ook het die Sinode met "ootmoed en berou" die Ned Geref Kerk se aandeel in die lyding van mense en die onreg waar een groep onregmatig bo ander

bevoordeel is, bely (pare 306 en 307). Hierna formuleer Heyns sy definisie van apartheid in *Teologiese Etiek 2/2* (1988). Volgens hom is *"Apartheid 'n wetlik gereglementeerde politieke en maatskaplike model van denke en handelinge, wat deur 'n gedwonge skeiding van groepe en mense, inderdaad die welsyn van al die betrokkenes beoog het, maar in die proses van die implementering daarvan, die aanvanklike oogmerke nie tot volle realisering kon bring nie; inteendeel, dit het nie alleen die een bevolkingsgroep bo die ander bevoordeel nie, dog ook individue veronreg."* KS 1990 het onder andere in 'n uitgebreide omskrywing van die betrokke paragrawe in KS 1986 bygevoeg dat apartheid 'n ideologiese en etnosentriese basis verkry het (par 282). Die Ned Geref Kerk erken en bely verder sy berou dat hy hom nie baie vroeër van die gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke gedistansieer het nie (par 283). Hoewel daar in hierdie tyd baie druk op Heyns en die kerkleiding was om apartheid ongekwalifiseerd te verwerp en dit by tye op 'n bontpratery en selfs eierdanse uitgeloop het, het Heyns uiteindelik by sy definisie van apartheid, soos hierbo aangehaal, gebly. In 'n studiestuk, *Gedagtes en houdinge ten opsigte van apartheid*, wat Heyns op 4 November 1994, 'n dag vóór sy dood, vir verspreiding in die afdelings van die Afrikanerbond geskryf het, herhaal hy weer eens sy standpunt oor apartheid en bely nogmaals dat hy jammer daaroor is want vir baie mense het dit, volgens hom, pyn en lyding beteken. Dit impliseer, volgens hom, egter nie 'n "verlammende skuldkompleks" wat mense blind maak vir die uitdagende moontlikhede wat voorlê nie. Uiteindelik het Heyns nie heeltemal daarin geslaag om apartheid ongekwalifiseerd te verwerp nie en moet sy worsteling met die definiëring van apartheid en die vashou aan die aanvanklike goeie bedoelings daarmee toegeskryf word aan sy ingesteldheid van kritiese-identifikasie met die Afrikanervolk.

**11. <u>Heyns en kritiese-solidariteit</u>.** Soos hierbo aangetoon het Heyns as gevolg van sy grootwordjare in Potchefstroom en die verhouding met sy pa 'n onversetlike standpunt ten gunste van kritiese-identifikasie met kerk en volk ingeneem. Onder invloed van die dialektiek wat deur Berkouwer en andere in Europa beoefen was, het Heyns kritiese-solidariteit as dialektiese konsep nie net op sy eie lewe van

toepassing gemaak nie, maar dit ook as etiese konsep in sy koninkryksteologie uitgebou waar die mens as koninkryksburger asook die kerk krities-solidêr met die wêreld en op dié wyse sout van die aarde en lig vir die wêreld moet wees. Die beskrywing dat Heyns nie bloot 'n "ivoortoringteoloog" is hier van toepassing in die sin dat hy ten volle in kontak met die lewe wou wees. Dit is daarom dat hy hoofsaaklik op drie terreine van die speelveld van die lewe betrokke was, naamlik eerstens die akademie en universiteit, tweedens die kerklike terrein en derdens die kulturele lewe van die Afrikanervolk. Die konsekwensies van Heyns se krities-solidêre lewensingesteldheid kom die duidelikste na vore waar hy konsekwent die druk weerstaan het om as lid van die AB te bedank. Ten spyte van die wantroue wat dit by sommiges veroorsaak het, het hy tot aan die einde van sy lewe die standpunt gehandhaaf dat hy 'n groter verskil binne die AB kan maak as daarbuite, nie net ten opsigte van die organisasie self nie, maar ook ten opsigte van die Afrikanervolk as geheel as gevolg van die invloedrykheid van die AB. Nog 'n voorbeeld van Heyns se houding van kritiese-solidariteit was die feit dat hy altyd bereid was om veral in die tyd van sanksies en isolasie in belang van Suid-Afrika en die bevordering van die land se beeld na buite namens die regering op te tree. Hierdie betrokkenheid van Heyns was byna in die sin van 'n nie-amptelike ambassadeur vir die land. Daar is nie twyfel dat hy hierdie betrokkenheid as deel van sy Christelik-morele plig beskou het nie. Ook hieroor het hy ernstige kritiek ontvang maar vanuit 'n sterk oortuiging het hy hom nie daaraan gesteur nie. 'n Laaste voorbeeld van Heyns se kritiese identifikasie met sy volk is sy stelling, kort voor sy dood, dat die opoffering van Afrikaans as taal waarin die meeste Ned Geref Kerk gemeentes bedien word 'n te groot prys vir kerkeenheid is. Alhoewel dit 'n belangrike aspek is wat Heyns ophaal, het dit vreemd opgeval dat hy die media gebruik het om soveel prominensie daaraan te verleen. Heyns se persoonlikheid, tesame met sy houding van kritiese-solidariteit het waarskynlik daarvoor gesorg dat ander hom getipeer het as iemand wat geneig is om die middelgrond te verteenwoordig. Dat sy standpunte in sekere gevalle 'n mate van fliktuasie verteenwoordig het, het tot gevolg gehad dat, soos reeds gesê, hy van verskillende kante af nie heeltemal vertrou is nie. Aan die ander kant is dit baie

duidelik dat sy benadering van kritiese-identifikasie hom intaat gestel het om ten opsigte van die Ned Geref Kerk, die Afrikanervolk en in die Suid-Afrikaanse konteks te kon regkry wat niemand anders kon regkry nie, naamlik om die Ned Geref Kerk van sy standpunte ten opsigte van apartheid te kon weglei.

12. **Heyns as brugbouer.** Heyns het na homself as brugbouer verwys. Persoonlik het Heyns besef dat 'n brug deur mense gebruik word om op te trap. Hy het homself resloos gegee om versoening te bewerkstellig, nie net tussen kerke en gelowiges nie, maar ook in die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Bosch het vroeg in die tagtigerjare al in *Die Kerkbode* gesê dat diegene wat hulle vir versoening in Suid-Afrika beywer toenemend in die kruisvuur gaan beland. Hy het gesê "teëspoed wag egter op gelowiges wat te midde van Blankes se vrees en Swartes se bitterheid die geleentheid aangryp om te werk vir versoening in ons siek land." Aan die een kant het, soos Hennie Serfontein in 1982 gesê het, die konserwatiewes sowel as die verligtes Heyns nodig gehad, anders was daar, volgens hom, geen hoop op hervorming in die kerk nie. Uiteindelik is Heyns egter deur talle gewantrou, veral uit die geledere van die regse Afrikaners aan die een kant, asook uit die geledere van die swart- en bruin kerke asook kerke in die buiteland aan die ander kant, is sy goeie bedoelings en –motiewe bevraagteken. Heyns was nie kleinserig in die figuurlike sin van die woord nie, maar dit het hom die seerste gemaak wanneer mense sy motiewe bevraagteken het en sy integriteit in twyfel getrek het. Froneman se woorde in hierdie opsig was baie betekenisvol toe hy van Heyns gesê het: "Jammer dat hy noodgedwonge soveel klippe uit die weg moes rol wat deur mede-gelowiges, mede-kerkmense in sy pad geplaas is." Daar was byvoorbeeld diegene soos H J Held van die EKD en voormalige WRK-voorsitter wat agterna eers werklik waardering vir Heyns gekry het en erkentlik genoeg was om dit duidelik te sê. Talle sal vandag waarskynlik saam met Gibson van die DA stem wat tydens 'n huldblyk in die Parlement van Heyns gesê het: "Salig is die vredemakers." Die slot van dié perikoop in Matteus 5 lui: "Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg." Dit bring ons by 'n laaste vraag: Was Heyns 'n profeet?

13. **<u>Heyns as profeet</u>.** Daar was mense wat Heyns as 'n profeet beskou het. Ander het hom wel as 'n groot kerk- en kultuurleier beskou, maar nie as profeet nie. Sommige soos Boshoff het hom as 'n tragiese held beskou en ander as 'n verraaier van sy volk. Twee valse teenstellinge is uit die verskillende wyd-uiteenlopende menings te bespeur. <u>Eerstens</u> tussen 'n profeet en 'n leier asof die een die ander uitsluit. Dit is tog so dat 'n leier ook 'n profeet kan wees. Heyns gee self duidelikheid oor hierdie saak as hy sê dat die ware groot leier, wat die moeite werd is om te volg, dié een is wat aan die profeet in hom plek gee. Iemand wat by geleentheid ook die innerlike moed en die krag van sy oortuiging het om teen sy volk te praat omdat hy in die waarheid van sy boodskap glo. Nie almal sal, volgens hom, noodwendig so 'n leier volg nie. Hy sal moontlik selfs verguis en vertrap word, maar daar is ook mense wat hom wel sal volg en die beweging wat daaruit gebore word, is volgens Heyns, 'n beweging wat deur die tye heen aan krag sal wen, want dit is die beweging wat deur die waarheid aan die gang gesit is. <u>Tweedens</u> is daar die valse teenstelling tussen 'n profeet en 'n verraaier, asof 'n profeet slegs dié eretitel ontvang wanneer hy deur sy mense aanvaar word. In die Bybelse geskiedenis is daar egter voorbeelde van profete wat juis as verraaiers beskou is omdat hulle die waarheid gepraat het. Die Here Jesus Christus self is tog die beste voorbeeld hiervan. Die aanklag van verraad is soms dus juis die beste aanduiding dat iemand 'n profeet is. In hierdie sin kan Heyns as 'n profeet binne die Afrikanerkonteks beskou word. Lategan skryf dat die teken vir 'n ware profeet is dat, vir Heyns, die *prinsipiële* 'n groter betekenis gehad het as die *bekende*. Hy was 'n soeker na wat reg is en nie na wat gewild is nie. 'n Slagspreuk van Heyns was: "Jy doen wat reg is en daarmee is dit af." Gegewe Heyns se worsteling ten opsigte van apartheid en die rol wat die kontekstuele en pragmatiese daarin gespeel het, kan egter gesê word dat Lategan met die bogenoemde stelling oor Heyns slegs gedeeltelik reg is. Ter afsluiting kan gesê word dat 'n profeet een is wat 'n waarheid spreek, maar meer nog, 'n waarheid tydig spreek. Heyns was so 'n profeet. Sy boodskap vir die Afrikaner-lidmate van die Ned Geref Kerk was nie te vroeg nie, maar ook nie te laat nie. Hy was nie te ver vooruit nie, maar het ook nie

te stadig beweeg nie. Dit was, volgens die titel van Heyns se huldigingsbundel op sy sestigste verjaarsdag, *'n Woord op sy Tyd*.

# BYLAE A

## INDELING VAN DIE HERSIENINGSKOMMISSIE VAN RVN[1]

1. AANVANKLIKE INDELING SOOS DEUR DIE BREË MODERATUUR VOORGESTEL:[2]

SUB-KOMMISSIE 1
HOOFSTUK 1: SKRIFGEGEWENS – OU EN NUWE TESTAMENT
Ds G S J Möller (Sameroeper)
Prof P A Verhoef
Prof A B du Toit

SUB-KOMMISSIE 2
HOOFSTUK 2: KERK, KONINKRYK EN EKUMENE
Dr P Rossouw (Sameroeper)
Prof J A Heyns
Prof P B van der Watt

SUB-KOMMISSIE 3
HOOFSTUK 3: KERK EN MAATSKAPLIKE GEREGTIGHEID EN
HOOFSTUK 5: HUWELIK EN RASGEMENGDE HUWELIKE
Dr D C G Fourie (Sameroeper)
Dr P Smit
Dr D A du Toit
Ds D J Viljoen

SUB-KOMMISSIE 4
HOOFSTUK 4 KERK EN SENDING
Ds J E Potgieter (Sameroeper)
Prof C W H Boshoff
Ds D S Snyman

2. INDELING SOOS OP DIE HERSIENINGSKOMMISSIE SE EERSTE VOLLE VERGADERING[3]

PROBLEMATIEK: Dr P Smit (Sameroeper), dr D A du Toit, prof C W H Boshoff.

PRINSIPIEEL: Ds G S J Möller (Sameroeper), prof P A Verhoef, prof A B du Toit, prof J A Heyns, prof P B van der Watt, dr P Rossouw, ds D S Snyman, dr D A du Toit.

PRAKTIES: Ds J E Potgieter (Sameroeper), dr D C G Fourie, dr M M Nieuwoudt, ds D J Viljoen,

---

[1] Vergelyk die brief van die Dagbestuur van die Breë Moderatuur aan die lede van die Hersieningskommissie 30 Maart 1983: 1.
[2] Om een-of-ander rede het die Dagbestuur van die Breë Moderatuur die naam van dr M M Nieuwoudt tydens die aanvanklike indeling van die Hersieningskommissie uitgelaat.
[3] Vergelyk die Notule van die Hersieningskommissie van 12 en 13 Maart 1984: 7.

# BYLAE B

## OPSOMMING VAN DIE MINDERHEIDSTANDPUNTE IN DIE KONSEPVERSLAG KS 1986[1]

| BLADSY | PARAGRAAF | PERSONE WAT MINDERHEIDSTANDPUNTE STEL |
|---|---|---|
| 44 | 269 | D A du Toit, A B du Toit |
| 44 | 270 | A B du Toit |
| 45 | 268 | Boshoff |
| | 269 | |
| | 270 | |
| 46 | 278 | Potgieter, Fourie, Viljoen, Nieuwoudt, Boshoff |
| 47 | 282 | Potgieter, Fourie, Viljoen, Nieuwoudt, Boshoff, Snyman |
| 54 | 319 | A B du Toit, D A du Toit, Heyns, Verhoef |
| 54 | 319 | Potgieter, Fourie, Viljoen, Nieuwoudt, Boshoff, Snyman |
| 62 | 375 | Boshoff |
| 63 | 379 | Potgieter, Fourie, Viljoen, Nieuwoudt |

GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE MINDERHEIDSTANDPUNTE:[2]

POTGIETERGROEP

Potgieter (4)
Fourie (4)
Viljoen (4)
Nieuwoudt (4)
Boshoff (3)+(2)
Snyman (2)

HEYNSGROEP

Heyns (1)
A B du Toit (3)
D A du Toit (2)
Verhoef (1)

ANDER

Smit
Van der Watt
Rossouw
Möller

[1] Konsepverslag, Kerk en Samelewing. 1986. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. 15-25 Oktober 1986. Bloemfontein. NG Sendingpers.
[2] Die syfer in hakies dui telkens aan hoeveel keer 'n persoon 'n minderheidstandpunt gestel het. Die groeperinge is 'n aanduiding van watter persone oorwegend saam standpunte gestel het.

# BYLAE C

## VERGELYKENDE PARAGRAWE IN DIE KONSEPVERSLAG KS 1986, KS 1986 EN KS 1990 WAT DEUR PROF J A HEYNS GEFORMULEER IS[1]

Die paragrawe in die onderstaande tabel is positief geïdentifiseer as deur Heyns geformuleer:[2]

| KONSEPVERSLAG KS 1986 | KS 1986 | KS 1990 |
|---|---|---|
| 50 | 49 | 28 |
| 51 | 50 | 29 |
| 52 | 51 | 30 |
| 53 | 52 | 31 |
| 95 | 90 | 83 |
| 119 | 112 | 110 |
| 123 | 115 | 116 |
| 124 | 116 | 117 |
| 125 | 117 | 120,121 |
| 126 | 118 | 122 |
| 127 | 119 | |
| 128 | 120 | |
| 226 | 216 | 222 |
| 227 | 217,218 | 223,224,225 |
| 228 | 219 | 226 |
| 229 | 220 | |
| 230 | 221 | 227 |
| 231 | 222 | 228 |
| 232 | 223 | 229 |
| 233 | 224 | 230 |
| 234 | 225 | |
| 235 | 226 | |
| 236 | 227 | |
| 238 | 228 | |
| 239 | 229 | |
| 240 | 230 | |
| 241 | 231 | |
| 242 | 232 | |
| 321 | 310 | 289 |

